Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde

in die

Kerkherenigingproses

van die

NG Kerkfamilie

in Suid-Afrika

Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde

in die Kerkherenigingsproses

van die

NG Kerkfamilie in Suid-Afrika

deur

HERMANUS JOHANNES KLEYNHANS

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat,
BLOEMFONTEIN

Promotor: Professor PJ Strauss

APRIL 2009

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie. Ek doen ook hiermee afstand van die outeursreg ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

_____

HJ KLEYNHANS

November 2008

VOORWOORD

Vandat ek kan onthou was familie vir my belangrik en wesenlik deel van my hele verwysingsraamwerk – nie alleen omdat ek in 'n hegte gesinsverband opgegroei het nie, maar óók omdat die res van my familie letterlik vir my soos 'n tweede ouerhuis was. Kortom, tot vandag handhaaf ek baie hegte gesins- en familie bande – óók wat my eie huisgesin betref. Ons deel letterlik alles met mekaar – vreugde én smart, die lag én die pyn, die lighartige en veral die dieper geestelike geloofsdinge. Nét só was die kerk en godsdiens óók van my vroegste heugenis af wesenlik déél van my lewe. Ek het opgegroei in 'n Christelike huis en familie wat kerklik baie betrokke en meelewend was en steeds is. Die kerk is en was nog altyd deel van my daaglikse lewe en het in hierdie opsig deel van my uitgebreide familie geword. Vir hiérdie voorreg om só in alle opsigte 'n familie-mens te wees wil ek die Here dank en al die lof en eer aan Hom alléén gee.

In die lig van die bogenoemde sal dit vir die leser van hierdie proefskrif daarom duidelik wees waarom die kerkverband en die hereniging van die NG Kerkfamilie vir my na aan die hart lê. Tereg dui PJ Strauss daarop dat daar alreeds in die naam *"NG Kerkfamilie"* iets spesiaal opgesluit is – dit gaan nie om maar net nóg 'n groep Christen-gelowiges nie, maar om 'n besondere familie, die NG-familie – één van óns![1] Ons deel immers 'n gemeenskaplike historiese én veral geestelike oorsprong en in hoofsake ook belydenisgrondslag en inrigting van kerkregering[2] – ons huishoudelike familiereëls stem ooreen. In hierdie *"NG familie"* is ons, wat ons geaardheid en denke betref, net soos in enige ander biologiese familie, nie almal dieselde nie – daarom erken ons die diversiteit van taal, kultuur, kerklike styl en eie identiteit binne die familie-eenheid[3], maar wanneer hierdie verskeidenheid 'n geskeidenheid word, is dit vir ons 'n hartseer saak en sal alles moontlik gedoen moet word om die familiebande weer te herstel tot 'n hegte familie-eenheid wat mekaar kan ondersteun en inspireer en wat die aanslae van

[1] Strauss, 2007b: 777

[2] Strauss, 2007b: 778

[3] Sien die Achterbergverklaring, Bylae H tot Hoofstuk 1

die lewe kan trotseer. In die lig hiervan die dringendheid van hierdie studie wat my betref.

Vergun my egter om ter aanvang enkele bedankings te doen:

- Allereers aan my Hemelse Vader al die dank, lof en eer vir my geloof, roeping, talente, geleenthede en vir die mense wat Hy in my lewe gegee het – *Soli Deo Gloria*!
- 'n Besondere woord van dank en waardering teenoor die verskillende teologiese dosente wat gehelp het met die vorming van my teologiese denke:
  - Dosente tydens my voorgraadse jare aan die PU vir CHO, met name persone soos proff Rassie Erasmus, Amie Postma, HG Stoker, B Duvenage, Fika van Rensburg en Jorrie Jordaan.
  - Prof JA Heyns het 'n reuse aandeel gehad in die stimulering van my denke tydens my nagraadse jare aan die Teologiese Fakulteit van Pretoria. Onder sy leiding het ek met my doktorale studies gevorder tot by die afhandeling van ongeveer twee-derde van die bestek met sy tragiese dood. Nie net op teolgiese gebied nie, maar ook op kulturele en selfs staatkundige gebied het ons noue bande gesmee. Ek eer sy nagedagtenis.
  - Ander dosente wat 'n wesenlike rol gespeel het in my doktorale studies is proff CJ Wethmar en DE de Villiers (na die afsterwe van prof Heyns), PB van der Watt en JW Hofmeyr (na die vertrek van prof Van der Watt), AB du Toit en PJ Strauss. Aan hule elkeen persoonlik my opregte dank en waardering vir hulle geduldige leiding.
  - Aan my promotor prof PJ Strauss 'n besondere woord van dank en waardering – nie alleen vir sy teologiese inspirasie, hulp en leiding met groot geduld nie, maar óók vir sy vriendskap en kollegialiteit oor jare. Besondere bande soos hierdie word nie afgehandel met die afhandeling van 'n proefskrif nie, maar sal voortduur.

- Met vele ander dosente aan die onderskeie teologiese fakulteite van die NG Kerk het ek óók deur die jare besondere bande gebind wat meegehelp het aan my teologiese vorming. In hierdie verband dink ek aan en dank ek proff P Coertzen, JJ van Rensburg, SA Strauss, M Nel en drr PR du Toit en CJP Niemandt.

- My opregte dank en waardering teenoor mev Sussa van Tonder vir die proeflees en redaksionele versorging van hierdie proefskrif. As sekretaresse in die Sinodale Kantoor het sy en haar eggenoot Kobus besondere vriende van my geword oor die afgelope tien jaar.

- Aan die gemeentes en kerkrade van Sasolburg (Moedergemeente) en Sasolburg-Vier Ankers, asook aan my kollega Roelf Pienaar – baie dankie vir die ondersteuning, belangstelling en vergunning om my studies te kon voltooi.

- As familiemens kan ek nie nalaat om my gesin en familie in die besonder te bedank vir hul onderstening die afgelope aantal jare nie. Aan my vrou Wilma en dogters Izet, Elne en Suné – baie dankie vir julle geduld, begrip en liefdevolle ondersteuning en aanmoediging. Óok aan my ouers en die res van die familie baie dankie vir die geestelike en finansiële steun oor jare.

- Laastens wil ek graag erkenning gee aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat vir die finansiële ondersteuning gedurende die tyd van die navorsing en skryf van hierdie proefskrif.

Inhoudsopgawe

Verklaring 3

Voorwoord 4

Inhoudsopgawe 7

Inleiding 12

1. Kerkbegrip en Kerkhereniging 30

1.1 Die kerkbegrip van die onderskeie lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika 30

1.1.1 Inleidend 30

1.1.2 Die kerkbegrip van die NG Kerk 40

1.1.3 Die kerkbegrip van die NG Kerk in Afrika 56

1.1.4 Die kerkbegrip van die VGK 57

1.1.5 Die kerkbegrip van die RCA 59

1.2 Standpunte oor Kerkhereniging van die onderskeie lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika 61

1.2.1 Inleidend 61

1.2.1.1 Die Aard van Kerkeenheid en Kerkverband 61

1.2.1.2 Kerkeenheid en Kerkhereniging 68

1.2.2 Die standpunt van die NG Kerk oor kerkhereniging 69

1.2.3 Die standpunt van die NG Kerk in Afrika oor kerkhereniging 88

1.2.4 Die standpunt van die VGK oor kerkhereniging 111

1.2.5 Die standpunt van die RCA oor kerkhereniging 122

1.3 Gevolgtrekking 136

2. Belydenis en Kerkorde in Kerkhereniging 145

2.1 Inleidend 145

2.2 Belydenis 145

2.3 Kerkverband 151

2.4 Kerkorde 157

2.5 Die stryd om die belydenisskrifte in die proses van Kerkhereniging 170

2.6 Gevolgtrekking 180

3. Regsmenings rakende die Kerkhereniging van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika 188

3.1 Inleidend 188

3.2 Die *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"* 190

3.3 Hofbeslissings 195

3.4 Regsmenings 202

3.4.1 Aangevra deur die NGK 202

3.4.2 Aangevra deur die NGKA 207

3.4.3 Aangevra deur die VGKSA 214

3.5 Regsbeskouings 215

3.5.1 Lidmaatskap 217

3.5.2 Gemeente en Kerkraad 218

3.5.3 Belydenis 218

3.5.4 Kerkorde 219

3.5.5 Kerkverband 219

3.5.6 Kerkhereniging/Kerkvereniging/Kerkeenheid 220

3.6 Gevolgtrekking 223

4. Die pad vorentoe met Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkhereniging van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika 229

4.1 Opsommend 229

4.2 Samevattende gevolgtrekking 230

4.3 Die pad vorentoe met Kerkhereniging 234

5. Opsomming 238

6. Summary 240

7. Kernbegrippe 242

8. Bronnelys 243

9. Bylaes

9.1 Bylae tot die Inleiding

A Verklaring 2002 250

B Verbintenis 2004 252

C Roepingsverklaring 2007 254

9.2 Bylae tot Hoofstuk 1

A Uittreksel uit die Handelinge (OVS Sinode 1995) 256

B Memorandum aan kerkrade in die Vrystaat oor die konferensies oor eenheid in die familie van NG kerke wat gedurende Augustus 1997 plaasgevind het 260

C Versoeke tot ‘n buitengewone sinodesitting 263

D Riglyne vir ‘n skriftelike ooreenkoms tussen gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerkfamilie 269

E B.16.5 Kombinasie van werksaamhede uit verskillende kerkverbande 272

F Kerkhereniging (2004) 279

G Verbondsverbintenis tot hereniging van die familie van NG Kerke 288

H Achterbergh-Verklaring 292

I Kerkherenigingsproses NG Kerkfamilie (2007) 294

J Kerkhereniging (2007) 317

K Verklaring van die NG Kerk in die OVS (2003) 321

L Sinode Noord Kaapland 2007 - verslag van die taakspan kerkhereniging en die familie van NG Kerke 323

M Die (Belhar)belydenis 1982 331

N Herroeping – besluit van 1857 338

O Verslag oor die Menuha-byeenkoms van verteenwoordigers van die NGKA, VGKSA en NGK in die Vrystaat - 23 Februarie 2004 345

P Konsep Kerkorde vir een Kerk (NGSK en NGKA) 355

Q Laudium declaration of the Reformed Church in Africa 363

9.3 Bylae tot Hoofstuk 2

A Besluite van die uitgebreide Moderamen oor kerkhereniging 11-12 Junie 2008 Carmelite Retreatsentrum 366

B Brief VGKSA aan NGK – 4 Augustus 2008 373

C Antwoord NGK aan VGKSA – 20 Augustus 2008 375

D The complte decision of URCSA on the process of Church Unity 387

9.4 Bylae tot Hoofstuk 3

A Nederduits Gereformeerde Kerken Verenigings Akte 23 Van 1911 392

B In die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling) 407

C Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika 424

D In die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling) 445

E Memorandum insake : Kerkvereniging. (Adv JNJ Barkhuizen Sc.) 482

F Regsmening: I W B De Villiers 488

G Ex Parte: Sinode van Noord-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in re: Kerkvereniging. Regsmening (Adv JW Louw) ... 496

H Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kerkvereniging Regsmening (Adv.E WH Trengove Sc, WHG van der Linde) 507

I Regsmening Ex- Parte: Die N G Kerk In Afrika – OVS in re: Besluite ten opsigte van Belydenisskrifte en vorming van Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (Adv WH Olivier) 513

J Regsmening in re: Eenwording tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk (Adv Stèfan Jacobs) 547

K Memorandum in re: Eenwording tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk (Adv Stèfan Jacobs) 561

L Regsmening in re: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Adv Lötter Wepener S.C.) 564

M Regsmening Eenwording van die NG Kerkfamilie (MJ Möller) 574

N Kerkregtelike kommentaar op hofgeding VGKSA vs NGKA (DA Kuyler) 582

Inleiding

Wat 'n mens glo (jou dogma) vorm die basis van jou belydenis en daarvolgens reël (orden) jy jou lewe.

Elke Sondag bely ons die volgende in die erediens: *"Ek glo in 'n heilige, algemene, Christelike kerk"*[4]. Oor die betekenis en implikasies van hierdie belydenis ten opsigte van kerkhereniging, wil ek graag 'n sestal inleidende opmerkings maak – nie bedoel as 'n volledige uitwerking van ons ekklesiologie nie, waarna ek ook kortliks wil wys op die ontstaansgeskiedenis van die NG Kerkfamilie as aanduiding van die rede waarom ons hier praat van kerk*hereniging* en nie van kerk*vereniging* nie.

Allereers bely jy dat dit jou geloof is, wat jy saam met die ander gelowiges in die kerk en oor die eeue bely. Dít veronderstel persóónlike geloof maar óók gesamentlike, ooreenstemmende/eenparige geloof[5]. En geloof is volgens die Heidelbergse Kategismus[6] *"kennis"* en *"vertroue"* en hierby wil ek die begrip *"belewenis"* voeg, om dus te sê: geloof = kennis + vertroue + belewenis, of anders gestel: kennis → (lei tot/bepaal jou) vertroue → (vind uitdrukking in jou) belewenis (en lewens reaksie daarvolgens en dít alles) = geloof (– na dié mate dat ek ken, sal ek in staat wees om te vertrou, en dít sal uiteindelik my optrede bepaal). Hierdie kennis-inhoud word dan enersyds geformuleer in jou belydenis, maar kom andersyds tot uitdrukking in jou handelinge. Uit die ontleding van iemand se optrede en in die vasstelling van in hoeverre daardie optrede ooreenstem met daardie persoon se geformuleerde belydenis, kan jy dus iets agterkom van die kennis-inhoud van daardie persoon, alhoewel die verskillende belydenisformuleringe nie noodwendig dui op of verskillende belydenisse

[4] NG Kerk, 1987: 99 – Apostoliese Geloofsbelydenis

[5] Vgl Heyns, 1977: 151 : Die Bybelse *homologia* beteken om dieselfde te sê/ooreenstemming, wat dui op die enkeling en gemeenskap se verbintenis met Christus, en dít is 'n verklaring van geloof.

[6] NG Kerk, 1987: 36 – Heidelbergse Kategismus Sondag 7 Vraag en Antwoord 21: *"Ware geloof is ... 'n vasstaande kennis... maar ook 'n vaste vertroue..."*

impliseer nie[7]. Vir kerkhereniging is die regte ken en verstaan van ons ooreenstemmende/eenparige geloof van grondliggende belang ten einde nie in 'n separatistiese kerk te ontaard nie[8] – 'n ooreenstemmende/eenparige geloof is die hart van kerkhereniging! In hierdie studie sal daar daarom allereers ondersoek ingestel word in die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie se bepaalde ken en verstaan van die kerk en van kerkeenheid, ten einde te probeer vasstel in hoeverre daar gepraat kan word van 'n ooreenstemmende/eenparige geloof.

Tweedens: Ons bely hierdie geloof – met ander woorde ons gaan uit van 'n bepaalde geloofsbelydenis – of belydenisgrondslag – as formulering van ons bepaalde ken en verstaan van die Here se Wil soos geopenbaar in Sy Woord[9]. Dit is hierdie belydenisgrondslag wat elke gelowige met sy/haar persoonlike geloofsbelydenis (en in die geval van ons as leraars, ook met ons legitimasie-eed) onderteken het. Ons het ons voor die Here en met oortuiging aan hierdie belydenis verbind – iets wat 'n mens tog nie ligtelik kan vergeet of negeer nie en wat ook nie ruimte laat vir allerlei vrysinnighede nie. Kerkordelik is daar meer as genoeg ruimte gelaat indien iemand van oortuiging is dat hierdie belydenis gewysig of verander moet word. In hierdie verband is hereniging in die kerkfamilie dan alleen aanvaarbaar binne die riglyne van die gereformeerde belydenisgrondslag soos ons onderneem het – tensy ons ordelik hierdie belydenis sou wysig of verander. In hierdie studie sal daar daarom tweedens ook ondersoek ingestel word na die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie se belydenisgrondslag ten einde te bepaal of dit Kerkhereniging moontlik maak.

Derdens: Ons bely 'n (één) kerk. Oor die hele saak van sigbaar en onsigbaar en die gestaltes van die eenheid kan in die dogmatiek-werke meer as genoeg leesstof gevind word. Ek wil volstaan met die opmerking dat hierdie eenheid ook gestalte en uitdrukking vind in die kerk- en sinodale-verband. Met hierdie

---

[7] Vgl Heyns, 1977: 152

[8] Die Afrika-separatisme word gekenmerk deur die saamflans van beskouinge en gebruike uit verskillende kerklike tradisies in 'n nuwe onafhanklike kerk.

[9] Oor die hele polemiek wat daar op die oomblik heers rondom die verskillende Skrifbeskouings binne die NG Kerkfamilie, gaan ek nie verder in hierdie studie in nie. Genoeg om daarop te wys dat verskillende Skrifbeskouings noodwendig die gemeenskaplike belydenis in gedrang bring.

belydenis trek ons 'n streep deur alle vorme van independentisme waar elkeen nou maar kan maak soos hyself goeddink. Natuurlik is die plaaslike gemeente volledig en selfstandig kerk, maar dan nóóit los of onafhanklik van die res van die kerkverband nie – die plaaslike kerk is selfstandig kerk maar nie volledig kerk nie. As ons dit dus ernstig voor die Here bedoel dat ons in hierdie eenheid glo, kan dit mos nie moontlik wees dat enigeen van ons sommer ligtelik (by wyse selfs van skerts of in 'n *"grap"*) die kerkverband kan afmaak as iets ligtelik waaroor ons maar kan gaan nie. In ons denke en beredeneringe móét ons dan mos die eenheid van die kerk ernstig opneem en ook rekening hou met die verbands-ooreenkomste wat daar in die belydenis en besluite opgesluit is. In hierdie studie sal daar daarom derdens ondersoek ingestel word na die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie se bepaalde besluite in verband met en motiewe vir kerkeenheid.

Vierdens: Die kerk is <u>heilig</u> – só glo en bely ons óók volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis[10]. Dit is die Heilige Gód se kerk wat Hyself deur Sy Woord en Gees vir Hom versamel[11] en wat vir Hom baie spesiaal en afgesonderd is vir 'n spesiale roeping in hierdie gebroke wêreld waarin ons lewe. Verskeie sekulêre denke van allerlei regte en aansprake gee dan nie vir ons die volmag om met die kerk om te gaan asof onsself alléén daaroor beskik en alléén-seggenskap het nie. Die uitsluitlike Wil van God moet deurgaans gesoek word, en hierin geld veral ook die meerdere insigte en leiding van die meerdere kerkverband[12] – selfs

---

[10] Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27: *"Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, almal wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees... Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig".*

[11] Heidelbergse Kategismus Sondag 21 Vraag en Antwoord 54: *"Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly".*

[12] PJ Strauss sê in sy artikel *"Vorme of Gestaltes van Eenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie"* die volgende oor die begrip *"meerdere vergaderings"*: *"Dit beteken nie dat sommige vergaderings hoër as ander is nie, maar dat hulle ander sake afhandel. So is die Algemene Sinode nie die hoogste vergadering in die NGK nie, maar die breedste. Die woord "meerdere" dui hier nie op hoër vergaderings met hoër gesag nie, maar op vergaderings van meer as een gemeente - deur middel van hulle afgevaardigdes".*

ook óór sinodale- en landsgrense heen. Niemand van ons kan ons tog aanmatig om te beweer dat onsself alle wysheid in pag het nie. In hierdie studie sal daar daarom vierdens ondersoek ingestel word na die ekumeniese standpunte oor kerkeenheid.

Vyfdens bely ons dat die kerk algemeen is[13]. Dit ís prinsipieel korrek dat die gemeente se eerste taak en roeping die verkondiging van die Evangelie en die bevordering van die Koninkryk van God in die eie geledere en omgewing is – en die toenemende aandrang daartoe is begryplik reg. Maar dít sluit tóg nie die wyer visie en roeping van die kerk uit nie![14] Die een mag nooit ten koste van die ander geskied nie! Daarom het ons steeds die roeping en verantwoordelikheid om ons ooreengekome verpligtinge in alle opsigte na alle kante toe na te kom kragtens ons belydenis. Ons kan nie toelaat dat knellende omstandighede of watter redes ookal ons daartoe noop om na die een of ander kant toe ons taak na te laat nie. Veral in die omstandighede waarin ons vandag leef, word daar van alle kante met groot verwagtinge na die kerk gekyk vir leiding en aksie op 'n wyer front as die plaaslike gemeente. Daarom sal hierdie studie ook deeglik aandag moet skenk aan die ordelike reëling van die kerk se lewe in die wêreld.

Sesdens: Ons is trots daarop dat ons kan bely dat ons 'n Christelike kerk is[15] – die versameling en vergadering van gelowiges wat bely dat die Here Jesus Christus ons enigste Saligmaker en Verlosser, Here, Eienaar, Baas en Koning is en dat ons aan Hom alleen behoort om met ons hele lewe te lewe na Sy voorbeeld! As ons dan in hierdie belydenis eerlik is, moet ons ook gestalte in ons lewe, gesprekke en optrede gee aan die eienskappe van Christus – aan Sy liefde, verdraagsaamheid, barmhartigheid, genade, ensovoort. Verder het die Here Jesus se hele aardse optrede getuig van 'n absolute gehoorsame en positiewe vertroue in Sy Vader. Dan kan en mag ons nie onverdraagsaam, ongenaakbaar, wantrouig, wanhopig, agteraf, nagaande en liefdeloos met

[13] NG Kerk, 1987: 22, 44 – Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27, en Heidelbergse Kategismus Sondag 21 Vraag en Antwoord 54

[14] Vgl. Berkouwer, 1970: 127v

[15] NG Kerk, 1987: 22, 44 – Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27, en Heidelbergse Kategismus Sondag 21 Vraag en Antwoord 54

mekaar omgaan nie! As ek dit hierbo gehad het oor 'n integriteit in ons belydenis, pleit ek hier vir 'n lojaliteit aan mekaar in Christus![16] Die aanslae van die kant van die wêreld is erg genoeg – ons moenie ook nog mekaar ondergrawe en ondermyn as gelowiges in Christus nie! Aanvaar mekaar se geloofwaardigheid as Christen, wees Christelik-lojaal teenoor jou medegelowige en betoon jouself as geloofwaardig en betroubaar in hierdie belydenis! In hierdie verband sal hierdie studie laastens probeer koers aandui in die proses van kerkhereniging.

Ten slotte: Ons fokus in hierdie studie op kerk*hereniging*, in onderskeid tot kerk*vereniging*. Die rede hiervoor is omdat dit nie hier gaan om die vereniging van verskillende kerke met uiteenlopende historiese agtergronde en ontstaansgeskiedenis nie, maar om die hereniging van kerke wat aanvanklik een was. Vanaf die volksplanting in 1652 het die H.O.I.K. hom beywer vir die kerstening van die mense in Suidelike Afrika[17]. Hierdie nuwe lidmate is deur die jare by die bestaande gemeentes van die NG Kerk gevoeg, aangesien die klem hoofsaaklik op die redding van siele gegaan het en nie soseer op die organisering van hierdie nuwe bekeerlinge in 'n selfstandige kerkverband nie[18]. Alle mense uit alle bevolkingsgroepe is toegelaat as lidmate van die een kerk en alhoewel daar amptelik deur kerk en owerheid bepaal is dat geen onderskeid tussen lidmate gemaak kan word nie, was dit tog alreeds die gebruik in talle gemeentes om 'n deel van die kerkgebou vir gekleurdes af te sonder[19]: *"Naas die duidelike roepingsbewustheid om die gemeente van God op te bou, het die groeiende besef onder die Blankes egter posgevat dat hulle veral kultureel anders is en is daar gevolglik allerlei skeidingsmaatreëls in die samelewing getref. Op kerklike terrein het dit tot afsonderlike godsdienstige byeenkomste*

---

[16] Sien Heyns, 1978: 369 pt 3

[17] Du Toit S, 1963: 132-133 : *"Van Riebeeck het ook dadelik 'n skool opgerig vir die ingevoerde slawe, waarin sieketrooster Van der Stael as onderwyser optree. Om die leerlinge aan te moedig, het elkeen na die les 'n doppie brandewyn en twee duim tabak ontvang. Die skool het egter nie lank stand gehou nie, want die slawe het weggeloop. Ook latere goewerneurs het hulle die lot van die slawe aangetrek, en in 1683 is deur die owerheid bepaal dat slawe vrygelaat moet word sodra hulle in die Christelike kerk ingelyf is".*

[18] Du Toit HDA, 1967: 267

[19] Van der Watt, 1980: 111

gelei, aanvanklik egter nie met die oog op die stigting van afsonderlike gemeentes en kerkverband nie"[20]. Op 14 November 1826 is Leipoldt Marquard as die eerste sendeling georden, wat daartoe gelei het dat nie-blankes almeer afsonderlik bearbei sou word. Hiermee is die saadjie van afsonderlike kerkstigting om voorsiening te maak vir eiesoortige bedieningsbehoeftes gesaai[21]. Tydens die negende Sinode van 1857 is die vraag openlik en amptelik gestel hoe daar gehandel moet word wanneer swart en blanke lidmate tegelykertyd aan die nagmaalstafel wil aansit, want dit was die gebruik in die Kaapse gemeentes dat aparte sitplekke vir swartes (die slawe en die Koikoi) in die eredienste gegee is[22], alhoewel Ordonnansie 50 van 1828, wat diskriminasie teen die Koikoi afgeskaf het, bepaal het dat alle *"free people of colour"* op grond van die nuwe wetgewing gelykgestel is met die blankes. Hierdie besluit van die regering is deur verskeie sinodes van die NG Kerk (1829, 1834, 1852) gehandhaaf en selfs Bybels regverdig, maar nogtans het diskriminasie steeds plaasgevind in die kerk. *"In 1845 het 'n aantal lidmate die Kerkraad van Swellendam versoek om nie saam met swart lidmate aan die nagmaalstafel aan te sit nie. Ds Robertson was teleurgestel oor hierdie standpunt van die blanke lidmate en het hulle gewys op die boodskap van die Skrif in die verband, naamlik dat ons almal een is in Christus"*[23]. Desnieteenstaande is die deurslaggewende besluit egter in beginsel by die negende Sinode van 1857 geneem dat daar, ter wille van die *"zwakheid van sommigen"* afsonderlike vergaderplekke vir *"gekleurdes"* mag wees, wat die grondslag sou vorm vir afsonderlike kerkstigting en wat vir jare 'n bepalende invloed op die geskiedenis van die NG Kerk sou uitoefen[24]. Oor hoe presies hierdie nuwe kerk/e genoem moes word en wat hulle

---

[20] *Kerk en Samelewing*, 1986: 5

[21] Van der Watt, 1980: 110

[22] Hofmeyr, 2002: 176

[23] Hofmeyr, 2002: 114

[24] Crafford, 1982: 40-42 : *"Hier was nou twee beginsels op die spel. Die eerste was die eenheid van die kerk wat rondom die Nagmaalstafel sigbaar behoort te word en wat nie deur vooroordele teenoor mekaar vernietig behoort te word nie.... Die ander beginsel was die van die afsonderlike bearbeiding van Gekleurdes ter wille van die bevordering van die evangelie en die bloei van die kerk onder hulle.... Die dilemma van die Sinode was hoe om beide die beginsels te handhaaf sonder dat die een die ander uitsluit... Die oplossing het gekom toe die Sinode die voorstel van ds. A. Murray (Sr.) van Graaff-Reinet aanvaar het: "De Synode*

verband met die NG Kerk sou wees, is daar oor jare geworstel – byvoorbeeld oor wat die korrekte benaming vir hierdie nuwe kerk/e moes wees (Inheemse kerk, Sendingkerk, Jong kerk, Dogterkerk)[25], oor wat die wesentlike eienskappe vir die ontstaan van 'n selfstandige kerk is (Henry Venn se 3 *"selves"*, naamlik *"self-supporting, self-governing and self-extending"* wat die Protestantse sendingwetenskap vir meer as 'n eeu beïnvloed en beheers het, teenoor die erkende Gereformeerde *notae ecclesiae* as suiwere verkondiging van die Woord, die suiwere bediening van die sakramente en die suiwer toepassing van die kerklike tug)[26]. Tereg stel HDA du Toit dit dat die Nuwe Testament nie die onderskeiding tussen 'n sendende kerk en 'n sendingkerk, tussen 'n moederkerk en 'n dogterkerk, 'n ou en 'n jong kerk ken nie. Dit is benaminge wat eers in die l9*de* en 2O*ste* eeu opgekom het[27]. Afsonderlike geestelike bearbeiding en byeenkomste van nie-blankes het egter sedert 1863 tot die vorming van afsonderlike gemeentes gelei. Hierna het die planting van afsonderlike kerke 'n vaste patroon in die NG Kerk se sendingbeleid geword. Tydens die Sinode van 1880 is op Vrydag 12 November 1880 met 'n groot meerderheid besluit om die verskillende sendinggemeentes wat as gevolg van die sendingwerk van die NG Kerk ontstaan het, tot 'n afsonderlike *"Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk"* te verenig[28]. Op 5 Oktober 1881 het afgevaardigdes van vyf sendinggemeentes op Wellington vergader vir die eerste *"Algemene Vergadering van de Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk"*. Hierdie patroon van afsonderlike kerke het oor die jare egter onder druk gekom omdat van verskillende kante geoordeel is dat die Bybelse eis tot kerklike eenheid op hierdie

---

beschouwdt het wenschelijk en Schrifmatig dat onze ledematen uit de heidenen in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelyfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel ten gevolge van de zwakheid van sommigen de bevordering van de zaak van Christus onder de heidenen in de weg zouden staan, de gemeenten uit de heidenen opgerigt of nog op te rigten, haar Christelijke voorrechten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal". Hierin word beide beginsels aanvaar. Die eenheid van die kerk word as Skrifmatig gehandhaaf, maar die bestaan van afsondelike gemeentes uit die heidene word aanvaar waar dit die saak van Christus kan bevorder".

[25] Du Toit HDA, 1967: 268

[26] Du Toit HDA, 1967: 269

[27] Du Toit HDA, 1967: 272 : *"Ons kan aan die einde van hierdie paragraaf konkludeer dat in die sending van die Ned. Geref. Kerk ons te veel aan die dogterkerk as 'n gans nuwe en ander kerk gedink het en nie die eenheid altyd raakgesien het nie".*

[28] Crafford, 1982: 99

wyse nie genoegsaam tot sy reg kom nie. Op 'n moderatuursvergadering van die NG Sendingkerk in SA (Kaapland) op 5 November 1925 is 'n *"Basis van samewerking met die suster-sendingkerk in die OVS"* bespreek wat na onderhandelinge met die ASK van die NG Zendingkerk en die NG Sendingkerk in die OVS gelei het tot die eerste konferensie van die moderature van die NG Sendingkerke van Kaapland en die Vrystaat op Graaff-Reinet op 27 Mei 1929. As uitvloeisel hiervan is 'n Raad van Sendingkerke in 1957 gestig om die NG Sendingkerke van Kaapland, Vrystaat, Transvaal, Natal, en ook die Bantoekerk van Kaapland in te sluit met voorsiening wat gemaak is dat Buitelandse NG Dogterkerke hierby mag aansluit terwyl die deur van samewerking ook oopgelaat is vir die Gereformeerde en die Hervormde Kerk in SA, met as doel om gesamentlik op te tree en die belange en standpunte van die kerke by die staat sowel as by die moederkerk en ander kerkgenootskappe te verdedig, te behartig en te bepleit[29]. Dit het spoedig geblyk dat die NG Sendingkerke van die Vrystaat, Transvaal, Natal, en ook die Bantoekerk van Kaapland, met die uitsondering van die NG Sendingkerk in SA (Kaapland) soveel gemeenskaplike belange gehad het, dat kerkvereniging noodsaaklik geword het – iets wat op 7 Mei 1963 in Kroonstad gerealiseer het met die stigting van die NGKA as vereniging van die genoemde vier kerke[30].

Wat die NG Kerk self betref het sy sendingbeleid, veral vanaf 1902, al sterker die trekke begin vertoon van die eiening van die evangelie in volksverband, wat uiteindelik 'n deurslaggewende rol gespeel het in die ontwikkeling van die idee van afsonderlike ontwikkeling, asook die ontwikkeling van 'n apartheidsteologie as antwoord vir die rassevraagstuk. Segregasie, as verlengstuk van die Europese standebewussyn van die 19*de* eeu, met die belangrike element van die beginsel van vrye assosiasie daarin begrepe, was die beleid van al die regerings van Suid-Afrika tussen 1910 en 1948 en is selfs deur vooraanstaande swart leiers onderskryf, onder wie presidente van die ANC[31]. Deur die konsekwente,

[29] Handelinge NGKA Sinode 1963, p 89

[30] Handelinge NGKA Sinode 1963, p 90

[31] Kinghorn, 1986: 1; vgl *Die verhaal…*, 1997: 4

geforseerde en dwangmatige toepassing van hierdie segregasiebeleid, het die element van vrye assosiasie verlore geraak, en het die beleid ontaard in absolute apartheidsteorie. *"Die begrip segregasie het 'n sleutelwoord geword en is op feitlik alle terreine van die lewe toegepas, en uiteindelik is slegs blankes toegelaat om lidmate van die NG Moederkerk te word"*[32]. Vanaf 1929, met die sendingkongres van die NG Kerk in Kroonstad, is begin met die formulering van 'n sendingbeleid vir die kerk waarin die begrip *"apartheid"* vir die eerste keer in 'n positiewe sin in kerklike geledere gebruik is as kenmerkende gedragslyn van die NG Kerk[33]. Hierdie sendingreglement is in 1935 gefinaliseer en het veral gefokus op die vestiging van gedifferensieerde kerkverbande in die stigting van die sogenaamde selfregerende *"dogterkerke".* Hoewel die reeds gestigte Sendingkerk hoofsaaklik uit Kleurlinglidmate bestaan het, is enkele swartmense wat as gevolg van volgehoue sendingwerk deur die NG Kerk belydenis van geloof afgelê het, aanvanklik van tyd tot tyd saam met die Kleurlinge by dieselfde kerk ingeskakel, maar as gevolg van taalprobleme was dit nie 'n sukses nie[34]. In die loop van die geskiedenis het 'n aantal sulke selfregerende *"dogterkerke"* tot stand gekom, waarvan ses in Suid-Afrika gesetel was[35], naamlik[36]:

1881	NG Sendingkerk in Suid-Afrika	(vir kleurlinge)
1910	NG Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat	(vir swart mense)
1931	NG Sendingkerk van Transvaal (Met onafhanklike sinodes vir Suid- en Noord-Transvaal in 1964)[37]	(vir swart mense)
1951	NG Bantoekerk in Kaapland (Met 'n onafhanklike sinode vir Noord-Kaapland (Phororo) in 1966)	(vir swart mense)[38]

[32] Hofmeyr, 2002: 159

[33] *Die verhaal*... , 1997: 5

[34] Crafford, 1982: 103

[35] Hofmeyr, 2002: 176

[36] *Kerk en Samelewing*, 1990: 34

[37] *"The Dutch Reformed Church in Southern Africa"* 1970: 11

[38] Crafford, 1982: 119 : *"Ten einde die Swart lidmate voor te berei vir kerkstigting is 'n "Raad van Gemeentes" in die lewe geroep wat in werklikheid 'n 'Raad van Werkkringe" was. Hulle eerste vergadering is in Junie 1945 in Oos-Londen gehou. Hier het hulle die konsepgrondwet vir die Bantoekerk, wat deur ds. Oosthuysen in Xhosa vertaal is, bespreek. Later volg verdere vergaderings wat uiteindelik uitgeloop het op die stigting van die Bantoekerk in Oos-Londen in 1951... Op 7 November 1951 het die Raad van Gemeentes, wat in Oos-Londen in sitting was, besluit om homself te ontbind en tot die stigting van 'n sinode oor te gaan, nadat 'n amptelike oproep in die verband na gemeentes uitgegaan het".*

1952 NG Sendingkerk van Natal (vir swart mense)
(Met 'n onafhanklike sinode vir Transkei in 1978)

1968 *Indian Reformed Church* – later: *Reformed Church in Africa* (vir Indiërs)[39]

Die buitelandse Sendingkerk wat as gevolg van die sendingarbeid van die NG Kerk tot stand gekom het, is[40]:

1924 *NG Kerk van Midde-Afrika (Presbiteriaans)* of te wel die *Church of Central Africa Presbyterian*, saam met Skotse sendelinge in Malawi

1943 *NG Sendingkerk van die OVS in Rhodesië* – wat lei tot die totstandkoming van die *Reformed Church in Zimbabwe* (1952)

1956 *Nkhoma Synod* (Malawi)

1956 *NG Kerk in Benue*, Nigerië

1957 Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv

Hierbenewens was die NG Kerk betrokke by die sendingwerk in die volgende lande[41]:

1877 Betsjoeanaland – wat lei tot die totstandkoming van die *Dutch Reformed Church in Botswana* (1979)

1899 Zambië – wat lei tot die totstandkoming van die *Reformed Church in Zambia* (1943)

1909 Mosambiek – wat gelei het tot die stigting van die *Igreja Reformanda en Moçambique* (1977)

1944 Kenya – wat gelei het tot die stigting van die *Reformed Church of East Africa* (1962)

1946 Swaziland – wat lei tot die stigting van die *Reformed Church of Swaziland*

1955 Namibië – sending onder die Boesmans (San) en Ovambo's, wat lei tot die stigting van drie selfstandige kerke wat later lid geword het van die VGK.

1957 Lesotho – wat lei tot die insluiting van verskeie gemeentes by die NGKA

1965 *Church of Central Africa: Presbyterian Harare Synod* (Zimbabwe)

1975 *Reformed Church in Caprivi*

---

[39] Sien die volgende paragraaf oor die stigting van die Indian Reformed Church

[40] Hofmeyr, 2002:200

[41] Hofmeyr, 2002:138-141, 184-185

1975 *Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika*

1985 *Igreja Reformada em Portugal*

Verder is verskeie sinodes, ringe en gemeentes van die NG Kerk betrokke by verskeie wêreldsendingprojekte[42], byvoorbeeld in Japan (met besondere bande tussen die *Reformed Church in Japan* en die NG Kerk in die OVS), Engeland, Frankryk, België, Turkye, Portugal, Shrilanka, Indië en Angola.

Kritiek op die sendingbeleid van die NG Kerk het nie uitgebly nie, veral nie vanweë die gekompliseerde politieke situasie in Suid-Afrika gedurende die sestigerjare van die vorige eeu nie. Op die Volkskongres wat deur SABRA gereël is in Bloemfontein op 27-30 Junie 1956, is op aanbeveling van die Tomlinsonverslag rasse-integrasie byvoorbeeld onomwonde verwerp en is afsonderlike ontwikkeling as enigste aanvaarbare beleid gestel[43], wat gelei het tot die groeiende besef dat swart kerkleiers meer verantwoordelikheid in hul eie kerke sal moet neem. Intussen het opstande onder die swart bevolking, onder aanhitsing van die militante *Pan African Congress (PAC)* teen die destydse paswette gedurende 1960 tot uitbarsting gekom toe daar by verskeie polisiekantore betoog is – die mees bekende en ergste seker dié in Sharpeville by Vereeniging toe daar op 21 Maart 1960 op die skare gevuur en 69 gedood is. Op 31 Maart 1960 het nege lede van die Kaapse, Transvaalse en Vrystaatse moderature in hulle persoonlike hoedanigheid 'n gesamentlike verklaring in Kaapstad uitgereik wat groot prominensie in die openbare pers geniet het en waarin hulle hul spyt uitgespreek het oor die gebeure en hul meegevoel betuig met almal wat vanweë die onluste geraak is. Verder is erken dat die NG Kerk, die Suid-Afrikaanse volk en die opeenvolgende regerings in Suid-Afrika dikwels foute gemaak het, maar is gestel dat dit uit sinodale besluite duidelik is dat die NG Kerk die beleid van eiesoortige ontwikkeling billik vind, mits dit regverdig en eerbaar toegepas word sonder die aantasting van die menslike waardigheid. Daar is egter ook erken dat die beleid aan die begin ongerief kan veroorsaak en

[42] Agenda Algemene Sinode 2004:41-43; Agenda OVS 2005: 51

[43] Van der Watt, 1987: 101

'n beroep is op blanke lidmate gedoen om 'n selfbeheersde en gebalanseerde Christelike benadering teenoor nie-blankes te openbaar[44]. Teen hierdie agtergrond en die daaropvolgende noodtoestand wat deur die regering afgekondig is, het die Wêreldraad van Kerke (WRK) met sy lidkerke in Suid-Afrika in verbinding getree, waaronder destyds die NG Kerk van Transvaal, die NG Kerk van Kaapland en die *Church of the Province of Southern Afrika* (Anglikaans)[45]. Met die laasgenoemde was die NG Kerk op daardie stadium in 'n kerkstryd gewikkel omdat die Anglikane die NG Kerk beskuldig het van regeringsondersteuning en daarom by die WRK aangedring het dat die NG Kerk se lidmaatskap van die WRK opgeskort moes word, maar desnieteenstaande het die WRK daarin geslaag om 'n kerkeberaad in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg te belê op 7-14 Desember 1960, wat sou fokus op die feitelike rasse-situasie in Suid-Afrika, die betekenis van die Skrif vir rasseverhoudings, die kerk en die kontemporêre geskiedenis, die boodskap van die huidige noodtoestand in Suid-Afrika en die kerk se getuienis ten opsigte van geregtigheid, sending en samewerking[46]. Hierdie beraad het egter groot spanning in kerklike geledere veroorsaak met sy verklaring waarin gemengde huwelike as prinsipieel geoorloof verklaar is, werksreservering en onbillike diskriminasie verwerp is, waarin inwoners van alle rasse as inheems gelykwaardig beskou is, waarin aangedring word op kleurling-verteenwoordiging in die parlement, waarin die liggaam van Christus as 'n eenheid aanvaar is waarbinne niemand, wat in Hom glo, op grond van ras of kleur van enige kerk uitgesluit mag word nie, en waarin grondbesitreg erken word. Hierdie verklaring het 'n groot storm in Afrikanergeledere veroorsaak en die hele konferensie is deur kerkrade en lidmate veroordeel en verwerp. Die daaropvolgende sinodes van die NG Kerk het in 1961 hierdie verklaring ook amptelik verwerp, en so het die NG Kerk die etiket as apartheidskerk gekry. Hierteenoor was daar by andere, waaronder ds Beyers Naudé, teleurstelling oor die optrede van die NG

[44] Van der Watt, 1987: 102-103

[45] Olivier, 1998: 151-152

[46] Van der Watt, 1987:105

Kerk, wat hy beskuldig het van: *"'n gebrek aan suiwer Bybelse teologie en die Christelike beginsels soos wat dit in die Skrif gevind word, tesame met die gebrekkige kennis van die ware feite van die situasie onder die nie-blankes"*. In Augustus 1963 stig hy die Christelike Instituut wat homself krities sou opstel teenoor die NG Kerk, en wat uiteindelik in 1966 deur die Algemene Sinode van die NG Kerk as *"dwaalrigting"* bestempel sou word wat volgens die Algemene Sinode van 1974 as *"politieke drukgroep... aanleiding gee tot dwaling"*[47].

Wat die Indiërs betref, het die Natalse boere vanaf 1855 sterk druk op die regering begin uitoefen om die arbeidstekorte in die landbou uit Indië aan te vul aangesien daar nie genoeg Zoeloe-arbeiders vir die landbou gewerf kon word nie[48]. Naas arbeiders het ook talle handelaars die land binnegekom. In 1946 is begin met sendingwerk onder die Indiërs van Pietermaritzburg, wat uiteindelik met verdrag uitgebrei is na die res van die land, wat beteken het dat verskillende Sinodes van die NG Kerk by die bediening van die Indiërs betrokke geraak het. Hiervoor het die verskillende sinodes alreeds in 1957 die behoefte gevoel aan 'n Skakelkommissie bestaande uit die sendingkommissies van die verskillende sinodes om die werk te koördineer. Al gou het die behoefte aan nog nouer skakeling tussen hierdie NG Sinodes ontstaan, wat deur die Algemene Sinodes van 1962 en 1966 erken is met die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die sending onder die Indiërs. Teen die einde van 1966 was daar reeds vier gemeentes onder die Indiërs: twee in Natal, een in Transvaal en een in Kaapland. Algaande het die behoefte egter ontstaan om die werk onder die Indiërs in 'n kerkverband saam te snoer, wat op 27 Augustus 1968 op advies van die permanente Regskommissie van die Algemene Sinode gerealiseer het in die hou van 'n Konvensie van Indiërgemeentes in die kerkgebou van die oudste Indiërgemeente, Raisethorpe in Pietermaritzburg, wat uitgeloop het op die aanvaarding van 'n kerkorde en die stigting van die *"Indian Reformed Church"* (RCA)[49].

---

[47] Olivier, 1998: 154; vgl *Die verhaal…*, 1997: 22

[48] Crafford, 1982: 443

[49] Crafford, 1982: 453-454

Dit is dus duidelik dat al drie kerke, te wete die NG Sendingkerk, die NGKA en die RCA, die resultaat van die sendingarbeid van die NG Kerk was en dat van hulle lidmate, veral wat betref die kleurlinge in Kaapland, aanvanklik lidmate van die NG Kerk was[50]. Die NG Kerk was egter vanuit die praktyk daarvan oortuig dat apartheid/afsonderlike ontwikkeling die weg was waarlangs die oplossing van Suid-Afrika se bevolkingsvraagstukke gevind moes word. Veral in navolging van die Duitse sendingkenner, Gustav Warneck, is aanvaar dat elke volk sy eie kerk moet hê, omdat elke kultuur- en taalgroep die evangelie die beste in sy eie kultuurmilieu kan verstaan en is voortgegaan met die instandhouding van die ses *"dogterkerke"* in Suid-Afrika met die Federale Raad van NG Kerke as oorkoepelende en konsulterende skakel tussen die sinodes[51]. Hierdie *"Raad van Kerke van Gereformeerde Belydenis in Suidelike Afrika"* het hom egter vanaf 17 November 1960 begin beywer vir groter eenheid onder die onderskeie NG Sendingkerke en hierdie groeiende begeerte tot groter eenheid het in 1962 in die Algemene Sinode van die NG Kerk gekulmineer in die oordra van die funksies van die Federale Raad na die Algemene Sinodale Sendingkommissie. Laasgenoemde het 'n groot rol gespeel in die saamtrek van die vier Sendingkerke wat uit swart lidmate bestaan, op 7 Mei 1963 te Kroonstad, waar toe besluit is om tot een kerkverband te verenig, te wete die NG Kerk in Afrika (NGKA)[52]. In 1964 is besluit *"dat hierdie Raad net 'n Raad van Moeder- en Dogterkerke sal wees"*, wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die *"Federale Raad van Nederduits Gereformeerde Kerke".* Die bestaan van hierdie Federale Raad was egter kortstondig, want in 1972 versoek die RCA en die NG Sendingkerk dat die Federale Raad uitgebou word tot volwaardige Algemene Sinode, wat op sy vergadering van 1974, wanneer die NGKA aansluit by die twee versoeke, tot verdeeldheid met die NG Kerk gelei het. In 1978 het die

[50] Crafford, 1982: 43

[51] Vgl Van der Watt, 1987: 21v

[52] Hofmeyr, 2002:194-201; vgl Olivier, 1998: 152

Algemene Sinode van die NG Kerk die versoek van die Federale Raad met beslistheid afgewys[53].

Die onderlinge verhoudinge van hierdie *"familie van NG Kerke"* het deurgaans by verskeie kerklike vergaderinge aandag geniet waar gevra is hoe daar sigbaar uitdrukking aan die eenheid in Christus gegee kan word. Vanaf 1986 het agtereenvolgende sinodes van die NG Kerk hulle tot die ideaal van kerkeenheid verbind en is uitvoerige besluite hieroor geneem deur verskeie gesamentlike kommissies, sonder enige werklike resultate. Die beleid van die NG Kerk asook die wyse waarop die kerk apartheid selfs teologies verdedig het, het letsels in die onderlinge verhoudinge gelaat wat nie maklik opgelos sou word nie. *"Selfs toe die NG Kerk tydens die Algemene Sinode van 1986 'n ander weg begin inslaan het en daar by die sinode van 1990 afskeid van apartheid geneem is, was dit nie vanselfsprekend dat die "dogterkerke" die bona fides van die NG Kerk sou aanvaar nie. Die geloofwaardigheid van die NG Kerk was ook op die spel toe die kerk by die sinodes van 1994 en 1998 sy skuld bely het teenoor Suid-Afrikaners, sy eie lidmate en teenoor die 'profete' in die kerk wat jare lank teen apartheid gewaarsku het"*[54]. In gesprekke is daar telkens vrae aan die NG Kerk gevra na die Bybelse fundering van apartheid, wat uiteindelik aanleiding gegee het vir die NG Sendingkerk se formulering van die Belhar-belydenis in 1986. Die konsekwente aandrang daarna vanaf die kant van die VGK dat die ander kerke van die NG Kerkfamilie hierdie belydenis moet aanvaar as voorwaarde vir kerkhereniging, het die saak nog verder vertroebel en gekompliseer. In dieselfde jaar (1986) het die NG Kerk sy sendingbeleid hersien en goedgekeur. Groter klem is gelê op die eenheid van die reeds bestaande kerke van die NG Kerkfamilie, wat daartoe gelei het dat gemeentes van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika in April 1994 verenig het in die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). Enkele gemeentes van die voormalige NG Sendingkerk het egter hulle selfstandigheid behou, waarvan sommige later aansoek gedoen het om opgeneem te word as gemeentes binne die NG Kerkverband (bv Witteberge in

[53] Handelinge Algemene Sinode 1978: 891-894; Vgl. Van der Watt, 1987: 23v

[54] Hofmeyr, 2002:236

Bethlehem en Sconkenville in Parys, wat beide opgeneem is in die NG sinodale verband van die Vrystaatse kerk). Talle predikante en gemeentes van die NG Kerk in Afrika, hoofsaaklik uit die Vrystaat en Noord-Kaap, het ook teen die vereniging met die NG Sendingkerk gestem, hoofsaaklik vanweë ontevredenheid met die herenigingsproses, en hulle is toe georganiseer in die NGKA Sinodes van die Vrystaat en Phororo (Noord-Kaap)[55]. Hierdie skeuring het aanleiding gegee tot talle hofsake tussen die VGK en die NGKA rondom die selfstandigheid van die NGKA en ook oor eiendomme, terwyl die VGK ook al die NG Kerk na die Menseregtekommissie[56] en later na die gelykheidshof geneem het oor onder andere eiendomme, die oorbetaal van finansiële hulp en die samestelling van die gekombineerde kerkvergadering op Parys in die Vrystaat.

Die vraag is nou of die *"spontane"* diversivisering in die verskillende selfstandige kerke vanuit die NG Kerk op grond van rasse-, taal- en kultuurverskille en uiteenlopende bedieningsbehoeftes, van so 'n aard is dat die kerke inherent steeds so naby aan mekaar is wat betref Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde, dat daar van Kerk*hereniging* gepraat kan word en of die verwydering nie dalk al só ver gevorder het dat daar eerder van kerk*vereniging* gewag gemaak moet word nie. Dat hierdie egter 'n dringende saak is, laat geen twyfel nie, want die Here wil dat Sy kerk op aarde één moet wees. Die Here Jesus Self bid hiervoor in Johannes 17^{17-23} op grond van die waarheid van die Goddelike Drie-eenheid en die eenheid van God deur Sy Gees met die gelowiges, en dan motiveer Jesus Sy gebed met die aanduiding dat hierdie eenheid moet dien tot die geloofwaardigheid en effektiwiteit van die gelowiges se getuienis van God se liefde en genade in die wêreld. En dan is dit met soveel hartseer dat die apostel Paulus uiteindelik vir die Korintiërs moet aanspreek in 1 Kor.1^{12-13}, 3^{1-9} oor die partyskappe tussen gelowiges, wat getuig van 'n wêreldse en eiesinnige ingesteldheid, en dat hy op grond van die teenwoordigheid van die Heilige Gees

[55] In die saak in die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling) van die VGK en MD Kambule en 160 ander vs die NGKA-OVS (1e respondent) en NGKA-Phororo (2e respondent) – saak 799/96 – Regter R van Coller

[56] Klag 1/04 van 4/2/2005 voor die Menseregtekommissie (verw. 21/2003/0254/ML en 21/2003/0276/ML) in die Gelykheidshof op Parys

in hulle almal op hulle 'n beroep doen op eensgesindheid onder mekaar. In Efesiërs 4^{3-6} pleit Paulus dat gelowiges hulle daarop moet toelê om die eenheid wat die Heilige Gees tussen hulle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

Die Here wil hê dat ons één moet wees ***"sodat die wêreld kan glo"***... ons het mekaar nodig ter wille van die geloofwaardigheid en die effektiwiteit van die Evangelieverkondiging en van ons getuienis:

- In die gemeentes en gemeenskappe waar ons geroep is om die Evangelie te verkondig;
- In die ekumeniese wêreld waarvan ons almeer deel word;
- In die ganse wêreldgemeenskap daar buite;
- En ook teenoor die regering van die dag – in ons provinsie sowel as nasionaal.

Ons het mekaar óók nodig ter wille van die effektiwiteit van die projekte wat ons aanpak om die groeiende nood in die wêreld aan te spreek:

- Die moraliteitskrisis van ons tyd;
- MIV/Vigs;
- Armoede;
- Werkloosheid;
- Misdaad en geweld;
- Korrupsie ...

Dit is laastens opmerklik dat alle pogings tot nouer saamtrek van die verskillende kerke wat as resultaat van die sendingarbeid van die NG Kerk ontstaan het, hoofsaaklik gefokus is op die kerke binne die grense van Suid-Afrika, terwyl die NG Kerk duidelik in sy *Roepingsverklaring*[57] van 2002 hom verbind "*tot ons*

[57] Sien Bylae A tot hierdie Inleiding.

vasteland" en in sy *Verbintenis*[58] van 2004, as opvolging en aansluiting by die Roepingsverklaring van 2002, verbind die NG Kerk hom daartoe *"Om ons jonger generasie te inspireer en te lei om saam met ons as deel van sy kerk in die Naam van Christus 'n verskil in ons lande te maak".* Die Algemene Sinode van 2007 het hierdie beginsel bevestig in sy *Roepingsverklaring*[59]. Daarom sal die Kerkherenigingsproses nie kan volstaan net met die kerke van die NG Kerkfamilie net binne die grense van Suid-Afrika nie, maar sal die kerke buite die grense van Suid-Afrika uiteindelik óók by die proses betrek moet word. In die laaste hoofstuk sal daar daarom ook aan hierdie vraag aandag gegee word.

Wat die aanpak van hierdie ondersoek aan die hand van die bogenoemde inleiding betref, sal daar in elke onderafdeling eers inleidend gelet word op die algemene gereformeerde beginsels ter sprake by hierdie tema, waarna vergelykend op die standpunte van die verskillende kerke gelet sal word soos dit reflekteer uit die amptelike notules en dokumente van elke betrokke kerk.

[58] Sien Bylae B tot hierdie Inleiding

[59] Sien Bylae C tot hierdie Inleiding

Hoofstuk 1

Kerkbegrip en Kerkhereniging

1.1 Die kerkbegrip van die onderskeie lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika

1.1.1 Inleidend

Ter aanvang van hierdie hoofstuk wil ek dit duidelik stel dat hierdie studie nie bedoel om 'n volledige uitwerk van 'n ekklesiologie te wees nie, maar dat net gefokus sal word op enkele aspekte van die ekklesiologie wat van belang is in die kerkherenigingsproses van die NG Kerkfamilie.

Oor **wat 'n kerk is**, is die gedagtes dikwels uiteenlopend. **Calvyn** noem die kerk die moeder van alle uitverkorenes (lewend en afgestorwe) vir wie God 'n Vader is[60]. In hierdie wete dat ons as gelowiges deel is van die kerk, rus ons saligheid volgens Calvijn op vaste grond, want die kerk staan vas met die uitverkiesing van God en met Sy ewige Voorsienigheid[61]. Volgens **Bavinck** is die kerk die gemeenskap van hulle wat Christus en Sy weldade deelagtig is en kan van die kerk in die streng sin van die woord slegs binne die Christendom sprake wees[62]. Vir **Weber** is die kerk die afhanklike gemeenskap van hulle wat behoort tot die persoon en werk van Christus en wat gereël en georganiseer word deur mense[63]. **Du Toit** sê dat 'n gemeente van gelowiges selfstandig en volledig tot stand kom as volwaardige kerk (*ecclesiae completa*) as gevolg van die Woordverkondiging sodra mense Jesus Christus erken as hulle Here wat die gemeente as volledige kerk deur Sy Woord en Gees regeer, wanneer die ampte funksioneer en hulle verantwoordelikheid vir die verdere suiwere verkondiging

---

[60] Calvijn : 6

[61] Calvijn : 9

[62] Bavinck, 1976: 258

[63] Weber, 1961: 564,565 : *"Die Einheit der Gemeinde mit Jesus Christus ist daher nur in ihrer Abhängigkeit gegeben. Die Gemeinde ist eine Versammlung von Menschen, unter menschlicher Leitung".*

van die Evangelie, suiwere bediening van die sakramente en toepassing van die kerklike tug in die betrokke omgewing aanvaar[64], of soos **Jonker** dit aandui dat Jesus Christus die Enigste Hoof en Here van Sy kerk is wat Hyself regeer deur Sy Woord en Gees en met gebruikmaking van die diens (*ministerium*) van mense wat eintlik net Jesus se Woord gaan bedien aan andere[65]. **Heyns** weer sien die kerk as niks anders nie as *"deel van die geheel van Gods handelinge*", en wel dan die teken wat heenwys na en ook as een van baie gestaltes deel is van die koninkryk van God[66] wat nie êrens in die geskiedenis eensklaps as 'n volledige *novum* verskyn nie, maar wat daar was *"van die begin van die wêreld af en daar sal wees tot aan die einde toe*"[67]. Die lidmate of *"volk waaruit die kerk bestaan"* is dan die gelowiges wat kulties-liturgies die heilsweldade van God vier. Volgens Heyns kan daar nie 'n enkelvoudige definisie van die begrip *Kerk* gegee word nie, maar kan die kerk wel in 'n aantal beelde uitgedruk word, naamlik as die *uitgeroepenes, volk van God, liggaam van Christus*, *bruid van Christus, tempel van die Gees* en *as getuie*[68]. Veral Heyns se verstaan van die beeld van die kerk as *liggaam van Christus*, is vir hierdie studie van belang, want dit dui volgens hom op die korporatiewe eenheid met Christus, op die eenheid én verskeidenheid, ekstensiewe en intensiewe groei, en op die feit dat die Here Sy kerk wil gebruik as orgaan vir die getuienis na die wêreld.

Samevattend sou ons dus kon sê die kerk is die uitverkore gelowiges wat Jesus Christus deur Sy Woord en Gees en met die gebruikmaking van die ampte versamel en Sy weldade deelagtig maak en wat Hy toerus met 'n verskeidenheid van gawes sodat hulle die groot dade van God verder kan verkondig en iets van die koninkryk van God sigbaar kan laat word deur die ordelike en suiwere verkondiging van die Woord, suiwere bediening van die sakramente en konsekwente toepassing van die kerklike tug in die bepaalde omgewing waar die

---

[64] Du Toit HDA, 1967:272-274

[65] Jonker, 1978: 1-13

[66] Heyns, 1978: 352-3, 354; vgl 1977: 4v

[67] Heyns, 1978: 355; vgl 1977: 29; NG Kekr, 1987: 22 – Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27

[68] Heyns, 1978: 356-363; vgl 1977: 35-65

Here hulle geplaas en geroep het. Daarom kan die kerk ook nie net vir of ter wille van homself bestaan en net oor sy eie inherente groei en ontwikkeling begaan wees nie, maar moet dit met inskakeling van die volle verskeidenheid van sy lidmate primêr gerig wees op die wêreld waarbinne die Here Sy Kerk instrumenteel wil gebruik om die volheid in Christus sigbaar te laat word en te bedien aan andere en so Sy koninkryk te laat kom. Verder bestaan die kerk dus ook nie net in 'n enkele omgewing as volledige kerk van die Here nie, maar vorm dit ook saam met die ander gemeenskappe se volledige kerke die "groter" volheid van die liggaam van Christus in uiteindelik die hele wêreld en moet die samewerking van ander kerke daarom ook noodsaaklik gesoek en bewerkstellig word ter wille van die effektiewe uitvoering van die bestaansopdrag van die kerk.

Wat die **kenmerke** van die kerk betref, wat hom onderskei van die ander gestaltes van die koninkryk van God of instellings van mense en waarin die kerk ook sy wesenlike uitdrukking vind, geld oor die algemeen die Gereformeerde *notae ecclesiae* (Berkouwer noem dit *"een kritische maatstaf ... waarmee de kerk op haar waarachtig kerk-zijn kon en moest worden getoetst"*[69]; Heyns noem hierdie *"kenmerke"* die *"konstituerende voorwaarde"* waaraan die kerk moet voldoen om waarlik kerk te wees, wat dan uiteindelik bepaalde onderskeidende eienskappe vertoon[70]. In die *"kenmerke"* gaan dit oor die waarheid of egtheid van die kerk, omdat die Reformasie tot die insig gekom het dat die uitwendige, empiriese kerk wel aan die eienskappe van 'n kerk kan beantwoord, maar tóg nie die ware kerk kan wees nie – daarom het die behoefte ontstaan aan die toetsing van die egtheid van die kerk en is die *notae ecclesiae* deur die Reformatore as kritiese maatstaf ingevoer[71]), te wete die suiwere verkondiging van die *Woord*, die suiwere bediening van die *sakramente* (Weber noem hierdie eerste twee die klassieke *notae*[72]) en die konsekwente toepassing van die kerklike *tug*[73], en as

[69] Berkouwer, 1970:13

[70] Heyns, 1978: 375

[71] Heyns, 1978: 376

[72] Weber, 1961: 605-607

[73] NG Kerk, 1987: 23 – Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 29

eienskappe van die ware kerk word gestel die *eenheid* (waarbinne Heyns onderskei tussen die volgende aspekte van hierdie eenheid, naamlik eenheid van oorsprong, roeping, belydenis, getuienis, gemeenskap, diens, organisasie), *heiligheid* (waarbinne Heyns onderskei tussen heiligheid as status, handeling, gehoorsaamheid en stryd), *algemeenheid* (waaronder Heyns negatief gesproke sê dat dit nie dui op 'n geografiese gebied of statistiese, historiese of etniese begrip nie, maar met die begrip volheid te make het – met die volheid van God, van die tyd, wêreld, waarheid en gehoorsaamheid) en *apostolisiteit* (waarin dit vir Heyns gaan om die ooreenstemming met die waarheid van die apostels)[74]. Vir die hele saak van kerkhereniging is veral die eienskappe van *eenheid* en *algemeenheid* van besondere belang wat as motiverende argumente uitgelig sal moet word, alhoewel al die eienskappe uiteindelik op die nuwe herenigde kerkverband van toepassing sal moet wees. Verder is dit ook 'n vraag of daar net volstaan kan word met betrekking van die NG Kerkfamilie binne die grense van Suid-Afrika in die kerkherenigingsproses, en of die NG kerke buite die grense van Suid-Afrika nie ook juis in die lig van die twee uitgeligte eienskappe van die kerk betrek moet word nie.

Die kerk openbaar die wyse van sy bestaan in verskillende **gestaltes**, naamlik (1) *lokaal* (die lokale kerk is nie net 'n verskyningsvorm van die kerk nie, maar is volledig kerk, maar ook nie die hele of algemene kerk self nie – elke lokale kerk is openbaring van die één algemene of universele kerk) *en universeel*[75](want die kerk staan in verband met ander kerke van dieselfde belydenis [uitgedruk in die kerkverband van mindere- en meerdere-vergaderinge enersyds tussen kerke van dieselfde konfessionele oortuiging, kerkregtelike beginsels en liturgie] asook met kerke van ander belydenis [uitgedruk in ekumeniese verhoudinge]), (2) *sigbaar en onsigbaar* (alhoewel die twee nie teenoor mekaar staan nie[76]; die Skrif ken nie

[74] Heyns, 1978: 375-383; vgl 1977: 109-150

[75] Berkouwer, 1970 :134

[76] Bavinck, 1976: 271; Calvyn : 6v; Berkouwer, 1970:42v; Weber, 1961: 596v

'n onsigbare kerk nie [om só van die kerk te praat, is Platonies][77], hoewel die kerk wel onsigbare aspekte het – die Roomse Kerk het hulleself in die tyd van die Reformasie beskou as die enigste ware kerk van Christus en lidmaatskap van die Roomse kerk is beskou as gelyk aan lidmaatskap van die kerk van Christus. Hierteenoor het die Reformatore dit gestel dat die onsigbare kerk dui op die geestelike kerk soos dit in Christus verborge is by God[78]), (3) *instituut*[79]('n unieke vorm met sekere reëls en wette wat hom onderskei van ander institute in die wêreld) *en organisme* [80](wat dui op die lewe van die kerk binne die *instituut*, die lewende, geestelike gemeenskap van die heiliges, 'n geloofs-, gebeds-, gespreks- en lewensgemeenskap – 'n lewe), (4) *strydend en triomferend*, en (5) *staties en dinamies* (die kerk is kerk maar word ook al meer kerk – teken van die koninkryk, teken van die Woord, teken van die wêreld)[81]. Wat die kerkhereniging betref, sal die proses homself deeglik moet verantwoord wat betref sy ware motiewe as gesê word dat die hereniging ook gaan ter wille van die sigbaar maak van die universele kerk van die Here, want die kerk is ook nie oral waar die gelowiges saam is en opereer in die wêreld nie – daar is immers ook ander gestaltes van die Koninkryk van God as die kerk in die wêreld[82]. Daarom sal daar deeglik aandag gegee moet word aan die vraag oor hoe die herenigde kerk institusioneel gestalte moet kry.

---

[77] Heyns, 1977: 187-190 : *"Wanneer die kerk gesien word as 'n idee wat êrens volmaak bestaan en dié onsigbare kerk as één heilig, algemeen en apostolies beskou word, terwyl die aardse maar net 'n floue en onvolmaakte afbeelding daarvan is, dan is die kerk tot 'n spirituele grootheid vervals. Die ware kerk is nie iets dieper, agter en hoër as die kerk soos hy hier en nou verskyn nie. Dit sou tot 'n metafisiese ekklesiologie lei".*

[78] Heyns, 1977: 187-190 : *"Teenoor die formalisme moes die geestelike beklemtoon word. ... As <u>werk</u> van God op aarde en in die tyd, is die kerk sigbaar; maar as werk <u>van God</u>, is die kerk nie sonder meer sigbaar nie. Daarvoor is geloof nodig. Daarom kan inderdaad gesê word: die kerk is 'n geloofswerklikheid. Credo ecclesiam. ... Die kerk is in die Skrif iets reëel, iets werklik, dit is die gelowiges in Christus, konkreet en sigbaar. Die gelowiges <u>is</u> die kerk, hulle is nie <u>in</u> die kerk nie en die kerk is nie 'n realiteit teenoor Christene nie. Daarom sal ons moet sê:... <u>die kerk het onsigbare aspekte ... 'n geestelike aspek</u>".*

[79] Weber, 1961: 566, 596

[80] Berkouwer, 1970 :138

[81] Heyns, 1978: 383-389; vgl 1977: 169-208; Berkouwer, 1970: 20

[82] Heyns, 1977: 198-199 : *"Kerklike handelinge en godsdienstige handelinge val nie saam nie. Hoewel kerklike handelinge godsdienstige handelinge is, is alle godsdienstige handelinge nie kerklike handelinge nie. ... Alle vorme van Christelike leer en lewe buite die kerk is konkrete openbaringsgestaltes van die koninkryk. ... Die kerk is die nuwe volk van God, maar nie alle aspekte van die lewe van die nuwe volk is kerk nie – slegs bepaalde aspekte daarvan, naamlik die byeenwees van die volk onder leiding van die ampte, dit wil sê die instituïtêre".*

Vervolgens het ek hierbo reeds aangedui dat die kerk ontstaan deurdat Christus Self vir Hom Sy kerk versamel deur Sy Woord en Gees en met die gebruikmaking van die diens van mense. In talle Skrifgedeeltes stel die Here dit duidelik dat Hy arbeiders uitstuur, maar dat dit Hy is wat laat groei en wat uiteindelik die oes insamel. Die Here gebruik die mens dus instrumenteel in die versameling van Sy kerk op aarde. Wanneer hierdie totstandkoming van 'n kerk dan die resultaat van die sendingwerk van 'n ander kerk is, geskied hierdie kerkvorming prosesmatig wat betref die verinheemsingsproses – mense word gekonfronteer met die Evangelie en geroep tot 'n nuwe lewenswyse wat vreemd is aan die eie, en hierdie nuwe lewenswyse moet geïntegreer word met die eie kultuur[83]. Dit beteken dat die een organiese kerk op verskillende maniere sigbare instituïtêre gestalte sal aanneem in verskillende kulture, waarmee deeglik rekening gehou sal moet word in die kerkherenigingsproses van die NG Kerkfamilie. Meer nog – omdat beide die kerk en kultuur ook dinamies van aard is, sal die instituïtêre uitdrukking van die kerk ook nie vir altyd onveranderlik dieselfde kan wees nie, maar dit sal moet aanpas by die dinamiese ontwikkeling en groei binne die kerk, die teologiese wetenskap en die bepaalde kultuurmilieu. Laastens: die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as volledige kerk, beteken egter nie totale onafhanklikheid van alle ander gemeentes nie[84]. Soos reeds genoem is die plaaslike, volledige kerk nogtans nie die hele kerk nie. Hieroor later meer.

Wat die **inrigting en funksionering van die ampte en vergaderinge** van die kerk betref, maak Kuyper, Biesterveld en Bouwman onderskeid tussen vyf kerkregeringstelsels in die Christelike kerk, waarby Bouwman 'n sesde (die

---

[83] Du Toit HDA, 1967: 278-279 : *"As op hierdie waarheid nie ag geslaan word nie, word die dogterkerk slegs 'n oorplanting van die moederkerk, 'n replika of takkantoor van die sendende kerk. Daar volg 'n vreemdsoortige uitdrukkingswyse en bestaansvorm wat die belangstellende ongelowige vreemd laat voel, want die kerk is per slot van rekening nog westers".*

[84] Du Toit HDA, 1967: 273 : *"As ons van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente praat, bedoel ons nie dat laasgenoemde op eie bene kan staan en hom van die ander openbaringe van die liggaam van Christus afskei nie. Die verband is noodsaaklik, en so kom ringe en sinodes tot stand"*.

Erastiaanse stelsel) en Kleynhans 'n sewende (die Oosters-Ortodokse stelsel) voeg, naamlik[85]:

- die Gereformeerde *presbiteriaal-sinodale* kerkregeringstelsel (wat ontstaan uit die Kerkhervorming in 1517 in Wittenberg, met Zwingli as een van die eerste grondleggers daarvan[86]. Zwingli stel Christus en die Woord sentraal en grondliggend vir die kerkregering, en gee spesiale plek aan die inrigting van die ampte en die plaaslike kerk as primêre organisasie. Hierna het Calvyn [wat allerweë bestempel word as die vader van die Gereformeerde Kerkreg], met inagneming van die gedagtes van mense soos Luther, Erasmus, Melanchton, Zwingli, Bucer en Farel die beginsel van die soewereine Christusregering deur die Woord [as enigste, onfeilbare en primêre gesag vir die kerkreg] en Gees in die kerk ontwikkel – die kerk regeer nie self nie, maar word deur Christus regeer. Voetius het die gereformeerde stelsel verder uiteengesit, met die volgende vier kenmerke: (1) die *plaaslike kerk* as versameling van gelowiges met dieselfde belydenis is 'n volledig selfstandige kerk as instituïtêre openbaring van die liggaam van Christus, wat later in 'n algemene verband met ander gemeentes opgeneem word; (2) Christus oefen wel Sy regering uit deur Sy Woord en Gees, maar maak hierin ook gebruik van die gelykwaardige [nie-hiërargiese- maar eerder aristokratiese {aristoi = beste geestelike gawes deur God toegerus}[87]] *amp* van presbiter [ouderlinge – wat hulle Woordgesag alléén van Christus ontleen] wat, naas die ampte van leraar en diaken altyd aan 'n gemeente gekoppel moet wees; (3) al is die plaaslike kerk volledig kerk, is die *kerkverband* ook belangrik [Kuyper pleit vir 'n konfederasie van plaaslike kerke in klassisse en sinodale landskerke, terwyl die Sinode van Emden 1571 voorsiening maak vir Kerkraad, Classis, Sinode en Nasionale Sinode[88]] ter bevordering van die welsyn [welwese] van die gesamentlike kerke. Die kerkverband is nie hoër in gesag as die plaaslike

[85] Kleynhans, 1982: 65-90

[86] Bouwman, I 1985: 225-231

[87] Bavinck, 1976:371; Vgl Calvijn IV-3-7,8: 62-63; Bouwman, I 1985: 232-252

[88] Nauta, 1971:91-94; Hovius, 1972:21-25

kerk nie, maar is met meerdere gesag beklee omdat dit oor 'n breëre terrein strek[89]; en (4) die handhawing van die *selfstandigheid van die kerk naas die staat*, waar die kerk toegelaat word om sy eie sake volgens eie interne reg [*jus in sacra*] te reël[90]. Die Presbiteriaanse tradisie sluit ten nouste by hierdie tradisie aan, maar laat ekstra klem val op die vergaderings van die kerk). (Binne die Suid-Afrikaanse konteks het die NG Kerk 'n *Presbiteriaal-sinodale* stelsel ontwikkel[91] waar aan die eenkant vasgehou is aan die plaaslike gemeente as volledige kerk maar in die praktyk het die sinodale vergaderings in belangrikheid toegeneem en het hulle in plaas van besluitnemende vergaderings ook werkende vergaderings geword);

- die Rooms Katolieke *papale*- en na-reformatoriese Anglikaanse *episkopale*-kerkregering[92] (met die sentrale gesag in die één wêreldwye kerk wat oor taal- kultuur- en landsgrense heen met één taal, belydenis, liturgie en sentrale kerkregering hiërargies in die pous van Rome setel as die opvolger van Petrus en dus Christus se stadhouer op aarde [daarom heers hy monargies ook oor die staat en alle wêreldregerings], en by hom berus sowel die wetgewende as die uitvoerende gesag van die kerk [wat hy via die onderskeie bisdomme onder hom uitvoer], beide wat betref die leer en die lewe van die kerk. By die Anglikane word die plek van die pous egter deur die koning van Engeland ingeneem na Hendrik VIII se weiering om hom aan die pous in Rome te onderwerp. Die kerk word dus gesien as 'n eenheid met die onderskeie gemeentes of parogieë as onderafdelings van die een geheel met die biskop van Rome as aardse hoof van die kerk. Die biskop van Rome wat ook as Christus se verteenwoordiger die kerk regeer, besit apostoliese gesag om die kerk te regeer);

---

[89] Kleynhans, 1982: 83

[90] Calvijn, IV-20-1-32: 555-595; vgl *Kerkorde* NGK 2004 Art.2.3

[91] Kleynhans, 1974: 78

[92] Bouwman, I 1985: 119-199; sien ook Kerkregtelike kommentaar op hofgeding tussen VGKSA en NGKA – Dr DA Kuyler (VDM), Bloemfontein – 5/9/05

- die *independentistiese* of *kongregasionele* kerkregering (wat setel in die seperatisme van Robert Browne [1550-1636][93] en is ontwerp deur die Franciskaanse monnik en later Protestantse Francois Lambertus van Avignon. Die bestuur van elke groep gelowiges wat hulleself kerklik organiseer as gemeente [*congregatio fidelium*] en die tug oor lidmate word uitgevoer deur die kern van werklike gelowiges in die gemeente [*ecclesiola in ecclesiae*, wat alleen die wil van die gemeente bestuursmatig uitvoer maar nie die gemeente regeer nie] en daar is drie ampte, naamlik die *episcopi, diaconi* en *seniores* [hoewel die ampte later verskraal is tot slegs dié van ouderling en diaken wat deur die gemeente gekies word sonder onderskeid tussen die lerende- en regerende ouderling – beide setel in dieselfde persoon]. Die gemeente bestuur dus die kerk en nie die kerkraad nie. Die lidmate moet op mekaar ag gee en die afsonderlike, outonome gemeentes moet in liefde met mekaar saamwerk as los federasie sonder enige gesag en sonder om 'n kerkverband te vorm. Die reg om by 'n kongregasie aan te sluit, word nie deur gemeentegrense bepaal nie, maar word oorgelaat aan die willekeurige keuse van die gelowige. Elke groep is 'n onafhanklike, selfstandige en losstaande eenheid wat selfs op dieselfde plek kan vergader);
- die Lutherse *territoriale* of *konsistoriale* stelsel[94] (in teenstelling met die wêreldomvattende, sigbare eenheid van die kerk wat saamtrek in die pous by die Katolieke, is die eenheid vir Luther geestelik en onsigbaar met Christus as enigste hoof van die onsigbare kerk. Die kerk word vir hom alleen sigbaar wanneer die Woord en die sakramente bedien word deur die behoorlike funksionering van die prediking, en dit is hoe ver die kerkregering strek – in die behoorlike reëling van die prediking en sakramentsbediening en ander geestelike sake ook deur die algemene priesterskap van gelowiges in 'n bepaalde geografiese gebied onder seggenskap en beskerming van die betrokke regering [landvors / regeerder / owerheid / staatsgesag – *territoriaal*], en bygestaan deur die onderskeie *Konsistories / Superintendente*

[93] Bouwman, I 1985: 267-270

[94] Bouwman, I 1985:199-225

wat saamgestel is uit teoloë en regsgeleerdes wat deur die vors benoem is. Die Lutherse stelsel is dus nog steeds hiërargies en [omgekeerd] monargies [in die sin dat die staat nou oor die kerk heers, terwyl by Rome die kerk oor die staat heers]);

- die *Kollegiale* stelsel[95] (die vrye vereniging of genootskap van mense volgens eie vrye keuse [en nie noodwendig deur geloof bepaal nie] met 'n eie regspersoonlikheid kragtens die Romeinse Natuurreg, wat gelyk is met alle ander soorte van menslike vereniginge wat deur die grasie van die staat reg van bestaan geniet, wat die reg van die individu beklemtoon teenoor die maatskappy [sowel die kerk as die staat is byvoorbeeld nie 'n Goddelike instelling nie, maar 'n sosiale instelling wat uit die onderlinge verdrag tussen selfstandige mense tot stand kom] en waarin die demokratiese beslissinge van die meerderheid mense deurslaggewend is [en nie Christus en Sy Woord nie] vir die heersende gesag en karakter van die kerk. Die kerkverband word as kerk gesien met die vergaderings [sinode, ring en kerkraad] as bestuur van die kerk en die gemeentes as die takke van die kerk. Die bestuur van die kerk vind ook trapsgewys van laere vergaderings na hoëre vergaderings plaas[96]. Die Kollegialisme het 'n beslissende invloed uitgeoefen in die opstel van die *Algemeen Reglement* van 1816 deur koning Willem I, wat sou dien as grondslag vir die latere opstel van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* in 1824);
- die *Erastiaanse stelsel*[97] (wat verwant is aan en die Lutherse territoriale stelsel net verder deurvoer. In onderskeid met Luther word alle kerklike gesag egter geloën [geen kerkorde, vaste belydenis of kerklike gesag word geduld nie], die kerkregering word absoluut deur die staat uitgeoefen, tug hoort tuis by die owerheid met geen ruimte vir enige kerklike straf nie); en

[95] Bouwman, I 1985: 308-318

[96] Brown, 1992: vgl De Wet, 1921

[97] Bouwman, I 1985: 231, 256

- die *Oosters-Ortodokse stelsel*[98] (waarin die kerk geen eenheidsbeeld vertoon nie maar pluriformig bly met klem op ’n ryke simboliek in die erediens en liturgie. Die amp is ’n liturgiese instelling en daar is geen hiërargie tussen biskoppe enersyds en biskoppe en leke andersyds nie, hoewel die patriarg leiding neem as *primes inter pares* [geringste tussen die geringes]. Bisdomme kom wel in sinodes saam waar leke, priesters en biskoppe gelykwaardig sitting neem om alleen intern-kerklike sake te hanteer [daar is geen inmenging in staatsake of deelname aan die maatskappy nie]).

’n Duidelike saak sal uitgemaak moet word oor watter kerkregeringstelsel primêr deur elkeen van die kerke in die NG Kerkfamilie gevolg word en in hoeverre die verskillende stelsels met mekaar versoenbaar is indien lidkerke deur verskillende Kerkregeringstelsels oorheers word.

1.1.2 Die kerkbegrip van die NG Kerk

Alhoewel die kerkbegrip van die NG Kerk teoreties beheers en bepaal word deur die inleidende beginsels wat hierbo gestel is oor wat ’n kerk is en wat die kenmerke, eienskappe en gestaltes van die kerk is, en die NG Kerk hom daarvoor uitgee dat hy wat die inrigting en funksionering van sy gereformeerde kerkregering betref presbiteriaal-sinodaal is, het die invloede van die ander kerkregeringstelsels nie uitgebly nie. Verder is dit ook ’n vraag of dieselfde kerkbegrip in ál die ongeveer 1162 gemeentes[99] van die NG Kerk figureer, aangesien die inrigting van gemeentes, eredienste en selfs kerkvergaderings dikwels merkbaar van mekaar verskil[100]. Nogtans vorm al hierdie gemeentes saam één kerkverband, omdat hulle van dieselfde belydenisse of kernwaarhede[101] oortuig is, waaroor hulle onderling ooreengekom het[102].

---

[98] Kleynhans, 1982: 65-90

[99] Jaarboek: 413

[100] Strauss, 2008: 1

[101] Heyns, 1992:17 stel dit *“dat ’n belydenis nie die ganse openbaringsinhoud aangaande die evangelie omvat nie, dig slegs die kernwaarheid weergee…”*

[102] Vgl. Bouwman, 1985: II 564 sê: *“Het gezag van de belijdenis… is het formulier der kerkelijke eenheid… het accoord van de kerkelijke gemeenschap”*

Kerkeenheid veronderstel immers nie eendersheid in alle opsigte nie[103], maar wel eenheid in belydenis – 'n waarheid wat pertinent as uitgangspunt in *Kerkorde* 2007 Artikel 1 en 2 ten opsigte van die Skrif, belydenis en orde van die kerk gestel word[104].

As na die amptelike dokumente van die NG Kerk gekyk word, kom die presbiteriaal-sinodale beginsels duidelik na vore in *Kerkorde* 2007 Artikel 3, wat bepaal dat Christus Self as enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk, deur Sy Gees en deur die dienswerk van gelowiges en die gelykwaardige ampte van leraar, ouderling en diaken, al die dienswerk in Sy kerk verrig. Verder bepaal Artikel 15.2 gereëlde afwisseling van ouderlinge en diakens om enige hiërargie teen te werk. Artikel 18 noem die vier kerkvergaderinge, naamlik Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode wat volgens Artikel 19 as taak het die opsig oor, die regering van en die tug in die Kerk met die kerklike gesag wat deur Christus aan elk van die vergaderinge verleen is (Artikel 20.1). Artikel 29 bepaal dat naburige gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader, onderling groepeer tot ringe as uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, en Artikels 32 en 33 bepaal dat die sinode saamgestel word uit 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke gemeente in die sinodale gebied as afgevaardigdes van elke kerkraad, of uit 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied, waar die betrokke sinode in elke geval besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per gemeente of ring. Artikels 36 en 37 handhaaf die volledigheid en selfstandigheid van die gemeente en kerk wanneer gesê word dat hulle volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies en werksaamhede behou en dat hulle die reg het om *"met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam ensovoort uit die verband te tree indien hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."*[105] So ook word die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes, wat saam die kerkverband konstitueer, gehandhaaf in die vasstelling

[103] Strauss, 2008: 2

[104] *Kerkorde* NGK 2007: 1

[105] *Kerkorde* NGK 2007: 18

van die Belydenisgrondslag van die Kerkverband kragtens Artikel 44. Die NG Kerk bedoel dit inderdaad opreg dat hy in sy kerkinrigting en funksionering wil hou by die gereformeerde presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.

In Artikel 38, wat bepaal dat die Algemene Sinode saamgestel word uit 'n gelyke aantal predikante en kerkraadslede uit elke sinode, waarvan die getal bestaan uit 'n vaste komponent plus 'n proporsionele komponent wat bereken word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en op die aantal lidmate, kom egter iets van die invloede van die *Kongregasionalisme* en die *Kollegialisme* duidelik na vore[106]. Die gereformeerde beginsel is immers dat gemeentes kerkverband konstitueer, terwyl hier iets deurskemer van 'n afvaardiging wat saamgestel word volgens die demokratiese beginsel van die aantal gemeentes en lidmate wat verteenwoordig word. Dit is verder ook nie duidelik watter inrigtingstelsel in Reglement 15[107] Artikel 2.6 van die *Kerkorde* 2007 gevolg word nie, wat bepaal dat nuwe lidmate (*"gelowiges"*) deur doop en belydenisaflegging wel "*met alle gelowiges 'n eenheid in die ware geloof in Christus as lidmate van sy liggaam "* vorm, maar dan word daar net daarna gesê: *"Sulke lidmate sal waar moontlik inskakel by 'n gemeente van die NG Kerkfamilie"* en word daar voorsiening gemaak vir bediening volgens taal-, kultuur en ander bedieningsbehoeftes[108]. Uiteindelik word in die proses van gemeentevorming selfs voorsiening gemaak vir *"faktore soos geografiese verwyderdheid, staatkundige bestel en die behoefte aan inkleding van die evangelie in eie kulturele konteks"* met die opmerking daarby: *"Voorop bly egter staan dat die eenheidsband met die bestaande kerk in die NG Kerkfamilie in die streek sover moontlik behoue bly en steeds uitdrukking sal vind op die mees sinvolle en effektiewe wyse"*[109], wat sterk herinner aan die Lutherse *territoriale* stelsel. So 'n redenasie is om die minste te sê inkonsekwent. Alhoewel voorkeur gegee word aan inskakeling by die NG Kerkverband, word tog ruimte gelaat vir eie keuse deur onderhandeling ter wille van eie

---

[106] *Kerkorde* NGK 2007: 18

[107] *Kerkorde* NGK 2007: 104 – Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk

[108] *Kerkorde* NGK 2007-Rgl.15:2.6.3: 107

[109] *Kerkorde* NGK 2007-Rgl.15:2.6.5: 107

bedieningsbehoeftes en –voorkeure, wat trekke vertoon van die *Kongregasionalisme* en *Kollegialisme*.

Wanneer in hierdie verband verder na die besluite van die NG Kerk oor kerklike lidmaatskap gekyk word, word die gereformeerde tradisie van die Sinode van Emden (1571) gehandhaaf dat mense wat tot geloof kom en lidmate van die kerk word deur belydenisaflegging, deel word van die plaaslike gemeente. So besluit die Algemene Sinode van 1998 dat oordrag van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander by wyse van attestaat sal geskied en dat die kerkraad die attestaat van die lidmaat in ontvangs neem en die pastorale verantwoordelikheid vir die lidmaat moet aanvaar. As sodanig het die kerkraad toesig oor die lewe en leer van die lidmaat. Die kerkraad moet toesien dat die lidmaat aktief meeleef in die gemeente deur sy/haar gawes beskikbaar te stel tot opbou van die gemeente en die uitbou van die koninkryk van God in die wêreld. By die Algemene Sinode van 2002 kom daar egter 'n denkverskuiwing in die rigting van die *Kongregasionalisme* en *Kollegialisme*, wanneer die keuse oor by watter gemeente ingeskakel word, aan die voorkeur van die lidmaat oorgelaat word. Alhoewel die Sinode van 2002 dit duidelik stel dat gemeentegrense geografies bly, is hierdie stelling slegs teoreties van aard, want in die praktyk word duidelik afgebakende geografiese gemeentegrense deur die keuse-uitoefening van lidmate verander in sogenaamde *"stippellyn"* kategoriale grense[110].

'n Debat wat ook dikwels met hewige argumente en baie emosie in die praktyk gevoer word, is of ons nie nog steeds met 'n *papale* of *episkopale* (hiërargiese, hoëre) kerkbegrip en -ampsbeskouing in die NG Kerk te make het nie – 'n debat waarin daar dikwels negatief-afwysend en soms smalend verwys word na die *"sinodokrasie"* met sy *"sinodale strukture"* en die sogenaamde *"verkrampte/verstokte kerkleiding"* – of soos die oorlede oom lief was om te sê: *"die hoofkantoor"* wat *"van bo-af"* besluite oor ons neem waarby ons nou maar net eenvoudig moet inval, of ons nou *"demokraties"* daarmee saamstem of nie

[110] Sien *Kerkorde* NGK 2007 – Funksionele besluit 16: 128-130

(en *"demokrasie"* beteken: die massa heers deur hul stem). Vir die oningeligte kom daar 'n sweem van hiërargie deur in *Kerkorde* 2007 Artikel 20.2 wat bepaal:

> *"Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode."*[111]

Die gereformeerde beginsel, soos reeds gestel, is dat die meerdere vergaderinge van die kerk nie meerdere vergaderinge van die ampte is nie (indien dít die geval sou wees, sou ons met reg onsself skuldig kon maak aan sake soos 'n episkopale *"hiërargie"* en *"sinodokrasie"*, wat sake in die kerk op 'n outoritêre wyse wil reël), maar dat die meerdere vergaderinge juis saamgestel word deur die gemeentes wat op grond van ooreenstemmende belydenis in verband met mekaar tree as die *"kerkverband"*. Daarom funksioneer die meerdere vergaderinge van die kerk baie sterk op die beginsel van *"ooreenkoms"* – 'n aantal gemeentes kom met mekaar in rings- of sinodale verband ooreen oor gemeenskaplike sake soos Skrifverstaan en -belydenis[112], liturgie, teologiese opleiding, kerklike orde, -arbeid, ensovoorts en neem dan besluite in hierdie verband. Die beginsel is duidelik dat die *"ekklesia completa"* nie die *"kerkverband"* ophef nie, maar dit juis konstitueer. Daarom kan die plaaslike gemeente dan ook nooit handel sonder om die kerkverband in ag te neem en te hou by die onderlinge ooreenkomste in hierdie verband nie. Indien dít wel sou gebeur dat 'n gemeente totaal independentisties sy eie weg begin inslaan sonder inagneming van die res van die gemeentes binne die bepaalde verband, loop sodanige gemeente gevaar om homself buite die kerkverband te stel, met al die implikasies wat daarmee saamgaan. Waar *"independentisme"* die skaal totaal na die een kant van verabsolutering van die selfstandigheid van die kerk wil laat oorhel, en *"sinodokrasie"* die skaal weer totaal na die ander kant van die verabsolutering van die outoritêre posisie van die ampte en meerdere vergaderinge wil laat oorhel, wil die gereformeerde standpunt juis die balans in die kerkverband soek.

---

[111] *Kerkorde* NGK 2007: 11

[112] Vgl. Bouwman, 1985: II 564

Alhoewel daar dus wel tekens van die invloed van ander kerkregeringstelsels aangetoon kan word, kan tog met stellige sekerheid verklaar word dat, wat sy *Kerkorde* betref, die NG Kerk oor gereformeerde uitgangspunte beskik ten opsigte van Skrif, belydenis en kerkorde wat hom duidelik in die Dordtse tradisie plaas[113] en dat die kerkregering van die NG Kerk volgens die gereformeerde beginsels van die *presbiteriaal-sinodale* Kerkregeringstelsel geskied.

In die joernale van die NG Kerk blyk dit dat daar vanaf 1746 wel 'n *"Gecombineerde Vergadering"* van gemeentes was, wat in 1759 deur die Politieke Raad beëindig is. De Mist se kerkorde van 1804 het toe bepaal dat die eerste sinode reeds in November 1805 moes plaasvind, maar die Britse oorname in 1806 het dié plan verydel met die gevolg dat die Kaapse gemeentes steeds los van mekaar gefunksioneer het. Nadat ds Abraham Faure van Kaapstad sy kollegas in Kaapstad, Stellenbosch en Graaff-Reinet oortuig het om ooreenkomstig Artikel 46 van De Mist se kerkorde die owerheid se goedkeuring te verkry vir die byeenroep van 'n sinode, het die Kerkraad van Kaapstad op 5 Julie 1824 leiding geneem en die ander gemeentes opgeroep vir die eerste sinode. Met die eerste sinode van die Kaapse Kerk op 2 November 1824 is die Kaapse gemeentes, wat sedert die VOC-tydperk tot nou toe aan die Klassis van Amsterdam verbind was, 'n eie, selfstandige kerkverband gevorm. By hierdie geleentheid was 24 afgevaardigdes van 12 van die bestaande 14 gemeentes in die konsistorie van die Groote Kerk in Kaapstad teenwoordig en is 'n kommissie benoem om 'n *"Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid Afrika"* op te stel waarin die Dordtse kerkorde ongelukkig nie as basis gedien het nie, maar waarin naas die geldende Kerkorde van De Mist, die *"Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk van het Koninkryk der Nederlanden"* van 1816 nagevolg is[114]. Die groeiende invloed van die Skotse leraars sedert 1820 was ook merkbaar en het bepaalde kollegialistiese invloede nagelaat in die bewoording van verskeie artikels waar gepraat word van byvoorbeeld *"bestuur"* en *"hoëre bestuur".* Die Algemeen

[113] Strauss, 2008: 9

[114] Van der Watt, 1980: 39

Reglement van 1824 het verder aan die owerheid 'n beherende seggenskap oor die kerk gegee en aan sinodes 'n 'hoër' gesag bo die plaaslike gemeentes toegeken[115]. Hierdie spanning tussen kerk en staat het uitgeloop op openlike konfrontasie op die buitengewone Sinode van 1837 in verband met die hantering van die appèl van ds Robert Shand en die optrede van die kommissarisse-politiek in Kaapstad. Hierdie gebeure het daartoe aanleiding gegee dat die Sinode besluit het om De Mist se Kerkorde en die Algemene Reglement van 1824 te hersien. Die hersiene dokument het voor die Sinode van 1842 gedien as *"Wetten en Bepalingen voor het bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika"* – vir die eerste keer is die kerk se naam nou amptelik die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Alhoewel daar baie verbeteringe is en die gereformeerde presbiteriaal-sinodale kerkregeringsvorm gehandhaaf is teenoor die hiërargies-sinodale en kollegialistiese kerkregering van die Nederlandse Hervormde Kerk, is die invloed van die kollegialisme nie heeltemal afgeskud nie – lidmate hoef byvoorbeeld nie noodwendig aan 'n gemeente te behoort nie (die gemeente is bloot 'n vrye, onselfstandige vereniging van mense); "hogere" verwysings word aangetref; ens. Die staat het hierop reageer deur die Kerkorde van De Mist met Ordonnansie 7 van 1843 te herroep, wat wel aan die kerk eie bestuur gegee het oor sy eie sake in die Kaap deur kerkrade, ringe en die sinode, maar die regering sou steeds die mag behou deur vakatures te vul, wat die kerk steeds ondergeskik aan die staat gestel het. Verder is die NGB uitgelaat in die aanwysing van die belydenisskrifte van die kerk. In 1897 het die regering hierdie ordinansie gewysig deur die belydenisskrifte reg te stel en verder te bepaal dat die NG Kerk die samestelling van sy sinode kan verander om ook gemeentes en ringe buite Kaapland in te sluit. In Ordonnansie 9 van 1898 is bepaal dat die kerk die reg het om buite die koloniale grense uit te brei[116], maar nie om in algemene sinodale verband met ander sinodes te tree nie. Op 9 en 10 Augustus 1905 het afgevaardigdes van die Kaapse-, Vrystaatse-, Natalse- en Transvaalse Sinodes op Colesberg vergader en besluit om federaal te verenig as

[115] Hofmeyr, 2002: 86; vgl Van der Watt, 1980: 40

[116] Van der Watt, 1980: 217

"De Raad der Nederduitsche Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika", wat die afsonderlike bestaan en ontwikkeling van die kerke sou beskerm en as studieliggaam in adviserende hoedanigheid sou dien. Besluite sou eers van krag wees wanneer elke sinode dit goed gekeur het vir die betrokke sinode. Die veelbesproke *"gelykheidskwessie"*, waarin dit gegaan het oor die posisie van Kleurlinge in die kerkverband, het egter telkens na vore gekom in gesprekke oor kerkvereniging. Hierdie saak het voor verskeie kerkvergaderings gedien en talle pogings tot kerkvereniging is sonder sukses aangewend. Op die vergadering van die Raad van Kerke in 1957 is aan die onderskeie aktuarii opgedra om 'n konsep-kerkorde voor te berei wat as basis kan dien vir vereniging. Hierdie Kerkorde, waarin die Gereformeerde kerkregeringstelsel van Dordt bevestig is, is in 1959 voorgelê en uiteindelik goedgekeur[117]. Die staat is versoek om Ordinansie 7 van 1843 te herroep en op 3 Maart 1961 is hierdie ordonnansie in sy geheel herroep, wat die Kaapse Sinode in staat gestel het om met die ander sinodes van die NG Kerk in Algemene Sinodale verband te tree, wat uiteindelik in 1962 gerealiseer het[118].

Wat sy ander besluite en publikasies betref, is 'n duidelike ontwikkeling in denke sigbaar[119], wat enersyds beslis te make het met nuwe teologiese insigte, maar wat andersyds ook nie los gesien kan word van die groter ekumeniese blootstelling van die kerk, beide wat sy amptelike ekumeniese betrekkinge betref maar ook wat betref die groter blootstelling van lidmate en ampsdraers met ander kerke in die toenemende verstedeliking van die oorgrote meerderheid van die lidmate van die NG Kerk nie.

In 1970 publiseer die NG Kerk 'n bekendstellingspamflet[120] waarin duidelik gestel word dat die kerkregering geskied aan die hand van die presbiteriaal-sinodale stelsel soos verwoord in die Dordtse kerkorde[121] en dat die kerk hom binne die

---

[117] Van der Watt, 1987: 2-8

[118] Van der Watt, 1980: 44-46, 57-65, 219-220; 1987: 11-12

[119] Vgl Kinghorn (Red), 1986: 86v

[120] *"The Dutch Reformed Church in Southern Africa"* 1970

[121] *Kerkorde* NG KERK, 1969: 1 – sien Art.1

beginsel van soewereiniteit in eie kring onderwerp aan die owerheid in soverre die owerheid nie in stryd met die Skrifbeginsels regeer nie. Verder is dit die kerk se taak om die Bybelse norme in verband met onderlinge verhoudinge en sosiale geregtigheid onder die aandag van die staat te bring. Daar word pertinent verklaar: *"There is no state church in South Africa"*[122]. Hieruit blyk duidelik die sobere gereformeerde kerkbegrip en kerkinrigting van die NG Kerk.

In 1974 erken die NG Kerk se Algemene Sinode in die publikasie *"Ras, Volk en Nasie..."* dat hy steeds die gereformeerde godsdiens sedert volksplanting in 1652 beoefen en saam met die veelbewoë geskiedenis van die land 'n natuurlike groeiproses deurgaan het wat 'n besliste invloed op die latere staatkundige ontwikkeling en politieke denke sou hê:

> *"Vanaf die dertiger jare van die twintigste eeu het die Kerk voortdurend sy stem laat hoor oor die Christelike implikasies van ,,apartheid", ,,afsonderlike ontwikkeling", eiesoortige ontwikkeling" of hoe die heersende politieke denke ook van tyd tot tyd die probleme van ons veelvolkige land benader het"*[123].

Hierin openbaar die kerk baie sterk trekke van die Anglikaanse *episkopale* stelsel, waar die grense tussen die regering van die kerk en die staat met wedersydse beïnvloeding begin vervaag. In die verdere beredenering van die etniese of rasseverskeidenheid word in stellinge 7, 8, 12 en 13 aangedui dat die Skrif die eenheid van die menslike geslag handhaaf, maar dat daar tog ook etniese verskeidenheid is (stellings 9 en 13), maar dan is stelling 13.6 opvallend, want eensklaps word 'n politieke model ingevoer waarin die kerk tekens toon van die Lutherse *territoriale* stelsel: *"13.6 Onder bepaalde omstandighede en voorwaardes laat die N.T. ruimte vir die reëling van die saambestaan van verskillende volkere in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling."*[124]

Tot krediet van die NG Kerk moet egter gestel word dat hy homself in dieselfde dokument korrigeer wanneer hy in stelling 27 pertinent stel dat die kerk as

---

[122] *"The Dutch Reformed Church in Southern Africa"* 1970: 9,10

[123] *Ras, Volk en Nasie…* 1974: 3,4

[124] *Ras, Volk en Nasie…* 1974: 31

instituut nie politiek mag bedryf nie. In stelling 14 van die genoemde dokument, met sy subartikels, word duidelik gestel dat die Kerk van Christus oor alle grense (kulties, geografies, nasionaal) heen strek en sy eenheid in Christus vind as 'n geloofsgemeenskap wat alle skeidinge transendeer, maar nogtans word voorsiening gemaak vir groepering in verskillende *"kerke"* (stelling 14.4) om 'n verskeidenheid binne die eenheid te vorm – wat tekens toon van *Kongregasionalisme* in die destydse denke van die NG Kerk. Vanaf stelling 15 tot stelling 41 word die wese (stellings 15 en 16), kenmerke (stelling 17), eienskappe (stellings 18, 19, 39 tot 41) en funksionering (stellings 19 tot 38) aan die orde gestel, met 'n al sterker konsentrasie op die verdediging van 'n verskeidenheid van inheemse kerke binne die verskeidenheid van volke in dieselfde land (stellings 29 en 30) maar tog met klem op die eenheid van die kerk in God (stellings 32 tot 35) met 'n oproep tot ekumeniese verhoudinge (stellings 36 tot 38) – dus 'n duidelike gereformeerde ekklesiologiese ontwerp wat gevolg word. Ter volledigheid kan genoem word dat in die res van die dokument gefokus word op 'n beoordeling van horisontalisme (stellings 42 tot 43), 'n beoordeling van die teologie van rewolusie (stellings 44 en 45) en die taak van die kerk ten opsigte van maatskaplike geregtigheid (stellings 46 tot 57), sending [aan die hand van die eienskappe van die kerk] (stellings 58 tot 61), die huwelik (stellings 62 tot 65) en 'n slotopmerking (stelling 66).

Reaksie op hierdie dokument het nie uitgebly nie. In 1976 publiseer prof CWH Boshof, wat op daardie stadium 'n dosent aan een van die teologiese fakulteite van die NG Kerk was, sy boekie *"Kerklike Verhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk"* waarin hy aanvanklik pleit vir handhawing van die eenheidsband tussen die *"Moederkerk"* en die *"Dogterkerke" "kragtens die gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord en kragtens die erkenning van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering"*[125] met verwysing na Artikel 18 van die destydse Algemene Sendingreglement, maar net daarna gaan hy verder om aan die hand van vier stellinge die *"grondslae"* van die *"eiesoortige"* of *"pluriformigheid"* van kerklike

[125] Boshoff, 1976: 7

betrekkinge te verdedig[126], om uiteindelik die saak uit te maak vir 'n federale, korporatiewe eenheid in die Kerkfamilie wat uiting vind in kerklike bystand en onderlinge hulpbetoon op alle vlakke van kerkregering – 'n standpunt wat sterk *kongregasionalistiese* trekke daarin vertoon dat elke vlak van kerkregering outonoom funksioneer en slegs met mekaar saamwerk as los federasie sonder om kerkverband te vorm.

Die volgende belangrike beleidsdokument wat die Algemene Sinode van die NG Kerk goedkeur, is *"Kerk en Samelewing – 'n Getuienis van die NG Kerk"* in 1986, wat in drie hoofstukke ingedeel is. Allereers word in die eerste hoofdeel 'n demografiese agtergrondsuiteensetting gegee, waarna in die tweede hoofdeel van die dokument uitgegaan word van 'n prinsipiële, gereformeerde verantwoording en waarin die wese van die Kerk aangedui word as 'n geloofsgemeenskap[127] wat bepaal word deur die Woord wat in ooreenstemming met die drievoudige amp van Christus drievoudig verkondig moet word: profeties, priesterlik (deur met woord en daad die barmhartigheid, liefde en versoening te bevorder), en koninklik. As geloofsgemeenskap is opregte geloof in God die enigste fundamentele voorwaarde vir lidmaatskap[128] en lidmaatskap is daarom as sodanig *"oop"* vir enige lidmaat van die NG Kerkfamilie om by enige gemeente van enigeen van die gemeentes van die NG Kerkfamilie in te skakel[129]. Die dokument gaan dan verder en dui aan hoe die beginsels wat gestel is, in die praktyk neerslag moet vind. In paragraaf 59 word pertinent gestel *"dat daar ter wille van effektiewe bediening van die Woord en die bedieningsbehoeftes van verskillende taal- en kultuurgroepe, voorsiening gemaak mag word vir die verinheemsing van die kerk"*[130]. Vervolgens word daarop gewys dat die kerk in verskeie opsigte 'n unieke gemeenskap is – dit is 'n geloofs-, belydenis-, aanbiddings-, missionêre-, diakonale-, universele- en versoende gemeenskap

[126] Boshoff, 1976: 11v

[127] NGK 1986: 22

[128] NGK 1986: 45

[129] NGK 1986: 46

[130] NGK 1986: 10

wat moet heenwys na God se komende nuwe wêreld. Vanaf paragraaf 82 word gefokus op die eenheid van die kerk wat in God Drie-enig geleë is en wat *"dieper en hoër, wyer en heerliker as enige aardse vorm van eenheid"*[131] is, en wat nie die verskeidenheid in die skepping uitwis nie, maar te bowe gaan (die verskeidenheid is 'n verskeidenheid binne en ter verryking van die eenheid). Die kerk het nou die taak om hierdie eenheid in hierdie sondige, verskeurde en verdeelde wêreld te bely, dit te beleef in die gemeenskap van gelowiges, en om dit ongedwonge, spontaan en natuurlik sigbaar te maak, nie net tussen gelowiges nie, maar ook tussen selfstandige, georganiseerde Christelike kerke in verskillende grade van ekumeniese verhoudinge na gelang van die konfessionele ooreenstemming tussen kerke. Vanaf paragraaf 100 word gelet op die kerk se hantering van verskillende bevolkingsgroepe, en word daarop gewys dat die Skrif die menslike geslag as 'n eenheid sien waarin ras- en kleurverskille geen rol speel in die beoordeling van mense nie, want hierdie verskeidenheid is deel van die bestaande werklikheid. Tewens, daar word onomwonde gestel: *"Rassisme is 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie. Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en handeling te kenne gee dat een ras, volk of groep volke inherent meerderwaardig en 'n ander ras, volk of groep volke inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan rassisme. Rassisme is 'n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. As morele dwaling beroof dit die menslike persoon van sy waardigheid, pligte en regte. Dit lei tot onderdrukking en uitbuiting en moet derhalwe in alle vorme afgekeur en beveg word"*[132], alhoewel 'n *"gesonde volksliefde wat gerig is op die skepping en bewaring van die eie volkskultuur, duidelik van rassisme onderskei moet word"* en daarom geregverdig is. In die inrigting van die kerk mag wel vir taal- en kultuurverskille, wat met die verskeidenheid van volke saamhang, voorsiening gemaak word ter wille van die verinheemsing of kontekstualisering van die kerk, maar dan op 'n wyse dat dit nie die eenheid van die kerk sal benadeel nie, maar eerder sal dien. In elk geval

[131] NGK 1986: 15

[132] NGK 1986: 22

moet alle mense in hulle intermenslike verhoudinge hulle laat lei deur die Bybels-etiese riglyne van onvoorwaardelike Christelike naasteliefde wat die beste vir en in die ander soek, reg en geregtigheid, barmhartigheid, die waarheid en eerbied vir mekaar. In die lig van hierdie prinsipiële standpunt word uiteindelik bely dat die teologiese regverdiging van die beleid van apartheid, voortspruitend uit die beleid van afsonderlike ontwikkeling, 'n fout is en was[133]. Vir die eerste keer is die vroeëre regverdiging van apartheid op Bybelse en teologiese gronde met beslistheid van die hand gewys[134]. Hierna gee die dokument aandag aan enkele etiese vraagstukke soos die mens se regte (paragrawe 179-199) en die huwelik in 'n veelrassige samelewing (paragrawe 200-215). Aan die einde van hierdie prinsipiële verantwoordingsgedeelte van *Kerk en Samelewing*, word aandag gegee aan die taak van die kerk. In die derde en laaste hoofdeel van die dokument word gefokus op die praktyk van die NG Kerk se rol in die kerklike situasie binne Suid-Afrika en in die ander samelewingsverbande, waarbinne die sake wat prinsipieel gestel is (en wat met die wese van die kerk te make het), prakties en konsekwent geïmplementeer moet word met inagneming van die omstandighede en die pastorale verantwoordelikheid van die kerk (wat met die welwese van die kerk te make het). Daar word dus nou onderskei tussen die wesenlike (prinsipieel-teologiese, Skriftuurlike) en welwesenlike (sosiaal bepaalde) kriteria in die effektiewe lewe en bediening van die kerk, met die pertinente opmerking dat laasgenoemde nie op dieselfde vlak as die eersgenoemde lê nie[135]. Wat die eenheid van die NG Kerkfamilie betref, word gestel dat vanweë die gemeenskaplike oorsprong, gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, en kragtens die erkenning van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering, die kerke wesenlik één is, maar tóg as institute onderskeie is deurdat elkeen beskik oor 'n eie organisasie, kerkorde, liturgie en besluitnemingsbevoegdheid om desnoods hulle eie belydenisgrondslag te wysig. Daarom word verklaar: *"Die Bybelse leer van die*

[133] NGK 1986: 52,53 (lees paragrawe 304-308 as eenheid)

[134] Hofmeyr, 2002:216

[135] NGK 1986: 41

eenheid van die kerk en die gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk roep ons daartoe op om die eenheid van die familie van NG Kerke steeds duideliker tot uitdrukking te bring"[136]. Tog word toegegee dat waar taal- en kultuurverskille die sinvolle kommunikasie van die evangelie bemoeilik, moet daar afsonderlik voorsiening gemaak word vir die bedieningsbehoeftes van die lidmate. Wat die drie afsonderlike Afrikaanse kerke betref, word pertinent gestel dat hulle afsonderlike bestaan nie prinsipieel verantwoord kan word nie en dat daar daarom geen deurslaggewende rede is waarom die kerke nie tot sigbare eenheid kan kom nie.

In sy geheel beoordeel, is die kerkbegrip van die NG Kerk wat tot uitdrukking kom in Kerk en Samelewing 1986 'n behoorlik Skriftuurlik begronde en teologies verantwoorde uitwerk van die Gereformeerde Kerkbegrip en verklaar die NG Kerk sy opregte bedoeling om hierdie beginsels konsekwent toe te pas in die wêreld van vandag.

Die reaksie op hierdie dokument was hewig en het groot spanning en verdeeldheid onder die lidmate van die NG Kerk veroorsaak. Sowat agt dae na die Algemene Sinode van 1986 het sowat 200 beswaarde lidmate uit 80 gemeentes byeengekom en 'n studiekomitee benoem wat op 28 November 1986 in Pretoria met meer as 3,000 mense teenwoordig onder leiding van die sogenaamde Voortsettingskomitee, onder voorsitterskap van prof WJG Lubbe, vergader het om protes teen die besluite van die Algemene Sinode aan te teken[137]. In Mei 1987 publiseer hulle hul antwoord op *Kerk en Samelewing* onder die titel *Geloof en Protes - 'n antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*, waarin die NG Kerk beskuldig word van 'n nuwe, vrysinnige Skrifgebruik, waarin van die kerk se standpunte oor maatskaplike en politieke sake verskil word, en waarin aangedring word op die handhawing van apartheid in die kerk teenoor die gedagte van *"oop"* lidmaatskap soos gestel in *Kerk en Samelewing*. Hierop het die Algemene Sinodale

[136] NGK 1986: 44

[137] Lubbe, 1987: iii

Kommissie van die NG Kerk in Mei 1988 geantwoord met die publikasie *"Antwoord van die Ned. Geref. Kerk op "Geloof en Protes"*, waarin die kerkbegrip van die beswaarde lidmate uitgewys word as polities, liberaal, independentisties en kollegialisties – die vrywillige vereniging van mense wat hulleself demokraties (in teenstelling met Christokraties) organiseer soos, waar en wanneer hulle wil, en wat te enige tyd van kerk kan verwissel sonder om die wese van die kerk aan te raak[138]. Tewens, die institusionele inkleding van die kerk word onderhewig gestel aan die handhawing van die volkseie van die Afrikanervolk wat die *"Godsvolk"* as gelowige kern bevat[139]. Die kerk en die *"Christenvolk"* word met mekaar verwar en uiteindelik word alle waardes afhanklik gestel aan die oordeel van die eie volk en kultuur in 'n *"religieuse nasionalisme"*[140] waarin die volk en kultuur die eksklusiewe aard van die volkseie kerk bepaal en nie die Skrif nie. In die lig van hierdie ontleding van die teologie van die beswaarde lidmate, kom die NG Kerk tot die slotsom dat dit getuig van 'n ongereformeerde heillose teologie wat die Skrif en Belydenisgrondslag van die NG Kerk verwring, en word 'n ernstige beroep gedoen op *"almal wat hulle agter GP skaar, om betyds tot beter insigte te kom en terug te keer na die gereformeerde verstaan van die Skrif — waaraan die NG Kerk hom gebonde ag"*[141]. Al hierdie gebeure het uiteindelik egter daartoe gelei dat 'n aantal lidmate uit die NG Kerk weggebreek het om die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) te stig.

Tydens die NG Kerk se Algemene Sinode van 1990 is *Kerk en Samelewing 1986* in hersiening geneem en 'n hersiene *Kerk en Samelewing 1990* goedgekeur met as eerste opmerking dat die NG Kerk dit as sy roeping sien om as getuie van God Drie-enig onder die leiding van die Heilige Gees en in die lig van die Woord in die samelewing op te tree sodat die koninkryk van God meer gestalte in die samelewing kan kry[142]. Die meerderheid paragrawe is net fyner geformuleer en

[138] NG Kerk, 1988: 1,2, 15

[139] NG Kerk, 1988: 5v

[140] NG Kerk, 1988:7

[141] NG Kerk, 1988: 18

[142] NGK 1990: 2

herrangskik, maar die ou paragraaf 90 (van *Kerk en Samelewing 1986*), waar dit gaan om die noodsaak om die onsigbare eenheid van gelowiges in Christus óók te beleef en sigbaar te maak, is in geheel vervang met die nuwe paragrawe 82-84 en 89 (van *Kerk en Samelewing 1990*) om aan hierdie waarheid baie meer krag te gee. Die toestand van verdeeldheid en verskeurdheid van die kerk oor eeue word pertinent toegeskryf aan allerlei sondige faktore soos *"vleeslike gesindhede, liefdeloosheid, onwil om mekaar te aanvaar, misverstand en dwaling, verabsolutering van die verskeidenheid, veruitwendiging of ook vergeesteliking van die eenheid asook politieke en ander belange"*[143], en daar word beklemtoon dat dit in die sigbaar maak van die eenheid vir Christus oor die getuienis van die kerk gaan *"sodat die wêreld kan glo..."* as bevestiging van die waaragtigheid van Christus se sending; dat hierdie eenheid primêr in onderlinge liefde sigbaar moet word; en dat 'n valse eenheidstrewe, met valse motiewe en met prysgawe van die waarheid in Christus, afgewys moet word[144]. Verder is die ou paragraaf 97 wat handel oor ekumeniese betrekkinge meer dringend en toegespits herskryf in die nuwe paragraaf 93 as roeping van die kerk om alle kerklike verdeeldheid en verskeurdheid uit die weg te probeer ruim met ekumeniese- en samewerkings-verhoudinge. Wat rassisme betref, is die ou paragraaf 112 uitgebrei in die nuwe 110 om te sê dat rassisme ook die minagting en haat vir die persoon van die medemens behels wat laasgenoemde verhinder om op menswaardige en verantwoordelike wyse sy/haar Goddelike bestemming te verwesenlik, en dat sodanige optrede verwerp word as strydig met die Woord. Hierbenewens is drie nuwe paragrawe (112, 114 en 115) bygevoeg om te waarsku teen rassistiese trekke in volksliefde wat tot 'n sondige verabsolutering van die eie volk en ras kan lei. Lidmate word aangemoedig om die nodige respek en waardering te betoon vir die eie van elke volkskultuur, en die kerk word opgeroep om deur sy verkondiging die regte gesindhede te skep wat rassistiese beskouinge, gesindhede, opmerkings en optrede sal teenwerk[145].

---

[143] NGK 1990: 12

[144] NGK 1990" 13

[145] NGK 1990: 17

Samevattend kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, alhoewel daar aanvanklik ander invloede te bespeur was in die kerkbegrip van die NG Kerk, die kerk hom algaande al sterker en duideliker uitgespreek het vir 'n suiwere gereformeerde *presbiteriaal-sinodale* kerkregeringstelsel.

1.1.3 Die kerkbegrip van die NG Kerk in Afrika

Die *Kerkorde* van die NGKA toon in hooftrekke ooreenkoms met die *Kerkorde* van die NG Kerk, hoewel daar tog ook verskille is. In Artikel 1 word die belydenisgrondslag van die kerk aangedui as die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls, en die ekumeniese geloofsbelydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius. In Artikel 2 van die 2003 kerkorde van die NGKA word gestel dat die NGKA op grond van die gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, een is met die NG Kerk, die NG Sendingkerk in Suid-Afrika, die RCA en met alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde verband in Afrika[146]. Wat die ampte in die kerk betref, word onderskei tussen die lerende ouderling (bedienaar van die Woord – te wete leraars, dosente aan teologiese skole, en evangeliste as besondere diens met die oog op ongekerstendes en buitekerklikes), die regerende ouderling en diaken (Artikel 4) wat hulle ampsdiens slegs in 'n bepaalde gemeente mag uitoefen sonder om oor mekaar te heers, want Christus is die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk (Artikel 5). Daar word vier vergaderinge van die kerk onderskei, te wete die kerkraad, ring, streeksinode en Algemene Sinode (Artikel 17) aan wie die opsig oor, regering van en tug in die kerk toevertrou is met die kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen, sonder om sake wat op 'n mindere vergadering se terrein lê, in behandeling te neem (Artikel18; vgl Artikel 34.6). Die ring en streeksinode word saamgestel uit gemeenteleraars plus 'n kerkraadslid (evangelis, ouderling of diaken) vir elke leraar uit elke gemeente (Artikel 24,26), en die Algemene Sinode uit vier

[146] *NGKA Kerkorde*, 2003: 1

verteenwoordigers uit elke streeksinode plus ’n leraar en kerkraadslid uit elke ring (Artikel 33). Sittingsreg met adviserende stem word in beide die streeksinode en die Algemene Sinode aan verteenwoordigers uit die NG Kerkfamilie verleen (Artikel 26.2, 32.2). Tot sover dus ’n duidelik gereformeerde *presbiteriaal-sinodale* kerkregeringstelsel wat nagevolg word. Maar dan kom daar ewe skielik in Artikel 27 duidelike *kongregasionalistiese* trekke na vore wanneer bepaal word dat ’n gemeente die reg het *“om met opgaaf van redes aansoek te doen om van een streeksinode na ’n ander oorgeplaas te word. Die oorplasing mag alleen met toestemming van beide betrokke streeksinodes geskied”*[147]*.* Ook in Artikel 31 word op *kongregasionalistiese* wyse vryheid aan die streeksinode gegee om op sy eie te besluit om te verdeel.

Samevattend kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die kerkbegrip van die NGKA soos blyk uit sy *Kerkorde* van 2003 in die gereformeerde *sinodaal-presbiteriale* kerkregeringstelsel neerslag vind, hoewel trekke van die *Kongregasionalisme* aangedui kan word.

1.1.4 Die kerkbegrip van die VGK

Ook die *Kerkorde* van die VGK toon in hooftrekke ooreenkoms met die *Kerkorde* van die NG Kerk, hoewel daar tog ook verskille is. In die voorwoord van die VGK-OVS Kerkorde 2003 word aangedui dat die VGK die *“Gereformeerde of Presbiteriale”* stelsel van kerkregering volg wat behels dat die plaaslike gemeente as vergadering van gelowiges op bevel van Christus (wat oor die enigste en oppergesag beskik), die volledige openbaring van die liggaam van Christus is. In hierdie gemeente doen die ampte (wat gelykwaardig is maar onderskei word in funksie) net wat nodig is om die samekoms in te rig vir die verkondiging van die Woord en die sakramente. Die kerkregering word verder gekenmerk deur die vergaderinge van die kerkraad, ring en sinode (laasgenoemde twee as meerdere vergaderinge)[148]. Die kerkinrigting geskied dus duidelik aan die hand van die *presbiteriaal-sinodale* kerkregeringstelsel. In

[147] *NGKA Kerkorde*, 2003: 4,5

[148] *VGK-OVS Kerkorde*, 2003: 5

Artikel 1 word gestel dat die VGK as gemeenskap van gelowiges in Christus, wat deur Sy Woord en Gees versamel is, saam met ander Christelike kerke deel is van die Kerk van Christus wat nuut moet lewe en moet getuig van Sy verlossingsdade. In Artikel 2 word die belydenisgrondslag van die VGK aangedui as die drie gereformeerde geloofsbelydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, en die drie belydenisskrifte te wete die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Hierdie belydenisgrondslag word egter verder uitgebrei met die Belydenis van Belhar (Artikel 2.2) en die opmerking dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie (Artikel 2.3)[149]. Geloof in Christus word gestel as enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap (Artikel 3) met die spilpunt in die samekoms van die gelykwaardige lidmate in die gemeente rondom die Woordverkondiging en bediening van die sakramente (Artikel 4). Tot sover dus 'n suiwer gereformeerde *presbiteriaal-sinodale* kerkbegrip by die VGKSA. By die nadere uitwerk van hierdie beginsels in die praktyk van die kerk se taak, tree iets van die *Kongregasionalisme* en die Lutherse *territoriale* kerkbegrip na vore in die inrigting van die gemeente (wat as vergadering van gelowiges die taak het om God se versoenende en bevrydende handelinge te verkondig, die liefde van Christus uit te leef, die mense op te roep tot versoening met God en onderlinge versoening en vrede met mekaar, *"om God, wat op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, na te volg deur mense in enige vorm van lyding en nood by te staan, en deur te getuig en te stry teen enige vorm van ongeregtigheid"* – Artikel 4.4-5.5), die ampte (waar lidmate na gelang van die geestesgawes wat hulle ontvang het deur die gemeente vir besondere dienste afgesonder kan word, benewens die ampte van lerende en regerende ouderling en diaken – Artikel 6,7) en die roeping van die kerk teenoor die owerheid (om die regering en die owerhede op te roep om al die inwoners van die land te dien deur geregtigheid te laat geskied en ongeregtigheid te bekamp; en *"om te getuig teenoor alle maghebbers, bevoorregtes en instansies wat uit selfsug hulle eie*

[149] *VGK Kerkorde*, 2001: 2

belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel" (Artikel 4.4)[150]. Kerkregering geskied deur Christus deur Sy Woord en Gees en deur die ampte in die vergaderinge van kerkraad, ring, gebiedsinode (sonder bepaling van die samestelling van elk) en Algemene Sinode (wat saamgestel word uit die vier moderatuurslede van elke gebiedsinode plus een leraar en kerkraadslid uit elke ring) (Artikel 7-11). Artikel 12 vertoon tekens van die *Kollegialisme* wanneer die kerk as eie regspersoon (vgl ook Artikel 11.11) gesien word as sosiale instelling naas ander instellings en gemeenskapstrukture soos die staat, skool en nywerheid[151]. Tekens van die *Erastianisme* tree egter na vore in die Reglement vir die militaristiese Jeugbrigade van die VGK[152] wat die geestelike, sedelike, liggaamlike en kulturele opvoeding van die jeug deur middel van Bybelstudies, geestelike boodskappe, sang, lesings, konferensies, reinheidsgesprekke, gimnastiek, driloefeninge en spanwerk op die oog het, en alhoewel daar wel sprake is van kerklike opsig en tug oor die Jeugbrigade (Artikel 7 van die betrokke reglement), berus die finale oordeel nogtans by die gesagsliggaam van die Brigade.

Samevattend kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die kerkbegrip van die VGK soos blyk uit sy *Kerkorde* van 2001 in die gereformeerde *sinodaal-presbiteriale* kerkregeringstelsel neerslag vind, hoewel trekke van die *Kongregasionalisme,* die Lutherse *territoriale, Kollegialisme* en selfs *Erastianisme* aangedui kan word.

1.1.5 Die kerkbegrip van die RCA

Die *Kerkorde* van die RCA[153] toon ook in hooftrekke ooreenkomste met die *Kerkorde* van die NG Kerk, hoewel daar tog ook verskille is. In Artikel 2 word die belydenisgrondslag van die kerk aangedui as die Formuliere van Enigheid soos goedgekeur deur die sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die 37

[150] *VGK Kerkorde*, 2001: 6

[151] *VGK Kerkorde*, 2001: 14

[152] *VGK Kerkorde*, 2001: 133v

[153] *RCA Kerkorde*, 2002

artikels van die Belgiese Konfessie (Nederlandse Geloofsbelydenis), die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls, en die ekumeniese geloofsbelydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius. Die RCA word saamgestel uit plaaslike gemeentes van belydende en katkiserende, gedoopte en ongedoopte gelowiges (Artikel 3). In Artikel 5 word die goeie orde in die kerk afhanklik gestel aan die vier gelykwaardige ampte (*"office's"*) van leraar, evangelis, ouderling en diaken (Artikel 6), van die drie vergaderinge (*"assemblies"*) van kerkraad (met in hom ook die raad van diakens – Artikel 24,25), ring en sinode wat elk volgens eie bevoegdheid sake hanteer (Artikel 23), en die werk en dissipline van die kerk. Persone binne die eerste graad van bloedverwantskap mag egter nie saam op dieselfde kerkvergadering dien nie (Artikel 19). Die ring en sinode word saamgestel uit die gemeenteleraars plus 'n kerkraadslid vir elke leraar (Artikel 26). Interessant is die bepaling in Artikel 27.10 dat 'n gemeente kan ontbind, waarna dit nie meer deel van die kerk sal wees nie[154] (vgl Artikel 46.4) – hierin is duidelike trekke van die *Kongregasionalisme* wat sê dat die reg om by 'n gemeente aan te sluit of daarvan weg te breek, oorgelaat word aan die willekeurige keuse van die lidmate wat hulleself outonoom groepeer, organiseer en regeer. Verder is dit opmerklik dat die kerklike opsig en tug pertinent in 'n aantal artikels aan die hand van Matteus 18 beskryf word met die sinode as finale gesagsliggaam met uitsluiting van die reg tot die burgerlike hof (Artikel 33-44).

Samevattend kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die kerkbegrip van die RCA soos blyk uit sy *Kerkorde* van 2002 in die gereformeerde *sinodaal-presbiteriale* kerkregeringstelsel neerslag vind, hoewel trekke van die *Kongregasionalisme* aangedui kan word.

[154] *RCA Kerkorde*, 2002: 8

1.2 Standpunte oor Kerkhereniging van die onderskeie lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika

1.2.1 Inleidend

1.2.1.1 Die Aard van Kerkeenheid en Kerkverband

Oor die eenheid van die kerk van Christus is daar in die gereformeerde dogmatiese wêreld geen twyfel nie – dit is immers een van die erkende eienskappe van die kerk[155] sedert die konsilie van Konstantinopel in 381[156], en word ook so uitgedruk in die geloofsbelydenis van Nicea. In teenstelling met die Roomse siening dat hierdie eenheid uitgedruk word in die Pous as hoof van die kerk oor die wêreld, dink die Protestante allereers aan die eenheid van en in die Here as die enigste Hoof van die kerk (Ef.1^{10}; 5^{23}), aan die gemeenskap van alle gelowiges aan dieselfde Gees (1 Kor.6^{17}; 12^{13}; Ef.4^{3}) met Christus en met mekaar (Joh.10^{16}; 15^{1v}; Rom.12^{5}; 1 Kor.12^{12,13}; Ef.1^{22}) en dan verder aan die eenheid van liggaam, geloof, hoop, liefde en doop (Ef.4$^{4-6}$)[157]. Dit is dus duidelik dat daar in die Skrif heelwat gedeeltes is wat direk dui op kerkeenheid, en behalwe die direkte Skrif-uitsprake, is daar ook duidelike teologiese lyne in die Skrif wat hierop dui. In die Ou Testament word daar duidelik net gepraat van die één Verbondsvolk wat die Here vir Homself uitverkies het en waarby mense uit ander volke kon aansluit wanneer hulle hul geloof in die God van Israel bely het. In die Nuwe Testament kom die saak van die eenheid van die kerk egter duideliker na vore, alhoewel die Nuwe Testament nie vir ons 'n bloudruk gee van hoe kerkeenheid in die praktyk moet lyk nie[158]. Die kerk in sy wêreldwye universaliteit is katoliek in sy eenheid (*"die 'Ökumene' ist die in ihrer Einheit katolische Kirche, d.h. die Kirche in ihrer weltumspannenden Universalität"*)[159]. Die Christelike kerk vind dus die oorsprong van sy eenheid in die Drie-enige God wat Self deur die verkondiging van Sy Woord, die werking van Sy Gees en die

---

[155] Calvijn : 8-10; Bavinck, 1976: 304v; Berkouwer, 1970:11, 31v; Weber, 1961: 609-618; Heyns, 1978: 377-380; Vgl Heyns, 1977: 114-130; Kleynhans, 1982: 36,37

[156] Heyns, 1977: 114

[157] Bavinck, 1976: 305

[158] Snyman, 1997

[159] Weber, 1961: 609

gebruikmaking van die ampte vir Hom 'n kerk versamel as Sy geroepenes en uitverkore volk, om as organiese en geestelike gemeenskap van gelowiges van dieselfde belydenis te getuig van die groot dade van God en so vir God, mekaar en die wêreld diensbaar te wees[160].

Alhoewel hierdie eenheid allereers geestelik van aard is, moet dit op die een of ander wyse sigbaar word, sê Jesus, wanneer Hyself in Johannes 17 bid dat dit sal wees *"sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het ..."* Die motivering wat die Here Jesus in die teksgedeelte vir die sigbaarwording van kerkeenheid gee, is sodat dit 'n getuienis kan wees teenoor die wêreld en sodat alle gelowiges kan deel in die heerlikheid van die één Here. Heyns dui daarop dat die eienskappe van die kerk, waaronder die eenheid, nie net 'n indikatiewe gegewenheid in die wese van die kerk is nie, maar ook 'n imperatiewe dinamiek is, 'n feitelike opdrag[161]. In hierdie sigbaarwording van die één kerk in Christus lê die hele problematiek van die eenheid en verskeidenheid (pluriformiteit) enersyds, asook andersyds dié van die eenheid en geskeidenheid, verskeurdheid en verdeeldheid egter opgesluit. Dr GC Berkouwer noem dit die belangrikste tema in die ekklesiologie en die toenemende ekumeniese vraagstuk[162], en dr H Bavinck wys daarop dat die ware en volle Christendom (as versameling van alle Christene) in die kerklike geloofsverdeeldheid aanwesig is[163]. Al praat die Nuwe Testament in die meervoud van *"kerke"* (εκκλησιαι), is daar geen sprake van verdeeldheid of verskeurdheid nie, maar is dit slegs aanduiding van verskillende groepe op verskillende plekke (geografies en kultureel) wat saam die een kerk van Christus vorm[164]. Wanneer hierdie meerderheid van *"kerke"* binne die een kerk van Christus egter ontstaan om ander redes as die geografiese en kulturele verskeidenheid, en die verskeidenheid innerlike verskeurdheid word, word die

[160] Heyns, 1978: 377-379

[161] Heyns, 1978: 377

[162] Berkouwer, 1970: 32,34

[163] Bavinck, 1976: 305

[164] Berkouwer, 1970: 33

verskeidenheid 'n bedreiging vir die eenheid en pluriformiteit 'n pluralisme van kerke wat duidelik teen God se wil is[165].

Wat die pluriformiteit of verskeidenheid of veelheid van kerke betref, kan daarvoor verskeie onaanvaarbare motiewe aangevoer word: die *skeppingsmotief* (wat meen dat die verskeidenheid van kerke maar net ooreenstem met die verskeidenheid wat in die skepping aanwesig is), die *ontplooiingsmotief* (wat dui op die historiese ontwikkeling van die een waarheid in 'n veelheid van legitieme dele of aspekte), die *antropologiese motief* (die Goddelike waarheid is te groot vir een mens om te verwerk of te hanteer – elkeen kan maar net 'n sekere perspektief op die waarheid nahou), *politieke motiewe* (wat eksklusiewe kerkvorming vir eksklusiewe politieke standpunte reserveer), *materiële motiewe* (deur die voorstanders van die sogenaamde welvaartsteologië) en *kultiese motiewe* (deur die groepering van mense rondom bepaalde kultiese ideologieë). Hierteenoor is die *kultureel-etniese motief*, wat rekening hou met die geografiese, etniese, taalkundige, kulturele en psigologiese verskille tussen volke, aanvaarbaar en as sodanig nie 'n bedreiging vir die eenheid van die kerk nie, maar kan dit gesien word as verskeidenheid binne die een kerk. Sodanige verskeidenheid van kerke het egter steeds die roeping om die eenheid van die kerk van Christus in die een of ander vorm van kerkverband tot uitdrukking te laat kom as teken van die eenheid van die koninkryk van God wat oor die natuurlike grense van taal, kultuur en gewoontes strek en wat teen die sondige gebrokenheid in menslike verhoudinge en teen enige valse eenheid onder mense getuig waarin die enkeling in die proses van gelykmaking in die massa opgaan en waarin alle verskille tussen waarheid en leuen, die mooie en die lelike, die goeie en die slegte volledig wegval. So 'n valse eenheid is 'n bedreiging vir die ware eenheid van die kerk in Christus, wat 'n eenheid in die waarheid is[166].

[165] Heyns, 1977: 129

[166] Heyns, 1977: 128-130, 379

Hierdie eenheid moet sigbare gestalte aanneem. Die begrip kerkverband kom egter nêrens in die Skrif voor nie, maar die beginsel wel. Uit die Skrif is dit duidelik dat gemeentes van die begin af in 'n verband met mekaar geleef het.[167] Die geloofsverbondenheid in Christus behoort tot die *"wese"* (*esse*) van die kerk, en kerkverband behoort tot die *"welwese"* (*bene esse*) van die kerk, aangesien dit bydra tot die behoorlike funksionering van die kerklike gemeenskap[168]. Alhoewel al die bronne in die gereformeerde kerktradisie uitgaan van die plaaslike gemeente as volledige kerk en liggaam van Christus, word ook aangetoon dat die plaaslike gemeente met ander gemeentes in verband móét tree op grond van gemeenskaplike belydenis en kerkregering om 'n kerkverband te vorm. Omdat die gemeente 'n organisasie is, gaan die hoof aan die lede en die *ecclesiae universalis* aan die *ecclesiae partikularis* vooraf. Die kerk in sy geheel kom nie tot stand deur die atomistiese samevoeging van verskillende dele nie. Die *ecclesia catholica* (algemene kerk) wat sy ontstaan in Christus Jesus gehad, en in sy Nuwe Testamentiese gestalte aanvanklik in Jerusalem tot openbaring gekom het, het vandaar na ander plekke uitgebrei. Elke *ecclesiae particularis* (*localis*) is op die plek waar dit bestaan 'n openbaring van die *ecclesiae catholica* en van die volk van God. Elke plaaslike kerk is daarom tegelyk 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, en 'n deel van 'n groter geheel[169].

Daar is verskeie gronde wat aangetoon kan word vir die wenslikheid en noodsaaklikheid vir die vorming van kerkverband[170]. Allereers wys die Skrif daarop (bv Hand 15, wat bestempel kan word as die fondament van die presbiteriale kerkregeringstelsel; Hand 11 en 2 Kor 8, wat beskou kan word as aanduiding dat die Here Self met Sy beskikking so voorsien het dat die gemeentes na mekaar moes omsien; die roeping om mekaar te vermaan, te bemoedig en te steun in Hand 20^{28}; Rom 1^{8-12}; 12^{9-l8}; 14^{1}, $15^{1,\ 14}$; 1 Kor 12; Gal

---

[167] Du Plooy, 1982

[168] Kleynhans, 1985: 1; vgl Rossouw, 1974: 85

[169] Bavinck, 1930: IV, 356,357; Kleynhans, 1985: 5

[170] Kleynhans, 1985: 1-10

6^{1-10}; Ef 4^{1-16}; Kol 3^{12-17}; 1 Thes 5^{12-15})[171], dit hang saam met en vloei voort uit die eienskappe van die kerk.

Die volgende bibliologiese aspekte van die eenheid kan onderskei word: konfessioneel, koinoniaal, diakonologies[172]. Hierdie verband moet egter van so 'n aard wees dat die belange van die afsonderlike gemeentes daarin behoorlik behartig kan word sonder dat die plaaslike gemeente as 'n aparte eenheid opgelos en uitgewis word[173]. Die plaaslike kerk ontleen nie sy ontstaan en voortbestaan aan die kerkverband nie, en nog minder bied toetrede tot kerkverband 'n oorkoepelende rings- of sinodale kerkinstituut waarvan plaaslike kerke slegs as onderafdelings van die geheel bestaansreg het nie[174]. Kerkverband is 'n vrywillige verband met wedersydse instemming ter wille van die welwese van die kerk, waar alleen kerklike sake op kerklike wyse behandel sal word sonder oorheersing van die een gemeente of vergadering oor die ander gemeente of vergadering. Dit is dus konsekwent dat die volle verantwoordelikheid vir die opsig oor, administrasie en beheer van gemeentelike gawes (geestelik en materieel), goedere en fondse by die plaaslike kerkraad (as verteenwoordigende die gemeente) berus, en dat gedurig met ywerige oorleg teen groeiende sentralisasie of sinodalisering van besit gewaak moet word. Kragtens die kerkverband, as uitdrukking van die liggaamsverband in Christus, is elke kerkraad primêr en via meerdere vergaderinge sekondêr bevoeg en verantwoordelik vir die aanwending en besteding van die gawes wat besit word, met die oog op die gemeentelike lewe sowel as vir die instandhouding en bevordering van die welwese van die kerk. Die vitaliteit, doeltreffendheid en triomf van die kerk van Christus is nie eerstens of hoogstens in horisontale eenheidstrukture, dit wil sê in welwesenlike verbandsuitinge geleë nie, maar in sy vertikale wesensverbondenheid in verbondsgehoorsaamheid aan Jesus Christus.

---

[171] Bouwman, 1985: II, 11,189,190; Kleynhans, 1985: 1,3,5

[172] Kleynhans, 1985: 24

[173] Geldenhuys, 1951: 149; vgl Rossouw, 1974: 87,89

[174] Rossouw, 1974: 90

Hiermee moet alle vergaderings van die kerkverband deurgaans rekening hou[175]. Alreeds in 1924 konstateer Moorrees daarom:

> *"Het is kenmerkend voor de inrichting van de Gereformeerde Kerk, dat zij zowel de zelfstandigheid van de afzonderlike gemeenten, als de éénheid van allen tezamen, als delen van een groot geheel, met een gemeenschappelik bestuur, handhaaft"[176].*

In sy artikel[177] skryf prof PJ Strauss: *"Kerkverband ... is normaalweg 'n verband tussen gemeentes of kerke van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting",* aangesien die plaaslike gemeente, wat wel volledig kerk[178] is, slegs die openbaring van die algemene liggaam van Christus op 'n bepaalde plek kan wees. Gemeentes as volledige kerke tree dus met mekaar in verband om die algemeenheid van Christus se liggaam op aarde tot uitdrukking te bring – dít sê Strauss is tegelykertyd 'n gegewe én 'n opdrag[179].

Hierdie sigbaarwording van die eenheid van die kerk hef egter nie die verskeidenheid binne die kerk op nie – binne die eenheid is daar steeds 'n verskeidenheid van geestelike gawes, gemeentes (wat elkeen volledig kerk is maar wat tog nie los van mekaar staan nie, maar juis in verband met mekaar funksioneer as die een kerk van Jesus Christus)[180].

Wanneer Snyman praat oor die vertikale (teologiese) dimensie van kerkeenheid, wys hy uit die genoemde tekste daarop dat dit nie iets is wat mense bewerk nie,

---

[175] Rossouw, 1974: 88,90,91,93

[176] Dreyer, 1924:9

[177] Prof PJ Strauss, *"Vorme of Gestaltes van eenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie"* , Artikel gelewer tydens die Konferensies in die Vrystaat oor Kerkeenheid in die familie van NG Kerke, Augustus 1997.

[178] Prof PJ Strauss sê in sy artikel: *"Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis tref ons die ware kerk aan daar waar die Woord en die sakramente suiwer bedien en die kerklike tug gehandhaaf word. Omdat dit in die gemeente gebeur, beteken dit dat die gemeente volledig kerk is. Herman Bavinck sê dan ook dat selfs al bly daar net een gemeente op aarde oor, kan hy nog volledig kerk wees".*

[179] Prof PJ Strauss sê in sy artikel: *"Kerkeenheid of die eenheid tussen gelowiges - kyk maar bv na Ef 4:1-16 - is tegelykertyd 'n gegewe én 'n opdrag; 'n reeds én 'n nog nie. Daarom dat Ef 4:4-6 van hierdie eenheid praat as 'n gegewe in God-drieënig, terwyl vers 3 die opdrag gee: Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf.... Verder sê vers 15 en 16 dat die gelowiges, deur in liefde by die waarheid te bly, so in alle opsigte groei na Christus toe terwyl hulle ook 'n eenheid vorm".*

[180] Vgl. Du Toit HDA, 1967:280

maar dat dit die werk van dieselfde Heilige Gees is wat in alle gelowiges teenwoordig is en wat ons aan die een liggaam van Jesus Christus verbind[181]. Hiermee word ook die verskeidenheid (van verskillende gelowiges met verskillende gawes, tale, kulturele agtergronde, en noem maar op) binne die eenheid (van die een Gees) verklaar[182]. Oor die horisontale (sosiale) dimensie van kerkeenheid het Snyman dit oor die effek en effektiwiteit van die getuienis van die kerk in die wêreld[183].

In sy artikel skryf PJ Strauss dat egte kerkeenheid *"altyd 'n eenheid in die waarheid, 'n eenheid in Christus gebou op Sy Woord"* is waarin dit in die georganiseerde kerk gaan om 'n *"eenheid rondom die Woord, die belydenis en ... in die regering en inrigting van die kerk"* en dat daar verskillende gestaltes van hierdie kerkeenheid bestaan, want *"eenheid is ... nie eendersheid of eenstemmigheid in alles nie"*. Hierdie eenheid in Woord, Belydenis en kerkregering en -inrigting lê nader tussen gemeentes of kerke in dieselfde kerkverband as tussen gemeentes van verskillende kerkverbande – daarom dat ons in die gereformeerde kerkreg onderskei tussen grade van eenheid of ekumenisiteit, wat beteken dat jy met kerke wat volgens belydenis- en kerkinrigting *"verder"* van jou af staan, 'n losser vorm van sigbare eenheid handhaaf. Die verskillende gestaltes wat hierdie eenheid volgens Strauss kan inneem, is eenheid in belydenis, strukturele eenheid of kerkverband (uitgedruk in federale[184] of sinodale[185] verband). Wat die NG Kerkfamilie betref konkludeer hy dan:

---

[181] Prof SD Snyman skryf in sy artikel: *"Die kerk is een omdat God ons uitverkies het om aan Hom te behoort, dit is omdat die Heilige Gees ons saambind tot 'n eenheid, dit is omdat ons saam elkeen verbind is aan Jesus Christus dat die kerk een is. Die eenheid van die kerk sou 'n mens dus teologies in verband met die leer oor God kan bring: die een God het ons uitverkies om aan Hom te behoort. Die eenheid van die kerk sou 'n mens teologies met die leer oor Christus (Christologie) in verband kon bring: die kerk is liggaam van Christus. Die eenheid van die kerk sou 'n mens ook teologies in verband met die leer oor die Heilige Gees (Pneumatologie) in verband kon bring: die Heilige Gees bewerk die eenheid tussen lidmate van die kerk".*

[182] Prof SD Snyman skryf in sy artikel: *"Daar is dus verskeidenheid binne die eenheid. Die teendeel is nie waar nie: daar is nie eenheid in die verskeidenheid nie"*.

[183] Prof SD Snyman skryf in sy artikel: *"Die kerk bederf sy eie geloofwaardigheid in die wêreld as sy boodskap van liefde en versoening nie gesien kan word op die manier waarop lidmate van die kerk met mekaar lewe nie. Die liefdelose dade van lidmate maak die liefdevolle woorde wat die kerk verkondig kragteloos"*.

[184] Prof PJ Strauss sê in sy artikel: *"In 'n federale verband neem die gesamentlike vergaderings kerkregtelik gesproke adviserende en nie bindende besluite nie. Gemeentes of lidkerke is nie hieraan gebonde nie.*

"Die implikasie hiervan is dat die NG Kerke deur hulle Federale Raad wat uit 1964 dateer, reeds struktureel verenig is. Die huidige gesprekke gaan slegs om nouere vereniging of die verandering van 'n federale na 'n sinodale verband. As ons, soos sommige beweer, nou eers oor kerkvereniging praat, impliseer dit dat 'n sinodale verband die enigste strukturele uitdrukking van kerkeenheid is. Ons praat dus breedweg oor kerkeenheid, of dan, nouere kerkeenheid".

Daar is dus nie in die Nuwe Testament 'n eenheidsmodel wat sê dat die kerk so daar moet uitsien nie. Tog is die eenheid 'n gegewe in die Skrif, waaraan ons gestalte moet gee deur middel van 'n bepaalde struktuur of vorm. Kerke moet in een of ander verband met mekaar staan.

1.2.1.2 Kerkeenheid en Kerkhereniging

In die lig van die bogenoemde is dit duidelik dat kerkeenheid nie 'n opsie is waaroor die kerk nou eers kan besluit *"of"* hy dit wil doen nie, maar dat dit 'n Goddelike opdrag aan die kerk is om in verband met die ander gestaltes van die kerk in hierdie wêreld te tree waarin hy hoogstens kan vra oor die *"hoe"* hy daaraan gestalte gaan gee in die praktyk. In die geval waar verskillende kerke uit die sendingarbeid van een kerk ontstaan het en hulle dus dieselfde Belydenisgrondslag en inrigting van kerkregering deel, en die afsonderlike bestaan van die kerke dus om ander redes as belydenis en kerkregering handel, is die opdrag tot uitdrukking van kerkeenheid en/of hereniging (in die geval van skeiding of skeuring) des te dringender. Dit is in die lig hiervan dat die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2007 besluit het dat kerkhereniging nie iets is waaroor ons enige keuse het nie:

"Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes nie

---

Voorbeelde hiervan is die Gereformeerde Ekumeniese Raad wat na veertig jaar – in 1988 – besef het hy is geen sinode nie; die Federale Raad van NG Kerke wat steeds bestaan; en die beoogde konvent van Gereformeerde kerke in Suid Afrika"

[185] Prof PJ Strauss sê in sy artikel: *"In 'n sinodale verband neem die gesamentlike of meerdere vergaderings kerkregtelik gesproke wel bindende besluite vir die deelnemende gemeentes en mindere vergaderings"*.

meer oor die "of " (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, maar oor die "hoe" daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word) aangesien uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie reeds sedert 1990 by verskillende Algemene Sinodes geneem is, en al die (streek-) sinodes ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem het."[186]

1.2.2 Die standpunt van die NG Kerk oor kerkhereniging

Die invloed van Cottesloe beraad van 7-14 Desember 1960, as eerste amptelike stimulus tot kerkeenheid in Suid-Afrika, sal sekerlik nie onderskat kan word nie[187]. In 1979 het die NG Sinode van Wes-Kaapland byvoorbeeld besluit dat alle rassediskriminasie in stryd met die Skrif is, maar dat die praktiese toepassing van hierdie Skrifbeginsel nie inhou dat daar in die praktyk nie met die verskeidenheid rekening gehou mag word nie[188].

Veral sedert 1994 het die NG Kerk by verskeie Algemene Sinodes pertinente besluite rondom kerkhereniging geneem. Tydens die Algemene Sinode van 1994 besluit die NG Kerk om opdrag aan sy ASK te gee om in oorleg met sy regskommissie die getuieniswerksaamhede van die NG Kerkfamilie te verenig, en dat ander kommissies ook hulle werksaamhede kan verenig – die NG Kerk besluit dus om by die werksaamhede van sy kommissies te begin met die proses van vereniging[189].

Dieselfde Sinode het ook sy *"ernstige begeerte"*[190] uitgespreek om saam te werk aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde, in die aanwys van 'n gesamentlike kommissie om te begin om 'n konsep-kerkorde vir hierdie voorgenome kerkverband op te stel, en het dit aan

---

[186] Handelinge Algemene Sinode 2007: 34

[187] Sien inleiding van hierdie verhandeling

[188] Handelinge NG Kerk Wes-Kaapland, 1979: 352

[189] Handelinge Algemene Sinode 1994: 509

[190] Handelinge Algemene Sinode 1994: 440

die Gesamentlike Kommissie opgedra om onder meer aandag te gee aan die belydenisskrifte, die naam van die voorgestelde nuwe kerkverband, liturgiese formuliere en gebruike, gesangeboeke en die orde van die erediens, bedieningsbehoeftes, praktiese implikasies in die werkswyse van die een kerkverband; oorgangsreëlings, grense, stoflike aangeleenthede, administratiewe, finansiële en verbandhoudende aangeleenthede, en aan die samestelling van die stigting/verenigingsinode asook reglemente en ander sake wat die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie aan hom opdra[191]. Elke lidkerk is versoek om die konsep-kerkorde en meegaande voorstelle op 'n geskikte wyse aan sy vergaderings te toets. Kerkrade is versoek om in hierdie proses ook die gemeentelede te raadpleeg vir hulle kommentaar. Verder is pertinent besluit dat lidmaatskap tussen die verskillende kerke van die NG Kerkfamilie wedersyds aanvaarbaar is:

1 *Lidmaatskap van die huidige gemeentes van die Familie van NG Kerke is oop vir alle gelowiges wat die belydenis van die betrokke gemeente aanvaar. Dit beteken dat lidmate oor en weer by gemeentes van die ander kerke kan inskakel.*

2 *Gemeentes, ringe en sinodes binne die Familie van NG Kerke kan na behoorlike ooreenkoms, inskakel by gemeentes, ringe en sinodes van ander kerke en word dan volledig deel van daardie kerk.*

3 *Kerkrade, ringe, sinodes en algemene sinodes wat dit so verkies, gaan voort om te funksioneer soos dit tans die geval is, met behoud van huidige name, bepalinge en reglemente.*[192]

Uit hierdie besluit van die Algemene Sinode is dit duidelik dat die NG Kerk dit ernstig bedoel met kerkhereniging en het die baan gebreek vir konkrete aksiestappe in hierdie rigting. Daar is byvoorbeeld pertinent besluit dat strukture vir samewerking tussen gemeentes, kerkrade, ringe en sinodes tot stand gebring

[191] Handelinge Algemene Sinode 1994: 441

[192] Handelinge Algemene Sinode 1994: 441

moes word sonder om die kerkregtelike posisie van kerkvergaderings in die gedrang te bring, terwyl leraars oor en weer beroepbaar is. Verder is besluit:

> 6 *As uitdrukking van die een kerkverband, word 'n verenigde sinode vir die NG Kerk, die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa voorgestel waar daar oor sake van gemeenskaplike belang op 'n basis van konsensus besluite geneem kan word*[193].

Daar is besluit dat hierdie sinode, waaraan in terme van 'n *"Bond van NG Kerke"* gedink kan word, saamgestel moet word uit al die bestaande sinodes van die vier kerke volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging en dat die bestaande Algemene Sinodes van die verskillende samestellende kerke dan self moet besluit óf en wanneer hulle wil ontbind, terwyl aan sake soos die belydenisskrifte, juridiese probleme, ensovoorts deurlopend aandag gegee moet word[194].

Die NG Kerk se Algemene Sinode 1998 het in beginsel 'n reglement goedgekeur as grondslag waarop een Algemene Kommissie vir Getuienis/Sending vir die betrokke kerke daargestel kon word wat die bestaande algemene kerklike kommissies se take effektief deur een Algemene Kommissie vir Getuienis/Sending sou oorneem, en het verder goedgekeur dat *"ander kerke wat hiermee saam op weg wil gaan, by die verenigingsproses betrek kan word"*[195]. Die NG Kerk het hom opnuut verbind om in samewerking met die ander lede van die NG Kerkfamilie een kerkverband tot stand te bring. In verband met die belydenis van Belhar het hierdie Algemene Sinode besluit om kennis te neem van die geweldige premie wat die VGKSA op die Belydenis van Belhar as belydenisskrif vir dié kerk plaas, maar dat dit nie *"op die oomblik as vierde belydenisskrif aanbeveel kan word nie"*, alhoewel dit op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie (waarop dr MC Botha, ds A

---

[193] Handelinge Algemene Sinode 1994: 442

[194] Besluiteregister Algemene Sinode 1994; sien ook Handelinge Algemene Sinode 1994: 441-442

[195] Besluiteregister Algemene Sinode 1998

Celliers, dr WA Fourie, dr MP Gertenbach, oudl E Kruger, ds SJL Marais, oudl JH Nieuwoudt, oudl JPH Olivier, dr CJ Otto, oudl JL Snyman, prof PJ Strauss en ds HL van Schalkwyk hulle teenstem laat aanteken het)[196]. Daarop het die Sinode ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar aanvaar (waarop dr WA Fourie en ds HL van Schalkwyk hul teenstem laat aanteken het)[197] en besluit het om saam met die ander gespreksgenote te kyk na maniere waarop Belhar in die Belydenisgrondslag van die nuwe kerkverband opgeneem kan word sonder dat enigiemand se gewete onder dwang geplaas word[198]. Die Sinode het gevra dat die Gesamentlike Kommissie van die NG Kerk, VGKSA en RCA, wat aan 'n konsep-kerkorde vir 'n nuwe kerkverband werk, uitgebrei word om die NGKA en ander belanghebbendes ook in te sluit aangesien die Sinode die gemeentes van beide die VGKSA en die NGKA in hulle sinodale verbande as kerk erken, en het versoek dat al die deelnemers tydens bespreking en onderhandeling die dienskneggestalte van Jesus Christus sal openbaar. Beide die VGKSA en die NGKA is versoek om opnuut en so gou moontlik te probeer om tot onderlinge versoening te kom[199]. Daar is verder besluit dat, indien die belydeniskwessie 'n onoorkomelike probleem vir die vorming van een sinodale verband blyk te wees, indringend aandag gegee moet word aan alternatiewe strukture van kerkverband en plaaslike gemeentes is aangemoedig om gestaltes van kerkeenheid op plaaslike vlak op die been te bring[200]. Die Algemene Sinode het geoordeel dat die vorming van 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie, waaronder sy belydenisgrondslag en kerkorde, ook deur 'n twee-derde-meerderheid van die kerkrade in elke sinodale gebied goedgekeur moet word, want dit is immers die gemeentes as komplete kerke wat tot kerkverband toetree en kerkverband vorm. Die Algemene Sinode het herbevestig dat die eenheidsproses in die NG Kerkfamilie aan die hand van die Kerkorde (onder andere Artikels 1 en 44) en die

[196] Handelinge Algemene Sinode 1998: 423

[197] Notule Algemene Sinode 1998: 422-426

[198] Handelinge Algemene Sinode 1998: 424

[199] Handelinge Algemene Sinode 1998: 425

[200] Handelinge Algemene Sinode 1998: 424

prosedure soos besluit deur die Algemene Sinode van 1994, gevoer moet word.

Ten slotte het die Algemene Sinode die VGKSA broederlik versoek om oor die volgende sake duidelikheid te gee:

1. Die Kerk se amptelike siening van die verhouding tussen die gereformeerde belydenis en die tradisionele Afrikagodsdiens.
2. Die kerk se amptelike standpunt ten opsigte van die Swart- en Bevrydingsteologie.[201]

Die standpunt van die NG Kerk kom baie duidelik na vore in sy *Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk* soos herbevestig op die Algemene Sinodes van 2004[202] en 2007[203]. Hiervolgens is Sending die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader. In Artikel 2.6 word dan uitdruklik gesê alle gelowiges vorm sáám *"'n eenheid in die ware geloof in Christus as lidmate van sy liggaam"* wat waar moontlik inskakel by 'n gemeente van die NG Kerkfamilie of andersins tot selfstandige gemeentevorming oorgaan waarin daar ter wille van meer doeltreffende Woordbediening ruimte gelaat word vir diversivisering wat betref eiesoortige taal- en kultuurverskille en bedieningsbehoeftes. En dan word daar pertinent gesê (my onderstreping ter beklemtoning):

> *2.6.5 Eie gemeentevorming impliseer ook die moontlikheid van eie breër verbande van ring en sinode. Hier sal faktore soos geografiese verwyderdheid, staatkundige bestel en die behoefte aan inkleding van die evangelie in eie kulturele konteks 'n rol speel. <u>Voorop bly egter staan dat die eenheidsband met die bestaande kerk in die NG Kerkfamilie</u> in die streek sover*

[201] Notule Algemene Sinode 1998 – p422-426

[202] Kerkorde 2004: 80 – Regl.18

[203] Kerkorde 2007: 104 – Regl.15

moontlik behoue bly en steeds uitdrukking sal vind op die mees sinvolle en effektiewe wyse.'[204]

Alhoewel daar dus ruimte gelaat word vir diversivisering wat betref taal- en kultuurverskille en bedieningsbehoeftes, bly die eenheidsdrang in die een kerkverband deurslaggewend, soos óók spreek uit Artikels 2.7.1 en 2.7.2 van die genoemde reglement, wat lui (my onderstreping ter beklemtoning):

2.7.1 Die NG Kerk aanvaar dat die eenheid van die kerk 'n onmisbare toetssteen is vir die egtheid en geloofwaardigheid van die kerk se getuienis in die wêreld (Kerk en Samelewing, par 83).

2.7.2 Daarom onderskryf die NG Kerk die ideaal van één kerkverband binne die NG Kerkfamilie (Kerk en Samelewing, par 236).

Solank die hele NG Kerkfamilie egter nog nie in een kerkverband verenig is nie, mag leraars in ooreenstemming met die betrokke kerkordes en bepalinge van die onderskeie kerkverbande óf soos ooreengekom in die ooreenkomste tussen die betrokke sinodes, oor-en-weer beroep en bevestig word.

Tydens die Algemene Sinode van 2004 het die NG Kerk sy hartseer en verleentheid uitgespreek *"omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie*"[205] en verklaar dat hy opnuut oortuig is van die belangrikheid van kerkeenheid, waaraan hy hom met toewyding gaan wy. Daarom word by die ander kerke van die NG Kerkfamilie gepleit *"vir 'n ínklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe"*. Die NG Kerk verklaar voorts in sy besluit sy verbintenis aan die VGKSA (vir wie die belydenis van Belhar belangrik is en wat dit in 'n nuwe verband sal wil inbring), sowel as aan die NGKA én aan die RCA (wat beide nie kans sien om die belydenis van Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie), alhoewel die

[204] Kerkorde 2007: 107 – Regl.15:2.6.5

[205] Handelinge Algemene Sinode 2004: 427; Sien ook Bylae F tot hierdie hoofstuk.

NG Kerk erken dat daar in sy eie geledere óók hierdie uiteenlopende standpunte rondom die erkenning van die belydenis van Belhar is. Ten slotte verklaar die NG Kerk by hierdie sinode:

> *"Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika nóú. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam 'n wesenlike taak te vervul het in ons lande."*[206]

Dat die NG Kerk dit ernstig bedoel, blyk duidelik uit sy inisiatiewe om die vier lidkerke van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika (die NG Kerk, NGKA, VGKSA en RCA) gedurende 2006 en 2007 byeen te bring onderskeidelik te Esselenpark (waar die ASM van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA saam vergader het)[207], Bloemfontein (tussen die moderature van die vier kerke), en te Achterbergh-kampterrein gedurende 2006 (Achterbergh I tussen die uitgebreide leierskap van al die Sinodes van die vier kerke)[208] en 2007 (Achterbergh II – weereens tussen die uitgebreide leierskap van al die Sinodes van die vier kerke)[209], asook die besluite van die Algemene Sinode 2007[210] waartydens die NG Kerk sy steun uitspreek vir die skep van *"'n moontlike liggaam vir die kerke van die breër NG Kerkfamilie met die uitdruklike verstandhouding dat dit 'n liggaam is wat (a) nie in die plek van die herenigingsproses in Suid-Afrika mag staan nie, en (b) instrument moet wees vir 'n groter herenigingsproses van die familie van NG kerke en ander Suider-Afrikaanse gereformeerde kerke"*[211]. Diep bewus daarvan dat daar verskillende menings ten opsigte van kerkhereniging is

---

[206] Handelinge Algemene Sinode 2004: 427

[207] Sien die verklaring as Bylae G tot hierdie hoofstuk

[208] Sien die verklaring as Bylae H tot hierdie hoofstuk

[209] Sien die verklaring as Bylae I tot hierdie hoofstuk

[210] Sien Bylae J tot hierdie hoofstuk

[211] Handelinge Algemene Sinode 2007: 105

en om die saak nie te laat sloer nie, het die Algemene Sinode besluit om toestemming aan die Moderamen te gee om, *"indien dit sin maak en die proses kan help, saam met die ander drie kerke 'n vergadering van die Algemene Sinodes van die vier kerke te reël"*[212]. Verder het die sinode besluit om die Achterbergh II-dokumente saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004 aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar, waarna die Moderamen, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, verder met die ander drie kerke moet onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade/gemeentes van al vier die kerke. Die Algemene Sinode het dit verder aan die Moderamen opgedra om hierdie konkrete voorstelle, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voor te lê met die oog op hulle goedkeuring. Dit moet deur elke kerk gedoen word in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie kerk se Kerkorde/besluite daarvoor voorgeskryf word. Dit wat betref die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Aangesien die NGKA se sinodale grense grootliks ooreenstem met dié van die NG Kerk in die OVS (NGKA-OVS) en Noord-Kaap (NGKA-Phororo), is dit nodig om óók spesiale aandag aan besluite van die genoemde NG sinodes in hierdie verband te gee.

Tydens die Vrystaatse Sinode van 1995 het die Vrystaatse Kerk herbevestig dat die eenheid van die kerk 'n gawe sowel as 'n opdrag van die Here is en dat 'n eenheid in belydenis of gemeenskaplike belydenisskrifte 'n voorwaarde is vir enige vorm van kerkverband tussen gemeentes. Die Sinode het sy verbintenis tot die herstel van die een kerkverband met die ander drie binnelandse lede van die NG Kerkfamilie, nl die VGKSA, die NGKA, die RCA bevestig en gepleit vir 'n doelbewuste proses waarin daar ruimte geskep word vir die verskeidenheid tov taal, kultuur, bedieningsbehoeftes, ensovoorts, sodat die Kerke op die verskillende vlakke van gemeentes, ringe en sinodes na groter eenwording groei sonder dat die eenheid in gedrang gebring word. Daarom moet die klem nie net

[212] Handelinge Algemene Sinode 2007: 152

op die strukture of modelle vir eenheid te val nie, maar veral ook op ‘n gedeelde roeping, versoening, groter samewerking, en die doelbewuste skep van verhoudinge, wedersydse liefde en respek. Die Sinode het verder sy oortuiging uitgespreek dat groter eenheid nie net ’n opdrag aan die NG Kerkfamilie in Suidelike Afrika is nie, maar aan alle gereformeerdes op die subkontinent en wyer, wat dieselfde belydenisse met mekaar deel en dat pogings tot groter eenheid in die NG Kerkfamilie nie losgemaak kan word van pogings om groter eenheid tussen die Afrikaanse gereformeerde kerke, hulle jonger kerke en ander gereformeerde kerke te bevorder nie. Die Sinode het uitdruklik besluit *“dat die Belydenis van Belhar nie aanvaarbaar is as deel van ’n belydenisgrondslag wat deur alle deelnemende kerke aan so ’n proses onderskryf moet word nie en dat enige poging om dit af te dwing teen die uitdruklike standpunt soos in Belhar self verwoord, ingaan”*[213].

Gedurende Augustus 1997 het die Moderamen van die Vrystaatse Sinode besluit om ’n aantal konferensies in die verskillende streke van die Vrystaat te hou om belangstellende lidmate op die hoogte van sake te stel van die proses van kerkhereniging en om ook aan lidmate die geleentheid te gee om hulle insette te lewer, sodat die lede van die Moderamen kan weet wat in die harte van die lidmate leef. By die konferensies is daar indringend gepraat oor die Bybelse verwagting ten opsigte van kerkeenheid, hoe ‘n model vir kerkeenheid moontlik kan lyk, wat die regsimplikasies van kerkvereniging kan wees, en die Belydenis van Belhar. Na afloop van die konferensies het die Moderamen van die Vrystaatse Sinode besin oor die vrae wat gestel en menings wat gegee is en die standpunte van die konferensiegangers saamgevat[214] as die standpunt van die Vrystaatse kerk: Kerkeenheid, in onderskeiding van kerkvereniging (as proses waarin die NG Kerkfamilie aan sy eenheid in Christus sigbaar gestalte probeer gee), is ’n gegewe maar ook ’n opdrag van die Here waarbinne die verskeidenheid van gelowiges figureer wat op verskillende vorme of strukture tot uitdrukking kan kom en wat spontaan vanuit die plaaslike gemeentes moet groei.

---

[213] Sien Bylae A tot hierdie hoofstuk

[214] Sien Bylae B tot hierdie hoofstuk.

Hierdie eenheid moenie alleen in die NG Kerkfamilie gesoek word nie, maar ook met ander Afrikaanse kerke van dieselfde belydenisgrondslag. In hierdie opsig is die belydenis van Belhar om verskeie redes nie vir die Vrystaatse kerk aanvaarbaar as belydenisskrif nie.

In 1998 hou die Vrystaatse Sinode 'n buitengewone sinodesitting en besluit om die standpunte van sy Sinode van 1995 te bevestig en dat deelname van sy afgevaardigdes aan 'n debat of stemming oor eenheid in die NG Kerkfamilie by die Algemene Sinode van 1998, nie sy eie besluite van 1995 en 1998 oor hierdie saak ophef nie. Die Sinode het ook by die Algemene Sinode daarop aangedring om, ter wille van die eenheid en onderlinge vertroue in die NG Kerk, by sy eie prosedure vir die proses van kerkeenheid soos neergelê in sy besluite van 1994 en *Kerkorde* Artikel 1 en 44, te bly (Algemene Sinode 1994 : 441, pt 2.1.3): 'n prosedure wat ook impliseer dat, indien die algemene sinodale verband ontbind, dit deur die samestellende kerke van 1962 of hulle opvolgers (Kerkorde Artikel 36 en 37) moet geskied. Die Sinode het ook geoordeel dat die afwesigheid van die NGKA en enkele gemeentes van die NGSK by eenheidsgesprekke die betrokkenheid van die NG Kerk in die OVS by eenheidsgesprekke eventueel in gedrang kan bring. In verband met die Belharbelydenis besluit die Vrystaatse Sinode opnuut pertinent dat kerkhereniging slegs kan plaasvind op die basis van aanvaarding van dieselfde belydenisgrondslag:

> *"Hoewel die Sinode die Belydenis van Belhar as belydenis uit die hart van die VGKSA respekteer, kan ons dit nie as Belydenis wat uit die hart van die NG Kerk OVS opkom aanvaar nie. Kerkvereniging kan net op dieselfde belydenisgrondslag plaasvind, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid".*

Daarom het die Sinode besluit om die Algemene Sinode te versoek om ook ander vorme van eenheid in die NG Kerkfamilie (soos 'n bond van kerke wat alle lede van die NG Kerkfamilie, binne- sowel as buitelands, insluit) as net een sinodale verband te oorweeg. Verder het die Sinode sy oortuiging teenoor die Algemene Sinode uitgespreek dat "*die vorming van 'n nuwe kerkverband in die*

NG Kerkfamilie met al sy besonderhede (belydenisskrifte, kerkorde, toetrede van gemeentes, ringe en sinodes, stoflike aangeleenthede en al die ander sake vervat in die besluite van die Algemene Sinode van 1994) ook deur die kerkrade goedgekeur moet word, want dit is immers die gemeentes as komplete kerke wat kerkverband vorm en wat daarom ook moet besluit oor hulle opname in 'n nuwe kerkverband.[215] Die Sinode het die Algemene Sinode versoek om hierdie beginsel te aanvaar en het onderneem om dit in elke geval in sy eie sinodale gebied toe te pas.

Tydens sy Sinode van 1999 het die NG Kerk in die OVS riglyne vir 'n skriftelike ooreenkoms tussen gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerkfamilie goedgekeur[216] op die grondslag van *Kerkorde* Artikel 1 van die NG Kerk en die NGKA en met as doel om deur samewerking in sinvolle deelname en gesamentlike besluitneming op die basis van konsensus in sake van gemeenskaplike belang, die Koninkryk van die Here Jesus uit te bou en so ook die eenheid van die Kerk sigbaar te maak. Intussen moet die selfstandigheid van elke deelnemende kerkraad, ring of sinode ten opsigte van sy eie terrein gehandhaaf word, want elke kerkvergadering het 'n eie bevoegdheid volgens sy eie aard. Daarom moet die gekombineerde vergaderinge sodanig per geloofsbrief saamgestel word dat daar nie 'n oorheersing sal wees van gemeentes, ringe of sinodes as gevolg van getalle nie. Daar is bepaal dat sake wat deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie deur 'n meerdere vergadering behandel mag word nie. Die terreine waarop die gekombineerde vergadering kan beweeg, moet in 'n ooreenkoms beskryf word en kan insluit die uitbreiding van die Koninkryk van Jesus Christus in gesamentlike sending- en evangelisasie-aksies, die uitbouing van die verband tussen verskillende kerke op gemeentelike, rings- en sinodale vlak, die bevordering van Christelike onderwys en onderwys in die algemeen, die bestryding van sosiaal-maatskaplike euwels, skakeling met die Owerheid op plaaslike en provinsiale vlak, onder andere ten

[215] Sien Bylae C tot hierdie hoofstuk

[216] Sien Bylae D tot hierdie hoofstuk

opsigte van onderwys en onderlinge hulpverlening soos ooreengekom deur die deelnemende kerkvergaderings.

Dieselfde Vrystaatse Sinode van 1999 het ook weereens verklaar dat die NG Kerk, die VGKSA en die NGKA die vanuit die gereformeerde tradisie en histories beskou, in Christus een liggaam is (1 Kor 12) en dat hierdie eenheid veral ook sigbaar moet word in die gesamentlike getuienis teenoor die wêreld en die sendingwerksaamhede van die drie kerke, terwyl dié kerke so ver moontlik onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar moet aanvaar (2 Kor 8) en mekaar nie mag loslaat nie, selfs ook nie in tye waarin daar groot onderlinge spanning is nie. Hulle mag bv nie weier om met mekaar te praat nie, en in hierdie verband bied die NG Kerk in die OVS aan om 'n versoenende rol te speel sodat alle kerke na die eis van die Skrif onberispelik sal optree terwyl die effektiewe bediening van die Woord in alle onderhandelinge die deurslag sal gee. Die NG Kerk in die OVS het dit duidelik gestel dat hy beide die VGKSA en die NGKA erken as kerk van Jesus Christus, solank as wat die wesenskenmerke van die kerk by dié kerke aanwesig is (NGB Artikel 29)[217].

Gedurende die Vrystaatse Sinode van 2003 is goedgekeur dat die versoek van die NGKA oor die hou van 'n gesamentlike sinode, deur die Moderamen uitgebrei is tot die hou van 'n konvent oor twee dae teen die einde van Februarie 2004 bestaande uit die NGKA, VGKSA en NG Kerk in die Vrystaat en saamgestel deur 50 afgevaardigdes bestaande uit leraars en kerkraadslede vanuit elk van die drie kerke[218]. Terselfdertyd het die Sinode geoordeel dat die werksaamhede van die familie van NG Kerke (getuienis, evangelisasie, ensovoorts) ernstig benadeel word deur die voortgaande skeuring tussen die VGKSA en die NGKA en is die ASK / Algemene Sinode versoek om opnuut te poog om 'n konvent vir die familie van NG Kerke te reël met tema: *Hoe kan die NG Kerkfamilie die eer van God tans die beste dien?*[219]. Van hierdie besluite het nie veel gekom nie, aangesien beide die konvente nie gerealiseer het nie, alhoewel daar wel informele

[217] Notule NG Kerk in die OVS - Sinode 1999

[218] Handelinge NG Kerk in die OVS 2003: 442

[219] Notule NG Kerk in die OVS - Sinode 2003

samesprekings op 23 en 24 Februarie 2004 op Menuha by Bloemfontein plaasgevind het tussen verteenwoordigers van die NG Kerk-OVS, die NGKA-OVS en die VGKSA-OVS[220].

In aansluiting by die verklaring van die Algemene Sinode van 2002[221] het dieselfde Vrystaatse Sinode van 2003 'n verklaring uitgereik waarin hy hom opnuut verbind het tot groter eenheid met die ander kerke ter wille van ons geloofwaardige en effektiewe getuienis in die wêreld as die een liggaam van Christus en waarin die tragiese skeuring en spanning tussen die ander kerke in die NG Kerkfamilie betreur word en waarin die NG Kerk in die OVS hom opnuut daartoe verbind om te bly meewerk aan versoening en die herstel van onderlinge vertroue[222].

Tydens die NG Kerk in die OVS se Sinode van 2005 is herbevestig dat die eenheid van die kerk 'n gawe sowel as 'n opdrag van die Here is en dat 'n eenheid in belydenis of gemeenskaplike belydenisskrifte 'n voorwaarde is vir enige vorm van kerkverband tussen gemeentes, en die Sinode het sy verbintenis herbevestig tot die herstel van die een kerkverband met die ander drie binnelandse lede van die NG Kerkfamilie, nl die VGKSA, die NGKA, die RCA. Hierdie opdrag, het die Sinode sy oortuiging verder uitgespreek, is egter nie net 'n opdrag aan die NG Kerkfamilie in Suidelike Afrika nie, maar aan alle gereformeerdes op die subkontinent en wyer, wat dieselfde belydenisse met mekaar deel. Daarom oordeel die Sinode dat die huidige pogings tot groter eenheid in die NG Kerkfamilie nie losgemaak kan word van pogings om groter eenheid tussen die Afrikaanse gereformeerde kerke, hulle jonger kerke en ander gereformeerde kerke te bevorder nie. Die Sinode het dit egter opnuut duidelik gemaak dat die Belydenis van Belhar nie aanvaarbaar is as deel van 'n Belydenisgrondslag wat deur alle deelnemende kerke aan so 'n proses onderskryf moet word nie en dat enige poging om dit af te dwing teen die uitdruklike standpunt soos in Belhar self verwoord, ingaan. Die Sinode het

[220] Sien Bylae O tot hierdie hoofstuk

[221] Sien Bylae A tot die Inleiding van hierdie Tesis

[222] Sien Bylae K tot hierdie hoofstuk

opnuut gepleit vir ’n doelbewuste proses waarin die Kerke op die verskillende vlakke van gemeentes, ringe en sinodes na groter eenwording moet groei in ’n proses waarin daar ruimte geskep moet word vir die verskeidenheid tov taal, kultuur, bedieningsbehoeftes, ensovoorts, sonder dat die eenheid in gedrang gebring word. Ter wille van die eenheid behoort die klem nie net op die strukture of modelle vir eenheid te val nie, is gestel, maar veral ook op ’n gedeelde roeping, versoening, groter samewerking, en die doelbewuste skep van verhoudinge, wedersydse liefde en respek. In hierdie verband het die Sinode opdrag aan al sy kommissies gegee om hierdie eenheid in hulle werk te bevorder[223].

Die NG Sinode Noord-Kaapland se besluite in verband met kerkhereniging is meestal proses-besluite om uit te kom by een kerkverband. Gemeentes word amptelik verteenwoordig deur hul afgevaardigdes by die sinode. Besluite van die sinode is daarom ook besluite van elke kerkraad, tensy ‘n kerkraad hom van die betrokke besluit distansieer en geen kennis word gedra van enige kerkraad wat hom van enige sinodale besluite in verband met kerkeenheid gedistansieer het nie. Daar is egter by die Sinode onsekerheid in watter mate aanbevelings wat na kerkrade verwys word vir kommentaar en uitvoering, deur kerkrade bespreek word en terugvoer aan die Sinode gegee word. Dit word gestel dat dit opmerklik is dat daar in feitlik geen van die sinodale besluite in verband met kerkeenheid enige verslae of aanbevelings van kerkrade voorkom nie[224].

Die Noord-Kaapland se Sinode het gedurende sy vergadering van 1995 hom vereenselwig met die besluite van die Algemene Sinode van 1994 en dit as sy oorwoë mening uitgespreek dat in die proses van eenwording die grootste geduld aan die dag gelê moet word om uiteindelik sover moontlik alle belanghebbendes te akkommodeer. Volhardende gespreksvoering en die hoogste mate van konsensus moet steeds nagestreef word terwyl die Sinode die Drie Formuliere van Enigheid sal aanvaar as belydenisskrifte, terwyl gesprek nog

[223] Notule NG Kerk in die OVS – Sinode 2005

[224] Sien Bylae L tot hierdie hoofstuk

verder gevoer kan word oor ander belydenisskrifte. Die Sinode het beklemtoon dat die plaaslike proses van die uiterste belang is en spontaan en uit innerlike oortuiging op gemeentelike vlak moet groei. Daarom het die Sinode gemeentes versoek om met dringende erns uit te reik na gemeentes in die NG Kerkfamilie om sodoende die proses deur 'n belewenis van wedersydse respek en aanvaarding te bevorder terwyl die Sinode erken dat kerkeenheid op verskillende plekke verskillende gestaltes mag aanneem.[225]

Gedurende die 1997 sitting van die NG Sinode Noord-Kaapland het 'n kommissie bestaande uit vier lede benoem om die Sinode te verteenwoordig in samesprekings met die VGKSA en die NGKA[226].

Tydens die 1999 Sinodesitting van die NG Kerk Noord-Kaapland het die Sinode sy ooreenkoms met die VGK-Phororo gewysig om te lui: *"Die basis van samewerking is dat ons gegrond staan op die Bybel as die Heilige en onfeilbare Woord van God en ons gesamentlike belydenis soos uitgedruk in die Formuliere van Enigheid."*[227]

Tydens die 2003 Sinodesitting van die NG Kerk Noord-Kaapland het die Sinode aan sy Kommissie vir Diensgetuienis opdrag gegee om alle moontlike pogings aan te wend om 'n konvent in sentraal Suid-Afrika tot stand te bring, met die oog op een kerkverband en 'n meer omvattende diensgetuienis teenoor die nood in die samelewing[228].

Tydens die 2005 Sinodesitting van die NG Kerk Noord-Kaapland het die Sinode kerkrade versoek om indringend aandag te gee aan die saak van kerkhereniging, met bespreking aan die hand van die beskikbare dokument en om indringend te werk aan die plaaslike verhoudinge met gemeentes vanuit die VGKSA, NGKA en RCA met kommentaar aan die ringe in 2006 en die Sinode van 2007. Ringe is versoek om tydens ringsittings op die een of ander manier kontak te maak met

[225] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 1995: 281

[226] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 1997: 268

[227] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 1999: 245

[228] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 2003: 239

die leraars, kerkrade van die VGKSA, NGKA en RCA binne hul ringsgebied, bv. deur broederlike onderhoude en die SKBO is versoek om leraars van die VGKSA, NGKA en RCA te betrek by hul predikantebyeenkomste en toerustingsgeleenthede wat gereël word deur die kommissie[229]. Die SKDG is versoek om met die NGKA (Phororo) en die VGK in gesprek te bly in verband met Kerkhereniging en indien 'n party nie bereid is om met die gesprek voort te gaan nie of onttrek, moet die oorblywende partye die gesprek voortsit[230]. Die Sinode het homself verder bereid verklaar om deel te wees van gesprekke wat kan lei tot die uitskakeling van haakplekke in die kerkhereniging, maar dat hierdie gesprek vanaf gemeentevlak moet groei, nie tydsgebonde is nie en die totale gereformeerde familie van kerke moet insluit[231].

In 2007 besluit die Noord-Kaapland se Sinode om weer die 2005-besluite aan kerkrade deur te gee en om kerkrade aan te moedig om steeds voort te gaan om indringende aandag te gee aan die saak van kerkeenheid deur te werk aan plaaslike verhoudings met die VGKSA, NGKA en RCA en deur kontak te maak met leraars en kerkrade van die VGKSA, NGKA en RCA in hul gebied. Die Sinode het verder besluit om die aansoek (1995) van die NGKA gemeentes om by die NG Kerk Noord-Kaapland aan te sluit, in heroorweging te neem, en het opdrag aan sy SKDG en SKOK gegee om met die NGKA in gesprek te tree of genoemde aansoek nog staande is, al die implikasies te ondersoek en met die eerskomende gewone vergadering van die Sinode leiding in hierdie verband te gee. Veral van pertinente belang is die volgende belydenis wat die Sinode gedoen het:

> *"Die Ned Gereformeerde Kerke van Noord-Kaapland wat hier vergader is bely voor God en die mense dat hulle gesondig het deur tydens 'n sinode gedurende 1995 die volgende besluit te neem:*

[229] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 2005: 132

[230] Notule NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 2005: 152

[231] Besluiteregister NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 2005: 164

"Die Sinode besluit dat die aanbeveling van die ASK (Algemene Sinodale Kommissie) eerbiedig word in verband met die inskakeling van gemeentes by die NG Kerk."

Dié besluit het tot gevolg gehad dat die versoek van gemeentes van die NGKA Phororo om deel van die NG Kerk in Noord-Kaapland te word, afgewys is.

Ons bely voor ons broers en susters van die NGKA ons ongevoeligheid oor u pyn en hartseer as gevolg van dié besluit en vra u om Christus se ontwil om ons te vergewe."[232]

Die Noord-Kaapland Sinode 2007 het verder besluit om die kerke van die NG Kerkfamilie te versoek om op grond van die Skrif aan die eenheid van die NG Kerkfamilie sigbaar gestalte te gee in federale verband solank daar nog kerkregtelike- en belydenisverskille is en het opdrag aan sy SKDG en sy Taakgroep vir Kerkhereniging opdrag gegee om in gesprek te tree met ander sinodes/kerke oor hoe om prakties hieraan gestalte te gee en terug te rapporteer aan die sinode van 2008. Intussen het die Sinode besluit om "*op grond van die Skrif en Belydenis die streeksinodes / gemeentes van die VGKSA Phororo, die RCA en die NGKA Phororo saam"* op te roep *"om duidelik gestalte te gee aan die eenheid waarvan daar lankal gepraat word. Daar moet saam gepraat word oor die gesamentlike roeping en hoe daar steeds duideliker gestalte aan die eenheid gegee kan word"* by sy volgende gewone sinodesitting. Die Sinode het besluit om geen besluit rakende die Belharbelydenis te neem nie.

Vir die interessantheid meld ek net die besluite van die jongste sinodes uit die res van die Kaap. Die NG Sinode Wes- en Suid-Kaapland het op 18 Oktober 2007 sy vorige besluite herbevestig waarin hy hom verbind het aan die kerkherenigingsproses met die VGK en al die ander kerke van die NG Kerkfamilie asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind[233], en sy hoop uitgespreek *"dat daar in die*

[232] Notule: Besluiteregister NG Kerk Noord Kaapland – Sinode 2007: 124-125

[233] Handelinge NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaapland) 2003: H24

herenigingsproses ruimte gemaak sal word vir die insluiting van die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag van 'n herenigde kerk, terwyl daar tegelykertyd ruimte geskep word vir lidmate wat Belhar nie as belydenis kan aanvaar nie (ooreenkomstig die voorstelle van die Algemene Sinode 2004)[234]. 'n Versoek is gerig tot die onderskeie sinodes, ringe en gemeentes van die vier lidkerke van die NG Kerkfamilie in Wes-, Suid- en Oos-Kaapland om *"so gou as moontlik (te) begin om in ons streke ons pad saam te loop"*. Daar word ook melding gemaak van 'n aantal sinodale kommissies wat reeds as verenigde kommissies funksioneer (bv Getuienis, Barmhartigheid, Gemeentebediening, Kuratorium en GOKS) en dit is gestel dat eenheid en die herenigingsproses die beste gedien sal word as dit tegelyk "van onder af" [verhoudinge] sowel as "van bo af" [eenheidstrukture] groei. Tog is daar ook 'n duidelike realisme by die Sinode vir die moeilike proses van kerkhereniging, veral wat betref die belydenisgrondslag. Daarom het die Sinode opdrag aan 'n ad hoc-kommissie gegee om 'n studie te maak van kerkverenigingsprosesse elders en spesifiek te kyk na die manier waarop belydenisskrifte en belydenisbinding in die prosesse hanteer is *"met die hoop dat ons 'n weg mag vind wat in ons eie situasie kan werk"*[235].

Op dieselfde dag het die Sinode die besluit van 1857 (na 150 jaar) gedeeltelik soos volg herroep[236]:

> *"3. Die Sinode herbevestig die eerste deel van bogenoemde besluit: "De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan...," omdat dit die Skrifwaarheid oor die eenheid van die kerk onomwonde stel.*

---

[234] Handelinge NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaapland) 2007: H19

[235] Handelinge NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaapland) 2007: H20

[236] Handelinge NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaapland) 2007: H21-23,65,66 (Sien Bylae N tot hierdie hoofstuk

4. *Die Sinode onderskryf nie die tweede deel van die bogenoemde besluit nie: "maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal", omdat dit teenstrydig met die Skrifwaarheid oor die eenheid van die kerk is en tot groot verskeurdheid in die NG Kerkfamilie gelei het.*

5. *In die lig van die verloop van die geskiedenis, betreur die Sinode hierdie tweede deel van die besluit wat tot groot geestelike pyn van lidmate van die NG Kerkfamilie gelei het.*

6. *Daarom besluit hierdie Sinode, wat as die NG Kerk in SA nog die naam dra van die Sinode wat destyds die besluit geneem het, om die besluit van 6 November 1857 as simboliese gebaar te herroep".*

Die NG Kerk se Oos-Kaapland Sinode het op Maandag, 12 November 2007 *"in tandem met die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland – die besluit van die Kaapse Kerk in 1857 wat as 'n direkte aanleidende oorsaak van die verdelende kerkformasie in die NG Kerk gesien word, simbolies herroep"*[237] met die volgende besluit:

"3. In die lig van die verloop van die geskiedenis betreur die Sinode die tweede deel van die besluit waarvolgens die eise van die praktyk as norm bo die eise van die Skrif geneem is en dit oor 'n tydperk van 150 jaar tot groot pyn by lidmate van die NG Kerk familie gelei het.

4. *Die Sinode roep in herinnering dat die gemeente uit wie se geledere hierdie genoemde besluit van 1857 geneem is, uit Oos-Kaapse bodem (Stockenström-gemeente en die Ring van Albanie) kom en daarom die behoefte het om hierdie besluit ook juis vanuit*

[237] NG Kerk Oos Kaap eNuus 13/11/2007

die Sinode van die Oos-Kaap te herroep as 'n gebaar om haar erns met God se roeping tot versoening en hereniging te bewys.

Die Sinode moedig, saam met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap, gemeentes en ringe aan om die versoening en hoop sigbaar te maak deur sover as moontlik met die ringe en gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig".

1.2.3 Die standpunt van die NG Kerk in Afrika oor kerkhereniging

Op sy eerste Algemene Sinode van die NG Sendingkerke in 1963 te Seisovile, Kroonstad het die NG Sendingkerke in die OVS, Transvaal, Suid-Afrika en Natal besluit om te verenig in die *"Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika"*[238]. In Artikel 32 van sy *Kerkorde* wat by hierdie geleentheid goedgekeur is, word bepaal dat *"ander Bantoekerke wat deur die sendingarbeid van die NG Kerk of die NG Bantoekerk binne of buite die grense van die Republiek tot stand gekom het, mag na goedkeuring deur die algemene sinodes en op voorwaarde dat hulle hierdie kerkorde aanvaar, ook ingeskakel word as streeksinodes van die algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Bantoe"*[239]. Daar was dus reeds in sy *Kerkorde* van die begin af ruimte vir vereniging met ander kerke van dieselfde oorsprong en belydenis.

Tydens die tweede Algemene Sinode van die NGKA in 1967 te Meadowlands, Johannesburg, gekonstitueer deur die ses streeksinodes OVS, Suid-Transvaal, Noord-Transvaal, Kaapland, Natal en Phororo, is dit duidelik dat die NGKA besig was om goeie ekumeniese verhoudinge met ander kerke op te bou (byvoorbeeld die *"African Reformed Church Zambië and Rhodesië"*, die *"Ned. Hervormde Kerk Holland"*, die *"Kerk van Skotland"*)[240] en dat hulle verteenwoordigers na verskeie ekumeniese liggame gestuur het, byvoorbeeld na die Kongres van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Frankfurt, Duitsland gedurende

[238] Agenda en Handelinge NGKA 1963: 86

[239] Agenda en Handelinge NGKA 1963: 31

[240] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 28-30

Augustus 1964[241], asook die *"Christian Council of South Africa"* (wat lid was van die Wêreldraad van Kerke en waarby onder andere die Christelike Instituut ook as lid toegelaat is)[242]. Daar word selfs verwys na onderhandelinge met die oog op moontlike kerkvereniging tussen die NGKA en die Gereformeerde en Hervormde kerke, wat verwys is na die Federale Raad van NG Kerke[243]. Daar was selfs pogings en intense onderhandelinge met die NG kerk by die Federale Raad van NG Kerke tot nouer skakeling met die A.A.C.C. (*"All Africa Council of Churches"*), wat tot 'n mate van spanning gelei het tussen die NG Kerk en die NGKA. Die Federale Raad was van oordeel dat daar eers nouer skakeling tussen NG *"Moeder- en Dogterkerke"* moet plaasvind *"voordat 'n ruimer ekumeniese verband met geesverwante kerke gesoek word"*, terwyl die NGKA van oordeel was dat die NG Kerk 'n positiewe, leidinggewende rol kan speel en getuienis kan lewer aan ander Christelike kerke in Afrikalande waar daar heelwat stryd en rewolusie aan die orde van die dag was. Op advies van die Federale Raad het al die lidkerke van die NG Kerkfamilie toe slegs waarnemers na die A.A.C.C. gestuur[244]. Tydens hierdie Sinode het die NGKA ook sy *Kerkorde* Art. 59 gewysig om:

> *(a) Ekumeniese bande te handhaaf met alle kerke van Gereformeerde belydenis, buite NG Kerkverband.*
>
> *(b) Sover dit moontlik en prakties is, kontak te soek met ander kerke van algemeen Protestants- Christelike belydenis in ooreenstemming met die roeping van die Kerk om in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif daarna te strewe om die eenheid van die gelowiges prakties te bevorder en te bestendig."*[245]

---

[241] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 28

[242] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 219

[243] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 31

[244] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 21, 31, 35, 47-48, 195, 209, 216

[245] Agenda en Handelinge NGKA 1967: 298

Op die derde Algemene Sinode van die NGKA in 1971 te Tshilidzini, gekonstitueer deur die ses streeksinodes Kaapland, OVS, Suid-Transvaal, Noord-Transvaal, Kaapland, Natal en Phororo, is daar in die verslag van sy ASK aan die Sinode 'n opmerklike toename in skakeling met ander kerke en die bywoon van en selfs leiding neem (byvoorbeeld dr JJF Durand se studiestuk voor die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, en dr DJ Bosch se deelname as lid van die voortsettingskomitee van die SARK se konferensie oor *"The Healing Ministry of the Church"*) in ekumeniese rade, vergaderinge en konferensies deur verteenwoordigers en waarnemers van die NGKA[246].

In 1975 het die NGKA se vierde Algemene Sinode in Worcester besluit om by die SARK aan te sluit, want:

> *"Aansluiting by die SARK sal identifisering met die ekumene in SA beteken.*
>
> *Aansluiting beteken deelname aan al die voordele van die verskillende werksaamhede van die Raad.*
>
> *Die geleentheid om 'n Bybelse getuienis in die werksaamhede van die SARK in te dra behoort nie onbenut gelaat te word nie"*[247]

Dieselfde sinode het verder besluit om die bande met die NG Kerkfamilie te verstewig deur die nodige kontak met mekaar te behou, mekaar se probleme te probeer verstaan, met mekaar saam te werk en vir mekaar te bid[248]. En dan besluit die Sinode pertinent:

> *"Die Algemene Sinode wens om met die Indian Reformed Church (RCA) die Ned. Geref. Sendingkerk en die NG Kerk tot een kerk te verenig en dra dit aan die ASK op om met die oog hierop met hulle in verbinding te tree"*[249].

---

[246] Agenda en Handelinge NGKA 1971: 29-43, 253-268, 290-294

[247] Agenda en Handelinge NGKA 1975: 253

[248] Agenda en Handelinge NGKA 1975: 293

[249] Agenda en Handelinge NGKA 1975: 253; vgl. Boshoff, 1976: 19

Tydens die vyfde Algemene Sinode van die NGKA in 1979 te Umgababa, Natal, hierdie keer gekonstitueer deur die sewe streeksinodes Kaapland, OVS, Suid-Transvaal, Noord-Transvaal, Kaapland, Natal, Transkei en Phororo, word aan die Sinode verslag gedoen van spanning tussen die NG Kerk en die *"Jong kerke wat die Sinode van die Gereformeerde kerken in Holland bygewoon het oor die verklaring wat hulle uitgereik het rakende die verhoudinge van die Ned. Geref. In S.A. en Gereformeerde kerken in Holland"*[250]. In hierdie verklaring het die NGKA en ander *"jong"* kerke hulle gedistansieer van die ultimatum wat die NG Kerk aan die GKN gestel het in verband met die verlening van humanitêre hulp aan die PCR (*"Programme to Combat Racism"*). Verder het die Sinode besluit om hom ten doel te stel om bande tussen die NG Kerkfamilie te verstewig deur die reëling van gesamentlike konferensies op sinodale-, rings- en gemeentelike vlak en het dit aan sy Moderatuur opgedra om in oorleg met die ander kerke se Moderature die aksie te beplan en te inisieer[251].

Die sesde Algemene Sinode van die NGKA konstitueer in 1983 te Barkly-Wes met dieselfde sewe sinodes as gedurende 1979. Voor hierdie Sinode dien 'n studiestuk *"Die NG Sendingkerk en Apartheid"* as versoekskrif van die NG Sendingkerk (NGSK) aan die NGKA[252] waarmee die NGKA gevra word om die aksie van die NGSK met sy verklaring van *status confesiones* en die gepaardgaande uitreik van sy 1982 belydenis[253] teen die NG Kerk te onderskryf. Die Sinode van die NGKA was nie bereid om hierdie stap te neem nie, maar het net van die versoekskrif van die NGSK kennis geneem en dit saam met sy bestaande besluite oor kerkeenheid na 'n kommissie vir verdere studie verwys[254]. Die Sinode het egter uitvoerige besluite in verband met kerkeenheid geneem,

[250] Agenda en Handelinge NGKA 1979: 24

[251] Agenda en Handelinge NGKA 1979: 231

[252] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 19-28

[253] Sien Bylae M tot hierdie hoofstuk

[254] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 379

waaronder 'n sewe-punt standpuntinname wat kortliks op die volgende neerkom[255]:

1. Die eenheid van die Kerk is 'n gegewe wat die Kerk oral waar hy is moet handhaaf en moet openbaar.
2. Daar is 'n verskeidenheid van geestelike gawes, tale en kulturele tradisies in diens moet staan van die eenheid en binne die eenheid 'n tuiste moet vind.
3. Die Kerk mag in sy organisasie voorsiening maak vir die besondere behoeftes van verskillende groepe mense, maar dit mag nie ten koste van die eenheid geskied nie.
4. Die breëre kerkverband behoort gebruik te word om die eenheid van die Kerk te bewaar en waar moontlik tot uiting te bring deur skakeling en erediensbywoning.
5. Die lidmate moet deur hulle verhouding tot mekaar die eenheid in Christus aan die wêreld openbaar wat alle etniese en volksgrense transendeer.
6. Die NGKA verbind hom om in sy onderhandelinge met al die lede van die NG Kerkfamilie, om nie net met een van die kerke sonder die ander op die weg na kerklike eenheid te beweeg nie.
7. Die Kerk onderhandel deur sy Moderatuur met verslag aan die ASK en die Sinode.

Die Sinode het ook sekere riglyne vir onderhandeling in 'n proses van progressiewe ontwikkeling met verskillende fases aan die hand van drie modelle goedgekeur wat dit duidelik stel dat die NGKA in die rigting van een kerkverband onder een naam werk waarin lidmaatskap oop sal wees en een legitimasie vir die hele kerkverband sal geld. Volgens die eerste model bly die afsonderlike gemeentes en kerkrade van die verskillende kerke voortbestaan, maar *binne* die

[255] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 344

een nuwe kerkverband, terwyl enige lidmaat binne die kerkverband te enige tyd sy bewys van lidmaatskap na enige van die ander kerke se gemeentes kan oordra. Leraars uit elk van die vroeëre afsonderlike kerke sal oor en weer beroepbaar wees na enige van die gemeentes. Op rings-, sinodale- en algemene sinodevlak is daar afsonderlike vergaderings van die "ou" vier kerke, maar nou binne die nuwe kerkverband. Die vier kerke kom egter saam in een Nasionale Sinode wat bestaan uit afgevaardigdes uit die vier "ou" sinodes. Hierdie Nasionale Sinode is nie 'n “oorkoepelende" sinode en ook nie 'n soort van “Federale Raad” nie, maar 'n ten volle gevolmagtigde sinode wat bindende besluite neem vir die hele NG Kerk in die een kerkverband. Hierdie kerkverband kan verder verstewig word deurdat op sinodale vlak gesamentlike kommissies bestaan uit lede van elk van die vier lidsinodes. Model 2 is dieselfde as model I met dié verskil dat, waar die vier "ou" kerke eers op nasionale vlak *een* vergadering het, daar nou van ringsvlak af, of vanaf sinodale vlak, een vergadering vir die vier "lidkerke" kan wees. Op gemeentelike vlak is daar nog onderskeie gemeentes. Volgens die uiteindelike derde en finale model is daar slegs een gemeente op 'n bepaalde plek. Die grense hier is die *geografiese* grense. Ook op ringsvlak en verder is daar net *een* ring, *een* sinode ensovoorts vir die vier "ou" kerke[256].

Die sewende Algemene Sinode van die NGKA konstitueer in 1987 te Umtata in die Transkei met dieselfde sewe sinodes as gedurende 1979 en 1983 en is die besluite oor kerkeenheid wat in 1983 geneem is, bevestig as die standpunt van die kerk[257]. Die Sinode het dit ook betreur dat sy besluite van 1983 oor kerkeenheid binne die NG Kerkfamilie nog geen konkrete resultate gelewer het nie en het dit aan sy moderatuur en ASK opgedra *“om MET GROOT DRINGENDHEID VOORT TE GAAN om hierdie besluite tot uitvoering te bring, aangesien enige teken daarvan dat die NGKA ’n ‘apartheidskerk’ sou wees, dodelik gevaarlik vir die lewe van ons jeug, liggaamlik en geestelik, is”*[258], en

[256] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 345

[257] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 51,58

[258] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 388

aangesien die Sinode *"pynlik bewus is van die feit dat die NG Kerkfamilie nog steeds in baie opsigte 'n verdeelde kerk is"* het die Sinode sy jeug, lidmate en ampsdraers opgeroep om ten spyte van strukturele verdeeldheid, hulle steeds te beywer *"om die eenheid van die liggaam van die Here in NG-verband te bou deur die geleenthede wat geskep word vir onderlinge geestelike gemeenskap so goed as moontlik te benut"*[259]. Dit was vir die Sinode duidelik dat God wil hê dat die eenheid van lidmate van die kerke in die NG Kerkfamilie sigbaar tot uitdrukking moet kom sodat die wêreld kan glo dat God vir Jesus Christus na die wêreld toe gestuur het (Joh.17[21]), dat almal kan weet dat ons Sy dissipels is (Joh.13[35]) en dat ons aan mekaar kan behoort as lede van die liggaam van Christus in die wêreld (1 Kor.12 en Rom.12). Daarom wil die Sinode hom daarvoor beywer dat die eenheid met Christus en met mekaar tot uitdrukking sal kom deur samesnoering in een kerkverband (struktuur), deur onderlinge liefde en hulpbetoon, verbondenheid aan die één Here, belydenis van één geloof en die gebed dat ons deurdronge sal wees deur een Gees, en dat dit sal lei tot een algemene sinode waarin al die kerke verenig sal wees, een ring wat oor plaaslike gemeentes toesig hou en een gemeente waarin lidmate op elke plek aan mekaar verbind is om God te dien[260]. Die Sinode het voorts die Belydenis van Belhar van die NGSK na sy Studiekommissie vir Skrif en Belydenis verwys om ondersoek in te stel na die wenslikheid vir die aanvaarding van hierdie belydenis deur die NGKA, in watter mate die aanvaarding hiervan deur die NGKA die eenwording van die NG Kerkfamilie kan bevorder of vertraag, en om die verteenwoordigers van die Federale Raad in die reses oor hulle bevindinge in te lig en die volgende sinode met 'n voorstel hieroor te bedien[261]. By hierdie Sinode dien verder 'n uitvoerige verslag van die SARK oor vlugtelinge[262] en word ook verslag gedoen oor die *Kairos*-dokument wat die SARK uitgereik het en word

[259] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 417

[260] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 379

[261] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 413-414

[262] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 124-142

aanbeveel dat by die bevindinge van die Federale Raad hieroor gebly word[263]. Verder dien die verslag van die Federale Raad van NG Kerke[264], waarop die Sinode besluit dat die daarstelling en handhawing van die eenheid van die NG Kerkfamilie nie eksklusief aan die daarstelling van 'n nuwe struktuur van kerklike organisasie verbind mag word nie, aangesien 'n nuwe struktuur as sodanig nie die verlangde eenheid skep óf die voortbestaan daarvan kan waarborg nie. *"Die eenheid waarom dit in die Kerk van Christus gaan, is veel dieper en ryker as die blote bestaan van 'n omvattende struktuur wat alle gelowiges insluit"*[265]. Aan die ander kant besef die Sinode dat kerklike eenheid ook nie realiseerbaar of selfs voorstelbaar is sonder enige sigbare struktuur nie, en daarom word besluit *"om by die bestaande strukture van die Federale Raad en die verskeidenheid van Kerke in die Ned. Geref. familie aan te knoop"*[266], alhoewel die Federale Raad nie beskou word as voldoende uitdrukking van die wesenlike eenheid waarna gestrewe word nie. Hierdie wesenlike eenheid moet volgens die NGKA tot uitdrukking kom in oop deure (met spontane deelname aan eredienste en sakramente), oop lidmaatskap, wedersydse erkenning van legitimasie en in een belydenisgrondslag. Daarom het die Sinode 'n beroep op die Federale Raad gedoen om dit as sy grootste taak te sien om hom te beywer vir die vereniging van die NG Kerkfamilie *"in 'n hegter struktuur wat beter getuienis gee van die eenheid van die kerk in Christus, wat dit vir gelowiges moontlik maak om die eenheid 'te beleef en sigbaar te maak' (vgl. Kerk en Samelewing 92) en om nie tevrede te wees met 'n gemeenskaplike raad wat slegs adviserend mag optree nie"*[267].

Op 1 Oktober 1990 het 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA in Kaapstad gekonstitueer met afgevaardigdes uit die ses streeksinodes van die Vrystaat, Phororo, Suid-Transvaal, Kaapland, Natal en

---

[263] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 39, 422-423

[264] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 201-214

[265] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 382

[266] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 383

[267] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 435

Noord-Transvaal (Swaziland is opgeneem as deel van Noord-Transvaal) waartydens spesifiek oor kerkeenheid gehandel is[268]. Hierdie vergadering is belê nadat 'n Gesprekskommissie, saamgestel uit verteenwoordigers van die NGKA en die NGSK (op laasgenoemde se uitnodiging) twee maal vergader het (die eerste keer op 9 September 1987 te Johannesburg en die tweede keer op 14 Maart 1990 te Belhar) na aanleiding van die NGKA 1987 se besluit om die Belydenis van Belhar na 'n studiekommissie te verwys, en hierdie Gesprekskommissie het op sy beurt in drie subkommissies verdeel ('n Kommissie vir die Kerkorde, 'n Kommissie vir Teologiese Opleiding en 'n Kommissie vir Administrasie) wat aan die Buitengewone Sinode van die NGKA verslag doen. Die Sinode het hom vereenselwig met die Beginselverklaring van die Gesprekskommissie dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk, gestalte móét vind in een enkele NG Kerkverband, wat beteken dat die bestaande institute sal moet verenig in 'n enkele instituut, georganiseer volgens die gereformeerde kerkreg en kerkverband, en waarin rasse-oorwegings geen rol mag speel in die inrigting van die kerk nie. Taal- en kultuurverskille en verskillende bedieningsbehoeftes sal langs die gewone gereformeerde weë hanteer word en dien tot onderlinge verryking binne die een enkele sigbare kerk. In die Beginselverklaring word verder ook uitvoerig gehandel oor versoening en geregtigheid. Oor versoening word in die Beginselverklaring gestel dat *"'n goedkoop versoening in ons land, wat sou neerkom op goeie gesindhede alleen en die eensydige geduldige verduring van onreg, sonder dat die onreg afgetakel word, nie die pad van Christelike versoening is nie"*[269], en oor geregtigheid dat *"God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy Sy Kerk roep om Hom hierin na te volg"*[270], en dat apartheid sonde is waardeur mense veronreg

[268] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 205-298

[269] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 223

[270] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 224

en hulle menswaardigheid aangetas word, wat die handhawing en nastreef van menseregte in ons land noodsaak. 'n Konsep-Kerkorde[271], bevattende slegs 12 Artikels, is voorts aan die Sinode voorgelê, by die opstel waarvan die volgende riglyne gedien het[272]:

1. Die Heerskappy van Christus in die kerk.
2. Die sentrale belang van die Woord.
3. Die gelykheid van die ampte.
4. Die eenheid van die kerk.
5. Die kerk as instrument vir versoening.
6. Die kerk as instrument vir geregtigheid.
7. Die kerk diensbaar aan armes en mense in nood in die volle betekenis daarvan.
8. Die "Demokratisering" van die kerk, waarmee bedoel word die aktiewe deelname van die lidmate deur die sentraalstelling van die amp van die 'gelowiges', wat ook implikasies vir die struktuur inhou.
9. Die vryheid van die kerk, waarmee bedoel word dat die kerk minder wetties, rigoristies, van bo-af bepaald moet wees; meer beweeglik, spontaan en soepel.

As uitgangspunte is verder onder andere gestel[273]:

1. Slegs breë beginsels in nie-vakkundige taal.
2. Die plaaslike gemeente as belangrike uitgangspunt.
3. Die wyse waarop die amp van die gelowige in die gemeente funksioneer, moet in die Kerkorde beslag kry.
4. Die beginsel van breë verband (streeks- en algemene sinode) word as 'n primêre uitgangspunt aanvaar.
5. Groot vryheid moet aan plaaslike gemeentes gegee word om na gelang van hulle behoeftes hulleself te organiseer.

---

[271] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 225-230

[272] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 220

[273] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 220, 221

6. Bepalinge oor die amp moet so min as moontlik rigoristies wees om die moontlike ontwikkeling daarvan oop te hou.

Die twaalf Artikels van hierdie Konsep-Kerorde is[274]:

Artikel 1 Die Kerk
Artikel 2 Die Belydenis van die Kerk
Artikel 3 Lidmaatskap van die Kerk
Artikel 4 Die verantwoordelikheid van die gemeente
Artikel 5 Die dienste in die gemeente
Artikel 6 Die ampte in die gemeente
Artikel 7 Die regering van die gemeente
Artikel 8 Die verband tussen die gemeentes
Artikel 9 Die Ring
Artikel 10 Die Gebiedsinode
Artikel 11 Die Algemene Sinode
Artikel 12 Die Kerk se verhoudinge

Die Kerkordekommissie het ook voorstelle aan die Sinode voorgehou oor die samestelling van ringe, gebiedsinodes en die Algemene Sinode, asook 'n konsep-agenda vir die eerste Algemene Sinode van die verenigde kerk. Die Sinode het hom vereenselwig met die ideaal van kerkeenheid wat die hele NG Kerkfamilie insluit en het 'n staande ope uitnodiging gerig aan alle lede van die NG Kerkfamilie wat nog nie deel van die proses is nie, om daarby in te skakel[275]. Dit word aanvaar dat kerkeenheid nie oornag afgehandel kan word nie, maar 'n proses van geloof en volharding is; dat dit nie van "bo-af" (van die kant van sinodes) op die gemeentes afgedwing kan word sonder inspraak van hulle kant af nie, met as sperdatum vir reaksie 31 Januarie 1990[276]; dat die voorgestelde kerkorde die belangrikste dokument is waaroor besluit moet word; dat die grense en werksaamhede van gemeentes voorlopig onveranderd bly en dat gemeentes

[274] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 225-230 – Sien Bylae P tot hierdie hoofstuk.

[275] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 231

[276] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 232

self oor veranderinge sal besluit, indien enige[277], maar dat daar slegs een lidmaatskap van een kerk sal wees wat oor en weer aanvaarbaar is met geloof in Christus as die enigste voorwaarde vir lidmaatskap[278]; dat gemeentes binne 'n bepaalde gebied in net een ring saamgegroepeer word (wat die samesmelting van die onderskeie ringe van die NGKA en NGSK impliseer); dat op sinodale vlak die patroon van die NGKA behou word (naamlik ses streeksinodes en 'n Algemene Sinode) met die sinodale administrasie wat hoofsaaklik op die vlak van gebiedsinodes plaasvind (met so min as moontlik administrasie by die Algemene Sinode)[279]; dat die teologiese opleiding op twee plekke – een in die Noorde en een in die Suide – onder sentrale beheer deur middel van 'n Kuratorium van die Algemene Sinode sal geskied; en dat alle leraars gelykwaardige vergoeding en pensioen sal ontvang[280]. As voorlopige naam vir die nuwe kerk, word besluit op *"Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika"*[281]. Met betrekking tot die stoflike goedere en regspersoonlikheid van gemeentes, besluit die Sinode op aanbeveling van die Kommissie vir Administrasie *"die status quo van gemeentes word gehandhaaf m.b.t. die eienaarskap van hulle onderskeie stoflike goedere, eiendomme en fondse; hul regspersoonlikheid soos gesetel in die onderskeie sake. Die Stigtingsinode dra dit aan die Permanente Kommissie vir Administrasie op om ondersoek te doen na die bestaande situasie waar eiendomme van gemeentes nog nie in die naam van die betrokke gemeentes gevestig is nie en om 'n voorlegging aan die Sinode te doen rakende die regstelling van hierdie saak"*[282].

---

[277] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 233

[278] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 233 - Daar word pertinent gestel dat *"die bestaande gemeentes van die twee kerke so behoue sal bly en dat almal saam die gemeentes van een kerk sal vorm; dat hierdie gemeentes onderling oop sal wees vir bywoning en lidmaatskap; dat waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, dit hierdie gemeentes vry staan om hulle onderlinge sake en samestelling te reël volgens plaaslike behoeftes, deur byvoorbeeld ooreenkomste met mekaar aan te gaan, een gemeente te vorm of watter ander reëlings ook al te tref solank dit in volle vryheid en sonder dwang van enige kant geskied"*

[279] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 234, 235

[280] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 236

[281] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 237

[282] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 248, 349

Die agste Algemene Sinode van die NGKA konstitueer op 9 Julie 1991 en volgende dae te Pretoria met dieselfde sewe sinodes as gedurende 1979, 1983 en 1987 en stel dit sommer van meet af dat kerkeenheid 'n saak van gesindheid is en dat dit 'n futiele saak sal wees indien eenheid nie in die hart van die kerk aanvaar word nie. Daar word verder verslag gedoen dat al die lede van die NG Kerkfamilie deur die moderatuur van die NGKA genader is om aan die vereniging (hereniging) deel te neem, waarop die NGSK positief en die RCA negatief reageer het, terwyl die NG Kerk aangedui het dat hulle nog nie gereed is nie – en dan word die volgende opmerking gemaak: *"Die beraad van Vereeniging in 1989 het die posisie van die NG Kerk nie net herbevestig nie maar ook duidelik illustreer"*[283]. Daar is derhalwe op die Buitengewone Algemene Sinode van die NGKA in 1990 besluit om tot kerkvereniging met die NGSK voort te gaan. In die verslag van die Moderatuur aan die Sinode word ook verslag gedoen van 'n ontmoeting met die ASK van die NG Kerk op 3 Julie 1990, waartydens die NG Kerk versoek is om dit te stel dat daar net één NG Kerk in SA is, en om die besluit van 1857 te repudieer, aangesien die besluit van 1857 geneem is uit die swakheid van lidmate wat teen een kerk was en derhalwe sonde is wat nie in die kerk verdra kan word nie[284].

Tydens hierdie vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA is verder talle voorbereidende besluite geneem vir die vereniging van die NGKA met die NGSK. Op versoek van die Sinode van Phororo, die Moderatuur van die NGKA-OVS en die Kaapse Sinode is 'n aantal korrektiewe stappe op die besluite van die Buitengewone Sinode van 1990 goedgekeur, waaronder dat (op grond van Kerkorde Artikel 32.5) aan afgevaardigdes na streeksinodes (soos bepaal in Kerkorde Artikel 26), wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, adviserende sittingsreg op die vergadering van die Algemene Sinode gegee word; dat buitengewone vergaderings van die streeksinodes op 13 Julie 1991 gehou word met die spesifieke doel om finale besluite te neem oor die vereniging van die NGKA met die NGSK; om die skraping van Kerkorde Artikel 36.1 deur

[283] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 14

[284] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 16

die Buitengewone Sinode van 1990 in revisie te neem; wysiging van Kerkorde Kerkorde Artikel1.1 deur byvoeging van *"en die Belharbelydenis soos vasgestel deur die Sinode van die NGSK in 1982"*; wysiging van Kerkorde Artikel 36.1 om te lui *"Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid deur die Algemene Sinode. Enige besware van lidmate, ampsdraers, kerkrade, ringe of streeksinodes teen sodanige wysiging of uitbreiding, mag by wyse van gravamina (beswaarskrifte) of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging"*; wysiging van Kerkorde Artikel 36.2 om te lui *"Die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheid stem"*; en dat alle streeksinodes hulle afgevaardigdes na die Algemene Sinode van die NGKA volgens Kerkorde Artikel 32.3 moet kies en dat dieselfde personeel die NGKA-afvaardiging by die eerste Algemene Sinode van die nuwe verenigde kerk sal wees[285]. Voor hierdie Sinode dien ook kommentaar op en aanbevelings in verband met die konsep-Kerkorde vir die voorgestelde Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA)[286] en 'n verslag oor die implikasies van die beplande kerkvereniging vir kerklike administrasie[287].

Tydens hierdie Sinode is die kerkorde dus in twee opsigte ingrypend gewysig. Daar is eenparig besluit om 'n nuwe Artikel 61 in te voeg wat soos volg lees:

> *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika mag te enige tyd met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Artikel 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig moet die besluit deur die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheidstem sowel as twee-derde meerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, hou die kerk op om as NGKA te bestaan, en gaan op in die nuwe kerk. Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone*

[285] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 28-30

[286] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 49-50

[287] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 142-149

van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan."

In die verskillende verslae wat voor hierdie Sinode van die NGKA dien, word dit duidelik dat daar 'n opbouende spanning enersyds tussen die NG Kerk aan die een kant en die NGKA en NGSK aan die ander kant, en andersyds óók tussen die NGKA en NGSK aan die ontwikkel was. In die verslag van die verteenwoordigers van die NGKA op die Federale Raad van 16-18 Maart 1988[288], verlaat eers die afgevaardigdes van die NGKA en NGSK die vergadering oor die reël van die orde van die sake op die agenda, en daarna ontstaan daar konflik onder afgevaardigdes oor die voorstelle van dr AA Boesak (NGSK) oor die NG Kerk en apartheid (waarin hy die NG Kerk beskuldig van kettery en afgodery) en oor kerkeenheid (wat deur die mosies van die tydelike kommissie onder leiding van prof JA Heyns verslaan is). In die verslag van die verteenwoordigers van die NGKA by die Vereeniging-beraad van die NG Kerke gedurende Maart 1989[289] word vermeld dat die *"swart NG Kerke vir die eerste maal in hulle bestaan die teologiese en politieke inisiatief geneem (het) wat die vraagstuk van apartheid betref – 'n inisiatief wat van nou af die NG Kerk op die verdediging gaan hou totdat die Kerke apartheid in al sy vorme ondubbelsinnig in woord en daad veroordeel en verwerp het"*[290]. Verder word in hierdie verslag gesê: *"By Vereeniging het die swart NG Kerke apartheid in al sy vorme totaal verwerp en 'n aantal eise aan die regering gestel waaraan die regering nie kan toegee nie sonder om sy huidige politieke beleid totaal oorboord te gooi nie"* en dat die swart kerke hulle verbind het tot die stigting van een, verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk van Suider- en Sentraal-Afrika en aan die ideaal van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika in 'n eenheidstaat, wat verreikende kerklike en politieke gevolge sou hê. Die NG Kerk was egter nie bereid om apartheid as sodanig as sonde te erken en te bely nie, om die regering te versoek om die apartheidswette (waaronder dié oor grondbesit,

[288] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 160-168

[289] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 175-180

[290] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 175

bevolkingsregistrasie, aparte geriewe en groepsgebiede) te herroep nie en om hom te verbind tot die stigting van een verenigde nie-rassige Gereformeerde Kerk nie[291]. In die verslag wat na die Vereeniging-beraad deur die afgevaardigdes van die Beraad uitgereik is, word pertinent gesê:

> *"It appeared at first that there was a far-reaching and unprecedented unity. But this perception was soon placed in doubt as the discussion progressed. For it soon became apparent that in spite of the basic oneness, the difference in perception and responce could not easily be brought into a consensus statement that reflected a common mind. Rather, at the end of the second day the diverging perceptions assumed such a high profile that many were constrained to speak not only of different perceptions and different responses, but of two worlds in the one family of churches. Reference was made to the possibillity that the black churches might have to go their own way without the company of the Dutch Reformed Church. The euphoria of the first days gave way to a feeling of near despair one day later"*[292].

'n Volledige verslag en verklaring oor die Rustenburg-kerkberaad van 5-9 November 1990 (230 verteenwoordigers uit 97 kerke en 40 Christelike organisasies) het ook voor die Sinode gedien[293], waarin die belydenis van die NG Kerk vir sy aandeel in die ontstaan, vestiging en teologiese regverdiging van apartheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, as keerpunt in die geskiedenis van die kerk bestempel word[294]. Hierop het die NGKA hom vereenselwig met die verklaring op die Rustenburg-beraad deur die Suid-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke te Mamelodi op 16 April 1991, waarin onder andere die SA-regering as moreel onwettig sedert 1910 bestempel word en die eis gestel word dat dit vervang moet word deur 'n verteenwoordigende regering wat deur die totale bevolking aangewys word; waarin aangedring word op die herverdeling

---

[291] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 175

[292] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 176

[293] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 185-189, 195-200

[294] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 195

van grond; en waarin die NG Kerk se aanspraak om, op grond van sy skuldbelydenis by die Rustenburg-beraad in ekumeniese liggame opgeneem te word, verwerp word[295].

Op 14 April 1994 het die NGSK en die NGKA te Belhar vergader en tydens 'n gesamentlike sinodesitting het die twee kerke verenig[296].

Die negende Algemene Sinode van die NGKA wat ongeveer 1996 vergader het, se Agenda, Notule en Handelinge is volgens ds AS Bührmann se mondelinge getuienis teenoor my, nie opgeteken of gepubliseer nie aangesien *"die verantwoordelike persoon nie daarby uitgekom het nie"*[297].

Die tiende Algemene Sinode van die NGKA konstitueer op 5 Julie 1999 en verdere dae te Barkly-Wes met slegs die twee streeksinodes Oranje-Vrystaat (waaronder die Ringe van Bethlehem, Bethulie, Bloemfontein, Boshof, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Lesotho, Lindley, Odendaalsrus, Philippolis, Port Elizabeth, Winburg, Vrede) en Phororo (waaronder die Ringe van Barkly-Wes, Huhudi, Mafikeng, Kudumane)[298]. Verslag word aan die Sinode gedoen van die hofsaak wat die VGKSA teen die NGKA aanhangig gemaak het in 1996 rakende kerkeiendomme en dat die saak teen die NGKA beslis is, waarop die NGKA appèl aangeteken het wat in November 1998 ten gunste van die NGKA beslis is. Daar word vermeld dat daar egter steeds gemeentes van die VGKSA is wat eiendomme van die NGKA beset en wat weier om dit terug te gee, maar dat die Moderatuur besig is om die betrokke gemeentes te help om hul eiendomme terug te kry[299]. Wat kerkeenheid betref word verslag gedoen dat onderhandelinge met die NG Kerk reeds plaasvind en dat die NGKA van voorneme is om met die RCA in gesprek te tree[300]. Verwysend na die Algemene

---

[295] Agenda en Handelinge NGKA 1991 asook Agenda en Handelinge NGKA 1990: 198, 199

[296] Van Coller, 1996: 4-7

[297] Hierdie getuienis is gedurende Junie 2008 gekontroleer met mev. Hettie Gretton van die kantoor van die NGKA, wat dit bevestig het.

[298] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 6,7

[299] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 9,10

[300] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 10

Sinode van 1996 se verbintenis tot eenwording met die kerke van die NG Kerkfamilie, vermeld die ASK dat die Vrystaatse Streeksinode by die NG Kerk aansoek gedoen het om as Sinode opgeneem te word in die NG Kerk, terwyl die Sinode Phororo aansoek gedoen het om deur sy gemeentes ingeskakel te word by die NG Kerk, waarop die ASK hierdie hele saak na die Regskommissie van die NGKA verwys het vir studie en advies[301]. Die Sinode het verder die standpunt van die Sinode van 1987 met betrekking tot die een kerkverband herroep en stel in die plek daarvan voor dat elke kerk die Skriftuurlike reg het op 'n eie selfstandige kerkverband[302]. Die Sinode gaan van die standpunt uit dat die eenheid van die kerk nie beteken dat daar noodwendig een struktuur tussen verskillende kerke moet wees nie, maar dat die bestaande gemeentes, ringe, sinodes en algemene sinodes van die deelnemende kerke steeds kan bly voortbestaan, terwyl die kerkeenheid uitgedruk word deur 'n (één) Nasionale Sinode sonder enige inherente besluitnemende magte (dit kan egter per besluit van die deelnemende kerke per geleentheid – waaroor vooraf ooreengekom is – besluite neem oor bepaalde aspekte wat al die kerke en hulle lidmate gemeenskaplik raak [soos byvoorbeeld die profetiese getuienis teenoor die owerheid])[303]. Daar moet slegs met die NG Kerk en die ander deelnemende kerke onderhandel word oor hierdie één Nasionale Sinode wat saamgestel word deur 'n gelyke hoeveelheid afgevaardigdes, sodat enige oorheersing van die een oor die ander uitgeskakel kan word[304].

Die elfde Algemene Sinode van die NGKA konstitueer op 7 Mei 2003 en verdere dae te Kroonstad met die twee streeksinodes Oranje-Vrystaat (waaronder die Ringe van Bethlehem, Bethulie, Bloemfontein, Boshof, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Leeudoringstad [wat nuut bykom], Lesotho, Lindley, Odendaalsrus, Philippolis, Port Elizabeth, Winburg, Vrede) en Phororo (waaronder die Ringe van Barkly-Wes, Huhudi, Mafikeng, Kudumane en Lichtenburg-Reservaat [wat

[301] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 67, 68

[302] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 131

[303] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 79,80

[304] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 79

nuut bykom])[305]. By hierdie Sinode doen die Moderatuur breedvoerig verslag oor sy onderhandelinge met die NG Kerk oor kerkeenheid[306] en word daarop klem gelê dat eenheid met behoud en uitbouing van sowel die verskeidenheid as die eiesoortige bedieningstruktuur, geleidelik deur 'n onderhandelingsproses op verskeie vlakke in 'n atmosfeer van onderlinge vertroue en met innerlike oortuiging moet geskied, waarin daar nie enige dwang op enige party geplaas word nie[307]. Verslag word verder gedoen oor die studiekommissie wat deur die vier Moderature (NGKA-OVS, NGKA-Phororo, NGK-OVS en NGK-Noord Kaap) saamgestel is[308] asook van die vergadering van die vier Moderature van die NG Kerkfamilie te Orchards, Johannesburg op 27 en 28 Januarie 2003[309] waartydens onderlinge hoop en verwagtinge, uitdagings, voorwaardes en vrese met mekaar gedeel is en die respons van die kerke op die volgende drie basiese vrae gelewer is: Erken die kerke mekaar as gereformeerde kerke; word die legitimasie van ampsdraers onderling erken; bestaan die wil tot kerkhereniging onderling. In reaksie op hierdie vrae, word verslag gedoen, het die NGKA dit duidelik gestel dat hulle nie die belydenis van Belhar erken nie, en die RCA is bereid tot kerkvereniging mits hulle standpunte rondom homoseksualiteit, dobbel, prostitusie, alkohol- en dwelmmisbruik en voorvaderaanbidding nie gekompromitteer word nie[310]. Die NGKA het die ander kerke pertinent versoek dat hulle nie die NGKA met allerlei voorwaardes moet konfronteer en so oormatige druk op die NGKA moet plaas nie, aangesien dit kontraproduktief mag wees[311]. Die NGKA het dit verder as sy oortuiging gestel dat legitimasie ten nouste met die belydenisgrondslag verbind is – daarom gaan die erkenning van legitimasie van ander gereformeerde kerke saam met hulle erkenning van die drie belydenisse van eenheid – en dan word pertinent gesê: *"Nêrens het die*

[305] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 6, 7

[306] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 11-16

[307] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 13, 14

[308] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 19-24

[309] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 25-32

[310] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 29

[311] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 30

NGKA amptelik 'n besluit geneem om nie die legitimasie van die VGKSA te aanvaar nie. Slegs vanweë die feit dat hulle belydenisgrondslag anders is as die van die NGKA beteken dat hulle legitimasie in gedrang kom'[312]. Daarom het die Sinode besluit dat predikante van die NG Kerkfamilie wat in die NGKA wil dien, eers skriftelik moet verklaar dat hy/sy nie die Belharbelydenis aanvaar nie.

Die twaalfde Algemene Sinode van die NGKA konstitueer in 2007 te Barkly-Wes met die twee streeksinodes Oranje-Vrystaat (waaronder die Ringe van Bethlehem, Bethulie, Bloemfontein, Boshof, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Leeudoringstad, Lesotho, Lindley, Odendaalsrus, Philippolis, Port Elizabeth, Winburg, Vrede) en Phororo (waaronder die Ringe van Barkly-Wes, Huhudi, Mafikeng, Kudumane en Lichtenburg-Reservaat)[313]. Verslag word gedoen dat die Moderature van die NGKA en VGKSA, wat 'n ad hoc-kommissie vir versoening tussen lidmate saamgestel het, nie daarin kon slaag om 'n gesamentlike verklaring vir bespreking deur die lidmate van die twee kerke op te stel nie as gevolg van die meningsverskil oor die eiendomme.[314] Verslag word gedoen van die bywoning van die Achterberg-vergaderings tussen die sinodale leiers van die NG Kerkfamilie en dat die Moderatuur van die NGKA-OVS nie hulle weg oop gesien het om die byeenkomste by te woon nie, aangesien hulle alle gesprek met die VGKSA opgeskort het totdat daar vordering gemaak is met die eiendomskwessies[315]. Verslag word verder gedoen van pogings om versoening tussen die NGKA en die VGKSA oor die eindomskwessies te bereik met Regter Brand as bemiddelaar en waartydens riglyne geformuleer is waarvolgens die sake buite die hof hanteer sou kon word, maar wat ongelukkig misluk het *"aangesien die VGKSA dit agterna opgeneem het as voorstelle wat slegs van die NGKA se regsverteenwoordigers se kant gekom het"*[316]. Ook ander pogings om versoening te probeer bereik, byvoorbeeld 'n vergadering

[312] Agenda en Handelinge NGKA 2003: 168

[313] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 6, 7

[314] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 14

[315] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 21

[316] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 25

gedurende Maart 2006 van 12 lede uit elke van die streeksinodes van die verskillende kerke waar daar spanning is rondom die eiendomme, het nie gerealiseer nie. Op 16 Augustus 2007 het die VGKSA aangekondig dat hulle die betrokke gemeentes van die VGKSA gaan aanmoedig om die geboue terug te besorg en nie die hofsake te betwis nie, maar op 1 September is daar berig dat lidmate aangemoedig is om *"as offer die geboue af te staan indien die NGKA volhard om hof toe te gaan"*[317]. Die NGKA het dadelik daarop gereageer deur te verklaar dat hierdie stelling die NGKA te na kom in dié opsig dat dit lyk asof die NGKA die VGKSA dwing deur allerhande eise te stel, terwyl die NGKA die terugbesorg van die geboue beskou *"as 'n saak van geregtigheid"* en nie bloot as 'n goeie gebaar van welwillendheid nie[318].

Wat die erkenning van die legitimasie van ander kerke betref, word verslag gedoen dat die ASK van die NGKA op 'n telefoniese vergadering gedurende 2004 besluit het *"dat waar die kerkorde in die verlede die legitimasie van die lede van die Federale Raad erken het, dit nou die legitimasie van lede van die NG-familie erken (wat dan ook al die huidige of voormalige lede van die Federale Raad insluit)"*[319]. Hierdie besluit is op 29 November 2005 deur die ASK op sy vergadering gekondoneer en nou deur die Sinode goedgekeur. *"Vir die NGKA gaan eenheid tussen kerke (gelowiges) hand aan hand met die oortuiging dat dieselfde getuienisgrondslag gedeel word en erkenning van wedersydse legitimasie is tog eerder die resultaat van so 'n vertroue as die soeke daarna"*[320]. Die NGKA vind dit egter vreemd dat daar voortdurend allerlei eise van die kant van die VGKSA aan die NGKA gestel word vir deelname aan die eenheidsgesprekke – op hierdie manier, so word verklaar, word die NGKA nou al vir 8 jaar deur die VGKSA uit die Gesprekskommissie gehou[321].

---

[317] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 34

[318] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 35

[319] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 23

[320] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 36

[321] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 36

Dit is vir die NGKA egter duidelik dat geen vereniging sonder versoening moontlik is nie, dat hierdie versoening op grondvlak tussen lidmate (wat veral van die kant van die VGKSA-lidmate negatiewe persepsies van die NGKA het[322]) moet plaasvind en dat die stryd om geboue en die hofsake in die weg hiervan staan. In aansluiting hierby ervaar die NGKA óók by die kerkleiding van die VGKSA en by die ander lede van die NG Kerkfamilie dieselfde negatiewe persepsies jeens die NGKA en dat daar nie begrip is vir die grondige redes vir die voortbestaan van die NGKA en vir die foute wat *"van die ander kant"* gemaak is nie. Daarom beleef die NGKA dat hulle hul telkens teen 'n *"meerderwaardige houding"* vasloop waar die ander drie lede van die NG Kerkfamilie op hul eie voortgaan en die NGKA moet *"aansoek doen en aan allerlei voorwaardes beantwoord"* [323]. Dit word pertinent gestel dat die *"gebeure van die afgelope dekades ... baie wonde, wantroue en verdeeldheid gelaat het tussen die vier lede van die NG Kerkfamilie"* wat die NGKA daartoe bring om eers respek vir die NGKA as kerk van die Here in eie reg, vir sy geskiedenis, naam, eiendomme (wat insluit die terug besorg van eiendomme wat wederregtelik vervreem is) en vergaderings op te eis alvorens kerkvereniging moontlik sal wees[324]. Verder moet daar ook nie van dwang in die eenwordingsproses sprake wees nie (*"soos toe die VGKSA die NGKA met die hof wou dwing om deel te word van hulle struktuur – in stryd met hulle eie belydenis 'dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie'..."*) aangesien eenheid gebou word op onderlinge kennis, vertroue, wedersydse respek en innerlike oortuiging deur die Woord en Gees[325].

In die verslag aan die Sinode oor die vergadering van die vier Moderature van die NG Kerkfamilie op 16 Augustus 2006, word weereens beklemtoon dat dit die

---

[322] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 37 *"By die afgelope sinode het dit duidelik geword dat mooi woorde by meerdere vergaderings niksseggend en eintlik verwarrend is vir lidmate as daar steeds op grondvlak hierdie wantroue (en verguising wat daarmee gepaard gaan) bestaan. Ware eenheid lê tog nie in die eerste plek in die strukture van meerdere vergaderings nie maar in gelowiges wat mekaar op grondvlak ontdek as een in Christus en daar met wedersydse respek en ondersteuning sy Koninkryk bevorder."*

[323] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 37

[324] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 157

[325] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 38

NGKA se standpunt is dat kerkvereniging al vier die lidkerke van die NG Kerkfamilie in SA moet insluit[326] in 'n *"soepel struktuur"* waarbinne die verskillende kerke hul eie identiteit en bedieningswyse kan behou en nie gebind word deur die samebindende Sinode se besluite nie. Kerkvereniging word gesien as 'n geleidelike proses van groei in wedersydse vertroue in 'n saam luister na die Woord en Gees en wat uiteindelik ook die werk in die plaaslike gemeentes moet versterk – daarom het is gevra *"dat gemeentes en ander strukture nou reeds op grondvlak soek na versoening, beoefening van gemeenskap, wedersydse ondersteuning en samewerking"*[327]. Kerkverband strek immers wyer as die strukture van een kerkverband om uiteindelik ook ander kerke wat die Here Jesus vertrou, liefhet en dien in te sluit[328].

Wat die Belydenis van Belhar betref, word herhaal dat die NGKA die Belharbelydenis nie aanvaar as deel van die Belydenisgrondslag van die nuwe kerkverband nie[329], alhoewel erken word dat die NGKA se Algemene Sinode nog *"nooit voorheen enige formele beoordeling van die Belharbelydenis gemaak het nie"*[330]. Die NGKA aanvaar dat die VGKSA 'n belydenis van Belhar het en wil nie vir hulle voorskryf wat hulle daarmee moet maak nie, maar wil ook nie gedwing word om dit te aanvaar nie[331].

'n Baie opmerklike opmerking in die verslag van die ASK aan die Sinode is die volgende: *"Bid dat ons nie gedryf sal word deur die verkeerde motiewe soos om 'n magtige NG Kerk met groot invloed te bou pleks daarvan om in nederigheid saam met ander kerke die Koninkryk te bevorder"*[332]. Hierdie opmerking verwoord 'n bepaalde siening van die NGKA op en plaas 'n vraagteken oor die NG Kerk se ekklesiologie en gepaardgaande motiewe. Maar dit nou daar gelaat.

---

[326] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 32

[327] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 35

[328] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 33

[329] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 145

[330] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 184

[331] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 185, 223

[332] Agenda en Handelinge NGKA 2007: 35

1.2.4 Die standpunt van die VGK oor kerkhereniging

In aansluiting by die NGKA se besluit in 1975[333], het die RCA 'n memorandum opgestel[334] waarin hy meedeel dat die volgende verklaring alreeds in 1966 deur die advieskommissie van die NG Sendingkerk gedoen is oor sy kerkregtelike posisie:

> *"Furthermore, there should be sought after the proper vehicle to give expression to the essential unity of Church affiliation among the Mother and Daughter churches by developing the Federal Council of Dutch Reformed Churches into a fulfledged synod with jurisdiction over Doctrine and Liturgy",* [335]

waarop die Sinode van die NG Sendingkerk die verklaring goedgekeur het en aan sy moderatuur opdrag gegee het om die besluit onder die aandag van die volgende vergadering van die Federale Raad van NG Kerke te bring. Toe die Federale Raad hierdie voorstel afwys, het die Sinode van 1974 sy standpunt soos gestel in 1966 en 1970 herbevestig en sy afgevaardigdes opdrag gegee om hulle te bly beywer vir hierdie ideaal van een *"confessional synod"*[336]. Die Sinode het dus deurgaans vanaf 1966 sy intense begeerte uitgespreek dat die Federale Raad van NG Kerke sal ontwikkel in 'n Algemene Sinode met volmag oor belydenis, orde en liturgie om so uitdrukking te gee aan die noodsaaklike eenheid van die kerk gegrond op dieselfde gereformeerde tradisie.

Voor die sesde Algemene Sinode van die NGKA dien die NG Sendingkerk 'n studiestuk *"Die NG Sendingkerk en Apartheid"* as versoekskrif in[337]. In hierdie dokument stel die NGSK: *"Die sigbare effek van die versoening tussen God en mens is gevolglik die bestaan van die kerk as 'n versoende gemeenskap van*

---

[333] "*Die Algemene Sinode wens om met die Indian Reformed Church (RCA) die Ned. Geref. Sendingkerk en die Ned. Geref. Kerk tot een kerk te verenig en dra dit aan die ASK op om met die oog hierop met hulle in verbinding te tree".* (Sien Agenda en Handelinge NGKA 1975: 253; vgl. Boshoff, 1976: 19)

[334] Agenda en Handelinge NGKA 1979: 29-34

[335] Handelinge NG Sendingkerk 1966: 307

[336] Handelinge NG Sendingkerk 1974: 382

[337] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 19-28

mense, 'n eenheidsgemeenskap. Aan hierdie kerk is die boodskap van versoening toevertrou. Aan die wêreld en die mense wat daarop woon, word die uitnodiging gerig om hulle ook met God en so ook met mekaar te versoen"[338]. Op grond hiervan word die politieke en kerklike bestel in SA as 'n onversoenlike bestel bestempel aan die hand van apartheidsbeginsels of gelykluidende terme soos *"eiesoortige- / afsonderlike-"*[339], wat volgens die verslag niks anders tot gevolg gehad het nie as om mense te polariseer en hulle menswaardigheid aan te tas. Apartheid word voorts getipeer as 'n *"pseudo-religieuse ideologie"* en waar dit *"gereglementeer is in kerk- en samelewingstrukture, verloën dit die gesamentlike menswees van die gelowiges en dit verloën die versoenende en vermenslikende werk van Christus"* en bring dit Artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in gedrang. Op grond hiervan het die NGSK 'n *Status Confessionis* verklaar:

> *"Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die NG Sendingkerk in SA dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessiones daarstel. ('n Status Confessiones beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerk ernstig in gevaar te stel). Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is"*[340].

Daarom het die NG Sendingkerk besluit hy kan nie anders *"as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie"* en dat versoening alleen moontlik sal wees indien die NG Kerk sy skuld bely *"wat betref die verskaffing van morele en teologiese begronding van apartheid en*

[338] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 20

[339] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 19

[340] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 21

haar berou konkreet toon deur die konsekwensies van sodanige skuldbelydenis in kerk en staat uit te werk"[341]. As uitdrukking hiervan, het die NG Sendingkerk in 1982 'n Belydenis goedgekeur waarin al die bogenoemde standpunte geformuleer is[342]. Hiermee het die NG Sendingkerk nie van sy kant sy bande met die NG Kerk verbreek nie, maar by laasgenoemde gepleit om saam te soek na uitbouing van die onderlinge verhoudinge.

Oor die aanloop en voorbereiding tot die vereniging van die NGSK met die NGKA is alreeds in die voorafgaande punt breedvoerig berig. Op 14-17 April 1994 vergader die afgevaardigdes van die NGKA en die NGSK te Belhar, Kaapstad waartydens die moderators van beide kerke, te wete dr SPE Buti en ds NA Apollis as voorsitters waarneem. Die skribas van beide kerke is versoek om te bevestig dat hulle lede wettiglik volgens geloofsbriewe en besluite van hulle onderskeie sinodes die deelnemende kerke verteenwoordig en dat 'n kworum teenwoordig is[343]. Die eerste Algemene Sinode (en ook stigtingsinode) van die VGKSA konstitueer met verteenwoordigers van die NGKA-OVS en vanuit die 13 ringe van die genoemde sinode, van die NGKA-Suid-Transvaal en vanuit die 12 ringe van die genoemde sinode, van die NGKA-Noord-Transvaal en vanuit die 11 ringe van die genoemde sinode, van die NGKA-Kaapland en vanuit die 9 ringe van die genoemde sinode, van die NGKA-Natal en vanuit die 6 ringe van die genoemde sinode, van die NGKA-Phororo en vanuit die 4 ringe van die genoemde sinode en van die NGSK en vanuit die 33 ringe van die genoemde sinode[344]. Die vergadering konstitueer staande met die aanvaarding van die konsep-kerkorde na vermelding dat die onderskeie kerke in beginsel die konsep-kerkorde by hul voorafgaande vergaderings aanvaar het[345]. In die *"Bevestiging van Konstituering"* wat staande voorgelees word, word gesê: *"...dat die eenheid van hierdie kerk nie net gawe van God is nie, maar ook opdrag wat nagejaag en*

---

[341] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 23

[342] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 25-28 (Sien Bylae M tot hierdie hoofstuk.)

[343] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 282

[344] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 282-290

[345] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 290

gesoek moet word; dat hierdie eenheid sigbaar moet wees sodat die wêreld kan glo dat God Sy Seun gestuur het, het ons as NGKA en NGSK in beginsel besluit om een verenigde kerk te word om daardeur skeiding van baie jare op te hef wat sy oorsaak gehad het in die swakheid van die vlees en die sondigheid van die menslike hart wat veroorsaak het dat oorwegings van ras en kleur die duidelike boodskap van die Skrif aangaande die sigbare eenheid van die kerk oorwoeker het;..."[346]. Verder word dan die oortuiging gestel dat hierdie vereniging maar die eerste stap is wat as geloofsdaad en getuienis moet uitkring na die hele NG Kerkfamilie binne en buite SA[347], en daarom word 'n staande uitnodiging gerig tot lede van die NG Kerkfamilie wat nog nie deel van die proses is nie, om deel daarvan te word[348]. In die *"Oorkonde van die Kerkvereniging"* word die aanloop tot hierdie historiese vereniging beskryf as beginnende by die besluit van die NGSK van 1966 dat die NG Kerkfamilie in een sinodale verband verenig moet word, die 1975 besluit van die NGKA om ook die eenheid van die NG Kerkfamilie daadwerklik te soek, die 1978-sinode van die NGSK waartydens verskeie kragtige pleidooie gelewer is vir kerkeenheid vanaf grondvlak en waar die praktyk daarvoor uitgespel is, asook die belangrike Vereenigingsberaad van Maart 1989 waar die hele afvaardiging van die NG Kerkfamilie besluit het: *"Ons belowe plegtig om daarvoor te werk om een verenigde, nie-rassige gereformeerde kerk in Suidelike- en Sentraal-Afrika te word"*[349]. In hierdie selfde dokument word die Belydenis van Belhar beskryf as: *"wat die inspirasie is vir die vereniging wat ons nou onderneem"*[350].

Die Sinode het hom voorts vereenselwig met die aanbeveling van die Gesamentlike Gesprekskommissie dat al die bestaande gemeentes van die twee kerke net so behoue sal bly, maar dat hulle onderling oop sal wees vir bywoning en lidmaatskap aangesien almal saam die gemeentes van die nuwe kerk sal

[346] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 290

[347] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 291, 292, 302

[348] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 300

[349] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 291

[350] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 292

vorm. Dit word aan gemeentes oorgelaat om onderling te onderhandel en ooreenkomste aan te gaan volgens plaaslike behoeftes en omstandighede. Ringe sal egter saamsmelt in die onderskeie gebiedsinodes van die VGKSA wat werkende sinodes sal wees[351]. Die bestaande verhoudinge en ooreenkomste in die NG Kerkfamilie word behou totdat die betrokke vergaderinge elk op sy eie vlak besluite daaroor neem[352]. Met betrekking tot die aanvaarding van bates, laste, regte en verpligtinge, het die Sinode besluit:

> *"Die Algemene Sinode besluit dat die VGK, die streeksinodes, ringe en gemeentes die oordrag en sessie van al die bates, laste, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie, vanaf die regspersone soos bedoel in 132/5.6.2.2 van die NGSK en die NGKA aanvaar en hiermee intree as die opvolger in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge, nou of in die toekoms van die gemelde sinode van die NGSK en die NGKA"*[353].

Aan die Algemene Sinode, streeksinodes, ringe en gemeentes van die VGK word volmag verleen om alle aksies te doen en regshandelinge te volvoer ten einde effek te verleen aan die sessies wat hiermee bewerkstellig word[354].

Dit dien vermeld te word dat, sover ek kon vasstel uit die notule en handelinge van hierdie eerste vergadering van die Algemene Sinode van de VGKSA, daar géén pertinente teenstem op enige punt genotuleer is nie.

Die Tweede Algemene Sinode van die VGKSA konstitueer van 14-20 April 1997 te Mooigenoeg, Bloemfontein. Ds JD Buys (aktuarius) neem die konstituering waar, aangesien beide die voorsitter (ds NA Apollis) en die assessor (ds SPE Buti) nie deur hul onderskeie ringe as afgevaardigdes aangewys is nie[355]. Die Sinode konstitueer met die streeksinodes van Kaapland (waaronder 29 ringe

---

[351] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 300 en 301

[352] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 302

[353] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 313

[354] Agenda en Handelinge VGKSA 1994: 314

[355] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 467

ressorteer), Natal (met 6 ringe), Noord-Transvaal (met 18 ringe afgevaardig), Phororo (met 4 ringe), Suid-Transvaal (met 12 ringe) en Vrystaat & Lesotho (met 8 ringe teenwoordig)[356].

Tydens hierdie tweede Algemene Sinode van die VGKSA word die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika (EGKA) se aansoek om eenwording met die VGKSA goedgekeur en word hulle saam met die VGKSA ring van Namibië hersaamgestel as streeksinode van die VGKSA-Namibië[357]. In die verdere gesprek rondom kerkhereniging word gestel dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenis vir die verenigde kerk ononderhandelbaar is[358].

Uit die verslag van die ASK aan die Sinode blyk dit dat moeite gedoen is om pastorale gesprekke te voer met beswaardes, veral uit die geledere van die NGKA, teen die vereniging van die NGSK en NGKA in die VGKSA[359]. Op 8 Februarie 1995 het die Dagbestuur van die ASK van die VGKSA egter kennis geneem van die *"eensydige"* besluit van die NGKA-Phororo om vanaf 22 November 1994 as *"Nuwe NGKA"* voort te bestaan terwyl daar toetrede tot die NG Kerk Noord-Kaap gesoek word, en het hierdie optrede geag as uittrede uit die kerkverband en aldus as 'n onkerkregtelike handeling wat hulle laat besluit het om aan prokureurs opdrag te gee om regstappe te neem om die regte en belange van ampsdraers en gemeentes van die VGKSA te verseker[360]. Wat die NGKA-OVS betref het die ASK-Dagbestuur van die VGKSA verskeie ontmoetings gehad of probeer hou met verteenwoordigers uit die NGKA-OVS. Tydens die vergadering van 18 Julie 1995 met besorgde predikante van die VGKSA-OVS is besluit om deur die kerk se regsverteenwoordiger aan diegene wat verantwoordelik is vir die reël van die *"sogenaamde NGKA Sinode"* in die Vrystaat, kennis te gee van voorneme om sodanige reëlings teen te staan, terwyl

[356] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 467-474

[357] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 496

[358] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 26, 504

[359] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 20-23

[360] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 21

nogtans pogings aangewend sal word om op 'n pastorale wyse die gesprek te bly voer[361]. Op 12 September 1995 ontmoet die Dagbestuur van die VGKSA ± 120 beswaarde lidmate uit gemeentes in die Vrystaat in die kerkgebou van die gemeente Bloemfontein-Suid[362]. Uit die gesprek word duidelik dat gebrekkige kommunikasie en die gevolglike oningeligtheid van lidmate en kerkrade 'n groot probleem is wat onsekerheid en verdeeldheid in die hand werk. Verder word gemeld dat die *"skrywes van di. AS Bührmann & P Ralepeli gedateer 23 Augustus 1995 aan gemeentes waarin die nuwe Ordekommissie, die sinodevergadering van 22 November 1995 asook die byeenkoms van 12 September 1995 onder verdenking gestel word as synde wederregtelike handelinge"* tydens die vergadering behandel en die wanvoorstellings reggestel is[363]. Van die kant van de NGKA word egter duidelik gestel dat die bestaan en wettigheid van die VGKSA nie ontken word nie, maar dat die NGKA steeds bestaan en *"gemeentes wat met die NGSK verenig het om die VGKSA te vorm het inderwaarheid van (die) NGKA weggebreek"*[364]. In antwoord hierop het die ASK-Dagbestuur dit gestel dat *"die verteenwoordiging van die voormalige Streeksinode OVS per geloofsbrief sittingsreg aanvaar (het) van die stigtingsinode, die stigtingsinode dus gekonstitueer (het), deelgeneem (het) aan die besluit van die vergadering en daaropvolgend gedien (het) as verteenwoordigers in strukture van die Nuwe Kerk (VGKSA). Daar is tydens die Stigtings- en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA geen besware ingebring insake die eenwording nie"*[365]. Nadat alle partye met onverrigte sake verdaag, het, het die ASK-Dagbestuur van die VGKSA besluit om 'n verklarende hofbevel en interdik teen die voorgenome sinodesitting van die NGKA-OVS aan te vra[366].

Wat sy verhouding met die NG Kerk betref, besluit die VGKSA by hierdie Sinode om nie die aansoek van die NG Kerk om hertoelating tot die WBGK (Wêreldbond

---

[361] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 42

[362] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 22, 43-44

[363] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 43

[364] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 45

[365] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 45-46

[366] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 47

van Gereformeerde Kerke) aan te beveel nie, maar om die WBGK pastoraal te herinner aan sy besluite van 1982 en 1993 oor die weglating van die NG Kerk. In verband met die Belydenis van Belhar neem die Sinode kennis van die skrywe gedateer 6 November 1996 van dr Frits Gaum, Skriba van die NG Kerk, aan ds Appies waarin die standpunt van die NG Kerk gestel word *"dat die ontstaansgeskiedenis van Belhar vir sommige lidmate 'n struikelblok is. Hierdie konteks is dié van 'n status confessionis wat, volgens diegene wat beswaar het, 'n sterk politieke konnotasie het en sy agtergrond vind in die bevrydingsteologie. Die ASK oordeel nogtans dat die Belydenis van Belhar nie as blote 'bevrydingsteologie' afgemaak kan word nie"*[367]. Hy doen daarom 'n beroep op die VGKSA om hulle *"ononderhandelbare vereiste"* te heroorweeg en te dink aan die moontlikheid dat die Belharbelydenis as *"opsionele"* belydenisskrif gestel kan word[368], waarop die ASK van die VGKSA die onvoorwaardelike aanvaarding van Belhar as vereiste vir die voortgang van die gesprek oor kerkeenheid gestel het. Hierdie skrywe is op 7 April 1997 opgevolg met 'n skrywe van die Dagbestuur van die ASK van die NG Kerk waarin die VGKSA versoek is om *"aan die NG Kerk genoegsame tyd (te gee) om oor die posisie van die Belydenis van Belhar te besluit op 'n wyse wat in ooreenstemming met die NG Kerk-Kerkorde is en wat aan die NG Kerk se kerklike vergaderings geleentheid bied om oor die teologiese beginsels kommentaar te lewer"*, terwyl die VGKSA, NG Kerk en RCA steeds voortgaan met die voorbereiding van 'n konsep-kerkorde vir een kerkverband[369]. Die VGKSA besluit uiteindelik dat hy by sy standpunt bly dat die Belharbelydenis die kerk se diepste geloofsoortuigings in gehoorsaamheid aan die Skrif verwoord en dat die VGKSA die getuienis uit hierdie belydenis aan die wyer Suid-Afrikaanse samelewing en aan die wêreld skuld, en dat dit daarom deel van die kerklike prosesse behoort te bly waarin skuldbelydenis en vergifnis prakties gemaak kan word tussen mense. Daarom word die deur vir die NG Kerk oop gehou en is volmag aan die ASK en *"Dagbestuurmoderatuur"* van die VGKSA

[367] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 73

[368] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 74

[369] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 264

gegee om *"die proses van kerkeenheid as 'n saak van dringendheid voort te sit en deurgaans te beoordeel in die lig van die eise van elke moment en konteks"*[370].

Die derde Algemene Sinode van die VGKSA konstitueer gedurende 1-7 Oktober 2001 te Upington met die afgevaardigdes uit die moderature en ringe van die sewe streeksinodes van die VGKSA (Kaapland met 28 ringe; Natal met 6 ringe; Noord-Transvaal met 17 ringe; Phororo met 4 ringe; Suid-Transvaal met 13 ringe; Vrystaat & Lesotho met 11 ringe; en Namibië met 5 ringe)[371]. Tydens hierdie vergadering neem die Sinode uit die verslag van die ASK kennis van die werksaamhede van die Gesamentlike Kommissie vir Kerkeenheid tussen die VGKSA, NG Kerk en RCA wat onder andere 'n bosberaad gehou het op 3 en 4 September 1998 te Goudini, om te poog om ooreenkoms te vind oor die belydenisgrondslag, die model en die naam van die nuwe eenheidskerk[372]. Tydens hierdie bosberaad het die RCA sy verbintenis ten gunste van kerkeenwording met beide die VGKSA en die NG Kerk gesamentlik herbevestig én die Belharbelydenis as deel van die belydenisgrondslag van die eenheidskerk aanvaar aangesien *"die Belydenis van Belhar uit Afrika sy ontstaan het"*[373]. Wat die model vir die eenheidskerk betref, oordeel die VGKSA dat die verenigingsmodel wat hyself gevolg het met die vereniging van die NGSK en die NGKA vir die NG Kerk die ideale geleentheid en voorbeeld stel om *"finaal ontslae te raak van enige persepsie dat dit [= die NG Kerk] as hoofsaaklik en in bepaalde omstandighede selfs uitsluitlik as Afrikaner kerk voortbestaan"*[374] en dat die model wat die NG Kerk voorstel steeds die voortbestaan van rasgeskeide kerke voorstaan, wat prinsipieel om gewetens- en hoofsaaklik geloofsredes onaanvaarbaar is.

---

[370] Agenda en Handelinge VGKSA 1997: 730-731

[371] Agenda en Handelinge VGKSA 2001: 1-4

[372] Agenda VGKSA 2001: 12-14

[373] Agenda VGKSA 2001: 13

[374] Agenda VGKSA 2001: 17

Wat sy verhouding met die NGKA betref, word verslag gedoen van die Hooggeregshof uitspraak ten gunste van die VGKSA, maar wat op appèl geneem is deur en uiteindelik besleg is ten gunste van die NGKA[375]. Die VGKSA weier egter aanvanklik om die NGKA amptelik as selfstandige kerk te erken en word die NG Kerk se erkenning van die NGKA as voortydig, minagting van die regsproses, arrogant en onsensitief bestempel wat 'n skadu werp oor die oordeelsvermoë van die NG Kerk [376]. Wanneer die uitspraak van die Appèlhof egter bekend word, verander die VGKSA sy standpunt en erken die NGKA as gereformeerde kerk[377]. Melding word gemaak dat die NGKA aanspraak maak op al die eiendomme van die voormalige NGKA en wat tans deur die VGKSA benut word en dat die ASK reëlings getref het om na oorleg met sy regsgeleerdes regshulp aan gemeentes te bied wat daarom aansoek sou doen.

Die vierde Algemene Sinode van die VGKSA konstitueer gedurende 26 September tot 2 Oktober 2005 te Pietermaritzburg met die afgevaardigdes uit die moderature en ringe van die sewe streeksinodes van die VGKSA (Kaapland, nou met 30 ringe; Natal met 6 ringe; Noord-Transvaal, nou met 18 ringe; Phororo met 4 ringe; Suid-Transvaal, nou met 14 ringe; Vrystaat & Lesotho, nou met 12 ringe; en Namibië met 5 ringe)[378]. Melding word gemaak van talle hofsake rondom eiendomme tussen die VGKSA en die NGKA, asook van die VGKSA se saak teen die NG Kerk op Parys wat deur die Gelykheidshof na die Menseregtekommissie verwys is en waarin 'n skikking buite die hof bereik is[379]. Verder word verslag gedoen van drie bilaterale vergaderings met onderskeidelik die NGKA (waar versoening, onderlinge erkenning, die hofsake en die Belharbelydenis bespreek is) en met die NG Kerk (waar die Kerkbode-artikel wat Aartsbiskop Tutu as fasiliteerder voorstel, en die Belharbelydenis bespreek is)[380]. Verslag word ook gedoen van twee bilaterale vergaderings met die RCA

[375] Agenda VGKSA 2001: 34-39

[376] Agenda VGKSA 2001: 14, 17

[377] Handelinge VGKSA 2001: 23

[378] Handelinge VGKSA 2005: 103-107

[379] Agenda VGKSA 2005: 46, 47

[380] Handelinge VGKSA 2005: 12,13

(waartydens die rol van die RCA in die verenigingsproses, die besorgdhede van die RCA en die Belharbelydenis bespreek is)[381]. Dit blyk uit al hierdie gesprekke dat die Belharbelydenis steeds die grootste struikelblok in die vordering met die kerkherenigingsproses is, en die VGKSA het daarom voorgestel dat die ander drie lede van die NG Kerkfamilie (te wete die NG Kerk, die NGKA en die RCA) dan maar intussen sonder die VGKSA moet verenig as teken van hul erns met die proses[382]. Die VGKSA het egter besluit om te versoek dat die Laudium-verklaring deel word van die historiese dokumente van die nuwe kerk[383]. Die VGKSA beklemtoon by hierdie Sinode dat die eenheid van grondvlak af moet begin aangesien dit nie slaag in die gesprekke op leiersvlak nie en dat hy daarom sy Kerkorde aanpas om voorsiening te maak vir gemeentes, ringe en sinodes wat reeds op grondvlak nouer wil saamwerk of wil verenig, om dit te kan doen[384]. Die Sinode het verder besluit om bilaterale gesprekke met die NG Kerk en die NGKA te voer oor die moontlikheid om oorweging te gee aan 'n *"'Truth and Reconciliation' type op process, chaired by a 'neutral' chairperson of committee, to attempt to achieve reconciliation and out of court settlements in all the areas where tention has developed between the DRCA, DRC and URCSA"*[385]. Wat betref die Belharbelydenis herbevestig die Sinode dat die onvoorwaardelike en algehele aanvaarding van hierdie belydenis vir hom 'n ononderhandelbare voorvereiste vir kerkhereniging of enige gesprekke in hierdie verband is[386]. Dieselfde respek en agting word daarvoor gevra as vir die ander drie belydenisskrifte van die kerk.

Wat die ontstaansagtergrond van die Belharbelydenis betref, word gesê: *"The historical context of Belhar represented the church with a moment of kairos in which the integrity of the Gospel and the Reformed faith, the witness and very survival of the church was at stake. The Confession of Belhar was a response of*

[381] Handelinge VGKSA 2005: 16, 17

[382] Handelinge VGKSA 2005: 13, 136

[383] Handelinge VGKSA 2005: 17, 138

[384] Handelinge VGKSA 2005: 137

[385] Handelinge VGKSA 2005: 137, 138

[386] Handelinge VGKSA 2005: 150

the church in faith at a time of tremendous challenge and adversity". Die situasie waarin die kerk homself bevind het, was van so 'n aard dat die kerk nie maar net kon volstaan met net nog 'n verklaring of selfs geloofsverklaring nie – *"We found ourselves in as state of confession, in which the only proper response for people of faith was a renewed confession in Jesus Christ our Lord, a renewed understanding of the promises of God's Word, a new commitment to our covenant with God – a word from our hearts to the heart of God"*[387]. Daar word ontken dat politieke en ekonomiese faktore of motiewe enigsins 'n rol gespeel het in die opstel van die Belharbelydenis – *"Instead the Holy Spirit enabled us to rise above political realities, economic hardship, social injustices and the denial of our very humanity, to arise above ourselves and affirm first and foremost, God as God of justice and reconciliation"*[388]. Vanuit die versoening wat Christus bewerk het, word die kerk geroep om draer van die versoening te wees en word die kerk ook geroep tot eenheid en geregtigheid. Daarom word die eenheid gesien as sowel opdrag en gawe van God aan die kerk.

1.2.5 Die standpunt van die RCA oor kerkhereniging

Die eerste Sinode van die *"Nederduitse Gereformeerde Indian Church"* konstitueer aanvanklik op 27 Augustus 1968 te Raisethorpe, Pietermaritzburg as 'n konvensie van afgevaardigdes (6 leraars en 6 ouderlinge) uit die vier verskillende Indiër-ringe Durban-Noord/Pietermaritzburg, Durban-Suid, Transvaal en Kaapprovinsie en agt verteenwoordigers van die NG Kerk [389]. Daar word amptelik besluit op die naam *"Indian Reformed Church"* (IRC) as naam van die nuwe kerk met as belydenisgrondslag die Drie Formuliere van Enigheid soos vasgestel by die Sinode van Dordrecht 1618-1619[390]. 'n Reglement van Orde[391] en Kerkorde[392] word ook goedgekeur. In Artikel 3, wat algemeen aanvaar is,

---

[387] Handelinge VGKSA 2005: 152

[388] Handelinge VGKSA 2005: 151

[389] Handelinge RCA 1968: 74,75

[390] Handelinge RCA 1968: 79

[391] Agenda en Handelinge RCA 1968:11-15, 75

[392] Agenda en Handelinge RCA 1968: 31-54, 79-99

word verklaar dat die IRC vanweë die gemeenskaplike geloof en verbondenheid aan dieselfde Here en Sy Woord, 'n *"essential unity"* met die NG Kerk en die NG Kerkfamilie vorm en *"desires to conserve and to cultivate close ties of unity with them"*[393]. Daar word ook 'n konsep-samewerkingsooreenkoms tussen die IRC en die NG Kerk goedgekeur[394] en verteenwoordigers op die Federale Raad van NG Kerke aangewys[395]. Hieruit is dit duidelik dat die IRC van die oomblik van sy totstandkoming strewe na die handhawing van noue bande met die NG Kerkfamilie.

Die tweede Sinode van die IRC konstitueer op 29 September 1970 op die Rylands Estate te Athlone, Kaapstad met afgevaardigdes (7 leraars en 7 ouderlinge) uit die vier verskillende Indiër-ringe Durban-Noord / Pietermaritzburg, Durban-Suid, Transvaal en Kaapprovinsie), 6 verteenwoordigers van die NG Kerk en 2 evangeliste van die IRC in adviserende hoedanigheid[396]. Aan hierdie sinode word verslag gedoen van die versoek van die Raad van NG Kerke op 11 en 12 September 1968 te Pretoria dat lidkerke nie veranderinge aan die belydenisgrondslag van die kerk moet aanbring alvorens die res van die lidkerke nie eers geraadpleeg is nie, terwyl klem gelê word op nouer onderlinge samewerking wat betref leer (dogma), liturgie, kerkregering en die voorsiening en opleiding van werkers[397]. In die verslag van die regsfirma DAYSON DOUGLAS MULLER & MEYER van Pretoria aan die Sinode, word aangedui dat 'n kerk aan twee vereistes moet voldoen om regspersoonlikheid te verkry, naamlik: (a) die eienskap van *"perpetual succession"*. Dit beteken dat die Kerk bly voortbestaan ongeag van die wisseling van sy lede en (b) die bevoegdheid om eiendom in sy eie naam te besit. Volgens die regsadvies voldoen die IRC op tans slegs aan die

[393] Agenda en Handelinge RCA 1968: 31

[394] Agenda en Handelinge RCA 1968: 56, 57

[395] Agenda en Handelinge RCA 1968: 61

[396] Agenda en Handelinge RCA 1970: 141, 142

[397] Agenda en Handelinge RCA 1970: 29

eerste vereiste en aanbevelings word gemaak om die kerk te help om aan die tweede vereiste ook te voldoen[398].

Die derde Sinode van die IRC konstitueer op 29 Januarie tot 5 Februarie 1976 in Johannesburg met afgevaardigdes (nege leraars en elf ouderlinge) uit die nou sewe verskillende Indiër-ringe Pietermaritzburg, Durban-Suid, Transvaal, Emmanuel, Oos-Kaap en Kaapprovinsie en ses waarnemers[399]. Tydens hierdie derde Sinode van die IRC is die naam van die IRC verander na *"The Reformed Church in Africa"* (RCA)[400] en het die Sinode besluit (na aanleiding van die besluit van die NG Kerk op sy Algemene Sinode van 1974 dat leraars van die NG Kerk wat in die dogterkerke dien, lede van die dogterkerke kan word) dat predikante van die IRC wat deur die NG Kerk gelegitimeer en georden is en 'n beroep na die IRC aanvaar het, deur die IRC aanvaar word as synde te voldoen het aan die wetlike vereistes van die IRC en om sy Artikel 10 dien ooreenkomstig te wysig[401]. Melding word gemaak van die geïsoleerde beeld van die NG Kerk wanneer besluit word om aansoek te doen om volle lidmaatskap van die IRC by die SARK omdat die IRC deel wil wees van die groter kerkgemeenskap in SA[402]. Die Skakelkomitee van die IRC en NG Kerk doen verslag van vyf vergaderings wat gehou is, waaruit die noue samewerking (veral wat die opleiding van en bediening deur leraars, evangeliste en lekewerkers betref) tussen hierdie twee kerke blyk[403]. Uit die verslag van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, aanvaar die IRC die aanbevelings waarin alle vorme van rasse-diskriminasie en -vooroordeel, hoe subtiel ook al (bv. behuising, werkverskaffing, onderrig, wetstoepassing) verwerp word[404]. Die Sinode besluit om in sy nie-gewelddadige stryd teen rassisme te poog om sy bande met die NG Kerk te behou maar sonder om te kapituleer aan die eise van die NG Kerk, en om oop, eerlike en

---

[398] Agenda en Handelinge RCA 1970: 81

[399] Handelinge RCA 1976: 108, 109

[400] Handelinge RCA 1976: 146

[401] Agenda RCA 1976: 7, 124; Handelinge RCA 1976: 114

[402] Agenda RCA 1976: 58; Handelinge RCA 1976: 166

[403] Agenda RCA 1976: 177-201; Handelinge RCA 1976: 148-153

[404] Agenda RCA 1976: 231; Handelinge RCA 1976: 162

Christelike dialoog met die NG Kerkfamilie te inisieer oor die rol van die kerk in die sosiale, politieke en ekonomiese situasie in SA[405]. Verder besluit die Sinode eenparig om sy Kerkorde Artiikel 3 te wysig om te lees: *"By virtue of the common faith in its bond tot he same Lord and His Word, the Indian Reformed Church forms an integral unity with all Churches of the Nederduitse Gereformeerde Connection in Africa, and desires to conserve and to cultivate close ties of unity with them"*[406]. Daarom het die Sinode sy ASK gemagtig om samesprekings in verband met kerkvereniging met die ander lede van die NG Kerkfamilie te voer en kerkrade van die RCA dien ooreenkomstig in te lig[407]. Die Sinode het ook met waardering kennis geneem van die Federale Raad se gedagte van die vorming van 'n Algemene Belydenis-Sinode eerder as 'n Federale Sinode[408].

Die vierde Sinode van die RCA konstitueer op 4-10 Oktober 1980 in Durban met afgevaardigdes (14 leraars en 11 ouderlinge) uit die nou nege verskillende Indiër-ringe: Pietermaritzburg, Durban-Suid, Transvaal, Emmanuel, Charisma. Lenasia, Moria, Oos-Kaap en Kaapprovinsie en vier waarnemers[409]. Met betrekking tot die opdrag van die vorige Sinode oor die inisiëring van gesprek met die NG Kerkfamilie oor kerkeenheid, word verslag gedoen van die werksaamhede van 'n ad hoc-studiekommissie[410]. In aansluiting by die NGKA se besluit in 1975[411], het die RCA 'n memorandum opgestel[412] waarin hy aandui dat hy reeds in 1970 sy begeerte uitgespreek het om met die NG Kerkfamilie te verenig en waarin hy die volgende meedeel: In 1976 is 'n mandaat aan sy Sinodale Kommissie gegee om samesprekings in hierdie verband te inisieer, en gedurende Mei 1977 het al die kerkrade van die RCA hulle ten gunste van

---

[405] Agenda RCA 1976: 266; Handelinge RCA 1976: 114

[406] Handelinge RCA 1976: 142

[407] Handelinge RCA 1976: 172

[408] Handelinge RCA 1976: 159

[409] Handelinge RCA 1980: 1-3

[410] Agenda RCA 1980: 32-34; Handelinge RCA 1980: 10

[411] "*Die Algemene Sinode wens om met die Indian Reformed Church (RCA) die Ned. Geref. Sendingkerk en die Ned. Geref. Kerk tot een kerk te verenig en dra dit aan die ASK op om met die oog hierop met hulle in verbinding te tree".* (Sien Agenda en Handelinge NGKA 1975: 253; vgl. Boshoff, 1976: 19)

[412] Agenda en Handelinge NGKA 1979: 29-34

sodanige kerkhereniging uitgespreek[413]. Op 18 Maart 1978 het die RCA die voorstel van die NG Sendingkerk gesekondeer dat die Federale Raad van NG Kerke vervang moet word met 'n Algemene Sinode bestaande uit die NG Kerk, NGKA, NGSK en die RCA om met twee-derde meerderheid besluite te neem oor die belydenis, die kerkorde en oor sake van gemeenskaplike belang vir die samestellende kerke, terwyl die huidige Federale Raad kan voortbestaan vir skakeling met die wyer NG Kerkfamilie, 'n voorstel wat deur die Federale Raad goedgekeur is vir voorlegging met die oog op goedkeuring of kommentaar deur die onderskeie lidkerke van die bestaande Federale Raad. Verder word vermeld dat gesamentlike beraadslagings tussen die NG Kerkfamilie op 28 April 1978 te Durban (met die RCA, NG Kerk en NGSK teenwoordig) en op 30 en 31 Mei 1978 te Kaapstad (weer slegs met die RCA, NG Kerk, en NGSK teenwoordig) waartydens 'n *"Memorandum oor kerkeenheid"*[414] wat drie verskillende modelle van kerkvereniging tussen die vier lidkerke van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika voorstel, opgestel is vir voorlegging aan die Sinodale Kommissies van die onderskeie kerke. Hiervolgens kan oorweging gegee word aan 'n Ekumeniese Sinode (wat in wese maar net die Federale Raad vervang en wie se besluite se geldigheid afhangende is van die goedkeuring daarvan deur die onderskeie samestellende sinodes se goedkeuring), 'n oorkoepelende sinode (wat alleen gesag besit oor sake wat deur die samestellende sinodes na hom verwys is, terwyl die onderskeie sinodes steeds outonoom bly voortbestaan met hul eie reëls en bevoegdhede) en 'n kerkeenheid wat uitdrukking vind in één Algemene Sinode met streeksinodes en ringe, maar met uitsluiting van gemeentes (wat steeds op taal, kulturele en geografiese gronde afsonderlik groepeer en funksioneer)[415]. Die Sinode het egter geoordeel dat 'n Federale skakel-sinode nog steeds onvoldoende uitdrukking van kerkeenheid is[416]. Die Sinode herbevestig weereens sy erkenning en aanvaarding van die grondige eenheid

[413] Handelinge RCA 1976: 76-77, 172

[414] Agenda RCA 1980: 35-48; Handelinge RCA 1980: 10, 11

[415] Agenda RCA 1980: 45,46

[416] Agenda RCA 1980: 23; Handelinge RCA 1980: 10

tussen die RCA, NG Kerk, NGKA en NGSK aangesien hulle dieselfde gereformeerde tradisie deel, dieselfde belydenisgrondslag het, volgens dieselfde kerkregtelike beginsels die kerk regeer en bestuur en dieselfde gemeenskaplike taak en roeping deel om die Koninkryk van God in hulle gemeenskaplike vaderland uit te brei, en dat die beginsel van kerkvereniging op al die vlakke van gemeente, ring en sinode as ideale gereformeerde basis kan dien waarop onderhandelinge kan plaasvind om die Godgegewe eenheid in die NG Kerkfamilie te laat realiseer[417]. Die Sinode besluit om met die NGSK te onderhandel om in *"fully fledged union"* (uitgebreide vereniging) met die NGSK te tree en die deur oop te laat vir die ander lede van die NG Kerkfamilie om tot die eenheid toe te tree[418]. In sy Herderlike Brief beklemtoon die Sinode sy oortuiging vir 'n noodsaaklike organiese eenheid op alle vlakke van kerkregering van die NG Kerkfamilie[419].

Tydens hierdie Sinode word verslag gedoen van die vergadering van die moderamena van die RCA, NG Kerk, NGKA en NGSK wat op 11 Maart 1980 ter voorbereiding vir 'n ontmoeting met die Eerste Minister van die RSA waarop gesamentlik besluit is op 'n gesamentlike persverklaring deur dr. Geldenhuys en dat geen verdere persvrystellings deur enigiemand anders naas hierdie gesamentlike verklaring gemaak sal word nie. Sake wat bespreek is, was die Groepsgebiedewet, die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet. Dr EPJ Kleynhans, Moderator van die NG Kerk, het egter op die volgende dag 'n onderhoud met SATV en 'n koerant (*Die Transvaler*) toegestaan en daarna (op 14 Maart) ook onderhoude met *Beeld* en *Die Volksblad* gevoer waarin hy te kenne gegee het dat die gesamentlike verklaring slegs na die wet op gemengde huwelike verwys. Die RCA het hierdie gebeure as vertrouensbreuk bestempel en geëis dat dr Kleynhans die berigte regstel. Die regstelling is nie gedoen nie

[417] Agenda RCA 1980: 24; Handelinge RCA 1980: 11

[418] Agenda RCA 1980: 26; Handelinge RCA 1980: 12

[419] Handelinge RCA 1980: 139

en die gevolg was dat dit uiteindelik gelei het tot die tydelike opskorting van samesprekings met die NG Kerk [420].

'n Verdere teken van opbouende spanning in die verhouding tussen die RCA en die NG Kerk, was die besluit van die RCA dat, indien die NG Kerk gaan volhard in sy weiering om die legitimasie van leraars van die RCA te erken, die RCA op sy beurt nie langer die legitimasie van NG-dominees in sy midde gaan erken nie. Enige leraar wat dus uit die NG Kerk na die RCA beroep is, sal eers weer deur die bevoegde kommissie van die RCA gelegitimeer moet word[421].

Die Buitengewone Sinode van die RCA konstitueer op 23 Oktober 1984 en verdere dae te Durban. Uit die verslag van die waarnemende aktuarius blyk dit dat die NG Kerk nie op die legitimasie-besluit van die RCA gereageer het nie, waarop die ASK van die RCA op sy vergadering van 5 en 6 November 1982 die besluit van die Sinode in 1980 in werking gestel het, wat onmiddellik die sittingsreg van voormalige NG-dominees op die sinodale kommissies van die RCA in gedrang gebring het[422]. Uitgebreide korrespondensie tussen die voormalige aktuarius (ds EJ Manikkam) en die skriba van die Kommissie vir Opleiding en Toelating tot die bediening (ds IJ Haasbroek) waarby ook ander leraars betrek is[423], asook 'n verklaring van die Transvaalse kerkraad[424], dien voor die Sinode. Al hierdie gebeure, asook aantygings oor die wettigheid van afvaardigings uit gemeentes na die Sinodale Kommissie, het baie spanning in eie geledere veroorsaak, wat uiteindelik die saamroep van die Buitengewone Sinode genoodsaak het[425]. Om sake nog meer te kompliseer, het die voormalige aktuarius, ds EJ Manikkam op 1 Augustus 1984 sy bevoegdheid verloor aangesien hy verkies is as Lid van die Parlement[426]. Nodeloos om te sê dat daar

---

[420] Agenda RCA 1980:29, 30, 56-66

[421] Handelinge RCA 1980: 52

[422] Agenda Buitengewone RCA 1984: 6

[423] Agenda Buitengewone RCA 1984: 11-29

[424] Agenda Buitengewone RCA 1984: 30a, 30b, 31a, 31b, 32-52

[425] Agenda Buitengewone RCA 1984: 53

[426] Agenda Buitengewone RCA 1984: 58-70c

tydens hierdie sinode nie aandag gegee is aan die tema van kerkeenheid nie – alle aandag is gewy aan die normalisering van hul eie huishoudelike sake.

Die vyfde sinode van die RCA konstitueer op 15-21 Junie 1986 in Pietermaritzburg met afgevaardigdes (ses leraars en ses ouderlinge) uit vyf van die nou tien verskillende Indiër-ringe: (Teenwoordig = Pietermaritzburg, Emmanuel, Calvary, Moria en Jeshuran. Afwesig = Transvaal (sonder verskoning), Durban-Suid (in die lig van die vorige besluite en gebeure), Kaapprovinsie (wat aandui dat hulle hul lidmaatskap van die Sinode onttrek), Charisma (wat die geldigheid van die Skriba van die Sinodale Kommissie van die RCA of enige aksie wat hy uitvoer ontken in die lig van die voorafgaande gebeure waarin al drie sy leraars uit die amp gesit {*"defrock"* = afset / uitsit uit die amp van leraar} is[427]] en Lenasia (sonder verskoning) en ses waarnemers[428]. Hieruit blyk duidelik dat daar stéédsgroot spanning in die geledere van die RCA was rondom die wettigheid van optrede teen sy leraars en die aksies wat daarna geneem is. Die Charisma-ring het hul gevoelens baie sterk uitgedruk in hulle skrywe in antwoord op die oproep na die Sinode, toe hulle gesê het:

> *"At the last legal Synodical Committee meeting (Laudium 18th March, 1984) we feel that the procedure to defrock the three ministers was illegal, unjustifiable and unchristian. Two years have passed since the defrocking of these ministers and it is only now that you want to unite the RCA. It is clear to us that your present initiative is not really out of concern for our congregations, but merely with the legality of the approaching Synod. We as a congregation have committed ourselves to work for church unity and not for church fragmentation as propogated and upheld by the NG Kerk apartheid policy of separate churches for Indians, Blacks, Coloureds and Whites. Our congregation is open to all Christians regardless of race"*[429].

[427] Agenda RCA 1986: 8, 9

[428] Handelinge RCA 1986: 1, 2

[429] Agenda RCA 1986: 9

Na aanleiding van al hierdie ongelukkigheid, besluit die Sinode van die RCA om die NG Kerk te versoek om die legitimasie van al sy huidige leraars te erken ongeag hulle teologiese kwalifikasie, en om uit te stip watter teologiese kwalifikasie vereis word vir die erkenning van toekomstige leraars van die RCA[430]. Daar is verder besluit om die bevoegdheid van die Transvaalse leraars (GJA Lubbe, C du P le Roux en JNJ Kritzinger) te herstel sonder om eise van colloquim doctum of getuigskrifte te stel, maar slegs te eis dat hulle die Akte van Legitimasie in teenwoordigheid van die Sinodale Kommissie sal teken, waarna hulle 'n Akte van Bevestiging sal ontvang[431]. Verder is besluit om die RCA te herstruktureer in één ring vir die hele RCA[432].

In aansluiting by die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke verwerp die RCA die teologiese en enige ander poging tot regverdiging van apartheid as onskriftuurlik en die praktiese ondersteuning daarvan as onchristelik, alhoewel die Sinode hom daarvan weerhou om dit as kettery te bestempel[433].

Wat betref kerkeenheid word gestel dat die eenheid baie dieper as net in strukture in die eenheid tussen die lidmate van die kerk lê. Vanuit hierdie dieperliggende onderlinge eenheid moet, uit onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die eise van die Woord, dan uiteindelik iets struktureel sigbaar gemaak word, en die Federale Raad met sy diversiteit van kerke kan as vertrekpunt geneem word (al is dit nog ontoereikend) – dit sal omvorm moet word in 'n Ekumeniese Sinode van Suid-Afrikaanse kerke met oop deure, oop lidmaatskap, wedersydse erkenning van legitimasie en een belydenisgrondslag[434].

'n Verdere Buitengewone Sinode van die RCA konstitueer op 14 en 15 November 1986 in Durban met afgevaardigdes (ses leraars [nog twee het formeel verskoning gemaak] en vyf ouderlinge) uit vyf van die nou tien verskillende Indiër-ringe (teenwoordig = Pietermaritzburg, Emmanuel, Calvary, Moria en

[430] Handelinge RCA 1986: 14

[431] Handelinge RCA 1986: 16

[432] Handelinge RCA 1986: 120

[433] Handelinge RCA 1986: 31

[434] Handelinge RCA 1986: 49, 50

Jeshuran; afwesig = Transvaal [met verskoning], Durban-Suid [sal op 15 November teenwoordig wees], Kaapprovinsie [met verskoning], Charisma [wat slegs waarnemers gestuur het] en Lenasia [wil wegbreek van die RCA]) en vier waarnemers[435]. Hierdie Sinode is genoodsaak na aanleiding van die gebeure rondom die uitsetting uit en prosedure met betrekking tot die herstel in die amp van di JNJ Kritzinger, GJA Lubbe en dr C du P le Roux, die verlies van bevoegdheid van EJ Manikam, onderhandelinge met die kerkraad van Durban-Suid (in verband met die subsidiëring van ds GB Peter, 'n ondertekenaar van die Kairos-dokument) en verdere bedieningsaangeleenthede (die posisie van 'n aflos-leraar, die beroep van leraars van buite die RCA, praktiese reëlings in verband met Tentmakers en die erkenning van RCA-legitimasie deur die NG Kerk) en enkele ander algemene sake. Tydens hierdie sinode, wat dus hoofsaaklik rondom interne bedieningsaangeleenthede gehandel het, is besluit om samesprekings oor kerkeenheid met die NGSK op te skort tot by die volgende sinode van die RCA[436]. Daar word ook besluit dat geen kerkvergadering of gemeente ekumeniese verhoudinge met 'n ander liggaam sonder die besluit van die sinode mag aangaan nie en dat finansiële ondersteuning van leraars van ander liggame as die NG Kerk eers deur die betrokke ring of sy ringskommissie goedgekeur moet word[437].

'n Volgende buitengewone sinode van die RCA konstitueer op 6 Mei 1988 in Port Elizabeth met vier afgevaardigde leraars [nog een het formeel verskoning gemaak] en ses ouderlinge uit vyf ringe (teenwoordig = Pietermaritzburg, Emmanuel, Calvary, Moria en Jeshuran), met amptelike waarnemer-status twee leraars en drie ouderlinge uit 'n verdere drie gemeentes (Durban-Suid, Charisma en Shanti), met twee sendelinge, een evangelis en twee kerkraadslede uit nog vier sendingposte (Kaapprovinsie, Paarl, Wes-Transvaal en Noord van Phoenix) en 'n verdere twee waarnemers[438] om die Kerkorde goed te keur vir publikasie[439].

---

[435] Handelinge Buitengewone RCA 1986: 104, 105

[436] Handelinge Buitengewone RCA 1986: 6-16

[437] Handelinge Buitengewone RCA 1986: 110, 111

[438] Handelinge Buitengewone RCA 1988: 44-46

Die sesde Sinode van die RCA konstitueer op 2-7 Oktober 1990 in Laudium, Pretoria met afgevaardigdes (agt leraars en tien ouderlinge) uit die nou nege verskillende ringe (Pietermaritzburg, Durban-Suid, Emmanuel, Charisma, Calvary, Moriah, Jeshurun, Shanti, Sunthosham), met een sendeling, een evangelis en twee persone uit nog vier sendingposte, en 'n verdere nege waarnemers[440]. Wat betref die Belharbelydenis verklaar die Sinode dat hy hom kan identifiseer met die inhoud van Belhar, maar dit nie kan erken as belydenisskrif op dieselfde vlak as die ander drie Gereformeerde Belydenisskrifte nie, aangesien die sosiale sake waarna Belhar verwys onderhewig is aan voortdurende verandering. Belhar is hoogstens leerstellig van aard en 'n geloofsverklaring gebaseer op die Skrif[441]. Omdat die Belharbelydenis as belydenisskrif vir die nuwe kerk voorgestel is, het die RCA onttrek aan die eenwordingsproses met die VGKSA[442]. Die Sinode het hom opnuut verbind om hom te beywer om een, verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suider- en Sentraal-Afrika tot stand te bring[443]. Om dit te bereik herhaal die Sinode sy voorneme om slegs in multilaterale samesprekings tot kerkeenheid deel te neem met as ideaal 'n sambreel-sinode vir die familie van Gereformeerde Kerke[444].

Die sewende Sinode van die RCA konstitueer op 26 September tot 2 Oktober 1994 in Kaapstad met sewe leraars, een evangelis en tien ouderlinge uit die tien ringe (Pietermaritzburg, Shalom, Emmanuel, Charisma, Calvary, Moriah, Jeshurun, Shanti, Sunthosham en Wes-Transvaal) en 18 amptelike waarnemers[445]. Tydens hierdie Sinode word die *"Laudium Verklaring"*, wat in opdrag van die vorige Sinode in die interimtyd deur die Sinodale Kommissie

---

[439] Handelinge Buitengewone RCA 1988: 5

[440] Handelinge RCA 1990: 1-3

[441] Agenda RCA 1990: 31; Handelinge RCA 1990: 31

[442] Agenda RCA 1990: 40, 41

[443] Handelinge RCA 1990: 34

[444] Agenda RCA 1990: 40; Handelinge RCA 1990: 41

[445] Handelinge RCA 1994: 1-6

voltooi is, goedgekeur[446]. In die gedeelte van die verklaring wat handel oor kerkeenheid, word verklaar:

> *"WE AFFIRM our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immediate circle of our church we will foster structural unity with those who share the same confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Africa.*
>
> *WE AFFIRM that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the Church the barriers of race, gender and class. We affirm that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness"*[447].

In die verslae voor die Sinode blyk dit dat daar spanning aan die oplaai is tussen die RCA en die NGSK / VGKSA en NGKA onderskeidelik nadat laasgenoemde twee kerke voormalige leraars wat deur die RCA uit die amp gestel is, deur hulle gelegitimeer is sonder om die RCA te raadpleeg[448].

Tydens die sinodesitting volg daar 'n uitgebreide gesprek *in camera* oor kerkeenheid[449] waarvan slegs die hooftrekke, sonder vermelding van name, soos volg genotuleer is: Die willekeurige oortreding en misbruik van die Kerkorde in die verlede deur die NGSK, maak die RCA huiwerig vir die toekoms. Verder is daar min vreugde en opgewondenheid op grondvlak te bespeur oor kerkeenheid – nie eens by die lidmate van die nuwe VGKSA nie – eerder ontevredenheid. Verder is die RCA bevrees dat hy, as klein kerk, *"opgeslurp"* sal word in die eenheidsproses as *"lakeie"* van die NG Kerk, en so sy identiteit en karakter as Evangeliese Gereformeerde Kerk kan verloor. Verder verbreek die manier waarop die VGKSA voormalige *"rebelle"* (leraars wat uit die RCA weggebreek

---

[446] Agenda RCA 1994: 42-44; Handelinge RCA 1994: 22; Sien Bylae Q tot Hoofstuk 1

[447] Agenda RCA 1994: 43, 44

[448] Handelinge RCA 1994: 23-25

[449] Handelinge RCA 1994: 165-171

het) in hulle geledere opgeneem het, alle onderlinge vertroue – dié optrede word eerder as 'n belediging deur die RCA ervaar. En dan is daar sake wat eers duidelik uitgeklaar sal moet word soos die opname van toordokters in die geledere van die kerk, die belydenisgrondslag, die evangeliese karakter van die kerk, finansies en eiendomme. Aan die ander kant is die voordeel van vereniging die versoening wat in die stukkende verhoudinge kan plaasvind, groei tot dieper geestelike insig en wasdom, blootstelling aan nuwe ideologiese en religieuse vraagstukke en teologiese denke – maar dan moet hierdie wesenlike eenheid op Skriftuurlike gronde berus.

Na aanleiding van hierdie gesprek herbevestig die Sinode sy verbintenis aan die proses van kerkeenheid in die NG Kerkfamilie, gebaseer op die Woord van God, die Gereformeerde geloofsbeginsels en op onderlinge liefde en respek. Verskeie sake van kommer in die harte van lidmate in verband met die identiteit van die RCA, die posisie van die Belharbelydenis, die legitimasie van leraars en dispute oor eiendomme moet egter eers opgelos word voordat strukturele eenheid kan plaasvind – en dan moet sodanige eenheid uit die harte van mense groei en nie van bo-af geforseer word nie[450].

Die agste Sinode van die RCA konstitueer op 21-27 September 1998 in Durban met 12 leraars en 11 ouderlinge uit die 13 ringe (Pietermaritzburg, Shalom, Clairwood, Emmanuel, Charisma, Calvary, Moriah, Jeshurun, Shanti, Sunthosham, Jeshua, Maranatha en Pearl) en een amptelike waarnemer[451]. Die Sinode herbevestig sy oortuiging dat kerkeenheid van die grootste belang en dringendheid is, dat hy betrokke wil wees in multilaterale samesprekings in hierdie verband en versoek dat sy Laudiun-verklaring 'n integrale deel van die lewe en bediening in die nuwe kerk moet wees. Die Sinode pleit by die VGKSA om die Belharbelydenis nie as 'n ononderhandelbare vereiste te stel nie[452].

[450] Handelinge RCA 1994: 198

[451] Handelinge RCA 1998: 1-3

[452] Handelinge RCA 1998: 73

Die negende Sinode van die RCA konstitueer op 23-29 September 2002 in Eikenhof (Palmridge, Gauteng) met tien leraars en 12 ouderlinge uit die 12 Ringe (Pietermaritzburg, Shalom, Emmanuel, Charisma, Calvary, Moriah, Jeshurun, Shanti, Sunthosham, Jeshua, Maranatha en Pearl) en drie amptelike waarnemers[453]. Op die skrywe van Subkommissie Sewe (S7) van die Gesamentlike Kommissie (GK) van die Familie van kerke wat drie vrae aan lidkerke vra (naamlik [1] om die ander drie kerke van die Familie as Gereformeerde Kerke te erken; [2] om die ampte en legitimasie van die ander drie kerke in die Familie te erken; en [3] om die GK te verseker dat die wil tot kerkvereniging steeds bestaan)[454], antwoord die RCA bevestigend op al drie die vrae met die veronderstelling by die derde vraag dat die RCA se evangeliese standpunt oor homofilia, dobbel, prostitusie, alkohol- en dwelmgebruik en voorvaderaanbidding nooit in die poging om eenheid te bereik, gekompromiteer sal word nie[455]. 'n Beroep word op die NGKA gemaak om deel te word van die *"General Committee of Public Witness"* ter wille van die eenvormige getuienis van die Kerk, en op die NGKA en VGKSA om hulle verskille op 'n Christelike wyse volgens 1 Korintiërs 6^{1-9} buite die hof te skik. Laasgenoemde moet dien as basis vir die hantering van geskille binne die kerk[456].

Die tiende Sinode van die RCA konstitueer op 24 September tot 1 Oktober 2006 in Port Elizabeth. In die agenda word melding gemaak dat kerkhereniging in die NG Kerkfamilie merkwaardige vordering gemaak het sedert die vorige sinode[457]. Die verklaring wat die uitvoerende komitees van die NG Kerkfamilie op hul gesamentlike vergadering in Bloemfontein op 16 Augustus 2006 uitgereik het, dien voor die Sinode[458]. Hiervolgens het die vier kerke mekaar onvoorwaardelik om verskoning gevra vir die foute en onregte van die verlede en hulleself in 'n verbond verbind tot die hereniging van die NG Kerkfamilie. Hierdie verbintenis

[453] Handelinge RCA 2002: 2-4

[454] Agenda RCA 2002: 45

[455] Handelinge RCA 2002: 83

[456] Handelinge RCA 2002: 84

[457] Agenda RCA 2006: 7

[458] Agenda RCA 2006: 8b

spruit nie uit eie wil of onder sosiale of politieke druk nie, maar uit die gemeenskaplike geloof dat die Here dit van ons verwag. Om hierdie doel te bereik, sal geduld, verdraagsaamheid, nederigheid, wedersydse respek en waardering en versoening 'n noodsaaklike deel van die proses van hereniging wees. Melding word gemaak van die beplanning van die gesamentlike vergadering van die uitgebreide leierskappe van die NG Kerkfamilie op 6-8 November 2006 (die nou bekende Achterbergh I – byeenkoms).[459]

1.3 Gevolgtrekking

Die NG Kerk het die hele bespreking van kerkeenheid in 1978 vir die eerste keer op aanbeveling van die Federale Raad van NG Kerke amptelik op sy agenda geplaas. Voor 1978 was die standpunt van die NG Kerk dat die Dogterkerke onafhanklik en selfstandig binne die verskillende bevolkingsgroepe van Suid-Afrika moet funksioneer en dat die daarstelling van 'n oorkoepelende sinode afgewys moet word aangesien die verstaan van die presbiteriaal-sinodale kerkregering die Skriftuurlike standpunt handhaaf dat die sleutelmag aan die plaaslike gemeente gegee is en dat die finale gesag in die plaaslike sinode lê waar al die plaaslike gemeentes by wyse van afvaardiging verteenwoordig is[460]. Die oorkoepelende sinode, is geredeneer, sal geen besluitnemingsmagte besit nie en die federale verband is voldoende om uitdrukking aan die eenheid van die Kerk te gee. Die publikasie van *"Ras, Volk en Nasie"*, gevolg deur die opeenvolgende publikasies van *"Kerk en Samelewing"* onderskeidelik in 1986 en 1990 deur die NG Kerk, het egter beslis die weg geopen vir die nuwe debat in die NG Kerk rondom kerkeenheid in die NG Kerkfamilie. Veral sedert die Algemene Sinode van 1994 is daar by elke vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk toenemend besluite in verband met kerkhereniging geneem. By die Algemene Sinode van 1994 is daar besluit om aanvanklik te begin met die nouer samewerking tussen verskillende kommissies van die verskillende kerke en deur

[459] Ten tye van die skryf van hierdie verhandeling, was die Handelinge van die RCA se Sinode van 2006 nog nie beskikbaar nie. Dit is dus onmoontlik om te bepaal wat verder gedurende die vergadering besluit is in verband met Kerkeenheid.

[460] Agenda RCA 1980: 37

die daarstelling van strukture en rade vir samewerking tussen die NG Kerkfamilie, terwyl studie gedoen moet word oor 'n gesamentlike belydenisgrondslag en Kerkorde vir toetrede tot 'n beoogde verenigde Algemene Sinode, saamgestel deur 'n proporsionele verteenwoordiging uit die lede van die NG Kerkfamilie en wat alleen oor sake van gemeenskaplike belang op 'n basis van konsensus besluite sou kon neem[461]. Alhoewel telkens herbevestig is dat die eenheid van die kerk 'n gawe sowel as 'n opdrag van die Here is en dat 'n eenheid in belydenis of gemeenskaplike belydenisskrifte 'n voorwaarde is vir enige vorm van kerkverband tussen gemeentes, was die Belharbelydenis egter deurgaans 'n verdelende faktor in die gesprekke rondom die aanvaarding van een belydenisgrondslag vir die verenigde kerk[462] en ook oor die struktuur waarin die kerkhereniging uiteindelik tot uitdrukking moet kom, is daar nie eenstemmigheid nie. Die NG Kerk het egter besluit dat die vorming van 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie, waaronder sy belydenisgrondslag, kerkorde, naam en struktuur, ook deur 'n twee-derdemeerderheid van die kerkrade in elke sinodale gebied, asook deur 'n twee-derdemeerderheid van elke sinode en daarna deur 'n twee-derdemeerderheid van sy Algemene Sinode goedgekeur moet word, want dit is immers die gemeentes as komplete kerke wat tot kerkverband toetree en kerkverband vorm. Daarom is daar deurgaans beklemtoon dat die eenheid en hereniging as't ware uit die gemeentes in die onderlinge verhoudinge tussen lidmate moet opgroei tot uiteindelik in die sinodale strukture. Dat die NG Kerk dit ernstig bedoel, blyk verder duidelik uit sy inisiatiewe om die vier lidkerke van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika (die NG Kerk, NGKA, VGKSA en RCA) gedurende 2006 en 2007 byeen te bring onderskeidelik te Esselenpark (waar die ASM van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA saam vergader het), Bloemfontein (tussen die moderators van die vier kerke), en te Achterbergh-kampterrein gedurende 2006 (Achterbergh I tussen die uitgebreide leierskap van al die sinodes van die vier kerke) en 2007 (Achterbergh II – weereens tussen die uitgebreide leierskap van al die sinodes

[461] Handelinge Algemene Sinode 1994:442

[462] Sien Notule Algemene Sinode 1998: 422-426

van die vier kerke), asook in die feit dat lidmate deurgaan gekonsulteer word oor die standpunte van die kerkleiding in die onderhandelingsproses met die ander lede van die NG Kerkfamilie. Vir die NG Kerk is die spanning tussen die NGKA en die VGKSA rondom eiendomme, ten slotte, ook 'n hartseer saak en is daar by verskeie geleenthede aangebied om as bemiddelaar op te tree en is versoeke tot die twee kerke gerig om hul sake buite die wêreldhof by te lê.

Die NGKA het van die oomblik van sy ontstaan in 1963 ruimte in sy Kerkorde gelaat vir vereniging met ander lede van die NG Kerkfamilie in 1974 pertinent sy wens uitgespreek om met die ander drie lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika te verenig[463]. By hierdie selfde sinode is die oortuiging uitgespreek dat die groot oorsaak van spanning in verhoudinge tussen die lidkerke van die NG Kerkfamilie, die feit van gebrekkige onderlinge skakeling op plaaslike vlak tussen gemeentes is, dat permanente skakelstrukture daarom op gemeentelike en ringsvlak ontwikkel moet word en dat die NG Kerkfamilie die onderlinge bande moet verstewig deur voortdurende kontak met mekaar te behou, deur mekaar se probleme te probeer verstaan, deur samewerking en deur wedersydse voorbidding[464]. Dit is dan ook opmerklik dat by al die opeenvolgende Algemene Sinodes verslag gedoen word oor uitbreiding in skakeling van die NGKA met ander kerke van gereformeerde belydenis, en sedert 1979 'n al groter uitreik na die ander voormalige *"dogterkerke"* in die NG Kerkfamilie. By die genoemde 1979 Algemene Sinode word vir die eerste keer pertinent iets sigbaar van die opbouende spanning, saam met die ander lede van die NG Kerkfamilie, teenoor die NG Kerk rondom die hele kwessie van apartheid en rassisme[465]. Veral die NGSK het hierin redelik druk op die NGKA toegepas[466], maar die NGKA het deurgaans beklemtoon dat hy in sy onderhandelinge strewe na kerkhereniging tussen al die lede van die NG Kerkfamilie en dat al hierdie kerke daarom deurgaans gelyktydig in kerkherenigingsgesprekke betrek moet word. Wat in

[463] Handelinge NGKA 1974: 253; Agenda RCA 1980: 41

[464] Handelinge NGKA 1974: 292

[465] Agenda en Handelinge NGKA 1979: 24

[466] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 379

vooruitsig gestel word, is: Ter aanvang is daar op rings-, sinodale- en algemene sinodevlak afsonderlike vergaderings van die "ou" vier kerke, maar nou binne die nuwe kerkverband. Die vier kerke kom egter saam in een Nasionale Sinode wat bestaan uit afgevaardigdes uit die vier "ou" sinodes. Hierdie Nasionale Sinode is nie 'n “oorkoepelende" Sinode en ook nie 'n soort van “Federale Raad” nie, maar 'n ten volle gevolmagtigde sinode wat bindende besluite neem vir die hele NG Kerk in die een kerkverband. Hierdie kerkverband kan verder verstewig word deurdat op sinodale vlak gesamentlike kommissies bestaan uit lede van elk van die vier lidsinodes. Daarna word die model verder ontwikkel (groei dit tot) waar die vier "ou" kerke uiteindelik van ringsvlak af een vergadering vir die vier "lidkerke" kan wees. Op gemeentelike vlak is daar nog onderskeie gemeentes[467]. Uiteindelik kan gemeentes ook verenig. Hierdie wesenlike eenheid moet volgens die NGKA tot uitdrukking kom in oop deure (met spontane deelname aan eredienste en sakramente), oop lidmaatskap, wedersydse erkenning van legitimasie en in een belydenisgrondslag[468]. Deurgaans is dit duidelik dat die Federale Raad nie vir die NGKA die antwoord was as uitdrukking van die kerkverband in die NG Kerkfamilie nie[469]. Met die vereniging van die meerderheid gemeentes van die NGKA en die NGSK in die VGKSA in 1994, het die spanning by die NGKA egter grootliks rondom die kwessie van die eiendomme verskuif vanaf die NG Kerk na die VGKSA, met wie die NGKA op die oomblik nog in verskeie hofsake gewikkel is. Tydens sy 1999 Algemene Sinode herformuleer die NGKA sy standpunt rondom die struktuur van die verenigde NG Kerkfamilie, soos reeds gestel, soos volg: Die Sinode gaan van die standpunt uit dat die eenheid van die kerk nie beteken dat daar noodwendig een struktuur tussen verskillende kerke moet wees nie, maar dat die bestaande gemeentes, ringe, sinodes en algemene sinodes van die deelnemend kerke steeds kan bly voortbestaan, terwyl die kerkeenheid uitgedruk word deur ’n (één) Nasionale Sinode sonder enige inherente besluitnemende magte (dit kan egter per besluit

[467] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 345

[468] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 435

[469] Agenda en Handelinge NGKA 1987: 383

van die deelnemende kerke per geleentheid – waaroor vooraf ooreengekom is – besluite neem oor bepaalde aspekte wat al die kerke en hulle lidmate gemeenskaplik raak [soos byvoorbeeld die profetiese getuienis teenoor die owerheid])[470]. Daar moet slegs met die NG Kerk en die ander deelnemende kerke onderhandel word oor hierdie één Nasionale Sinode wat saamgestel word deur 'n gelyke hoeveelheid afgevaardigdes, sodat enige oorheersing van die een oor die ander uitgeskakel kan word[471]. Wat die Belharbelydenis betref, stel die NGKA dit konsekwent dat hy dit nie as vierde belydenisskrif aanvaar nie, en sedert die ontstaan van die VGKSA is die hele kwessie van die wedersydse erkenning van legitimasie ook sterk op die agenda as verskilpunt wat die gesprek rondom kerkhereniging bemoeilik.

Die NGSK het reeds by sy 1966 Sinode verklaar dat die regte voertuig gevind moet word om uitdrukking te gee aan die wesenlike eenheid van die kerke wat in die Federale Raad van NG Kerke saamgebind word om 'n volwaardige sinode te vorm met seggenskap oor leer en liturgie[472]. In 1970 het die NGSK hierdie begeerte herhaal[473] en in 1974 moedig hy sy afgevaardigdes aan om steeds die ideaal van 'n belydenis-sinode te bevorder[474]. Reeds in 1983 word die politieke en kerklike bestel in Suid-Afrika as 'n onversoenlike bestel bestempel aan die hand van apartheidsbeginsels wat volgens die verslag van die NGSK aan die NGKA niks anders tot gevolg gehad het nie as om mense te polariseer en hulle menswaardigheid aan te tas. Apartheid word getipeer as 'n *"pseudo-religieuse ideologie"* en waar dit *"gereglementeer is in kerk- en samelewingstrukture, verloën dit die gesamentlike menswees van die gelowiges en dit verloën die versoenende en vermenslikende werk van Christus"* en bring dit Artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in gedrang. Op grond hiervan het die NGSK 'n

[470] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 79,80

[471] Agenda en Handelinge NGKA 1999: 79

[472] Agenda RCA 1980: 39; Handelinge NGSK 1966: 289

[473] Handelinge NGSK 1970: 307

[474] Handelinge NGSK 1974: 382

Status Confesiones verklaar[475]. Daarom het die NG Sendingkerk besluit om die NG Kerk van kettery te beskuldig en dit gestel dat versoening alleen moontlik sal wees indien die NG Kerk sy skuld bely[476]. As uitdrukking hiervan, het die NG Sendingkerk in 1982 'n belydenis goedgekeur waarin al die bogenoemde standpunte geformuleer is[477]. Hiermee het die NG Sendingkerk nie van sy kant sy bande met die NG Kerk verbreek nie, maar by laasgenoemde gepleit om saam te soek na uitbouing van die onderlinge verhoudinge. Met die vereniging van die NGSK met die NGKA in April 1994 word beklemtoon dat die eenheid van die kerk sowel gawe as opdrag van die Here aan die kerk is en dat al die lede van die NG Kerkfamilie genooi word om ook deel van die VGKSA te word, alhoewel dit onmiddellik duidelik is dat daar gemeentes van die voormalige NGKA is wat nie deel van die nuwe VGKSA wil wees nie, en hulleself steeds beskou as voortsetting van die NGKA – 'n argument wat voor die hof sou draai en uiteindelik deur die Appèlhof as korrek uitgewys sou word ten gunste van die NGKA. Vanaf die 1997 Algemene Sinode van die VGKSA word die aanvaarding van die Belharbelydenis egter as ononderhandelbare vereiste vir enige kerkvereniging of –hereniging gestel. Dit blyk egter uit alle gesprekke dat die Belharbelydenis steeds die grootste struikelblok in die vordering met die kerkherenigingsproses is, en die VGKSA het daarom voorgestel dat die ander drie lede van die NG Kerkfamilie (te wete die NG Kerk, die NGKA en die RCA) dan maar intussen sonder die VGKSA moet verenig as teken van hul erns met die proses[478]. Die VGKSA het verder besluit om te versoek dat die Laudium-verklaring deel word van die historiese dokumente van die nuwe kerk[479] en beklemtoon dat die eenheid van grondvlak af moet begin aangesien dit nie slaag in die gesprekke op leiersvlak nie, en dat hy daarom sy Kerkorde aanpas om

[475] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 21

[476] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 23

[477] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 25-28

[478] Handelinge VGKSA 2005: 13, 136

[479] Handelinge VGKSA 2005: 17, 138

voorsiening te maak vir gemeentes, ringe en sinodes wat reeds op grondvlak nouer wil saamwerk of wil verenig, om dit te kan doen[480].

Dit is duidelik dat die RCA van die oomblik van sy totstandkoming in 1968 strewe na die handhawing van noue bande met die NG Kerkfamilie. Die RCA het reeds in 1970 sy begeerte uitgespreek tot kerkeenheid in die vorming van 'n Algemene Sinode via die Federale Raad van NG Kerke[481]. In 1976 het die RCA kennis geneem van die standpunte van die Federale Raad van NG Kerke en die NG Kerk dat eenheid deur skakeling gesoek moet word op gemeentelike-, rings- en sinodale vlak, en het besluit om via sy ASK samesprekings in verband met kerkvereniging met die ander lede van die NG Kerkfamilie te voer en kerkrade van die RCA dien ooreenkomstig in te lig[482]. Die Sinode kies duidelik vir één gereformeerde Kerk op alle vlakke van die kerklike lewe in plaas van 'n familie van vier verskillende NG Kerke wat slegs deur skakeling op die verskillende kerklike vlakke met mekaar kontak maak, aangesien laasgenoemde nie voldoende uitdrukking aan eenheid van die kerk gee nie[483]. Die 1976 Sinode besluit verder om in sy nie-gewelddadige stryd teen rassisme te poog om sy bande met die NG Kerk te behou, maar sonder om te kapituleer aan die eise van die NG Kerk en om oop, eerlike en Christelike dialoog met die NG Kerkfamilie te inisieer oor die rol van die kerk in die sosiale, politieke en ekonomiese situasie in SA[484]. Groot spanning het egter in 1980 tussen die RCA en die NG Kerk ontstaan oor die wedersydse erkenning van die legitimasie van leraars, wat uiteindelik ook tot groot spanning en onenigheid in eie geledere van die RCA gelei het. Wat betref kerkeenheid word in 1986 gestel dat die eenheid baie dieper as net in strukture in die eenheid tussen die lidmate van die kerk lê. Vanuit hierdie dieperliggende onderlinge eenheid moet, uit onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die eise van die Woord, dan uiteindelik iets struktureel

[480] Handelinge VGKSA 2005: 137

[481] Agenda RCA 1980: 41

[482] Handelinge RCA 1976: 76-77, 172; Agenda RCA 1980: 41

[483] Agenda RCA 1980: 42

[484] Agenda RCA 1976: 266; Handelinge RCA 1976: 114

sigbaar gemaak word, en die Federale Raad met sy diversiteit van kerke kan as vertrekpunt geneem word (al is dit nog ontoereikend) – dit sal omvorm moet word in 'n Ekumeniese Sinode van Suid-Afrikaanse kerke met oop deure, oop lidmaatskap, wedersydse erkenning van legitimasie en een belydenisgrondslag[485]. Omdat die Belharbelydenis as belydenisskrif vir die nuwe kerk voorgestel is, het die RCA hom in 1990 onttrek aan die eenwordingsproses met die VGKSA[486]. Die RCA het hom opnuut verbind om hom te beywer om een, verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suider- en Sentraal-Afrika tot stand te bring[487]. Om dit te bereik herhaal die RCA sy voorneme om slegs in multilaterale samesprekings tot kerkeenheid deel te neem met as ideaal 'n sambreel-sinode vir die familie van Gereformeerde Kerke[488]. In 1994 herbevestig die RCA sy verbintenis aan die proses van kerkeenheid in die NG Kerkfamilie, gebaseer op die Woord van God, die gereformeerde geloofsbeginsels en op onderlinge liefde en respek. Verskeie sake van kommer in die harte van lidmate in verband met die identiteit van die RCA, die posisie van die Belharbelydenis, die legitimasie van leraars en dispute oor eiendomme moet egter eers opgelos word voordat strukturele eenheid kan plaasvind – en dan moet sodanige eenheid uit die harte van mense groei en nie van bo-af geforseer word nie[489]. In 1998 versoek die RCA dat sy Laudium-verklaring 'n integrale deel van die lewe en bediening in die nuwe kerk moet wees en pleit hy by die VGKSA om die Belharbelydenis nie as 'n ononderhandelbare vereiste te stel nie[490]. In 2002 word gevra dat die RCA se evangeliese standpunt oor homofilia, dobbel, prostitusie, alkohol- en dwelmgebruik en voorvaderaanbidding nooit in die poging om eenheid te bereik, gekompromiteer sal word nie[491].

---

[485] Handelinge RCA 1986: 49, 50

[486] Agenda RCA 1990: 40, 41

[487] Handelinge RCA 1990: 34

[488] Agenda RCA 1990: 40; Handelinge RCA 1990: 41

[489] Handelinge RCA 1994: 198

[490] Handelinge RCA 1998: 73

[491] Handelinge RCA 2002: 83

Samevattend kan oorsigtelik in kort gestel word dat daar by al die lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika erkenning van die gawe en opdrag, asook die wil tot kerkeenheid bestaan, maar dat daar verskeie struikelblokke is wat eers uit die weg geruim sal moet word. Oorheersend is die VGKSA se aandrang op die aanvaarding van die Belharbelydenis, wat deels deur die NG Kerk aanvaar word (hoewel daar binne die NG Kerk duidelike uiteenlopende standpunte en spanning hieroor bestaan) maar wat beslis nie deur die NGKA en die RCA aanvaar sal word nie. Tweedens sal die hele kwessie rondom finansies en eiendomme eers tot tevredenheid van almal bygelê moet word, veral gesien die huidige hofgedinge hieroor tussen die VGKSA en onderskeidelik die NGKA en ook die NG Kerk. Derdens is daar duidelik nie eenstemmigheid binne die geledere van die NG Kerk, asook nie by die res van die NG Kerkfamilie oor die model vir die nuwe kerk nie. Vierdens sal die RCA se aandrang op die behoud van sy eie identiteit óók verreken moet word. Vyfdens sal daar duidelike riglyne gegee moet word vir 'n regsgeldige proses van kerkhereniging. Sesdens sal vooraf ook duidelike uitsluitsel gekry moet word oor sake soos teologiese opleiding en die wedersydse erkenning van legitimasie van leraars, die naam, taal en oor liturgiese sake in die nuwe kerkverband. Laastens is dit duidelik dat hereniging *"van onder af"* in die harte en gesindhede van lidmate sal moet begin en opgroei en dat versoening in wedersydse verhoudinge hierin van kardinale belang is.

Hoofstuk 2

Belydenis en Kerkorde in Kerkhereniging

2.1 Inleidend

Dit is telkens deur al die lede van die NG Kerkfamilie herbevestig dat die eenheid van die kerk 'n gawe sowel as 'n opdrag van die Here is. Hierin is óók telkens gestel dat 'n eenheid in belydenis of gemeenskaplike belydenisskrifte 'n voorwaarde vir enige vorm van kerkverband tussen gemeentes is. Nogtans was dit deurgaans duidelik dat die weë veral op twee punte uiteen loop, naamlik die belydenisgrondslag en die struktuur waarin die kerkhereniging uiteindelik tot uitdrukking moet kom vir die verenigde kerk. Daar is ook duidelike verskille in die verstaan van die kerkordelike weg waarlangs die verenigde kerk tot stand moet kom. Daarom gaan in hierdie hoofstuk spesifiek gelet word op die plek en rol van die Belydenis en Kerkorde asook die verstaan van die begrip kerkverband in Kerkhereniging.

2.2 Belydenis

Christus skenk nie Sy weldade volgens Bavinck deur Sy Woord en Gees aan enkele los en op sigself staande mense nie, maar aan die groter skare verloste gelowiges wat Hy in gemeenskap saam verbind het en wat van die begin af 'n historiese kontinuïteit vorm en 'n organiese geheel uitmaak. Jesus het Sy dissipels rondom Hom vergader en hulle in die belydenis van Sy Naam verenig. Hierdie belydenis het hulle só innig aan mekaar verbind, dat toe Jesus hulle verlaat het, hulle nog steeds eendragtig byeen gebly het en wanneer die Here dan Sy Gees oor hulle uitstort, word hulle 'n selfstandige en unieke gemeente van Christus[492], onafhanklik van ander bande en gemeenskappe in die wêreld[493]

[492] Volgens Bavinck (1932: 194-196) word die vergadering van gelowiges wat Jesus Christus as hulle Here bely, van die begin af met die naam *"gemeente"* aangedui, in onderskeid van die Ou Testamentiese, Hebreeuse *sinagoge* en *ekklesia*, wat na die uiteengaan van die apostels bly voortbestaan as benaming van die Joodse sinagoge in onderskeid van die Christelike gemeente of kerk, as aanduidinge van 'n

met die unieke eienskappe van eenheid, heiligheid en algemeenheid[494]. Bouwman sê dat die kerk in sy Belydenis (in navolging dan van die belydenis van die eerste dissipels)[495] uitspreek wat hy as waarheid uit die Woord aanvaar het en suiwer en ongeskonde wil bewaar, wil bely en wil leer (preek)[496]. In hierdie opsig is die Belydenis 'n verkorte samevatting van wat die Skrif oor die hoof- (of kern-)waarhede van ons geloof leer, en mag dit daarom slegs op die Skrif gegrond wees en niks anders bevat as wat die kerk as God se wil in Sy Woord vind nie. Só sal dit uit sy belydenis duidelik word of 'n kerk die ware kerk is wat Christus as sy Koning erken, of nie – en só gesien konstitueer die belydenis as't ware die kerk van Christus. Die belydenis is die gelowige antwoord van die kerk op die spreke van Gods Woord[497]. Verder vind gelowiges en die plaaslike kerke óók hulle eenheid in hulle gemeenskaplike geloofsbelydenis en nie allereers in die uitwendige organisasie daarvan nie[498]. Die gemeente is derhalwe niks anders nie as 'n belydenisgemeenskap en hierdie belydenis moet gestalte kry in hulle woorde én dade, maar dit móét óók skriftelik vasgelê word in sy belydenisskrifte, waarin en waardeur die gelowiges hulleself verklaar teenoor God, medegelowiges en die ganse wêreld[499]. Dit is iets wat uit die hart opkom en wat daarom nie aan ander opgedwing kan word nie[500].

Maar hierdie belydenis bly altyd ondergeskik aan die Woord. Durand herinner dat Martin Bucer alreeds in 1529 daarop gewys het dat geloof alléén berus op

---

georganiseerde instituut. Wanneer die gelowiges plaaslik vergader, word hulle die gemeente van Christus genoem, een van die meer gemeentes wat saam Christus se kerk genoem word.

[493] Bavinck, 1932: 193, 194

[494] Bavinck, 1932: 196-199

[495] My invoeging

[496] Bouwman, I 1985: 325

[497] Heyns, 1977: 160, 164

[498] Bouwman, I 1985: 326

[499] G Bam in Cloete et al, 1984: 110,111

[500] Heyns, 1977: 160 – Heyns sê: *"Geplaas in 'n eie unieke situasie moet elke kerk, antwoordend op die uitdaging van die Skrif tot 'n eie leerstellige vormgewing kom. Die jong kerk het as jong kerk reg op 'n eie stem, hoewel hy as jong kerk nie 'n ander stem sal mag hê as die stem van die algemene kerk nie. Natuurlik beteken dit dat die belydenis van die jonger kerke die invloed van die ouer kerke sal ondergaan, maar dan sal ook die omgekeerde kan gebeur: die belydenis van die jonger kerke sal die ouer kerke beïnvloed en verryk. … In die verantwoordelike omgang met die belydenis lê immers 'n belangrike kriterium vir kerklike selfstandigheid"*.

die enigste en sekere Woord van God en dat die mens se verstand nie in staat is om hierdie Woord voldoende te verstaan en uit te spreek nie, en dat ware geloofseenheid daarom eerder in die Woord gesoek moet word as in menslike woorde. Hiermee het Bucer nié die opstel van belydenisskrifte afgewys nie, maar gewaarsku teen die gevaar van menslike onbestendigheid, wat die opstel van 'n kort belydenis, wat sover moontlik woordeliks uit die Bybel opgestel is, meer wenslik maak[501]. In hierdie verband word dan uiteindelik van lidmate gevra om die belydenisskrifte te onderskryf (en te onderteken) *quia* (ómdat dit ooreenstem met die Woord, maar waarin steeds gewaak word téén konfessionalisme wat die belydenisskrifte op dieselfde lyn as die Woord stel) en nie *quatenus* (in soverre dit met die Woord ooreenstem en wat die weg open vir konfessionele independentisme en relativisme) nie[502].

Dít impliseer egter nié dat alle belydenisse woordeliks presies identies moet wees nie. Heyns dui tereg aan dat die pluriformiteit van kerke vra om 'n pluriformiteit van belydenisse, maar dan as 'n verskeidenheid in/binne die eenheid, anders ontaard dit in pluralisme[503]. 'n Belydenis omvat ook nie die ganse openbaringsinhoud aangaande die evangelie nie, maar slegs die kernwaarhede daarvan[504]. Kerkeenheid is daarom ook nie kerklike eendersheid nie, maar is 'n eenheid wat bou op die gemeenskaplike belydenis- of kernwaarhede[505].

Hierdie belydenis mag egter nóóit net lippetaal wees nie, maar moet geléef word – met woord én daad. In hierdie opsig kan duidelik onderskei word tussen 'n belydeniskerk ('n kerk wat 'n belydenis *hét* as kosbare kleinood wat hy as waardevolle besitting êrens bewaar) en 'n belydende kerk ('n kerk wat in die

---

[501] JJF Durand in Cloete et al, 1984: 39

[502] Strauss, 2005: 568

[503] Heyns, 1977: 160 – *"Die kriterium vir die waarheid van die belydenis lê nie in sy woordelikse ooreenstemming met 'n ander belydenis nie, maar in sy saaklike ooreenstemming met die Skrif. … Die belydende kerk kan sonder gevaar vir sy eenheid, 'n meerstemmige kerk wees op voorwaarde dat ál die stemme wat gehoor word, gehoorsame antwoorde in op die één stem van die Skrif"*.

[504] Heyns, 1992: 17

[505] Strauss, 2008 - 1: 2

greep van sy belydenis lewe – wat só deur sy belydenis aangegryp is dat dit sy hele kerklike lewe normeer, rig en lei volgens die Woord van God)[506].

Eenheid van belydenis is óók die noodsaaklike grondslag waarop die kerklike gemeenskap en alle kerklike skakeling so wyd as moontlik moet geskied[507]. Die gemeente dra die belydenis van die ganse kerk van lank gelede saam met die ganse kerk van die hede elke dag die toekoms in en só bind die belydenis gelowiges oor tyd en ruimte heen[508]. Daarom kan 'n bepaalde kerk ook nie sommer net op grond van en in reaksie op sy eie unieke, historiese omstandighede, oorgaan tot skriftelike belydenisvorming nie – dit moet aktueel bo die historiese situasie uitstyg as universeel-geldende Skrifwaarheid wat verwoord word en wat die kern van die Openbaringswaarheid in Christus raak[509]. Só word die kerk se belydenis polemies 'n *stok* om die dwaling te ontmasker, 'n *staf* om as spreekreël vir die prediking en as samevatting van die waarheid die goeie gang van die kerk deur die wêreld op die pad van die Woord te gaan, én die *stem* waarmee die gemeente aangespoor word om 'n loflied vir God te sing en te lééf, omdat dit die rykdom van die heil verwoord[510].

Die gesag van die belydenis as kerklike uitspraak van die kern-geloofswaarhede van die Woord, kan egter nóóit méér as net afgeleide gesag[511] wees nie, omdat alle kerklike uitsprake hulle gesag uiteindelik aan die Woord ontleen – kerklike gesag is Woordgesag en daarom hang die gesag van kerklike belydenisse ten diepste daarvan af of hulle op die Skrif steun[512]. Die gesag van die belydenisskrifte setel in hulle verwoording van geloofsoortuigings wat *"volgens*

---

[506] Heyns, 1977: 159

[507] Bouwman, II 1985: 5,6

[508] G Bam in Cloete et al, 1984: 111, 112

[509] JJF Durand in Cloete et al, 1984: 40-45, 47

[510] Jonker, 1994: 9,10

[511] Heyns, 1977: 161 – *""Hier vind geen gesagsoordrag plaas nie: die gesag van die Woord word nie die gesag van die belydenis, sodat Woord en belydenis naas mekaar te staan kom nie. Die gesag van die belydenis is 'n ontleende of afgeleide gesag"*.

[512] Bouwman, II 1985: 569; sien ook Strauss, 2005: 568

hulle Skriftuurlike bedoeling" interpreteer moet word[513] en daarom is die Skrif sowel die grond asook die grens vir die gesag van die belydenis[514]. In hierdie opsig kan die gesag van die belydenisskrifte aan die een kant nie gerelativeer word nie en is dit bindend op alle lidmate omdat dit die kernsake van die geloof formuleer uit die gemeenskaplike oortuiging dat dít die hoofsake van die Bybelse geloof verwoord. Instemming met die belydenis verleen aan die lidmaat toegang tot die kerk en kerkverband en gebondenheid aan die belydenis verseker 'n voortgesette kerklike lidmaatskap, en in hierdie opsig is die belydenis beslis bindend vir en op elke lidmaat[515]. In die toepassing van hierdie bindende gesag van die belydenis, kan onderskei word tussen die moreel-sedelike krag van die belydenis (Heyns noem dit die *judisiële* funksie van die belydenis) wat die dwalende wil terugroep tot die suiwere verstaan van en lewe uit die Woord alléén, en die kerkordelike krag van die belydenis (Heyns noem dit die *justisiële* funksie van die belydenis) wat volhardende afwyking van die belydenis nie kan duld nie en daarom met al die kerkordelike middele optree ter bewaring van die belydenis, selfs al moet die lidmaatskap van die dwalende uiteindelik beëindig word[516]. Aan die ander kant mag die geag van die belydenisskrifte ook nooit só verabsoluteer word asof dit oor 'n eie interne gesag beskik nie – die gesag van die belydenisskrif bly altyd slegs Woordgesag. In hierdie verband wys Heyns, in sy afwysing van konfessionalisme, daarop dat enige wyse van funksionering van die belydenis vanuit 'n posisie buite die volheid van die kerklike lewe en buite die omgang met Gods Woord nie meer dienslewering aan die kerk tot verryking en verdieping van die kerklike lewe is nie, maar dat dit dan dominering oor die kerk is[517].

Volgens Gustav Bam het Karl Barth in sy Kerklike Dogmatiek daarop gewys dat 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

---

[513] Handelinge Algemene Sinode NGK 1998: 414

[514] Heyns, 1977: 161

[515] Heyns, 1977: 165

[516] Heyns, 1977:167

[517] Heyns, 1977: 164

"1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.

2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie en selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n protes van geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.

3. Belydenis is nie 'n liriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n daad van uitdaging en konflik.

4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie"[518].

Uit die bogenoemde kan die volgende kriteria vir 'n gereformeerde belydenisskrif duidelik aangedui word[519]:

(1) **Dit moet Skriftuurlik wees** – dit moet die Skrifbeginsels en kern geloofsake eietyds verwoord;

(2) **Dit moet handel oor die kernwaarhede van die geloof** – dit moet die dogma (die *"essentia doctrinae"*[520]) van die kerk raak en bo die ontstaansituasie uitstyg en stéédsaktueel bly al verander die

---

[518] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 22

[519] Sien óók Strauss, 2005: 561-566

[520] Strauss, 2005: 562 – In hierdie verband merk Strauss tereg op: *"Dit spreek egter vanself dat nie alle kerklik-etiese of geloofsoortuigings wat Skriftuurlik is, van 'n belydenisaard kan wees nie. Dan sou bykans alle kerklike oortuigings in belydenisskrifte vervat moes gewees het. Dit kan nie, omdat sekere geloofsoortuigings eenvoudig nader aan die kern of die hart van die verhouding God, mens en die kosmos lê as ander. Daarby spruit sommige standpunte of oortuigings uit 'n blote afweging van argumente in 'n sekere situasie of afleidings uit die Bybel en funksioneer dit nie regtig as 'n hartsbelydenis nie, maar as voorlopige gevolgtrekkings of resultaat van kerklike besinning tot op datum"*.

ontstaansomstandighede – dit gaan oor die Drie-eenheid van God en die verlossingsleer[521];

(3) **Dit moenie bestaande belydenisse dupliseer nie** – dit moenie net dieselfde waarhede in ander woorde uitdruk nie. Verskillende belydenisskrifte moet mekaar aanvul tot 'n ryker volheid in die verstaan van die waarhede van die Skrif;

(4) **Dit moet 'n ekumeniese inslag hê** – dit moet die bevestiging van die één algemene of katolieke geloof wees wat vir alle kerke geld, en in hierdie opsig moet die belydenisskrif 'n eenheidsoekende dokument wees[522]; "dit moet 'tuis' begin en van daaruit breër aanvaarding soek"[523];

(5) **Dit moet nie-histories universeel-geldend wees** – dit moet kernwaarhede van die Skrif verwoord wat bo die historiese situasie uitstyg as geldende waarheid vir alle gelowiges oor tyd en ruimte heen;

(6) **Daar mag géén bymotiewe by wees nie** – dit mag alléén gaan om die handhawing van die eer van God en die suiwere oordrag van die waarhede van sy Woord;

(7) **Dit moet die praktiese lewe van die kerk normeer, rig en lei;**

(8) **Dit moet uit die hart kom sonder enige dwang**.

2.3 Kerkverband

Die gemeente word, in die lig van die Skriftuurlike belydenis van die eenheid en algemeenheid van die kerk, beskou as die plaaslike sigbaarmaking van die universele liggaam van Christus en is as sodanig volledig kerk van Christus (*ecclesia completa*)[524]. Alhoewel elke gemeente dus wel volledig en selfstandig belydende kerk is waar die merktekens of kenmerke (*notae ecclesiae*) van die

[521] Strauss, 2006: 107

[522] JJF Durand in Cloete et al, 1984: 47

[523] Strauss, 2005: 571

[524] Bavinck, 1976: 356,357

ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord, die suiwer bediening van die sakramente en die suiwer en konsekwente toepassing van die kerklike tug aanwesig is[525], is dit nié dié (volle) kerk nie, maar slegs 'n openbaring van Christus se kerk op 'n bepaalde plek – daarom is die gemeente geestelik één met die ganse kerk en met elke gemeente oor die hele wêreld wat óók só op 'n bepaalde plek tot openbaring kom én gekom het en herkenbaar was en word as kerk van Christus met belydenis van dieselfde geloof. Op grond hiérvan tree gemeentes as volledige kerke toe tot kerkverband, nie om méér kerk te word nie, maar juis omdat hulle kerk (een én algemeen) is[526]. Gemeentes wat leef uit dieselfde belydenis en wat mekaar vind oor die hoofsake van die inrigting en regering van die kerk, soek mekaar eenvoudig op om gestaltes van "sigbare" eenheid, gebou op die "onsigbare" eenheid in die Waarheid (Christus) wat daar reeds tussen hulle bestaan, daar te stel. Hierdie twee kante kan onderskei maar nie geskei word nie – aan die een kant is dit 'n geestelike eenheid wat bestaan omdat dit op dieselfde Bybelse grondwaarhede staan, maar aan die ander kant is dit 'n eenheid wat moet groei of opbou omdat die Bybelse leer en lewe asook die eenheid al meer gestalte in en tussen die betrokkenes moet kry[527]. Daar bestaan volgens PJ Strauss in die Dordtse gereformeerde tradisie 'n gangbare uitdrukking dat die *"eenheid in belijdenis"*, soos uitgedruk in sy erkende belydenisskrifte, die akkoord van kerklike gemeenskap in 'n sekere kerkverband is[528] – dit is die afspraak of basis vir geloofsgemeenskap tussen gelowiges in gemeente- en kerkverband. Gelowiges soek en vind mekaar in kerkverband omdat God hulle eerste gesoek en gevind het en in dié proses tot 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis gebring en gevoeg het (Handelinge 2^{47}) om op hierdie grondslag Sy kerk te bou (Matteus 16^{17-19})[529]. Tewens, kerkverband hoort tot die wese van die kerk, omdat kerke in Christus rééds onderling met mekaar verbind is deur één geloof, één hoop en één Gees (vgl. Efesiërs 4^{3-6}), en

[525] NGB Artikel 29

[526] Heyns, 1977: 173

[527] Strauss, 2001: 396, 397

[528] Strauss, 2005: 560, 568

[529] Strauss, 2005:566, 567

hierdie wesenseenheid móét sigbaar tot openbaring kom in die onderlinge verhoudinge van plaaslike kerke[530]. Bybels gesien is egte kerkeenheid dus altyd 'n eenheid in die waarheid, 'n eenheid in Christus gebou op Sy Woord – 'n eenheid wat opkom uit en self ook deel is van hierdie Waarheid. 'n Eenheid wat nie noodwendig eendersheid of eenstemmigheid in alles veronderstel nie, maar wat setel in dieselfde beginsels en uitgangspunte – daarom moet hulle vir mekaar ruimte skep as hulle dieselfde beginsels verskillend wil toepas én verskillende woorde of benaminge vir hierdie toepassing wil gebruik[531]. In Efesiërs 4^{1-16} is sowel die indikatief (die gegewenheid van die eenheid, die alreeds) as die imperatief (die opdrag tot verder soekende eenheid, die nog nie) opgesluit. Hierdie eenheid kom dan tot uitdrukking in en sentreer hoofsaaklik rondom drie dinge: (1) die Woord, en dán, gebonde aan en voortspruitend uit die Woord, (2) die belydenis en (3) die hoofsake van regering en inrigting van die kerk[532]. Die aard van die kerkeenheid gaan afhang van die gemeenskaplikheid in hierdie drie sake – in die geval van kerkverband sal daar instemming en ooreenstemming op al drie die punte wees, terwyl by ekumeniese verhoudinge die derde sal wegval en die graad van ekumeniese verhoudinge dan bepaal sal word deur die graad van instemming en ooreenstemming wat die eerste twee punte betref.

Kerkverband is dan die verband van gemeentes wat wel wesentlik genoodsaak is (kragtens die wesentlike eienskappe van die kerk, naamlik sy eenheid en heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) maar tóg óók gewillig en vrywillig met ander gemeentes van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting (kerkregtelike beginsels en liturgie) met mekaar die kerk van Christus oor die aarde vorm[533]. En alhoewel die gemeente wat tot kerkverband toetree volledig kerk is, moet sy toetrede tot kerkverband hom in sy kerkwees versterk, geestelik verryk en van die eensydigheid van sektarisme bewaar, wanneer hulle

---

[530] Heyns, 1978: 384

[531] Strauss, 2008 – 2: 4

[532] Strauss, 1997: 1

[533] Bouwman, II 1985: 16,17

gesamentlik die roeping en taak van die kerk opneem sonder om die roeping en taak van die individuele gemeente te vervang of te laat verval[534]. Meerdere vergaderings moet aan die kerke of gemeentes die nodige steun en inspirasie gee om in hulle eie omgewing kerk van die Woord te wees – hulle aanspoor in die vervulling van hulle roeping en hulle bewaar teen ontsporing[535]. Kerkverband as 'n verband van gemeentes kan daarom enersyds ook nie sonder die meewerking van gemeentes suksesvol gevorm óf verander word nie, en daarom móét gemeentes deurgaans geraadpleeg word en sal hulle uiteindelik ook moet toestem tot die verandering aan die bestaande of die vorming van 'n nuwe kerkverband[536]. Andersyds pleeg gemeentes troubreuk as hulle eensydig uit ooreenkomste vir gesamentlike werksaamhede onttrek sonder enige oorleg vooraf met die deelnemende kerke[537].

Die moontlikheid bestaan natuurlik dat 'n gemeente kan verkies om nié met ander gemeentes wat dieselfde geloofswaarhede vanuit die Skrif huldig en bely, wat in dieselfde gebied bly en in dieselfde situasie verkeer, te skakel nie. Só 'n gesindheid openbaar egter 'n ongesonde selfstandigheid wat kan lei tot kerklike independentisme en kongregasionalisme, en dus 'n afswakking van die kerkverband, wat daartoe lei dat die individu self kies waar hy/sy kerklik wil inskakel, waar die gemeente besluit soos en wat hy wil, en waar enige beperkende of gesamentlike struktuur as bedreigend gesien en verwerp word[538].

Oor die spesifieke struktuur wat hierdie kerkverband moet aanneem, gee die Skrif geen duidelike voorskrifte nie, maar die Skrif beklemtoon wel die noodsaak van die sigbare eenheid van alle gelowiges wat gebou word op gemeenskaplike geloofswaarhede (vgl. Ef 4^{1-16}) en wat hom uitdruk in gesamentlike besluitneming (vgl. Handelinge 15) en onderlinge hulpbetoon (vgl. 2 Korintiërs 9) – die onsigbare geloof moet dus duidelik op die een of ander wyse struktureel sigbaar

[534] Strauss, 2001: 397; 2006: 108, 109

[535] Strauss, 2001: 403

[536] Strauss, 1997: 5

[537] Strauss, 2001: 400

[538] Strauss, 2001: 397, 398

word[539] terwyl die basiese grondbeginsels vir die motivering van meerdere vergaderinge van 'n presbiteriaal-sinodale aard tog duidelik in die Skrif aantoonbaar is[540]. Daarom kan die strukturele kerkverband dan een van twee moontlikhede aanneem, naamlik 'n federale of 'n sinodale verband. In 'n *federale verband* neem die gesamentlike vergaderings kerkregtelik adviserende en nie bindende besluite nie. In 'n *sinodale verband* neem die gesamentlike of meerdere vergaderings (waarvan die hoeveelheid van die meerdere vergaderings asook die spesifieke take en verantwoordelikhede van elkeen van hierdie meerdere vergaderings, deur die gemeentes met toetrede ooreengekom word) kerkregtelik besluite wat bindend is vir die deelnemende gemeentes en mindere vergaderings[541]. Die take en verantwoordelikhede van elke vergadering word duidelik vasgestel. In die Kerkorde van die NG Kerk het die kerkraad 'n *"oop"* opdrag in dié sin dat dit nie 'n duidelik omskrewe lys van take het nie, terwyl elke meerdere vergadering 'n *"beperkte"* en duidelik omskrewe opdrag het[542]. Dit beteken dat die kerkraad in die gemeente as ecclesia completa enige saak kan hanteer, maar nie alle sake kan afhandel nie[543].

Ter volledigheid wil ek daarop wys dat gemeentes nie slegs met kerke van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting in verband tree nie, maar óók ekumenies met ander kerke wat institusionêr onderskeie is van die eie kerk, om saam te luister na die Woord en in die lig daarvan die eie belydenis stéeds te toets en só te soek na die waarheid in die verskeidenheid. Dat daar verskillende gestaltes en grade van ekumeniese verhoudinge onderskei moet word, spreek vanself – tussen kerke met 'n gereformeerde belydenis sal daar 'n meer intieme en nader verhouding kan bestaan, sal mekaar se lidmaatskap onderling erken kan word en wederkerige toelating tot die gebruik van die sakramente kan plaasvind, terwyl met kerke wat verder van mekaar verwyder is wat

[539] Strauss, 2006: 109, 110

[540] Heyns, 1978: 385, 386

[541] Strauss, 1997: 2,3

[542] Kerkorde NG Kerk 2007, artikels 20, 22, 26, 29, 31, 35 en 43

[543] Strauss, 2001: 397

belydenisgrondslag betref, byvoorbeeld kerke met 'n algemeen Christelik-Protestantse belydenis, losser en minder intieme verhoudinge gehandhaaf sal word[544]. In hierdie verband bepaal die Kerkorde van die NG Kerk die volgende[545]:

Artikel 70

70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op 'n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke saam te werk, 'n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.

70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die betrekkinge met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van 'n gewone meerderheidstem.

70.3 Die graad en wyse van samewerking word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.

70.4 Die besluit oor 'n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van 'n ekumeniese organisasie word geneem met 'n twee-derde-meerderheidstem van die Algemene Sinode.

Ten slotte: Indien hierdie kerkverband wat só tot stand kom tussen verskillende gemeentes, óók kerk is, is dit vanselfsprekend dat dit as kerkverband óók die tipiese aard van die kerk sal vertoon en na sy aard as Christelike geloofsverband, as een van die gestaltes van die Koninkryk van God in hierdie wêreld[546], wat gerig is op die op- en uitbou van die Christelike geloof (met die Skrif as eerste norm [*norma normans*] en die belydenis as tweede norm [*norma*

[544] Heyns, 1978: 385

[545] Kerkorde NG Kerk 2007: 31

[546] Heyns in Duvenage et al, 1974: 37-46

normata] vir hierdie geloof), óók onderskeibaar wees van alle ander samelewingsverbande[547].

2.4 Kerkorde

Die gemeente as vergadering van gelowiges het van die begin af 'n bepaalde georganiseerde instituut met reëls vir sy vergaderings en werksaamhede asook ampte vir die uitvoering daarvan gehad, om verwarring en ontbinding te vermy en aan sy doel te beantwoord – en Bavinck begrond hierdie waarheid in 1 Korintiërs $14^{33,40}$ wat sê dat God nie 'n God van wanorde is nie, maar van orde en vrede en dat alles daarom ordelik moet geskied[548]. Hanekom stel dit dat die kerkregering nie uit die reg of uit die kerk opkom nie, maar uit die Evangelie en dat dit daarom in sy diepste wese deel vorm van die belydenis en getuienis van die kerk as verkondiging dat God in skepping en herskepping die chaos wegwerp en verwerk tot die kosmos as omlynde orde van Sy werk[549]. Volgens Bouwman het die kerk vanaf die vroegste tyd behoefte gehad aan 'n gemeentelike liggaam wat hierdie goeie orde en tug in die gemeente moes handhaaf, maar dit was eers Calvyn wat die leer van die Skrif in verband met die kerk, die ampte en die regering van die kerk konkreet laat neerslag vind het in die kerkraad (die kerklike mag berus volgens Calvyn by die gemeente of gelowiges, maar word deur die opsieners van die gemeente in die naam en in opdrag van Christus uitgeoefen)[550] as vergadering van die leraar/s en opsieners van die gemeente. In hierdie regering van die gemeente was daar egter van geen heerskappy-voerende mag sprake nie, aangesien die kerkregering 'n dienskarakter (in die diens van Christus) aangeneem het wat tot nut (heil en opbou) van die gemeente as geheel aangewend moes word – die enigste mag en gesag behoort aan Christus as die Hoof van Sy kerk en bly aan Hom verbonde[551]. Die eerste Gereformeerde

[547] Strauss, 2006: 103,105, 109

[548] Bavinck, 1932: 199-202

[549] Hanekom, 1974: 18

[550] Bouwman, II 1985: 1,2

[551] Bavinck, 1932: 202, 203

uitgangspunt of vertrekpunt, is dus dat Christus Self Sy kerk regeer deur Sy Woord en Gees, en dat Hy hierin kragtens Sy genadige beskikking en met Sy verleende gesag gebruik maak van die ampte. Daarom besit die ampte geen gesag of bevoegdheid in hulleself van nature of by wyse van aanstelling of verwerwing nie, maar is die afgeleide, van Christus verleende gesag en bevoegdheid wat geen rede vir roem of verheffing oor mekaar is nie. Daarom beskou die Gereformeerde Kerkreg die ampte as gelykwaardig sonder enige sweem van hiërargiese oorheersing van die een amp oor die ander. Wanneer daar 'n leergeskil ontstaan tussen Antiochië en Jerusalem, gebruik Paulus nie sy apostoliese gesag om in die saak te beslis nie, maar gaan hy en afgevaardigdes van Antiochië na Jerusalem sodat die gelowiges saam onder die leiding van die Heilige Gees na 'n oplossing kan soek in die lig van die Skrif[552].

Die tweede Gereformeerde uitgangspunt is die volledigheid van die plaaslike gemeente (*ecclesia completa*) waar die regering van Christus met gebruikmaking van die ampte van ouderling (lerend en regerend) en diaken konstitueer in die kerkraad.

Benewens die kerkraad het daar in Calvijn se tyd egter weekliks in Genève 'n vergadering van leraars plaasgevind wat gewaak het oor die suiwerheid en eenstemmigheid in die leer en Skrifuitleg van die kerk, wat die weg voorberei het vir die sinode van Emden (1571) se vorming van 'n ring van naburige gemeentes[553] en wat uiteindelik gelei het tot die reël van die onmiddellike (nabye) kerkverband[554] waarin die presbiteriaal-sinodale, anti-hiërargiese (met duidelike afwysing van die episkopaat en katedralisiteit, en duidelike aanwysing van die gelykheid [*"aequalitas"*] tussen sowel gemeentes as ampsdraers) en anti-independentistiese karakter van die kerk[555] duidelik in 'n onderlinge akkoord vanuit hulle gemeenskaplike belydenis tussen die gemeentes vanuit die Woord

---

[552] Kleynhans, 1985: 2

[553] Nauta, 1971: 91 – volgens Bouwman (II 1985: 2) 'n *"coetus"* of vergadering van predikante (wat óók in Londen vanaf 1550 vergader het bestaande uit leraars, en vanaf 1570 met insluiting van ouderlinge.

[554] Bouwman, II 1985: 4

[555] Nauta, 1971: 89,90

afgelei en vasgelê is[556]. Volgens Hanekom is die gemeente as selfstandige uiting van die Kerk van Christus die beginpunt maar nie die eindpunt van kerkregering nie[557]. Die derde gereformeerde uitgangspunt is daarom dat, aangesien die gemeente, alhoewel volledig, nie die enigste of volle kerk van Christus op aarde is nie, tree dit in verband met ander kerke van dieselfde belydenis en kerkregering[558] in die verbande van ring, sinode en algemene sinode binne dieselfde geografiese gebied, en met kerke buite die geografiese gebied en ander kerke met Christelike grondslag binne en buite die geografiese gebied in nadere of verdere ekumeniese verhoudinge en –verband. Dit is die gemeentes wat kerkverband konstitueer en nie die verskillende vergaderinge van ring of sinode nie, en daarom is enige verbandsvorming altyd onderhewig aan die beslissing van die plaaslike gemeente via sy kerkraad, aan wie die gemeente die beslissingsbevoegdheid verleen. Verder is daar ook wat betref die vergaderinge van kerkraad, ring, sinode en algemene sinode geen sprake van oorheersing van die een oor die ander nie, maar alleen van 'n van Christus verleende gesag en bevoegdheid binne die raamwerk van elk se eie gedefinieerde opdrag in en met die gesag en bevoegdheid daartoe van Christus verleen. Die verbandsvergaderinge is nie hiërargies-hoër vergaderinge nie, maar slegs meerdere vergaderinge wat van die betrokkenheid van meer gemeentes (by wyse van amptelike afvaardiging met geloofsbrief) se insette en wysheid in die saam-luister na God se regering (*teokrasie*) deur Sy Woord en Gees gebruik maak om te kan sê *"die Heilige Gees en ons het besluit"* (Hand.15[28]).

Wat die kerkregering en Kerkorde betref, is dit voor-die-hand-liggend dat daar 'n behoefte by die kerk ontstaan het vir die boekstawing van sy ordereëls waarin die bogenoemde beginsels saamgevat kon word. Die Bybel is immers geen bloudruk waaruit alles klinkklaar afgelees kan word nie – dit gee die uitgangspunte en dien in hierdie opsig as bron van kerkregtelike beginsels

[556] Bouwman, II 1985: 4

[557] Hanekom, 1974: 20

[558] Kleynhans, 1985: 1

(Bucer – hy sien die Bybel as die materieel pneumatiese en dinamiese beginsel vir die kerkorde, eerder as die formeel juridiese soos Van't Spijker dit beskou) wat op eietydse manier in verskillende situasies toegepas kan word (Calvyn – hy sien die Bybel as die materiële beginsel vir die kerkreg)[559]. Daarom stel Bouwman dit duidelik dat die regering van die kerk bepaal word deur die Woord waarin Christus sy Koninklike mag bekend maak en wat Hy deur die ampte in die wêreld gaan bedien om te sorg dat die lewe in die gemeente in ooreenstemming met die algemene reëls van sy Woord (en dan die Woord nie gesien as 'n wetboek nie), as uitdrukking van Sy wil, geskied[560]. Die gemeente, onder Christus as sy enigste Hoof, oefen die mag van Christus deur sy kerkraad uit deur al sy ampsdraers wat gelykwaardig is wat mag en gesag betref, en wat moet handel in en ooreenkomstig die koningsreg van die Here van die gemeente[561]. En aangesien die Here Self Sy kerk dus vergader en regeer deur Sy Woord en Gees, en omdat Hy nie 'n God van wanorde is nie, maar van orde en vrede, wat vereis dat alles in Sy kerk gepas en ordelik moet geskied (vgl 1 Kor $14^{33, 40}$; Kol 2^{5}), en aangesien die Here die ampte geroep en aangestel het en vertrou om as verantwoordelike bestuurders van Sy huishouding op te tree, het die kerk hierdie orde as 'n gawe en opdrag van die Here aan die kerk geïnstitusionaliseer en georganiseer in kerkinstituering en kerkorganisasie, en het kerkvergaderinge deur die eeue 'n belangrike rol hierin gespeel as regeerliggame, ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat die Here ons in Sy Woord leer[562], namens Christus in en oor Sy kerk[563]. Daarom het die kerk deur die eeue heen ook sy verstaan van die Here se Woord in sy *Belydenisskrifte* en *Kerkorde* geformuleer (hierdie dokumente kan beskou word as die *grondslag of fondament* vir 'n gesonde huishouding of te wel kerkregering). Die kerk het die vryheid en verantwoordelikheid om die ewig geldende beginsels van die Woord na die behoefte van die tyd en

[559] Strauss, 1991: 23,24

[560] Bouwman, I 1985: 324

[561] Bouwman, II 1985: 4

[562] Nederlandse Geloofsbelydenis Art 30

[563] Kleynhans, 1985: Voorwoord

omstandighede tot welsyn van die kerk toe te pas[564]. Hiervoor kan die kerk sekere bepalinge, afgelei uit die Skrifbeginsels, formuleer[565] ter wille van die goeie orde en welsyn van die kerk, maar dit moet beperk (min) bly en die geestelike karakter van die kerk en sy Kerkorde moet behou word[566]. Die orde in die kerk vind dus sy grondslag in die Woord, soos wat dit deur die kerk dogmaties in sy dogma (leer) verwerk en in sy belydenis vasgelê word[567], wat onmiddellik dui op die verband tussen die Kerkorde en die Belydenis van die kerk. 'n Kerkorde mag egter nooit prakties 'n *codex juris canonici* word nie. Selfs die Roomse Kerk is na Vaticanum II besig om die Codex te hervorm en vooraanstaande Roomse kerkregtelikes bepleit 'n kerkorde[568].

Die bestaansreg, noodsaaklikheid en waarde van die kerkregering en die Kerkreg as teologiese wetenskap, is in die loop van die geskiedenis egter dikwels in twyfel getrek en selfs bestry. Die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak bet, so word aangevoer, verdra volgens Kleynhans by die voorstanders van hierdie standpunt nie 'n gesagvolle kerkorde nie. Daarom behoort die kerklike organisasie volgens die voorstanders van hierdie standpunt minder strak en meer charismaties ingerig te wees. Kleynhans noem die volgende voorbeelde[569]: die **Anabaptiste** en ander sektariese groepe uit die sestiende eeu het die kerkregering skerp afgewys aangesien kerk en reg volgens hulle onverenigbaar met mekaar is; **Sohm** het hierop voortgeborduur – soos vir die Anabaptiste is kerk en reg vir hom onversoenlike teenstellinge: *"das Wesen der Kirche ist geistlich; das Wesen des Rechts is weltlich"*. Die kerk is vir sy lewe

---

[564] Bouwman, I 1985: 325

[565] In hierdie verband sê Bouwman (1985: 326) : *"Het vaststellen van de kerkelijke orde berust bij de kerk zelve. Elke kerkeraad heft het recht en de macht van Christus ontvangen, verordeningen te maken en regelingen te treffen voor de kerk, waarover hij gesteld is, en binne de grenzen, door Gods Woord hem voorgeschreven. De meerdere vergaderingen kunnen en mogen regelingen maken, geldend voor haar eigen gebied. Doch de kerken in haar algemeene vergaderingen of in de generale synode hebben het recht en de roeping, een kerkenordening voor al de kerken te ontwerpen en vast te stellen, welke krachtens het kerkverband alle kerken, die in synode samenkommen, bindt. Een kerkenordening is dan ook geen onveranderlijke regel. Dezelfde kerken, die haar hebben vastgesteld, kunnen haar ook wijzigen, indien de noodzaaklijkheid hiervan mocht blijken"*.

[566] Bouwman, I 1985: 327

[567] Bouwman, I 1985: 326

[568] Rossouw, 1974: 89

[569] Kleynhans, 1991: 35-39

nie van 'n aardse gesag afhanklik nie, maar hy ontvang dit van Bo; **E Brunner** sien, soos Sohm, die kerk as 'n gemeenskap van versoendes wat in liefde saamwoon, 'n broederskap wat as sodanig vreemd staan teenoor die gedagte van 'n instituut, ampte en 'n kerkorde. Hy is tewens van mening dat die broederskap in die gang van die kerkgeskiedenis in 'n instituut ontaard het. Kritiek op hierdie standpunte van die Anabaptiste, Sohm en Brunner het volgens Kleynhans nie uitgebly nie – **H Bouwman** was van oordeel dat die voorstelling van Sohm nóg op die Skrif kan steun, nóg uit die wese van die kerk afgelei kan word, maar inteendeel 'n loutere filosofiese konstruksie is. Daar is immers reeds in die Nuwe Testament duidelike aanwysinge vir 'n vaste orde en reg in die kerk, bv die verkiesing van die eerste diakens en ouderlinge, voorskrifte in verband met verskillende ampte, aanmoediging tot en riglyne met betrekking tot die toepassing van tug en voorts ook die oproep tot orde in die kerk[570]; **CJ Smit** onderskei tussen orde wat as heilshistoriese gawe aan die kerk gegee is en orde wat as ekklesiologiese opdrag aan die kerk voorgehou word. Jesus Christus, die Hoof van die kerk, is ook die Ordegewer daarvan. Hy vergader, beskerm en onderhou sy kerk ... nie as 'n afgehandelde taak nie: Dit is 'n voortdurende taak wat Hy op organiese wyse ten uitvoer bring. Hy gee die orde aan sy kerk deur die werkinge van sy Woord en Gees. Waar sy Woord verkondig word en die Heilige Gees meewerk, kom orde tot stand. Hierdie orde realiseer in kerkinstituering en in kerkorganisasie[571]. Smit onderskei ook tussen die charismata (geestesgawes) en die diakoniai (dienste, ampte) en wys 'n spiritualistiese teenstelling tussen die *"charismatiese"* en die *"administratiewe"* dienste prinsipieel af. Terwyl die klem egter op charismata as gawe gelê word, benadruk hy die diakoniai as opdrag. Daar bestaan volgens hom 'n opvallende en noue verband tussen die kerkregering en die opbouing van die kerk as liggaam van Christus. Gods reg is goed omdat Hy goed is – die formele reg is nodig om leiding, vastheid, orde en samewerking te verseker, sodat die kerk dientengevolge des te beter aan sy roeping kan beantwoord; **Rutgers** sê

[570] Bouwman, 1985 – I: 6,7

[571] Smit, 1984: 20-26

volgens Kleynhans dat die beginsel waarvan Sohm in hierdie verband uitgaan, voortvloei uit 'n valse mistiek en 'n doperse minagting van die kerk. Dit kom inderdaad op niks minder neer nie *"dan op eene misvorming of terzijdestelling van de grondslagen zelven der christelijke belijdenis"*[572].

Gereformeerdes het volgens Kleynhans die kerkregering en kerkreg egter steeds hoog waardeer en gehandhaaf as die van God gewilde instrument waardeur die lewe beheers en aan die gesag van Christus onderwerp word. Kleynhans verwys kortliks na die volgende persone[573]: **Martin Bucer** het volgens Kleynhans vir die Kerkreg gepleit *"als recht van de gemeente, als recht van Christus, en zo als goddelijk recht"* wat die stigting en opbouing van die gemeente as oogmerk het; **Calvyn** het die geestelike karakter van die kerk sowel as die reg gehandhaaf en die opvatting gehuldig dat die kerk volgens die Skrif 'n vaste regeringsvorm moet hê; **Rutgers** sien die kerkregering nie as 'n storende mag wat die kerk misvorm en bederf nie, maar juis as 'n middel waardeur sulke skade afgeweer kan word. Eweso handhaaf **Bouwman** die Skriftuurlike grondslag van die Kerkreg as hy skryf: *"het gebouw van het kerkrecht rust dus op den grondslag van het Woord Gods"*. Bouwman stel dit dat Christus self Sy kerk kan regeer, maar dat Hy verkies om dit deur sy Woord en Gees en met die gebruikmaking van die ampte te doen. Hierin het die Kerkorde die karakter dat dit reëls op grond van die Woord en in ooreenstemming met die belydenis van die kerk daarstel vir die handhawing van die goeie orde in die kerk[574]. Vir die praktiese toepassing hiervan en ter wille van eenvormige optrede het die Kerk ook sekere *reglemente* en *handleidings* opgestel en *vorms* daargestel, wat nie dieselfde aard of gesag besit as die *Belydenisskrifte* en *Kerkorde* nie – dit wil slegs eenvormige praktiese optrede bevorder:

(1) Ter wille van die handhawing van die goeie orde, harmonie en vrede binne die kerkverband

(2) en die verhoging van die funksionaliteit binne die kerk.

---

[572] Kleynhans, 1991: 39

[573] Kleynhans, 1991:39, 40

[574] Bouwman, I 1985: 327

Dit gaan hierin immers,

(a) naas die welwese van elke gemeente,

(b) óók om die welwese van die sinodale kerkverband

(c) en bo-al om die eer en verheerliking van die Here as die Koning van die kerk.

Hierdie dokumente moet nie bedreigend as dwangmiddels beskou word nie, maar positief as getoetste hulpmiddels vir 'n ordelike en effektiewe bediening. In die lig hiervan sien gereformeerdes volgens Strauss die verband tussen Skrif, belydenis en kerkorde kortliks soos volg[575]: Volgens **Pont** gaan die belydenis die kerkorde struktureel vooraf en normeer dit met betrekking tot sy afhanklikheid en interpretasie van die Skrif. Die belydenis bepaal die breë verstaan van die begrip *"kerk"* en sy *"orde"*[576]; vir **Nauta** is die Bybel en die belydenis die grondslag vir die kerklike samelewing[577]; vir **Bronkhorst** sluit die *ius constitiuendum* of die reg wat vir die kerk geld, die *"konfessionele"* agtergronde in[578]; vir **Haitjema** gee die belydenis in die gereformeerde konfessies soos dit op die Skrif bou, aan die Kerkreg *"normerende"* grondlyne[579]; en vir **Smit** is die belydenis die norm en bestek van die kerkorde[580]; volgens **Coertzen** is die Bybel wel die bepalende en normerende metodologiese vertrekpunt en maatstaf vir die Kerkreg, maar wat ook gebruik mag maak van die belydenis, kerkgeskiedenis, juridiese-, sosiale- en filosofiese metodes. Die Bybel is die bril waardeur elemente wat nie in die Skrif voorkom nie, bekyk en teoreties vorm gegee en diensbaar gemaak word[581]. Die prinsipiële eis is egter dat die kerkorde eietyds moet wees – eietydse omstandighede moet kerkordelik verreken word. Die kerklike tradisie moet ook in aanmerking geneem word, asook volgens **Bucer** die bestaande kerklike &

---

[575] Strauss, 1991: 28, 29

[576] Pont, 1981: 10

[577] Nauta, 1971: 13

[578] Bronkhorst, 1947: 11

[579] Haijtema, 1951: 9

[580] Smit, 1984: 53

[581] Coertzen, 1986: 58

burgerlike reg[582], volgens **Roijaards** kerkregtelike besluite van die verlede asook staatsbesluite oor die kerk[583], en volgens **Bouwman** ook bestaande kerkordes en geskrifte van canonici in soverre hulle gegrond is in die Skrif[584]. Kortom, die Skrif word beskou as die *norma normans* en die belydenis as die *norma normata* vir die kerkorde in die opeenvolgende orde van Skrif, belydenis en dan kerkorde.

Wat die vorm en inhoud van 'n kerkorde betref, moet volgens Coertzen enersyds gewaak word teen die neiging om kerklike bepalinge te vermenigvuldig[585]. Die *Corpus Juris Canonici* was die produk van die strewe by die Roomse Kerk om 'n wetsvoorskrif vir elke voorkomende geval te hê. So is die geestelike lewe in die kerk versteen en het die kerk in formalisme ten gronde gegaan. Die moontlikheid dat 'n kerkorde in 'n Protestantse *Corpus Juris Canonici* kan ontaard, bestaan dus wel. Dit geld met name van die Presbiteriale stelsel van kerkregering waar, veral ten opsigte van sake van algemene belang (*res generalis*) 'n hoë mate van gesag (*potestas*) aan die sinode toegeken word. Die bewegingsvryheid van ringe, kerkrade en lidmate kan deur die vergadering maklik aan bande gelê word. Aan die ander kant moet gewaak word teen onduidelikheid omdat daar te min bepalings is. Daarom moet artikels na die eis van eiesoortige omstandighede aangevul word met die besluite en bepalings van die betrokke kerk. In die kerkordes van die verskillende sinodes van die NG Kerk word dan ook, naas die artikels van die amptelike Kerkorde, bepalinge aangetref wat bereken is om die kerkregering in die betrokke sinodale gebied ten beste te dien. Volgens Du Toit is die doel van 'n kerkorde bepalend vir sy vorm en inhoud, lengte en omvang asook by die uitleg daarvan[586]. In hierdie verband moet, volgens hom, die volgende uitgangspunte in gedagte gehou word:

(i) *Die kerkorde is nie 'n wet wat met wetlike gesag geklee is nie* – dit wys weg van homself af na die Woord van God. Daarin is die kerkorde se bindende

---

[582] Van't Spijker, 1972: 13

[583] Roijaards, 1934: 17

[584] Bauwman, 1985: I:31

[585] Coertzen, 1991: 41

[586] Du Toit, 1991: 49

karakter geleë. Die kerkorde dra nie 'n dwingende, maar 'n reëlende karakter.

(ii) *Die kerkorde is ook nie 'n reglementebundel nie*. Alle kerklike gebeure moet nie gereglementeer word *"met notariële nauwkeurigheid"* nie, want baie kan aan die wysheid van die kerklike vergaderinge toevertrou word.

(iii) *Die kerkorde bestaan nie uit bloot menslike insettinge nie*, maar is, as vrug van die vrede wat met God bewerk is, juis 'n voorwaarde vir die vryheid waarin die geloof van die kerk mag groei.

Johannes Calvyn kan bestempel word as die vader van die gereformeerde kerkreg[587]. Sy invloed is merkbaar in al die kerkordes wat tussen 1537 en 1571 ontstaan het. Wanneer die Nederlandse Kerke in 1571 te Emden vergader om onder andere 'n kerkorde op te stel, bou hulle voort op sy werk en dié van die kerke wat deur hom beïnvloed is. Verskillende sinodes van die Nederlandse Kerke het daarna die Kerkorde van Emden verbeter en aangevul totdat die Sinode van Dordrecht in 1618/19 'n finale beslag daaraan gegee het. Wat inhoud en indeling betref, vind die Dordtse Kerkorde neerslag in gereformeerde kerkordes wat na 1619 tot stand kom. Dit geld met name van die Kerkorde van die NG Kerk wat in 1962 sy beslag vind. In sy ses hoofstukke gaan dit agtereenvolgens oor die belydenis en orde, die ampte, die vergaderinge, die arbeid, die kerklike opsig en tug en die betrekkinge van die kerk na buite.

Teen die bogenoemde agtergrond handel die *Kerkorde* van die NG Kerk in Artikels 1 en 2 oor die uitgangspunte van die Skrif en belydenis van die kerk wat die kerk se opvatting van die eenheid van die kerk by implikasie onderskryf[588] en wat soos volg lui[589]:

---

[587] Coertzen, 1991: 44

[588] Strauss, 2008a: 2

[589] Kerkorde NG Kerk 2007: 1

DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 2

2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

Hierin word uitdruklik die sentraliteit van die Woord as grondslag vir die daaruit voortvloeiende en opeenvolgend duidelik omskrewe Belydenis en orde van die kerk beklemtoon[590]. Só word aan beide die Skrif en die Belydenisskrifte dus 'n

[590] Strauss, 2008a: 3 sê dat die Skrif en belydenis in rangorde die kerkorde voorafgaan, sodat die kerkorde op die grondlyne van beide moet beweeg – Skrif, belydenis, kerkorde en gewone sinodebesluite loop in hierdie volgorde van belangrikheid in die NGK.

bepaalde geloofsvertolking gegee, wat funderend en bepalend vir die NG Kerk se verstaan van die kerkverband is[591].

Die belydenisskrifte word uitdruklik aangedui as: "*uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls*".

Wat die *Kerkorde* betref word duidelik aangedui dat dit voortspruit uit die Skrifopdrag van 1 Korintiërs 14 en dat dit bepaald die reël van die lewe en werk van die kerk (sy ampte, vergaderinge, regering, tug en betrekkinge na buite[592]) ooreenkomstig die Skrif en Belydenis ten doel het op grond "*van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens"*. Die orde is dus niks meer nie as die kanaal of ordelik raamwerk waarbinne en waardeur die kerk sy werk Skrif- en belydenisgeoriënteerd moet doen sodat die Woord en belydenis in alle kerklike aktiwiteite tot sy reg kan kom[593].

Artikels 3 – 17 van die *Kerkorde* van die NG Kerk handel oor die ampte wat in navolging van Dordt[594] duidelik anti-hiërargies is en uitgaan van die standpunt dat dit dienswerk as deelname aan die werk van die Here in die wêreld is om Sy koninkryk te vestig (2007 : Artikel 3.1). Daarom word die ampte gelykwaardig geag, maar in opdrag en werk onderskei (2007 : Artikel 3.5). Tydens die Algemene Sinode van 1994 is die begrip *"status"* wat aan die amp van proponent en predikant gekoppel is (asof dit aan 'n persoon kleef as iets wat hom in 'n ander geestelike stand plaas en met blywende mag en eer beklee), verander na die begrip *"bevoegdheid"*, wat dui op die persoon se bekwaamheid om 'n sekere diens te verrig, asook op sy *"regte en verpligtinge"* in die gemeente en

[591] Strauss, 2008a: 2

[592] Strauss, 2008a: 8 sê dat die NGK hierin duidelik die Dordtse tradisie navolg in die eietydse aanpak en hoofstukindeling van die *Kerkorde*, deur die Kerkorde van die GKN van 1959 as basis te gebruik.

[593] Strauss, 2008a:3

[594] Sien Strauss, 2008b. Op bladsy 5 van die artikel wys Strauss daarop dat die NGK vanuit sy Dordtse affiniteit gekies het vir 'n oriëntering op Dordt sonder om 'n slaafse navolger van die Dordtse Kerkorde te word. Hy sê dat twee faktore hierin beslissend meegewerk het, naamlik die eis dat 'n gereformeerd kerkorde eietyds is, en die eie kerkordelike geskiedenis en vormgewing van die NGK.

kerkverband – iets wat hy net binne die gemeente of kerkverband kan uitoefen en wat verval sodra die band met die gemeente en kerkverband opgesê word[595].

In Artikels 18 – 47, wat handel oor die vergaderinge van die kerk, volg die *Kerkorde* van die NG Kerk óók die lyne van Dordt en die GKN (1959), wanneer Artikel 20 pertinent bepaal[596]:

Artikel 20

20.1 Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.

20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.

Soos by die ampte, beteken dit dat hierdie vier vergaderings aan wie die regering, opsig en tug in die kerk toevertrou is, gelyk is in status, maar verskil in taak of opdrag. Hiermee word duidelik kant gekies téén die Nederlandse Doleansie-kerkreg wat aanvoer dat die kerkraad oor die *"eintlike"* gesag en die meerdere vergaderings oor *"afgeleide"* of *"gedelegeerde"* gesag beskik en waarvolgens die gemeente (in die plek van Christus as Hoof van die kerk) met sy kerkraad die inisieerder of oorsprong van kerkverband is wat aan laasgenoemde dan beperkte en duidelik omskrewe gesag verleen[597]. Waar die *Kerkorde* van die NG Kerk wel van dié van Dordt verskil, is met die byvoeging van die Algemene Sinode in 1962. As in gedagte gehou word dat die historiese aanloop tot die vorming van die Algemene Sinode in noue samehang met die politieke vorming van 'n selfstandige republiek in Suid-Afrika gebeur het, sal begryp word dat hierdie gebeure veral van die gesag van die Algemene Sinode volgens Strauss 'n onopgeloste probleem gemaak het in die NG Kerk, met talle wanopvattings oor die grense tussen die terreine of take van die sinodes en die

[595] Handelinge NGK 1994: 505; sien ook Strauss, 2008: 7

[596] Kerkorde NG Kerk 2007: 11

[597] Hierteenoor dui Kleynhans, 1985: 5 tereg aan dat die opdrag vir die vorming van 'n verband op Christus en Sy Woord bou, en nie op mense nie.

Algemene Sinode[598]. Nog 'n verskil is dat in die Dordtse Kerkorde die omvang van vier of vyf klassisse, en nie die provinsiale grense nie, die reikwydte van partikuliere sinodes bepaal – kerklike en nie staatkundige oorwegings nie, het hierin die deurslag gegee, wat anders is in die NG Kerk met sy streeksinodes wat grootliks deur provinsiale grense bepaal word. Wat die samestelling van die meerdere vergaderinge betref, word die afgevaardigdes – in navolging van die gereformeerde beginsel wat kerkverband sien as 'n verband van gemeentes – nie deur die aantal predikante in gemeentes (demokraties – of soos Strauss dit uitdruk: dominokraties) bepaal nie, maar deur die aantal gemeentes as strukturele gelykes in die Christokrasie[599].

Artikels 48 – 58 van die Kerkorde van die NG Kerk handel oor die arbeid van die kerk, Artikels 59 – 66 oor die kerklike opsig en tug en Artikels 67 – 70 oor die betrekkinge van die kerk na buite (staat [67,68], onderwys [69] en ekumene [70]).

2.5 Die stryd om die belydenisskrifte in die proses van Kerkhereniging

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat dieselfde belydenisgrondslag en kerklike orde die basis is vir die vorming van kerkverband. In die soeke na kerkeenheid tussen die verskillende lede van die NG Kerkfamilie, is dit daarom vanselfsprekend dat daar absolute eenstemmigheid wat betref hierdie twee sake moet wees alvorens eenheid 'n werklikheid sal kan word en wees.

In Suid-Afrika het die NG Kerkfamilie van die koms van Jan van Riebeeck in 1652, in navolging van die Gereformeerdes in Nederland, die *Drie Formuliere van Eenheid* soos vasgestel op die sinode van Dordt in 1618, 1619 onderskryf[600]. Sedert die Cottesloe-beraad en –verklaring in 1960 het daar egter in Suid-Afrika 'n hele aantal geloofsverklarings ontstaan (byvoorbeeld die *Ope brief van 123* in 1982; die *Kairos Dokument* in 1985). Die kerklike stryd rondom die gereformeerde belydenisskrifte in die NG Kerkfamilie het egter met die besluit van die NGSK in 1978 tydens die sogenaamde *"church struggle"* begin toe die

[598] Strauss, 2008a: 9

[599] Strauss, 2008a:10

[600] Sien ook Hanekom, 1974: 19

NGSK onder invloed van die Broederkring[601] 'n aantal sterk besluite oor apartheid geneem het en verklaar is dat apartheid en/of afsonderlike ontwikkeling, soos voorgehou deur die NG Kerk, in stryd met die evangeliese leer oor kerkeenheid en versoening is[602]. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die NG Kerk se standpunt oor apartheid, nou gesterk deur die steun van beide die Broederkring en *"The Alliance of Black Reformed Christians in Southern Africa"*[603], in 1982 deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WGK) op sy vergadering in Ottawa (Augustus 1982) tot kettery en afgodery verklaar en die NG Kerk se lidmaatskap van die WGK opgeskort is, wat die eerste aanduiding van en voorspel tot die naderende teologiese konfrontasie tussen die NGSK en die NG Kerk sou wees[604]. In navolging van die WGK het die NGSK by sy sinode daarná in die Kaapse voorstad Belhar op 1 Oktober 1982 besluit dat die konkrete situasie rondom apartheid in Suid-Afrika en die *"sekulêre evangelie van apartheid"*, wat niks anders is nie as 'n *"pseudo-teologie"* ('n valse teologie) wat die evangelie van Jesus Christus in sy wese aantas en kragteloos maak en dat dit daarom as 'n dwaalleer en kettery verwerp moet word[605], en wat die Christelike belydenis sodanig bedreig en op die spel plaas, dat dit in Suid-Afrika 'n *status confessiones* (staat van belydenis) daarstel, wat die NGSK dan ook amptelik verklaar het, waarmee hy aangedui het dat die NG Kerk met sy teologiese regverdiging van apartheid afwyk van die Christelike belydenisstandpunte en hom dus skuldig maak aan kettery en afgodery[606], omdat *"wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekende en skrifvreemde ideologieë en ...*

---

[601] Conradie, 2005: 37 – *"Die Broederkring (met dr Allan Boesak aan die spits), wat hoofsaaklik uit swart leraars van die NGSK, NGKA en RCA bestaan het, is in die laat sewentigs gestig om onder meer apartheid in kerk en staat onverskrokke te beveg en die eenwording van die familie van NG Kerke te bewerkstellig 'selfs sonder die NGK as dit moet'. Hulle het lede van die NGKA en NGSK wat verdink is van lojaliteit teenoor die NG Kerk met mening die stryd aangesê"*

[602] Strauss SA, 1997: 13

[603] Conradie, 2005: 37, 38 – 'n Groep onder leiding van Allan Boesak wat in Oktober 1981 vir sy eerste konferensie in Hammanskraal vergader het as "doelgerigte strategie" om die besluite van Ottawa te manipuleer en waar die idée van 'n belydenisskrif deur swart Christene vir Suider-Afrika gebore is

[604] JJF Durand in Cloete et al, 1984: 123-125

[605] Conradie, 2005: 9

[606] Strauss SA, 1997: 13

omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het"[607]. Tewens, in Suid-Afrika het die ernstige gevolge van gedwonge skeiding in die naam van Christelikheid volgens die NGSK die evangelie van versoening ongeloofwaardig gemaak[608]. Die NGSK het daarom verklaar dat sy besluit van 1978 meebring dat hy nie anders kan nie *"as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie"*[609]. Die NG Kerk se *"ketterse dwaalleer"* kry dus die skuld vir (1) die ontstaan van die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie, (2) vir die *"onversoenlikheid"* wat aan die beleid van rasseskeiding ten grondslag lê, en (3) vir die swart armoede wat te wyte is aan die blanke uitbuiting en bevoorregting deur kolonialisasie en apartheid[610]. In sy reaksie hierop en na 'n deeglike en grondige beoordeling van die geskiedenis van die ontstaan van die verskillende kerke in Suid-Afrika, asook uit 'n bestudering van die standpunte van verskeie vooraanstaande teoloë, sendingwetenskaplikes en kerke, kom Conradie tot die volgende slotsom:

"✵ *Die stigting van afsonderlike eie kerkverbande vir die onderskeie inheemse bevolkings- en kultuurgroepe in ons land was nie die gevolg van die verabsolutering van die natuurlike verskeidenheid nie, maar het berus op gesonde gereformeerde kerkregtelike en sendingkundige beginsels wat wêreldwyd aanvaar is.*

✵ *Die voorstelling dat hierdie kerkstigtings gelei het tot die verskeuring van die kerk op grond van ras en kleur is 'n growwe vertekening van ons kerkgeskiedenis en verteenwoordig 'n gebrekkige verstaan van die gereformeerde leer aangaande die eenheid van die algemene Christelike Kerk.*

---

[607] Sien die begeleidende brief saam met die Belharbelydenis, par. 1 – Bylae M tot Hoofstuk 1

[608] Strauss, 2005: 570

[609] Handelinge NGSK 1982: 604, 706; sien ook NG KERK, 1997: 33

[610] Conradie, 2005: 14

- *Ons vind die aanklag dat die kerkvaders wat hierdie proses van inheemse kerkvorming geïmplementeer het, ketters was wat 'n pseudo-evangelie aangehang het, ongegrond en aanstootlik[611]".*

In sy antwoord op die verklaring van die *Status Confessiones* deur die NGSK, het Gustav Bam egter tydens die debat op die sinode toe die Belharbelydenis in konsep aanvaar is, daarop gewys dat dit die status en karakter van 'n belydenis moet hê op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk – dit is nie maar net 'n besluit wat jy neem, 'n beleidsverklaring, 'n administratiewe of prosedure reëling wat jy in jou onderhandelinge met ander neem nie – die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys, en daarom vra die verklaring van 'n status confessiones vir die opstel van 'n belydenis[612]. In die lig hiervan het die NGSK, alhoewel die saak nie vooraf op die agenda was nie en op die ou end via 'n tydelike kommissie aan die orde gekom het[613], besluit om (soos 'n hoes wat hulle oorval het[614]) 'n eie konsep-belydenis[615] op te stel, waarin die dwaalleer wat voortspruit uit die apartheidsdenke verwerp word vanuit die leer oor die eenheid van die kerk, die versoening deur Christus en die geregtigheid van God[616]. Terwyl Ottawa hom dus uitgespreek het teen die teologiese regverdiging van apartheid as staatsbeleid, rig die NGSK hom teen die *"sekulêre evangelie"* wat die eenheid van die kerk bedreig – dus teen *"kerklike apartheid"*[617]. In 'n nota wat saam met die begeleidende brief en die Belharbelydenis in 1986 deur die NGSK uitgegee is, stel G Bam dit prontuit: *"Wat in die spel is tussen ons en die NG Kerk is die lewende werklikheid van 'n verskillende geloofsverstaan. ... Wat ons verdeel is nie die geskrewe Belydenis as sodanig nie, maar die grondwerklikheid waarvan*

---

[611] Conradie, 2005: 28

[612] Agenda en Handelinge NGKA 1983: 22

[613] Strauss, 2005: 571

[614] NGK 1988b: 1

[615] Sien Bylae M tot Hoofstuk 1

[616] JJF Durand in Cloete et al, 1984:126

[617] Conradie, 2005: 39

die Belydenis getuig"[618]. In sy kern wou hierdie belydenis hom dus uitspreek teen (wat hulle genoem het) 'n valse leer en ideologiese verdraaiing van die Evangelie in 'n morele en teologiese regverdiging van kerklike en politieke apartheid in Suid-Afrika[619] – omdat *"die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word ... as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. ... Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig"*[620]. In 1986 het die NGSK die *"Belharbelydenis"*, wat in 1982 in konsep aanvaar en sedertdien in gemeentes bespreek is, amptelik tot die belydenisskrifte van die gemelde kerk toegevoeg[621] en homself daarmee verklaar tot selfstandige kerk wat finaal gebreek het met die gedagte dat hy 'n etniese kerk vir die *"kleurlinge"* is – as kerk is hy voortaan oop vir elkeen wat sy belydenisskrifte (insluitende die Belharbelydenis) onderskryf[622]. Hierdie Belydenis is gedurende 1991 deur 'n gedeelte van die NGKA aanvaar toe daar gepoog is om eenwording met die NGSK te bewerkstellig, en só is die Belharbelydenis opgeneem in die Kerkorde van die VGKSA. Só sou die Belharbelydenis 'n hoogtepunt word in die kerklike belydenisbeweging teen apartheid[623], hoewel DJ Smit in 'n verdere nota wat saam met die begeleidende brief en die Belharbelydenis in 1986 deur die NGSK uitgegee is, dit wil beklemtoon dat die Belydenis nie moet verdeel nie, maar moet verenig: *"Die bedoeling met 'n Belydenisskrif is nie dat dit spanning moet bring nie, maar juis dat dit spanning moet help oplos, deurdat gelowiges 'n nuwe, gemeenskaplike identiteit vind, mekaar opnuut vind, op basis van die Bybel en die evangelie"*[624].

---

[618] Die Belydenis 1986: 10

[619] Strauss, 2005: 569

[620] Sien die begeleidende brief saam met die Belharbelydenis, par. 1, 2 en 3 – Bylae M tot Hoofstuk 1

[621] Strauss, 2005: 572 noem dat 24 van die 498 afgevaardigdes dit egter nie wou onderteken nie, alhoewel predikante tot die eersvolgende ringsitting kans gekry he tom dit te doen, terwyl toelating tot die bediening sowel as die goedkeuring van 'n beroep ook van die ondertekening afhanklik gemaak is.

[622] JJF Durand in Cloete et al, 1984: 126

[623] Strauss, 2005: 569

[624] Die Belydenis 1986: 10

Wat die beoordeling van die Belharbelydenis betref, word daar volgens SA Strauss hoofsaaklik drie soorte besware teen die Belharbelydenis ingebring, naamlik kontekstueel, formeel en inhoudelik[625].

Kontekstueel (wat betref die ontstaansmilieu) beoordeel, kan – benewens die bogenoemde agtergrond – genoem word dat hoewel die term *"apartheid"* nêrens in die belydenis voorkom nie, is dit duidelik dat dit presies dáárom gaan[626], want daar word pertinent verwys na *"gedwonge skeiding"* (Artikel 3 paragraaf 5). In sy groeteboodskap aan die NG Kerk se Algemene Sinode van 1986 (wat deur NA Apollis in afwesigheid van Allan Boesak aan die Sinode voorgedra is), sê Allan Boesak dit in soveel woorde: *"...polisie met traangas en wapens het ons kerkdienste ontwrig, talle van ons lidmate en leraars was en word aangehou sonder verhoor, en van ons predikante leef onder beperkings... Dit is deel van die agtergrond waarteen die laaste Sinode van die NGSK verstaan moet word. ... In 'n situasie van pyn, lyding en verdrukking, is ons geloof al wat ons het: Die Belydenis van Belhar is uitdrukking van daardie geloof. ... Die belydenis van Belhar het gegroei vanuit die rou wonde wat apartheid geslaan het"*[627]. In navolging hiervan sê Kuyler pertinent dat die Belharbelydenis in wese bely dat God geen onderskeid maak tussen mense op grond van kleurverskille nie[628], alhoewel verskeie teoloë van die NG Kerk daarop gewys het dat die diversiteit van volke, tale en kulture 'n universeel gegewe is – die kontak van die Europese setlaars met inheemse bevolkingsgroepe in Suid-Afrika wat nie hul Westerse beskawing gedeel het nie, het byvoorbeeld van die begin af spontaan tot afsonderlike sosiale groepvorming in hierdie land gelei en is algemeen as normale samelewingspatroon aanvaar met géén sprake van 'n rassistiese, teologiese onderbou vir hierdie leefwyse soos wat die NGSK in sy tipering daarvan as 'n *"pseudo-evangelie"* te kenne wil gee nie[629]. Wanneer die

[625] Strauss SA, 1997: 13

[626] Strauss, SA 1997: 13

[627] Handelinge NGK 1986: 585

[628] Kuyler, 2005: 10,11

[629] Conradie, 2005: 8

Studiekommissie vir Skrif en Belydenis van die NGKA die Belharbelydenis beoordeel, sê hulle pertinent dat dit ontstaan het binne die konteks van die NGSK om 'n unieke en eiesoortige geloofservaring tot uitdrukking te bring, wat gepaard gegaan het met die verklaring van 'n status confessiones en dat die NGKA nie 'n soortgelyke status verklaar het óf behoefte daaraan het nie. Verder word verklaar: *"Die Belharbelydenis is nie as ekumeniese instrument bedoel nie en het ook nie so funksioneer nie. Dit fungeer eerder op die terrein van die polemiek en dien as instrument om grenslyne tussen kerke duideliker af te baken"*[630]. In sy reaksie hierop, wys Eloff dan tereg daarop dat Barth aangedui het dat 'n belydenis nooit met enige bymotief mag geskied nie – *"ek mag dus nooit bely omdat en hoop om daarmee... hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God"*[631]. In sý reaksie sê SA Strauss dat, hoewel niemand die destydse staatkundige bestel van apartheid of afsonderlike ontwikkeling sal wil verdedig nie, dit tóg nié *"sonde"*, *"kettery"* en *"afgodery"* was en só simplisties beoordeel kan word nie, aangesien die hele idee van afsonderlike state vir afsonderlike volke *"as sodanig"* nie sleg of verkeerd was nie, net soos dit ook nie verkeerd is om in die kerk die Woord van God aan mense *"in hulle eie taal en kultuurverband"* te bring nie. Met hierdie standpunt word 'n politieke beleidskwessie in die Belharbelydenis verhef tot die vlak van die Christelike belydenis waardeur die ryk van God oop- of toegesluit word vir mense, en leen die Belharbelydenis hom dus vir politieke misbruik[632]. Laastens – alle belydenisse het in die verlede wel binne 'n bepaalde historiese konteks ontstaan, maar dan formuleer hulle tog universeel geldende waarhede, iets wat nie van Belhar gesê kan word nie – die Belharbelydenis is tyd- en situasie-gebonde en beantwoord dit nie aan die eis dat 'n Belydenisskrif algemeen-geldend bo die tyd verhewe moet wees nie[633]. In hierdie opsig voldoen die Belharbelydenis ook nie aan die gereformeerde beginsel dat 'n

---

[630] Agenda en Handelinge NGKA 1990: 287

[631] Eloff, 1998:13

[632] Strauss SA, 1997: 14

[633] Strauss, SA 1997: 14, 15

belydenis 'n deeglike ekumeniese inslag moet hê nie. Die argument dat belydenisskrifte dringende en dwingende geskrifte is wat in 'n kairosmoment ontstaan as 'n kreet uit die hart, gaan volgens PJ Strauss nie op nie – dit is juis die algemene aard van belydenissake wat die dringendheid daarvan relativeer en wat nie die ekumeniese inslag daarvan kan kanselleer nie[634].

Formeel gesien (waarin dit gaan om die vereistes waaraan 'n gereformeerde belydenisskrif moet voldoen om as sodanig erken te word), moet allereers genoem word dat die stelreël volgens PJ Strauss in belydeniskwessies is: *"in statu confessiones nihil est adiophoron"* (vry vertaal in Afrikaans; in 'n geval van 'n *status confessiones* – of wanneer die saak op die vlak van 'n belydenis lê – hou jy jou nie op met randsake nie, maar met die kernsake van die geloof). In sy beoordeling hiervan wys Strauss tereg daarop dat die oordeel dat rand- of politiek-etiese sake in 'n bepaalde situasie, soos Dirkie Smit en Jaap Durand te kenne wil gee in die kern kom lê het, nie aanvaarbaar is nie omdat dit afhanklik is van die subjektiewe ervaring van gelowiges in daardie situasie[635] – dit is dus nie die Skrif wat die gewig van die waarheid bepaal nie, maar die subjektiewe belewing van die situasie – en dít bring uiteindelik die kernwaarheidskarakter van die belydenis in gedrang. Die Belharbelydenis bestaan, wat sy inhoud betref, voorts uit vyf artikels wat elk (met die uitsondering van Artikels 1 en 5) opgebou is uit 'n prinsipiële standpuntinname deur interpretasie van bepaalde Skrifgedeeltes, met daarna 'n gedeelte waarin 'n toepassing op die praktiese situasie in Suid-Afrika gemaak word. Die inhoud van hierdie artikels handel oor (1) **geloof in die Drie-enige God** wat Sy kerk deur Woord en Gees vergader, (2) die **eenheid van die kerk** wat sigbaar moet wees en dat 'n sondige geskeidenheid nie tot norm verhef mag word en byvoorbeeld tot aparte kerke lei nie, (3) die kerk moet 'n versoende gemeenskap wees – dit is **die boodskap van die kerk** en enige leer wat gedwonge skeiding op grond van die evangelie wil verdedig, word as dwaalleer en ideologie verwerp, (4) God is die God van **geregtigheid en vrede** wat die kant van die verdrukte kies, en hierin moet die

[634] Strauss, 2005: 571

[635] Strauss, 2005 573

kerk Hom navolg en die saak van veronregtes opneem, en (5) die **kerk se roeping om in gehoorsaamheid aan Christus oor dít alles te getuig**, selfs al sou dit lyding meebring. In hierdie opsig is hierdie belydenis totaal onvolledig en beantwoord dit hoegenaamd nie aan die vereistes van 'n omvattende, algemeen-katolieke, Christelike geloofsbelydenis nie. Belhar gaan selektief te werk en reduseer die geloof tot enkele aktuele temas wat in sy tyd mode in die teologie geword het (kerkeenheid, versoening en geregtigheid), met die gevolglike gevaar dat van die bysake van die Christelike geloof tot hoofsake verhef kan word[636] – die kerk moet telkens onderskei en Belhar herinterpreteer om vas te stel wat die regte optrede in elke situasie sal wees om geregtigheid te laat geskied, en sodoende word sowel die werklikheid asook die waarheid van die belydenis relatief en afhanklik van die kerk se oordeel in plaas van die normerende gesag van die Skrif wat leer dat Christus deur Sy Woord en Gees in en deur die lewe en optrede van Sy kinders in alle situasies wil heers, ongeag menslike konteks-ontledings[637].

Inhoudelik beoordeel, kan wat die aanhaling van die Skriftekste in die eerste gedeelte van die artikels betref, genoem word dat dit oorwegend suiwer van aard is, en bloot op sigself gesien, redelik korrek geïnterpreteer en nie met die *Drie Formuliere van Eenheid* in stryd is nie en daarom as sodanig deur die NG Kerk onderskryf kan word[638]. SA Strauss dui nogtans tereg aan dat, alhoewel daar baie gedagtes in Belhar is waarmee ons kan saamstem, bring 'n noukeurige vergelyking met die Drie Formuliere van Eenheid duidelik na vore dat die aksente tóg anders lê: *"omdat die Belharbelydenis opsigtelik deur die kontemporêre teologie beïnvloed is, is daar deurgaans 'n sterk horisontale tendens aanwesig, met verwaarlosing van die vertikale dimensie. Maar dit begin by die vertikale verhouding tussen God en mens, om daarna die horisontale gevolge daarvan tussen mens en mens deur te werk. ... Die omgekeerde is nie Bybels nie"*[639] –

---

[636] Strauss SA, 1997: 15

[637] Britz, 1998: 13

[638] NGK 1988b: 4

[639] Strauss SA, 1997: 15,16

daarom gaan dit in Belhar ook nie soseer om die kernwaarhede van die geloof nie, maar om die antwoord van die Skrif vanuit die omstandighede waarin die kerk en gelowiges hulle bevind. In hierdie verband merk die AKLAS van die NG Kerk in sy verslag op dat die kritiese toespitsings wat die Belharbelydenis vanuit sy positiewe begrondingsgedeeltes maak, *"klaarblyklik bedoel is om die teologie en standpunte van die NG Kerk te tref en daarmee, sonder om ooit die naam van die NG Kerk eksplisiet te noem, die posisie van die NG Kerk as onbybels te veroordeel"*[640]. Die volgende besware kan verder óók geopper word: By die tweede en derde paragrawe van Artikel 3 vind daar inlegkunde in die interpretasie plaas in die begrondingsgedeelte, wat nie sondermeer só uit die Skrif af te lees is nie; by die vierde artikel word 'n baie eensydige Godsbeskouing aangetref (God is tog nié nét die God van die verontregte, noodlydende, arme, onderdrukte en verdrukte, hongerige, ensovoort nie, maar is immers die God van álle mense[641] – uit die NGB Artikels 30 en 31 en HK 27, 103 en 111 is dit duidelik dat sowel rykdom as armoede in die Skrif verreken word met die verantwoordelikhede wat dit vir die gelowige inhou[642]); verder is daar weereens in die tweede en derde paragrawe van hierdie vierde artikel se begrondings-gedeelte sekere standpunte ingebou wat herinner aan die sosiale-geregtigheids- en bevrydingsteologië[643], wat nie sondermeer só uit die Skrif af te lees is nie; verder is daar ook talle ongedefinieerde begrippe wat gebruik word (byvoorbeeld *"geskeidenheid"*, *"mensegroepe"*, ensovoort) waarvan die betekenis-inhoud nie sondermeer duidelik is nie. Wat die toepassing op die praktiese situasie betref, word aan die einde van Artikel 2 juis, in reaksie op die verabsolutering van die verskeidenheid, nou die eenheid verabsoluteer ten koste van die verskeidenheid – daar word duidelik nie genoegsaam en gebalanseerd erkenning gegee aan en rekening gehou met beide die verskeidenheid en die eenheid as Goddelike

---

[640] NGK 1988b: 6

[641] Britz, 1998: 13 – Britz dui aan dat die Formuliere van Enigheid hierteenoor eenvoudig bely dat God alomteenwoordig, almagtig, ewig en onveranderlik God is. As Vader van ons Hete Jesus bly Hy vry en handhaaf Hy die verbinding wat Hy met Sy kinders skep en in stand hou.

[642] NG Kerk, 1987

[643] Sien in hierdie verband ook die opmerkings van Conradie, 2005: 40 dat Allan Boesak se teologie op twee bane beweeg: dié van die gereformeerde swart teoloog, en dié van die Swart Teoloog van Bevryding.

imperatief nie; méér nog, strukturele kerkeenheid word beklemtoon ten koste van die Bybelse eis van die eenheid van geloof wat die Seun van God deur Sy Woord en Gees bewerk – hiérvan is daar géén sprake in hierdie Belydenis nie; Artikels 3 en 4 se toepassing is eensydig, polities-ideologies veroordelend van aard en werk só 'n doelbewuste kontekstuele teologie in die hand, wat moeilik versoenbaar is met die getuigende en versoenende aard van die Evangelie van Jesus Christus[644] - dit verbind versoening met sosiale geregtigheid sonder om enigsins aandag te gee aan God se geregtigheid of regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus[645] óf om te verwys na God se strafeisende geregtigheid; *"wat meer is: op 'n eensydige manier word geregtigheid glad nie met die regverdigmaking deur die geloof (vgl. NGB 22 en 23) in verband gebring nie"* [646].

2.6 Gevolgtrekking

Samevattend: 'n Belydenis is 'n hartlike, spontane verwoording van die kern- of hoof-geloofswaarhede van die Woord sonder enige dwang (– dit vloei spontaan uit die Woord as primêre inisieerder van die belydenis en nié uit en in reaksie op die historiese lewensituasie nie –) wat moet dien as riglyn vir die praktiese, konkrete lewe van die gelowige. Hierdie gemeenskaplike (of gedeelde), bo-historiese en universeel-geldende belydenis (wat nogtans wel sy oorsprong vind vanuit die bepaalde historiese situasie, maar wat in dié proses bo-historiese en universeel-geldende waarhede belydenismatig verwoord) bind gelowiges oor tyd en ruimte saam – bring hulle in verband met mekaar as gelowiges wat lewe vanuit die Verbond wat die Here eerste met hulle gesluit het (die Verbond van God met ons lei só uiteindelik tot die verband van al die verbondskinders van die Here) – en het dit bepaalde bindende gesag op elkeen wat daardeur saam verbind is.

---

[644] Britz, 1998: 13 – Britz dui aan dat die eenheid in die Formuliere van Enigheid opgevat word as 'n eenheid in die ware geloof wat deur Christus van Bo gegee word. Daar word ook nie van versoening gepraat nie, maar van die voldoening van Christus, terwyl Hy aan die geregtigheid van God voldoen het en daarmee ons met Hom versoen het.

[645] Eloff, 1998: 13

[646] Strauss SA, 1997: 16

Kerkverband is dan die verband van gemeentes wat met ander gemeentes van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting met mekaar die kerk van Christus oor die aarde vorm om hulle in hul kerkwees te versterk, geestelik te verryk en van die eensydigheid van sektarisme te bewaar, wanneer hulle gesamentlik die roeping en taak van die kerk opneem sonder om die roeping en taak van die individuele gemeente te vervang of te laat verval. Meerdere vergaderings moet aan die kerke of gemeentes die nodige steun en inspirasie gee om in hulle eie omgewing kerk van die Woord te wees – hulle aanspoor in die vervulling van hulle roeping en hulle bewaar teen ontsporing. Kerkverband as 'n verband van gemeentes kan daarom enersyds ook nie sonder die meewerking van gemeentes suksesvol gevorm óf verander word nie, en daarom móét gemeentes deurgaans geraadpleeg word en sal hulle uiteindelik ook moet toestem tot die verandering aan die bestaande of die vorming van 'n nuwe kerkverband. Andersyds pleeg gemeentes troubreuk as hulle eensydig uit ooreenkomste vir gesamentlike werksaamhede onttrek sonder enige oorleg vooraf met die deelnemende kerke. Die moontlikheid bestaan wel dat 'n gemeente kan verkies om nié met ander gemeentes wat dieselfde geloofswaarhede vanuit die Skrif huldig en bely, wat in dieselfde gebied bly en in dieselfde situasie verkeer, te skakel nie, maar só 'n gesindheid openbaar 'n ongesonde selfstandigheid wat kan lei tot kerklike independentisme en kongregasionalisme, en dus 'n afswakking van die kerkverband, wat daartoe lei dat die individu self kies waar hy/sy kerklik wil inskakel, waar die gemeente besluit soos en wat hy wil en waar enige beperkende of gesamentlike struktuur as bedreigend gesien en verwerp word. Oor die spesifieke struktuur wat hierdie kerkverband moet aanneem, gee die Skrif geen duidelike voorskrifte nie, maar die Skrif beklemtoon wel die noodsaak van die sigbare, strukturele eenheid van alle gelowiges wat een van twee moontlikhede kan aanneem, naamlik 'n federale of 'n sinodale verband. Gemeentes tree egter nie slegs met kerke van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting in verband nie, maar óók ekumenies met ander kerke wat institusionêr onderskeie is van die eie kerk, om saam te luister

na die Woord en in die lig daarvan die eie belydenis stéédsteets en só te soek na die waarheid in die verskeidenheid.

Wat die *Kerkorde* betref word duidelik aangedui dat dit voortspruit uit die Skrifopdrag van 1 Korintiërs 14 en dat dit bepaald die reël van die lewe en werk van die kerk ooreenkomstig die Skrif en Belydenis ten doel het op grond "*van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens"*. Die orde is dus niks meer nie as die kanaal of ordelik raamwerk waarbinne en waardeur die kerk sy werk Skrif- en belydenisgeoriënteerd moet doen sodat die Woord en belydenis in alle kerklike aktiwiteite tot sy reg kan kom.

In die soeke na kerkeenheid tussen die verskillende lede van die NG Kerkfamilie, is dit duidelik dat daar absolute eenstemmigheid wat betref hierdie bogenoemde sake, te wete die belydenisgrondslag, die struktuur en aard van kerkverband en laastens die hoofsake van kerkinrigting en kerkorde moet wees alvorens eenheid 'n werklikheid sal kan word en wees. In die lig van die bostaande beoordeling is dit egter duidelik dat, alhoewel daar kerkordelik ooreenstemming tussen die lede van die NG Kerkfamilie is, daar oor die ander twee sake nog geen ooreenstemming is nie.

Wat die belydenisgrondslag vir die nuwe herenigde kerk betref, is dit duidelik dat Belhar nie aan die hierbo gestelde vereistes vir 'n gereformeerde belydenis voldoen nie en daarom beslis nie as 'n belydenisskrif aanvaar kan word nie, maar hoogstens as 'n eietydse geloofsverklaring van 'n spesifieke kerkgenootskap. Tydens die vergadering tussen die Moderamen van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA te Esselenpark op 21 en 22 Junie 2006 het die VGKSA besluit:: *"Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belharbelydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds vir ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide kerke sal die Belydenis van Belhar 'n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot 'n*

volledige aanvaarding van die belydenis"[647](my onderstreping ter beklemtoning). Daar is dus duidelik gesê (1) dat Belhar géén voorwaarde mag wees nie, (2) dat die besluite van die onderskeie kerke in hierdie verband gerspekteer sal word en (3) dat die uiteindelike aanvaarding langs 'n spontane groeiproses sal geskied. In die eerste hoofstuk van hierdie proefskrif is aangedui hoedat hierdie saak by die twee agtereenvolgende Achterbergh-byeenkomste van die uitgebreide leierskap van die lidkerke van die NG Kerkfamilie indringend onderhandel is. Na sy Algemene Sinode van 2007 het die NG Kerk die voorstelle wat tydens die Achterbergh-byeenkomste opgestel is, na sy lidmate geneem om hulle mening daaroor in te win. Nadat die resultate van hierdie meningsopname verwerk is, het die uitgebreide leierskap van die NG Kerk (die Moderamen van die Algemene Sinode plus al die Moderature/ASK's/leierskappe van die onderskeie sinodes van die NG Kerk) op 11 en 12 Junie 2008 by die Carmelite Retreatsentrum te Kemptonpark byeengekom om, in die lig van hierdie resultate, voorstelle te formuleer vir die verdere gesprek met die ander lede van die NG Kerkfamilie. Hierin is duidelik gestel dat die Drie Formuliere van Eenheid *"vanselfsprekend die belydenisgrondslag van Gereformeerde kerke is"* en dat ons *"verstaan dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA en vir sommige lede van die NG Kerk van besondere teologiese waarde en sentiment is. Terselfdertyd besef ons, veral ook na die gemeentekonsultasies, dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie"* en dat *"enige toekomstige hantering van die saak beide hierdie standpunte moet bly respekteer"*[648]. Hierdie besluit is persoonlik in Junie 2008 deur die Moderatuur van die NG Kerk aan die Moderatuur van die VGKSA oorgedra vóór die vergadering van die Algemene Sinode van die VGKSA op 29 September tot 5 Oktober 2008 te Hammanskraal. Intussen het die NG Kerk by die *All Africa Conference of Churches* (AACC) aansoek gedoen om lidmaatskap en die VGKSA versoek om 'n brief ter ondersteuning van die aansoek vir die AACC te stuur. Op 4 Augustus 2008 het die VGKSA vir dr JJ Gerber, die

[647] Sien die Verbondsverbintenis: 2 – Bylae G tot Hoofstuk 1

[648] Sien Bylae A tot hierdie Hoofstuk: punt 3

Algemene Sekretaris van die NG Kerk, skriftelik in kennis gestel dat hulle in die lig van hulle ervaring van die eenheidsgesprekke, nie met 'n skoon gewete die aansoek van die NG Kerk kan ondersteun nie, en stel hulle dit prominent: *"Up to now the basis on which even WARC readmittance was gained, which stipulated that unification and the inclusion of Belhar Confession becomes the acid test for the departure of the DRC from apartheid made at Debrechen and reiterated in Accra has not been fulfilled"*[649] (my onderstreping ter beklemtoning). Waar die VGKSA dus aanvanklik gesê het dat die Belharbelydenis nie 'n voorwaarde mag wees nie, word dit nou ewe skielik 'n voorwaarde én deurslaggewende toets dat die NG Kerk van apartheid afskeid geneem het. In sy antwoord hierop op 20 Augustus 2008 wys die ASM van die NG Kerk die VGKSA daarop dat die NG Kerk reeds in 1998 as lid toegelaat is tot die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WARC) en dat laasgenoemde in sy pastorale brief aan die NG Kerk daarop wys dat die NG Kerk se betrokkenheid by die proses van kerkhereniging 'n betekenisvolle teken is van die NG Kerk se wegkeer van apartheid[650]. Verder het die WARC tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1998 dit duidelik gestel dat die aanvaarding van die Belharbelydenis die wens van die WARC is, maar dat dit nié op 'n lidkerk afgeforseer sal word nie[651]. Die VGKSA word ook daarop gewys dat, deur die Belharbelydenis as toets vir die afskeid van apartheid aan te lê, maak hulle dit óók die norm vir die ekumeniese aanvaarbaarheid van die NG Kerk, wat dan as norm óók op alle ander kerke van toepassing gemaak sal moet word. Die NG Kerk beskuldig die VGKSA daarom van wanvoorstellings by die AACC[652].

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die VGKSA in Oktober 2008 te Hammanskraal verklaar die VGKSA egter hul ontsteltenis oor die laaste besluite van die NG Kerk as *"a disturbing departure from our understanding reached as Esselen Park and the 'Points of Consensus' reached at the*

[649] Sien Bylae B tot hierdie Hoofstuk

[650] Sien Bylae C tot hierdie Hoofstuk

[651] Handelinge NGK 1998: 413

[652] Sien Bylae C tot hierdie Hoofstuk

Achterberg consultations. These decisions renew the rejection of the Confession of Belhar as part of the confessional basis of the new united church to which we aspire. ... And by this action the DRC has in effect turned away from the 'Covenant toward Church Unity' agreed upon at Esselen Park and has invalidated the grounds upon which URCSA has taken its decision on Belhar as a gesture of reconciliation and obedience'[653]. In die lig hiervan het die VGKSA toe besluit dat hulle by hul oortuiging bly dat die Belharbelydenis op niemand afgeforseer moet word nie maar dat mense dit vrywillig moet aanvaar, maar dat dit nogtans 'n voorwaarde sal wees in die onderhandelinge tot kerkhereniging, en is 'n moratorium geplaas op alle herenigingsgesprekke met sowel die NG Kerk asook die NGKA en die RCA op algemene sinodale vlak[654] totdat die VGKSA oortuig is van die eerlike verbintenis van hierdie kerke in die eenheidsgesprekke. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is versoek om as bemiddelaar op te tree in verdere gesprekke tussen die NG Kerk en die VGKSA. Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat die VGKSA, al sê hulle dat die Belharbelydenis nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid is nie, hulle tóg aandring op die uiteindelike aanvaarding daarvan, óók as teken dat rassisme finaal verwerp is.

Met hierdie volhardende aandrang van die VGKSA op die aanvaarding van die Belharbelydenis as belydenis op gelyke voet met en naas die *Drie Formuliere van Eenheid*, is dit duidelik dat hulle 'n ander belydenisgrondslag onderskryf as dié van die res van die NG Kerkfamilie en dat hulle hulleself juis op hierdie punt losmaak van die res van die NG Kerkfamilie. In die lig hiervan sê Conradie tereg dat die NG Kerk dit behoort te heroorweeg of een sinodale verband verkieslik is bo 'n ekumeniese verband waarin ons eenheid gedemonstreer word sonder om mekaar te oorheers[655].

---

[653] Sien Bylae D tot hierdie Hoofstuk

[654] VGKSA 2008: 2, 3 - hierdie moratorium geld egter nie vir lidmate, gemeentes, ringe en sinodes nie, waar samewerking steeds aangemoedig word om te dien as tekens van hoop, versoening en liefde

[655] Conradie, 2005: 46

Die tweede groot verskilpunt in die kerkherenigingsproses is dié rondom die struktuur en aard van kerkverband. Tydens die bogenoemde byeenkoms te Esselenpark tussen die Moderamen van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA, is wat die struktuur van die nuwe herenigde kerk betref, 'n *"organies verenigde kerk, georganiseer volgens sinodaal-presbiteriale beginsels"*[656](weer my onderstreping ter beklemtoning) in die vooruitsig gestel – dus 'n organies verenigde kerk van die *"grondvlak"* af in 'n *"eenheidsbediening"* van gemeentes[657]. Tydens die vergadering van die uitgebreide leierskap van die NG Kerk by die Carmelite Retreatsentrum is besluit om *"twee alternatiewe modelle (nl 'n bykomende sinode of 'n vervangende sinode)"* as voorstel na 'n beoogde Achterbergh 3 te neem vir verdere onderhandelinge met die NG Kerkfamilie[658]. Dit gaan dus vir die NG Kerk om 'n bykomende organiese algemene sinode op die model wat die NG Kerk in 1962 gevolg het (en wat destyds óók bestempel is as 'n organiese model), en waarin die verskillende kerke met behoud van hulle onderskeie algemene sinodes tot die verband toetree ('n voorstel wat, soos reeds in hoofstuk een gesien, óók deur die NGKA voorgestaan word – en wat die RCA ook sal oorweeg, hoewel hulle eerder voel vir 'n vrywillige assosiasie ['n tipe van federale verband]); óf om 'n vervangende algemene sinode waar die onderskeie kerke se algemene sinodes opgeneem word in 'n nuwe gesamentlike algemene sinode met die onderskeie sinodes van die verskillende kerke wat hierdie algemene sinode saamstel. Hierteenoor wil die VGKSA 'n organiese kerkverband vanaf één gemeente vir alle lidmate en só deurwerkend in al die meerdere vergaderings van ring, sinode en algemene sinode, wat op die ou end óók niks anders is as die tweede voorstel van die NG Kerk nie[659]. Tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die VGKSA op 29 September tot 5 Oktober 2008 te Hammanskraal verklaar hulle dat hierdie voorgestelde model

---

[656] Sien die Verbondsverbintenis: 1 – Bylae G tot Hoofstuk 1

[657] Sien die Verbondsverbintenis: 2 – Bylae G tot Hoofstuk 1

[658] Sien Bylae A tot hierdie Hoofstuk: punt 4

[659] VGKSA 2008: 1 – Die VGKSA stel sy voorstel soos volg: "We have alwys maintained that church unity should be an organic model with simple structures that should assist the unity"

niks in gemeen het met die model vir *"organic unity according to Presbyterian principles proposed by URCSA and until now the model under discussion accepted by the DRC"* nie – dit is vir hulle niks anders nie as 'n *"revamped 'federal model'"* wat rasse-verdeeldheid aanvaar en versterk en wat deur die jare deur die VGKSA verwerp is[660] – hulle wil nié 'n federale model hê nie, maar dring aan op 'n organiese sinodale model. Dit is dus duidelik dat die weë én die verstaan daarvan óók van die struktuur en aard van die nuwe verenigde kerkverband radikaal uiteen loop.

[660] Sien Bylae D tot hierdie Hoofstuk

Hoofstuk 3

Regsmenings rakende die Kerkhereniging van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika

3.1 Inleidend

Met die proses van kerkhereniging tussen die lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika tans onder weg, pas dit om seker te maak wat die houding van die burgerlike regspleging in hierdie verband is.

Behalwe vir 'n relatief kort tydperk gedurende die 19de eeu in die Vrystaat, het Suid-Afrika nog nooit 'n amptelike staatskerk of staatsgodsdiens gehad wat deur staatswetgewing bepaal en gereël is nie. Voor 1804 het die NG Kerk onder die kerklike opsig van die Classis van Amsterdam geval, maar in 1804 het kommissaris-generaal JA de Mist 'n voorlopige (omdat dit eers deur die Bataafse regering goedgekeur moes word) Kerkordinansie uitgereik wat bepaal het dat alle kerkgenootskappe gelyke beskerming deur die wette sou geniet, dat kerke hul gevoelens openlik kon bely sonder om ander se oortuigings onbehoorlik te beoordeel en dat alle kerkbyeenkomste toeganklik moes wees vir enigeen[661]. Van staatskant was daar verder nie werklik wetlike inmenging in kerksake nie, behalwe toe die staat pertinent deur die kerk versoek is om wetgewing te passeer om die kerk te help met die eenwording van die verskillende provinsiale kerke – waarop die staat reageer het met die *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"*[662].

Die Suid-Afrikaanse howe moes egter in die verlede al meermale uitsprake lewer nadat kerkmense mekaar nie kon vind nie. Tydens hierdie hofuitsprake is 'n aantal beginsels gestel wat help om duidelikheid te gee oor die ruimte en begrensings wat die Suid-Afrikaanse reg aan die kerk en sy besluitneming gee. Hierdie tendens om kerklike sake vir beregting voor die burgerlike hof te bring,

---

[661] Coertzen, 2001: 115

[662] *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"* (sien Bylae A tot hierdie hoofstuk).

het daartoe aanleiding gegee dat verskeie regsmenings ingewin is ten einde die kerk te help om sy sake só te reël dat dit die minste uiteindelike regsimplikasies vir die kerk sou inhou.

'n Ontleding gaan allereers gemaak word van die inhoud en implikasies van die huidig geldende *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"* voordat die uitsprake van die Hooggeregshof en Appèlhof[663], as die belangrikste hofsake in verband met kerkhereniging, bestudeer en die verdere regsmenings[664] wat bekom en bestudeer is, ontleed en interpreteer sal word. Ten slotte sal dan

---

[663] Hofuitsprake wat bestudeer is, sluit in:

1 In die saak in die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling) van die VGK en MD Kambule en 160 ander vs die NGKA-OVS (1e respondent) en NGKA-Phororo (2e respondent) – saak 799/96 – Regter R van Coller (sien Bylae B tot hierdie hoofstuk).

2 In die saak in die Hoogste hof van Appèl van Suid-Afrika van die NGKA-OVS (1e appellant) en NGKA-Phororo (2e appellant) vs die VGKSA (respondent) – saak 536/96 – Regters Hever, Vivier, Harms, Zulman en Streicher (sien Bylae C tot hierdie hoofstuk).

3 In die saak in die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling) van die Koppies gemeente van die NGKA vs die Koppies gemeente van die VGKSA (1e respondent) en die Plaaslike Oorgangsraad van Koppies (2e respondent) – saak 2287/1999 – Regter CJ Musi (sien Bylae D tot hierdie hoofstuk).

[664] Regsmenings wat bekom is, sluit in die volgende:

1 Regsmenings aangevra deur die NGK:

1.1 Memorandum insake Kerkvereniging – Adv JNJ Barkhuizen Sc, Cramerview – 1/8/95 (sien Bylae E tot hierdie hoofstuk).

1.2 Mening aan ds PS Strümpfer van N-Tvl – IWB de Villiers, Lynnwood – 27/9/95 (sien Bylae F tot hierdie hoofstuk).

1.3 Ex Parte: Sinode van Noord-Transvaal van die NGK in re: Kerkvereniging – Adv JW Louw Sc, Pretoria – 31/10/95 (sien Bylae G tot hierdie hoofstuk).

1.4 Die NGK Kerkvereniging – Adv WH Trengrove Sc en Adv WHG van der Linde, Johannesburg – 20/2/96, waarby aangeheg NGK/Herstrukturering – Prokureur Hofmeyer per PJ Conradie – 21/2/96 (sien Bylae H tot hierdie hoofstuk).

2 Regsmenings aangevra deur die NGKA:

2.1 Ex Parte: NGKA-OVS in re: Besluite ten opsigte van Belydenisskrifte en vorming van VGK-SA – opinie op grondwetlikheid van prosedure – Adv WH Olivier, Bloemfontein – 18/9/95 (sien Bylae I tot hierdie hoofstuk).

2.2 Memorandum In Re: Eenwording tussen Die N.G. Kerk In Afrika en die N.G. Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 20/6/94 (sien Bylae J tot hierdie hoofstuk).

2.3 Regsmening in re: Eenwording tussen die NGKA en die Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 12/4/94 (sien Bylae K tot hierdie hoofstuk).

2.4 Regsmening in re: die NGKA – Adv Lötter Wepener Sc – 16/3/95 (sien Bylae L tot hierdie hoofstuk).

2.5 Regsmening: Eenwording van die NG Kerkfamilie – Adv MJ Möller, Bloemfontein – 19/2/90 (sien Bylae M tot hierdie hoofstuk).

3 Regsmenings aangevra deur die VGKSA:

3.1 Kerkregtelike kommentaar op hofgeding tussen VGKSA en NGKA – Dr DA Kuyler (VDM), Bloemfontein – 5/9/05 (sien Bylae N tot hierdie hoofstuk).

gepoog word om enkele regsaanduidings vir die kerkherenigingsproses in die NG Kerkfamilie aan te dui.

3.2 Die *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"*[665]

Die *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"* (hierna verwys na as die *"Church Union Act"*) is op 25 April 1911 goedgekeur en op 12 Mei 1911 in werking gestel op grond van (a) die begeerte en besluit van die sinodes van die NG Kerke in die provinsies van die Unie van Suid-Afrika, te wete die Kaap, Natal, Transvaal en Vrystaat, om met mekaar te verenig met (b) die vestiging van die reg van die Algemene Sinode of Vergadering om sy eie konstitusie en samestelling te reël of daarna te verander, en (c) omdat dit gerade is om die lidmaatskapstatus van gekleurde persone wat voorheen lidmate van die Kaapse kerk was uit te klaar indien hulle na een van die ander sinodes sou verhuis, asook (d) omdat dit raadsaam is om die eiendomsreg van die verenigde kerk te verklaar en in stand te hou oor die voormalige eiendomme van die samestellende kerke en (e) dit verkieslik is dat die verenigde kerk oor die nodige mag en gesag sal beskik om ook buite die grense van Suid-Afrika uit te brei. Hierdie wet het dus vir die kerk die weg geopen om te verenig en sou kerkrade en gemeentes, wat teen vereniging is, verplig om ook toe te tree of anders sou hulle van hulle eiendomme moes afsien[666]. Die parlementêre goedkeuring van hierdie verenigingsakte het egter nog nie beteken dat die vereniging hiermee 'n voldonge feit geword het nie – die kerk het deur die wet alleen die waarborg verkry dat dit die krag van staatswet sou verkry nadat dit deur die kerk self (eers deur die kerkrade en daarna deur die sinodes) goedgekeur is[667].

Die *"Church Union Act"* bepaal die volgende:

Artikel 1: Na afkondiging van die wet, moet die moderator van elke sinode 'n afskrif van die wet asook van die sinodebesluit ten gunste van vereniging, aan elke kerkraad tydens 'n wettige vergadering voorlê vir oorweging en besluit.

---

[665] Sien Bylae A tot hierdie hoofstuk.

[666] Van der Watt, 1973: 152

[667] Van der Watt, 1973: 153

Artikel 2: Wanneer ten minste ’n drie-kwart van die kerkrade op ’n wettig gekonstitueerde vergadering met meerderheid van stem ten gunste van vereniging besluit, moet die betrokke sinode op ’n wettig gekonstitueerde vergadering met ’n meerderheid van ten minste drie-kwart van sy lede (a) sy voormalige besluit herbevestig en (b) met die wettige verteenwoordigers van die ander sinodes verenig om die naam van die nuwe kerk te verklaar.

Artikel 3: Sodra die verwagte vereniging realiseer, is dit die plig van die sinode, agerend deur sy moderator en skriba, om ’n afskrif van die verenigingsbesluit, onderteken deur die moderator en skriba, aan die Goewerneur-Generaal voor te lê, waarna die Goewerneur-Generaal die genoemde besluit by wyse van proklamasie met vermelding van die naam van die verenigde kerk in die staatskoerant publiseer, met dien verstande dat ten minste twee sinodes tot die verenigde kerk toestem.

Artikel 4a: Met die bogenoemde proklamasie en publikasie deur die Goewerneur-Generaal en indien die Kaapse Kerk deel van die verenigde kerk is, word Ordinansie 7 van 1843 (van Kaap die Goeie Hoop, wat die *“Church Regulations of 25th July 1804”* heet) herroep, asook Wet 9 van 1898 (Kaap – *“The Dutch Reformed Church Ordinances Amendment Act”*) en Ordinansie 16 van 1845 (getiteld *“An Ordinance to amend Ordinance 7 of 1843”*), met dien verstande dat Artikel 2 van Ordinansie 7 van 1843 nie herroep word nie en met dien verstande dat indien Natal tot die nuwe kerkverband toetree, Wet 36 van 1909 van die Natalse kolonie ook herroep word.

Artikel 4b: Ander wette, reëls en regulasies as in die voormelde ordinansies en wette sal, in soverre dit in ooreenstemming met hierdie wet is, van krag bly.

Artikel 4c: Alle siviele regte van die voormalige sinodes sal setel in en besit word deur die verenigde kerk, wat ook verantwoordelik sal wees vir die take van die samestellende sinodes.

Artikel 4d: Alle eiendomsreg van die verenigende kerke, sinodes, ringe en kerkrade sal wettiglik setel in die sinode, ringe en kerkrade van die verenigde kerk en die naam van die verenigde kerk sal die name van die voormalige kerke

vervang, met dien verstande: (1) dat die OVS Predikante Voorsieningsfonds en die Grey Kollege Fonds bly vir die gebruik deur gemeentes wat daarin aandeel het; en (2) dat alle bates en eiendomme van ringe, kerkrade of ander kerklike liggame wat nie onder beheer van die samestellende sinodes val nie, die bates en eiendom van die betrokke ringe, kerkrade en kerklike liggame onder dieselfde bestuur bly.

Artikel 5: Bestaande titelaktes hoef nie na kerkvereniging gewysig te word nie maar by oordrag van eiendomme na kerkvereniging sal dit in die naam van die nuwe kerk geskied, met dien verstande dat in Transvaal die name van die voormalige ring of gemeente aan die nuwe naam gekoppel mag word.

Artikel 6: Regsgedinge mag volgens die wette, reglemente en regulasies van die samestellende kerke deur of teen persone in wie kerklike eiendomme of bates, of die administrasie daarvan setel, ingestel word.

Artikel 7: Die verenigde kerk sal steeds sy opsig en bestuur uitoefen deur middel van kerkrade, ringe en ’n sinode of Algemene Vergadering, wat die leerstellinge vervat in die Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die sinode van Dordrecht in 1618 en 1619 goedgekeur en bekragtig, sal bely. Indien enige verskil oor die leer of bestuur van die kerk ontstaan, sal diegene wat die bogenoemde leer en bestuur voortsit, die bevoordeeldes wees wat betref die bates en eiendomme en ander regte wat volgens wet aan die verenigde kerk behoort, met dien verstande dat (a) die Sinode of Algemene Vergadering van die verenigde kerk die finale beslissingsreg het oor die leer en belydenis van die kerk, wat aldus ook deur die geregshowe erken sal word, en (b) dat die Sinode of Algemene Vergadering die reg het om sy konstitusie en samestelling te verander deur die aantal afgevaardigdes na die vergadering te verminder met wysiging van die manier van afvaardiging, om so voorsiening te maak vir ’n “Synodus Contracta”, of om voorsiening te maak vir opname van ander persone in die Sinode wat tans nie deel van enige van die samestellende kerke is nie, en (c) dat die Sinode of Algemene Vergadering

provinsiale sinodes mag konstitueer met bepaling van hulle beperkings en doelwitte, samestelling, konstitusie en magte.

Artikel 8: Die verenigde kerk mag buite die grense van die Unie van Suid-Afrika uitbrei om lidmate van gemeentes buite die grense van Suid-Afrika in te sluit, met dien verstande dat hulle hulle onderwerp aan en gedra volgens die konstitusie, wette, reëls en regulasies van die verenigde kerk asof daardie gemeente binne die grense van Suid-Afrika is.

Artikel 9: Geen kleurling-lidmaat van die Kaapse Kerk sal geregtig wees om aanspraak te maak op lidmaatskap van die verenigde kerk indien hy/sy buite die grense van die Kaapse provinsie gaan woon nie, maar hy/sy sal dieselfde lidmaatskapstatus in daardie ander provinsies geniet as wat kleurlinge daar geniet.

Artikel 10: Die Sinode of Algemene Vergadering van die verenigde kerk mag op ’n wettig gekonstitueerde vergadering sy wette, reëls en regulasies aanvul, vernietig, verander, uitbrei of verbeter solank dit nie teenstrydig of onversoenbaar met enige bepaling van hierdie wet is nie.

Artikel 11: Hierdie artikel bevat verklaring van die terme *“Nederduits Gereformeerde Kerk”, “regte”, “eiendom/me”* en *“Sinode”*.

Artikel 12: Hierdie artikel bepaal die inwerkingtreding van hierdie wet.

Artikel 13: Hierdie artikel bepaal die opskrif van hierdie wet.

Samevattend:

Soos reeds ter inleiding van hierdie proefskrif gestel, het afgevaardigdes van die Kaapse-, Vrystaatse-, Natalse- en Transvaalse Sinodes op 9 en 10 Augustus 1905 op Colesberg vergader en besluit om federaal te verenig as *“De Raad der Nederduitsche Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika”*, wat die afsonderlike bestaan en ontwikkeling van die kerke sou beskerm en as studieliggaam in adviserende hoedanigheid sou dien. Besluite sou eers van krag wees wanneer elke Sinode dit goedgekeur het vir die betrokke Sinode. Die veelbesproke *“gelykheidskwessie”*, waarin dit gegaan het oor die posisie van Kleurlinge in die

kerkverband, het egter telkens na vore gekom in gesprekke oor kerkvereniging. Hierdie saak het voor verskeie kerkvergaderings gedien en talle pogings tot kerkvereniging is sonder sukses aangewend. Die *"Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911"* het ontstaan uit hierdie behoefte van die NG Kerk om in die destydse vier provinsies van Suid-Afrika te verenig en om wetlike uitklaring te gee aan (1) die reg van die Algemene Sinode om sy eie konstitusie (kerkorde) en samestelling te reël en te verander, (2) die lidmaatskapstatus van die Kaapse gekleurde lidmate, (3) die eiendomsreg van die voormalige kerke (sinodes) uit te klaar, en (4) die kerk se reg te vestig om buite die grense van die staat uit te brei.

Hierdie wet het dus spesifiek voorsiening gemaak dat **vereniging regsgeldig** kon geskied met die skriftelike voorlegging en goedkeuring van die verenigingsvoorstel met 'n meerderheidstem deur drie-kwart van die onderskeie kerkrade in al vier die provinsies (Artikel 2) en daarna weer herbevestig deur 'n driekwart-meerderheid van elke samestellende sinode. Die agterliggende beskouing en regsbeginsel was dus dat die gemeentes se goedkeuring vir kerkeenheid noodsaaklik was. Ten minste twee sinodes moet tot hierdie vereniging toestem, voordat die nuwe kerk kan ontstaan. Die vereiste meerderheid kon nie spoedig verkry word nie en eers vyftig jaar later, op 12 Oktober 1962, is kerkeenheid bereik en die NG Kerk in een sinodale verband verenig.

Wat die **lidmaatskapstatus** van die Kaapse gekleurde lidmate betref, bepaal die wet dat hulle geen regte of aansprake buite die Kaapse Kerk het nie, maar die regte sal geniet wat soortgelyke persone in die ander provinsies geniet (Artikel 9).

Wat **eiendomsreg** betref, word bepaal (Artikel 4c) dat die voormalige kerke se siviele regte en take oorgaan in die nuwe kerk as 'n selfstandige regspersoon (Artikel 6) en dat eiendomsreg van die verenigende kerke, sinodes, ringe en kerkrade (met uitsluiting van die OVS Predikante Voorsieningsfonds en die Grey Kollege Fonds) wettiglik sal setel in die sinode, ringe en kerkrade van die

verenigde kerk en die naam van die verenigde kerk sal die name van die voormalige kerke vervang. Alle bates en eiendomme van ringe, kerkrade of ander kerklike liggame wat nie onder beheer van die samestellende sinodes val nie, bly egter die bates en eiendom van die betrokke ringe, kerkrade en kerklike liggame onder dieselfde bestuur (Artikel 4d). Bestaande titelaktes hoef nie na kerkvereniging gewysig te word nie maar by oordrag van eiendomme ná kerkvereniging sal dit in die naam van die nuwe kerk geskied, met dien verstande dat in Transvaal die name van die voormalige ring of gemeente aan die nuwe naam gekoppel mag word (Artikel 5). 'n Baie belangrike bepaling in hierdie verband, is die bepaling in Artikel 7 van Wet 23 van 1911 waarin die bestuur en belydenisgrondslag van die nuwe kerk omskryf word en wat pertinent bepaal dat indien enige verskil oor die leer of bestuur van die kerk ontstaan, sal diegene wat die aanvanklike leer en bestuur voortsit, die bevoordeeldes wees wat betref die bates en eiendomme en ander regte wat volgens wet aan die verenigde kerk behoort. Die Sinode of Algemene Vergadering van die verenigde kerk het egter die finale beslissingsreg oor die leer en belydenis van die kerk, wat aldus ook deur die geregshowe erken sal word, en het die reg om sy konstitusie en samestelling te verander (sien ook Artikel 10) deur die aantal afgevaardigdes na die vergadering te verminder met wysiging van die manier van afvaardiging, om so voorsiening te maak vir 'n "Synodus Contracta", of om voorsiening te maak vir opname van ander persone in die Sinode wat tans nie deel van enige van die samestellende kerke is nie, en mag provinsiale sinodes konstitueer met bepaling van hulle beperkings en doelwitte, samestelling, konstitusie en magte.

Wat die **uitbreiding** van die kerk buite die grense van SA betref, vestig Artikel 8 daardie reg van die kerk en word sulke gemeentes geag as binne SA te wees.

3.3 Hofbeslissings

Alhoewel verskeie hofsake oor 'n verskeidenheid van kerklike sake reeds deur die loop van jare voor die burgerlike howe in Suid-Afrika en elders in die wêreld gedien het, gaan vir die doel van hierdie proefskrif gefokus word op dié sake wat direk in verband staan met kerkvereniging of kerkhereniging in die NG

Kerkfamilie, en alhoewel daar op die oomblik heelwat hofsake rondom hoofsaaklik die eiendomme tussen verskillende gemeentes van die NG Kerk, NGKA en die VGKSA (en dan veral tussen die laasgenoemde twee kerke) op die hofrolle is, is daar veral drie hofsake van deurslaggewende belang waarop ek vervolgens gaan fokus.

3.3.1 Hooggeregshof van Suid-Afrika – VGKSA vs NGKA-OVS en NGKA-Phororo[668]

Die VGK het op 26 Februarie 1996 'n aansoek gebring in die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling) vir 'n verklarende bevel dat die NGKA en die NGSK op 14 April 1994 regsgeldig verenig het om die VGK te vorm; dat die NGKA gevolglik nie meer bestaan nie; dat alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGK en dat die streeksinode NGKA-OVS wat op 27 September 1995 vergader het, oor geen regsbevoegdheid beskik het om enige regsgeldige handelinge namens die voormalige NGKA in die Vrystaat te verrig het nie. Die hofaansoek was aanvanklik gerig teen 162 respondente synde die individue en kerkrade van gemeentes wat betrokke was by die streeksinodesitting van die NGKA-OVS op 27 September 1995 te Parys. Nadat 'n tussentydse interdik op 22 Maart 1996 toegestaan is, is die NGKA-OVS en NGKA-Phororo op hulle versoek as verdere respondente bygevoeg. Uiteindelik was hierdie laaste twee respondente die enigste wat die aansoek teengestaan het.

In die betoog voor regter R Van Coller is aangevoer dat die kerkregtelike aanvaarding van die belydenis van Belhar 'n probleem was vanweë Artikel 36.1 van die Kerkorde van die NGKA wat bepaal het dat wysiging van die belydenisgrondslag van die kerk alleen kan geskied met goedkeuring van twee-derde meerderheid van beide die NGKA se Algemene Sinode sowel as sy streeksinodes en nadat alle kerke in die NG Kerkverband eers daaroor

[668] In die saak in die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling) van die VGK en MD Kambule en 160 ander vs die NGKA-OVS (1e respondent) en NGKA-Phororo (2e respondent) – saak 799/96 – Regter R van Coller (sien Bylae B tot hierdie hoofstuk).

geraadpleeg is. Tydens die Algemene Sinode van 1991 is die Kerkorde van die NGKA daarom in twee opsigte eenparig gewysig: 'n Nuwe Artikel 61 is ingevoeg wat bepaal dat die NGKA met 'n twee-derde meerderheid besluit van die Algemene Sinode met ander kerke (genoem in Artikel 2) struktureel kan verenig (en in die geval van vereniging met ander kerke as dié genoem in Artikel 2, óók met goedkeuring van twee-derde meerderheid van die streeksinodes) waarna die NGKA ophou om te bestaan en met al sy regte, voorregte, eiendomme, bates en laste oorgaan in die ooreenstemmende regspersone van die nuwe kerk. Verder is Artikel 36.1 en 36.2 gewysig sodat dit voortaan vir die Algemene Sinode alléén moontlik sou wees om die belydenis en kerkorde van die kerk met 'n twee-derde meerderheid stem te verander. Hiervolgens is die besluitnemingsbevoegdheid oor die belydenisgrondslag, kerkorde én kerkvereniging nou vierkantig in die hande van die Algemene Sinode geplaas met uitsluiting van die instemming daartoe al dan nie van die streeksinodes of kerkrade en ongeag die standpunt van die res van die kerke in die NG Kerkverband – persone, kerkrade en streeksinodes kan hulle hoogstens agterna by wyse van *gravamina* op die Algemene Sinode beroep. Die uiteindelike stigtingsinode het egter eers op 14 April 1994 plaasgevind en is die Kerkorde punt vir punt goedgekeur.

Die NGKA betwis in sy verweer die regsgeldigheid van hierdie onkerkregtelike wysiginge aan die Kerkorde wat tydens die Algemene Sinode 1991 aangebring is (want die Algemene Sinode was nie kerkordelik by magte om die Kerkorde te wysig sonder die 100% instemming van kerkrade, ringe en streeksinodes nie), en hulle beskou hulself daarom as die voortsetting van die NGKA met behoud van alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste wat hulle binne die NGKA het en gehad het, want die oorspronklike stigters van die kerk het bedoel dat dit permanent sou bestaan. Hulle voer verder aan dat die Algemene Sinode nie namens die streeksinodes, ringe en gemeentes ontbindingsbesluite kan neem nie.

In sy beredenering van die saak gaan Regter Van Coller uit van die argument dat die kerk 'n vrywillige vereniging (*universitas*) is waarvan die lede onderling verbind word deur sy grondwet (die Kerkorde). Daar word ook duidelik uitgewys

dat die NGKA 'n verband van plaaslike gemeentes is wat dieselfde belydenis en kerkorde aanvaar (Artikel 3.1) en deur die kerkverband as gemeentes erken word. Ringe bestaan uit gemeentes wat deur die streeksinode saam gegroepeer word en die ringsvergadering word saamgestel uit verteenwoordigers uit die gemeentes. Die streeksinode word óók saamgestel uit afgevaardigdes uit die gemeentes, maar die Algemene Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes uit die ringe en 'n verdere vier afgevaardigdes uit elke streeksinode – kerkrade het dus nie noodwendig direkte verteenwoordiging by die Algemene Sinode nie. Regter Van Coller wys verder daarop dat die gemeente deur die kerkraad regeer word en dat die kerkraad se jurisdiksie beperk is tot binne die grense van die gemeente, terwyl (met verwysing van Artikel 18) die Algemene Sinode se jurisdiksie oorkoepelend is om 'n regeringshandeling te verrig wat die kerk in sy geheel kan raak. Volgens Regter Van Coller besit geen van die ander vergaderinge van die kerk oor hierdie uitgebreide bevoegdheid volgens die Kerkorde nie en was die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode tot kerkvereniging derhalwe regsgeldig. Wat betref die bevoegdheid van die Algemene Sinode om die Kerkorde te wysig, wys Regter Van Coller daarop dat die bevoegdheid om die Kerkorde te wysig die bevoegdheid om 'n besluit te neem om te ontbind insluit en dat die besluit van die Algemene Sinode tot kerkvereniging derhalwe wettig was met al die implikasies daarvan vir die onderskeie streeksinodes, ringe en kerkrade.

Regter R van Coller het die aansoek toegestaan.

3.3.2 Hoogste Hof van Appèl in Suid-Afrika[669]

Die NGKA-OVS en NGKA-Phororo het op 6 November 1998 'n aansoek gebring by die Hoogste Hof van Appèl in Suid-Afrika teen die beslissing en verklarende bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling) op 5 September 1996 ten gunste van die VGKSA, waarna Appèlregters

[669] In die saak in die Hoogste hof van Appèl van Suid-Afrika van die NGKA-OVS (1e appellant) en NGKA-Phororo (2e appellant) vs die VGKSA (respondent) – saak 536/96 – Regters Hever, Vivier, Harms, Zulman en Streicher (sien Bylae C tot hierdie hoofstuk).

W Vivier, Hefer, Harms, Zulman en Streicher op 27 November 1998 uitspraak gelewer het.

In hul opsomming van die saak wys die Appèlregters daarop dat met die tot standkoming van die NGKA deur die vereniging van die Bantoekerk in Suid-Afrika met die NG Sendingkerke in die Vrystaat, Transvaal en Natal op 7 Mei 1963, die vier kerke se gemeentes, ringe en streeksinodes steeds voortbestaan het sonder oordrag van bates. Tydens die Algemene Sinode van Julie 1991 het die NGKA egter die reeds gemelde voorbereidende kerkordelike wysiginge met die oog op kerkvereniging aangebring (die verandering van Artikels 36.1 en 36.2 en die invoeging van Artikel 61) en is besluit (besluit 1.1.34) dat die NGKA as regspersoon met die konstituering van die stigtingsinode sal ophou bestaan met die oordrag van al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge aan die Algemene Sinode van die nuwe kerk. Streeksinodes (besluit 1.1.35) en ringe (besluit 1.1.36) is versoek om soortgelyke besluite as die Algemene Sinode te neem en kerkrade (besluit 1.1.37) is versoek om self stappe te neem vir die voortsetting van die gemeente as regspersoon met 'n nuwe identiteit.

In hulle beredenering van die saak wys die Appèlregters daarop dat die howe al meermale beslis het dat die NG Kerke as regspersone vrywillige of onderlinge verenigings is waarvan die lede kontraktueel (of ingevolge interne verbandsreg) gebind word deur die betrokke kerkordes wat voorsiening maak vir 'n gereformeerde of presbiteriale stelsel van kerkregering wat uitgaan van die beginsel dat die plaaslike gemeente, as samevoeging van gelowiges rondom dieselfde belydenis, die sigbare openbaring en organisasie van die kerk en dus op sigself volledig kerk is – die gereformeerde kerk is uit sy aard 'n belydeniskerk. (Hiervolgens is kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenis het nie of wat dieselfde belydenisskrifte verskillend vertolk en kerkregtelik verskillend georganiseer is, nie moontlik nie). Verder word aangetoon dat meerdere vergaderings (ringe, streeksinodes en die Algemene Sinode) tydelik van aard is en nie die selfstandigheid van die plaaslike gemeente of kerk raak nie, wat op sigself regspersone is wat die wettige eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse is. In die plaaslike gemeente tree die kerkraad as bestuursliggaam en

eerste vorm van kerkverband op om verteenwoordigend namens die gemeente eksklusief besluite namens die gemeente te neem, onder andere oor sy eiendomme. Elke kerklike vergadering het sy eie bevoegdheid kan nie die bevoegdheid van 'n ander vergadering oorneem nie. Verder word, in die uitwys van die samestelling van die verskillende kerkvergaderings, daarop gewys dat geen gemeente 'n direk verkose verteenwoordiger op die Algemene Sinode het nie en dat laasgenoemde bloot tydelik van aard is, geen permanente bestuursliggaam is nie en dat sy bevoegdheid eindig met die verdaging van die vergadering. Die Algemene Sinode mag ook nie 'n bepaling van die Kerkorde wysig om 'n doel te bereik wat buite sy magte is nie. Die Appèlregters wys vervolgens daarop dat die aanvanklike bedoeling en beginsel van Artikel 36 was dat elke gemeente van die kerk, deur sy verteenwoordiging in die streeksinode, inspraak in 'n moontlike wysiging van die belydenis deur die Algemene Sinode (binne sy bevoegdheid volgens Artikel 34.5) moes hê, en aangesien die belydenis die grondslag vir die kerkverband is, lê daar hierin derhalwe 'n beperking op die bevoegdheid van die Algemene Sinode wat in die ou Artikel 36 verskans was. Die Algemene Sinode van 1991 was dus nie by magte om hierdie verskansing te omseil deur 'n eensydige wysiging van Artikel 36 nie. Op grond hiervan bevind die regters dat by die invoeging van Artikel 61 die Algemene Sinode die wysigingsbevoegdheid in Artikel 36 gebruik het om 'n resultaat te bereik wat nie alleen nooit bedoel kon gewees het nie, maar ook strydig is met die hele oogmerk van die wysigingsbevoegdheid in Artikel 36, wat gemik was op die voortsetting, verbetering en aanpassing van die Kerkorde soos omstandighede van tyd tot tyd sou vereis. Verder word aanvaar dat die aanvanklike bedoeling met die opstelling van die Kerkorde en die betrokke Artikel 36 was dat die NGKA altyd sou bly voortbestaan en dat daar daarom geen uitdruklike voorsiening gemaak is vir ontbinding of kerkvereniging of om die fundamentele doelstelling van die NGKA ongedaan te maak nie. Derhalwe is bevind dat die invoeging van Artikel 61 nie 'n wysiging binne die betekenis van Artikel 36 is nie en dat die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het. Die regters wys óók daarop dat die Algemene Sinode nie by magte is om

besluite oor gemeentes se bates te neem of eensydig die gemeente se aard of identiteit te verander of te ontbind of sy kerkverband te verander nie. Die regters wys ook daarop dat dit algemeen in die howe aanvaar word dat die Algemene Sinode se inherente bevoegdheid nie die reg insluit om sonder die goedkeuring van al sy lede (gemeentes) die kerkverband te verander en 'n ander kerk te stig nie. Op grond van die *universitas*-beginsel is al beslis dat selfs enkele lidmate beskou kan word as voortsetting van die gemeente met al sy regte (met verwysing van die uitspraak van Hoofregter Kotze in die Standerton-saak).

Appèlregters W Vivier, Hefer, Harms, Zulman en Streicher het die appèl met koste gehandhaaf en die beslissing van die Hooggeregshof ter syde gestel.

3.3.3 Hooggeregshof van Suid-Afrika – NGKA Koppies vs VGKSA Koppies en Plaaslike Oorgangsraad van Koppies[670]

Die NGKA Koppies het op 8-18 November 2005, 21-30 Maart en 6-9 Junie 2006 'n saak om ontruiming en skadevergoeding teen die VGKSA Koppies aanhangig gemaak voor die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling), waarop op 26 Oktober 2006 deur Regter CJ Musi uitspraak gelewer is.

In sy beredenering wys Regter Musi daarop dat die betoog dat die Doleansie-kerkreg wat bepaal dat die kerkraad nie aan die beslissinge van meerdere vergaderings onderworpe is nie en dat besluitnemingsbevoegdheid oor goedere by die lokale/plaaslike kerk (kerkraad) behoort (en dat individuele lede geen aanspraak op die gemeenskaplike goedere wat onder die bestuur van die kerkraad is, het nie)[671], nie toepaslik is vir die beredenering van die saak voor die hof nie.

Nogtans bly die vraag of die kerkraad (en selfs die meerderheid van die lidmate) eensydig kan besluit om 'n gemeente se kerkverband te verander met inbegrip van die oordrag van alle bates na die nuwe kerkverband. Hy wys telkens met klem daarop dat elke vergadering binne sy kerkordelik-omskrewe bevoegdhede

---

[670] In die saak in die Hooggeregshof van SA (OVS Provinsiale afdeling) van die Koppies gemeente van die NGKA vs die Koppies gemeente van die VGKSA (1e respondent) en die Plaaslike Oorgangsraad van Koppies (2e respondent) – saak 2287/1999 – Regter CJ Musi (sien Bylae D tot hierdie hoofstuk).

[671] Bouwman, II 1985: 68; sien Berkhof/De Jong, 1975: 276

moet optree. Insiggewend is dat Regter Musi aandui dat almal (ongeag hulle huidige kerkverband) ten tye van die besluitneming om oor te gaan na 'n ander kerkverband, gebonde was aan die bepalings van die kerkorde van die kerkverband waaruit hulle vertrek het.

Verder wys Regter Musi daarop dat die magte van die kerkraad nie onbegrens is nie – daar is duidelik omskrewe bevoegdhede aan die kerkraad as bestuursliggaam van die gemeente toegedig in die kerkorde wat steeds die lidmaat se reg op appèl handhaaf – die kerkraad kan 'n lidmaat dus nie by wyse van 'n besluit dwing om by sy besluit in te val nie. Die stoflike bates behoort verder steeds aan die gemeente en die kerkraad bestuur dit slegs met verslaggewing aan die gemeente. Verandering van kerkverband is egter buite die bevoegdheid van die kerkraad – dit is iets waaroor die gemeente as geheel moet besluit.

'n Belangrike bevinding van Regter Musi is dat die toevoeging van die Belharbelydenis wel 'n uitbreiding en verandering aan die belydenisgrondslag van die kerk is, en dat dit én die verandering aan eiendomsreg nie in die belang van die NGKA was nie en dat die kerkraad met sy besluit om na die VGKSA oor te gaan in hierdie opsig buite sy bevoegdheid en strydig met sy Kerkorde gehandel het.

3.4 Regsmenings

3.4.1 Aangevra deur die NG Kerk

3.4.1.1 Memorandum insake Kerkvereniging – Adv JNJ Barkhuizen Sc, Cramerview – 1/8/95.[672]

Adv Barkhuizen wys daarop dat die verskillende vergaderinge van die kerk (kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode) deur al die howe erken word as regspersone volgens die *universitas*-beginsel (die versameling/samevoeging van 'n klomp natuurlike persone of individue in 'n vereniging of organisasie wat bevoeg is om regte te bekom en wat onophoudelik/ewigdurend sal bly

[672] Memorandum insake Kerkvereniging – Adv JNJ Barkhuizen Sc, Cramerview – 1/8/95 (sien Bylae E tot hierdie hoofstuk).

voortbestaan deur die natuurlike opeenvolging van sy lede [solank daar nog lede is, al is dit net een lid] en waarin die onderlinge verhouding deur sy konstitusie [Kerkorde] bepaal word). Die konstitusie is die kontrak of ooreenkoms tussen die *universitas* en sy lede, en enige optrede strydig daarmee – soos byvoorbeeld die besluit deur 'n vergadering dat die *universitas* ophou bestaan en opgeneem word in 'n ander struktuur, liggaam of entiteit, sonder die totale (100%, want selfs die meerderheid het geen bindende mag oor die minderheid nie) instemming van die *universitas* – is *ultra vires*.

Die volgende omskrywing van die *universitas* word volgens Barkhuizen gegee in *Wille's Principles of South African Law*:

> *"A universitas is an aggregation of natural persons or individuals forming a persona or entity, having the capacity of acquiring rights and of incurring obligations, and having perpetual succession...*
>
> *A universitas is an entity distinct from the individuals who compose it. It follows that its capacity to acquire rights and to incur obligations is distinct from that of its members; therefore the property of the universitas belongs to it and not to its members...*
>
> - Met ander woorde, sodra die *universitas* tot stand kom, raak dit – met insluiting van sy vermoë om regte te bekom en verpligtinge aan te gaan – onderskeie van en verhewe bo sy stigterslede. Eiendom wat sodanig bekom word, is dan die eiendom van die *universitas* en nie van sy lede nie[673].
>
> *Another feature which is peculiar to a universitas is perpetual succession. A natural person is mortal, but a corporation continues to exist though the individual members comprising it change, so long as one member, whether an original member or not, remains in whom the rights of the universilas can vest."*

[673] My interpretasie van die voorafgaande definisie.

- Met ander woorde nou word kontra die vorige paragraaf aangedui dat die regte van die *universitas* in sy lede – selfs al is dit slegs één oorblywende lid – vestig [674].

Alles in ag geneem beveel Adv Barkhuizen dan aan dat 'n breë oorkoepelende kerkvergadering van die drie kerkverbande in die lewe geroep word, maar dat die bestaande NG Kerk in algemene sinodale, in sinodale en in ringsverband asook elke gemeente, in hulle huidige vorm en met behoud van hulle vermoënsregtelike posisie, bly voortbestaan.

3.4.1.2 Mening aan ds PS Strümpfer van N-Tvl – IWB de Villiers, Lynnwood – 27/9/95[675]

Regter De Villiers spreek die mening uit, gegrond op die wet op vennootskap en vrywillige assosiasie (*The Law of Partnership and Voluntary Assosiation in South Africa*), dat die regsposisie van kerke sodanig is dat kerke alleen kan verenig of die belydenisgrondslag daarvan kan verander indien al die lidmate van die kerke daartoe instem, aangesien hierdie twee sake die fundamentele of wesentlike van die kerk as vrywillige assosiasie of *universitas* raak (oor ander, nie-wesentlike sake kan gewoon by wyse van 'n meerderheidsbesluit die minderheid wel gebind word). Enige besluit en selfs onderhandelinge in die rigting van verandering van die fundamentele of wesenlike oprigtingskarakter van die kerk as *universitas* is sonder die toestemming van al sy lede daarom *ultra vires*, en ampsdraers van die kerk wat deelneem aan sodanige handelinge is volgens hom aanspreeklik vir skade wat die kerk as gevolg daarvan ly. Regter De Villiers meen egter dat 'n verklarende bevel hieroor van die Hooggeregshof aangevra moet word om alle misverstand tussen uiteenlopende standpunte hieroor uit te skakel alvorens begin word met onderhandelinge en/of besluite in verband met kerkhereniging.

Regter De Villiers wys ook daarop dat duidelik onderskei moet word oor die natuurlike aard (*"nature and character"*) van 'n betrokke vrywillige vereniging in

---

[674] My interpretasie van die voorafgaande definisie.

[675] Mening aan ds PS Strümpfer van N-Tvl – IWB de Villiers, Lynnwood – 27/9/95 (sien Bylae F tot hierdie hoofstuk).

die bepaling van sy mag en bevoegdheid oor sy lede – in hierdie opsig verskil die magte en bevoegdhede van 'n kerk en 'n politieke party wesentlik volgens hom.

Ten slotte wys Regter De Villiers daarop dat die VGKSA na sy mening nie wettig tot stand gekom het nie aangesien al die lidmate van die NGSK en die NGKA nie ingestem het tot die vereniging van die twee kerke nie en is handelinge wat ampsdraers namens die VGKSA verrig ewe-eens nietig. Die NGSK en die NGKA bestaan dan voort onder die beheer van die lidmate wat nie tot sodanige vereniging toegestem het nie. Óók hiéroor behoort daar volgens De Villiers 'n verklarende bevel van die Hooggeregshof aangevra te word alvorens enige verdere onderhandelinge met die VGKSA gevoer word.

3.4.1.3 Ex Parte: Sinode van Noord-Transvaal van die NG Kerk in re: Kerkvereniging – Adv JW Louw Sc, Pretoria – 31/10/95[676]

Volgens Adv Louw is die juridiese status van die kerk dié van 'n *universitas* of vrywillige vereniging met 'n kontraktuele verhouding tussen sy lede, waar die grondwet of konstitusie (Kerkorde) die kontrak tussen die lede enersyds en die beheerliggaam (kerkvergaderings) en sy lede andersyds is. Adv Louw wys dan daarop (in sy verskil met die uitspraak van die Standerton-saak) dat, in afwesigheid van 'n verbod (byvoorbeeld in die konstitusie van 'n vrywillige vereniging) is die algemene reël by vrywillige verenigings dat meningsverskille deur meerderheidsbesluit beslis word. In die geval van die kerk is dit volgens Louw uit die Kerkorde duidelik dat individuele lidmate geen besluitnemingsbevoegdhede het nie, maar dat dit by die verskillende kerkvergaderings lê – dat individuele lidmate dus afstand gedoen het van hulle besluitnemingsbevoegdheid ten gunste van die verskillende kerkvergaderings. Wat die besluit oor kerkvereniging en die wysiging van die belydenisgrondslag van die kerk betref, het die lidmate volgens Louw kragtens Artikel 71.1 (Kerkorde 1994 – Artikel 70 in die nuwe Kerkorde) hierdie bevoegdheid oorgedra na al die kerkvergaderings wat daaroor kan besluit met twee-derde-meerderheidstem.

---

[676] Ex Parte: Sinode van Noord-Transvaal van die NGK in re: Kerkvereniging – Adv JW Louw Sc, Pretoria – 31/10/95 (sien Bylae G tot hierdie hoofstuk).

- Kerkorde Artikel 70 handel egter oor samewerking binne ekumeniese verhoudinge met ander kerke en nie oor kerkvereniging met kerke van dieselfde belydenis en kerkorde nie[677]. Hieroor het die Appèlregters beslis *"...is dit gewoonlik die bande met kerke van ander konfessionele oortuigings, kerkregtelike beginsels en liturgie wat in 'n ekumeniese verhouding gestalte vind. Hierdie subartikel sê gevolglik niks meer nie as dat die 'kerk' nie in afsondering moet leef en werk nie maar eerder in samewerking met ander kerke. Die subartikel bevat, na my mening, geensins 'n stilswygende bevoegdheid tot eensydige kerkvereniging en kerkstigting nie'*[678].

Ten slotte beveel Adv Louw aan dat die regering versoek word om 'n wetlike prosedure te skep wat die kerk magtig om kerkvereniging te bewerkstellig.

3.4.1.4 Die NG Kerk Kerkvereniging – Adv WH Trengrove Sc en Adv WHG van der Linde, Johannesburg – 20/2/96, waarby aangeheg NGK/Herstrukturering – Prokureur Hofmeyer per PJ Conradie – 21/2/96[679]

Advokate Trengrove en Van der Linde dui aan dat die verskillende kerkvergaderings kragtens die Kerkorde oor die bevoegdheid beskik om die kerk te regeer, en dat hierdie bevoegdheid hiërargies (opstygend vanaf die lidmaat tot by die Algemene Sinode as die "hoogste" gesagsliggaam van die kerk) geskied oor dié sake en take wat hoort by die betrokke kerkvergadering. Die enigste beperking op hierdie bevoegdheid van die Algemene Sinode is in Kerkorde Artikel 44 wanneer 'n twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode vereis word by die wysiging van sy kerkorde, en twee-derde meerderheid van sowel die Algemene Sinode, streeksinodes vereis word by die wysiging van die belydenisgrondslag van die kerk. Daar is egter nóg 'n stilswyende beperking aan

---

[677] My interpretasie van en kommentaar op die voorafgaande.

[678] In die saak in die Hoogste hof van Appèl van Suid-Afrika van die NGKA-OVS (1e appellant) en NGKA-Phororo (2e appellant) vs die VGKSA (respondent) – saak 536/96 – Regters Hever, Vivier, Harms, Zulman en Streicher: 41,42 (sien Bylae C tot hierdie hoofstuk).

[679] Die NGK Kerkvereniging – Adv WH Trengrove Sc en Adv WHG van der Linde, Johannesburg – 20/2/96, waarby aangeheg NGK/Herstrukturering – Prokureur Hofmeyer per PJ Conradie – 21/2/96 (sien Bylae H tot hierdie hoofstuk).

die bevoegdheid van die Algemene Sinode waarop gelet moet word, en dit is dat die Algemene Sinode sy magte slegs mag aanwend ter verwesenliking van die kerk se bedrywighede as kerk en dat hy dit nie mag doen om 'n einde te maak aan die kerk as regspersoon (om dit as instelling tot niet te maak) nie. In die geval van kerkvereniging word die kerk as regspersoon wel ontbind, maar die kerk as instelling bly steeds voortbestaan.

Advokate Trengrove en Van der Linde kom tot die slotsom dat privaatwetgewing die aangewese weg is om kerkeenheid te bewerkstellig, aangesien dit betreklik vinnig regsekerheid bring.

In die aangehegte nota van prokureur Hofmeyer per PJ Conradie aan P Coertzen word aangedui dat ampsdraers wel met verkenningsgesprekke met die ander kerke besig mag wees (al is sodanige kerke in regsaksie met mekaar betrokke) solank hulle geen bindende ooreenkomste aangaan nie.

3.4.2 Aangevra deur die NGKA

3.4.2.1 Ex Parte: NGKA-OVS in re: Besluite ten opsigte van Belydenisskrifte en vorming van VGK-SA – opinie op grondwetlikheid van prosedure – Adv WH Olivier, Bloemfontein – 18/9/95[680]

Adv Olivier se mening is aangevra oor die grondwetlikheid van die prosedure wat gevolg is om twee "struikelblokke" te oorkom in die verenigingsproses van die NGSK en die NGKA tot die nuwe VGKSA, naamlik die invoeging van die Belharbelydenis as bykomende belydenisskrif en die magtiging van en prosedure vir ontbinding van die NGKA en NGSK ter wille van eenwording. In sy beredenering van die saak, wys Adv Olivier óók daarop dat 'n kerkgenootskap in ons gemenereg beskou word as 'n vrywillige vereniging wat die karakter het van 'n *universitas* waarvan die grondwet (kerkorde) die ooreenkoms of kontrak sluit tussen die onderskeie lede van die genootskap. Hierdie kontrak is die kernfaktor in die bestaan van die vereniging wat nie alleen die strekwydte van sy bestaan en aktiwiteite bepaal nie, maar wat ook die magte van die onderskeie organe of

[680] Ex Parte: NGKA-OVS in re: Besluite ten opsigte van Belydenisskrifte en vorming van VGK-SA – opinie op grondwetlikheid van prosedure – Adv WH Olivier, Bloemfontein – 18/9/95 (sien Bylae I tot hierdie hoofstuk).

vergaderings van die vereniging bepaal en prosedures voorskryf en reguleer. Hierdie kontrak (kerkorde) word vergunnend óf beperkend geïnterpreteer volgens die gewone reëls van toepassing by die uitleg van kontrakte en soos die geskiedenis van die praktiese toepassing daarvan in die verlede aandui. Waar so 'n grondwet nie voorsiening maak vir wysiging deur meerderheidstemming nie, kan wysiging slegs met eenstemmigheid plaasvind, mits sodanige wysiging geskied in die *bona fide* veronderstelling dat dit tot voordeel van die vereniging is en geskied volgens die voorgeskrewe prosedure in die konstitusie. Die vraag of die meerderheid van die lede van 'n vereniging egter 'n fundamentele doelstelling van so 'n vereniging kan verander, hang volgens Adv Olivier van die aard en karakter van die vereniging af. In hierdie verband wys Olivier daarop dat die Vrystaatse Hooggeregshof verduidelik het dat die bevoegdheid om te wysig beperk word tot wysigings wat redelikerwys geag kan word binne die beskouing en bedoeling van die partye te gelê het tydens die aanvang van die kontrak, inagnemend die aard en al die omstandighede van die kontrak. Wysigings wat die fundamentele doelstelling (in die kerk se geval is dit die wysiging aan die belydenisgrondslag en die besluit tot assosiasie met 'n ander liggaam) verydel of so 'n genootskap vernietig is derhalwe *ultra vires*. 'n Liggaam is ook nie bevoeg om 'n oënskynlike bevoegdheid te gebruik ten einde 'n doelstelling te bereik wat uit die aard daarvan nie geoorloof is of bedoel was in die konstitusie nie, en so 'n handeling om 'n ongeoorloofde gevolg te bereik is dan ook *ultra vires*. Sou die doel dan wees om die kerkorde te wysig sodat met 'n ander kerk te verenig kan word deur te ontbind en op te gaan in iets nuuts of byvoorbeeld 'n belydenis verander word ten einde so 'n vereniging te akkommodeer, word die klaarblyklike oogmerke van die kerkorde as sodanig nie vanweë 'n eie behoefte daaraan gedien nie, maar is die doel bloot die vereniging met 'n ander kerk; so 'n optrede sou as *ultra vires* aangemerk kon word. Verder beskik die Algemene Sinode ook oor geen uitdruklike magtiging om die inhoud van beskermende bepalings ten opsigte van die belydenisskrifte op sigself te kan wysig nie. Tewens, die gesag en regspersoonlikheid van die Algemene Sinode word volgens Olivier afgelei vanaf die gemeentelike verband via die ring en streeksinode, en kan daar dus nie

sonder die instemming vanaf die gemeentelike verband gehandel word met fundamentele sake vir die kerkverband nie.

3.4.2.2 Regsmening in re: Eenwording tussen die NGKA en die Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 12/4/94[681]

Advokaat Jacobs is deur Naudes Prokureurs, in opdrag van die NGKA, versoek om advies te gee oor hoe om kerkskeuring te verhoed, oor of die verandering van Artikel 36 van die Kerkorde nietig verklaar kan word op grond van die feit dat daar bymotiewe was, en om prosedure aangaande (1) die tersydestelling van die besluit om kerkeenwording omdat daar sekere besluite nie uitgevoer is nie, die Kerkorde nie na die Regskommissie verwys is soos vereis word nie, ander sake rakende die eenwording ook nie na die onderskeie permanente kommissies verwys is nie, die besluit dat al vier kerke gelyktydig een moet word negeer is, en prosedurele foute gemaak is; (2) om die verandering van die belydenis tersyde te stel omdat die hele kerk (die Belharbelydenis is nie aan al die gemeentes gestuur nie) en die Federale Raad van NG Kerke nie geraadpleeg is nie; en (3) hoe eenwording op 14-17 April 1994 deur enige lidmaat, gemeente of ring gestuit kan word, en indien nie, of 'n gemeente nog kan voortbestaan as NGKA met behoud van al sy eiendom. Advies word verder verlang oor of die invoeging van die ontbindingsartikel genoegsaam is om te voorkom dat 'n gemeente as regspersoon bly voortbestaan en of dit bindend is indien kerklike liggame met regspersoonlikheid nie die ontbindingsbesluite geneem het nie, asook oor die vraag of die Algemene Sinode 'n besluit kan neem oor die voorgestelde regspersoonlikheid van 'n gemeente.

In sy opsomming van die agtergrond, wys Adv Jacobs daarop dat die Algemene Sinode van die NGKA in 1983 (soos herbevestig in 1987) besluit het dat onderhandelinge tot kerkeenheid met aldrie die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie moet geskied, maar dat die moderatuur van die NGKA in 1988 eensydig, sonder die goedkeuring van die ASK óf sinode, besluit het om slegs met die NGSK in gesprek te tree en 'n Gesprekskommissie saam te stel, wat

[681] Regsmening in re: Eenwording tussen die NGKA en die Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 12/4/94 (sien Bylae J tot hierdie hoofstuk).

aanbeveel het dat eenwording van die twee kerke in Oktober 1990 moet plaasvind. Hierdie eenwording kon nie plaasvind nie, aangesien die NGSK 'n vierde belydenisskrif gehad het (die Belharbelydenis) en Artikel 36.1 van die Kerkorde van die NGKA hulle verhinder het om hierdie vierde belydenis te aanvaar sonder die goedkeuring van die streeksinodes. Tydens die buitengewone Algemene Sinode van 1990 is onsuksesvol gepoog om Artikel 36 te skrap, maar met die Algemene Sinode van 1991 is die artikel toe wel gewysig en is die Belharbelydenis aanvaar. Die Vrystaatse Streeksinode was ontevrede en het voor die Algemene Sinode van 1991 twee buitengewone sinodesittings belê om die saak te bespreek en ook die NGKA Phororo se Streeksinode het regsadvies ingewin, wat daartoe aanleiding gegee het dat die Algemene Sinode van 1991 'n verdere ontbindingsartikel in die Kerkorde opgeneem het.

In sy beredenering wys Adv Jacobs daarop dat enige wysiginge aan die Kerkorde (1) in ooreenstemming met die neergelegde prosedures moet geskied en (2) dat dit nie teenstrydig met die goeie orde moet wees nie, (3) dat dit nie nadelig vir die kerk mag wees nie en (4) nie daarop gerig wag wees om die fundamentele objek (die samestelling of die dogma) van die kerk te verander nie – indien van enige van die bogenoemde beginsels afgewyk of hulle oortree word, is die handeling *ultra vires*. Hy dui aan dat die optrede van die Algemene Sinode 1991 *in fraudem legis* ('n misbruik van regte) was, aangesien die sinode buite sy bevoegdheid opgetree het met die aanvaarding van die Belharbelydenis sonder die goedkeuring van die streeksinodes, en dat die invoeging van die ontbindingsartikel en die uiteindelike ontbinding óók *ultra vires* was aangesien die toestemming van al die lede nie verkry is nie. Die bestaande kerkrade, ringe en streeksinodes is steeds regspersone wat oor hul finansies en eiendomme beskik, en derhalwe is die toeëiening van finansies en eiendomme deur die óók *ultra vires*.

Die remedies vir sodanige *ultra vires* handelinge is volgens Adv Jacobs (1) onderlinge ooreenkoms óf verdere onderhandelinge en die uitstel van samesmelting, (2) die nietigverklaring van die nuwe Artikel 36 van die Kerkorde, (3) die bring van 'n aansoek voor die hof om die tersydestelling van die besluit om

eenwording asook van die verandering aan belydenis op grond van prosedures wat nie nagevolg is nie en wat dus *ultra vires* is, (4) die aansoek by die hof om erkenning van 'n gemeente as voortsetting van die NGKA met beskikking oor al sy eiendom en fondse op grond van die *ultra vires* ontbinding ('n gemeente sal volgens hom slégs kan voortbestaan met behoud van al sy regte, indien hy so 'n aansoek voor die hof bring).

3.4.2.3 Memorandum In Re: Eenwording tussen Die NG Kerk In Afrika en die NG Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 20/6/94[682]

'n Komitee van die NGKA wat ontevrede was oor die eenwording tussen die NGKA en die NGSK het advokaat Stèfan Jacobs genader oor die vraag wat ontevrede leraars, gemeentelede, kerkrade en ringe te doen staan: Moet hulle die eenwording aanvaar of moet hulle iets anders doen; kan eenwording toegestaan word, en indien wel, hoe kan dit teengestaan word deur ontevrede kerkrade, ringe en selfs lidmate en leraars?

In sy beredenering dui Adv Jacobs daarop dat eenwording van die NGKA en die NGSK 'n voldonge feit geword het op 14 April 1994 en dat alle pogings om dit te probeer stuit, voor die gemelde datum moes geskied (wat nie die geval was nie). Die aangewese weg sal dus volgens hom wees dat die ontevredenes 'n nuwe, afsonderlike kerk stig met nuwe bates, aangesien die bates van die voormalige NGKA en NGSK volgens hom óók verenig het in die VGKSA. Al geval waar die vereniging wel volgens hom aangeval kan word, is indien daar 'n negering van die prosedures was wat gevolg moes word by die eenwording.

3.4.2.4 Regsmening in re: die NGKA – Adv Lötter Wepener Sc – 16/3/95[683]

Die Regsmening van Adv Wepener volg op vrae wat die Dagbestuur van die NGKA Phororo aan hom gestel het. Adv Wepener dui aan dat die basis van die vrae is na die wyse waarop die Kerkorde in terme van die gemenereg

---

[682] Memorandum In Re: Eenwording tussen Die N.G. Kerk In Afrika en die N.G. Sendingkerk – Adv Stèfan Jacobs, Bloemfontein – 20/6/94 (sien Bylae K tot hierdie hoofstuk).

[683] Regsmening in re: die NGKA – Adv Lötter Wepener Sc – 16/3/95 (sien Bylae L tot hierdie hoofstuk).

funksioneer, of hoe die burgerlike regspleging die aard en werking van die Kerkorde beskou.

In sy beredenering wys Adv Wepener daarop dat die Kerkorde beskou word as 'n soort kontrak of ooreenkoms tussen die lede van die kerk, waarvan die bepalinge die lidmate onderling bind. Enige wysiginge aan hierdie ooreenkoms (Kerkorde) kan slegs geskied (1) volgens die bepalinge van die ooreenkoms (Kerkorde), (2) mag nie teen die goeie sedes indryf nie, (3) mag nie nadelig vir die vereniging (kerk) wees nie, en (4) mag nie die fundamentele doelstelling van die vereniging (kerk) verydel nie. Enige handeling kontra die bogenoemde beginsels is *ultra vires*. En dan maak Adv Wepener die volgende baie belangrike opmerking:

> *"Wanneer 'n liggaam 'n handeling pleeg wat oënskynlik een gevolg het maar die bedoeling daarmee is om uiteindelik 'n ander ongeoorloofde gevolg te bereik, is sodanige handeling ook* ultra vires*. Insoverre die oogmerk is, om met 'n ander kerk te verenig, terwyl daar geen voorsiening in die Kerkorde daarvoor is nie, en daar sodoende byvoorbeeld aan die belydenis verander word ten einde die ander kerk tevrede te stel vir vereniging, sou die verandering van die belydenis nie gedoen word weens 'n eie behoefte daaraan nie, maar ten einde die vereniging met die ander kerk te bewerkstellig. Sodanige optrede sal* ultra vires *wees".*[684]

Wysiginge aan die Kerkorde mag dus slegs geskied as dit uit eie behoefte ontstaan en noodsaaklik is vir die werking van die eie kerk, anders is die wysiging *ultra vires*. 'n Wysiging mag nie ter wille van 'n ander instansie of om ander motiewe as die welwese van die eie kerk aangebring word nie.

'n Verdere belangrike opmerking van Adv Wepener is dat wanneer dit by die besluit oor groot beginselsake gaan, behoort die Algemene Sinode die saak eers aan die kerk in breë verband voor te lê vir kommentaar voordat dit vir beslissing na die Algemene Sinode verwys word, want sake wat die kerk raak behoort die hele kerk aan te gryp en nie slegs die lede wat na 'n Algemene Sinode afgevaardig is nie.

---

[684] Regsmening in re: die NGKA – Adv Lötter Wepener Sc – 16/3/95: punt 6

In antwoord op die vraag of die Algemene Sinode die mindere vergaderings van die kerk, wat almal regspersone in eie reg is, kan ontbind en hulle hul regte kan ontneem, is Adv Wepener van mening dat die Algemene Sinode geen so 'n reg het nie, want die plaaslike kerk is en bly 'n volledige selfstandige kerk en regspersoon. Alhoewel die ring opdrag en bevoegdheid het om die stigting en ontbinding van gemeentes te behartig, is geen sodanige bevoegdheid aan die Algemene Sinode verleen nie. 'n Regspersoon kan in elk geval slegs ontbind wanneer (1) die hoof doelstelling daarvan onmoontlik word, en (2) met die toestemming van al die lede soos bepaal in die konstitusie.

Oor die bevoegdheid en verantwoordbaarheid van 'n afgevaardigde by 'n meerdere vergadering ten opsigte van die mindere vergadering wat hom afvaardig, wys Adv Wepener daarop dat 'n afgevaardigde nie méér kan doen as dit wat hy toegelaat word deur die instansie wat hom afvaardig en soos in die Kerkorde beskrywe word nie. Die afgevaardigde mag dus alles doen wat die afvaardigende liggaam hom magtig om te doen en niks meer dan dit wat hy gemagtig is om te doen nie. In die afwesigheid van 'n spesifieke opdrag van die afvaardigende liggaam, mag die afgevaardigde alles doen wat insidenteel tot sy afvaardiging is en sy vrye keuse ten opsigte van besluite uitoefen.

3.4.2.5 Regsmening: Eenwording van die NG Kerkfamilie – Adv MJ Möller, Bloemfontein – 19/2/90.[685]

Op versoek van die NGKA-OVS spreek Adv Möller die mening uit dat 'n vergadering (in hierdie geval die Algemene Sinode) die optrede van sy kommissie wat in sy opdrag optree (die ASK) agterna kan sanksioneer en só geldig kan verklaar, wat verdere regsoptrede teen die kommissie dan uitsluit. Die Algemene Sinode is verder bevoeg om die Kerkorde selfs drasties te wysig of te vervang mits die belydenis van die kerk in die oorspronklike vorm behoue bly. Wat die belydenis betref impliseer enige byvoeging daartoe 'n wysiging daarvan – en wat die NGKA betref kan dít éérs gebeur nadat twee-derde van alle streeksinodes dit goedgekeur het én al die ander kerke in die NG Kerkverband

[685] Regsmening: Eenwording van die NG Kerkfamilie – Adv MJ Möller, Bloemfontein – 19/2/90 (sien Bylae M tot hierdie hoofstuk).

daaroor geraadpleeg is, waarna die Algemene Sinode dit óók met twee-derde meerderheid van stem moet goedkeur.

Adv Möller spreek verder die mening uit dat twee kerklike verenigings wat in wese dieselfde, maar nie noodwendig identiese doelstellings het, kán saamsmelt, waarna slegs een kerklike vereniging bly voortbestaan as regsopvolger van die verenigings wat saamgesmelt het, met reg op die besit en kontrole van die saamgesmelte verenigings se fondse en eiendomme.

3.4.3 Aangevra deur die VGKSA

3.4.3.1 Kerkregtelike kommentaar op hofgeding tussen VGKSA en NGKA – Dr DA Kuyler (VDM), Bloemfontein – 5/9/05[686]

Dr Kuyler wys in sy kommentaar daarop dat 'n persoon op grond van geloof en gemeenskaplike belydenis lid word van 'n geloofsgemeenskap (gemeente of kerk). Wysiging of toevoeging in een of ander vorm van die belydenisskrifte raak die geloofsuitdrukking van elke lid van die geloofsgemeenskap en gevolglik ook die grondslag van die gemeenskap (kerk). Hierdie belydenisskrifte is naas die Woord die fundamentele rigsnoer waarvolgens die kerk regeer en bestuur word.

Dr Kuyler is van mening dat die regsposisie van 'n lidmaat nie vergelyk kan word met dié van 'n lid van 'n vereniging of *societas* nie, aangesien geen vereniging kan aanspraak maak op die unieke aard van die kerk nie. 'n Vereniging behoort aan sy lede wat vrywillig deur 'n gemeenskaplike ooreenkoms (konstitusie of grondwet) aan mekaar verbind word, terwyl lidmate van en die kerk as geheel aan Christus behoort en in geloof en op grond van 'n gemeenskaplike belydenis in opdrag van die Here aan mekaar verbonde is om Hom en mekaar in liefde te dien. Daarom kan géén individuele lidmaat aanspraak maak om alléén die gemeente te wees of te verteenwoordig in wie die besitreg van die bates van 'n gemeente kan vestig nie.

Die kerkraad tree as samevoeging van die ampte op as die enigste wettig verkose bestuursliggaam en verteenwoordiger van die plaaslike gemeente, wat

[686] Kerkregtelike kommentaar op hofgeding tussen VGKSA en NGKA – Dr DA Kuyler (VDM), Bloemfontein – 5/9/05 (sien Bylae N tot hierdie hoofstuk).

die volledige en selfstandige kerk van Christus is waar die Woord en sakramente bedien en die tug gehandhaaf word. As sodanig is die kerkraad 'n regspersoon wat oor die eiendomme, bates en finansies van die gemeente beskik. Die status en gesag van die kerkraad is egter nie absoluut nie maar is onderhewig aan die Skrif, belydenis en leiding van die Heilige Gees en geskied met verantwoording teenoor God. Die kerkraad kan wel 'n gemeentevergadering byeenroep ter wille van oorlegpleging, maar sodanige gemeentevergadering (vergadering van die kerkraad met die gemeente) het geen status of gesag binne die gereformeerde kerkregering nie.

Gemeentes kan en mag nie in isolasie bestaan nie, maar vorm saam met ander gemeentes van dieselfde geloof en belydenis met 'n bepaalde ooreenkoms (Kerkorde) en op besluit van sy kerkraad, die kerk van die Here oor die hele wêreld. Hierdie verbandsooreenkoms bepaal die sigbaarwording, samestelling en funksionering van die verband wanneer die gemeentes saamkom. Aangesien 'n gemeente op besluit van sy kerkraad toetree tot kerkverband met ander gemeentes, kan dit ook slegs by wyse van die besluit van sy kerkraad uittree of hom losmaak uit daardie verband indien hulle oortuig is dat die kerkverband nie meer gegrond is op die Skrif en belydenis soos deur die gemeente onderskryf word nie. Lidmate wat nie met sodanige besluit saamstem nie, kan (na uitputting van die interne remedies soos omskrywe in die Kerkorde) hulle van die gemeente losmaak en by 'n ander gemeente aansluit wat deel is van 'n ander kerkverband.

3.5 Regsbeskouings

Alhoewel die *"Church Union Act"* van 1911 uitdruklik bepaal dat die goedkeuring van kerkrade ('n meerderheidstem van drie-kwart van die onderskeie kerkrade) en sinodes (óók met 'n driekwart-meerderheid van elke samestellende sinode) verkry moet word alvorens 'n vereniging regsgeldig sal wees, en hiermee die regsbeginsel gevestig is dat gemeentes se goedkeuring vir kerkeenheid noodsaaklik is, gaan Regter Van Coller in die Hooggeregshof-saak van die VGKSA teen die NGKA uit van die standpunt dat die kerk 'n *universitas* (vrywillige

vereniging) van plaaslike gemeentes is waarin die gesag van kerkrade beperk is tot die betrokke gemeente en waarvan die Algemene Sinode alléén gesag oor die hele kerk geniet en derhalwe die bevoegdheid het om sy samestelling en/of ontbinding te reël.

In die Appèlhof het Regter Vivier en andere egter die beslissing van Regter Van Coller ter syde gestel en aangedui dat die plaaslike gemeente, as samevoeging van gelowiges met dieselfde belydenis, volledig en selfstandig kerk is, en waarvan die kerkraad (aan wie die bestuursfunksie van die gemeente toevertrou is) die eerste en enigste permanente uitdrukking van kerkverband is, en dat alle verdere verbande wat hieruit voortvloei (ring, sinode en algemene sinode) tydelike vergaderings is met beperkte bevoegdheid en wie se bestaan verval sodra die vergaderings uiteengaan. Die belydenis is van meet af die grondslag van die gemeente en kerkverband en daarom moet die goedkeuring van gemeentes, via hul sinodale verbande, verkry word alvorens die belydenisgrondslag verander kan word.

In die Koppies-saak sluit Regter Musi aan by die standpunt van die Appèlregters dat die plaaslike gemeente moet besluit oor die verandering in belydenisgrondslag, maar dan neem hy die beredenering ’n stap verder met die vraag of die kerkraad en selfs die meerderheid van die lidmate eensydig kan besluit om die gemeente van kerkverband en dus ook van belydenisgrondslag te laat verander. In hierdie opsig meen Regter Musi dat die kerkraad beperkte bevoegdhede het as bestuursliggaam van die gemeente wat nié die appèlreg van lidmate kan uitsluit en die lidmaat só met sy besluite onder dwang kan plaas nie. In hierdie opsig behoort die bates aan die gemeente en die kerkraad bestuur dit slegs met verslag aan die gemeente. Verandering aan kerkverband lê buite die bevoegdheid van die kerkraad en is iets waaroor ál die lidmate van die gemeente moet besluit.

’n Belangrike punt wat in die Appèlsaak na vore gekom het, en wat met vrug in ’n hof getoets kan word, is die terloopse opmerking van Regter Vivier in die

slotparagraaf van sy uitspraak, naamlik die vraag of die VGKSA self wettiglik tot stand gekom het, en wat soos volg lui:

> *"Wat betref die Hof a quo se verklarende bevel dat die VGK regsgeldig gestig is op 14 April 1994, is die geldigheid van die gebeure van daardie dag en hoe dit geraak word deur die ongeldige besluite van die NGKA se Algemene Sinode van Julie 1991, nooit in die stukke voor die Hof behoorlik aangespreek en ondersoek nie. Daar was slegs terloopse verwysings na die gebeure van daardie dag. Die notule van die stigtingsvergadering was nie voor die Verhoorhof geplaas nie. Die NGSK was nie 'n party tot die huidige saak nie. Alhoewel dit nie voor ons betoog is dat die VGK nie regsgeldig tot stand gekom het nie en die NGKA-OVS en NGKA-Phororo beide erken dat die VGK regsgeldig bestaan, was 'n verklarende bevel dat die VGK regsgeldig gestig is, gevolglik nie geregverdig nie"*[687].

Regter IBW de Villiers sluit hierby aan en sê as hierdie inligting korrek is, het die VGKSA nie wettig tot stand gekom nie en is enige handelinge wat ampsdraers namens die VGKSA sou verrig, ewe-eens nietig. Die NG Sendingkerk en die NGKA bestaan dan voort onder die beheer van die lidmate wat nie tot sodanige vereniging toegestem het nie[688].

Uit die voorafgaande uitsprake en die res van die regsmenings wat nagegaan is, kan die volgende algemene beskouings afgelei word (wat nie noodwendig ooreenstem met die kerk se eie verstaan en definiëring daarvan nie):

3.5.1 Lidmaatskap

Dit is uit regsmenings duidelik dat bevestig word dat belydenis van geloof in Christus, as resultaat van die genadige werking van die Heilige Gees in 'n mens, die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk van Christus is. Verder is

---

[687] In die saak in die Hoogste hof van Appèl van Suid-Afrika van die NGKA-OVS (1e appellant) en NGKA-Phororo (2e appellant) vs die VGKSA (respondent) – saak 536/96 – Regters Hever, Vivier, Harms, Zulman en Streicher

[688] De Villiers, 1995: 8

gestel dat lidmaatskap van 'n vereniging of *societas* verskil van die unieke aard van kerklidmaatskap, want 'n vereniging behoort aan sy lede wat met mekaar verbind is in 'n gemeenskaplike ooreenkoms (konstitusie/grondwet), terwyl lidmate in die geloof en belydenis aan mekaar en aan die kerk van Christus as die enigste Hoof en Eienaar daarvan behoort en verbind word.

3.5.2 Gemeente en Kerkraad

Die plaaslike gemeente word beskou as die samevoeging van gelowiges wat dieselfde geloofsbelydenis onderskryf en is die selfstandige en volledige, komplete kerk van Jesus Christus (*"ekklesia completa"*).

In die gemeente funksioneer die ampte van ouderling en diaken, wat uit die lidmate van die gemeente gekies word en in die openbare erediens in die amp bevestig word met 'n spesifieke ampsomskrywing, om die kerkraad te vorm as eerste sigbare vorm van die kerkverband en wat die gemeente bestuur met die gesag wat dit van Christus ontvang, met as primêre taak opsig en toesig oor die gemeente en om te sorg vir die opbou en uitbou van die gemeente. Die status en gesag van die kerkraad is nie absoluut nie en sluit ook nie die lidmate se reg op appèl uit nie. Die kerkraad se jurisdiksie is beperk tot binne die grense van die gemeente.

3.5.3 Belydenis

Die Belydenis is die geloofsverwoording van die individu as uitdrukking van die Wil van God, en deur dit gesamentlik te onderskryf gaan Christene met mekaar akkoord om 'n kerklike gemeenskap te vorm[689]. Die Belydenisskrifte van die kerk vorm naas die Heilige en onfeilbare Woord van God, die fundamentele rigsnoer waarvolgens die kerk regeer en bestuur word en is in rangorde gevolglik hoër (of belangriker) as die Kerkorde self. Wysiging of toevoeging in een of ander vorm van die Belydenisskrifte kan beskou word as 'n uitbreiding en dus verandering aan die belydenisgrondslag en raak dus die gemeenskaplike geloofsuitdrukking van die lidmate in die kerk, en gevolglik ook die grondslag van die kerk en sou

[689] Bouwman, II 1985: 4, 5, 13

daarom die toestemming van alle gelowiges wat deel is van die kerkverband vereis.

3.5.4 Kerkorde

Die juridiese status van ‘n kerk is die van ’n *universitas* of vrywillige vereniging (“*voluntary association*”) en is in sy onderskeie vergaderinge ’n regspersoon (waar ’n versameling van individuele persone met ewigdurende opeenvolging saam ’n liggaam vorm wat regte kan bekom en wat as liggaam met sy eie regte onderskeie is van die individue wat dit saamstel en hulle regte – daarom behoort die eiendom van die *universitas* aan homself en nie aan sy lede nie. ’n Natuurlike persoon is sterflik, maar die *universitas* bly voortbestaan in die ewigdurende opeenvolging van sy lede so lank as wat daar ten minste een lid van oor is in wie die regte van die *universitas* vestig)[690].

Die verhouding tussen die lede van ’n vrywillige vereniging onderling, en die verhouding tussen die beheerliggaam of beheerliggame en die lede van ‘n vrywillige vereniging, is ‘n kontraktuele verhouding. Indien die vrywillige vereniging ’n grondwet of konstitusie het, is dit die kontrak of ooreenkoms tussen die *universitas* en sy lede, en indien daar strydig met die bepalings van hierdie konstitusie opgetree word, is die handeling of besluit ongeldig (*“ultra vires”*)[691].

In die geval van die NG Kerk is die Kerkorde en die aanvullende bepalings van die onderskeie streeksinodes dus die kontrak aan die hand waarvan die verhouding tussen lidmate onderling, en die verhouding tussen die verskillende kerkvergaderings en lidmate, beoordeel moet word[692].

3.5.5 Kerkverband

Die eerste vorm van kerkverband is in die gemeente waar gelowiges op grond van die gemeenskaplike belydenisgrondslag saam vergader met die kerkraad,

---

[690] De Villiers, 1995:1,2,5

[691] Barkhuizen, 1995: 2,3

[692] Louw, 1995: 3; vgl. Trengove en Van der Linde, 1996: 2

aan wie die bestuur van die gemeente toevertrou is, as die eerste sigbare uitdrukking van die kerkverband.

Gemeentes bestaan nie in isolasie nie, maar is met gemeenskaplike geloofsverbondenheid aan God en aan ander gemeentes van dieselfde belydenis deel van die kerk oor die hele wêreld. Plaaslike gemeentes wat in verband tree met ander gemeentes, doen dit op grond van 'n ooreenkoms of kerkorde waarin die basis van die kerkverband omskrywe word met insluiting van die belydenisgrondslag asook die wyse waarop die gemeentes die kerkverband sigbaar maak deur wettige verkiesing van afgevaardigdes na die onderskeie meerdere vergaderinge van ring, sinode en algemene sinode. Hierdie verskillende vergaderinge van die kerkverband het elk 'n eie bevoegdheid in ooreenstemming tot dié sake en take wat hoort by elk van die onderskeie vergaderinge en waaroor ooreengekom is soos uitgedruk in die konstitusie (kerkorde) tussen die samestellende gemeentes.

3.5.6 Kerkhereniging/Kerkvereniging/Kerkeenheid

In die geskiedenis van die NG Kerk was kerkvereniging deur wetgewing moontlik gemaak (Wet 23 van 1911). Die wetgewer het egter omsigtig te werk gegaan en nie self die kerkvereniging daargestel nie, maar het die prosedure geskep wat die kerk gemagtig het om self die vereniging deur te voer op voorwaarde dat aan die vereistes wat deur die wet gestel is, voldoen word en dit aan die sinodes en kerkrade oorgelaat om ooreenkoms te bereik[693]. Die wetgewer sal nie kerkvereniging teen die wil van lidmate afdwing nie[694]. Die besluit tot kerkvereniging lê dus volledig by die kerke betrokke.

Die vraag is hoe die kerke hierdie besluit moet neem. In die afwesigheid van 'n verbod, byvoorbeeld in die konstitusie van 'n vrywillige vereniging, word gestel dat die algemene reël by vrywillige verenigings is dat meningsverskille deur

[693] Barkhuizen, 1995: 8

[694] Barkhuizen, 1995: 8

meerderheidsbesluit beslis word[695]. Die ontbinding van 'n *universitas* kan derhalwe volgens hierdie beginsel alleen geskied as al die lede van die *universitas* daartoe instem. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat lidmate volgens die bepalinge van die kerkorde geen besluitnemingsbevoegdheid het nie, maar dat hulle daarvan afstand gedoen het en dit na die kerkvergaderinge gedelegeer het, en dat al die vergaderinge van die kerk die besluit volgens die ooreengekome kerkorde (konstitusie) met ten minste 'n twee-derde meerderheid sal moet neem in verband met kerkvereniging[696]. Alhoewel die reg nie ligtelik beperkings in 'n kontrak inlees nie, tensy dit reeds stilswyend noodwendig inbegrepe is in wat die kontrak wil sê, en dit onwaarskynlik is dat die opstellers van die kerkorde beoog het om verdere kerkvereniging prakties onmoontlik te maak, het 'n beperking soos die een wat in die Standerton-saak in die kerkorde ingelees is, dit moontlik gemaak dat instemming van elke lidmaat 'n vereiste vir kerkvereniging is. Daarom sou dit onwys wees om bloot op sterkte van 'n sinodebesluit met kerkeenheid voort te gaan. Indien 'n beperking soos hierbo genoem gehandhaaf sou word, sou 'n enkele lidmaat die hele nuwe struktuur tot niet kan maak. En selfs net die moontlikheid van so 'n beperking in enigeen van die samestellende kerke in die kerkverenigingsproses, stel die kerke bloot aan litigasie met al die onkoste, onsekerheid en onenigheid wat dit meebring. Daarom sou privaatwetgewing, wat betreklik vinnig regsekerheid bring, die aangewese weg wees om kerkvereniging te bewerkstellig[697].

Om op te hou bestaan en met 'n ander liggaam te amalgameer, behels 'n fundamentele verandering van die konstitusie[698]. Daarom kan die Algemene Sinode nie met meerderheid van stemme die onafhanklike bestaan van die kerk beëindig of eiendomme oordra deur amalgamasie met ander, sonder die

---

[695] Louw, 1995: 6,7

[696] Louw, 1995: 4,5,8-10,13,14

[697] Trengove en Van der Linde, 1996: 7-9

[698] Barkhuizen, 1995: 4-6

toestemming van al sy lede nie[699]. Die toetsvrae wat altyd gevra moet word om te besluit of die meerderheidsbesluit die minderheid kan bind, is (a) wat is die kontraktuele regte van die individuele lede van die universitas, (b) tot wie se beskikking was die fondse en bates van die universitas, en (c) wat was die oorspronklike ooreenkoms (*"trust"*/trustakte). 'n Lidmaat sal die reg hê om 'n besluit tot kerkvereniging wat nadelige finansiële implikasies vir die *universitas* (N.G.Kerk in sinodale verband, ringsverband en gemeente) inhou, te betwis[700]. Lidmate wat nie deelneem aan die amalgamasie of eenwording nie, sit die bestaande kerk voort met besit van die eiendomme[701]. Die meerderheid kan wel die minderheid met sy bevoegde magte bind in alles wat binne die skopus van die godsdienstige liggaam lê.

Die bevoegdheid om tot kerkvereniging te besluit, sluit die bevoegdheid om te ontbind in[702]. In die geval van kerkvereniging, word die kerk as regspersoon dan ontbind, maar die kerk as instelling bly steeds voortbestaan, al is dit dan saam met ander kerke met wie hy saamsmelt in 'n nuwe gedaante[703].

Dieselfde geld waar 'n kerk sy belydenis wil verander. Dit kan alleen plaasvind indien al die lidmate van daardie kerk daartoe instem. Die Algemene Sinode het wel die bevoegdheid om wysiginge aan sy leer, liturgie, opsig en regering (die bedrywighede van die kerk) aan te bring, maar hierdie bevoegdheid sluit nie die reg om fundamentele en noodsaaklike beginsels vir die kerk (as regspersoon) omver te werp of te vernietig nie[704]. Die Algemene Sinode kan wel volgens die bepalinge van die Kerkorde wysiging aan die belydenisgrondslag by sinodes en kerkrade aanbeveel, en dan moet alle kerkvergaderinge met die vereiste twee-derde meerderheid daartoe instem[705].

---

[699] De Villiers, 1995:3,4; Louw, 1995: 8-10

[700] Barkhuizen, 1995: 7

[701] Barkhuizen, 1995: 3,4

[702] Van Coller, 1996: 17

[703] Trengove en Van der Linde, 1996: 7

[704] De Villiers, 1995:1,2; vgl. Trengove en Van der Linde, 1996: 4

[705] Vgl. Louw, 1995: 17,18; vgl. Trengove en Van der Linde, 1996: 3,4

3.6 Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat gemeentes (en nie individuele gelowiges nie) wat dieselfde belydenisgrondslag onderskryf, versamel om kerkverband te vorm – en as gereformeerdes glo ons dat dit die Hére is wat gelowiges deur Sy Woord en Gees saamvoeg in die gemeente (sien Handelinge 2[47]). Die gemeente is volledig en selfstandig kerk van die Here omdat die kenmerke van die ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord, die suiwer bediening van die sakramente en die suiwer toepassing van die kerklike tug daar voorkom[706]. Hierdie gemeentes tree met mekaar in verband, nie omdat hulle méér kerk wil word nie, maar juis omdat hulle kerk is – 'n verband wat uitkring in die verbande van ring, sinode en algemene sinode. Die verhouding van die lidmate en gemeentes onderling en die pligte en verantwoordelikhede van die verskillende vergaderinge as uitdrukking van die kerkverband (kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode, elk 'n eie regspersoon) word volgens onderlinge ooreenkoms uitgedruk in die *Kerkorde*. Ter wille van eenvormigheid is die Algemene Sinode, as uitdrukking van die wydste vorm van kerkverband, verantwoordelik vir die instandhouding van die *Kerkorde* en mag hy dit ooreenkomstig die bepalings van sy Kerkorde wysig solank dit nie die oorspronklike aard en doel van die kerk verander nie. Enige wysiging aan die belydenis, as akkoord van die kerklike gemeenskap, óf verandering van die kerkverband op sigself, kan alleen geskied ooreenkomstig die ooreengekome prosedure soos vervat in die gesamentlike Kerkorde en met instemming van die gemeentes (met die kerkraad as bestuursorgaan van die selfstandige gemeente) as samevoeging van die gemeentes wat die kerkverband vorm.

In hierdie verband het howe in Suid-Afrika die kerk nog altyd gesien as vrywillige verenigings (*universitas*) met 'n grondwet wat as regspersone (wat regte en verpligtinge in voortdurende opvolging ongeag die verwisseling van sy lede kan dra) in terme van die kontraktereg beoordeel moet word[707], en waar die

[706] NGB Artikel 29

[707] Coertzen, 2001: 117,118

burgerlike hof in die beregting van kerklike sake moontlik die volgende vrae sou kon vra: (1) Of die kerklike vergadering wat die besluit geneem het, dit volgens intern-kerklike uitgangspunte en reëlings kón doen; (2) Of die voorgeskrewe kerklike prosedure nagekom is; en (3) Of hierdie vergadering se optrede strook met die gemeenskap se opvattings van persoonlike regte en billikheid[708].

Waaroor daar egter géén regsekerheid is nie, is oor die vraag na die status of stand van persone wat nie saam met die meerderheid van lidmate van kerkverband wil verander nie – kontinueer selfs één lidmaat wat oorbly só die gemeente met inbegrip van die behoud van alle bates. In sy uitspraak het Appèlregter Vivier[709] na die Standerton-saak verwys waarvolgens die *universitas* wél deur 'n enkele lid voortgesit word met al die implikasies daaraan verbonde, maar hy het *obiter* (sydelings sonder om regskrag daaraan te verleen) opgemerk dat die kerkraad, wat as gesagsorgaan namens die gemeente optree, dit kan noodsaak dat die *universitas*-beginsel gekwalifiseer moet word[710]. Hierdie *obiter*-opmerking is egter nog nie in 'n hof getoets nie, en tot dán word steeds algemeen aanvaar dat die Standerton-uitspraak deur die howe gevolg sal word en dat die minderheid só die meerderheid gevange kan hou in hulle besluitneming.

Wat die gesag van die kerklike vergaderings betref, bepaal Artikel 20 van die *Kerkorde* van die NG Kerk, afkomstig uit die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) uit 1959[711], soos volg:

> *"20.1 Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.*
>
> *20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode"[712].*

---

[708] Strauss, 2007a: 207

[709] In die saak in die Hoogste hof van Appèl van Suid-Afrika van die NGKA-OVS (1e appellant) en NGKA-Phororo (2e appellant) vs die VGKSA (respondent) – saak 536/96 – Regters Hever, Vivier, Harms, Zulman en Streicher

[710] Strauss, 2007a: 208

[711] Strauss, 2008 - 3: 1

[712] Die Kerkorde, 2007: 11

Hiervolgens is alle kerklike gesag niks anders nie as Christus-verleende gesag[713] wat die kerkvergaderings enersyds uitoefen volgens die eieaard van die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges wat in liefde deur dieselfde geloofsbelydenis aan God en mekaar verbind is, en wat die kerkvergaderings andersyds uitoefen volgens elke kerklike vergadering se eieaard – wat die vraag oop laat oor die plek van die inspraak van lidmate (gemeentelede) in belangrike kwessies wat hulle intens raak. Die *universitas*-beginsel[714] wil dat die reg van lidmate die Christus-verleende gesag van die kerkvergaderinge oortref en dat die uiteindelike besluitnemingsbevoegdheid by die lidmate berus[715]. Hierdie siening word versterk deur die algemene demokratiese klimaat van ons tyd waarin die reg op die gelyke inspraak van die individu voorgehou word as deel van die spreuke van geregtigheid[716]. Die mens moet self met sy eie insigte die besluit neem en nie 'n vergadering namens hom of haar nie.

Die gereformeerde standpunt, hierteenoor, is dat Christus die Hoof is van Sy kerk en Hý verleen gesag of bevoegdheid aan die kerkraad, ring sinode en Algemene Sinode sonder om self daarvan af te sien of om op te hou om Hoof van Sy kerk te wees, wat verder impliseer dat die kerklike gesag op die Woord van God bou en ook daardeur beperk en begrens word. Dit gaan hierin om die regering van Christus deur Sy Woord en Gees, en waarin Hy van die ampte gebruik maak[717]. In hierdie opsig is kerklike gesag dus duidelik anders as en te

---

[713] Sien ook Jonker,1978: 1

[714] Prof P Coertzen, 2001: 117 verduidelik die begrip *universitas* soos volg: "Wanneer meer mense hulle verenig om 'n gesamentlike doel na te streef, kan die reg die verhouding tussen hulle sien as die blote verhouding tussen soveel mense, of dit kan die groep persone as 'n eenheid beskou sodat hulle regsbetrekking tot derdes nie as dié van individue beskou word nie maar as 'n betrekking van die groep as 'n geheel. Selfs die onderlinge verhouding van die groepslede word nie op 'n individuele basis beskou nie maar as dié van 'n individu tot die groep. Só gesien, vorm die gemeenskap van mense dan 'n regspersoon. In die Romeinse Reg het die eerste verhouding as *communion* of *societas* bekend gestaan en die laaste as 'n *universitas*. … Die totstandkoming van regspersone het baie belangrike regsgevolge gehad, soos (i) geen aanspreeklikheid van die individuele lede vir die skuld van die gemeenskap nie; (ii) geen kompensasie tussen verenigingskuld en individuele skuld nie; (iii) geen verhaal op die goedere van die gemeenskap vir individuele skuld nie, en (iv) die toerekening van bepaalde handelinge aan die gemeenskap van persone".

[715] Sien die uitsprake van regters Van Coller en Busi – en verskeie ander verbandhoudende uitsprake.

[716] Strauss, 2008 - 3: 3

[717] Sien ook Jonker,1978: 6

onderskei van alle ander soorte gesag in die samelewing[718] en in die uitoefening daarvan gaan dit nie oor gesag wat in die absolute sin afgedwing word nie, maar om liefdevolle appèl tot oorreding met en deur en op grond van die Woord[719]. Kerklike gesag is Woordgesag en is geestelik van aard[720] wat daarom gelowig in 'n Christelike gesindheid aanvaar moet word en wat daarom bou op 'n innerlike oortuiging[721] deur oorreding. As iemand egter, selfs óók ten spyte van kerklike tugmaatreëls, weier om voor hierdie gesag van die kerkvergaderings te buig en hom onttrek, eindig die gesag van die kerkvergadering op daardie punt oor die persoon[722].

By die voorstanders van die *universitas*-beginsel delegeer die mondige, individuele lidmaat dus in die ooreenkoms wat hy onderling met enersdenkendes sluit in 'n kerklike vereniging, sy gesag na die kerkraad as gesamentlike ledevergadering wat dan oor die eintlike (gedelegeerde) gesag beskik (en waarvan alle ander kerkvergaderinge afgeleide gesag beskik)[723] – met ander woorde die kerkvergadering ontvang sy verleende gesag vanaf die lidmaat en is daarvoor aan die lidmaat rekenskap verskuldig, terwyl die Gereformeerde standpunt is dat Christus Sy kerk Self deur Sy Woord en Gees regeer, en dat Hy hierin óók van die diens van mense (ampsdraers in die onderskeie kerkvergaderings) gebruik maak aan wie Hy Sy gesag verleen, vir die uitoefening waarvan uiteindelik aan Hóm rekenskap gedoen sal moet word. Die kerkvergaderings kan en moet daarom ook, ter wille van groter helderheid oor die wil van die Here, veral in ernstige sake wat alle lidmate raak, lidmate so wyd as moontlik raadpleeg, maar die kerkvergaderings sal uiteindelik self die finale

[718] Nauta, 1971: 123

[719] Sadler, 1979: 19

[720] Nauta, 1971: 124

[721] Strauss, 2008 - 3: 4

[722] Nauta, 1971: 123

[723] Nauta, 1971: 124

besluit moet neem in die lig van die Woord van God en op gesag van en met verantwoording aan Christus[724].

Kerkvergaderings het egter óók nie almal dieselfde aard en opdrag wat hulle met hierdie "van Christus-verleende-gesag" uitoefen nie – Artikels 26-47 van die Kerkorde van die NG Kerk omskryf duidelik die aard, samestelling, taak en funksionering van die onderskeie kerkvergaderings (kerkraad, ring, sinode en algemene sinode)[725]. Hieruit is dit óók duidelik dat kerklike vergaderings nie sake kan hanteer wat op die terrein of in die opdrag van 'n ander kerklike vergadering ingesluit is nie – meerdere vergaderings hanteer slegs dáárdie sake wat op hulle eie terrein hoort, asook sake wat onder bepaalde voorwaardes deur mindere vergaderings na hulle verwys is – en hiérvoor verleen Christus aan elke kerklike vergadering 'n eie gesag wat van dié van die ander kerkvergaderings verskil[726], wat impliseer dat die vergadering self nie oor daardie gesag beskik in dié sin van om dit te behou, af te gee, oor te dra of na willekeur aan te wend nie – die een kerkvergadering kan nie die take van 'n ander op gesag van Christus sommer net oorneem nie[727]. In hierdie verband maak PJ Strauss tereg die opmerking:

> *"So kan die kerkraad alle gemeentesake hanteer, hoewel sy toetrede tot kerkverband as 'n verband van gemeentes, impliseer dat hy toegestem het om sekere sake saam met die ander gemeentes in meerdere vergaderings af te handel. Hy kan alle gemeentesake hanteer, maar nie alles alleen afhandel nie"[728].*

As nou in ag geneem word dat die *Kerkorde* van die NG Kerk in Artikel 43 bepaal dat dit die taak van die Algemene Sinode is om die Belydenisskrifte en Kerkorde ooreenkomstig Artikel 44 vas te stel, dan is daarin die wisselwerking in die uitvoering van hierdie taak tussen die verskillende kerkvergaderings opgesluit,

---

[724] Strauss, 2008 - 3: 7

[725] Die Kerkorde, 2007: 14-20

[726] Nauta, 1971: 125

[727] Strauss, 2008 - 3: 6

[728] Strauss, 2008 - 3: 5

met die uiteindelike finale besluitnemingsverantwoordelikheid op die tafel van die Algemene Sinode. Die Algemene Sinode kan hierdie saak egter nie afhandel sonder die voorgeskrewe inspraak en goedkeuring van die mindere vergaderings nie – en in hierdie opsig het die Algemene Sinode dus slegs 'n gekwalifiseerde en as sodanig "beperkte" afhandelingsbevoegdheid. Die hofuitspraak wat die naaste kom aan die erkenning van hierdie eieaard en taak van elke kerkvergadering, is dié van die Appèlhof in die saak wat hierbo bestudeer is.

Samevattend – wat staan die kerk te doen in die proses van kerhereniging?

1. Die Algemene Sinode het die taak en bevoegdheid om die Belydenisskrifte en Kerkorde van die kerkverband ooreenkomstig Artikel 44 vas te stel, maar hy mag dit slegs in ooreenstemming met die voorgeskrewe kerklike prosedure soos voorgeskryf in die Kerkorde (die intern-kerklike uitgangspunte en reëlings) en met die instemming van gemeentes, verteenwoordig deur hul kerkrade, doen in soverre dit óók strook met die gemeenskap se opvattings van persoonlike regte en billikheid.
2. Die kerk behoort 'n verklarende bevel aan te vra om kwalifisering van die *universitas*-beginsel, sodat regsekerheid verkry kan word oor die status of stand van persone wat nie saam met die meerderheid van lidmate van kerkverband wil verander nie.

Hoofstuk 4

Die pad vorentoe met Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkhereniging van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika

4.1 Opsommend

Ter aanvang van hierdie proefskrif is eerstens aangedui dat die regte ken en verstaan van ons ooreenstemmende/eenparige geloof van grondliggende belang vir kerkhereniging is, en daarom is daar in hierdie proefskrif allereers ondersoek ingestel na die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie se bepaalde ken en verstaan van die kerk en van kerkeenheid, spesifiek ook deur 'n ontleding van elke kerk se k*erkorde*, ten einde te probeer vasstel in hoeverre daar gepraat kan word van 'n ooreenstemmende/eenparige geloof. Hiermee saam is daar ook ondersoek ingestel na die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie se bepaalde besluite in verband met en motiewe vir kerkeenheid. Tweedens is aangedui dat hereniging in die kerkfamilie alleen aanvaarbaar kan wees binne die riglyne van die gereformeerde belydenisgrondslag, en is daar daarom ondersoek ingestel na die belydenisgrondslag van die onderskeie kerke van die NG Kerkfamilie ten einde te bepaal of kerkhereniging moontlik sal wees. Derdens is gelet op wat die houding van die burgerlike regspleging in hierdie verband is. 'n Ontleding is gemaak van die inhoud en implikasies van die landswet, hoër hofuitsprake en regsmenings in verband met kerkhereniging om só enkele regsaanduidings vir die kerkherenigingsproses in die NG Kerkfamilie aan te dui. Laastens is aangedui dat gepoog sal word om, uit die gevolgtrekking van al die bogenoemde, te probeer koers aandui in die proses van kerkhereniging – die saak van hierdie hoofstuk van die proefskrif. Die vraag is uiteindelik of die *"spontane"* diversivisering in die verskillende selfstandige kerke vanuit die NG Kerk op grond van rasse-, taal- en kultuurverskille en uiteenlopende bedieningsbehoeftes, van so 'n aard is dat die kerke inherent steeds so naby aan mekaar is wat betref

Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde, dat daar van Kerk*hereniging* gepraat kan word en of die verwydering nie dalk al só ver gevorder het dat daar eerder van kerk*vereniging* of dalk van ekumeniese verhoudinge gewag gemaak moet word nie.

4.2 Samevattende gevolgtrekking

In die eerste hoofstuk van hierdie proefskrif is indringend en omvattend aangedui dat daar **in hulle besluite** by al die lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika erkenning is van die Goddelike gawe van en opdrag tot sigbare kerkeenheid, asook dat die wil tot kerkeenheid by almal bestaan, maar dat daar ten minste sewe struikelblokke is wat eers uit die weg geruim sal moet word: Oorheersend is allereers die VGKSA se aandrang op die aanvaarding van die Belharbelydenis, wat deur enkele lidmate in die NG Kerk aanvaar word, maar nie deur 'n enkele sinode van die NG Kerk as geheel aanvaar word nie (hoewel daar binne die NG Kerk duidelike uiteenlopende standpunte en spanning hieroor bestaan) maar wat beslis nie deur die NGKA en die RCA aanvaar sal word nie. Tweedens is aangedui dat die hele kwessie rondom finansies en eiendomme eers tot tevredenheid van almal bygelê sal moet word. Derdens het dit duidelik geblyk dat daar nie eenstemmigheid binne die geledere van die NG Kerk asook by die res van die NG Kerkfamilie is oor die model of struktuur vir die nuwe kerk nie. Vierdens sal die RCA se aandrang op die behoud van sy eie identiteit verreken moet word. Vyfdens sal daar duidelike riglyne gegee moet word vir 'n regsgeldige proses van kerkhereniging. Sesdens sal vooraf duidelike uitsluitsel gekry moet word oor sake soos teologiese opleiding en die wedersydse erkenning van legitimasie van leraars, die naam, taal en oor liturgiese sake in die nuwe kerkverband. Laastens is dit duidelik dat hereniging *"van onder af"* in die harte en gesindhede van lidmate sal moet begin en opgroei, en dat versoening in wedersydse verhoudinge hierin van kardinale belang is. Wat die **kerkbegrip en k*erkordes*** van die verskillende lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika betref, toon hulle grootliks ooreenkoms met dié van die NG Kerk alhoewel daar wel tekens van die invloed van ander kerkregeringstelsels aangetoon kan word –

waarvan die meeste in die *Kerkorde* van die VGK voorkom. Wat die **NG Kerk** betref, kan met stellige sekerheid verklaar word dat hy oor gereformeerde uitgangspunte beskik ten opsigte van Skrif, belydenis en kerkorde wat hom duidelik in die Dordtse tradisie plaas en dat die kerkregering van die NG Kerk volgens die gereformeerde beginsels van die *presbiteriaal-sinodale* kerkregeerstelsel geskied. In sy geheel beoordeel, is die kerkbegrip van die NG Kerk 'n behoorlik Skriftuurlik begronde en teologies verantwoorde uitwerk van die gereformeerde kerkbegrip. Wat die **NGKA** betref, toon hy in hooftrekke ooreenkoms met die *Kerkorde* van die NG Kerk, hoewel daar tog ook verskille is: in Artikels 27 en 31 kom duidelike *kongregasionalistiese* trekke na vore. Verder is tot die gevolgtrekking gekom dat die kerkbegrip van die NGKA in die gereformeerde *sinodaal-presbiteriale* kerkregeerstelsel neerslag vind, hoewel trekke van die k*ongregasionalisme* aangedui kan word. Ook die **VGK** toon in hooftrekke ooreenkoms met die NG Kerk, hoewel daar tog ook radikale verskille is: In Artikel 2 word die belydenisgrondslag van die VGK aangedui en verder uitgebrei met die Belydenis van Belhar (Artikel 2.2) en die opmerking dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie (Artikel 2.3). By die nadere uitwerk van die beginsels van die *presbiteriaal-sinodale* kerkregeerstelsel in die praktyk van die kerk se taak, tree iets van die k*ongregasionalisme* en die Lutherse *territoriale* kerkbegrip na vore asook tekens van die *kollegialisme* en van die *erastianisme.* Die *Kerkorde* van die **RCA** toon in hooftrekke ooreenkomste met die *Kerkorde* van die NG Kerk, hoewel daar tog ook verskille is: In Artikel 27.10 (vgl Artikel 46.4) is duidelike trekke van die *kongregasionalisme.*

In hoofstuk twee van hierdie proefskrif is daarop gewys dat **'n belydenis** 'n hartlike, spontane verwoording van die kern- of hoof-geloofswaarhede van die Woord sonder enige dwang is wat moet dien as riglyn vir die praktiese, konkrete lewe van die gelowige. Hierdie gemeenskaplike (of gedeelde), bo-historiese en universeel-geldende belydenis bind gelowiges oor tyd en ruimte in 'n verband saam as mense wat lewe vanuit die Verbond wat die Here eerste met hulle gesluit het (die Verbond van God met ons lei só uiteindelik tot die verband van al

die verbondskinders van die Here) – en het dit bepaalde bindende gesag op elkeen wat daardeur saam verbind is. **Kerkverband** is dan die verband van gemeentes van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting as die kerk van Christus oor die aarde, en word gevorm om hulle in hul kerkwees te versterk, geestelik te verryk en van die eensydigheid van sektarisme te bewaar wanneer hulle gesamentlik die roeping en taak van die kerk opneem. Meerdere vergaderings moet aan die kerke of gemeentes die nodige steun en inspirasie gee om in hulle eie omgewing kerk van die Woord te wees. Kerkverband as 'n verband van gemeentes kan daarom enersyds ook nie sonder die meewerking van gemeentes suksesvol gevorm óf verander word nie, en daarom móét gemeentes deurgaans geraadpleeg word en sal hulle uiteindelik ook moet toestem tot die verandering aan die bestaande of die vorming van 'n nuwe kerkverband. Die moontlikheid bestaan wel dat 'n gemeente kan verkies om nié met ander gemeentes wat dieselfde geloofswaarhede vanuit die Skrif huldig en bely, wat in dieselfde gebied bly en in dieselfde situasie verkeer, te skakel nie, maar só 'n gesindheid openbaar 'n ongesonde selfstandigheid wat kan lei tot kerklike independentisme en kongregasionalisme. Oor die spesifieke struktuur wat hierdie kerkverband moet aanneem, gee die Skrif geen duidelike voorskrifte nie, maar dit beklemtoon wel die noodsaak van die sigbare, strukturele eenheid van alle gelowiges wat een van twee moontlikhede kan aanneem: 'n federale of 'n sinodale verband. Gemeentes kan óók ekumenies met ander kerke wat institusionêr onderskei is van die eie kerk in verband tree om saam te luister na die Woord en in die lig daarvan die eie belydenis stéédś te toets en só te soek na die waarheid in die verskeidenheid. Wat die ***kerkorde*** betref is aangedui dat dit voortspruit uit die Skrif en dat dit die reël van die lewe en werk van die kerk ooreenkomstig die Skrif en Belydenis ten doel het sodat die Woord en belydenis in alle kerklike aktiwiteite tot sy reg kan kom. In die lig van die bostaande beoordeling is tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel daar kerkordelik ooreenstemming tussen die lede van die NG Kerkfamilie is, Belhar nie aan die vereistes vir 'n gereformeerde belydenis voldoen nie en daarom beslis nie as 'n belydenisskrif aanvaar kan word nie, maar hoogstens as 'n eietydse

geloofsverklaring van 'n spesifieke kerkgenootskap. Indien die VGKSA dus sou volhard met hul aandrang op die aanvaarding van die Belharbelydenis op gelyke voet met en naas die *Drie Formuliere van Eenheid*, is dit duidelik dat hulle 'n ander belydenisgrondslag onderskryf as dié van die res van die NG Kerkfamilie en dat hulle hulleself juis op hierdie punt losmaak of afskei van die res van die NG Kerkfamilie. In die lig hiervan behoort die NG Kerk dit te heroorweeg of een sinodale verband met die VGK verkieslik is bo 'n ekumeniese verband waarin ons eenheid gedemonstreer word sonder om mekaar te oorheers. Wat die NGKA en die RCA betref is daar geen gronde wat kerkhereniging met die NG Kerk verhinder nie en behoort die onderhandelinge hieroor voortgesit te word.

In hoofstuk drie van hierdie proefskrif is 'n ontleding is gemaak van die inhoud en implikasies van die landswet, hoër hofuitsprake en regsmenings in verband met kerkhereniging om só **enkele regsaanduidings vir die kerkherenigingsproses** in die NG Kerkfamilie aan te dui. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die howe in Suid-Afrika die kerk nog altyd gesien het as vrywillige vereniging (*universitas*) met 'n grondwet wat as regspersone (wat regte en verpligtinge in voortdurende opvolging ongeag die verwisseling van sy lede kan dra) in terme van die kontraktereg beoordeel moet word, en waar die burgerlike hof in die beregting van kerklike sake moontlik die volgende vrae sou kon vra: (1) Of die kerklike vergadering wat die besluit geneem het, dit volgens intern-kerklike uitgangspunte en reëlings kón doen; (2) Of die voorgeskrewe kerklike prosedure nagekom is; en (3) Of hierdie vergadering se optrede strook met die gemeenskap se opvattings van persoonlike regte en billikheid. Waaroor daar egter géén regsekerheid is nie, is oor die vraag na die status of stand van persone wat nie saam met die meerderheid van lidmate van kerkverband wil verander nie – kontinueer selfs één lidmaat wat oorbly só die gemeente met inbegrip van die behoud van alle bates. In sy uitspraak het Appèlregter Vivier *obiter* opgemerk dat die kerkraad, wat as gesagsorgaan namens die gemeente optree, dit kan noodsaak dat die *universitas*-beginsel gekwalifiseer moet word. Hierdie *obiter*-opmerking is egter nog nie in 'n hof getoets nie en tot dán word steeds algemeen aanvaar dat die minderheid só die meerderheid gevange kan

hou in hulle besluitneming. Wat die kerkvergaderings betref word erken dat hulle nie almal dieselfde aard en opdrag het wat hulle met die *"van Christus-verleende-gesag"* uitoefen nie en daarom ook nie sake mag hanteer wat op die terrein of in die opdrag van 'n ander kerklike vergadering ingesluit is nie – meerdere vergaderings hanteer slegs dáárdie sake wat op hulle eie terrein hoort, asook sake wat onder bepaalde voorwaardes deur mindere vergaderings na hulle verwys is – en hiérvoor verleen Christus aan elke kerklike vergadering 'n eie gesag wat van dié van die ander kerkvergaderings verskil. As dan in ag geneem word dat die Kerkorde van die NG Kerk in Artikel 43 bepaal dat dit die taak van die Algemene Sinode is om die Belydenisskrifte en Kerkorde ooreenkomstig Artikel 44 vas te stel, dan is daarin die wisselwerking in die uitvoering van hierdie taak tussen die verskillende kerkvergaderings opgesluit, met die uiteindelike finale besluitnemingsverantwoordelikheid op die tafel van die Algemene Sinode. Die Algemene Sinode kan hierdie saak egter nie afhandel sonder die voorgeskrewe inspraak en goedkeuring van die mindere vergaderings nie – en in hierdie opsig het die Algemene Sinode dus slegs 'n gekwalifiseerde en as sodanig *"beperkte"* afhandelingsbevoegdheid. 'n Belangrike punt wat in die Appèlsaak na vore gekom het en wat met vrug in 'n hof getoets kan word, is die *obiter*-opmerking van Regter Vivier in die slotparagraaf van sy uitspraak, naamlik die vraag of die VGKSA self wettiglik tot stand gekom het, waarby regter IBW de Villiers aansluit in sy regsmening.

4.3 Die pad vorentoe met kerkhereniging

Dat kerkeenheid 'n dringende saak is, laat geen twyfel nie, want die Here wil dat Sy kerk op aarde één moet wees. Die Here Jesus Self bid hiervoor in Johannes 17^{17-23} op grond van die waarheid van die Goddelike Drie-eenheid en die eenheid van God deur Sy Gees met die gelowiges, en dan motiveer Jesus Sy gebed met die aanduiding dat hierdie eenheid moet dien tot die geloofwaardigheid en effektiwiteit van die gelowiges se getuienis van God se liefde en genade in die wêreld. Daarom dat die apostel Paulus uiteindelik die Korintiërs in 1 Kor.1^{12-13}, 3^{1-9} aanspreek oor die partyskappe tussen hulle wat

getuig van 'n wêreldse en eiesinnige ingesteldheid, en dat hy op grond van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hulle almal op hulle 'n beroep doen op eensgesindheid onder mekaar. In Efesiërs 4^{3-6} pleit Paulus dat gelowiges hulle daarop moet toelê om die eenheid wat die Heilige Gees tussen hulle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Die Here wil hê dat ons één moet wees *"sodat die wêreld kan glo"*... ons het mekaar nodig ter wille van die geloofwaardigheid en die effektiwiteit van die Evangelieverkondiging en van ons getuienis. In die lig hiervan sal die kerk nóóit mag afsien van sy roeping en opdrag om te strewe na en hom te beywer vir eenheid nie – allereers 'n geestelike eenheid in geloof in die Drie-enige God en die verlossing wat Hy deur Sy Seun bewerk het en deur die gawe van Sy Gees in die hart van Sy kinders verwesenlik, maar óók 'n sigbare eenheid in die institusionalisering van Sy kerk op aarde wat met mekaar in verband tree op grond van gemeenskaplike geloofsbelydenis en in die hooftrekke van kerkinrigting en –regering.

In die lig hiervan sal die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika daarom dringend aan die volgende kernsake aandag moet gee:

1. Die uitklaar van 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag vir die herenigde kerk

Hierin is dit duidelik dat al die lede van die NG Kerkfamilie die tradisie van Dordt navolg met die *Drie Formuliere van Eenheid*, terwyl dit slegs die VGKSA is wat die Belharbelydenis onderskryf en in die onderhandelinge aandring dat die ander lede van die NG Kerkfamilie dit ook moet doen. Uit die grondige beoordeling van die aard van 'n belydenis, die vereistes van 'n gereformeerde belydenis en die stryd rondom die belydenisse in Suid-Afrika, is duidelik aangetoon dat die Belharbelydenis nie aan die vereistes vir 'n gereformeerde belydenis voldoen nie. Daarom sal:

1.1 Daar pertinent met die VGKSA in gesprek getree moet word om hulle te oortuig van hulle dwaling in hierdie verband en om hulle te probeer oortuig om (a) dit as 'n eietydse geloofsverklaring te stempel, of (b) in geheel daarvan af te sien, in gebrek waarvan hulle daarop gewys sal moet word

dat hulle hulself daardeur, op belydenisgrondslag onderskei en afskei van die res van die NG Kerkfamilie;

1.2 Indien die VGKSA volhard in sy aandrang op die aanvaarding van die Belharbelydenis, sal die NG Kerk moet oorweeg of die verwydering nie dalk al só ver gevorder het dat daar eerder van ekumeniese verhoudinge gewag gemaak moet word nie;

1.3 Intussen moet die onderhandelinge vir kerkhereniging tussen die NG Kerk, NGKA en die RCA as 'n saak van dringendheid voortgaan.

2. Die uitklaar van die struktuur en regeervorm vir die herenigde kerk

Met inagneming van die feit dat al die lede van die NG Kerkfamilie dieselfde kerkordelike standpunte huldig en dat hul *kerkordes* in hooftrekke met mekaar ooreenstem in navolging van die Dordtse *Kerkorde* wat uitgaan van die *presbiteriaal-sinodale* vorm van kerkregering, sal:

2.1 Gesamentlik gewerk moet word aan die opstel van 'n konsep-k*erkorde* wat aansluiting vind by die gemeenskaplik erkende gereformeerde beginsels vir die kerkregering en wat gesuiwer sal wees van die invloede van ander kerkregeerstelsels;

2.2 Gesamentlik besluit moet word oor die struktuur van die nuwe kerk – 'n federale of 'n sinodale verband; en indien vir die laaste gekies word, een algemene sinode of 'n bykomende sinode met behoud van die onderskeie selfstandige algemene sinodes.

3. Die uitklaar van die proses waarlangs kerkhereniging bewerkstellig kan word

Hierin sal daar besliste eenstemmigheid in die optrede van die verskillende lede van die NG Kerkfamilie moet wees, terwyl deurgaans in gedagte gehou sal word dat die burgerlike hof in die beregting van kerklike sake moontlik die volgende vrae sou kon vra: (1) Of die kerklike vergadering wat die besluit geneem het, dit volgens intern-kerklike uitgangspunte en reëlings kón doen en wel gedoen het; (2) Of die voorgeskrewe kerklike prosedure nagekom is; en (3) Of hierdie

vergadering se optrede strook met die gemeenskap se opvattings van persoonlike regte en billikheid. Wat die Algemene Sinode van die NG Kerk betref, het hy die taak en bevoegdheid om die belydenisskrifte en kerkorde van die kerkverband vas te stel, maar hy mag dit slegs in ooreenstemming met die voorgeskrewe kerklike prosedure soos voorgeskryf in die k*erkorde* (die intern-kerklike uitgangspunte en reëlings) en met die instemming van gemeentes, verteenwoordig deur hul kerkrade, doen. In hierdie verband behoort:

3.1 Die kerk as 'n saak van dringendheid 'n verklarende bevel aan te vra om kwalifisering van die *universitas*-beginsel, sodat regsekerheid verkry kan word oor die status of stand van persone wat nie saam met die meerderheid van lidmate van kerkverband wil verander nie.

3.2 Die kerk 'n verklarende bevel aan te vra oor die vraag of die VGKSA self wettiglik tot stand gekom het.

Benewens die bogenoemde kernsake, sal ook aan die volgende sake aandag gegee moet word:

4. **Uitklaring oor die stoflike sake van die kerke by kerkhereniging** – sake rondom finansies en eiendomme sal eers tot tevredenheid van almal bygelê sal moet word.

5. **Uitklaring oor die RCA se aandrang op die behoud van sy eie identiteit.**

6. **Uitklaring oor** sake soos **teologiese opleiding** en die **wedersydse erkenning van legitimasie** van leraars, die **naam**, **taal** en oor **liturgiese sake** in die nuwe kerkverband.

7. Laastens is dit duidelik dat hereniging *"van onder af"* in die harte en gesindhede van lidmate sal moet begin en opgroei en dat **versoening in wedersydse verhoudinge** hierin van kardinale belang is.

5. Opsomming

Die Here wil dat Sy kerk op aarde één moet wees soos Hy Een is *"sodat die wêreld kan glo"* (Joh 17[23]) – ter wille van die geloofwaardigheid en die effektiwiteit van die Evangelieverkondiging en van sy getuienis. Hierdie eenheid is allereers 'n geestelike geloofseenheid, maar is óók 'n sigbare eenheid in die institusionalisering van Sy kerk wat met ander kerke in verband tree op grond van gemeenskaplike geloofsbelydenis en in die hooftrekke van kerkinrigting en –regering.

In die eerste hoofstuk is indringend aangedui dat daar in die besluite van die NG Kerkfamilie erkenning is van die Goddelike gawe van en opdrag tot sigbare kerkeenheid, asook dat die wil tot kerkeenheid by almal bestaan, maar dat daar struikelblokke is wat eers uit die weg geruim sal moet word. Ondersoek is ook gedoen na die kerkbegrip en *Kerkordes* van die lede van die NG Kerkfamilie en hulle toon grootliks ooreenkoms met dié van die NG Kerk volgens die Gereformeerde beginsels van die *presbiteriaal-sinodale* Kerkregeerstelsel, alhoewel daar telkens invloede van ander kerkregeerstelsels aangetoon kan word.

In hoofstuk twee is gewys op die gemeenskaplike, bo-historiese en universeel-geldende belydenis wat gelowiges oor tyd en ruimte in 'n verband saambind. Kerkverband is daarom die verband van gemeentes van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting en word gevorm om hulle in hul kerkwees te versterk, geestelik te verryk en van eensydigheid te bewaar. Die gevolgtrekking is ook gemaak dat Belhar nie aan die vereistes vir 'n gereformeerde belydenis voldoen nie.

In hoofstuk drie is 'n ontleding gemaak van die inhoud en implikasies van die landswet, hoër hofuitsprake en regsmenings om só enkele regsaanduidings vir die kerkherenigingsproses in die NG Kerkfamilie aan te dui, waaruit geblyk het dat die reg in Suid-Afrika die kerk sien as 'n *universitas* wat in terme van die kontraktereg beoordeel moet word.

In hoofstuk vier is gepoog om die koers op die pad vorentoe met kerkhereniging aan te dui, en is aangetoon dat die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika dringend aan die volgende sake aandag moet gee:

1. Die uitklaar van ’n gemeenskaplike belydenisgrondslag vir die herenigde kerk.
2. Die uitklaar van die struktuur en regeervorm vir die herenigde kerk.
3. Die uitklaar van die proses waarlangs kerkhereniging bewerkstellig kan word.
4. Uitklaring oor die stoflike sake van die kerke by kerkhereniging.
5. Uitklaring oor die RCA se aandrang op die behoud van sy eie identiteit.
6. Uitklaring oor sake soos teologiese opleiding en die wedersydse erkenning van legitimasie van leraars, die naam, taal en oor liturgiese sake in die nuwe kerkverband.
7. Laastens dat versoening in wedersydse verhoudinge van kardinale belang is.

6. Summary

The Lord wants His church on earth to be One, as He is One, *"in order that the world may know"* (John 17:23) – for the sake of the credibility and the effectiveness of the preaching of the Gospel and its testimony. This unity is first and foremost a spiritual unity of faith, but then also a visible unity in the institutionalising of His church. Churches relate to one another due to a common confession of faith and the main features of church institution and church government.

In the first chapter it was indicated clearly that, in the resolutions of the Dutch Reformed Church family, there is a recognition of the Godly gift of and commission to visible church unity. Every member desires visible church unity, keeping in mind that there are obstacles that have to be removed first. Research has also been done about the understanding of the image of a church and the church doctrines of the members of the Dutch Reformed Church family, which showed resemblance to a great extent with the Dutch Reformed Church according to the reformed principles of the *presbyterial-synodal* church governing system. However, numerous influences from other governing systems could also be indicated.

In chapter two the common, above-historical and universally accepted creeds, which linked believers together over time and space, was pointed out. True creeds stem from a certain situation, but formulates those truths of the Gospel which are of a core, timeless nature. Denominations are therefore the relation between congregations sharing the same confessions and the main principles of church institution, and is formed to strengthen their church-being, to enrich them spiritually and to save them from one-sidedness. The conclusion was also made that Belhar does not answer to the requirements of a reformed creed.

In chapter three an analysis was made of the content and implications of the constitution, supreme court verdicts and legal opinions to point out several legal

indications for the church reunion process in the Dutch Reformed Church family, from which it was obvious that the law in South-Africa sees the church as a *"universitas"* which must be judged according to the law of contrasts.

In chapter four, it was attempted to indicate the direction on the way forward with church reunion, and it was indicated that the Dutch Reformed Church family in South-Africa must urgently tend to the following matters:

1. To clarify a common foundation for a creed for the united church.
2. To clarify the structure and the form of governing of the united church.
3. To clarify the process through which church unity can be accomplished.
4. Clarification of the material matters of the churches at church unity.
5. Clarification of the RCA's insisting on keeping its own identity.
6. Clarification of matters such as theological training, the mutual recognition of the legitimacy of clergymen, the name, the language and the liturgical matters in the new denomination.
7. Lastly that recognition in mutual relationships is of vital importance.

7. Kernbegrippe

Kerkbegrip	Church image
Belydenis	Confession
Belydenisgrondslag	Confessional ground
Kerkorde	Church Order
Kerkhereniging	Church reuniting
Kerkfamilie	Church family
Kerkeenheid	Church unity
Kerkverband	Denomination
Ekumene	Ecumenism
Regsmening	Legal opinion

8. Bronnelys

Agendas en Handelinge NG Kerk 1986-2007

Agendas en Handelinge NGKA 1963-2007

Agendas en Handelinge NGSK 1966-1994

Agendas en Handelinge VGKSA1994-2005

Agendas en Handelinge RCA 1968-2006

Barkhuizen, JNW (Adv SC) 1995 : *Memorandum insake Kerkvereniging.* Johannesburg, Cramerview

Bavinck, H 1932 : *Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst.* Tweede druk. Kampen, JH Kok

Bavinck, H 1976 : *Gereformeerde Dogmatiek – Vierde Deel*. Sesde onveranderde druk. Kampen, JH Kok

Berkhof, H / De Jongh, OH 1975 : *Geschiedenis der Kerk*. 9e dr. Uitgeverij GF Callenbach BV – Nijkerk

Berkouwer, GC 1970 : *De Kerk I – Eenheid en Katholiciteit*. Dogmatische Studiën. Kampen, JH Kok

Boshoff, CWH 1976 : *Kerklike Verhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Pretoria, NG Kerkboekhandel

Bouwman, H 1985 : *Gereformeerd Kerkrecht I en II*. 3de dr. Kampen, De Groot Grondriaan

Britz, R.M 1985 : *Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Britz, RM 1998 : *Belhar verskil van ons Belydenisskrifte* – Artikel in *Die Kerkbode*, 5 Junie 1998

Bronkhorst, AJ 1947 : *Schrift en Kerkorde*. Den Haag, Zuid Hollandsche Boek- en Handelsdrukkery

Brown, E 1974 : *Die behoefte aan verantwoording van die Kerk en sy Gereformeerde geskiedenis in ons land*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Brown, E 1979 : *Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Brown, E 1992 : *Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan*. Hervormde Teologiese Studies Sl:sn

Calvijn, J : *INSTITUTIE of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst* – Uit het Latijn vertaald door Dr A Sizoo. Derde Deel bevattende Boek IV. 7de druk Delft, WD Meinema NV:sa

Cloete, GD en Smit, DJ 1984 : *'n Oomblik van waarheid* – Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n *status confessionis* en die opstel van 'n konsepbelydenis, byeengebring deur GD Cloete en DJ Smit. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers

Coertzen, P 1984a : *Kerk en reg: Maarten Luther en die belydende kerkreg*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Coertzen, P 1984b : *Belydende Kerkreg in Duitsland en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Coertzen, P 1986 : *Metodologiese vertrekpunte in die beoefening van Kerkreg*. NGTT (37/1), Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Coertzen, P 1987 : *Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Coertzen, P 2001 : *Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika* NGTT 42 (1 en 2), Bloemfontein, CLF

Conradie, H 2005 : *Die Belydenis van BELHAR – WAAROM GAAN DIT?* Hermanus, Hurter-Beleggingstrust

Crafford, D 1982 : *Aan God die Dank – Deel I*. Pretoria, NG Kerkboekhandel

De Villiers, IWB 1995 : *Regsmening oor Kerkvereniging.* Lynnwood, Pretoria:sn

De Wet, CHJ 1921 : *Die Kollegiale Kerkreg* Amsterdam

Dreyer, A 1924 : *Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde-Kerk in Zuid-Afrika*. Kaapstad, ZA Bijbelvereniging

Du Plooy, A le R 1988 : *Die verband tussen Skrif, Konfessie en Kerkorde volgens die Gereformeerde Kerkreg*. – Intreerede gelewer op 16 Oktober 1987. Potchefstroom, Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO

Du Toit, DA 1978 : *Koninkryk, Kerk en Eenheid*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Du Toit, HDA 1967 : *Die Kerstening van die Bantoe*. Pretoria, NG Kerk-Boekhandel

Du Toit, PR 1991 : *Die Uitleg van 'n Kerkorde* – Kerkregtelike opstel opgedra aan PB van der Watt in *Byderwets en Gereformeerd*. 1e dr. Bloemfontein, NG Sendingpers

Du Toit, S 1963 : *Algemene Kerkgeskiedenis*. 2e dr 1967 Potchefstroom, Pro Rege-Pers

Dutch Reformed Churches Union Act 23 of 1911 Juta & Kie Beperk Sl:sa

Duvenage, SCW (Red) 1974 : *Reformasie en Revolusie*. Publikasie van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme aan die PU vir CHO. Potchefstroom, Potchefstroom Herald

Eloff, SJ 1998 : *Skriftuurlik en teologies is Belhar nie waterdig nie* – Artikel in *Die Kerkbode*, 5 Junie 1998. Wellington, Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.

Geldenhuys, FEO'B 1951 : *Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode onder die gereformeerde stelsel van kerkregering, soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria.

Haitjema, Th L 1951 : *Nederlands Hervormd Kerkrecht*. Nijkerk, Callenbach.

Hanekom, TN 1974 : *Die Sinode in kerkregtelike perspektief, 1824-1974* Stellenbosse Teologiese Studies (1) Elsiesrivier, Kaap, Nasionale Boekdrukkery

Heyns, JA 1977 : *Die Kerk*. Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal

Heyns, JA 1978 : *Dogmatiek*. Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal

Heyns, JA 1992: *Inleiding tot die Dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis.* Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal

Hofmeyr, G (Red) 2002 : *N G Kerk 350* Kaapstad, Lux Verbi.BM

Hovius, J 1972 : *Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, en haar artikelen* Kampen, JH Kok BV

Jonker, WD 1978: *Om die Regering van Christus in Sy Kerk*. 2de druk, Pretoria, UNISA

Jonker, WD 1994 : *Bevrydende Waarheid – Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington, Hugenote-Uitgewers

Kinghorn, J (Red) 1986 : *Die NG Kerk en Apartheid* Johannesburg, Macmillan Suid-Afrika

Kleynhans, EPJ 1974 : *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1795-1962* (Ongepubliseerde proefskrif) Sl:sn

Kleynhans, EPJ 1977 : *Ons kerklike verhoudinge – in histories-kerkregtelike perspektief gesien.* NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Kleynhans, EPJ 1982 : *Gereformeerde Kerkreg Deel 1.* Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal

Kleynhans, EPJ 1985 : *Gereformeerde Kerkreg Deel 3.* Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal

Kleynhans, EPJ 1986 : *Die bevoegdheid en gesag van kerkvergaderinge*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Kleynhans, EPJ 1991 : *Vereistes vir 'n Kerkorde* Kerkregtelike opstel opgedra aan PB van der Watt in *Byderwets en Gereformeerd*. 1e dr. Bloemfontein, NG Sendingpers

Kuyler, DA 1998 : *Die ontwikkeling van die sinode en sinodale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die 19e eeu. 'n Ekklesiologiese studie* (Ongepubliseerde Proefskrif) US:sn

Kuyler, DA 2005 : *Kerkregtelike kommentaar op hofgeding tussen VGKSA en NGKA.* Bloemfontein:sn

Louw, JW (Adv SC) 1995 : *Ex Parte: Sinode van Noord-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in re: Kerkvereniging.* Pretoria:sn

Lubbe, WJG 1987 : *Geloof en Protes - 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"* Pretoria, Aurora Pers

Moderamen, NG Kerk in die OVS 1997 : *Memorandum aan Kerkrade in die Vrystaat oor die konferensies oor eenheid in die familie van NG Kerke wat gedurende Augustus 1997 plaasgevind het*. Sl:sn

Nauta, D (Red) 1971 : *De Synode van Emden – Oktober 1571* Kampen, JH Kok NV

Nauta, D 1971 : *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen, JH Kok NV

NG Kerk, 1969 : *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery

NG Kerk 1974 : *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* Kaapstad, N.G. Kerk-Uitgewers

NG Kerk 1975 : *Menslike Verhoudinge volgens die Heilige Skrif.* Kaapstad - Pretoria, NG Kerk-Uitgewers

NG Kerk 1986 : *Kerk en Samelewing – 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk* Bloemfontein, NG Sendingpers

NG Kerk 1987 : *Ons Glo... Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse* Vierde druk 1987. Kaapstad, N.G.Kerk-Uitgewers

NG Kerk 1988a : *Antwoord van die Ned. Geref. Kerk op "Geloof en Protes"* Bloemfontein, NG Sendingpers

NG Kerk 1988b : *Beoordeling : Belharbelydenis*. Verslag van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) op 2 September 1988 aan die ASK van die NG Kerk Sl:sn

NG Kerk 1990 : *Kerk en Samelewing – 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk* Bloemfontein, NG Sendingpers

NG Kerk 1994 : *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se Reis met Apartheid 1960-1994* Wellington, Hugenote-Uitgewers

NG Kerk 1997 : *Die verhaal van die NG Kerk se REIS MET APARTHEID,1960-1994, 'n getuienis en 'n belydenis*. Wellington, Hugenote-Uitgewers

NG Kerk 2004 : *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad, Lux Verbi.BM

NG Kerk 2007 : *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* Wellington, Bybel-Media

NG Kerk 2008 : *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke.* Wellington, Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk

NG Kerk 2008 : *Besluite van die uitgebreide Moderamen oor Kerkhereniging, 11-12 Junie 2008, Carmelite Retreatsentrum* Sl:Sn

NGSK 1986 : *Die Belydenis 1986* - Bybelse versoening en 'n statutêr geskeide gemeenskap Sl:sn

NG Kerk in die Oranje-Vrystaat 2005: *Agenda en Handelinge* Bloemfontein, Dupla

NG Kerk in die Wes-Kaapland 1979: *Agenda en Handelinge* Sl:sn

Olivier, André 1998 : *Bode op die spoor van die Woord – 150 jaar met Die Kerkbode* Kaapstad, Lux Verbi

Pont, AD 1981 : *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria, HAUM

Potgieter, FJM 1978 : *Die wese van die Kerk van Christus.* NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

RCA 2002 : *Church Order (Constitution) of the Reformed Church in Africa*. Sl:sn

Roberts, JH 1981 : *Skriftuurlike grondslae vir die ekumenie*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Roijaards, HJ 1934 : *Hedendaagsch kerkrecht bij de Hervormden in Nederland*. Utrecht, J Altheer

Rossouw, P 1974 : *Kerkverband en Liggaamsverband in Jesus Christus.* NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Snyman, SD 1997 : *Die Eenheid van die Kerk.* – Artikel gelewer tydens die Konferensies in die Vrystaat oor kerkeenheid in die familie van NG Kerke, Bloemfontein Sl:sn

Sadler, THN 1979 : *Die Kerklike Tughandeling*. Pretoria, NG Kerkboekhandel

Smit, CJ 1984 : *God se orde vir sy kerk*. Pretoria, NG Kerkboekhandel

Strauss, PJ 1991 : *Vanwaar Gereformeerde Kerkregtelike Beginsels?* – Kerkregtelike opstel opgedra aan PB van der Watt in *Byderwets en Gereformeerd*. 1e dr. Bloemfontein, NG Sendingpers

Strauss, PJ 1995 : *Belydenis en die aard van kerkverband.* Sl:Sn

Strauss, PJ 1997 : *Vorme of Gestaltes van Eenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie* – Artikel gelewer tydens die Konferensies in die Vrystaat oor Kerkeenheid in die familie van NG Kerke Bloemfontein:sn

Strauss, PJ 2001 : *Kerkverband in die Ned Geref Kerk vandag.* NGTT 47 (3 en 4) Bloemfontein, CLF

Strauss, PJ 2006 : *Skrif, belydenis en die aard van kerkverband.* NGTT 47 (1 en 2) Wellington, Bybel-Media

Strauss, PJ 2007a : *Die regsposisie van kerke in 'n verenigingsproses: die Ned Geref Kerk teen die agtergrond van ontwikkelinge in België*. NGTT 48 (1 en 2) Wellington, Bybel-Media

Strauss, PJ 2007b : *Eenheid in die NG Kerkfamilie: 'n kerkhistories-kerkregtelike benadering*. NGTT 48 (3 en 4) Wellington, Bybel-Media

Strauss, PJ 2008a: *Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk: Uitgangspunte ten opsigte van Skrif, Belydenis en Kerkorde*. Sl:sn

Strauss, PJ 2008b : *Die NG Kerkorde-1962: Die Dordtse Kerkorde aangepas by die eise van die dag?* Sl:sn

Strauss, PJ 2008c: *Die "Kerklike Gesag" van Kerkvergaderings*. Sl:sn

Strauss, SA 1997 : *'n Teologiese Beoordeling van die Belharbelydenis* – Referaat gelewer tydens die presikantekonferensie in Augustus 1997 in die NGK-OVS Sl:sn

The Dutch Reformed Church in Southern Africa 1970. Pretoria, Creda

Trengove, WH (Adv SC) en Van der Linde, WHG (Adv) 1996 : *Regsmening : Kerkvereniging*. Johannesburg:sn

Van Coller, AP (Regter) 1996 : *Hooggeregshof saak van Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en MD Kambule en 160 ander, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Oranje-Vrystaat), Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo.* Bloemfontein:sn

Van Deventer, WW 1985 : *Die NG Kerkfamilie as konkrete ontmoetingspunt tussen Swart en Wit in Suid-Afrika* Sl:sn

Van der Watt, PB 1973 : *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers

Van der Watt, PB 1980 : *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk – Deel 3: 1824-1905*. Pretoria, NG Kerkboekhandel

Van der Watt, PB 1987 : *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk – Deel 4: 1905-1975*. Pretoria, NG Kerkboekhandel

Van't Spijker, W 1982 : *Goddelijk recht en kerklijke orde bij Martin Bucer*. Kampen, JH Kok

VGKSA 2001 : *Kerkorde en Reglemente van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* Sl:Newave Digital Junxion

VGKSA 2008 : *Report from the fifth General Synod of URCSA 29 September to 5 October 2008, Hammanskraal to partner Churches*. Sl:sn

VGKSA-OVS 2003 : *Kerkorde van die Streeksinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Vrystaat en Lesotho* Phuthaditjhaba:sn

Vorster, JD 1969 : *Die Ned. Geref. Kerk en ander kerke*. NGTT, Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery

Weber, Otto 1961 : *Grundlagen der Dogmatik – Zweiter Band*. Bd.2-5 unveränd. Aufl. – 1977. Vluyn, Neukirchener Verlag

9. Bylaes

Bylae A tot die Inleiding

VERKLARING 2002

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NG Kerk se roeping en plek in Suider-Afrika.

Daarom:

(a) Verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons Kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou deel van Sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die Evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as Kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef;

(b) Verbind ons ons opnuut tot ons vasteland, in die besonder Suider-Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklike vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die gevolge van die vigspandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap;

(c) Verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en saam met alle ander

Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig;

(d) Roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as “sout van die aarde” en “lig van die wêreld” God se Koninkryk wil laat kom.

Ons het ’n Here. Ons is hier. Ons is Sy kerk.

Aan God al die eer.

Bylae B tot die Inleiding

VERBINTENIS 2004

Daar is by die Algemene Sinode 2004 ’n duidelike aanvaarding van die besef dat die kerk van Christus primêr ’n roepingsgemeenskap is en ’n gereedheid om onsself toe te wy aan die verantwoordelikheid om in ons optrede ’n roepingsbegeleide geloofsgemeenskap te wees. Ons wil naby aan die Here leef om gereeld by Hom te hoor presies wat ons roeping is. Die Sinode wil die kerk lei om op alle vlakke vanuit haar roeping te dink, te besluit en te leef.

Daarom verbind ons as Sinode onsself in die lig van ons roepingsverklaring daaraan:

a) Om getrou aan ons Gereformeerde tradisie, die Bybel as gesagvolle Woord van God te handhaaf en te gehoorsaam. Ons verstaan ook al hoe beter dat om in die Bybel te glo, nie beteken om in ’n klomp reëls of beginsels te glo nie, maar in die lewende Drie-enige God self. Ons behoort aan Hom en al ons verwagtinge is van Hom alleen.

b) Om in ons sinodale funksionering en vergaderings te groei in ’n insluitende en luisterende houding, asook in prosesse van besluitneming wat ons regtig help om die wil van die Here te onderskei en te gehoorsaam.

c) Om deurlopend met die owerhede in gesprek te tree en te getuig oor ons roeping en bereidheid as kerk om diens te lewer aan die mense van ons lande.

d) Om die integriteit van die Gereformeerde geloof te herwin, sodat God se genadige liefde vir sondaars bekend sal word.

e) Om vanuit ’n diepe bewoëndheid en Christelike ontferming ’n gefokusde strategie vir die bestryding van die vigspandemie en die gevolge daarvan te begin implementeer.

f) Om op die mikro- en makrovlak strategieë vir die oorwinning van armoede uit te werk en deur te voer.

g) Om onsself oop te stel vir die deerniswekkende werking van die Gees van Christus sodat ons mense wat worstel met die gevolge van die gebrokenheid van die skepping wat aan hulle toegekom het, in ’n gesindheid van pastorale ontferming kan vashou.

h) Om in biddende afhanklikheid van die Here met wysheid en volharding hard te werk daaraan om al die struikelblokke te oorkom wat nog hinder in die proses van hereniging met ons Kerkfamilie.

i) Om die geleenthede wat ons volle lidmaatskap van die SARK en TEASA asook ander ekumeniese vennootskappe vir ons bied om ons roeping in Suider-Afrika uit te leef, konstruktief te benut.

j) Om ’n gemeentedienste-netwerk te help uitbou van waaruit ons gemeentes prakties gehelp en ondersteun kan word om op konkrete maniere by die genesing van ons lande betrokke te raak.

k) Om ons jonger generasie te inspireer en te lei om saam met ons as deel van sy kerk in die Naam van Christus ’n verskil in ons lande te maak.

Bylae C tot die Inleiding

ROEPINGSVERKLARING 2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe

Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree, en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei

Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) Om in deernis met ander saam te leef

Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld

Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

Bylae A tot Hoofstuk 1

UITTREKSEL UIT DIE HANDELINGE (OVS SINODE 1995)

KERKEENHEID (BESKRYWINGSPUNTE B1.1, B1.2, B1.3, B1.4)

Die Sinode besluit dat die naam *Die Verenigde Nederduitse Gereformeerde Kerk* vir die Sinode aanvaarbaar sal wees;

Die Sinode van die NG Kerk in die OVS afsonderlik met behoud van sy naam, struktuur en regspersoonlikheid tot die nuwe kerkverband toetree.

Die afgevaardigdes na die nuwe te stigte Verenigde Algemene Sinode proporsioneel tot die getal belydende lidmate van elke betrokke kerk moet wees;

Op die agenda van die Verenigde Algemene Sinode alleenlik algemene beleidsake van gemeenskaplike belang, waaroor daar vooraf ooreengekom is, moet verskyn;

Alle besluite van die Verenigde Algemene Sinode alleenlik geldig moet wees indien dit geneem word met volle konsensus tussen die samestellende kerke. Dit beteken dat as een kerk nie saamstem nie, kan die saak nie ‘n besluit van die vergadering word nie.

Die tans bestaande struktuur, belydenis, identiteit en funksies van die NG Kerk in die OVS op sinodale-, rings- en kerkraadsvlak onaangetas bly voortbestaan. (Vgl Besluite Algemene Sinode 1994, pt 12.3 op bl 41 in hierdie Agenda). Gemeentes en ringe binne die Familie van NG Kerke kan egter na behoorlike ooreenkoms inskakel by gemeentes en ringe en word dan volledig deel van daardie kerk (vgl Agenda bl 41 pt 12.2);

Gemeentes en ringe binne die familie van NG Kerke ná behoorlike ooreenkoms kan inskakel by gemeentes en ringe en word dan vololedig deel van daardie kerk (12.2 van die model).

Die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisgrondslag van die nuwe kerkverband moet dien. Instede van die Belharbelydenis kan die Verenigde Algemene Sinode desverkiesend ‘n nuwe gemeenskaplike geloofsgetuienis opstel.

Dit vir die NG Kerk in die OVS onaanvaarbaar is dat die Belharbelydenis as vierde belydenisskrif in die Kerkorde vir ‘n voorgenome kerkverband ingesluit het.

OOREENKOMS EN INSKAKELING

Gemeentes en ringe binne die familie van NG Kerke kan egter na behoorlike ooreenkoms inskakel by gemeentes en ringe en word dan volledig deel van daardie kerk. (Agenda bl 41 pt 12.2).

DRIE FORMULIERE VAN EENHEID

Die Sinode besluit dat

1. Die drie Formuliere van Eenheid as belydenisgrondslag van die nuwe kerkverband sal dien;
2. Instede van die Belharbelydenis kan die Verenigde Algemene Sinode desverkiesend ‘n nuwe gemeenskaplike geloofsgetuienis opstel.

BELHARBELYDENIS

Die Sinode besluit dat dit vir die Sinode van die NG Kerk in die OVS onaanvaarbaar is dat die Belharbelydenis as ‘n vierde belydenisskrif in die Kerkorde vir ‘n voorgenome kerkverband ingesluit word.

Die NG Kerk in die OVS volle seggenskap behou oor sy eiendomme, finansies, pensioenfonds, mediese fonds, werksaamhede ens, wat hulle voor toetreding tot die verenigde sinodale verband gehad het en daarna mag verwerf (Kerkorde Artikel 36).

Die NG Kerk in die OVS hom die reg voorbehou om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam ens uit die Verenigde Algemene Sinodale verband

van die NG Kerkfamilie te tree wanneer hy so ‘n stap voor God in die lig van sy Woord, kan regverdig. (Vgl Artikel 37 van die huidige Kerkorde)

Alhoewel die Sinode mag kies vir die huidige model die ware eenheid eintlik tot stand kom waar gelowiges op plaaslike vlak mekaar vind in belang van die evangelie. Daarom roep die Sinode gemeentes op om voort te gaan met die evolusionêre prosesse op plaaslike vlak;

Kerkrade, ringe en sinodes waar daar nouer samewerking en eenheid tussen kerke van die NG Kerkfamilie ontstaan, hulle deeglik sal vergewis van die kerklike kultuur en godsdiensbelewening van die lidmate van die NGKA en VGK.

Teologiese studente en predikante dit ernstig moet oorweeg om ‘n inheemse taal aan te leer.

In ooreenstemming met sy besluite oor Kerkeenheid in die NG Kerkfamilie moet die gefinaliseerde Kerkorde vir die voorgestelde kerkverband ook deur die Sinode van die NG Kerk in die OVS goedgekeur word.

Kerkrade en lidmate opgeroep word om voorbidding vir die proses van eenwording te doen. Daar kan gebid word vir wysheid en billikheid, maar veral ook dat die proses van eenwording só kan verloop dat dit volgens die wil van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, tot eer van God die Vader en onder leiding van die Heilige Gees sal geskied.

SAMEWERKING OP PLAASLIKE VLAK

1. Die Sinode besluit dat alhoewel die Sinode mag kies vir die huidige model die ware eenheid eintlik tot stand kom waar gelowiges op plaaslike vlak mekaar vind in belang van die evangelie. Daarom roep die Sinode gemeentes op om voort te gaan met die evolusionêre prosesse op plaaslike vlak.
2. Die Sinode gee aan sy Sinodale Dagbestuur opdrag om in samewerking met dié betrokke strukture van die NG Kerkfamilie, samewerking te soek vir die reëling van verhoudings op plaaslike vlak.

GODSDIENSBELEWING

Die Sinode besluit

1. Dat kerkrade, ringe en sinodes waar daar nouer samewerking en eenheid tussen kerke van die NG Kerkfamilie ontstaan, hulle deeglik sal vergewis van die kerklike kultuur en godsdiensbelewing van die lidmate van die NGKA en VGK;

2. Dat teologiese studente en predikante dit ernstig moet oorweeg om ‘n inheemse swart taal aan te leer.

FINALISERING VAN KERKORDE

Die Sinode besluit in ooreenstemming met sy besluite oor kerkeenheid in die NG Kerkfamilie moet die gefinaliseerde Kerkorde vir die voorgestelde kerkverband ook deur die Sinode van die NG Kerk in die OVS goedgekeur word.

VOORBIDDING VIR DIE PROSES VAN EENWORDING

Die Sinode roep kerkrade en lidmate op om voorbidding vir die proses van eenwording te doen. Daar kan gebid word vir wysheid en billikheid, maar veral ook dat die proses van eenwording só sal verloop dat dit volgens die wil van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, tot eer van God die Vader en onder leiding van die Heilige Gees sal geskied.

Bylae B tot Hoofstuk 1

Die Moderamen het op 12 Maart 1997 geoordeel dat as gevolg van die stremmende invloed wat die hangende appèlsaak het op die verhoudinge tussen die NGKA en die VGKSA en die behoefte by kerkrade en lidmate om inligting te bekom oor die proses van kerkvereniging en om self ook hulle bedenkinge en besware te kan lug, konferensies in die Vrystaat gehou moet word waartydens die sake in besonderhede bespreek kan word.

Daar is toe op die volgende onderwerpe besluit wat by die konferensies ingelei sou word en ook op die inleiers:

- Die eenheid van die kerk - Prof SD Snyman
- Vorme of gestaltes van eenheid in die NG Kerkfamilie - Prof PJ Strauss
- 'n Teologiese Beoordeling van die Belydenis van Belhar - Prof SA Strauss
- Sogenaamde regstegniese aspekte rondom kerkvereniging - Mnr DJR Schutte

Hierdie konferensies was gehou op Trompsburg, Bloemfontein, Welkom en Bethlehem. Die opkomste was deurgaans bevredigend. Dit sou waarskynlik beter bygewoon gewees het as dit nie op weeksdae plaasgevind het nie. Na afloop van die konferensies is 'n brosjure saamgestel van die referate wat by die geleenthede gelewer was en 'n opsomming van die standpunte van die konferensiegangers. Hierdie brosjure is aan kerkrade gestuur.

MEMORANDUM AAN KERKRADE IN DIE VRYSTAAT OOR DIE KONFERENSIES OOR EENHEID IN DIE FAMILIE VAN NG KERKE WAT GEDURENDE AUGUSTUS 1997 PLAASGEVIND HET

Die Moderamen van die NG Kerk in die OVS het na afloop van die konferensies oor die eenheid in die familie van NG Kerke wat in die Vrystaat gedurende Augustus 1997 gehou is, besin oor die vrae wat gestel en menings wat daar gegee is. Die Moderamen het die standpunte van die konferensiegangers waarmee hy homself vereenselwig, soos volg saamgevat. U word versoek om die inligting aan die lidmate deur te gee.

1. Eenheid in die kerk is ‘n gegewe in die Skrif, maar ook ‘n eis waaraan voldoen moet word.
2. Kerkeenheid moet nie verwar word met kerkvereniging nie. Kerkvereniging is die proses waarin die familie van NG Kerke aan die eenheid in Christus sigbare gestalte probeer gee.
3. Hoewel gelowiges dit eens is dat kerkeenheid ‘n gegewe en opdrag is, stem almal nie saam oor die wyse waarop die kerk uitdrukking aan die eenheid moet gee nie. Die verskeidenheid moet ook in die eenheid figureer.
4. Die Bybel gee nie ‘n bloudruk van hoe kerkeenheid konkrete gestalte moet kry nie. Daar mag meer as een vorm of struktuur wees waarin die kerk uitdrukking kan gee aan sy eenheid in Christus. Die kerk is op soek na hierdie uitdrukkingsvorm.
5. Die kerk het nie net een eienskap nie. Die kerk van Christus is ook heilig, algemeen en Christelik. Een eienskap van die kerk moet nie ten koste van die ander oorbeklemtoon word nie.
6. Die soeke na eenheid met die ander Afrikaanse kerke moet nie agterweë gelaat word nie. Hoewel daar begrip daarvoor is dat die familie van NG Kerke naby aan die NG Kerk staan, omdat hulle die vrug van dié Kerk se sendingarbeid is, is dit ook waar dat die ander Afrikaanse kerke op dieselfde belydenisgrondslag as die NG Kerk staan en dieselfde taal en kultuur het, en daarom ook betrek moet word.
7. Die proses van kerkvereniging moet nie oorhaastig nagejaag word nie. Eerlikheid bo oorhaastigheid moet die wagwoord wees. Kerkvereniging moet die geleentheid gegun word om van gemeentevlak af te ontwikkel, sonder dwang van meerdere vergaderings. Kerkrade moet self op plaaslike vlak aan goeie verhoudings werk.
8. Die Kerk moet waak daarteen dat die vrees vir oorhaastigheid nie ten diepste ‘n gees van onwilligheid om te verenig, is nie.
9. Die Belydenis van Belhar is vanweë verskeie konnotasies nie vir die Kerk in die OVS aanvaarbaar nie. Dit adem ook die gees van die

Bevrydingsteologie. Dit is tydgebonde. Dit het ‘n politieke konnotasie. Pogings moet aangewend word om die VGK te laat afsien van die eis dat die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif aanvaar moet word.

10. Die redaksionele leiding in *Die Kerkbode* ten opsigte van die Belydenis van Belhar is besonder negatief ervaar deur talle verteenwoordigers by die konferensies.

11. Daar is oor die algemeen instemming met die besluit wat die Sinode van 1995 oor kerkeenheid geneem het. Die verteenwoordigers van die Kerk in die OVS in die ASK is versoek om by die besluit van die Sinode te hou tydens debatte oor kerkeenheid.

12. Die besluit van die Sinode in die OVS 1995 oor kerkeenheid is meer as advies aan die Algemene Sinode. Dit is besluite waaraan uitvoering gegee moet word totdat die Sinode dit self hersien of herroep het.

13. Lidmate het bedenkinge daaroor of hulle kommentaar op raadpleging deur die ASK ooit verreken word. Inligting oor vordering van die gesprek oor kerkeenheid op ASK-vlak bereik nie die lidmate nie en lidmate kry ook nie genoeg geleentheid om inspraak te lewer nie.

14. Die feit dat die NGKA-OVS nog nie betrek is by die gesprek oor kerkeenheid nie, stel die Kerk in die OVS voor die vraag of hy nog betrokke moet wees by die gesprek in die Gesamentlike Kommissie.oor kerkeenheid.

15. Dit is onwaarskynlik dat die Algemene Sinode in 1998 ‘n finale besluit oor kerkeenheid kan neem in die lig daarvan dat die gesprek oor kerkeenheid tans versand geraak het in die probleme rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar.

16. Versoeke tot ‘n buitengewone Sinodesitting geniet die ernstige aandag van die Moderamen. ‘n Paar sake vra eers aandag, soos: *Wat gaan die uitspraak van die Appèlhof wees? Hoe kan die buitengewone Sinode gefinansier word? Kan ‘n buitengewone sinode meer sê as wat die Sinode van 1995 reeds gesê het?*

Bylae C tot Hoofstuk 1

VERSOEKE TOT ’N BUITENGEWONE SINODESITTING

Op die vergadering van die Moderamen op 19 September 1996 is die eerste versoek ontvang tot ‘n buitengewone sinodesitting met die doel:

1. Om betyds ‘n besluit te kan neem oor die posisie van die streeksinode van die NG Kerk in die OVS mbt kerkvereniging in die lig van die uitspraak van die Hooggeregshof in die saak tussen die VGKSA en die streeksinodes van die NGKA-Vrystaat en Phororo.
2. Om die besluit van die Sinode oor die getal afgevaardigdes per gemeente na die Sinode (Bepaling 65) in heroorweging te neem.

Die Moderamen het aanvanklik besluit dat die versoek met as rede die hofuitspraak moet oorstaan tot na die uitspraak van die Appèlhof. Oor die saak van die verkleinde sinode, het die Moderamen geoordeel dat die saak nie so dringend was nie.

Die volgende gemeentes het versoeke tot ‘n buitengewone sinodesitting gerig met kerkvereniging as motivering:

Bloemfontein, Andrew Murray, Hugenoot, Gardeniapark, Wilgehof, Bloemfontein-Wes, Theunissen-Wes, Hospitaalpark, Koffiefontein, Parys-Wes, Welkom-Wes, Heilbron-Suid.

Die volgende gemeentes het versoeke gerig tot ‘n buitengewone sinodesitting met die samestelling van die Sinode as motivering:

Bloemfontein, Hugenoot, Gardeniapark, Berg-en-Dal en Welkom-Wes.

Op 18 November 1997 besluit die Moderamen om van die Sinodale Kerkkantoor ‘n beraming aan te vra van wat ‘n buitengewone sinodesitting sou kos.

Die Kerkkantoor het die koste vir ‘n buitengewone sinode van een dag op R100 000 en vir twee dae op R170 000 beraam.

Die Moderamen het op 12 Maart 1998 aan die Interimkomitee opdrag gegee om al die versoeke tot ‘n buitengewone sinodesitting te bestudeer en ‘n aanbeveling aan die volgende vergadering van die Moderamen te maak.

Die Interimkomitee se verslag is deur die Moderamen aanvaar, waarop die Moderamen besluit het dat die versoeke tot ‘n buitengewone sinodesitting nie van so ‘n aard was dat dit op daardie stadium ‘n dringende buitengewone Sinodesitting genoodsaak het nie; dat gemeentes ingelig moet word dat die versoek tot ‘n buitengewone sinodesitting nie geweier word nie, maar dat dit nie spoedeisend was nie.

Maar op 17 Augustus 1998 ontvang die Moderamen ‘n Memorandum van ‘n aantal aansoekers om ‘n buitengewone sinodesitting, wat versoek dat die Moderamen onmiddellik ‘n buitengewone sinodesitting moet byeenroep. Die gemeentes wat hierdie versoek gerig het, was: Bloemfontein, Bloemfontein-Wes, Andrew Murray, Gardeniapark, Heilbron-Suid, Hospitaalpark, Koffiefontein, Welkom-Wes, Berg-en-Dal en Wilgehof.

Hierdie afvaardiging is op 1 September 1998 deur die Interimkomitee ontmoet. Die resultaat van hierdie ontmoeting was dat ‘n buitengewone sinodesitting byeengeroep is vir Donderdag, 8 Oktober 1998. Die sake waaroor daar by hierdie buitengewone sinodesitting besin moes word, was: *Die proses van kerkeenheid* en *Die samestelling van die Sinode*.

BUITENGEWONE SINODESITTING

Die Buitengewone Sinodesitting het op Donderdag, 8 Oktober 1998 vanaf 09:00 tot 15:30 plaasgevind.

Eers is die proses van kerkeenheid bespreek. Hieroor het die Sinode soos volg besluit:

1. *Die Sinode bevestig die standpunte van die Sinode in die OVS van 1995 oor eenheid in die NG Kerkfamilie.*
2. *Hierby aanvullend die volgende:*

2.1. *Die Sinode besluit dat deelname van sy afgevaardigdes aan ‘n debat of stemming oor eenheid in die NG Kerkfamilie by die Algemene Sinode, nie sy eie besluite van 1995 en 1998 oor hierdie saak ophef nie.*

2.2. *Die Sinode dring by die Algemene Sinode daarop aan om, ter wille van die eenheid en onderlinge vertroue in die NG Kerk, by sy eie prosedure vir die*

proses van kerkeenheid soos neergelê in sy besluite van 1994 en Kerkorde Artikel 1 en 44, te bly (Algemene Sinode 1994: 441, pt 2.1.3): 'n prosedure wat ook impliseer dat, indien die algemene sinodale verband ontbind, dit deur die samestellende kerke van 1962 of hulle opvolgers (Kerkorde Artikel 36 en 37) moet geskied.

2.3. Die Sinode oordeel dat die afwesigheid van die NGKA en enkele gemeentes van die NGSK by eenheidsgesprekke die betrokkenheid van die NG Kerk in die OVS by eenheidsgesprekke eventueel in gedrang kan bring.

2.4. Hoewel die Sinode die Belydenis van Belhar as belydenis uit die hart van die VGKSA respekteer, kan ons dit nie as belydenis wat uit die hart van die NG Kerk OVS opkom aanvaar nie. Kerkvereniging kan net op dieselfde belydenisgrondslag plaasvind, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid.

Daarom aanvaar die Sinode nie die volgende standpunte nie:

1. Dat kerkvereniging wel kan plaasvind as die Belharbelydenis deur sommige deelnemende kerke as belydenis aanvaar word en deur ander kerke nie.

2. Dat die Belharbelydenis net enigsins gewysig kan word om dan as belydenis vir die NG Kerk aanvaarbaar te wees.

2.5. In die lig van die huidige problematiek verbonde aan die eenheidsproses (soos die skaakmatposisie rondom die Belharbelydenis) versoek die Sinode die Algemene Sinode om ook ander vorme van eenheid in die NG Kerkfamilie (soos 'n bond van kerke wat alle lede van die NGK-familie, binne- sowel as buitelands, insluit) as net een sinodale verband te oorweeg.

2.6. Die Sinode oordeel dat die vorming van 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie met al sy besonderhede (belydenisskrifte, kerkorde, toetrede van gemeentes, ringe en sinodes, stoflike aangeleenthede en al die ander sake vervat in die besluite van die Algemene Sinode van 1994) ook deur die kerkrade goedgekeur moet word. Dit is immers die gemeentes as

komplete kerke wat kerkverband vorm sodat hulle ook moet besluit oor hulle opname in 'n nuwe kerkverband. Die Sinode versoek die Algemene Sinode om hierdie beginsel te aanvaar en onderneem om dit in elke geval in sy eie sinodale gebied toe te pas. (Kerkorde Artikels 18, 19, 20 en 26).

2.7. Die Sinode dra dit aan sy Moderamen op om, indien die situasie dit noodsaak, die nodige besluite en aksies te neem om te verseker dat sy besluite oor eenheid in die NG Kerkfamilie uitgevoer word.

2.8. Die Sinode besluit om hierdie besluite as 'n laatstuk aan die eerskomende Algemene Sinode voor te lê.

Vervolgens, is die **Samestelling van die Sinode** bespreek. Hieroor was die besluit dat die status quo gehandhaaf moet word. Dit wil sê, die Sinode gaan voort om te funksioneer as 'n verkleinde sinode.

'N BESLUIT VAN DIE SINODE VAN DIE NG KERK IN DIE OVS GENEEM OP SY BUITENGEWONE SITTING OP 8 OKTOBER 1998 OOR EENHEID IN DIE NG KERKFAMILIE

1. Die Sinode bevestig die standpunte van die Sinode in die OVS van 1995 oor eenheid in die NG Kerkfamilie.
2. Hierby aanvullend die volgende:

2.1 Die Sinode besluit dat deelname van sy afgevaardigdes aan 'n debat of stemming oor eenheid in die NG Kerkfamilie by die Algemene Sinode, nie sy eie besluite van 1995 en 1998 oor hierdie saak ophef nie.

2.2 Die Sinode dring by die Algemene Sinode daarop aan om, ter wille van die eenheid en onderlinge vertroue in die NG Kerk, by sy eie prosedure vir die proses van kerkeenheid soos neergelê in sy besluite van 1994 en Kerkorde Artikel 1 en 44, te bly (Algemene Sinode 1994: 441, pt 2.1.3): 'n Prosedure wat ook impliseer dat, indien die algemene sinodale verband ontbind, dit deur die samestellende kerke van 1962 of hulle opvolgers (Kerkorde Artikel 36 en 37) moet geskied.

2.3 Die Sinode oordeel dat die afwesigheid van die NGKA en enkele gemeentes van die NGSK by eenheidsgesprekke die betrokkenheid van die NG Kerk in die OVS by eenheidsgesprekke eventueel in gedrang kan bring.

2.4 Hoewel die Sinode die Belydenis van Belhar as belydenis uit die hart van die VGKSA respekteer, kan ons dit nie as Belydenis wat uit die hart van die NG Kerk OVS opkom aanvaar nie. Kerkvereniging kan net op dieselfde belydenisgrondslag plaasvind, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid.

Daarom aanvaar die Sinode nie die volgende standpunte nie:

1. dat kerkvereniging wel kan plaasvind as die Belharbelydenis deur sommige deelnemende kerke as belydenis aanvaar word en deur ander kerke nie.
2. dat die Belharbelydenis net enigsins gewysig kan word om dan as belydenis vir die NG Kerk aanvaarbaar te wees.

2.5 In die lig van die huidige problematiek verbonde aan die eenheidsproses (soos die skaakmatposisie rondom die Belharbelydenis) versoek die Sinode die Algemene Sinode om ook ander vorme van eenheid in die NG Kerkfamilie (soos ‘n bond van kerke wat alle lede van die NGK-familie, binne- sowel as buitelands, insluit) as net een sinodale verband te oorweeg.

2.6 Die Sinode oordeel dat die vorming van ‘n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie met al sy besonderhede (belydenisskrifte, kerkorde, toetrede van gemeentes, ringe en sinodes, stoflike aangeleenthede en al die ander sake vervat in die besluite van die Algemene Sinode van 1994) ook deur die kerkrade goedgekeur moet word. Dit is immers die gemeentes as komplete kerke wat kerkverband vorm sodat hulle ook moet besluit oor hulle opname in ‘n nuwe kerkverband. Die Sinode versoek die Algemene Sinode om hierdie beginsel te aanvaar en onderneem om dit in elke geval in sy eie sinodale gebied toe te pas. (Kerkorde Artikels 18, 19, 20 en 26).

2.7 Die Sinode dra dit aan sy Moderamen op om, indien die situasie dit noodsaak, die nodige besluite en aksies te neem om te verseker dat sy besluite oor eenheid in die NG Kerkfamilie uitgevoer word.

2.8 Die Sinode besluit om hierdie besluite as ‘n laatstuk aan die eerskomende Algemene Sinode voor te lê.

Bylae D tot Hoofstuk 1

RIGLYNE VIR ‘N SKRIFTELIKE OOREENKOMS TUSSEN GEMEENTES, RINGE EN SINODES VAN DIE NG KERKFAMILIE

Die Moderamen en die moderature van die NG Kerk in Noord-Kaapland, die NGKA-OVS en die NGKA-Phororo het op 12 Maart 1999 riglyne vir ‘n skriftelike ooreenkoms tussen gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerkfamilie gefinaliseer. Elke Sinode is gevra om dit goed te keur:

Elke gekombineerde vergadering moet ‘n eie reglement opstel volgens eie plaaslike behoeftes.

1. Doelstelling: Om deur samewerking in sake van gemeenskaplike belang die Koninkryk van die Here Jesus uit te bou en so ook die eenheid van die Kerk sigbaar te maak.
2. Grondslag: Soos beskryf in Artikel 1 van die Kerkordes van die NG Kerk en die NGKA.
3. Werkswyse: Die vergaderings moet sinvolle deelname en gesamentlike besluitneming bevorder.
4. Die selfstandigheid van elke deelnemende kerkraad, ring of sinode moet ten opsigte van sy eie terrein gehandhaaf word. Elke kerkvergadering het ‘n eie bevoegdheid volgens sy eie aard.

   Opmerking:

   Aangesien ringsgrense van die verskillende kerkverbande nie altyd ooreenstem nie, sal gekombineerde ringsvergaderings moeilik plaasvind. Daar sal nog besin moet word hoe dit gestruktureer kan word.
5. Besluitneming geskied by wyse van konsensus en nie by wyse van ‘n meerderheidstem nie, ten opsigte van die sake wat op die terrein van die gekombineerde vergadering lê en waaroor bindende besluite geneem kan word.

6. Sake wat deur ‘n mindere vergadering afgehandel kan word, mag nie deur ‘n meerdere vergadering behandel word nie. Die terreine waarop die gekombineerde vergadering kan beweeg, moet in ‘n ooreenkoms beskryf word en kan die volgende insluit:

6.1. Die uitbreiding van die Koninkryk van Jesus Christus in gesamentlike sending- en evangelisasie-aksies.

6.2. Die uitbouing van die verband tussen verskillende kerke op gemeentelike, rings- en sinodale vlak.

6.3. Die bevordering van Christelike onderwys en onderwys in die algemeen.

6.4. Die bestryding van sosiaal-maatskaplike euwels.

6.5. Skakeling met die Owerheid op plaaslike en provinsiale vlak, oa ten opsigte van onderwys.

6.6. Onderlinge hulpverlening soos ooreengekom deur die deelnemende kerkvergaderings.

7. Besluite oor werksterreine anders as dié genoem in punte 6.1 – 6.6 moet eers deur die deelnemende kerkvergaderinge bekragtig word.

8. Die samestelling van die gekombineerde vergadering moet sodanig wees dat daar nie ‘n oorheersing sal wees van gemeentes, ringe of sinodes as gevolg van getalle nie.

9. Die kerkvergaderinge wat sitting neem op die gekombineerde vergadering moet duidelik genoem word.

10. Alle afgevaardigdes verskyn per geloofsbrief.

11. Elke gekombineerde vergadering kies sy eie ampsdraers op ‘n roterende basis en kan kommissies aanwys indien nodig.

12. Fondse

12.1. Die koste van afgevaardigdes na die vergadering word gedra deur die kerkvergadering wat hulle afgevaardig het.

12.2. Die koste van ‘n vergadering, asook van gesamentlike projekte word per besluit van die vergadering verdeel en deur die betrokke kerkrade goed- of afgekeur.

Bylae E tot Hoofstuk 1

B.16.5 KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE

Moderatuur van die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland)

Doel: Om, met die oog op die soeke na kerkeenheid, 'n reglement te skep wat die kombinasie van werksaamhede deur vergaderings en kommissies uit verskillende kerkverbande bevorder en reël.

Die Algemene Sinode besluit om 'n nuwe Reglement te skep wat soos volg lui:

1. Definisie

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

2. Praktiese en kerkregtelike riglyne

2.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

2.2 'n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

2.3 Die bestaande Reglement 9 wat handel oor Kerklike Eiendomme, Goedere en Fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

2.4 Waar die standplaas of ander pos van 'n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van Die Kerkorde in ag geneem word.

2.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep van 'n leraar en sy indiensstelling, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie ens noukeurig uitgeklaar word.

2.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergaderinge/ kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.

2.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.

2.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy verantwoordelikhede kerkvergadering.

3. Werkwyse

3.1 Die betrokke kerkvergaderinge/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur.

3.2 Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig /toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n kerkraad is dit die ring. By 'n ring of by 'n kommissie van 'n sinode, is dit die sinode/moderamen/sinodale kommissie, en by 'n sinode is dit die Algemene Sinode/Algemene Sindale Kommissie.

B.16.6 STRUKTUUR VIR EEN KERKVERBAND

Moderatuur van die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland) en Moderamen Sinode van Oos-Kaapland:

1. Omdat ons gehoorsaam wil wees aan die wil en wens van ons Here Jesus Christus dat sy kerk een sal wees en omdat ons diensbaar wil wees aan die koms van sy koninkryk in Suider-Afrika en ons hele kontinent, wil die Algemene Sinode van die **NG Kerk homself opnuut verbind tot 'n pad van samewerking en eenheid** met alle Christelike kerke.

2. Ten opsigte van die eenwordingsproses van die NG Familie spreek die Algemene Sinode, daarom, die oortuiging uit dat daar **so spoedig moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van een kerkverband vir die Familie** en verklaar die Algemene Sinode homself bereid en gereed vir so 'n proses (vgl AS, H1998, p516, pt 10.2.1).

3. Wat betref die **twee groter kwessies van belydenisgrondslag en struktuur** wat tot dusver eenwording bemoeilik het, stel die Algemene Sinode die volgende riglyne voor, in die hoop dat dit vir die ander kerke in ons familie aanvaarbaar sal wees:

3.1 Belydenisgrondslag

3.1.1 Die Algemene Sinode aanvaar dat daar voorsiening moet wees dat die Belydenis van Belhar opgeneem word in die Belydenisgrondslag van die nuwe kerk op 'n wyse wat die eenheidsproses op 'n positiewe manier sal dien (vgl AS, H1998, p 516, pt 10.3.5).

3.1.2 Dit kan waarskynlik ten beste gedoen word deur 'n meer uitgebreide Kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag van die nuwe kerk te skryf, waarin met vier konsentriese kringe gewerk word:

3.1.2.1 Die eerste kring handel oor die Bybel, die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte.

3.1.2.2 In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

3.1.2.3 In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.

3.1.2.4 Die vierde kring is van 'n ander orde as die eerste drie en wil die verenigingsproses dien. Soos by ander eenwordingsprosesse, sluit dit belydenisskrifte en ander soortgelyke dokumente in wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid.

Nota: In hierdie vierde kring word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die Bybelse basis van die geskrifte aanvaar, nie almal hulleself aanvanklik op dieselfde wyse aan die belydenisaard daarvan gebonde voel nie.

3.2 Eenheidstruktuur

3.2.1 Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike streeksinodes en gesamentlike ringe word gevolg.

3.2.2 Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.

3.2.3 Die moontlikheid word ook oopgelaat vir 'n groep gemeentes wat besondere belange deel, om 'n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings. Hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, sinodes en die algemene sinode nie.

4. Konvent

4.1 Ter wille daarvan om die verskillende kerke en hul gemeentes behoorlik voor te berei vir die stigting van die nuwe kerkverband word 'n **konvent op algemeen sinodale vlak gevorm wat die proses moet voorberei en begelei** en wat reeds uitdrukking gee aan ons voorneme tot eenwording.

Die konvent neem dus die funksie van die Gesamentlike Gesprekskommissie oor.

4.2 Die konvent behoort aandag te gee aan die volgende sake:

4.2.1 Dit moet die teologiese en kerkregtelike detail rondom eenwording uitklaar en 'n nuwe kerkorde voorberei. In die proses moet aanvaarbare formulerings rondom die kwessies van belydenisgrondslag en struktuur gevind word. Daar moet ook aandag gegee word aan gemeenregtelike vereistes van eenwording;

4.2.2 Daar moet deur streekskonvente (op streeksinodale en rings- en gemeentelike vlak) geleentheid geskep word vir mense uit die verskillende kerke om mekaar te leer ken deur saam te dink, saam te bid en saam te praat. Ons is oortuig daarvan dat die eenheidsproses moeilik gaan slaag as ons nie baie goeie aandag aan hierdie aspek gee nie;

4.2.3 Materiaal moet beskikbaar gemaak word wat gemeentes en lidmate help om gesamentlike gesprekke te voer oor veral twee sake, nl die uitdagings vir die kerk in die nuwe situasie in SA en die vraag met watter geloof en belydenis ons die uitdagings tegemoet gaan. Hierin is die herlees en gesamentlike uitleg van die nuwe kerk se belydenisse van groot belang;

4.2.4 In elke streek moet kleiner kommissies benoem word wat die gemeentes inlig oor die bedoeling van die eenwordingsproses en die voorgestelde struktuur van die nuwe kerk.

4.3 Die hoop is dat die konvent sy werk binne vier jaar kan afhandel sodat daar teen 2006 oorgegaan kan word tot die finale proses van die stigting van een kerkverband.

5. As deel van die proses word toestemming gegee aan **ringe** en **streeksinodes** wat gereed is daarvoor, **om gesamentlike vergaderings te vorm wat reeds in die interim deel vorm van meer kerkverbande**. Kerkregtelike reëlings word getref om dit moontlik te maak. (Die reëlings van die RCA in die VSA en die ooreenkoms tussen die Presbiteriaanse Kerk

en Congregational Kerk in SA oor verenigde gemeentes kan in die verband as voorbeeld en riglyn dien.)

Motivering:

Die beskrywingspunt is gebou op 'n paar uitgangspunte of oortuigings wat ons in verband met die verenigingsproses het:

1. Ons glo dat die vereniging van die familie van NG Kerke noodsaaklik is omdat die woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk.

2. Ons glo van harte dat kerkvereniging ons ook gaan help om die uitdagings wat aan die kerke in Suider-Afrika gestel gaan word, beter te verstaan en te hanteer. Kerkeenheid is nodig ter wille van 'n gesamentlike kyk op die probleme van die land, vir gesamentlike aksie, vir gesamentlike getuienis en uiteindelik vir die geloofwaardigheid van ons werk en getuienis.

3. Ons glo dat die proses van kerkvereniging ons ook die geleentheid bied om 'n getuienis te lewer oor die vergewende en vernuwende krag van die evangelie van Christus. Nadat daar vir meer as 200 jaar net een NG Kerk in SA was, het daar in 1881 'n breuk binne die kerk gekom. As die breuk herstel kan word, is dit 'n wonderlike getuienis oor die vernuwende en helende krag van die evangelie.

4. Ons is bewus van die feit dat kerkverenigingsprosesse gewoonlik komplekse en delikate prosesse is – wat daarom ook dikwels vra vir buitengewone reëlings en vir delikate hantering. Feitlik alle kerke wat deur so 'n proses gegaan het, getuig daarvan. Dit mag ons nie ontmoedig nie, maar moet ons motiveer om die proses met groot verantwoordelikheid en baie gebed aan te pak. Dit verduidelik ook waarom ons vrymoedigheid neem om meer buitengewone reëlings voor te stel tov die belydenisgrondslag (pt 3.1), die struktuurmodel (3.2) en ook die verloop van die proses (pte 4 en 5).

5. Ons is van oortuiging dat die verenigingsproses nie maar na ons kom as 'n pragmatiese reëling wat getref moet word nie, maar as 'n toets vir ons geloof in die Lewende God – die Een Vader wie se kinders ons almal is, die Gekruisigde en Opgestane Christus wat ons in sy Een Liggaam ingelyf en verenig het en die Een Lewendmakende Gees wat ons saam in sy diens wil gebruik, tot seën vir Afrika.

Bylae F tot Hoofstuk 1

KERKHERENIGING

1 INLEIDING

* Die NG Kerk is hartseer en verleë omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses werklik baie moeilik maak, weet ons dat dit nie ’n verskoning is nie.

* By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onsself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat ’n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, sal kan uitvoer. Ons huiwer om dit te sê, maar ons oordeel dat versuim in hierdie verband nie net sal beteken dat ons die Here gefaal het nie, maar ook ons Suider-Afrikaanse samelewing - en miskien veral die kinders en jongmense.

* Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir ’n ínklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe.

* Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

* Wat ons eie kerk betref, het ons ’n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir ’n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskryf, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

* Ons glo dat ons ‘n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het en sou onsself wou gee vir ’n proses waarin ons so gou as moontlik een word in ‘n “ruim huis” wat plek maak vir almal van ons - met die baie waaroor ons saamstem, maar ook dit waaroor ons verskil.

* Ons glo dat dit ironies sal wees as ons rondom ’n belydenisskrif wat juis die eenheid van die kerk bely, by ‘n punt kom waar ons die kerk maar laat skeur omdat ons nie meer glo dat die Here ons almal bymekaar kan hou en in een herenigde kerk kan saambring nie.

* Ons pleit by ons broers en susters vir ‘n spoedige hereniging in ‘n ruim en breë eenheid waarin ons mekaar aanvaar en aanneem met al ons bagasie, en ook kans kry vir ‘n groeiproses waarin ons mekaar leer ken en leer liefkry.

* Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar iewers in die middel kan ontmoet en ‘n pad saam kan begin loop. Ons gaan ook so spoedig moontlik met ons eie gemeentes in gesprek tree oor hierdie voorgestelde proses vir kerkhereniging.

* Ons hoop dat ons spoedig “iewers in die middel” een nuwe herenigde kerk kan vorm waar ons almal saam voor Christus buig en voor mekaar en as ‘n saam-kerk die pad vorentoe aanpak.

2 VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika nóú. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam 'n wesenlike taak te vervul het in ons lande.

3 'N KEUSE OM GOU WEER OP GANG TE KOM MET DIE PROSES EN SAAM TE GROEI NA GROTER EENHEID

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses sloer. Ons is oortuig dat daar genoeg gronde is waarom ons spoedig met die kerkherenigingsproses kan begin.

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en weet almal dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die formuliere van eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinodes reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

3.2 Ons is van oordeel dat hierdie sake genoeg geloofskonsensus bied sodat ons saam weer die proses op pad na een kerkverband kan begin. Ons doen 'n beroep op die ander kerke van die Familie dat ons so gou doenlik die voorbereidende proses op gang sal kry.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus wat ons steeds nader aan mekaar kan bring en ons kan laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

4 'N PAD WAT BAIE GEDULD, BEGRIP EN TEGEMOETKOMENDHEID VAN ALMAL VRA

Die geskiedenis leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit met groot geduld,

sensitiwiteit en baie gesprek hanteer.

5 DIE BELHARBELYDENIS

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998). Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe.

6 MODEL: 'N VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES

Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar.

7 GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting

van die gemeente.

8 ANDER KWESSIES WORD GEDURENDE DIE PROSES ONDERHANDEL

Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van kerkhereniging behoort te staan nie.

9 WESENLIKE ROL VAN GESAMENTLIKE GESPREK EN BESINNING OP ALLE VLAKKE

Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onsself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

10 KERKSKEURING MOET TEN ALLE KOSTE PROBEER VERMY WORD

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring na enige kant ten alle koste moet probeer vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

11 DIE BYEENBRING VAN ALLE GEREFORMEERDE KERKE

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

12 RAADPLEGING VAN GEMEENTES

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weer eens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd sensitief is en ruimte maak vir mense met huiweringe en vrae.

13 PROSES VERDER

Vir die proses van raadpleging met die sinodes en kerkrade in die NG Kerk ten opsigte van die eenheidsproses in die NG Kerkfamilie, stel die Algemene Sinode die volgende riglyne:

13.1 Die besluite van die Algemene Sinode van 2004 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerkfamilie het die *status van aanbevelings* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

13.2 Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Algemene Diensgroep Leiers (plus ander kundiges) as die lede van die Taakspan vir Kerkhereniging uitgevoer sodat die resultaat nie later nie as einde Januarie 2006 by die ADL is. Die konsultasieproses gaan oor die volgende:

13.2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2004;

13.2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikels 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n twee-derdemeerderheid van

kerkrade (in 1998 en 2002). In dié verband is die volgende van die besluite van 2004 belangrik: "*Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak".*

13.3 Na die afhandeling van hierdie konsultasieproses word die resultaat deur die taakspan verwerk en by die voortgaande gesprek in die NG Kerkfamilie betrek. Intussen is die aanbevelings van die Algemene Sinode 2004 beskikbaar vir kommentaar vanuit die hele NG Kerkfamilie en vorm dit deel van die gesprek en onderhandelings in die Familie.

13.4 Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ADL plaasgevind het.

13.5 Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die ASK in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

14 APPROBASIE BY KERKEENHEID

14.1 Kerklik gesproke is approbasie ’n oop proses wat onder toesig van die kerkverband in regverdigheid en billikheid hanteer word, of as gesprek, of as geskilbeslegting, of as appèl, of waar persone ter sprake is, ook moontlik as tug. As die approbasie oor ’n saak handel, word in die proses na konsensus gestreef, maar as deel van die oop proses sou ook ooreengekom kan word dat daar toetsing van die betrokke lidmate moet wees.

14.2 Approbasie word dwarsdeur Reglement 6 op dieselfde wyse hanteer, behalwe by 6:1 (afstigting) waar vereis word dat meer as die helfte van die lidmate ’n versoekskrif en waarborglys onderteken.

14.3 Die bewoording oor approbasie lees: “die ooreenkoms word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente(s) vir approbasie bekendgemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste afkondiging skriftelik by die skriba ingedien moet word.”

14.4 Die kerkrade maak hulle konsensusmening, of hul gedebatteerde besluit met twee-derdemeerderheid aan die gemeente op twee Sondae bekend vir approbasie. Indien die besware uitloop op ’n besluit tot toetsing van die gemeente, word dit gedoen. Uiteindelik maak die kerkraad hulle geapprobeerde besluit aan die sinode bekend.

14.5 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie eenparige-konsensus- of twee-derdemeerderheid-geapprobeerde besluit verkry.

14.6 Elke sinode moet dan met ’n twee-derdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.

14.7 Nadat elke sinode afsonderlik met ’n twee-derdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met ’n twee-derdemeerderheid aanvaar (Artikels 43 en 44).

14.8 Dat regsadvies oor hierdie aanbevelings en saak ingewin word, en tot dan toe as voorlopig beskou word.

14.9 Dat die te verkrygde regsadvies, en indien dan nog relevant ook hierdie besluit oor approbasie, ook aan die ander kerke van die NG Kerkfamilie gekommunikeer word

15 SINODEVORMING

Aangesien strukturele eenheid op algemene sinodale vlak noodwendig ’n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee.

Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op algemene sinodale vlak te bevorder.

Bylae G tot Hoofstuk 1

VERBONDSVERBINTENIS TOT HERENIGING VAN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

Die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk (die uitgebreide uitvoerende komitees) het die afgelope drie dae saam vergader om te praat oor die herenigingsproses van die Familie van NG Kerke. Dit was ‘n historiese byeenkoms – die eerste keer dat so ‘n groot groep uit die leierskap van die twee kerke saam vergader het.

Ons het by die vergadering gou bewus geraak van ‘n nuwe gees van versoening, samehorigheid en ‘n bereidheid om uit te reik na mekaar. Ons het ervaar dat ons almal nederiger is, meer bereid is om na mekaar te luister en gretig is om mekaar te help op die pad van hereniging. Ons het ook ‘n nuwe dringendheid bespeur dat ons nie langer met die saak van hereniging kan sloer nie.

Tydens die eerste sessie van die byeenkoms het die leierskap van die NG Kerk weereens om verskoning gevra vir die pyn en hartseer wat hulle die VGKSA en sy lidmate in die verlede aangedoen het. Hierdie belydenis is met groot ontroering deur die VGK leierskap aanvaar – ’n daad wat die toon vir die verdere verloop van die vergadering aangegee het. Op die laaste dag het die VGK-leierskap op hulle beurt om verskoning gevra vir die pyn wat hulle die NG Kerk aangedoen het. Die NGK-leierskap was hierdeur diep geraak en het die verskoning in nederigheid aanvaar. Hierdie gees van versoening en openheid teenoor mekaar is bevestig in ’n viering van die Nagmaal aan die einde van die vergadering.

Ons is die Here diep dankbaar vir hierdie nuwe gees onder ons. Ons weet dit kom van Hom.

Ons het aan die einde van die vergadering onsself as leiersgroep eenparig verbind om – in lyn met die wens wat ons onderskeie kerke by verskillende

geleenthede uitgespreek het – ons kerke daadwerklik te begelei in ‘n proses van eenwording. Ons beoog om die proses binne drie jaar te voltooi.

Ons gebruik die woord verbondsverbintenis met huiwering - wetende dat verbond ‘n groot woord in die Skrif is. Ons doen dit omdat ons onsself en die proses van eenwording, onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onsself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Homself in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Ons stel in die vooruitsig ‘n nuwe, organies-verenigde, gereformeerde kerk, georganiseer volgens sinodaal-presbiterale beginsels, wat missionêr leef en verbind is aan die Bybelse opdragte van liefde, versoening, geregtigheid en vrede. Ons is tegelykertyd verbind aan nie-rassigheid en inklusiwiteit en aan die aanvaarding en viering van ons multikulturele samestelling. Die verskillende tale wat in ons kerke gepraat word, sal gekoester word.

Vanuit ons gesamentlike geloof in die Drie-enige God van die Bybel wil onsself opnuut verbind aan die kontinent waar die Here ons geplaas het – Afrika, en in besonder Suider-Afrika. Ons wil ons roeping hier saam opneem en ‘n verskil probeer maak aan die lewensbedreigende probleme wat ons lande in die gesig staar. Ons verbind onsself om as deel van ons verkondiging van die evangelie ook saam te werk aan

- die bestryding van armoede
- bystand en steun aan weerloses en siekes (soos MIV en Vigslyers)
- die vestiging en uitbouing van die morele waardes van die Woord
- die bevordering van geregtigheid teenoor alle mense
- versoening wat meer is as blote toleransie van mekaar
- en aan die beëindiging van alle soorte geweld in ons samelewing.

In die gees van versoening en ondersteuning van mekaar op die weg na hereniging het die ASK van die VGKSA die oortuiging uitgespreek dat die

hantering van die Belharbelydenis nie ’n struikelblok in weg van hereniging moet wees nie. Hulle volledige besluit lui as volg: *Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belharbelydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds vir ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide die kerke sal die Belydenis van Belhar ’n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot ’n volledige aanvaarding van die belydenis. Ons sal die besluit vir volledige goedkeuring na ons volgende sinode neem.*

In hulle reaksie op die verklaring van die VGKSA het die leierskap van die NG Kerk hulle diepe waardering en dankbaarheid vir die dapper besluit uitgespreek en die VGK verseker van hulle vaste verbintenis aan die Bybelse opdragte van eenheid, geregtigheid en versoening, die drie groot temas van die Belydenis van Belhar. Die NGK se leierskap is van mening dat hierdie verklaring van die ASK van die VGK die standpunte van die twee kerke oor die Belharbelydenis feitlik in lyn met mekaar bring.

In die proses van eenwording verbind ons onsself om daadwerklik aan die volgende sake aandag en uitvoering te gee:

- Die daarstelling van eenheidsbedienings op grondvlak waar gemeentes die begeerte het en gereed is daarvoor;
- Dit moontlik maak vir gemeentes, ringe en sinodes wat gereed is daarvoor om te verenig;
- Die aanpak van gesamentlike projekte waardeur ons uitvoering gee aan ons roeping soos bo geformuleer;
- Die skep van geleenthede vir ons lidmate om mekaar beter te leer ken, mekaar se vrese en drome te hoor, mekaar se geloof en hoop te deel en ook oor ons verskille te praat en ons vooroordele te oorkom;

- Dringend aandag te gee aan die hofsake in die Vrystaat, Phororo en eldes en alles moontlik te doen om die groepe tot versoening te bring buite die hof deur middel van ‘n gestruktureerde versoeningsproses;
- Te werk aan aanvaarbare wyses waarop sake wat te doen het met die Belydenisbasis, kerkorde en administrasie van die nuwe kerk hanteer kan word;
- ‘n Behoorlike proses uit te werk waardeur gemeentes en lidmate ingelig kan word oor die eenheidsproses en al sy implikasies en die geleentheid kry om daarop te reageer.

Die leierskap verbind hulself om gereeld saam te vergader, sover moontlik saam besluite te neem en saam op te tree - as ’n konkrete uitdrukking en simbool van ons verbintenis aan mekaar en aan die eenwordingsproses.

Hierdie verbondsverbintenis het gegroei uit bilaterale ontmoetings van die leierskap van die VGKSA en die NGK. Ons begeer en bid dat die twee ander kerke van die familie van NG Kerke so gou as moontlik deel sal word van die proses. Die familie sal nie heel wees sonder hulle nie. Ons sal so gou moontlik met hulle in verbinding tree hieroor.

Ons wil ook die hoop uitspreek dat ons eenwording ‘n tree kan wees in die rigting van ‘n die vorming van ‘n groter verenigde gereformeerd-presbiteriaanse kerk in Suider-Afrika.

Namens die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die VGKSA en NGKSA

Thias Kgatla, Coenie Burger, Allan Boesak, Kobus Gerber, Collin Goeiman en Nelus Niemandt

Bylae H tot Hoofstuk 1

Achterbergh-Verklaring

Van 6-8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die Reformed Church in Africa, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die NG Kerk in Afrika en die NG Kerk by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG Kerke en hoe dit gestalte kan kry.

In opvolging van die vier kerke se moderature (dagbesture) se vergadering by Bloemfontein op 16 Augustus vanjaar het ’n breër verteenwoordiging van die kerke hulle opnuut plegtig verbind tot die herening van die NG Kerkfamilie.

Die vergadering het opnuut besef hoe belangrik eie identiteit, wat taal- en stylverskille insluit, vir elke kerk is. Die vergadering is oortuig daarvan dat die rykdom van hierdie diversiteit, in die herenigde kerkverband gekoester moet word – en konstruktief gebruik kan word tot voordeel van die kerk en gemeenskap in die Suider-Afrikaanse konteks.

Die vergadering het bepaalde kernwaardes vir die eenheidsproses geïdentifiseer. Tien taakspanne is aangewys om in die lig hiervan verskillende aspekte van die eenheids-proses uit te werk. ’n Opvolg-vergadering word vir Maart 2007 beplan.

Die vergadering is daarvan oortuig dat kerkhereniging slegs op grond van gemeenskaplike geloofsoortuigings en onderlinge vertroue en respek vir mekaar gebou kan word. Lidmate op kerkraads-, rings- en sinodale vlak word aanmoedig om mekaar te leer ken en gemeenskaplike uitdagings saam aan te pak, want die sleutel tot ’n herenigde kerkverband lê by gemeentes en hulle aanvaarding van eienaarskap van die uitdaging. Die vergadering neem ook met dank kennis van baie plekke waar dit reeds gebeur. Die viering van Pinkster volgende jaar bied ’n uitstekende geleentheid om verhoudings te versterk.

Die vergadering weet ook dat daar bepaalde vereistes en prosedures in die verskillende kerke bestaan waarvolgens hierdie eenheidsproses moet plaasvind.

Die vergadering wil deel wees van ’n proses waarin die verskillende kerke en hulle gemeentes betrokke behoort te wees.

Die vergadering is daarvan oortuig dat die hereniging-proses die pad van die Here is en dat Hy self die deurslag sal gee waar mense geen uitweg sien nie. Die onderlinge gees van eenheid en entoesiasme van die vergadering was bemoedigend en het hoop gebring.

Die vergadering erken die gesamentlike roeping van die NG Kerkfamilie in Suider-Afrika en is daaraan verbind.

Bylae I tot Hoofstuk 1

KERKHERENIGINGSPROSES NG KERKFAMILIE

Die vier sake in hierdie dokument is tydens die Achterbergh II-byeenkoms, 23-25 April 2007, hanteer deur die verteenwoordigers van die VGKSA, NG Kerk, NGKA en die RCA. Vier taakspanne, bestaande uit twee lede van elke kerk per taakspan, het 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader om die eerste voorbereidingwerk te doen. Die taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms is die sake verder bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die eerste drie sake bereik. Die verslag oor *versoening* is na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys.

1. KONFESSIONELE BASIS

Die volgende is aanvaar as die eerste punte van konsensus tussen die vier kerke:

1. Belhar moet nie ‘n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie.
2. Gesprek tussen die vier kerke word voortgesit met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van Belhar en om ‘n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van Belhar in ‘n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word.
3. In die vorming van ‘n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen.
4. Die waarde wat Belhar as ‘n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

Die volgende punte gee konsensus tussen die VGKSA en die NG Kerk weer. Die RCA en die NGKA is gewillig om dit te oorweeg nadat deelgeneem is aan die proses in pt 2 hierbo ooreengekom:

5. In ‘n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as ‘n belydenisskrif nie.
6. Die groei na ‘n volle aanvaarding van Belhar is ‘n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

2. MODEL

Konsensus is bereik tov die volgende voorlegging:

1. **As ‘n Bybelse kerk van Jesus Christus** verstaan ons dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie. In ons gereformeerde tradisie word hierdie beginsel uitgedruk in die eenheid en gemeenskap (kerkverband) met mekaar. Dit is iets wat altyd ‘n prioriteit vir plaaslike gemeentes moet wees. Ons bely dat ons mekaar nodig het om ook op plaaslike vlak ten volle kerk van God te wees en dat dit gereflekteer moet word in die model van ‘n nuwe kerkverband.
2. Soos dit ‘n gereformeerde kerk hoort, is **gemeentes** regspersone in sigself en **behou hulle verantwoordelikheid** mbt besluitneming en bediening. ‘n Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie.
3. Gemeentes sal aangemoedig word en **gehelp word om op plaaslike vlak in eenheid na mekaar te groei** en waar hulle dit so verkies selfs een struktuur te vorm. Hulle sal nie in een struktuur forseer word nie. Daar sal ‘n spesifieke en voortgaande program in die nuwe kerkverband wees om gemeentes in die verband by te staan.

4. Ons is in ooreenstemming met mekaar dat ons **een nuwe Algemene Sinode** moet vorm. Die bevoegdhede van die Algemene Sinode sal onder andere wees om besluite te neem oor moontlik die volgende sake:

   * Leerstellige sake (Dit vewys na belydenismatige en etiese sake. Die wyse waarop die Algemene Sinode met hierdie sake handel, moet deur die Algemene Sinode self besluit word)
   * Teologiese opleiding
   * Bybelvertaling
   * Liedboeke
   * Beleid aangaande (bv MIV/Vigs, ens)
   * Kerkorde
   * Ekumeniese verhoudings
   * Kerk en Staat
   * Kommunikasie en Media

   (Die spesifieke lys moet gefinaliseer word voordat na gemeentes gegaan word soos voorgestel word in pt 7).

5. Hierdie een Algemene Sinode moet deel wees van ‘n organiese model van eenheid waar werklike eenheid reflekteer word in alle strukture, dus ook op die vlak van streeksinodes, ringe en uiteraard ook gemeentes op die basis van pte 2 en 3 hierbo. Ons verstaan dat die beste regsgeldige manier om een kerkverband te vorm, is om te begin deur een nuwe Algemene Sinode deur die bestaande Algemene Sinodes te vorm. Wat dan moet volg, as ‘n noodsaaklike deel van die proses, is ‘n organiese en vrywillige proses waarin streeksinodes en ringe nuwe streekstrukture vorm op ‘n manier soos voorgestel deur die nuwe Kerkorde van die nuwe Algemene Sinode. Streeksinodes en ringe word aangemoedig om, selfs voor die nuwe Algemene Sinode konstitueer, gesprek en onderhandeling te begin oor hoe nuwe streekstrukture gevorm kan word.

6. Dit staan streeksinodes en ringe wat gereed en bereid is vry om nou reeds een sinode of ring te vorm alhoewel hulle voor die konstituering van ‘n nuwe kerkverband ook steeds aan hulle eie kerkverbande behoort. Die

bestaande bepalings in die onderskeie kerkordes word gebruik vir die vorming van hierdie eenheidstrukture.

7. Al vier die kerke begin ‘n proses om die toestemming van al die gemeentes van die kerk te verkry (op die presiese manier soos voorgeskryf in die Kerkorde van die spesifieke kerk) vir die volgende:

7.1 die vorming van ‘n nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van ‘n nuwe kerkverband;

7.2 die formulering van die belydenisgrondslag vir die nuwe kerkverband (omdat die nuwe Algemene Sinode ‘n belydenisgrondslag moet hê);

7.3 om wysiginge aan die bestaande kerkordes goed te keur wat benodig word vir die vorming van ‘n nuwe kerkverband;

7.4 om goed te keur dat, na die vorming van ‘n nuwe Algemene Sinode, daar ‘n proses volg waarin die streeksinodes en ringe betrokke raak in vrywillige prosesse wat uitdrukking gee aan die die een kerkverband op hulle onderskeie terreine;

7.5 die naam van die nuwe kerkverband;

7.6 die posisie van gemeentes mbt die bediening, eiendom, ens (vgl pte 1-3 hierbo);

7.7 dat daar ruimte behoort te wees vir assosiaat-lidmaatskap (*moet nog verder bespreek word);*

8. Die vier aktuarii van die vier Algemene Sinodes vorm ‘n taakspan om die bestaande kerkordes te evalueer en ‘n proses te begin om hulle op die korrekte wyse te wysig ten einde so ‘n proses moontlik te maak.

9. Ons is dit eens dat ons die **moontlikheid van assosiaat-lidmaatskap** verder moet bespreek. Die rede hiervoor is dat ons glo eenheid moet nie eksklusief wees nie maar so inklusief as moontlik. Hierdie is ‘n praktyk wat ook in ander gereformeerde kerke gevolg is, bv onlangs in die *Protestantse Kerk in Nederland.* Ons moet nog die detail en praktiese implikasie hiervan

navors. Hierdie kategorie wil ruimte skep vir kerke wat wil deel word van die herenigde kerk maar om verskeie redes nie gereed is om ten volle deel te wees van die nuwe kerkverband nie. Indien ons so 'n kategorie skep, sal dit vanselfsprekend met die hoop wees dat assosiaat-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid.

10. Daar is **ander kerke** wat aangedui het dat hulle **geïnteresseerd is in ons eenwordingsproses.** Ons beveel aan dat die Interimkomitee hulle ontmoet en hulle op die hoogte bring waar ons op die oomblik in ons proses is.

Vir verdere bespreking:

11. Daar is lede wat aangedui het dat hulle dit van hulp sou vind indien daar in die model van die herenigde kerk ruimte gemaak sou kon word dat hulle sommige van hulle huidige strukture kan behou terwyl hulle ook ten volle deel is van alle nuwe strukture. Ons wil verdere gesprek met kerke of sinodes hê wat baie sterk voel tov hierdie behoefte. Soos hierbo gestel, wil ons hê dat eenheid so inklusief as moontlik sal wees. Ons wil daarom werklike behoeftes tegemoet kom maar vanselfsprekend nie op so 'n manier dat dit die eenheid in gevaar stel of verdelings van die verlede voortsit nie.

12. Duidelikheid moet verkry word oor hoe die sake wat in pte 5, 6 en 7.4 behandel is in die praktyk sal werk.

3. GESAMENTLIKE PROJEKTE

Konsensus is bereik ten opsigte van die volgende:

Eerste Verslag:

1. Die volgende beginsels/waardes wat moontlike gesamentlike projekte rig, is deur die werkgroep aanvaar en dien as aanbevelings :

1.1 Kerkhereniging is 'n **PROSES!**

1.2 Dit neem tyd – laat ons geduldig wees.

1.3 Ons werk beide van "onder na bo " en "bo na onder".

1.4 Gebed is die bousteen regdeur die proses.

1.5 Alle take moet ook die plaaslike gemeentes bevoordeel.

2. Die volgende konkrete aksiestappe dien as aanbevelings:

2.1 Die totstandkoming van ‘n Sekretariaat wat vanaf ‘n sentrale kantoor funksioneer en die vier kerke verteenwoordig.

Om enigsins iets substansieel van die grond te kry, word kapasiteit benodig. Die oprigting van die bogenoemde kantoor is dus van die uiterste belang. Agv groot verskille in ekonomiese kapasiteit kan sommige vennote dalk nie in staat wees om finansieel by te dra soos ander nie. Ons erken dat die verskillende vennote verskillende bydraes tot die proses lewer. Die werksgroep voel baie sterk oor dié punt en moedig die Interimkomitee aan om voort te gaan met die implementering van hierdie voorstel as ‘n saak van groot dringendheid.

Dit moet duidelik verstaan word dat ons nie vir ‘n aparte kantoor vra nie, maar vir ‘n enkele kantoor wat die verskillende aktiwiteite van die kerk se herenigingsproses kan hanteer, insluitende dié van die Interimkomitee.

2.2 Oprigting van gesentraliseerde, effektiewe kommunikasiekanale

Daar is ‘n behoefte aan ‘n massiewe befondsde kommunikasiestrategie wat op kreatiewe wyse die herenigingsproses sal verduidelik aan die wyer kerk en selfs die publiek. Een van die belangrikste take van so ‘n sekretariaat sal wees om gesinkroniseerde en duidelike kommunikasie rakende elke aspek van die kerkherenigingsproses van ‘n sentrale kantoor te laat vloei tot by die kleinste gemeente op die mees landelike gedeelte van die platteland en na elke gemeente van die vier verskillende kerke.

2.3 Die totstandkoming van nuwe loodsgemeentes wat ons diversiteit reflekteer

Dit is die droom van die werkgroep dat ten minste tien klein loodsgemeentes (geloofsgemeenskappe) gevestig word in tien verskillende streke van die land. Hierdie geloofsgemeenskappe moet ons intensies modelleer vir ‘n werklik nie-rassige kerk van die toekoms.

2.4 Die totstandkoming van gespreksgroepe, waar lede van die kerke kan ontmoet en mekaar leer ken

Die werksgroep verstaan ten volle dat nie al die lidmate van die verskillende kerke gereed is vir so ‘n uitdaging nie en stel dus voor dat ‘n aantal gespreksgroepe tot stand kom, ook in die tien verskillende streke van die land. Die idee is dat gespreksgroepe ‘n veilige ruimte skep, waar lidmate van die kerke kan ontmoet en mekaar leer ken en ook geleenthede kan skep waar ons ander se geskiedenis en agtergrond kan aanhoor.

2.5 Die publikasie van gemeenskaplike liturgiese materiaal, insluitende ‘n gemeenskaplike liederebundel

Ons glo opreg dat baie mure afgebreek word as ons saam sing en saam bid. Ons versoek dus die verskillende kommissies van die verskillende kerke om by die vroegste moontlike geleentheid bymekaar te kom om aan hierdie materiaal te werk.

2.6 Die totstandkoming van ‘n gesamentlike werkgroep wat kan nadink oor sosiale en ekonomiese sake (bv Die Accra-Verklaring)

2.7 Die totstandkoming van ‘n werkgroep wat besin oor die teologiese begronding vir kerkhereniging, insluitend fundamentele gesprekke oor geregtigheid en versoening

2.8 Die totstandkoming van gesamentlike streeksinodes

Die werkgroep verstaan ten volle dat die proses van kerkhereniging op verskillende vlakke en verskillende stadiums van vordering in die verskillende streke van die land is. Die vraag ontstaan hoe ons die momentum behou in gedeeltes waar streeksinodes gereed is vir kerkhereniging sonder om die proses in die res van die land te benadeel. Die werkgroep vra dus die werkgroep wat nadink oor modelle om riglyne te formuleer oor hoe sulke sinodes in die interimperiode kan herenig. Dit is belangrik om dit so te doen om te verseker dat moontlike samesmeltings in goeie orde en op gekoördineerde wyse plaasvind.

In die tussentyd vra ons ook sinodes om die opsies te ondersoek om werkgroepe te herenig en kommissies (bv Diens- en Getuienis, Teologiese Opleiding, KGA) waar moontlik gesamentlike sinodale werk te laat doen.

Finale Verslag:

1. Die groep herbevestig die eerste verslag (soos genotuleer op 24 April 2007) maar voeg onderstaande by tot die verslag.

2. Die groep bevestig die noodsaaklikheid vir kapasiteit op algemene sinodale vlak om aktiwiteite te sinkroniseer en te fasiliteer, maar is ook oortuig dat daar ‘n aantal aksies is wat op ‘n **gedesentraliseerde wyse deur die streeksinodes** hanteer moet word. Dit moet so ver as moontlik gedoen word. Streke, agv kontekstuele verskille, sal sommige praktiese sake verskillend hanteer. Dit is ook belangrik om voortdurend in gedagte te hou dat hierdie proses ‘n internasionale proses is wat ander buurstate betrek.

3. Ons vra die Interimkomitee om so gou moontlik ondersoek in te stel na die verkryging **van vertalingstoerusting**.

4. Die groep bevestig die geleentheid wat die totstandkoming **van loodsgemeentes** kan bied, maar vra dat :

4.1 Dit gedoen word in oorleg met die model-werkgroep.

4.2 Die verskillende streeksinodes ook gekonsulteer moet word in die proses.

5. Die verskillende sinodes moet so spoedig moontlik gekonsulteer word rakende die moontlike **hereniging van sommige streeksinodes** aangesien alle streke nie by dieselfde vorderingspunt in die proses is nie.

6. Die totstandkoming van ‘n **werksgroep om te werk aan ‘n teologiese basis vir die hele voortgaande proses**. Dit sal ‘n studie van Bybelse metafore vir hereniging insluit. Ook belangrik is dat daar duidelikheid verkry word oor ‘n *holistiese (praktiese) ekklesiologie* vir ‘n nuwe kerk. Dit moet leerstellig suiwer en kontekstueel relevant wees. Deel van die visie en missie van ‘n nuwe verenigde kerk moet wees om, as ‘n verenigde geloofsgemeenskap, ‘n positiewe impak op die samelewing as ‘n geheel te maak.

7. Al die bogenoemde het implikasies vir kerkleierskap en bedieninge. Ons voel dus dat dit belangrik is om **lede van ons teologiese fakulteite in die**

proses te betrek om te verseker dat hulle in die opleiding van nuwe leiers sensitief sal wees vir bogenoemde uitdagings en behoeftes.

8. Die totstandkoming van ‘n **onafhanklike trustfonds** om bogenoemde te finansier moet daargestel word deur die Interimkomitee en die sekretariaat.

9. Laastens stel ons voor dat al die deelnemende sinodes verseker dat hul **Kerkorde** aangepas word om die bogenoemde voorstelle te fasiliteer.

In ‘n ideëberaad het die volgende gedagtes na vore gekom:

* Jeug: informele byeenkomste van verskillende kerke, oorslaap, ens.
* Preekwerkgroepe op ringsvlak
* *Saam gee ons om* en forums (Noordelike Konvent)
* Gekombineerde aanddienste
* Gesamentlike bedieninge: weeskinders, MIV/Vigs
* Multikulturele gemeentes
* Gesamentlike projekte: optogte, geweld
* Forum vir werkloosheid
* Vaardigheidsontwikkeling
* Bemagtig vroue om vorentoe te beweeg
* Ons benodig natuurlike, spontane prosesse – doen praktiese dinge saam: kampe met die jeug, vroue-aksies
* Uitreikforums
* Gebedsbyeenkomste
* Waarheid en liefde moet seëvier in gesamentlike projekte
* Naburige gemeentes kan mekaar help– deelname kan ongelyk wees- versteekte griewe kan na oppervlak gebring word – werk aan ons gesindhede
* Gesamentlike kerkraadsvergaderings
* Wonderlike dinge gebeur op grondvlak – vragmotorbediening in Harrismith, ook aan prostitute
* Leer mekaar ken – begin met een projek en kyk wat gebeur!
* Leef ons eenheid – dit is ‘n voertuig tot groter eenheid!
* Gesamentlike fondsinsamelings (basaar)

4. VERSOENING

Die volgende verslag is voorgelê en na die Interimkomitee verwys:

1. Die aangehegte dokument oor 'n voorgestelde versoeningsproses is hersien om onlangse ontwikkelings in die herenigingsproses en nuwe insigte oor hoe om die sittings te verbeter en die koste te verminder te weerspieël. Die nuwe weergawe word aangeheg vir goedkeuring deur die vergadering.
2. Die proses sal afskop met 'n korttermyn-loodsprojek om die geloofwaardigheid van die versoeningskommissie te bepaal en die formaat van die kommissie se handelinge te verfyn.
3. Die kommissie sal prioriteit verleen aan plekke waar hofgedinge oor eiendom ingestel is.
4. Die kommissie kan 'n navorser (of 'n span) kontrakteer om 'n gesamentlike geskiedenis oor die vervreemding tussen die kerke te skryf (die groter prentjie).
5. Die kommissie kan ook 'n konsultant(e) kontrakteer om met die proses behulpsaam te wees.
6. Al vier kerke van die NG Kerkfamilie sal by die versoeningsproses betrokke wees, maar primêr die NGK, NGKA en VGKSA.
7. Al drie kerkrade op ‘n plek sal voorleggings maak aan die versoeningskommissie, wat hulle in staat sal stel om na maniere vir versoening in daardie plaaslike konteks te soek.
8. Die doel van die kommissie is om 'n mediërende rol te speel, magstryde te ontlont en om te poog om 'n verdere spanningsopbou te voorkom.
9. Korttermyndoelwitte: (a) Om 'n responsspan daar te stel (moderators van al vier kerke, met secundi) om brandpunte te besoek indien nodig; (b) Om goedkeuring vir die proses van al vier kerke te verkry.
10. Mediumtermyndoelwit: om die loodsprojek teen September 2007 te voltooi.
11. Langtermyndoelwitte: (a) Om sittings op alle plekke te voltooi waar daar spanning is tussen die VGKSA, NGK en die NGKA; (b) Om 'n omvattende

verslag oor die proses teen die einde van 2008 (met 'n verlengingstydperk indien nodig) te produseer.

12. Die Gesamentlike Herenigingskommissie (Achterberg) sal verantwoordelikheid neem vir die werk van die kommissie en sy uitvoerende komitee sal gereelde verslae van die kommissie ontvang.

13. Die voortgaande versoeningsproses moet breed genoeg wees om 'n gesamentlike benadering tot kwessies soos grondhervorming, misdaad, armoede en sosio-ekonomiese geregtigheid te bevorder.

14 Met spesiale verwysing na die kwessie wat met die eiendomme in die Vrystaat en Phororo verband hou:

14.1 Die NG Kerk in Afrika sal 'n dokument opstel gerig aan die VGKSA oor die kwessie van waarheid en geregtigheid. Dit sal ook aan die ander twee kerke beskikbaar gestel word.

14.2 'n Respons uit hierdie dokument sal tot mediasie aanleiding gee sodat die huidige konflik oor eiendomme bygelê kan word op 'n regverdige manier.

14.3 Die proses van eenheid en versoening, asook waarheid en geregtigheid moet gelyklopend wees met die oorhoofse herenigingsproses.

15. 'n Beroep word op elke lid van die familie gedoen om 'n vennoot te word op die pad van hereniging.

VOORGESTELDE VERSOENINGSPROSES VIR DIE NG KERKFAMILIE

Status: Dit is 'n konsensusdokument, waarop op 1 Februarie 2007 by 'n vergadering op Achterberg ooreengekom is deur die versoeningstaakspan van die NG Kerkfamilie. 'n Vroeëre weergawe van hierdie dokument is in Junie 2006 deur die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA goedgekeur, in uitvoering van 'n besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA in September 2005. Dit word nou aan die gesamentlike sessie van die herenigingsproses van die NG Kerkfamilie voorgelê vir aanvaarding en implementering.

1. INLEIDING

Die bedoeling van hierdie voorstel is om deur 'n narratiewe proses 'n proses van stapel te stuur wat gerig is op die versoening tussen vervreemde lidmate, gemeentes of ander liggame van die NG Kerkfamilie. Wanneer mense wat vervreem geraak het hulle stories vir mekaar vertel, word ruimte geskep vir versoening om plaas te vind, met as voorwaarde dat hulle mekaar nader:

- met wedersydse respek
- in eerlikheid en weerloosheid
- as gelykes, gelyk gemaak deur die genade van God
- met 'n gedeelde Christelike verbondenheid tot eenheid
- met die ferm begeerte om versoening te bereik, nie om punte te verdien of argumente te wen nie

2. BEGINPUNTE VAN DIE PROSES

2.1 Doel

Die beoogde uitkomste is om 'n versoeningsproses in alle areas binne die NG Kerkfamilie te koester. 'n Spesifieke fokus is al die dispute wat ontstaan het tussen die NGKA en VGKSA primêr in die Vrystaat en Phororo en die persepsies

van moontlike NGK-betrokkenheid. Aangesien die vervreemding in die Vrystaat en Phororo so kompleks is, is dit belangrik om nie onrealistiese verwagtinge van hierdie versoeningsproses te koester nie. Daar is egter 'n vaste geloof dat die versoenende krag van die verrese Christus aan die werk is onder ons en dat konflik opgelos kan word deur eerlike en nederige ontmoeting, onder leiding van die Heilige Gees. Indien die NG Kerkfamilie dit nie glo nie, verloor ons – en die evangelie self – geloofwaardigheid. Ons skuld aan Suid-Afrika 'n voorbeeld van die krag van die evangelie in die vind van 'n weg om versoen en verenig te raak.

2.2 Bybelse basis

Hierdie proses gaan uit van die teologiese verstaan van die kerk as een Liggaam van Christus, wat bestaan uit verskillende lede maar verenig is in 'n gemeenskaplike doel en 'n etos van respekvolle samewerking, waarin die swakker dele van die liggaam groter eer en aandag ontvang (1 Kor 12:24). Houdings van minderwaardigheid en onttrekking (1 Kor 12:14ff) of meerderwaardigheid en disrespek (1 Kor 12:21ff) verloën die ware aard van die Liggaam. Hierdie kern Bybelse beeld vir die lewe van die kerk, waarin die dimensies van eenheid, gelykheid, diversiteit en geregtigheid geïntegreer is, verskaf die basis vir die proses wat hier voorgestel word.

Die apostel Paulus het die lidmate van die gemeente van Korinthe berispe wat mekaar na die openbare howe geneem het, deur daarop te wys dat God aan Christene ("die heiliges") die gesag en verantwoordelikheid gegee het om die wêreld (1 Kor 6:2) en selfs die engele (1 Kor 6:3) te oordeel, maar hulle was oënskynlik nie in staat om die (redelike klein) konflikte in eie geledere op te los nie. Deur ons dispute oor te gee aan regsprosesse waarin die logika van die evangelie dikwels nie geld nie, erken ons dat ons misluk het (kyk 1 Kor 6:7) en maak ons die evangelie kragteloos.

In Johannes 17 het Jesus *gebid* vir die eenheid van sy dissipels. In vv. 9-19 het Jesus gebid dat die Vader hulle moet beskerm van die Bose (v.11, 12, 15), aan hulle moet blydskap gee (v.13), dat hulle aan Hom toegewy moet wees deur die waarheid (v.17), hulle een moet maak (v.11, 21, 22), hulle met Hom

moet wees in heerlikheid (v.24), en die liefde wat aan Hom bewys is ook in hulle kan wees (v.26). Wanneer hierdie seëninge 'n werklikheid word in die lewens van die dissipels, sal hulle 'n invloed hê op die gemeenskap waarin hulle leef, omdat God 'n God is wat mense uitstuur (v.8, 18, 23, 25), wat graag wil hê dat mense tot geloof sal kom deur die getuienis (in woord en daad) van Jesus se dissipels (v.20, 21, 23). Die verkryging van eenheid en versoening onder Christene is daarom 'n onontbeerlike dimensie van die kerk se getuienis in die gemeenskap. Voortdurende verdeeldheid is dus afbrekend vir die getuienis van die kerk. Ons in die NG Kerkfamilie moet onsself verbind tot aanhoudende gebed vir eenheid en versoening om hierdie visie te laat realiseer. Ps 127:1-2 herinner ons daaraan dat dit God is wat die kerk bou en dat ons mees intense boupogings tevergeefs is tensy hulle deel vorm van God se werk op aarde en in ooreenstemming is met God se agenda van genade (v.2).

In die Bybel word versoening primêr gesien as God se werk wat voortvloei uit God se liefde vir die wêreld. In Christus het God die inisiatief geneem en aan ons gewys hoe vervreemding oorkom kan word deur lyding en opofferende liefde (2 Kor 5:16-21). God betrek ons en sluit ons in in die missie van versoening, en maak 'n appèl deur ons op almal wat wil luister. Versoening beteken daarom dat ons verantwoordelikheid neem deur gewilliglik deel te word van God se versoenende werk op aarde. Dit behels die herstel van verhoudings, en om nie langer ander te bejeën "volgens 'n menslike maatstaf" nie (2 Kor 5:16), maar om hulle te aanvaar as broeders en susters, as volwaardige lede van die huisgesin van God en mede-erfgename van die belofte van redding, nie langer as vreemdelinge of bywoners (Ef 2:19) nie. Sulke herstelde verhoudings word *shalom* in die Ou Testament genoem, wat harmonie, heelheid en geregtigheid vir almal beteken. Versoening sluit daarom die herstel van die verhouding tussen mense en God, tussen elke mens en sy/haar self, tussen mense en tussen mense en die natuur in.

Sonder die waarheid en geregtigheid is versoening nie moontlik nie. Dit kan slegs in 'n gees van nederigheid bereik word, wanneer ons nie ander blameer nie, maar die waarheid aan hulle in liefde bring (Ef 4:15). Tensy ons

mekaar nader as "bedelaars", met leë hande, sal ons nie uit God se genade optree nie, maar bloot kom om met almal af te reken en 'n argument (of 'n hofsaak) te wen. Indien ons na mekaar toe kom uit 'n magsposisie en op ander neersien, vernietig ons die moontlikheid van versoening. God se genade stel ons almal gelyk aan die voet van die kruis om saam verhoog te word deur die Gees van God tot 'n lewe van gedeelde gehoorsaamheid en vreugde.

Ons kry in die Bybel ten minste drie direkte versoeningsrolle wat ons van tyd tot tyd moet vervul, afhangende van die situasie waarin ons onsself bevind. Daar is eerstens die *Saggeus*-opsie, wat verwys na die rol van 'n bewerker van ongeregtigheid of onregverdigheid wat sy of haar oortredings bely, daarvoor verskoning aanteken en konkrete stappe neem om restitusie uit te oefen teenoor dié wat hy of sy benadeel het (Lk 19:1-10). Daar is ook die *Ananias*-opsie, die pynlike reis van die (potensiële) slagoffer om vergiffenis en heling te bied aan 'n oortreder wat haar/hom of sy/haar geliefdes te na gekom het (Hand 9:10-19). Derdens is daar die *Barnabas*-opsie, waar 'n derde persoon wat nie betrokke is in die vervreemding tussen twee ander mense nie, die inisiatief neem en hulle saam bring (Hand 9:26-30).

Dit is duidelik dat versoening geensins eenvoudig is of ‘n kitsoplossing het nie. Soos ons uit Matt 18:15-20 sien, kan dit lank neem om harmonie in 'n gemeenskap te herstel. Versoening is 'n lang reis (Luk 24:13-35), waarin dit vir ons belangrik is om: (a) Ons verhale van teleurstelling en verlies, woede en frustrasie te deel; (b) Ons aan die lewende Christus en sy woord bloot te stel; (c) Saam te eet (of ander rituele te beoefen) voor die aangesig van die Here.

Hierdie poging om versoening tussen ons drie kerke te bewerkstellig is gebaseer op 'n gesamentlike aanvaarding dat dit 'n skande is, en 'n verloëning van Christus om voort te gaan met ons kerke wat verdeel is, veral wanneer ons mekaar begin hof toe neem oor eiendomme. Dit is 'n simptoom van hoe wêrelds ons is (Grieks: *sarkikos*) (1 Kor 3:3): betrokke by “jaloesie en twis”; en hoe ons aan hierdie sondige wêreld (Rom 12:1-2) met sy besitlike verstaan van eiendomeienaarskap gelyk geword het. Ons bly in gebreke om op te tree as

getroue rentmeesters (*oikonomoi*: opsieners en bestuurders) van *God se eiendom*, wat God bloot aan ons *toevertrou* het. Ons loop die risiko om beheer te word deur gierigheid en selfsugtigheid, sodat ons God nie verheerlik of goeie nuus bring aan die samelewing rondom ons nie. Ons sout het sy smaak verloor (Matt 5:13), omdat ons nie in staat is om ons verskille by te lê in die naam van Jesus nie en God se hulpbronne (soos grond en geboue) met medelidmate van die een Liggaam van Christus te deel nie.

2.3 Historiese faktore

Die proses van versoening binne die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie het te kampe met die gevolge van ons Suid-Afrikaanse ekonomiese en politieke geskiedenis. Niemand kan ontken dat die veranderende politieke omstandighede oor die afgelope 150 – 350 jaar die NG Kerkfamilie op 'n fundamentele wyse beïnvloed het nie. In werklikheid was die NG Kerkfamilie sleutelrolspelers in daardie geskiedenis, soms aan teenoorgestelde kante van die poltitieke skeidslyn. Dit het natuurlik groot skade veroorsaak aan verhoudings en magsverskille ingebed regoor die NG Kerkfamilie. Verdeling, wantroue en manipulasie het wyd voorgekom. In die onlangse verlede het baie ten goede verander, maar daar bestaan steeds spanning, veral rakende kwessies van armoede, gemeenskapsfasiliteite, misdaad, plekname en taal.

Die totstandkoming van die VGKSA in 1994 het daartoe gelei dat die verdeling in die NG Kerkfamilie gedeeltelik oorkom kon word, maar het ook die onbedoelde gevolg gehad dat 'n nuwe verdeling veroorsaak is. Die aanvaarding van die Belharbelydenis en die prosedures wat gevolg is in die vereniging van die NGKA en NGSK het veroorsaak dat sommige gemeentes in die Vrystaat en Phororo onttrek het van die VGKSA ten einde die NGKA te laat voortbestaan. Dit het wydverspreide spanning oor kerkeiendom veroorsaak en aanleiding gegee tot verskeie hofsake. Die periode 1994-2006 kan beskou word as een van groterwordende vervreemding, met opvolgende golwe van pyn, woede en gekrenktheid wat oor die NG Kerkfamilie gespoel het. Die Konvent-vergaderings van die streeksinodes in die Kaap en Suid-/Noord-Transvaal het tydelik positiewe

momentum vir eenheid in daardie streke teweeg gebring, maar die skadu van die spanning in Vrystaat en Phororo het voortdurend oor hierdie prosesse bly val. Dit is nou vir almal wat betrokke is duidelik dat 'n bevredigende oplossing van hierdie eiendomsdispute en 'n versagtende houding van alle kante wat by die konflik betrokke is, 'n voorvereiste is vir die hereniging van die NG Kerkfamilie. Versoening is 'n voorvereiste vir – en 'n essensiële dimensie van – hereniging.

Mense in arm en landelike gemeenskappe heg dikwels groot waarde aan grond as gevolg van die feit dat hulle mank gaan aan so baie ander vorme van sekuriteit in die lewe. Dit is verstaanbaar dat die kerkgebou en pastorie van 'n arm gemeente sleutelsimbole is van sy identiteit, wat vir mense pynlik is om te verloor, en waarvoor hulle bykans enigiets sal doen om te behou indien hulle gevaar loop om dit te verloor. Hierdie verknogtheid aan kerkeiendom is dus nie in wese sleg nie, maar dit kan te ver gevoer word.

Ons neem dit verseker te ver wanneer ons groot bedrae van die swaarverdiende tiendes en offers van God se mense neem om prokureurs en advokate te betaal en in die proses die kosbare hulpbronne vermors wat mense van ons kerk gegee het om God se koninkrykswerk te laat voortgaan in die gemeenskappe. Dit kan as "steel" beskou word om fondse weg te neem van die dringende projekte van evangelisasie, MIV/Vigs-voorkoming, armoedeverligting, werkskepping, ensovoorts wat ons aan ons lydende gemeenskappe skuld. Dit is nie net 'n fout nie; dit is 'n totale ongehoorsame en onverantwoordelike gebruik van God se hulpbronne. Paulus se streng woorde in Gal 5:15 is op ons van toepassing: *"Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemaal verslind nie."*

2.4 Slot

Hierdie proses het dus die volgende vertrekpunte:

a) Ons doen die naam van God oneer aan deur ons verdeeldheid en ons geveg oor eiendomme, veral as ons hierdie geveg na die howe toe neem.

b) Ons misluk as God se beelddraers – toesighouers, opsieners en bestuurders van God se eiendom – as ons nie daarin slaag om ons konflik in terme van die evangelie op te los nie.

c) Elk van ons drie kerke het op die een of ander wyse bygedra tot die verdeling en die hofsake; hierdie proses gaan nie daaroor dat een of twee onskuldige kerk(e) die ander kerk(e) skuldig bewys nie; ons kom almal in nederigheid en berou om saam na 'n nuwe begin te soek voor die aangesig van God.

d) Daar is 'n beter manier om konflik onder Christene op te los en dit is die weg van die liefde (1 Kor 12:31). Liefde laat ons die waarheid praat met mekaar (Ef 4:15), om versoening na te jaag as 'n essensiële deel van ons aanbidding van God (Matt 5:23-24), en om opreg vir mekaar in woord en daad om te gee (1 Joh 3:18).

e) Hierdie proses is 'n oproep tot die bekering van ons drie kerke: Weg van die pad van konfrontasie en negatiwiteit wat ons begin loop het; terug na die pad van liefde en eenheid, vergiffenis en versoening, medelye en geregtigheid, wat die Here van die kerk vir ons in die Bybel uiteengesit het:

* *dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;*

* *dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring.*

(Soos in die Belharbelydenis geformuleer).

3. DIE VERSOENINGSPROSES

3.1 "Neem eienaarskap" van die proses

Dit is van kardinale belang dat die hele NG Kerkfamilie gesamentlike verantwoordelikheid neem vir hierdie versoeningsproses. Vir die proses om te slaag, moet die Algemene Sinodale Kommissies van al vier kerke, asook die streeksinodes van die Vrystaat en Phororo/Noord-Kaap van die NGK, NGKA en VGKSA hierdie dokument onderskryf. Die direkte toesig oor en verantwoordelikheid vir die proses sal in die hande wees van die “Achterberg”–Gesamentlike Herenigingskomitee (GHK).

Die vier deelnemende kerke sal 'n ooreenkoms onderteken (op elke nuwe stadium of "vlak" van die proses), deur hulself plegtig te verbind tot die proses as 'n geloofshandeling, in gehoorsaamheid aan die God van die kerk. Die bewoording van hierdie verbintenis (gesamentlike verbondsverbintenis) moet die teologiese insigte wat in hierdie dokument ontwikkel is, weerspieël (2.1 hierbo) . Hierdie verbintenis sal gemaak word deur elke Algemene Sinode, streeksinode en deelnemende plaaslike gemeente. Dit sal 'n onderneming bevat deur elke kerk om alle hofsake op te skort, ten minste vir die duur van die kommissie se werksaamhede, sodat die drie partye werklik "aan vrede 'n kans kan gee".

3.2 Geskiedenis van die vervreemding

Die gebeure rondom die vervreemding wat in elke plaaslike situasie ontvou het, is grondiglik beïnvloed deur die grotere gebeure rondom die totstandkoming van dieVGKSA in 1994. Die taakspan beskou dit as essensieel dat die hele storie van die verenigingsproses tussen die NGSK en NGKA, gevolg deur die latere onttrekking van sommige gemeente om die NGKA weer in te stel, neergeskryf moet word as een van die eerste stappe in die versoeningsproses. Hierdie verslag sal elke plaaslike proses help deur vooraf die "groter prentjie" te skilder, sodat al daardie detail nie herhaal hoef te word in elke gebied nie, maar aanvaar kan word as bekend aan almal.

Ten einde aanvaarbaar te wees vir alle partye, moet so 'n historiese relaas waarskynlik geskryf word deur 'n span outeurs wat verteenwoordigend is van alle standpunte oor die gebeure. Indien dit deur een persoon geskryf word, sal dit bespreek en geredigeer moet word deur 'n span wat die NGK, NGKA en VGKSA

verteenwoordig, sodat almal van hulle daarmee kan identifiseer. Die GHK sal die persoon/persone wat hiervoor verantwoordelikheid neem, aanstel of kontrakteer.

4. DIE PROSEDURES BY DIE SITTINGS

4.1 Samestelling van die kommissie

Die taakspan stel voor dat die kommissie moet bestaan uit sewe (7) persone: (a) 'n Voorsitter wat 'n gerespekteerde versoenende figuur van 'n ander kerk is; (b) Twee lede wat deur elk van die deelnemende kerke genomineer is (moontlik afgetrede leraars), wat gerespekteer word as versoenende figure. Geen kerklidmaat wat 'n voorlegging aan die kommissie wil maak mag op die kommissie dien nie. Die voorsitter moet vir al drie kerke aanvaarbaar wees.

Dit kan nuttig wees om 'n groep waarnemers te betrek wat genooi is uit die ekumeniese vennote van die drie kerke, om die proses mee te maak in 'n adviserende en ondersteunende hoedanigheid. Hulle moet ook vir al drie kerke aanvaarbaar wees ten einde hulle geloofwaardigheid te verseker en hulle bydrae tot die proses uit te bou.

4.2 Loodsprojek

Om die geloofwaardigheid van die kommissie te toets en die formaat van die sittings en verslagdoening te bepaal, sal die kommissie eers 'n "loodsprojek" vir 'n maand lank bedryf. Dit sal 'n eerste groep van vier of vyf dorpe omvat, waar die narratiewe versoeningsproses getoets en verfyn word. Na hierdie loodsprojek sal die kommissie 'n interimverslag aan die GHK voorlê vir evaluasie en daaropvolgende verslag aan die uitvoerende komitees van die vier Algemene Sinodes. Die verslag sal aanbevelings oor die weg vorentoe bevat. Indien die evaluasie positief is, sal die proses na ander gebiede uitgebrei word. Indien die kommissie enige veranderinge tot sy samestelling of funksionering voorstel, sal dit deur die GHK bespreek en aanvaar word. Indien die kommissie van mening is dat die proses nie werk nie, moet dit aan die GHK voorstel dat die projek beëindig word.

4.3 Die voortgaande projek

Indien die loodsprojek suksesvol is, sal die kommissie met sy werk voortgaan deur een gebied op 'n slag te besoek en, ideaal geproke, die "sitting" in daardie area binne twee of drie dae ('n maksimum van een week) te voltooi. Die plaaslike kerkrade van die NGK, NGKA en VGKSA sal twee weke voor die sitting elk 'n geskrewe voorlegging maak aan die kommissie (met al die nodige dokumentasie soos briewe en kerkraadsnotules om sy siening te motiveer) waarin elke kerk "sy kant van die storie" verduidelik: wat gebeur het, wanneer dit gebeur het, waarom dit gebeur het, in wie se naam die kerkeiendomme geregistreer is, hoe die partye op die optrede van die ander partye gereageer het, ensovoorts. Gevoelens van woede, pyn en teleurstelling sal almal in hierdie voorleggings uitgedruk word, maar van kerkrade word ook verwag om konstruktiewe voorstelle te maak oor hoe versoening bereik kan word.

Nadat al die voorleggings aangehoor is, sal daar 'n geleentheid wees vir die kommissielede (en deelnemers) om vrae te vra aan die ander deelnemers ten einde duidelikheid te kry indien enige onduidelikheid nog bestaan. Die kommissie behoort ook verskille van opinie of interpretasie te identifiseer. Die kommissie sal geen spreker toelaat om 'n ander deelnemer aan te val of te beledig nie (duidelike "grondreëls" vir interaksie sal deur die kommissie opgestel word), maar dit sal aan die deelnemers die geleentheid gee om in interaksie met ander deelnemers te gaan deur vrae te vra of standpunte te bevraagteken, ten einde die kommissie te help om die ware "feite" van die situasie te bepaal.

Die kommissie sal die reg hê om spesifieke persone uit te nooi om hulle stories te vertel, indien die kommissie van mening is dat die bydrae van hierdie persone meer lig op sekere vrae kan werp. Mense wat hulle stories vertel sal nie onder eed "getuig" nie, aangesien die kommissie geen statutêre of regsfunksie het nie, maar elke deelnemer sal gevra word om 'n plegtige verklaring in die naam van die Drie-enige God af te lê om die waarheid in liefde te praat.

4.4 Komissieverslae

Na elke sitting sal die kommissie uit die openbaar onttrek om 'n interimverslag te

skryf. In hierdie verslag sal die kommissie drie dinge doen: (a) 'n Gedetailleerde storie vertel van wat gebeur het, wat saamgestel is uit die drie geskrewe voorleggings en die interaksies gedurende die sitting; (b) Die faktore identifiseer en analiseer wat die verdeling en konflik veroorsaak het; (c) Konkrete voorstelle maak oor die pad na versoening in daardie spesifieke stad/dorp.

Een keer per maand sal die kommissie 'n gekonsolideerde verslag aan die uitvoerende komitee van die GHK bied oor die sittings van die gebiede wat dit besoek het. Indien enige dringende optrede in 'n plaaslike situasie deur die kommissie voorgestel word, word dit aan die plaaslike kerkrade deur die uitvoerende komitee van die GHK oorgedra. Alle ander aanbevelings van die kommissie word in volle sessies van die GHK bespreek.

5. KORT-, MEDIUM- EN LANGTERMYNBEPLANNING

Die taakspan het die volgende tydraamwerk vir die versoeningsproses wat hierbo uiteengesit is, geïdentifiseer. Die loodsprojek is 'n mediumtermyndoelwit, wat teen Desember 2007 voltooi behoort te wees. Die volle uitvoering van die versoeningsproses is die langtermyndoelwit wat teen die einde van 2008 voltooi moet wees.

Die taakspan het gevoel dat voorsiening op die korttermyn gemaak moet word vir dringende situasies wat kan opduik. Wanneer spanning in 'n spesifieke gebied tussen gemeentes van die drie kerke ontwikkel, moet 'n nood-versoeningspan beskikbaar wees om die gebied op kort kennisgewing te besoek. Die taakspan stel voor dat die noodspan moet bestaan uit die moderators van die Algemene Sinodes van die vier NGK-kerke, wat elk 'n lys van sekundi het om in sy/haar plek te gaan indien hy/sy nie beskikbaar is nie. As "sigbare kerkleierskap", stem dit ooreen met die idee van "sigbare polisiëring" in misdaadvoorkoming, met die doel om dringende situasies te ontlont en verdere vervreeming tussen ons kerke, indien moontlik, te voorkom.

6. FINANSIËLE OORWEGINGS

Die kommissie sal geld kos, aangesien 'n aantal mense hulle ander

verantwoordelikhede moet eenkant skuif en tyd aan die sittings moet toewy. 'n Aantal sleutelbesluite sal die begroting beïnvloed: Neem al die sittings op 'n sentrale plek plaas (bv Bloemfontein), of beweeg die kommissie fisies van dorp na dorp? Miskien kan die loodsprojek in Bloemfontein gedoen word om die veranderlikes in die vroeë stadiums van die kommissie se werk te beperk.

Die volgende items behoort op die begroting vir die loodsprojek te verskyn:

Reiskoste van kommissielede na en van 'n sentrale plek 2 X 7 X R1 000 .	R14 000
Huur van vervoer (kombi?) in Bloemfontein gedurende sittings	R10 000
Verblyfkoste 7 X 30 X R300	R63 000
Vergoeding vir voorsitter (@ R500 per dag) 1 X 30 X R500	R15 000
Administrasie (fotokopiëring, ens.)	R5 000
Die skryf van die geskiedenis van die groter proses – kontraknavorser(s) (?)	R10 000
Onvoorsiene uitgawes	R10 000
Sub-totaal	R127 000
Kompensasie aan kerkrade vir leraars op kommissie (?) 6 X 30 X R250	R45 000
TOTAAL	**R172 000**

'n Benaderde bedrag van R130 000 behoort toereikend te wees om 'n maandlange loodsprojek van die kommissie te befonds.

Bylae J tot Hoofstuk 1

KERKHERENIGING (2007)

1 GESAMENTLIKE GESPREK TUSSEN DIE VIER KERKE

(vgl Agenda Deel I bl 393-396, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 2.6 asook Aanvullende Verslae bl 23-25 pt 1.1.4)

1. Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatiewe wat die Moderamen sedert Junie 2006 in oorleg met die Moderamens/Sinodale Kommissies/Sinodale Diensrade van al die sinodes asook die Moderamens/ Sinodale Kommissies van die VGKSA, NGKA en die RCA geneem het tot hereniging van die vier kerke in die NG Kerkfamilie.

2. Die Algemene Sinode is dankbaar teenoor die Here vir die nuwe gesindheid wat die Here sedert Junie 2006 tussen die vier kerke gegee het in hierdie eenheidstrewe en die vordering wat gemaak kon word ten opsigte van die bou van verhoudinge en die vind van konsensus.

3. Die Algemene Sinode neem kennis van die Achterbergh II-dokumente.

4 Aangesien die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel is, versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar aan die hand van die volgende proses:

* die Moderamen voorsien teen einde Julie 2007 ’n dokument met riglyne vir gemeentes oor hoe om sulke gesprekke op die mees konstruktiewe manier te voer;

* die Moderamen stel ’n pro-forma verslagwyse op, wat ook in die riglyne aan gemeentes opgeneem word, aan die hand waarvan kerkvergaderings hulle mening en insette kan gee;

* die sinodes versamel alle kommentaar en insette van gemeentes nie later nie as 1 Desember 2007 en gee dit deur aan die kantoor van die Algemene Sekretaris vir verwerking;

* hierdie fase is slegs vir konsultasie, bespreking en insette/ kommentaar.

5. Die Algemene Sinode dra dit verder aan die Moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, verder met die ander drie kerke te onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade/ gemeentes van al vier die kerke. Hierdie konkrete voorstelle word, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voorgelê met die oog op hulle goedkeuring. Dit word deur elke kerk gedoen in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie kerk se Kerkorde/ besluite daarvoor voorgeskryf word (Die NG Kerk se proses word uitgespel in Agenda Deel I A.5.1 bladsy 384 pt 14).

6. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om in hierdie proses verder leiding te neem en om, soos die afgelope maande sedert Junie 2006, telkens die moderature van al die sinodes te betrek in konsensus-soekende onderhandelinge met die ander kerke. Die onderhandelinge geskied aan die hand van die besluite van 2004 asook die uitkoms van die proses in pt 4 hierbo.

2 POSISIE TOV KERKEENHEID/KERKHERENIGING

(vgl Aanvullende Verslae bl 27 pt 1.2.2.2)

Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes nie meer oor die “of ” (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, maar oor die “hoe” daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word) aangesien uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie reeds sedert 1990 by verskillende Algemene

Sinodes geneem is, en al die (streek-) sinodes ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem het.

3 REGSADVIES TEN OPSIGTE VAN KERKVERENIGING

(vgl Agenda Deel I Beskrywingspunt B.5.1 (Wes-Transvaal) bladsy 495, Agenda Deel II bladsy 15 asook T.2.1 Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake bl 1 pt 2)

Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt en versoek die ATR om die saak tov regsadvies te hanteer en die advies aan die algemene sinodale verband deur te gee.

4 TEOLOGIESE OPLEIDING: BETROKKENHEID VAN FAMILIE VAN NG KERKE BY GESPREK MET DIE OOG OP

(vgl Agenda Deel I bladsy 345, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding, pt 3.2 asook Agenda Deel II bladsy 15)

1. Die Algemene Sinode neem dankbaar kennis van die feit dat die familie van NG Kerke betrokke is by die gesprek oor teologiese opleiding.

2. Die Algemene Sinode versoek AKTO om betrokke te bly by die gesprek met die familie van NG Kerke deur ook te bepaal hoedanig teologiese opleiding kan meehelp om die eenheidsproses te dien en verder aandag te gee aan alle sake rakende teologiese opleiding soos bv. die plekke van opleiding, die duur en inhoud van die kursus ens.

5 TAAKSPAN KERKHERENIGING

1. Die Algemene Sinode besluit om ‘n Ad hoc-Taakspan vir Kerkhereniging saam te stel om die gesprek- en besluitnemingsprosesse in die verskillende sinodes te belyn en sinkroniseer.

2. Die Taakspan bestaan uit een persoon uit elke sinode wat deur die sinodes self aangewys word.

3. Die Taakspan rapporteer aan die ASM.

4. Die ASM reël hoe vir die Taakspan se werk begroot word.

6 VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS

(vgl Agenda Deel I bl 433, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 1.3 asook Agenda Deel II bl 15)

Die Algemene Sinode

1 Keur die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis goed en moedig sinodes aan om in sinodale verband moeite te doen dat hulle diens van barmhartigheid en getuienisbediening met die ooreenstemmende bedieninge van die ander drie kerke in die NG Kerkfamilie ’n verenigde struktuur vir Diens en Getuienis vorm.

2 Neem kennis dat die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis kan verval.

Bylae K tot Hoofstuk 1

VERKLARING VAN DIE NG KERK IN DIE OVS

As verteenwoordigers van die gemeentes van die NG Kerk in die OVS vereenselwig ons ons met die Verklaring van die Algemene Sinode van 2002. Vir ons hier in die Vrystaat beteken dit:

1. DAT ONS ONS OPNUUT VERBIND AAN DIE HERE WAT ONS KERK MEER AS 160 JAAR GELEDE HIER GEPLAAS HET

Ons bely dat die drie-enige God ons in Jesus Christus deur sy Woord en Gees tot sy kerk versamel, vashou en roep om sy verlossingsdade te verkondig (1 Pet 2:9-10).

Ons dank die Here dat Hy hierdie kerk deur die jare heen gebruik het om "lig in die duisternis" te wees, hier en in Lesotho, Namibië, Zambië, Japan en ander lande (Hand 1:8).

Ons verbind ons opnuut daartoe om Hom in geloof en gehoorsaamheid te dien en getuies te wees van die koms van sy koninkryk (Matt 28:18-20).

2. DAT ONS ONS OPNUUT VERBIND TOT ONS PROVINSIE EN AL SY GEMEENSKAPPE

Ons erken dankbaar dat die Here ons geseën het met besondere vermoëns en middele, sodat ons vir ander tot seën kan wees.

Ons aanvaar die uitdaging om nood te verlig in hierdie gemeenskappe ten opsigte van:

- die geweldige armoede,
- die verwoestende gevolge van die HIV/Vigs pandemie,
- die toename van geweld en misdaad,
- die morele verval in die samelewing,
- die volhoubare benutting van grond en ander hulpbronne, en
- die geestelike nood van 'n toenemend sekularistiese gemeenskap.

Ons aanvaar die uitdaging om in nederigheid en deernis mee te werk in God se sending na die wêreld, wat die belofte van totale vernuwing inhou (Op 21:5).

3. DAT ONS ONS OPNUUT VERBIND TOT GROTER EENHEID ONDERLING EN MET ANDER KERKE

Ons betreur die tragiese skeuring en spanning tussen ons susterskerke in die NG Kerkfamilie en verbind ons om mee te werk aan versoening en herstel.

Ons is dankbaar oor mooi getuienisse van groter eenheid en samewerking.

Ons wil in ekumeniese verband saamwerk, saambid en saam getuig, ook in ons roeping teenoor die owerheid.

4. DAT ONS ONS VERBIND OM AS GEMEENTES GEHOORSAAM TE WEES AAN ONS ROEPING

Ons wil mekaar as gemeentes in die kerkverband ondersteun, versorg en vashou in ons belydenis van die ware geloof.

Ons aanvaar die roeping om “gestuurde en sturende gemeentes” te wees, wat die hele gemeenskap en alle kultuurgroepe bedien.

Ons wil mekaar as leraars help, toerus en bemoedig vir die uitdagings van ons dienswerk.

Ons wil groter ruimte vir lidmate en veral jongmense skep en hulle toerus om die Here met hul gawes en talente te dien, in kerk en koninkryk.

As lidmate en gemeentes, individueel en gesamentlik wil ons hier waar die Here ons geplant het, en waarheen Hy ons ookal sou roep, draers van Sy lig in die wêreld wees.

Bylae L tot Hoofstuk 1

SINODE NOORD KAAPLAND 2007
VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN KERKHERENIGING EN DIE FAMILIE VAN NG KERKE
(bladsy 42 44)

4. BESLUITE VAN DIE NG KERK IN NOORD-KAAPLAND IN VERBAND MET KERKEENHEID

4.1. SINODE 1995

4.1.1 Notule 1995, bladsy 281

4.1.1.1 "Die Sinode van die NG Kerk in Noord-Kaapland vereenselwig hom met die besluite van die Algemene Sinode van 1994 wat in verband met kerkeenheid geneem is." (Bladsy 10 – 12 van die agenda, punt 5: "Kerk-eenheid").

4.1.1.2 "Die Sinode stel dit as sy oorwoë mening dat in die proses van eenwording die grootste geduld aan die dag gelê moet word om uiteindelik sover moontlik alle belanghebbendes te akkommodeer. Volhardende gespreksvoering en die hoogste mate van konsensus moet steeds nagestreef word."

4.1.1.3 Die Sinode oordeel dat die Drie Formuliere van Enigheid as Belydenisskrifte sal geld en dat gesprek verder gevoer kan word oor ander belydenisskrifte."

4.1.1.4 "Die Sinode beklemtoon dat die plaaslike proses van die uiterste belang is en spontaan en uit innerlike oortuiging op gemeentelike vlak moet groei. Daarom versoek die Sinode gemeentes om met dringende erns uit te reik na gemeentes in die NG Kerkfamilie om sodoende die proses deur 'n belewenis van wedersydse respek en aanvaarding te bevorder."

4.1.1.5 "Die Sinode wys ringe en gemeentes op die riglyne soos vervat in die besluite van die Algemene Sinode, 1994 (p11, p12) wat dien as 'n

gespreksbasis. Die sinode gee in die verband erkenning aan die moontlikheid dat kerkeenheid op verskillende plekke verskillende gestaltes mag aanneem."

4.1.1.6 "Gemeentes word daaraan herinner dat kommentaar en voorstelle in verband met die stuk oor kerkeenheid wat deur die ASK aan gemeentes gestuur is, voor 31 Oktober 1995 aan die Saakgelastigde gestuur moet word."

Punte 4.1.1.1 tot 4.1.1.6 is almal goedgekeur.

4.2. SINODE 1997

4.2.1 Besluiteregister 1997, bladsy 268, punt 5

"Die Sinode benoem die twee ASK-lede as lede van die ad-hoc kommissie wat die Sinode verteenwoordig in die vergaderings en samesprekings met die VGKSA en die NGKA. Die kommissie word uitgebrei met twee lede benoem deur die SSK. Die vier lede benoem een lid om op die gesamentlike kommissie te dien."

4.3. SINODE 1999

4.3.1 Notule 1999, bladsy 245, punt 3.1

"Die Sinode wysig die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk Phororo soos volg: vervang vanaf "Die basis van samewerking…" tot by "…en in hul belydenisskrifte" met "Die basis van samewerking is dat ons gegrond staan op die Bybel as die Heilige en onfeilbare Woord van God en ons gesamentlike belydenis soos uitgedruk in die Formuliere van Enigheid." "Goedgekeur."

4.3.2 Notule 1999, bladsy 245, punt 3.1.2

"Die Sinode gee opdrag aan die SSK dat skakeling met die VGK-Phororo moet voortgaan om so die eenheidsproses daardeur te dien." "Goedgekeur."

4.3.3 Notule 1999 ,bladsy 245, punt 3.2

“Die Sinode gee opdrag aan die SSK dat skakeling met die NGKA-Phororo moet voortgaan om so die eenheidsproses daardeur te dien.” “Goedgekeur.”

4.4 SINODE 2003

4.4.1 Notule 2003, bladsy 239, punt 6

“Die Sinode gee aan die Kommissie vir Diensgetuienis opdrag om alle moontlike pogings aan te wend om ‘n konvent in sentraal Suid-Afrika tot stand te bring, met die oog op een kerkverband en ‘n meer omvattende diensgetuienis teenoor die nood in die samelewing.” “Goedgekeur.”

4.5. SINODE 2005

4.5.1 Notule 2005, bladsy 132, punt 6

4.5.1.1 Aanbeveling 1

“Die Sinode versoek kerkrade om indringend aandag te gee aan die saak van kerkhereniging, met bespreking aan die hand van die beskikbare dokument met kommentaar aan die Ringe in 2006. (Bylaag 1)” “Goedgekeur.”

4.5.1.2 Aanbeveling 2

“Die Sinode versoek kerkrade om indringend te werk aan die plaaslike verhoudinge met gemeentes vanuit die VGKSA, NGKA en RCA met terugrapport aan die Ringe in 2006 en die Sinode van 2007.” “Goedgekeur.”

4.5.1.3 Aanbeveling 3

“Die Sinode versoek Ringe om tydens ringsittings op die een of ander manier kontak te maak met die leraars, kerkrade van die VGKSA, NGKA en RCA binne hul ringsgebied, bv. deur broederlike onderhoude.” “Goedgekeur”

4.5.1.4 Aanbeveling 4

“Die Sinode gee opdrag aan SKBO om leraars van die VGKSA, NGKA en RCA te betrek by hul predikantebyeenkomste en toerustingsgeleenthede wat gereël word deur die kommissie.” “Goedgekeur.”

4.5.2 Besluiteregister 2005, bladsy 164, punt 8

4.5.2.1 Die Sinode verklaar homself bereid om deel te wees van gesprekke wat kan lei tot die uitskakeling van haakplekke in die kerkhereniging.

4.5.2.2 Die Sinode besluit dat die gesprek vanaf gemeentevlak moet groei.

4.5.2.3 Die Sinode besluit dat die gesprek nie tydsgebonde is nie.

4.5.2.4 Die Sinode besluit dat kerkhereniging die totale gereformeerde familie van kerke moet insluit.

4.5.3. Notule 2005, bladsy 152, punt 3

Die Sinode versoek SKDG om met die NGKA (Phororo) en die VGK in gesprek te bly in verband met kerkhereniging. Indien ‘n party nie bereid is om met die gesprek voort te gaan nie of onttrek, moet die oorblywende partye die gesprek voortsit.

4.6 OPMERKINGS

4.6.1 Die besluite van die Sinode van Noord-Kaap is meestal proses-besluite om uit te kom by een kerkverband.

4.6.2 Gemeentes word amptelik verteenwoordig deur hul afgevaardigdes by die sinode. Besluite van die sinode is daarom ook besluite van elke kerkraad, tensy ‘n kerkraad hom van die betrokke besluit distansieer.

4.6.3 Geen kennis word gedra van enige kerkraad wat hom van enige sinodale besluite in verband met kerkeenheid gedistansieer het nie.

4.6.4 Daar is onsekerheid in watter mate aanbevelings wat na kerkrade verwys word vir kommentaar en uitvoering, deur kerkrade bespreek word en terugvoer aan die Sinode gegee word.

4.6.5 Sinodale besluite sal met groot omsigtigheid en duidelike formulering geneem moet word. Besluite word geneem, maar nie altyd uitgevoer nie. Besluite kan ook maklik teenstrydig klink wanneer dit ‘n jaar of twee later gelees word.

4.6.6 Dit is opmerklik dat daar in feitlik geen van die sinodale besluite in verband met kerkeenheid enige verslae of aanbevelings van kerkrade voorkom nie.

SINODE NOORD KAAPLAND 2007

NOTULE: BESLUITEREGISTER

(bladsy 124-125)

5. KERKEENHEID

5.1 BESLUITE VAN 2005

Die Sinode het besluit om weer die volgende besluite van die sinode van 2005 aan kerkrade deur te stuur. Dié besluite word hieronder volledig weergegee:

"4.5.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om indringend aandag te gee aan die saak van kerkhereniging, met bespreking aan die hand van die beskikbare dokument met kommentaar aan die ringe in 2006."

"4.5.1.2 Die Sinode versoek kerkrade om indringend te werk aan die plaaslike verhoudinge met gemeentes vanuit die VGKSA, NGKA en RCA met terugrapport aan die Ringe in 2006 en die Sinode van 2007."

"4.5.1.3 Die Sinode versoek Ringe om tydens ringsittings op die een of ander manier kontak te maak met die leraars, kerkrade van die VGKSA, NGKA en RCA binne hul ringsgebied, bv. deur broederlike onderhoude."

(Bl 101 Aanbeveling)

5.2 PLAASLIKE VERHOUDINGS

Die sinode besluit om kerkrade aan te moedig om steeds voort te gaan om indringende aandag te gee aan die saak van kerkeenheid deur te werk aan

plaaslike verhoudings met die VGKSA, NGKA en RCA en deur kontak te maak met leraars en kerkrade van die VGKSA, NGKA en RCA in hul gebied.

(Bl 101 Voorstel)

5.3 AANSOEK VAN NGKA – 1995

Die Sinode besluit om die aansoek (1995) van die NGKA gemeentes om by die NG Kerk Noord-Kaapland aan te sluit in heroorweging te neem, en gee opdrag aan die SKDG en die SKOK om met die NGKA in gesprek te tree of genoemde aansoek nog staande is, al die implikasies te ondersoek en met die eerskomende gewone vergadering van die Sinode leiding in hierdie verband te gee.

Bl 102 Beskrywingspunt 10)

5.4 BELYDENIS

Die NG Kerke van Noord-Kaapland wat hier vergader is bely voor God en die mense dat hulle gesondig het deur tydens ‘n sinode gedurende 1995 die volgende besluit te neem:

> “*Die Sinode besluit dat die aanbeveling van die ASK (Algemene Sinodale Kommissie) eerbiedig word in verband met die inskakeling van gemeentes by die NG Kerk.”*

Dié besluit het tot gevolg gehad dat die versoek van gemeentes van die NGKA Phororo om deel van die NG Kerk in Noord-Kaapland te word, afgewys is.

Ons bely voor ons broers en susters van die NGKA ons ongevoeligheid oor u pyn en hartseer as gevolg van dié besluit en vra u om Christus se ontwil om ons te vergewe.
(Bl 103 Voorstel)

5.5 FEDERALE VERBAND

5.5.1 Gesprek met ander kerke

1. Die NK Sinode versoek die kerke van die NG Kerkfamilie om op grond van die Skrif aan die eenheid van die NG Kerkfamilie sigbaar gestalte te gee in federale verband solank daar nog kerkregtelike - en belydenisverskille is.

2. Die Sinode gee opdrag aan SKDG en die Taakgroep vir Kerkhereniging om in gesprek te tree met ander sinodes/kerke oor hoe om prakties hieraan gestalte te gee en terug te rapporteer aan die sinode van 2008.

(Bl 108 Aanbeveling)

5.5.2 Samekoms van familie van kerke

Die Sinode ROEP op grond van die Skrif en Belydenis die streeksinodes / gemeentes van die VGKSA Phororo, die RCA en die NGKA Phororo SAAM om duidelik gestalte te gee aan die eenheid waarvan daar lankal gepraat word. Daar moet saam gepraat word oor die gesamentlike roeping en hoe daar steeds duideliker gestalte aan die eenheid gegee kan word.

Die Sinode gee opdrag dat die SKDG en die taakgroep in samewerking met SKHD onverwyld uitvoering hieraan sal gee.

(Bl 108 Aanbeveling)

Die Sinode besluit dat die samekoms van die verskillende kerke (punt 4, Tweede verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake) gekombineer word met die volgende gewone sinodale vergadering. Die datum en plek sal deur die SKHD vasgestel word.

(Bl 111 Voorstel)

5.6 OPDRAG AAN SKBO/TAAKSPAN

1. Die Sinode gee opdrag aan die taakspan dat daar ‘n aantal preke op die web verskyn rondom kerkeenheid.
2. Die Sinode gee aan SKBO opdrag om na die Algemene Sinode voort te gaan met die beplande predikante konferensie vir 2007.
3. Die Sinode bring dit weer onder die aandag van kerkrade dat die taakspan beskikbaar is om inligting in verband met die proses van kerkhereniging aan kerkrade te verskaf.

(Bl 111 Aanbeveling)

8. BELYDENISGRONDSLAG

8.1 BELYDENIS VAN BELHAR

Die Sinode besluit om geen besluit rakende die Belharbelydenis te neem nie.
(Bl 104 Voorstel)

8.2 WYSIGING VAN BELYDENISGRONDSLAG

Die Sinode wys kerkrade daarop dat daar tans geen besluit deur die Sinode van Noord-Kaap of die Algemene Sinode van die NG Kerke in Suider-Afrika geneem is wat die belydenisgrondslag van die NG Kerk sou kon verander nie.

(Bl 111 Aanbeveling)

Bylae M tot Hoofstuk 1

DIE BELYDENIS 1982

1. Ons glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur Sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

2. Ons glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die Heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

   Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; (Ef. 2:11-22)

   dat die eenheid van die Kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voordurend opgehou moet word; (Ef. 4:1-16)

   dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; (Joh. 17:20, 23)

   dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees: daarin dat ons gemeenskap met mekaar beleef, beoefen en najaag; dat ons skuldig is om onsself gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van mekaar te gee; dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdronge is, met een doop gedoop is, van een brood eet en uit een beker drink, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, ons vir een saak beywer en een hoop met mekaar deel;

saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul; mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos; saam met mekaar ly vir die geregtigheid; saam bid; saam diensbaar is aan God in hierdie wereld; saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; (Fil. 2:13; 1 Kor. 12:4-31; Job. 13:1-17; 1 Kor. 1:10-13; Ef. 4:1-6; Ef. 3:14-20; 1 Kor. 10:16-17; 1 Kor. 11:17-34; Gal. 6:2; 2 Kor. 1;3-4)

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; (Rom. 12:3-8; 1 Kor. 12: **1-11; Ef. 4:7-13;** Gal. 3:27-28; Jak. 2:1-13)

dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk. (1 Kor. 1:2; Rom. 1:7; Gal. IA-5)

Daarom verwerp ons enige leer

wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs tot 'n aparte kerkformasie lei;

wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede terwyl gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en die onversoendheid;

wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;

wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en

die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hy vredemaker is; dat die kerk deur woord en daad getuie is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; (2 Kor. 5:17-21; Matt. 5:13-16; Matt. 5:9; 2 Pet. 3:13; Open. 21-22)

dat God deur sy lewenskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur Sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; (Ef. 4:17; Ef. 6:23; Rom. 6; Kol. 1:9-14; Kol. 2:13-19; Kol. 3:14; 6)

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word waar dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar wat uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer

wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en ontkragtig.

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n Wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy Sy Kerk roep om Hom hierin na te volg; dat

Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hóm, reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die regte te soek; dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; (Deut. 32:4; Luk. 2:14; Joh. 14:27; Ef. 2:14; Jes. 1:16-17; Jak. 1:27; Jak. 5:1-6; Luk. 1:46-55; Luk. 6:20-26; Luk. 7:22; Luk. 16:19-31; Ps. 146; Luk. 4:16-19; Rom. 6:13-18; Amos 5)

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgeling van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie

wat vorme van verontregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die Evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. (Ef. 4:15-16; Hand. 5:29-33; 1 Pet. 2:18-25; 1 Pet. 3:15-18)

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

BEGELEIDENDE BRIEF

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerkfamilie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkorne bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook as mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in

hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelings en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid

tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in the weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en -verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onsself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die NG. Kerkfamilie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin sáám met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry word dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.

Bylae N tot Hoofstuk 1

HERROEPING – BESLUIT VAN 1857

AANLOOP TOT HIERDIE VOORSTEL

Een van die wonderlike seëninge wat die Here die afgelope vier jaar vir ons as moderature van die NGK en VGK gegee het, was dat ons deur baie gesprekke heen kon groei in ons onderlinge verhoudings, ons waardering en begrip vir mekaar. Van die gesprekke was moeilik en selfs pynlik, omdat ons werklik van hart tot hart met mekaar moes leer praat. In hierdie gesprekke het ons egter telkens ervaar dat daar 'n dieper band is wat ons aan mekaar bind: Die liefde van Christus. Ons kon mettertyd leer om vir mekaar lief te word, mekaar te vertrou en te groei in ons sensitiwiteit vir mekaar.

Dit was gedurende hierdie gesprekke dat ons met 'n skok besef het hoe 'n groot seer die besluit van die Kaapse Sinode van 1857 steeds vir ons broers en susters in die VGK is. Ons was glad nie daarvan bewus nie. Hoe meer ons saam daaroor gepraat het, hoe sterker het die behoefte by ons gegroei om as dit moontlik is, iets daaraan te doen. Ons weet dat hierdie besluit van 1857 by implikasie herroep is deur die besluite wat die NG Kerk sedert 1986 oor die eenheid van die kerk geneem het. Tog wil ons die Sinode vra om as simboliese daad van versoening hierdie besluit van 1857 in soveel woorde te herroep. Ons doen dit omdat ons gehoorsaam wil wees aan Jesus se opdrag in Matt 5:23 en 24, naamlik dat as ek bewus is van iets wat my mede-broer of -suster pla, ek moeite moet doen om dit uit die weg te ruim.

In hierdie Bylaag 2(a) gee ons 'n kort verduideliking en motivering en maak ons enkele konkrete voorstelle. Bylaag 2(b) gee meer agtergrond oor dieselfde saak.

1. In 1857 het 'n vorige Sinode van hierdie kerk 'n besluit geneem oor die eenheid van die kerk wat vir jare daarna reperkussie sou hê in kerklike en openbare kringe in hierdie land en selfs wyer in die wêreld.

Nadat die Kaapse Sinode vir baie jare geweier het om Bybelse of kerklike sanksie aan aparte, rasgeskeide eredienste/nagmaalsvierings te gee nie, het die Sinode van 1857 besluit om as gevolg praktiese redes, teen sy beter wete, "vanweë die swakheid van sommige" aparte rasgeskeide eredienste goed te keur (vgl die studiestuk: Herroeping van die besluit van 1857 – Die "*zwakheid van sommigen*").

Die volledige besluit wat op 6 November 1857 in Kaapstad geneem is, het gelui: *"De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal."*

1. Hoewel die besluit van 1857 by implikasie reeds herroep is deur besluite wat die Kaapse Sinode en die Algemene Sinode van die NG Kerk in die laaste twintig jaar oor kerkeenheid geneem het, wil die moderamen tog aanbeveel dat die Sinode van 2007 die besluit van 1857 in soveel woorde herroep.

    - Ons doen dit in die oortuiging dat dit 'n verkeerde en ongelukkige besluit was wat reeds volgens die getuienis van die Sinode van 1857 self eerder gegrond was op menslike oorwegings as op die beginsels van die Woord en die waardes van die Evangelie.

    - Ons doen dit ook omdat ons weet dat die besluit direk en indirek aanleiding gegee het tot baie pyn en vernedering by mense, wat soos ons, volwaardige kinders van God is en na die Beeld van God geskep is.

    - Ons doen dit omdat ons glo dat juis hierdie besluit vir jare daarna dit vir ons kerk baie moeilik gemaak het om Bybels en teologies reg te dink en te praat oor die evangelie, die kerk en die eenheid en taak van die kerk.

- Ons doen dit ook omdat dit vir ons duidelik word dat dit hierdie besluit was (saam met ander besluite wat daaruit sou vloei) wat die NG Kerk se andersins positiewe getuienis oor die evangelie, ongeloofwaardig gemaak het in die oë van ons geloofsgenote en van die wêreld.

Ons glo dat die herroepping van die besluit van 1857 ons in ons huidige herenigingsproses op 'n nuwe baan kan plaas waarop ons saam met ons broers en susters bybels en teologies kan dink oor die toekoms van ons kerk, sy roeping en sy eenheid.

Ons doen dit nie met hovaardigheid of oordeel oor ons vaders en moeders nie. Ons is die Here diep dankbaar vir vele van hulle se geloof, toewyding en liefde vir die Here en sy kerk. Wie die geskiedenis rondom die besluit ken weet dat dit 'n besluit is wat nie maklik of sonder huiwering geneem is nie. Dit is amper asof ons voorouers reeds met die neem van die besluit besef het dat hulle besig is om 'n fout te maak. As jy die hele verhaal rondom die besluit lees, wil jy dit waag om te sê dat as hulle die konsekwensie en misbruik van die besluit in die praktyk kon voorsien, hulle die besluit waarskynlik nooit sou goedgekeur het nie.

2. As ons wil leer uit die ervaring is dit nodig dat ons by die herroeping van die besluit duidelik praat oor wat na ons oordeel die primêre probleem met die besluit was. Terwyl rassisme sekerlik 'n rol gespeel het in die agtergrond en formulering van die besluit, moet ons die fout dieper soek. Die primêre fout was nie by die gesindhede of houdings van mense nie – daarmee was daar vroeër al in die kerk probleme en sou daar ook daarna weer wees. Die grondfout was dat die sinode teologies sy steun verleen aan 'n verstaan van die kerk waarin geloof in die Christus van die Skrifte nie die enigste kriterium en voorwaarde vir lidmaatskap van ons kerk was nie. Die groot fout was dat 'n definiëring van die kerk, die erediens en die sakramentsviering toegelaat is waarin menslike oordele en natuurlike skeppingsfaktore soos kultuur, ras, taal 'n bepalende plek gekry het wat dit nie in die Woord van die Here het nie.

Met so ’n besluit stel ons onsself en ons menslike oordele en vooroordele bo die Woord van die Here. Ons bring Christus se alleenheerskappy en seggenskap oor sy kerk in die gedrang.

Ons kan dit nie doen nie, want die kerk behoort nie aan ons nie, maar aan Christus alleen. Nie ons nie, maar Hy besluit wie deel is van sy gemeente en wie nie. Nie ons bepaal lidmaatskap en voorwaardes vir deelname nie, maar Hy alleen.

3. By terugskoue kan ons sien dat hierdie huiwering om Bybels helder en duidelik te praat oor die christelike identiteit van die kerk hom sou wreek op ander besluite van die kerk. Na hierdie besluit het dit vir die kerk toenemend moeilik begin raak om helder te praat oor wesenlike aspekte van ’n gereformeerde verstaan van die evangelie, van geloof en van die kerk.

   Die kerk het toenemend gesukkel om met helderheid te praat oor veral vier sake:

   - Die feit dat geloof in die Here Jesus Christus die enigste kriterium is vir lidmaatskap van die kerk van die Here.
   - Die belangrikheid van die eenheid van die kerk as ’n saak wat te doen het met die wese en nie net die welwese van die kerk nie.
   - Die feit dat ons altyd geroep word om sigbaar gestalte te gee aan die eenheid van die kerk (vele wou voorgee dat die eenheid van die kerk net ’n geestelike saak is wat nie sigbaar gestalte hoef te kry nie).
   - Die redenasie vir die aparte gemeentes en kerke, naamlik dat dit in die praktyk nie kan werk nie, sou mense altyd laat wonder oor hoe ons dink oor die werklike vernuwende en versoenende krag van die evangelie van Christus.

Ons vertrou dat ’n herroeping van die 1857-besluit ons sou kon help om in die toekoms met groter oortuiging en helderheid oor hierdie vier sake te praat.

AANBEVELINGS

1. Die sinode is bewus daarvan dat besluite oor kerkeenheid wat die Algemene Sinode en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland alreeds in die verlede geneem het, by implikasie ’n herroeping impliseer van die besluit wat die Kaapse Kerk op 6 Nov 1857 in Kaapstad geneem het. [Die volledige besluit lui as volg: *“De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal.”]*

2. Die Here het ons geseën dat ons nou, 150 jaar later, op ’n daadwerklike pad van hereniging met die ander kerke van die Familie van NG Kerke is. Ons het die behoefte om, as deel van hierdie pad van versoening en hereniging, dit wat ons ander broers en susters steeds seermaak, uit die weg te probeer ruim. Ons is bewus daarvan dat die besluit van 1857 só ’n saak is.

3. Ons kan onsself uiteraard volkome vereenselwig met die eerste deel van die besluit wat die Skrifwaarheid ten opsigte van die eenheid van die kerk onomwonde stel. Ons is egter bewus daarvan dat die beperking wat daarna volg, uiteindelik die Skriftuurlike beginsel in die praktyk totaal oorskadu het en die rol wat die besluit in die geskiedenis sou speel, beslissend sou stempel.

4. Daarom besluit hierdie sinode, wat as die NG Kerk in SA nog die naam dra van die sinode wat destyds die besluit geneem het, om as daad van versoening en hoop die besluit van 6 November 1857 in soveel woorde te herroep.

BESLUIT

2.3.3 Besluit 33 (T1, §18 soos gewysig, aangevul en geamendeer. Sien §2.3.4 hier onder) [Goedgekeur]:

1. Die Sinode is bewus daarvan dat besluite oor kerkeenheid wat die Algemene Sinode en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland alreeds in die verlede geneem het, by implikasie 'n herroeping impliseer van die besluit wat die Kaapse Kerk op 6 Nov 1857 in Kaapstad geneem het . [Die volledige besluit lui as volg: *"De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal."]*

2. Die Here het ons geseën dat ons nou, 150 jaar later, op 'n daadwerklike pad van hereniging met die ander kerke van die NG Kerkfamilie is. Ons het die behoefte om, as deel van hierdie pad van versoening en hereniging, dit wat ons ander broers en susters steeds seermaak, uit die weg te probeer ruim. Ons is bewus daarvan dat die besluit van 1857 só 'n saak is.

3. Die Sinode herbevestig die eerste deel van bogenoemde besluit: "*De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan...,"* omdat dit die Skrifwaarheid oor die eenheid van die kerk onomwonde stel.

4. Die Sinode onderskryf nie die tweede deel van die bogenoemde besluit nie: "*maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten*

zal", omdat dit teenstrydig met die Skrifwaarheid oor die eenheid van die kerk is en tot groot verskeurdheid in die NG Kerkfamilie gelei het.

5. In die lig van die verloop van die geskiedenis, betreur die Sinode hierdie tweede deel van die besluit wat tot groot geestelike pyn van lidmate van die NG Kerkfamilie gelei het.

6. Daarom besluit hierdie Sinode, wat as die NG Kerk in SA nog die naam dra van die Sinode wat destyds die besluit geneem het, om die besluit van 6 November 1857 as simboliese gebaar te herroep.

7. Die Sinode moedig gemeentes aan om die versoening en hoop sigbaar te maak deur sover moontlik met die gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig in terme van Reglement 12 van Kerkorde 2003. Die Sinode vertrou dat die Here ons op hierdie weg mag seën om heling vir die wonde te bring en ’n lig vir die nasies te laat skyn.

8. Die Sinode vestig die aandag van die ander sinodes van die NG Kerkfamilie op hierdie besluit.

Bylae O tot Hoofstuk 1

VERSLAG OOR DIE MENUHA-BYEENKOMS VAN VERTEENWOORDIGERS VAN DIE NGKA, VGKSA EN NGK IN DIE VRYSTAAT 23 FEBRUARIE 2004

1. AARD EN DOEL VAN BYEENKOMS

Die byeenkoms is gereël op versoek van die drie moderature van die NGKA, VGKSA en NGK . Elk van die drie kerke was verteenwoordig deur tien leraars of ouderlinge. Die doel van die byeenkoms was om op informele wyse met mekaar in gesprek te tree oor die eenheids- en versoeningsproses, verhoudinge te bou en te besin oor die agenda en 'n proses vorentoe.

Teenwoordig:

Nms NGKA – Ds MD Kambule (Bethlehem), dr AM Hoffman (Botshabelo), ds TS Pheko (Merafong-Wespark), ds LFT Semanamana en oudl Modisaesi (Phahameng), ds MJ Ramolahlehi (Phomolong), ds en mev MS Kuekue (Parys), oudl Finger (Botshabelo), oudl Malebo (Seeisoville).

Nms VGKSA – Ds JC Goeiman (Heatherdale), ds MTJ Letsie (Koffiefontein), ds AW Louw (Parys), ds TJ Nthakhe (Ventersburg), ds MI Kambule (Riverside), ds CA van der Merwe (Witsieshoek), ds BMJ Lebakeng (Rethabile), oudl TS Lefuo (Bloemfontein-Wes).

Nms NGK – Dr LM Erasmus (Welkom-Wes), prof PJ Strauss (De Bloem), ds PJ Strauss (Bloemfontein-Wes), prop C de Villiers (Phillipolis), ds WHJ van der Hoven (Springfontein), ds WJ Botha (SKDB), dr G van der Watt (SGK), ds FP Naude (Smithfield), ds AJ Scherrer (Harrismith - Kerkenberg), ds CM James (Hugenoot).

2. AANVANG VAN BYEENKOMS

Die byeenkoms is begin met samesang, 'n opening wat waargeneem is deur ds Dries van der Merwe en 'n kenmekaargeleentheid waartydens daar na mekaar se verhale geluister is. Tussendeur het persone voorgegaan in gebed of deur besondere Skrifgedeeltes oor die Grootsheid van God met mekaar te deel.

Daar is in groepe Bybelstudie gedoen. Dit het gehandel oor Efesiërs 1. Daar is gelet op wat die Drie-enige God vir ons gedoen en geskenk het en hoe ons as kerk in die Vrystaat sy heerlikheid kan vertoon. Die Bybelstudie is opgestel deur dr Dawid Keta. (Dr Keta het verskoning aangebied; hy is ernstig siek in die hospitaal. Daar is vir hom voorbidding gedoen). Die Bybelstudie het veel bygedra om die lig van die Woord oor die byeenkoms te laat val.

3. WAT BIND ONS AAN MEKAAR?

Ds Colin Goeiman het die gesprek gelei oor die vraag: *Wat bind ons aan mekaar*? Dit is as groepsgesprekke hanteer, met terugvoer aan die hele groep. Daar was groot ooreenstemming oor die volgende sake wat as gegewe werklikheid die drie kerke saambind:

- Die liefde van en geloof in die Drie-enige God (één God en Vader, een Verlosser, een Gees)
- Een Woord, geloof, doop, nagmaal, verlossing, ens
- Ons gemeenskaplike gereformeerde erfenis
- NG Familiegeskiedenis
- Dieselfde belydenisgrondslag
- Ons het 'n gemeenskaplike roeping (in Suid-Afrika vandag)
- Ons deel dieselfde bedieningsgebied, -probleme (armoede, Vigs, ens) en -uitdagings
- Dieselfde bedieningstrukture (kommissies, ringe, ens)
- Daar is 'n bepaalde taal, kultuur en selfs familie-verwantskap tussen lidmate
- Daar is ooreenstemming in liturgie en spiritualiteit

- Ons deel dieselfde kerkregeerstelsel en kerkbeskouing
- Ons deel almal in dieselfde swakheid, sondegebrokenheid en skuld as kerke, wat ons na die een verlossing deur die bloed van Christus neem.

Gesprek in groot groep:

Binne hierdie gegewe eenheid, wat ons onherroeplik aan mekaar bind, kan die kerke met mekaar op weg gaan om die dinge wat ons skei en verwydering bring uit die weg te probeer ruim. Vanuit 'n besef van ons swakheid en gebrokenheid het ons mekaar nodig. Ons moet eerlik wees oor ons gebrokenheid. Daar is 'n aanslag teen die gereformeerde kerke en gereformeerde spiritualiteit; dit gaan nie goed met die gereformeerde groepering van kerke nie en ons invloed taan. Die kapasiteit van gereformeerdes om 'n verskil te maak word al hoe kleiner. Ons sal veel meer met mekaar moet praat – veral ook plaaslik. Leraars kan hierin leiding neem. Dit kan help om baie van die pyn vanweë die geskiedenis van verwydering weg te neem. In ons gesamentlike bedieningsroeping moet ons mekaar vashou. Indien ons groter prioriteit gee aan ons gesamentlike roeping sal al die ander verskille van minder belang wees. Die vrees word egter ook uitgespreek, deur onder andere ds Kuekue, dat die heersende verskille, veral die hofsake oor kerkgeboue, alles wat ons met mekaar gemeen het en wat ons saambind, kan vernietig.

4. GESPREK OOR EINDDOEL EN STRUIKELBLOKKE OP DIE PAD

"n Verteenwoordiger van elk van die kerke het 'n kort inleiding gegee oor hoe daar gedink word oor die einddoel van die eenheidsproses en wat die belangrikste struikelblokke op weg daarheen is.

4.1 Ds Ntakhe

Die drie kerke praat nou reeds vir meer as dertig jaar oor eenwording. Waarom is dit dan so moeilik om tot eenheid te kom? Praat ons nie te veel nie? Hou ons nie aan met droom, sonder om iets daaraan te doen nie? Mense behoort te droom, daarna moet hulle wakkerword uit die droom en iets begin doen om die droom te laat waar word. Hy wil nie dat die droom bloot illusie bly wat nie waar

word nie. Hy meen dat vele gesprekke oor eenheid dikwels net 'n tegniek is om eenwording te vertraag. Daar is lank genoeg gedroom, die droom moet nou waar gemaak word.

Ds Ntakhe noem struikelblokke:

- Vertragingstaktiek deur die NG Kerk
- Die NG Kerk se onwilligheid om te verenig
- Die NG Kerk se onwilligheid om bronne te deel
- Die NG kerk se onwilligheid om te verander
- Al drie die kerke se ongehoorsaamheid aan die Skrif
- Gebrek aan verbintenis (commitment)
- Gebrek aan eerlikheid (is ons eerlik as ons sê dat ons een wil word)

Hy droom oor een kerk, een gereformeerde kerk, wat bestaan uit al die kerke binne die land wat voorheen die NG Kerkfamilie uitgemaak het.

4.2 Ds Ramolahlehi

Hy lees uit Ps 11:3-4. Die NG Kerkfamilie is besig om strukture te verander. Die NG Kerk het spesifiek onafhanklike, afsonderlike kerke geplant om die verskillende bevolkingsgroepe te dien. Die naam van die kerk is uitdrukking van die gesamentlike geskiedenis. Daaraan wil mense nou verander.

Die NGKA stem saam met die einddoel dat die vier kerke een word. Die eenheid moet egter meer oor samewerking gaan; die deelnemende kerke moet nie deur die ander ingesluk word nie. Vir die NGKA is vryheid van aanbidding baie belangrik; hulle eie identiteit en selfstandigheid moet gehandhaaf bly.

As struikelblokke noem hy:

- Vir baie is die eenwordingsproses 'n poging dat die NG Kerk se bagasie van apartheid afgelaai moet word. Daarom wil hulle ook hê dat die kerk se naam moet verander – daarvoor sien die NGKA nie kans nie.
- Eenwording moet nie afgedwing word nie.

- Eenwording moet die bediening dien, nie verhinder nie.
- Hy verwys na ’n besoek aan Kampen – die Hollanders sukkel hoeveel jaar al om een te word al het hulle dieselfde taal en kultuur.
- Die NGKA wil hulle nie laat voorskryf nie – nie deur die politiek nie en ook nie deur die NG Kerk nie. As iemand dink dat dit oor die NG Kerk is dat die NGKA nie deel geword het van die VGKSA nie, verkeer hy onder ’n wanindruk.
- Daar sal eers uitklaring moet kom oor die Belydenis van Belhar.
- Die NGKA voel eerder vir samewerking tussen die deelnemende kerke as eenwording waar een kerk deur ’n ander ingesluk word. Die beeld is gebruik van ’n familie wat uit verskillende gesinne bestaan – elk is ’n eie huis.
- Die VGKSA sal hulle moet neerlê by die beslissing van die Appèlhof oor eiendomme.
- Die VGKSA wys vinger, maar doen self niks om die saak op te los nie.
- Die swart leraars in die VGKSA voel ontuis in die bruin kerk, daarom soek hulle erkenning van legitimasie by die NGKA. Die leraars sal soos by al die kerke die geval is, die kerkregtelike pad moet loop voor hulle weer in die NGKA aanvaar word as leraars.
- Met die stigting van die VGKSA is die besluite en beswaarskrifte van die NGKA, geminag – die NGKA wil as selfstandige kerk erken word.
- Die NGKA voel steeds verontreg oor die 1998 brief van die NG Kerk waarin gemeentes adviseer is om nie geboue te vinnig aan die NGKA oor te dra nie. Dit het baie ellende veroorsaak.
- Die VGKSA het eers erken dat hulle die geboue sal moet teruggee, net om pas daarna weer ’n ander standpunt in te neem.
- Die NGKA staan vas: geregtigheid sal eers moet geskied.
- Hulle sal nooit die naam NGKA prysgee. Daarin is die geskeidenis, waarop hulle trots is, opgesluit.

4.3 Dr Erasmus

4.3.1 Ideaalbeeld:

Kerkeenheid moet ten diepste die ontdekking van ’n geheimenis wees, die ontvang van ’n gawe, wat alles te make het met die Hoofskap van Christus, die leiding van die Gees, die krag van die Woord, ens. Hy verwys na Ef 1:23 “volheid van Hom”

Kerkeenheid is uiteindelik die vrug van ’n evolusionere proses, wat te make het met die kerk se een roeping. Dit gaan nie uitsluitlik oor een instituut nie. Dit is ’n proses wat hom veral ook op plaaslike vlak moet voltrek.

Hy wys op die Nederlandse Samen-op-Weg proses wat reeds meer as 40 jaar duur. Selfs nou nog ervaar hulle groot probleme.

Eenheid gaan oor een bediening, oor ons gesamentlike getuienistaak.

Binne die een kerkverband moet daar ruimte vir verskeidenheid – dus soepelheid – wees. Daar moet ruimte vir verskeidenheid in die een verband wees

Een beleidenisgrondslag bly van wesenlike belang. Dit gaan die saak van kerkeenheid vooraf.

4.3.2 Struikelblokke:

Geskiedenis

- die redes vir die skeuring tussen die VGKSA en NGKA moet kerkhistories uitgeklaar word;
- ook die NG Kerk se geskiedenis sal onder oë geneem moet word. Die NG Kerk sal moet bepaal of dit vir lidmate werklik erns is of was met eenheid;
- daar sal gewaak moet word teen ’n soort transformasie-geskiedenis of –teologie.

Spanning rondom institusionele proses

- Daar sal nie te gou besluit kan word op ’n bepaalde moment van eenwording (teikendatums) nie. Oppas om nie te fikseer op een moment van eenwording nie. Dit bly ’n proses
- Daarteenoor moet gewaak word teen uitsteltaktiek – die proses moet met inhoud gevul word.
- Die belydenisgrondslag moet nie net gaan oor dit wat op skrif staan nie, dit gaan ook oor die vertolking, dit moet verantwoord kan word. ’n Eerlike gesprek oor die vertolking van die belydenis is nodig.
- Wantroue, gebrek aan erns, vertragingstaktiek.
- As dit om die eer van Christus gaan, om Christus ontwil, kan ons nie uitstel nie.
- Ons mag nie twyfel ooor die krag van die Woord om mekaar te oorreed nie. Dan gryp ons na ander gesagsinstellinge soos die hof of die Kommissie vir Menseregte nie – dit sal die proses belemmer.

4.4 Groepsbespreking

Na die inleidings is daar indringend gesels in die kleingroepe. Daarna is terugvoer in die groot groep gegee. Die gesprek het oor die proses vorentoe gehandel. Wat sou nodig wees om die proses ’n stap vorentoe te neem?

Enkele belangrike punte is aangestip:

4.4.1 Dit is nodig dat daar groot helderheid kom oor die vraag waarheen ons oppad is – formuleer wat met “eenheid” bedoel word.

4.4.2 Respekteer mekaar as selfstandige kerke, aanvaar mekaar se outonomiteit.

4.4.3 Daarna sou die “hoe” uitgeklaar kan word.

4.4.4 ’n Opregte luister na die drie kerke se seer/vrese is nodig op die pad na vergiffenis en versoening.

4.4.5 Gemeentes moet meegeneem word op hierdie pad; dus is dit belangrik dat die proses gevoer word op gemeente, ring (skakelkommissies) en sinodale vlak.

4.4.6 Kommunikasie is baie belangrik – gesprekke op alle vlakke, maar ook saamdoen op alle vlakke.

4.4.7 Daar behoort ’n groter dringendheid met die hele proses te wees.

5. GESAMENTLIKE VERKLARING

Die byeenkoms besluit om ’n verklaring uit te reik wat na gemeentes gestuur kan word. Dit moet ’n gesamentlike verklaring wees. Dit kan ook as persverklaring dien, wat veral na die kerklike media gestuur word. Die verklaring behoort die volgende elemente te bevat:

- ’n Inleiding wat kortliks verduidelik wie en wat die groep is wat die verklaring uitreik.
- Die werklikheid van ons eenheid moet bevestig word – vgl die lys dinge wat ons aan mekaar bind.
- ’n Belydenis van ons eie swakheid en onvermoë om as kerke gehoorsaam aan ons roeping (ook tot eenheid) te wees.
- ’n Verbintenis tot die proses om te werk vir een kerkverband, waarin daar uitklaring moet kom oor die verstaan van eenheid/vulling van een kerkverband.
- Die versoek aan kerke om een gesamentlike en formele struktuur daar te stel wat kan werk aan die eenheidsproses. Hierdie proses moet ook op gemeente en ringsvlak gebeur.
- Versoek tot voorbidding.

Dit word aan ds Colin Goeiman, dr Andries Hoffman en dr Gideon van der Watt opgedra om die verklaring so gou as moontlik te finaliseer en aan die kerke te oorhandig, asook aan die pers.

GESAMENTLIKE VERKLARING VAN 'N BYEENKOMS VAN VERTEENWOORDIGERS VAN DIE NGKA, VGKSA EN NGK IN DIE VRYSTAAT BY MENUHA (BUITE BLOEMFONTEIN)

23 FEBRUARIE 2004

1. Op versoek van die moderature het verteenwoordigers van NGKA, VGKSA en NGK in die Vrystaat op 23 Februarie 2004 by Menuha, 'n kampterrein buite Bloemfontein, byeengekom. Elke kerk is deur ongeveer tien leraars en ouderlinge verteenwoordig. Die doel van die byeenkoms was om saam te luister na die Woord, saam te bid, onderlinge verhoudinge te bou en met mekaar in gesprek te tree oor die eenheids- en versoeningsproses tussen die drie kerke. Dit was 'n oop en eerlike gesprek, in goeie gesindheid, wat veral in die lig van die Bybelstudie uit Efesiërs, plaasgevind het.

2. Die byeenkoms het opnuut ontdek dat daar soveel is wat die drie kerke saambind:

   - Die Drie-enige God - één Vader, één Verlosser en één Gees, één Woord, één doop, ens.
   - 'n Gemeenskaplike gereformeerde erfenis, belydenisgrondslag, kerkregeringstelsel en geloofsuiting.
   - 'n Gedeelde geskiedenis as NG Kerkfamilie
   - Een roeping in dieselfde bedieningsgebied – vgl die uitdagings soos armoede, MIV Vigs, morele verval, ens. in ons samelewings
   - Taal, kultuur en selfs familieverwantskap tussen lidmate

3. Die byeenkoms het egter ook onder die besef gekom van aldrie kerke se swakheid en onvermoë om gehoorsaam te wees aan die Bybelse roeping tot heiligheid, eenheid en gesamentlike getuienis in die wêreld. Daarom is daar baie struikelblokke wat nog uit die weg geruim moet word: Hofsake oor eiendomme, verskille oor die vertolking van belydenis, die verwerking van pynlike ervarings uit die verlede, vrees, selfsug, ens.

4. Lede van die byeenkoms het hulle eenparig en met erns opnuut verbind tot die proses om te kom tot een kerkverband. In die proses sal daar uitgeklaar moet word hoe die een kerkverband prakties vergestalt kan word om die eenheid, heiligheid en gesamentlike getuienis op alle vlakke te dien.

5. Die byeenkoms versoek die sinodale kommissies/moderature van die onderskeie kerke om ‘n formele, gesamentlike struktuur, byvoorbeeld soos die Menuha-byeenkoms, daar te stel wat die eenheidsproses op sinodale vlak verder kan voer. Soortgelyke strukture en prosesse behoort ook op rings- en gemeentelike vlak uitgebou te word.

6. Die byeenkoms roep lidmate en gemeentes op tot voorbidding en wedersydse bemoediging: - dit is Christus self wat sy kerk bou, bewaar en gebruik as gehoorsame instrument in diens van sy Koninkryk.

Bylae P tot Hoofstuk 1

KONSEP KERKORDE VIR EEN KERK (NGSK EN NGKA)

ARTIKEL 1

DIE KERK

Die Kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die byeengeroepenes wat die "Verenigende Gerefomeerde Kerk in Suider-Afrika" vorm, is deel van hierdie Kerk van Christus. Saam met al die ander kerke wat Christus bely, is hy deur God afgesonder, as eiendomsvolk van God wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat uit die duisternis roep tot die wonderbare lig, as 'n nuwe skepping wat in hierdie lig lewe soos Hy in die lig is.

ARTIKEL 2

DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" glo dat in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het. Hy glo dat die Bybel die Woord van God en die volkome betroubare getuie van hierdie openbaring is en aanvaar dat daar in bepaalde tye en in ooreenstemming met die Woord van God belydenisse ontstaan het wat die geloof van die Kerk van Christus vertolk.

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius; kragtens sy eie oorsprong glo die Kerk ook dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls suiwer uitdrukking aan sy geloof gee soos dit deur die geskiedenis aan

hom oorgelewer is. Die kerk aanvaar verder die Belydenis van Belhar soos wat dit tans van hom in die Suider-Afrikaanse situasie vereis word.

Die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” aanvaar dat sy taak van belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte, of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.

ARTIKEL 3

LID11AATSKAP VAN DIE KERK

Die geloof in Jesus Christus is die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika”.

Aansluiting by hierdie Kerk deur persone van buite geskied deur 'n belydenis van geloof in teenwoordigheid van die gemeente.

Gedoopte kinders van belydende lidmate behoort kragtens die verbond van genade aan die kerk. Sodanige lidmate sal hul lidmaatskap van die kerk bevestig deur die belydenis van hulle geloof in teenwoordigheid van die gemeente.

ARTIKEL 4

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE GEMEENTE

Die gerneente vorm 'n gemeenskap van gelowiges op 'n bepaalde plek om God, mekaar en die wêreld te dien.

Die diens van God het betrekking op die totale lewe van die gemeente en sluit daarom ook die diens aan mekaar en aan die wêreld in. Hierdie diens van God vind sy kern in die samekomste van die gemeente rondom die Woord van God en die sakramente. Dáár word God aanbid, sy lof verkondig, geluister na sy Woord, die sakramente bedien en alle nood voor God gebring om die gelowiges

op te bou in hulle geloof en voor te berei vir hulle dienswerk aan mekaar en aan die wêreld.

Die gelowiges aanvaar onderling verantwoordelikheid vir mekaar in hulle geestelike en liggaamlike behoeftes. Die gemeente leef as 'n huisgesin van God waarin almal onlosmaaklik tot mekaar verbind is en in mekaar se vreugde en smart deel. Die een ag die ander hoër as homself en niemand sien slegs om na sy eie behoeftes me, maar ook na die van die ander. Sodoende dra hulle mekaar se laste en gee uitvoering aan die weg van Christus.

Die gemeente se diens aan die mensheid en die wêreld bestaan daarin om God se versoenende en bevrydende handelinge in en vir die wêreld te verkondig; om die liefde van Christus in die wêreld uit te leef; om die mensheid op te roep tot versoening met God en tot onderlinge versoening en vrede; om God wat op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, na te volg deur mense in enige vorm van lyding en nood by te staan en te getuig en te stry teen enige vorm van ongeregtigheid; om die regering en die owerhede op te roep om al die inwoners van die land te dien deur geregtigheid te laat geskied en ongeregtigheid te bekamp; om te getuig teenoor alle maghebbers, bevoorregtes en instansies wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

ARTIKEL 5

DIE DIENSTE IN DIE GEMEENTE

Met die oog op die gemeente se diens aan God, onderlinge diens en diens aan die wêreld sal die gemeente bepaalde dienste in stand hou en sorg dra dat die hele gemeente met inagneming van die verskeidenheld van gawes hierby ingeskakel word. Na gelang van sy eie omstandighede sal die gemeente die aard en die omvang van hierdie dienste bepaal, maar in elk geval sal die volgende dienste aanwesig wees:

Die **erediens** as die openbare samekorns van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap waar die Woord van God en die sakramente van

die doop en die nagmaal bedien, gebid, gesing en offergawes gebring word soos deur elke gemeente bepaal, maar met inagneming van die wyse waarop dit in ander gemeentes gedoen word, sodat ten alle tye gelowiges uit gemeentes onderling vrymoedigheid tot wedersydse bywoning sal behou.

Bo en behalwe die lering deur die Woord tydens die erediens, die **onderrig** in die Woord van God en die leer van die Kerk aan alle dooplidmate en ander persone wat openbare belydenis van geloof wil aflê en die voortgaande onderrig aan alle belydende lidmate op 'n wyse soos deur elke gemeente na gelang van eie omstandighede bepaal.

Die onderlinge en gesamentlike sorg vir mekaar, geestelik sowel as liggaamlik.

Die **getuienisaksie** wat op 'n georganiseerde wyse uitdrukking gee aan die gemeente se verantwoordelikheid om die Evangelie te verkondig aan die wêreld en die mensdom waarbinne hy leef.

Die **diens** aan alle noodlydendes en behoeftiges met wie die gemeente in aanraking kom.

ARTIKEL 6

DIE AMPTE IN DIE GEMEENTE

Ten einde die doettreffendheid van die gemeente se dienswerk te verhoog, kan lidmate afgesonder word om, na gelang van die geestesgawes waaroor hulle beskik en die roeping daartoe wat hulle van Godsweë ontvang het, op 'n spesiale wyse diensbaar te wees in een of meer van die gemeente se dienste. Sodanige lidmate neem amptelik die leiding in die dienste waarvoor hulle afgesonder is. Die ampte van lerende en regerende ouderling en van diaken kan vir hierdie doeleindes aangewend word. Die ontwikkeling van ander ampte met die oog op die besondere omstandighede van 'n gemeente of gemeentes moet steeds in ag geneem word.

Alhoewel die amp van lerende ouderling of bedienaar van die Woord sy basis vind in die dienswerk binne die gemeente en dié persone deur die gemeente self daartoe afgesonder word, stel hierdie amp sodanige vereistes dat spesiale

toerusting vir en die opleiding tot die amp noodsaaklik is. Hierdie toerusting en opleiding is die gesamentlike verantwoordelikheid van al die gemeentes aangesien die dienswerk van 'n bedienaar van die Woord nie beperk word tot die gemeente wat hom of haar daartoe afgesonder het nie, maar ook gebruik kan word in ander gemeentes wat hulle daartoe roep.

Aangesien die ampsdraers diens lewer in en aan die gemeente, besluit die gemeente self wie hierdie ampte moet vervul.

ARTIKEL 7

DIE REGERING VAN DIE GEMEENTE

Jesus Christus regeer die gemeente deur sy ampte. Omdat die amp van die gelowige die grondslag van alle ander ampte vorm, kies die gemeente self uit eie geledere van belydende lidmate, ouderlinge en diakens om 'n kerkraad te vorm. Aan hierdie kerkraad word die regering, opsig en die tug oor die gemeente en die leiding ten opsigte van die verskillende dienswerke in die gemeente toevertrou.

Deur die kerkraad word:

- Alle sake behandel wat die erediens, die onderrig, die gesamentlike sorg, die getuienisaksie en die diens van die gemeente raak;
- Tug uitgeoefen oor lidmate van die gemeente, maar uitgesonder diegene wat in die ampte staan;
- Prosedures en reëls vasgestel vir werksaamhede aan hom toevertrou.

Die Kerkraad het die reg om ’n vergadering van die gemeente byeen te roep op ’n wyse soos deur elke gemeente bepaal.

ARTIKEL 8

DIE VERBAND TUSSEN DIE GEMEENTES

As uitdrukking van die eenheid van die kerk, kom die gemeentes, kragtens die bevel van Christus om mekaar te dien, in kerkvergaderings saam by wyse van verteenwoordiging soos deur elkeen van hierdie vergaderings bepaal, met die

oog op gesamentlike beraadslaging oor sake wat al die gemeentes raak. In hierdie vergadering word die verband tussen die gemeentes sigbaar tot uitdrukking gebring. Twee sodanige vergaderings kan onderskei word: Die Ring en die Sinode. Na gelang van omstandighede kan die sinodes 'n nouer of breër karakter aanneem. Binne die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" sal daar 'n Algemene Sinode en Gebiedsinodes wees.

ARTIKEL 9

DIE RING

Verteenwoordigers van gemeentes kom as Ring byeen op tye en op 'n wyse soos deur die verteenwoordigers bepaal. By hierdie vergadering word:

- Beraadslaag oor gesamentlike optrede met die oog op die verantwoordelikheid van die gemeentes teenoor mekaar en teenoor die gemeenskap en samelewing waarbinne die gemeentes hulle bevind.
- Beraadslaag doen oor die wyse waarop aan die gemeentes se verantwoordelikhede uitvoering gegee is.
- Tugsake in behandeling geneem met betrekking tot bedienaars van die Woord en diegene wat in 'n verkose amp staan.
- Die stigting en ontbinding van gemeentes en die reëling van gemeentelike grense in behandeling geneem.
- Sake hanteer wat in verband staan met die beroeping en emeritering van leraars.
- Prosedures en reëls vas te stel vir die werksaamhede aan hom toevertrou.

Die ressort van die Ring word deur die Gebiedsinode bepaal.

ARTIKEL 10

DIE GEBIEDSINODE

Die verteenwoordigers van gemeentes kom as gebiedsinode byeen op tye en op 'n wyse soos deur die gebiedsinode bepaal. By hierdie vergadering word:

- Beraadslaag oor gesamentlike optrede deur die gemeentes met die oog op die werksaambede wat nie deur die Ringsverband behartig kan word nie;

- Aandag gegee aan die besondere nood en behoeftes van gemeentes wat nie binne Ringsverband hanteer kan word nie;
- Prosedures en reëls vasgestel vir die werksaamhede aan hom toevertrou;
- Ander sake wat deur die Ringe na die Gebiedsinode verwys is, in behandeling geneem.

Die ressort van die Gebiedsinode word deur die Algemene Sinode bepaal.

ARTIKEL 11

DIE ALGEMENE SINODE

Verteenwoordigers van Gebiedsinodes kom as Algemene Sinode byeen op tye en op 'n wyse soos deur die Algemene Sinode bepaal. By hierdie vergadering word alle sake in behandeling geneem wat betrekking het op:

- Die Belydenis van die Kerk met dien verstande dat enige verandering aan die Belydenis alleen kan geskied op voorwaarde dat twee-derdes van al die gemeentes ten gunste daarvan besluit het.
- Die Kerkorde met dien verstande dat enige verandering of aanvulling van die Kerkorde alleen kan geskied op voorwaarde dat twee-derdes van die Gebiedsinodes die verandering goedgekeur en die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het.
- Die formuliere wat by eredienste gebruik word;
- Opleiding van bedienaars van die Woord.
- Die ekumeniese betrekkinge met ander Christelike kerke binne of buite die gebied wat deur die Algemene Sinode verteenwoordig word.
- Die kerk se diens aan die getuienis teenoor die wêreldgemeenskap;
- Prosedures en reëls vir werksaamhede aan hom toevertrou;
- Sake wat deur die Gebiedsinodes na die Algemene Sinode verwys is.

ARTIKEL 12

DIE KERK SE VERHOUDINGE

Die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” is deel van 'n samelewing waarin hy as instelling naas ander instellings en gemeenskapstrukture soos die staat, die skool, die nywerheid en vele ander leef en werk. Vir sover die regsordeninge wat in die samelewing geld nie in stryd is met die Woord van God nie, leef hy in ooreenstemming daarmee. Terselfdertyd eis die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" dat sy onvevreembare reg tot vryheid in die beoefening van sy godsdiens en die inrigting van sy instituut kragtens sy eie belydenis deur die owerhede erken sal word.

Die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” sien dit as sy koninklike taak om die mens en samelewing vóór te gaan in die gehoorsame toepassing van die eise van die Gods Woord wat betref die liefde tot die naaste, die beoefening van geregtigheid en die realisering van versoening en die najaag van ware vrede in die praktyk van sy eie lewe; as sy profetiese taak om hierdie eise van Gods Woord soos dit betrekking het op die samelewing as geheel en op die instellings afsonderlik, met name veral die staat, sonder aansiens des persoons, te verkondig; as sy priesterlike taak om vir die owerheid en samelewing voorbidding te doen en om in te tree vir die noodlydendes, die armes, die verontregtes en die verdruktes binne hierdie samelewing, ook by wyse van georganiseerde dienswerk.

Die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” staan verder in 'n besondere verhouding tot alle ander kerklike instellings in die samelewing. Hy wil met al hierdie kerke gemeenskap beoefen vir sover dit moontlik is binne die grense van die ekumeniese belydenisskrifte. In hierdie gemeenskapsbeoefening wat op gemeentelike, rings- en sinodale vlak sal plaasvind, streef die “Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” na die volle openbaring van die eenheid van die kerk van Christus sodat, in Jesus se Woorde, “die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet” (Joh 17:23).

Bylae Q tot Hoofstuk 1

LAUDIUM DECLARATION OF THE REFORMED CHURCH IN AFRICA

DRAFT ADOPTED BY SYNOD 1990, LAUDIUM, PRETORIA AND SUBSEQUENTLY FINALIZED BY THE SYNODICAL COMMITTEE

This declaration was born from the resolution of the RCA in 1986 to maintain her stand as Evangelical Reformed Church.

1 BIBLICAL GOSPEL

WE AFFIRM that the biblical Gospel is God's enduring message to our world, and we determine to defend, proclaim and embody it.

WE AFFIRM our commitment to the primacy of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that Evangelism is not an option but an imperative.

WE AFFIRM that men are born in sin and guilty, and lost without Christ and totally depraved.

WE AFFIRM that other religions and ideologies are not alternative paths to God, and there is no other name given among men whereby we can be saved but the name Jesus.

WE REJECT as derogatory to Christ and the Gospel every kind of syncretism and dialogue which implies that Christ speaks equally through other religions and ideologies. To proclaim Jesus as the Saviour of the world is not to affirm that all men are either automatically or ultimately saved.

2. HOLY SPIRIT'S WITNESS

WE AFFIRM that the Holy Spirit's witness to Christ is indispensable to evangelism and that without His supernatural work new birth and new life is not possible and all our endeavours fruitless.

WE AFFIRM that we who proclaim the Gospel must exemplify it in a life of holiness and love, otherwise our testimony loses its credibility.

WE AFFIRM the constant need for revival and determine to seek God's face constantly for revival in our own lives, in the life of the RCA, and in the Church of South Africa at large.

WE AFFIRM that nothing commends the Gospel more eloquently than a transformed life and nothing brings it into disrepute so much as personal inconsistency. We determine to live worthy of the Gospel of Christ.

3. EVANGELISTIC WITNESS AND COMPASSIONATE SERVICE

WE AFFIRM that the congregation of believers should turn itself outward to its local community in evangelistic witness and compassionate service.

WE AFFIRM that God has committed the whole Gospel to the whole Church and to every member the task of making Christ known throughout the world. We long to see all lay and ordained persons mobilised and trained for the task. We determine to proclaim the Gospel faithfully, urgently, passionately and sacrificially, until He comes.

WE AFFIRM that we must demonstrate God's love visibly by caring for those who are deprived of justice, dignity, food and shelter.

Governments, religious bodies and nations will continue to be involved with social responsibilities but should the church fail in her mandate to preach the Gospel no other body will do so.

4. UNITY

WE AFFIRM our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immediate circle of our church we will foster structural unity with those who share the same confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Africa.

WE AFFIRM that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the Church the barriers of race, gender and class. We affirm

that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness.

5. PROPHETIC WITNESS

WE AFFIRM that the proclamation of God's kingdom of justice, peace and holiness demands the denunciation of all injustice, oppression and immorality. We will not shrink from this prophetic witness.

WE AFFIRM the freedom in Christ of the church of Jesus Christ and refuse the alignment of the church to any ideology or current political trend, power or movement.

WE AFFIRM our solidarity with those who suffer for the Gospel and will seek to prepare ourselves for the same possibility.

WE AFFIRM the right of the believer to conscientious objection. In our demonstration and witness against evil we determine not to use carnal weapons but to act in the spirit of Christ and through spiritual warfare and constant prayer enter into Christ's victory over the principalities and powers of evil.

Bylae A tot Hoofstuk 2

BESLUITE VAN DIE UITGEBREIDE MODERAMEN OOR KERKHERENIGING
11-12 Junie 2008
Carmelite Retreat sentrum

Hierdie besluite is geneem deur 'n uitgebreide vergadering van die Moderamen van die Algemene Sinode waarheen sinodes se moderature uitgenooi is. Hierdie vergadering het as agenda die verslae van die Taakspan Kerkhereniging oor die Konsultasieproses 2007 gehad asook die Moderamen se hantering daarvan. Hierdie vergadering het plaasgevind as uitvoering van 'n opdrag van die Algemene Sinode.

Die Uitgebreide Moderamen het besluit dat hierdie besluite van die NG Kerk as voorstelle vir verdere onderhandelinge eers aan die Familie van NG Kerke gekommunikeer word voor dit verder hanteer word (behalwe die afdeling oor Die Kerk wat ons wil wees… – dit is ook aan sinodes van die NG Kerk gestuur om dit aan gemeentes oor te dra met die oog op gesprek hieroor).

Die laaste afdeling is voorstelle vir kommunikasie oor die saak van kerkhereniging in die NG Kerk. Dit word hier ingevoeg vir die kennisname en kommentaar van die Familie van Kerke.

1. DIE KERK WAT ONS WIL WEES…

Roeping

In ons verbintenis aan die Drie-enige God, herbevestig ons, as NG Kerk in Suider-Afrika, ons duidelike roeping in Afrika.

Gestuur na die Wêreld (Missiologie)

Ons is daarvan oortuig dat die kerk in die eerste plek nie net ter wille van haarself en haar lidmate bestaan nie, maar tot die eer van God en ter wille van alle mense. Ons verstaan ons roeping om hier en nou 'n verskil te maak. Ons

wil dit doen deur die hoop en versoening wat in ons leef, met almal om ons te deel.

Inklusiewe Kerkwees (Ekklesiologie)

God het ons as gelowiges, almal saam en afsonderlik, uit die hele menslike geslag gekies om vir Hom 'n kerk te wees. Hy het ons deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot die einde toe, bymekaar gebring. Elkeen is daarom verplig om sy of haar gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van al die ander lede van die kerk (asook dié daarbuite) te gebruik. (Sien Heidelbergse Kategismus Sondag 21 vraag en antwoord 54 tot 55.)

Konteks

Die konteks waarin ons geroep word weerspieël die tragiese verhale van geweld, die verwoestende omvang van armoede, hongersnood, misdaad, die vigs-pandemie en die gebrek aan respek vir God, mens, dier en die omgewing. Wat meer is, talle mense leef en sterf elke dag sonder Christus en sonder hoop.

Versoening

Ons kan die kerk nie anders verstaan nie as die draer van God se versoening met Hom, met mekaar en die wêreld. Ons kan en wil hierdie groot uitdaging nie alleen aanvaar nie, want hierdie bediening van die versoening (vgl 2 Korintiërs 5:19-20) is groter as die NG Kerk. Die omvang is trouens só groot dat alle medegelowiges se hulp en samewerking noodsaaklik is. Ons as kerk verbind ons tot groter sigbare eenheid met ander kerke, maar in besonder met die lede van ons eie kerkfamilie. Ons vind ons eenheid in ons roeping en is uit die Bybel/Evangelie daarvan oortuig dat God dit so wil hê.

Diversiteit

Binne hierdie eenheid, vier ons ons diversiteit as God se geskenk aan ons, want ons andershede help ons om die volle omvang van God se genade en liefde beter te verstaan en te waardeer. As die een lid ly, ly al die lede saam en as die een lid geëer word, is al die lede saam bly (1 Korintiërs 12:26)

Verhoudinge

Ons wil hierdie opwindende pad met eerlikheid, deursigtigheid, integriteit en in gehoorsaamheid stap. Onderlinge verhoudings in eie geledere, asook met lidmate van ons familie van NG Kerke, sal op hierdie geloofsreis van deurslaggewende belang wees.

Uitdagings

Ons is daarvan bewus dat hierdie pad vir ons onsekerheid, seerkry en selfverloëning mag inhou, maar ons troos is dat hierdie nuwe eenheid ’n viering is van ons verbintenis aan die Drie-enige God wat in Homself vir ons 'n toonbeeld is van ware eenheid (Markus 12:29-30).

2. GESAMENTLIKE PROJEKTE EN EENHEIDSTRUKTURE OP GEMEENTE-, RING- EN SINODALE VLAKKE EN ANDER TERREINE VAN DIE KERKLIKE BEDIENING

2.1 Inleidend

Die volgende aanbevelings:

- Is bykomend tot die besluite oor gesamentlike projekte wat reeds deur Achterbergh 1 en 2, asook deur die Algemene Sinode van die NG Kerk (2007) en die Moderamen van die Algemene Sinode geneem is.
- Dit word gedoen in die lig van die baie positiewe reaksie hieroor in die terugvoering van gemeentes oor die eenheidsproses (November 2007).
- En in gehoorsaamheid aan die Skrif, waarin dit vir ons duidelik is dat die eenheid van die kerk nie net uitdrukking vind in formele kerklike strukture of kerkverband nie, maar ook in die uitvoer van ons gesamentlike roeping, ons gesamentlike getuienis, egte gemeenskap, gesamentlike aanbidding en die viering van ons eenheid in Christus.

Ons neem met groot dankbaarheid kennis van die talle voorbeelde van gesamentlike projekte en eenheidstrukture – spontaan en georganiseerd, op 'n verskeidenheid vlakke – wat reeds bestaan tussen die kerke in die NG

Kerkfamilie. Ons wil lidmate en gemeentes aanmoedig om entoesiasties hierin mee te werk en dit verder uit te bou.

2.2 Enkele riglyne

2.2.1 Gesamentlike projekte word nie as alternatief op die eenheidsproses gesien nie, maar gee juis verdere uitdrukking aan die eenheid. Dit gaan om 'n gedeelde roeping en gesamentlike bedieninge wat uitloop op eenheidstrukture op 'n verskeidenheid vlakke.

2.2.2 Die wyse waarop saamgewerk word, word bepaal deur elke besondere konteks en die aard van die projekte. Dit kan blote netwerke wees, ad hoc-projekte of spontane samewerking, maar dit kan ook op blywende ooreenkomste tussen twee of meer vennote uitloop. Dit kan ook vennootskappe met ander kerke as die NG Kerkfamilie en nie-kerklike instansies insluit.

2.2.3 Lidmate en gemeentes word aangemoedig om ter wille van die gesamentlike roeping allerlei blywende vennootskapsooreenkomste te vestig, waarin die volgende waardes in ag geneem word:

- Dit gaan om wedersydse ondersteuning in die uitvoering van 'n gesamentlike roeping.
- Vennote erken mekaar se selfstandigheid en respekteer mekaar se andersheid.
- Enige voorskriftelikheid of afhanklikheid moet vermy word.
- Deursigtigheid, eerlikheid en wedersydse vertroue is belangrike fondamente van die verhouding.
- Die vennote het inspraak in besluite; dit word op konsensusbasis tussen die vennote geneem.
- Neem tyd om na mekaar te “luister” en saam na die Skrif en konteks te luister (vgl waardes van *Seisoen van Luister*).

- In die vennootskapsverhouding gaan dit nie net om die konkrete resultate van die projek wat beoog word nie, maar veral ook om die verhouding self wat uitgebou en in stand gehou word.
- Ooreenkomste moet verkieslik op skrif wees en vennote moet bly by wat ooreengekom word (die saam skryf aan ooreenkomste gee as sodanig reeds die eerste treë in die bou van verhoudinge).

2.2.4 Gemeentes, ringe en sinodes word aangemoedig om uitvoering te gee aan bestaande besluite oor oop lidmaatskap, oop strukture op gemeente-, rings- en sinodale vlak, die oor en weer beroepbaarheid van leraars, ens.

2.2.5 Gesamentlike kerkraads-, rings- en sinodale vergaderinge, gesamentlike byeenkomste, leraars wat genooi word om oor en weer in gemeentes te preek, ensovoorts word aangemoedig.

2.2.6 Die gesprek oor die groeiende aantal lidmate, leraars, wyke, groepe en selfs gemeentes van susterkerke van die Familie wat “oorkom” na die NG Kerk, moet in alle eerlikheid met ons susterkerke gevoer word. Hierdie proses kan ook 'n oorgaan vanaf die NG Kerk na ons susterkerke inhou. Dit word as 'n spontane en positiewe proses aanvaar en aangemoedig, maar dan in oorleg met mekaar.

2.2.7 Prosesse waar gemeentes, ringe en ander kerklike strukture op ordelike wyse eenheidstrukture vorm, word aangemoedig.

2.2.8 Na aanleiding van die groter wordende aantal vakatures in gemeentes en die groeiende onvermoë om leraars te bekostig, moet daar op verskillende vlakke indringende gesprekke gevoer word oor effektiewe en volhoubare bedieningstrukture, lidmaatbemagtiging, teologiese opleiding en die deel van leraars.

3. BELYDENISGRONDSLAG

3.1 Die Drie Formuliere van Enigheid is vanselfsprekend die belydenisgrondslag van Gereformeerde Kerke.

3.2 Die Moderamen verstaan dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA en vir sommige lidmate van die NG Kerk van besondere teologiese waarde en sentiment is. Terselfdertyd besef ons, veral ook na die gemeente-konsultasies, dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie.

3.3 Die Moderamen besluit dat enige toekomstige hantering van die saak beide hierdie standpunte moet bly respekteer.

4. NUWE KERKVERBAND (MODEL)

4.1 Twee alternatiewe modelle (nl 'n bykomende sinode en 'n vervangende sinode) word na 'n Achterbergh 3 geneem vir verdere onderhandelinge met die Familie van NG Kerke.

4.2 As onvervreembare deel van albei modelle word gemeentes, ringe en sinodes van die lidkerke aangemoedig om intussen betekenisvolle vorme van eenheid op elke vlak na te streef.

4.3 Achterbergh 3 besin oor die moontlikheid om as interim-maatreël 'n Gesamentlike Sinode van die vier lidkerke te oorweeg. Die opdrag van hierdie Gesamentlike Sinode sou wees om die verdere proses van kerkhereniging te hanteer. Ons stel voor dat al die (streek)sinodes van die vier lidkerke afgevaardigdes na hierdie Gesamentlike Sinode stuur.

4.4 Die momentum van die ander Gereformeerdes in Suider-Afrika word gesoek om ons uit ons impasse te help deur die saamroep van 'n Suider-Afrikaanse Sinode van Gereformeerde kerke.

5. KOMMUNIKASIE

Die volgende voorstelle word deurgegee aan die Moderatuur, Kantoor van die Algemene Sekretaris en die Taakspan Kerklike Media:

- Ons moet seker maak dat ons weet wat ons wil sê: *Wat is ons boodskap?*
- Wanneer gaan ons sê wat ons moet sê? Wat is die besluite?
- Ons boodskap moet helder, eenvoudig en duidelik wees.
- Ons moet mense die ervaring gee dat ons hulle gehoor het.
- Na watter adres reageer mense?
- Persoonlik of skriftelik?
- Hoe kan die boodskap tot op voetsoolvlak oorgedra word?
- Sentrale kommunikasiekantoor/verantwoordelike persoon wat met streek-sinodes kommunikeer – het die kantoor van die Algemene Sekretaris die kapasiteit? Kontrakteer iemand of gebruik bestaande kapasiteit indien nie.
- Wie doen die praatwerk?
- Moderatuur kontroleer inligting.
- Tydsraamwerke – kommunikasie moet Woensdae op die laaste by sinodes se kantore wees met die oog op op hulle nuusbriewe.
- Gaan vra die kundiges: Ontwikkel 'n goeie kommunikasiestrategie.
- Huidige moontlikhede wat uitgebou moet word: DVD's, "road shows", Kerkbode, webblad, omsendskrywes, nuusblaaie, ens.
- Vestig 'n gefokuste webblad met as naam www.kerkeenheid.co.za
- Skep 'n gemodereerde "blog"
- Kommunikasie moet ook gelyktydige kommunikasie met die ander kerke van die NG Kerkfamilie wees. Gee aandag aan die skep van die kantoor waaroor Achterbergh reeds opdrag aan die Interimkomitee gegee het.

Bylae B tot Hoofstuk 2

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika
Uniting Reformed Church in Southern Africa
Algemene Sinode / General Synod
41102, Eersterust,Pretoria, 0022
☎ (012) 806 6699 generalsynod@urcsa.org.za Fax: (086) 518 2003

04 August 2008

The General Secretary
Dutch Reformed Church
General Synod
Hatfield
Pretoria

Dear Dr Kobus Gerber

APPLICATION MEMBERSHIP OF AACC

The moderamen of the URCSA General Synod has noted your request for a letter of support in your application for membership of the All Africa Conference of Churches. It is however with regret that we have to reply that in the light of on our experience of the unification talks we cannot in all honesty and with a clear conscience recommend you for membership of the AACC. Up to now the basis on which even WARC readmittance was gained, which stipulated that unification and the inclusion of Belhar Confession becomes the acid test for the departure of the DRC from apartheid made at Debrechen and reiterated in Accra has not been fulfilled. Contrary to the spirit of the Esselenpark declaration, the last communication by the DRC leadership has dashed our hopes that this issue will be resolved soon. So, we are really sorry that URCSA is not in a position to recommend your application at this time.

Yours in Christ

Rev Collin Goeiman (Scribe General Synod)
Cell no: +27 82 293 2640

Bylae C tot Hoofstuk 2

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH
Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

20 Augustus 2008

Die Algemene Sekretaris
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
Posbus 41102
Eersterust 0022

Beste Collin

AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE AACC

Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk het tydens sy vergadering van 19-20 Augustus 2008 die brief van die VGKSA, gedateer 4 Augustus 2008, waarin die NG Kerk meegedeel word dat die VGKSA nie sy weg oopsien om die NG Kerk as lid van die All Africa Conference of Churches (AACC) aan te beveel nie, in behandeling geneem.

Uiteraard het die VGKSA se antwoord ons geskok en het dit vir ons duidelik geword dat ons oor die verloop van die historiese proses verskil.

1. Volgens die brief van die VGKSA het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WARC) by Debrechen en soos herbevestig by Accra vereis dat *"unification"* en *"the inclusion of Belhar Confession"* die lakmoestoets moet wees vir die antwoord op die vraag of die NG Kerk afgesien het van apartheid.

Dit is vir ons duidelik dat die VGKSA, teen ons verwagting in, nie dink dat ons daarin geslaag het om van apartheid af te sien nie.

Die feit is natuurlik dat die NG Kerk reeds in 1998 hertoegelaat is as volle lid van die WARC en dat die WARC op dié punt ‘n ander weg gevolg het as die een in die brief van die VGKSA. WARC het duidelik aangedui wat die voorwaardes vir hertoelating was, en daaraan het die NG Kerk voldoen. WARC wys trouens in die pastorale brief aan die NG Kerk daarop dat die NG Kerk se *betrokkenheid (“engagement”)* by die proses van kerkhereniging ‘n betekenisvolle teken is van ons wegkeer van apartheid.

Ten opsigte van Belhar is die hoop uitgespreek dat ons studie daarvan ons toenemend sal help verstaan waarom ‘n status confessiones uitgeroep is, en dat ons dit in die lig daarvan in die herenigde kerk eendag kan bely. Die Algemene Sekretaris van die WARC het dit by die Algemene Sinode van 1998 duidelik gestel wat die wens van die WARC is, maar dat die WARC op geen manier ‘n belydenisskrif op ‘n lidkerk kan forseer nie. Ons heg by hierdie skrywe drie dokumente aan: (1) Die *Joint Resolution* tussen die NG Kerk en WARC, (2) die *Pastoral Letter* van die WARC, en (3) die toespraak van die Algemene Sekretaris van die WARC tydens die Algemene Sinode 1998.

2. Die Moderamen van die VGKSA maak die aanvaarding van *Belhar die toets* of die *NG Kerk afgesien het van apartheid.* Daarom bepaal die aanvaarding van Belhar, wat die VGKSA betref, ook die ekumeniese aanvaarbaarheid van die NG Kerk. As dit waar is, is die vraag of die NG Kerk die enigste ander kerk is op wie die VGKSA dié vereiste van toepassing maak. Die WARC het by die NG Kerk aangedring op die aanvaarding van ‘n *status confessiones* teen die teologiese regverdiging van apartheid (wat ons onomwonde en ondubbelsinnig gedoen het), maar toegegee (vgl pt 1 hierbo) dat ‘n geloofsbelydenis nie noodwendig uit so ‘n stap hoef te vloei nie en dat niemand gedwing kan word om ‘n belydenis te onderskryf nie.

Ons versoek die Moderamen van die VGKSA om vir ons te verduidelik wat hulle met "*the inclusion of Belhar"* bedoel. Verstaan ons reg dat die VGKSA, teen die bedoeling van Esselenpark en die bedoeling van ander ooreenkomste in (vgl die aangehegte ooreenkoms tussen die twee Moderature in Februarie 2008. Ons weet dat die VGKSA later met bepaalde voorstelle vir wysiginge hieraan gekom het wat nog nie deur die twee Moderature bespreek is nie), dit tog 'n voorwaarde vir kerkeenheid maak. Hierop vra ons 'n eenvoudige, duidelike antwoord aangesien 'n *voorwaarde* tog iets anders is as die *voorneme* om Belhar in 'n nuwe kerkverband aanvaar te kry.

Ons het per ooreenkoms met mekaar en ons lidmate aan die einde van 2007 ons gemeentes gekonsulteer. Hieruit het dit geblyk dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid gemeentes en lidmate in die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie, terwyl kerkhereniging vir die meerderheid gemeentes en lidmate belangrik is.

Volgens ons kan daar kwalik geargumenteer word dat indien lidmate nie Belhar as belydenis wil aanvaar nie dit 'n voortsetting van apartheid beteken.

3. Die VGKSA bring in hulle brief *weer* apartheid te berde. Dit is vir ons hartseer, amper onaanvaarbaar, dat die VGKSA nie erkenning gee aan die veranderinge wat wel in die NG Kerk plaasvind nie. In die NG Kerk is daar persone van kleur (indien ons nog van kleur moet praat) in al drie die besondere ampte, daar is talle gesamentlike pastorale bedieningspunte tussen die NG Kerk-gemeentes en gemeentes van die NG Kerkfamilie waar bedienings integreer is. 'n Baie groot getal van ons gemeentes het gekleurde lidmate/ gereelde erediensbywoners (twee van ons sinodes: die Vrystaat ongeveer 40% van die gemeentes en Wes-Transvaal ongeveer 50% van die gemeentes. In 'n gemeente in laasgenoemde sinode het daar byvoorbeeld onlangs 40 mense van kleur belydenis van geloof afgelê).

4. Die VGKSA oordeel dat die optrede van die NG Kerk in die herenigingsproses *"contrary to the spirit of the Esselenpark Declaration"* is. Ons sal bly wees as die VGKSA die bewering aan ons sal verduidelik aangesien ons nie oordeel dat die NG Kerk wegbeweeg het van die gees en proses wat uit Esselenpark gevloei het nie.

   By Esselenpark het die NG Kerk en die VGKSA ook ooreengekom dat die proses nie sonder die ander twee kerke moet plaasvind nie. Die Esselenpark-verbintenis het in Augustus 2006 gelei tot 'n nuwe verbondsverbintenis tussen al vier kerke van die Familie van NG Kerke: *Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerkfamilie. Versoening sal 'n onontbeerlike faset van die proses van hereniging tussen ons wees. Ons gebruik die woord "verbondsverbintenis" omdat ons onsself en die proses van eenwording onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onsself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Hom in genade aan ons verbind het dit van ons vra.*

   Al vier kerke, die VGKSA, die NGKA, die RCA en die NG Kerk, is in Bloemfontein in Augustus 2006 aanvaar as volwaardige lede van die eenheidsproses, en ons word nou almal gebind deur die *nuwe verbondsverbintenis* van Bloemfontein.

   Natuurlik sal Esselenpark altyd die gebeure wees wat gesorg het vir die deurbraak in die proses, en sal die NG Kerk dit ook altyd as sodanig koester. Daar het egter in die *gees van Esselenpark* twee ander vennote bygekom.

5. Die VGKSA stel dat hulle *"experience of the unification talks"* met die NG Kerk die rede is om die NG Kerk te weerhou om sy totale verbintenis met Afrika ook in AACC uit te leef. Dit was vir ons nuus! Ons verstaan nie waarom die gesprek nie by vorige geleenthede waar ons mekaar ontmoet het, byvoorbeeld Junie 2008, op die tafel was nie.

6. Ons het die beskuldiging gehoor dat die NG Kerk die *doelpale vir kerkhereniging verskuif*. Dit staan klaarblyklik in verband met ons konsultasieproses, die reaksie van ons gemeentes op Belhar soos persoonlik oorgedra aan die VGKSA se Moderamen in Junie 2008, asook ons voorstelle vir ‘n weg vorentoe.

   Die Moderatuur van die VGKSA beweer dat die NG Kerk ‘n ooreenkoms oor die konsultasieproses verbreek het omdat ons nie met mekaar oor die praktiese uitvoering gekonsulteer het nie. Volgens ons oordeel is by Achterbergh II ooreengekom dat die vier kerke die dokumente aan hulle gemeentes stuur vir kommentaar. Dit het ons gedoen.

   As ons gemeentes en lidmate se reaksie verskil, of uitwys dat hulle nie saamstem met ons voorstelle nie, beteken dit mos nie dat die doelpale verskuif is nie.

   Die voorstelle wat ons Moderatuur in Junie aan die Moderamen van die VGKSA oorgedra het, was bloot ‘n voorstel vir verdere onderhandelinge. Dit kan uit ons kerkregtelike verstaan niks anders wees as voorstelle nie, soos wat dit ook in ons brief weergegee is. Ons is in ‘n onderhandelingsproses as <u>vier kerke</u> met mekaar waar elkeen hulle voorstelle bring. Indien ons die uitkoms van ons konsultasie tafel toe bring, beteken dit nie ‘n verskuiwing van doelpale nie, maar is dit slegs die resultaat van ons konsultasieproses.

   Die NG Kerk het ook nog nie terugvoering van die VGKSA, die NGKA en die RCA oor hulle konsultasieproses gekry nie. Dit is vir die NG Kerk belangrik om te hoor wat die VGKSA se *gemeentes* oor die vier punte van Achterbergh II sê.

7. Dit lyk vir ons asof die VGKSA hulle weiering tot aanbeveling vir toelating van die NG Kerk by die AACC op wanvoorstellings baseer. Moderatuurslede van die VGKSA het by die WARC-gesprek op 12 Augustus 2008 dieselfde gedoen – dit was vir ons ‘n groot skok en ‘n verleentheid vir almal.

8. Die NG Kerk glo dat die eenheid in Christus dit vir ons moontlik maak om met mekaar eerlik oor knelpunte te praat. In die lig van ons geskiedenis sal dit nie ‘n geloofwaardige eenheid wees as ons nie oor ons verskille met mekaar praat nie. Ons oordeel dat sonder ‘n omgee vir mekaar se belange en ’n aanvaarding van mekaar se goeie trou kerkeenheid in die NG Kerkfamilie moeilik sal slaag.

   Ons het by Achterbergh I & II ons verbintenis tot die eenheidsproses beklemtoon en ons doen dit nou weer.

9. Ter wille van deursigtigheid in ons gesamentlike proses stuur ons die VGKSA se brief aan ons en ons antwoord daarop aan die hele Familie, nl die NGKA en die RCA. Vanweë ons verleentheid en ter wille van deursigtigheid stuur ons die twee briewe ook aan die sekretariaat van die AACC, die WARC, die GER, RESAC asook die SARK en vertrou dat hulle vir ons sal bid en moontlik kan bemiddel.

10. Hierdie brief is deur die volle Moderamen van die NG Kerk op 19-20 Augustus 2008 goedgekeur.

Vriendelike groete



Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk

DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE EN DIE NG KERK: "JOINT RESOLUTION"

"As a result of consultation with the representatives of the Dutch Reformed Church (NGK), the Executive committee believes that passage of the following *joint resolution* of this General Council in Debrecen and then by the General Synod of the DRC (NGK) in 1998 will satisfy the remaining requirement laid down by the WARC General Council in Ottawa in 1982 for lifting the suspension of that church's membership in the WARC. The resolution would become affected, restoring the right to full participation by the DRC (NGK), as soon as both parties have adopted the resolution. The Executive Committee therefore moves its adoption by this General Council and calls upon the DRC Synod also to adopt it in 1998.

Both the World Alliance of Reformed Churches and the Dutch Reformed Church express their desire to lift the suspension imposed by the 21st General Council in Ottawa, and to see the Dutch Reformed Church welcomed back into active membership with full privileges in the family of the World Alliance.

*1 As part of this action, the Alliance, meeting in Debrecen in 1997, reaffirms its repudiation of any theological justification of *apartheid* as a matter of *status confessionis* for the churches inasmuch as such a theological justification is a travesty of the gospel and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy.

*2 As part of this action, the Dutch Reformed Church through its General Synod, meeting in 1998, within the framework of the decision of WARC (par 1 above), assures the churches of the Alliance that it rejects *apartheid* as wrong and sinful not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature.

*3 WARC pledges to continue to work pastorally with the Dutch Reformed Church and other churches in Southern Africa in the process of unity and reconciliation.

*4 Upon approval of this joint resolution by both the General Council of the Word Alliance of Reformed Churches in 1997 and the General Synod of the Dutch Reformed Church in 1998, the suspension of the Dutch Reformed Church in the Alliance will be lifted."

Die besluit van die Algemene Sinode lui soos volg: Die Algemene Sinode aanvaar die gesamentlike besluit ("joint resolution") soos goedgekeur deur die WBGK met toevoeging in paragraaf nr 2 tussen die woord "apartheid" en "as wrong" die volgende omskrywing van apartheid soos gestel in die pastorale skrywe van die WBGK:

- that is, the forced separation of people of differing races denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God -

A PASTORAL LETTER TO THE MODERAMEN AND OUR BROTHERS AND SISTERS OF THE DUTCH REFORMED CHURCH (NGK)

From the 23rd WARC General Council, meeting in Debrecen, August 1997

We greet you in the name of Jesus Christ, giving thanks that the Holy Spirit has created new opportunities for restoring fellowship. Through our visits with you and through other contacts with you over recent years, we have rejoiced to see significant changes in the life of your church which place you well on the way to restoration of full fellowship with the churches of the WARC.

Of the three requirements laid down by the 21st General Council at Ottawa in 1982 for lifting of your membership suspension, we can recognize your compliance with the first two: you have opened your worship to Christians of all races and given aid to victims of *apartheid.* It has been more difficult to find unequivocal synod and moderamen resolutions rejecting *apartheid* and committing the church to dismantling this system in both church and state. Even recent statements, including *Journey with Apartheid* of May 1997, suggest that the errors and sinful actions of *apartheid* reside more in the implementation of *apartheid* than in its fundamental nature. Because the very nature of forced

separation of people of differing races denies fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God, teaching so central to the Christian faith that it cannot be denied by Christians without denying their Christian commitment, we still seek an official resolution from the DRC stating unequivocal rejection of *apartheid.* The proposed joint resolution, if approved by the DRC, would meet that last requirement.

As the officers of the Alliance indicated during the 1993 visit to South Africa, we believe that your engagement in the unification process with the Uniting Reformed Church in Southern Africa is itself a significant mark of your turning away from *apartheid.* Through that engagement and particularly your church's study of the Belhar Confession, we believe that you will continue to grow in your understanding of the reasons why the churches of the world felt it necessary to declare *status confessionis* against the theological justification of *apartheid.* We eagerly await the day when you will be able to confess the Belhar Confession with conviction as your confession as a united church. We urge your energetic engagement in the unification process so that that day of confession will come soon.

We pledge to continue to accompany you and the other churches of Southern Africa as you continue your journey towards fuller unity. May God give you wisdom, strength, and courage!

TOESPRAAK VAN DIE ALGEMENE SEKRETARIS VAN DIE WBGK OKTOBER 1998

Last year the World Alliance at the 23rd General Council in Debrecen (Hungary) adopted the Joint Resolution in the hope that this DRC General Synod 1998 in Pretoria would do the same. The decision of the General Council in October 1982 speaks about three requirements. Today we are seeking your assurance that also the third requirement was met: "An unequivocal synod resolution rejecting apartheid". Therefore the most important sentence of the Joint Resolution reads as follows: "The DRC assures the churches of the Alliance that

it rejects apartheid as wrong and sinful, not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature." This is the last hurdle on our difficult way to coming together, to overcoming separation and renewing a fruitful co-operation. There are no other conditions and new goalposts.

The General Council in Ottawa declared status confessionis regarding the situation of apartheid and its theological justification. Let me explain what the World Alliance meant by such a radical step. Status confessionis addressed a particular situation. It stemmed from the conviction that the integrity of the proclamation of the Gospel was in danger. It was and it is a call from error into truth. It brings to light an error which threatens a particular church community. However, the danger inherent in that error puts in jeopardy the integrity of proclamation of all churches. Regarding apartheid and its theological justification, the General Council in Debrecen has reaffirmed the status confessionis which was declared in Ottawa in 1982. The historic development since 1982 does not cancel the validity and relevancy of such a decision.

The status confessionis is a very radical action in Reformed tradition. In the epistle to Romans the Apostle uses several times the Greek phrase "MÉ GENOITO" - let it not be! Status confessionis is a warning and a reminder that something is so important and existential that it pertains to the very core and integrity of our faith. We want to help each other and warn each other in order not to fall into a trap. Status confessionis is like the Pauline "MÉ GENOITO" - it warns us - do not go any further. It is a red light at the crossroad or a railing over the abyss.

I am aware of the fact that many of you link the status confessionis with the Confession of Belhar. The Belhar Confession was an outcry of faith. It was a call to repentance at a particular historic moment. The Belhar Confession speaks to specific problems in this country but especially in the present struggle for justice it has wider implications for the Church Universal. Like the Declaration of Barmen has become a symbol of the church struggle against the perverted doctrines of the pro-Nazi movement "German Christians", in a similar way the

Confession of Belhar is a symbol of a Christian struggle against apartheid and its theological under-pinning. I commend your church that in the process of unification with the Uniting Church and Reformed Church in Africa you have taken up the Belhar Confession and you have studied it in your congregations, presbyteries and regional synods. I rejoice in the fact that many of you are ready to say that you accept the substance of the Belhar Confession. However, you are not in a position to accept the Belhar Confession as the addition to your three classical confessional statements.

I respect your position. Early in its history, 120 years ago, the World Alliance of Reformed Churches has rejected the idea of having one confession or to write a new common confession. Therefore we are not authorised and entitled to impose any particular confession on any of our member churches. We have no authority and no intention to force you to adopt the Confession of Belhar. If you accept the Joint Resolution of Debrecen - I repeat - tomorrow there will be no additional conditions and additional goalposts.

Die uitdrukking "status confessionis" beteken nie as sodanig dat dit tot 'n formele belydenisskrif moet lei nie. Die woorde: (die NG Kerk) "... rejects apartheid as wrong and sinful not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature" is al 'n belydenis wat vanuit 'n geloofsperspektief gedoen word.

CLARIFICATION BY URCSA AND DRC MODERATURES

The Moderatures of the URCSA and the DRC met on 7 February 2008 at the *Bybelhuis* in Kempton Park to strengthen relationships and discuss matters between us concerning church reunification.

Both Moderatures stated that the relationship between the URCSA and the DRC is informed by our common covenanting for unity as agreed on at Esselen Park in June 2006.

With regard to certain issues raised in the press concerning the position of the Confession of Belhar and the model of unity, we want to reiterate the following as agreed on at the Achterbergh II Consultation:

= Belhar should not be a precondition for church unity. In a new *kerkverband* Belhar will be included in the confessional basis as a fourth confession, but it will not be expected of members and ministers who are not ready or willing to underwrite (accept) it as a confession.

= We understand that the best legal way to form one *kerkverband* is to start by forming one new General Synod by the existing Churches of the Family. What must then follow as an essential part of the process is an organic and voluntary process by which regional synods and presbyteries form new regional structures in the way proposed by the new Church Order of the new General Synod. In a reformed church, congregations are legal entities in themselves and keep their responsibility regarding decision making and ministry. The General Synod does not prescribe to congregations on how to do their ministry. Congregations can, where they so choose, form one structure, but will not be forced into one structure.

We encourage our synods, presbyteries and congregations to pray for and work towards our joint calling and our journey towards one *kerkverband.*

Bybelhuis, Kempton Park

7 February 2008

Bylae D tot Hoofstuk 2

The complete decision of URCSA on the process of Church Unity

The General Synod of the Uniting Reformed Church in Southern Africa, meeting in Hammanskraal (September 29 to October 5, 2008),

Affirms

1. The call for the unity of the church of Jesus Christ and especially at this time of the Dutch Reformed Church family as a call to obedience and a response to the prayer of Jesus Christ (Jn. 17) which the church desires to fulfil with all our heart.
2. This call to unity, reconciliation and justice as inescapable gift and obligation laid upon us by the Confession of Belhar.
3. Our continuing commitment to this unity as expressed in the decisions and actions of successive synods of this church at both general and regional synod level and as expressed also by the constant efforts towards unity at the level of presbyteries and commissions of the church and congregations on the basis of our common acceptance of the Confession of Belhar wherever possible.
4. Our desire that the unity of our churches of the Reformed family in South Africa should be expressed in organic unity reflective of the Presbyterial model and be structurally recognisable and spiritually strong.
5. Our firm conviction that the Confession of Belhar should be part of the confessional basis and identity of the newly formed denomination.

Takes cognisance of

1. The 2004 DRC General Synod decision which read: "…N VERENIGENDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES. Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die

organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar" and the challenge put to URCSA by the said synod to respond accordingly;

2. The consistent endeavours toward church unity as reflected in the efforts of the church since 2005, namely Esselen Park (2006), Bloemfontein (2006), and Achterbergh I and II (2006 and 2007), as well as in the reports from regional synods, and thanks the moderamen, the general Synodical Commission and the regional synods for the hard work;

3 The reports emanating from the General Synod of the DRC (2007) and of the "Resolutions of the Moderamen (expanded) on Church Reunification" (11-12 June 2008) where the view is expressed that while the Confession of Belhar "has significant value and sentiment for URCSA and some members of the DR Church", for the "majority member and congregations of the Dutch Reformed Church the Confession of Belhar is not acceptable as fourth confession". (3.2)

4. The fact that as regards a model for unification, the expanded moderamen proposes that "Achterbergh III deliberates about the possibility to consider, as an interim measure, a joint synod of the four member churches" with all four member churches send representatives to this "Joint Synod".

Declares

1. With deep distress that these latest decisions of the DRC represent a disturbing departure from our understanding reached at Esselen Park and the "Points of Consensus" reached at the Achterbergh consultations. These decisions renew the rejection of the Confession of Belhar as part of the confessional basis of the new united church to which we aspire.

2. With sadness that this remains the case even after the substantial concession on the manner in which the Confession of Belhar should be

approached made by the URCSA General Synodical Commission at the Esselen Park meeting in 2006.

3. With deep disappointment that neither in the decisions of the DRC General Synod, nor in the most recent resolutions of the Expanded Moderamen has the "Covenant Toward Church Unity" as formulated and accepted at Esselen Park, and put before, and accepted by the regional synods of URCSA as a new, common theological basis for church union, featured in any recognisable way;

4. That by reintroducing the Confession of Belhar as a matter of political contention and the most visible and most objectionable barrier to church unification, the DRC is in significant variance with its own decision regarding the Confession of Belhar and the confessional basis of the new united church;

5. And that by this action the DRC has in effect turned away from the "Covenant toward Church Unity" agreed upon at Esselen Park and has invalidated the grounds upon which URCSA has taken its decision on Belhar as a gesture of reconciliation and obedience;

6. That the proposed model of unification, the so-called "Joint General Synod" has nothing in common with the model of organic unity according to Presbyterian principles proposed by URCSA and until now the model under discussion accepted by the DRC; is in fact a revamped "federal model" URCSA has consistently rejected over the years. It is a model that accepts, and reinforces the racially divided nature of our Dutch Reformed churches and represents a fundamental denial of what URCSA stands for and is expressed in the Confession of Belhar and our understanding of Reformed Ecclesiology.

Therefore Synod decides:

1. That such decisions place an unbearable burden on the integrity of the church and bring into question our deepest held convictions on the call of

the Gospel with regard to the unity of the church and our faith as expressed in the Confession of Belhar;

2. That the Confession of Belhar is not just of “sentimental value” but is an irreplaceable gift to the church of Jesus Christ in this country and abroad as well as an authentic expression of Reformed theology for our times and contexts and as such honoured and accepted by churches in the Reformed family across the world;

3. That the conviction of the church remains that the Confession shall not be forced upon anyone and should be willingly and gratefully accepted by those convicted by the truth that it embodies;

4. That the General Synod puts a moratorium on the re-unification talks between the URCSA and DRC until the DRC is serious committed and ready for unity talks. General synod mandates the executive to invite WARC to come and facilitate the process of re-unification of these churches who are members of WARC. This request is based on the letter of WARC dated 11/08/08.

5. That inasmuch as the same convictions are held by the DRCA and the RCA this decision holds for those two churches as well;

6. That the faith, courage and work of regional synods, presbyteries, commissions of the church and local congregations be respected and honoured by encouraging them, where all efforts towards unification are done in faith and with integrity, in obedience to the call of Christ and on the basis of the acceptance of the Confession of Belhar, to continue with these efforts; to thereby remain signs of hope, reconciliation and love to the fulfilment of justice, the edification and witness of the church and the glory of God.

7. The Synod requests the Moderamen to call for a public occasion where members and ministers of the DRC and the rest of the DRC Family can publicly support, identifies with and undersigns the confession of Belhar.

We propose this as a way to continue meaningful progress with regard to church unification as URCSA understand it. This will open new possibilities for our walking this road together.

The General Synod then also decided:

The General Synod asks the Moderamen to draw up a resolution to be submitted to the DRC with regards to the greetings brought by their moderator, Prof P Strauss. In this resolution Synod expresses our total disappointment in the way these greetings has been conveyed with special reference to the personal attack on our Moderator, prof T Kgatla. These greetings undoubtly had a negative impact on our synod's discussion on the issue of unity with the DRC.

It is our humble conviction that the DRC should repudiate prof Strauss as their official representative for the manner in which these greetings has been conveyed.

Bylae A tot Hoofstuk 3

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERKEN VERENIGINGS AKTE 23 VAN 1911

LET WEL: Hierdie Wet is in die geheel herroep deur Artikel 17 van die "Academy of Science of South Africa Act 67 van 2001, wat in werking sal tree op ’n datum wat die President by proklamasie in die Staatskoerant bepaal.

[GOEDGEKEUR OP 25 APRIL 1911]
[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 12 ME1 1911]
(Deur die Goewerneur-generaal in Hollands geteken)

PRIVATE WET

Om de Vereniging met elkander van de Nederduits Gereformeerde Kerken, bestaande in de verschillende Provincieën van de Unie van Zuid-Afrika, te wettigen, en verdere voorziening te maken met betrekking tot de Verenigde Kerk.

NADEMAAL het wenselik is, dat de onderscheidene Nederduits Gereformeerde Kerken, bestaande in de verschillende Provincieën van de Unie van Zuid-Afirika, te weten, in de Kaap de Goede Hoop, Natal, Transvaal en de Oranje Vrijstaat of twee of meer ervan, gemachtigd zullen worden om zich met elkander te verenigen;

EN NADENMAAL der verschillende Synoden van de voorzegde Kerken alreeds besluiten ten gunste van zodanige vereniging aangenomen hebben;

EN NADEMAAL er verschillen zouden kunnen ontstaan in geval de gezegde Kerken zich als voorzegd verenigden zonder een Akte van het Parlement, verklarende dat de gezegde kerken afzonderlik het recht bezitten om tot zodanige vereniging toe te treden;

EN NADEMAAL het noodzakelik is de rechten van de gezegde Verenigde Kerk na zodanige vereniging te handhaven en te verklaren, in en op eigendom,

tevoren gevestigd in en in het bezit van de voorzegde Nederduits Gereformeerde Kerken als tans bestaande, of de ene of andere van die, of Synoden, Kerkeraden of Gemeenten daarvan;

EN NADEMAAL het dienstig is de Synode of Algemene Vergadering van de Verenigde Kerk, te worden samengesteld uit de onderscheidene voorzegde Kerken of twee of meer ervan, na de vereniging als voorzegd, het recht, de aanspraak en het gezag te verlenen om te eniger tijd hierna en van tijd tot tijd de konstitutie en samenstelling van de gezegde Synode te regelen, te veranderen of te verminderen, en om Provinciale Synoden te vormen, onderworpen aan het gezag van de Algemene Synode of Vergadering;

EN NADEMAAL het dienstig is in het geval van zodanige vereniging als voorzegd, de status, wat lidmaatschap van de kerk betreft, vast te stellen van gekleurde personen, leden zijnde van de Nederduits Gereformeerde Kerk in de Provincie van de Kaap de Goede Hoop, die zich in de ene of andere van de andere Provincieën van de Unie bevinden mogen, of voor het geval dat zij daar wonen of gaan wonen, en om het gebruik en de voorzieningen in zwang en heersende in zodanige andere Provincieën voort te zetten en te handhaven betreffende de voorzegde personen;

EN NADEMAAL het wenselik is, de gezegde kerk verenigd als voorzegd macht en gezag te verlenen om zich buiten de limieten van de Unie van Zuid-Affilca uit te breiden;

1 Het Synodaal besluit ten gunste van verenging aan iedere kerkraad toe te zenden

Na de promulgatie van deze Akte zal de Moderatuur van elk der Synoden van de Nederduits Gereformeerde Kerken, die tot de vereniging toetreden, aan de Kerkeraad van iedere gemeente van de Kerk vertegenwoordigd door zodanige Moderatuur een kopie van deze Wet te zamen met het besluit toezenden aangenomen door de Synode waaronder zodanige gemeente sorteren moge, ten gunste van de vereniging van zodanige kerk met de andere kerken in zodanig besluit gespecificeerd, ten einde dat zodanige Kerkeraad zodanig besluit in

overweging neme en daarover en daaromtrent besluiten moge op een behoorlik bijeengeroepen vergadering.

2 Synode gemachtigd om besluit te bevestigen en naam van de verenigde kerk te verklaren

Zodra niet minder dan drie-vierden van de gezegde Kerkeraden de gezegde Moderatuur van de Synode van hun kerk van hun goedkeuring van het gezegde besluit hebben onderricht, na ten gunste daarvan besloten te hebben door meerderheid van stemmen op een behoorlik bijeengeroepen vergadering, zal het wettig zijn voor de gezegde Synode bij besluit, aangenomen door een meerderheid van minstens drie-vierden van de leden alsdan en aldaar tegenwoordig op een behoorlik bijeengeroepen vergadering:

(a) Om het besluit tevoren als voorzegd aangenomen te bevestigen;

(b) Na toestenuning tevoren verworven met behoorlik gemachtigde vertegenwoordigers van de andere gezegde Nederduits Gereformeerde Kerken, of enige ervan welke van plan zijn zich als voorzegd te verenigen, de naam te verklaren die gezegde verenigde kerk dragen zal.

3 Bekendstelling van besluit door Goeverneur-generaal

Zodra de onderscheidene maatregelen, waarop in de voorgaande paragraaf bedoeld wordt, genomen zijn, en de voorgenomen vereniging, wat de zich verenigende kerken betreft, ten uitvoer gebracht is, zal het de plicht zijn van de gezegde Synode, handelende door de Moderator en de Skriba, of door de persoon of personen alsdan als zodanig agerende, aan de Goeverneur-generaal voor bekendstelling toe te zenden een afschrift van gezegd besluit, getekend door de voomoemde Moderator en Skriba, of door de persoon of personen alsdan als zodanig agerende, en daarop zal en mag het wettig zijn voor de Goevemeur-generaal om hetzelve door Proklamatie in de Gazette bekend te stellen, en in en door zodanige Proklamatie de gezegde verenigde kerk de naam toe de kennen en die vast te stellen, als tevoren aangenomen en verklaard door de onderscheidene zich verenigende kerken, als de naam van de nieuwe

verenigde kerk welke dan ontstaat, en gezegde naam zal voor alle wettelike en kerkelike doeleinden de naam zijn van de gezegde verenigde kerk:

Geen bekendstelling zal plaats hebben op verzoek van een Synode alleen

Mits dat het niet verplichtend zal zijn voor de Moderator en Skriba, of voor de persoon of personen alsdan als zodanig agerende, om zodanig ondertekend afschrift van gezegd besluit aan de Goeverneur-generaal toe te zenden, totdat zij overtuigd zijn dat een dergelijk goedkeurend besluit behoorlik aangenomen is door de Synode van minstens nog een van de gezegde andere kerken, noch ook zal zodanige Proklamatie als voorzegd uitgevaardigd worden totdat er bewijs geleverd is aan de Goeverneur-generaal dat de Synode van minstens nog een van de gezegde kerken eveneens behoorlik ter bekendmaking als voorzegd opgezonden heeft een behoorlik gecertificeerd afschrift als voorzegd van een dergelik besluit door zodanige Synode aangenomen.

4 (a) Herroeping van Ordonantie 7 van 1843 en Akte 9 van 1898 (Kaap) en Wet 36 van 1909 (Natal)

Op en na de voorzegde bekendstelling door de Goeverneur-generaal en ingeval de Nederduits Gereformeerde Kerk in de Provincie Kaap de Goede Hoop een van de verenigende kerken is, genoemd in de Proklamatie van de Goeverncur-generaal zullen Ordonantie 7 van 1843 (van de Kaap de Goede Hoop) getiteld "Een Ordonantie tot het herroepen van de kerkregulaties van de 25ste Julie 1804, en het vaststellen van andere in derzelver plaats", en "De Emendatie Akte der Nederduits Gereformeerde Kerk, 1898" en Ordonantie 16 van 1845, getiteld een "Ordonantie ter wijziging van Ordonantie 7 van 1843" herroepen worden en zijn, behalve wat aangaat handelingen gedaan, rechten verworven, of verantwoordelikheden aangegaan voor datum van zodanige Proklamatie met dien verstande echter dat artikel twee van gezegde Ordonantie 7 van 1843 mits deze niet herroepen wordt. In geval de Nederduits Gereformeerde Kerk in de Provincie Natal een van de verenigende kerken in de Proklamatie van de Goeverneur-generaal genoemd is, wordt Wet 36 van 1909, van de Kolonie Natal mits deze herroepen.

(b) Zekere wetten, reglementen en regulatles van kracht te blijven

De wetten, reglementen en regulaties, anders dan de voorzegde Ordonantie en Akte, behoorlik en afzonderlik van kracht bij het in werking treden van deze Akte in elk van de gezegde zich verenigende kerken, zullen behalve in zover zij in strijd of onbestaanbaar mogen zijn met enige van de voorzieningen van deze Akte, van kracht blijven in en voor de kerken, welke zij respektievelik betreffen, tot door de gezegde verenigde kerk behoorlik andere voorziening gemaakt is in de plaats ervan.

(c) Civiele rechten bewaard

Al de civiele rechten tevoren bezeten door of behorende aan ieder van de gezegde Nederduits Gereformeerde Kerken, die zich verenigen, en betreffende de Nederduits Gereformeerde Kerk van de Kaap Kolonie, inter alia, door de gezegde Ordonantie en de gezegde Akte bepaald en verzekerd, zullen het eigendom zijn van en bezeten worden door de Verenigde Kerk als voormeld; en zodanige Verenigde Kerk zal eveneens verantwoordelik staan voor de plichten, tans rustende op elk van de gezegde kerken.

(d) Eigendomsrechten in wie gevestigd

Alle rechten van, op en betreffende eigendomsrecht, bezit of administratie van eigendom tevoren behorende aan en gevestigd in elk van de voormelde verenigende kerken, of de Synode, of enige Ring of Kerkeraad daarvan, zullen gevestigd zijn, en worden beschouwd als wettig gevestigd te zijn in de Synode, Ringen en Kerkeraden van de Verenigde Kerk, en de naam van de Verenigde Kerk zal vervangen, en beschouwd worden te vervangen, de naam van elk van de gezegde kerken op dezelfde wijze en met hetzelfde gevolg, in al de bovengenoemde gevallen, alsof zodanige vervanging in ieder geval letterlik en wezenlik plaats gevonden hadde.

Mits:

(1) De Oranje Vrijstaat Predikanten Sustentatiefonds en Grey College Fonds blijven voor gebruik van belanghebbende gemeenten

Dat het Predikanten Sustentatiefonds van de Nederduits Gereformeerde Kerk, in de Oranje Vrijstaat Provincie zoals het bestaat ten tijde van boven genoemde Proklamatie van de Goevemeur-generaal en eveneens een dergelijk fonds behorende aan gezegde kerk en bekend als het Grey College Fonds, zoals het op gezegde datum bestaat, respektievelik zijn en blijven zullen voor het gebruik en de doeleinden van de gemeenten van de Nederduits Gereformeerde Kerk, vervat in de Verenigde Kerk hierin bedoeld en zijnde binnen gezegde Provincie, en

(2) Eigendommen besturende bij een ring of kerkeraad blijven alzo berusten

Dat alle eigendommen, fondsen en begiftigingen berustende bij een Ring of Kerkeraad als voomoemd of bij een ander kerkelik lichaam, en niet onder beheer van de respektieve Synoden van de verenigende kerken het eigendom van gezegde respektieve lichamen blijven zullen en onder derzelver bestuur berusten zullen.

5 Grondbrieven van eigendom. Transport van eigendom

Wanneer en nadat zodanige vereniging als voorzegd teweeggebracht is, zal het niet noodzakelik zijn de grondbrieven van of met betrekking op enig eigendom van de gezegde verenigde kerk te veranderen of te laten veranderen, doch in geval van en met betrekking tot enig transport van zodanig eigendom, dat plaats vinden zal na zodanige vereniging als voorzegd, zal zodanige transport gemaakt worden in de naam of ten gunste van de naam of namen gesubstitueerd of beschouwd zijnde als gesubstitueerd als voorzegd.

Transvaalse gemeenten

Mits dat het wettig zijn en blijven zal voor de onderscheidene gemeenten van de voorzegde kerk in de Transvaal met betrekking tot enig transport van eigendom, dat plaats vinden mag na de gezegde vereniging, voor doeleinden van

beschrijving en registratie zich te houden aan en te gebruiken de naam of namen van de gemeente, tevoren behorende aan en gebruikt door zodanige gemeente.

6 Rechtsgedingen door en tegen personen bij wie kerkelik eigendom berust

Het zal wettig zijn voor de persoon of personen in wie, volgens de wetten, reglementen en regulaties van enige van de gezegde zich verenigende kerken alsdan respektievelik het eigendomsrecht of de administratie van gebouwen, landen, fondsen, gelden, goederen of effekten, aan de ene of andere gemeente of Kerkeraad of aan de Synode of Algemene Vergadering behorende, respektievelik gevestigd zal zijn te dagvaarden of gedagvaard te worden in alle rechtsgedingen en processen betreffende enige zaak of aangelegenheid door enige zodanige beambte of beambten respektievelik bezeten of bestuurd, alsof dezelve zijn of hun privaat eigendom ware, en in enige kriminele zaak mag het eigendomsrecht van enige van de zaken of aangelegenheden voorzegd beschouwd worden gevestigd te zijn in de persoon of personen, die in enige civiele zaak of geding zou of zouden kunnen dagvaarden of gedagvaard worden met betrekking daartoe.

7 Kerkleer en bestuur

De gezegde Verenigde Kerk zal zijn en blijven een kerk, welke zijn tucht en bestuur door middel van Kerkeraden, Ringen, en een Synode of Algemene Vergadering uitoefent, en welke erkent, aanneemt en belijdt, wat zijn leer aangaat, de leerstellingen vervat in de Geloofsbefijdenissen en Formulieren van Eenheid, namelik, de Nederlandse Geloofsbelijdenis (Confessio Belgica), de Heidelbergse Katechismus en de Leerregels van Dort, door de Synode van Dordrecht in 1618 en 1619 goedgekeurd en bekrachtigd; en indien er enige geschillen of verdeeldheden over kerkbestuur, tucht of leer ontstaan mochten, na de stichting van de gezegde Verenigde Kerk, tussen enige leden of zogenaamde leden van de gezegde kerk of van de ene of andere gemeente, Kerkeraad, Ring, of Synode, of Algemene Vergadering daarvan, zo zullen zodanige personen, die respektievelik gezegde tucht en bestuur en de leer der voornoemde Belijdenissen en Formulieren aanhangen en belijden, beschouwd en gehouden

worden als, tegengesteld aan alle personen, die enige andere tucht, bestuur of leer aanhangen of belijden, te zijn de ware gemeente, Kerkeraad, Ring, of Synode of Algemene Vergadering, naar het geval moge zijn, van de voormelde kerk, en als zodanig gerechtigd tot het bezit en genot van alle fondsen, begifligingen of ander eigendom, of andere rechten, volgens wet behorende aan de voormelde kerk, of aan de gemeente, Kerkeraad, Ring, of Synode of Algemene Vergadering, waarin enige zodanige geschillen of verdeeldheden zullen zijn ontstaan:

Behoudens nochtans -

(a) De verklaring van de Synode ten opzichte van leerstellingen is finaal

Dat in elk geval, waarin de Synode of de Algemene Vergadering van de voorzegde Kerk zal verklaren, of zal hebben verklaard, door besluit te dien opzichte reeds aangenomen, dat de ene of andere biezondere leerstelling (of leer) of onderwerp van leer of verklaring van leer, hetzij dezelve dan al of nict een zaak van tweestrijd is, in overeenkomst of tegenstrijdig is (naar het geval zijn moge), met de leer van de Kerk zoals in deze paragraaf uiteengezet de verklaring van de Synode te dien opzichte finaal zal zijn, en in alle Gerechtshoven als beslissend en onweerlegbaar bewijs aangenomen zal worden van wat de leer van de Kerk uitmaakt met betrekking tot de leer of de verklaring van de leer, welke het onderwerp is van zodanige verklaring als voorzegd.

(b) Macht van Synode om samenstelling van Synode, enz., te veranderen

Dat het wettig zal en mag zijn voor de Synode van de voormelde Verenigde Kerk te eniger tijd hierna, indien en wanneer dezelve het passend en voegzaam achten zal zulks te doen, de konstitutie en samenstelling van de Synode ervan te veranderen door het aantal leden te beperken die dezelve bijwonen, en aldus voorziening te maken voor een "Synodus Contracta" en door het stelsel te veranderen of te wijzigen, volgens hetwelk leden naar zodanige Synode gezonden of gedeputeerd worden, of door voorziening te maken voor het opnemen in zodanige Synode (hetzij als tevoren

samengesteld of als veranderd als voorzegd) van andere personen als leden, zijnde personen van een stand tans geen zitting hebbende in enige van de Synoden van die voorzegde kerken, of door alle of enige van de bovengemelde middelen of op enige andere wijze, welke hij passend of voegzaam achten zal; en die handeling van die gezegde Synode met betrekking tot enige zodanige verandering of wijziging als voorzegd, behoorlik uitgevoerd overeenkomstig de wetten, reglementen en regulaties indertijd ten opzichte daarvan van kracht, zal niet in diskrediet kunnen worden gebracht noch ook in twijfel getrokken in enig Gerechtshof op grond van schending van gevestigde of andere rechten, of afwijking van vroeger gebruik of usance, of op enige andere grond hoegenaamd; en er wordt hiermede uitdrukkelik verklaard, dat zodanige Synode aldus veranderd of gewijzigd als voorzegd in enig opzicht als voorzegd voor alle doeleinden, zowel wettelik als andere, beschouwd zal worden als de behoorlik gekonstitueerde en eigenlike Synode van de gezegde Verenigde Kerk;

(c) Macht om provinciale Synode te vormen

Dat het voorts wettig zal zijn voor de Synode of Algemene Vergadering van de voormelde Verenigde Kerk, indien dezelve het te eniger tijd passend en voegzaam achten zal zulks te doen, voorziening te maken voor het in het leven roepen en konstitueren van Provinciale Synoden binnen zodanige territoriale limieten, voor zodanige doeleinden, met zodanige samenstelling, konstitutie en machten, en onderworpen aan zodanige regulaties en beperkingen als verklaard, gedelegeerd en bepaald moge worden door de voortnelde Synode, of Vergadering te eniger tijd behoorlik bijeengekomen en wettig handelende volgens zijn wetten, reglementen en regulasies.

8 Macht van de Verenigde Kerk om zich buiten de limieten van de Unic uit te breiden
Vertegenwoordigers van gemeenten buiten zodanige limieten

Niettegenstaande iets in deze Akte of in enige andere bestaande Wet vervat, zal de Verenigde Kerk niet beschouwd worden als beperkt te zijn tot de limieten van

de Unie van Zuid-Affilca, maar kan door wetten, reglementen of regulaties, van tijd tot tijd wettiglik gemaakt, zich buiten de gezegde limieten uitbreiden, en gemeenten inlijven of insluiten buiten de gezegde limieten, welke zijn leerstellingen en belijdenissen nakomen, en kan tot het verzekeren en kontroleren van zodanige uitbreiding door zodanige wetten, reglementen of regulaties voorziening maken voor die toelating tot enige van zijn behoorlik gekonstitueerde Vergadering van vertegenwoordigers van gemeenten, die buiten de gezegde limieten aanbidden en het voorzegde nakomen, behoudens dat iedere gemeente aldus vertegenwoordigd, en eider lid of iedere vertegenwoordiger ervan, in alle opzichten zich zal onderwerpen, en zich gedragen naar, en zich houden aan de konstitutie, wetten, reglementen en regulaties van de gezegde kerk, alsof zodanige gemeente binnen de gezegde limieten aanbad.

9 Status van zekere gekleurde leden omschreven

Geen kleurling, lid zijnde van de Nederduits Gereformeerde Kerk van de Kolonie of Provincie Kaap de Goede Hoop zal gerechtigd zijn om kragtens zodanig lidmaatschap of het passeren van deze Akte of van de vereniging daaroor teweeggebracht, aanspraak te maken op lidrnaatschap van de Verenigde Kerk in geval hij zich bevindt, of woont of gaat wonen in de ene of ander der aangrenzende Provincieën en zolang hij buiten de grenzen van de Provincie van de Kaap de Goede Hoop blijven zal; maar zijn status wat zijn lidmaatschap aangaat zal dezelfde zijn als en geregeld en bepaald worden door de status van kleurlingen wat zodanig lidmaatschap aangaat in zodanige van de andere Provincieën binnen de Unie als waarin hij zich bevindt of woont of gaat wonen: Mits dat voor de doeleinden van deze paragraaf de “Provincieën beschouwd zullen worden dezelfde grenzen te hebben als de Kolonieën", welke afzonderlik de Unie samenstellen gelijk in het begin aangegeven.

10 Macht van Synoden om reglementen, enz., te veranderen of te verbeteren

Het zal wettig zijn voor de Synode of Algemene Vergadering van de gezegde Verenigde Kerk, van tijd tot tijd behoorlik bijeenvergaderd en wettig handelend in

overeenstemming met zijn wetten, reglementen of regulaties om toe te voegen aan, te vernietigen, te veranderen, uit te breiden en te verbeteren enige van de wetten, reglementen of regulaties alsdan en tevoren in werking en van kracht; mits dat enige wet, reglement of regulatie van de gezegde Synode, of Algemene Vergadering tegenstrijdig of onbestaanbaar met enige van de voorzieningen van deze Akte van nul en gener waarde zal zijn.

11 Verklaring van zekere termen

Voor de doeleinden van deze Akte zullen de volgende termen de betekenissen hebben, hierin respektievelik aan dezelve toegekend, behalve wanneer door het verband anderszins vereist:

(a) De uitdrukking **"Nederduits Gereformeerde Kerk"** zal insluiten de Nederduits Gereformeerde Kerken in de Provincie Kaap de Goede Hoop, Oranje Vrijstaat en Natal en de Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Transvaal en enige seminarie, kollege, school of andere inrichting behorende aan of bestuurd door enige van de Nederduits Gereformeerde Kerken, welke tot de vereniging toetreden, als in deze Akte beoogd.

(b) De uitdrukking **"rechten"** zal insluiten machten, privilegieën en immuniteiten.

(c) De uitdrukking **"eigendom"** of **"eigendommen"** zal insluiten alle gebouwen, landen, fondsen, gelden, goederen, effekten, baten, of aanspraken op eigendom, of rechten van handeling, van welke soort ook, hetzij in bezit of verwachting, niets uitgesloten: en zal eveneens insluiten enige eigendom gehouden door, of beheerd ten behoeve van, of voor de doeleinden van enige school, schema, of zending, of biezonder doel van de gezegde zich verenigende kerken of de ene of andere van die, of enige betaling of subsidie tevoren en nu nog betaalbaar aan of voor enige predikant, beambten, of doeleinden van de gezegde kerken, of enige derzelve, uit enige Koloniale schatkist of uit enige publieke schatkist van de Unie van Zuid-Afirika.

(d) **"Synode"** zal, in het geval van het vormen van Provinciale Synoden, beschouwd worden te betekenen de oorspronkelike en machtigende Synode van de voorzegde Verenigde Kerk, als onderscheiden van enige Provinciale Synode.

12 Inwerkingtreding van Wet

Deze Akte zal in werking treden op bekendmaking daarvan in de Gazette, en de vereniging daarin voorgesteld, en de Verenigde Kerk waarvoor daardoor voorziening gemaakt wordt, zullen ontstaan en in werking treden en van kracht zijn, en voor alle doeleinden wettelik erkend worden op en na de Proklamatie door de Goeverneur-generaal waarnaar hierintevoren in paragraaf drie hiervan is gereferreerd.

13 Titel van Wet

Deze Akte kan aangehaald worden als de Nederduits Gereformeerde Kerken Verenigings Akte, 1911.

WYSIGINGSWET OP DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS 33 VAN 1965

[GOEDGEKEUR OP 1 APRIL 19651
[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 7 APRIL 1965]
(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959.

1 Vervang artikel 4 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959.

2 en 3 Wysig onderskeidelik artikels 5 en 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959.

4 Kort titel

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1965.

WYSIGINGSWET OP DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS 22 VAN 1968

[GOEDGEKEUR OP 15MAART1968]
[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 27 MAART 1968]

(Tensy anders vermeld)

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959, om voorsiening te maak vir die samestelling van onderkomitees van die raad van die Akademie, vir die indeling van die Akademie in fakulteite, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan; om sekere rade van die Akademie wettig te verklaar; om die verkiesing van lede van die Akademie wettig te verklaar; en om die statute van die Akademie geldig te verklaar.

1 Woordbepalings

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959 (Wet 54 van 1959) (hieronder die Hoofwet genoem), 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf.

2 Wysig artikel 5 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959, deur subartikels (2) (g) en (2) (h) in te voeg (datum van inwerkingtreding: 1 November 1967).

3 Wettigverklaring van sekere rade van die Akademie

Elke raad wat in die jare 1961, 1963, 1965 en 1967 op 'n vergadering wat 'n algemene vergadering van die lede van die Akademie heet te gewees het, verkies is om as die raad van die Akademie te dien, word vir die tydperk waarvoor elk sodanige raad aldus verkies is, geag die volgens die statute verkose raad van die Akademie te gewees het of, na gelang van die geval, te wees.

4 Wettigverklaring van die verkiesing van lede van die Akademie

Al die persone wat voor die inwerkingtreding van hierdie artikel tot lede van die Akademie verkies is by 'n verkiesing wat 'n verkiesing van lede van die Akademie heet te gewees het en wat by daardie inwerkingtreding nog lede van die Akademie is, word geag behoorlik ooreenkomstig die statute verkies te gewees het.

5 Geldigverklaring van die statute van die Akademie

Die statute van die Akademie wat by Goewermentskennisgewing 2099 van die nege-en-twintigste dag van Desember 1967 in die Staatskoerant afgekondig is, word hierby geldig verklaar.

6 Kort titel

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1968.

WYSIGINGSWET OP DIE SUID-AFRI1CAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS (VOLKSRAAD) 40 VAN 1991

[E1E SAKE: VOLKSRAAD]

[GOEDGEKEUR OP 8 APRIL 1991]
[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 17 APRIL 1991]

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959, ten einde die oogmerke, bevoegdhede en werksaamhede van die Akademie uit te brei; en te bepaal dat sekere orders, kennisgewings of ander stukke ook deur die hoofsekretaris onderteken kan word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

1 en 2 Vervang onderskeidelik Artikels 4 en 5 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959.

3 Wysig artikel 7 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959 deur subartikel (2) te vervang.

4 Kort titel

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Volksraad), 1991.

Bylae B tot Hoofstuk 3

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer: 799/96

In die saak van:

DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA Applikant

en

M D KAMBULE Eerste Respondent
EN 160 ANDER Tweede tot Eenhonderd twee-en-sestigste Respondente

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (ORANJE-VRYSTAAT) Eenhonderd Drie-en-Sestigste Respondent

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA PHORORO Eenhonderd Vier-en-Sestigste Respondent

AANGEHOOR 0P: 1 EN 2 AUGUSTUS 1996

UITSPRAAK DEUR: VAN COLLER, R

UITSPRAAK GELEWER OP: 5 SEPTEMBER 1996

Op 14 April 1994 en te Belhar, Kaapstad het twee lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie verenig tot een kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika (NGSK) het verenig en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het tot stand gekom. Hierdie kerk is die applikant in hierdie aansoek.

Daar was egter gemeentes en leraars van die NGKA wat nie tevrede was met hierdie samesmelting nie. Vergaderings tussen verteenwoordigers van die applikant en van die ontevrede leraars is gehou maar hulle kon nie hul probleme uitstryk nie. Van die ontevrede leraars het in 1995 besluit om ‘n sinode van die

NGKA (OVS) op 27 September 1995 te Parys byeen te roep. Op 12 September 1995 het die dagbestuur van die applikant ongeveer 120 persone uit Vrystaatse gemeentes in Bloemfontein ontmoet. Dit was egter duidelik dat daar voortgegaan sou word met die reël van 'n streeksinode te Parys op 27 September 1995. Daar is op 21 September 1995 aan drie van die leraars wat betrokke was by die beoogde sinode van 27 September 1995 geskryf en gevra om 'n dringende ontmoeting voordat daar voortgegaan word met die beoogde vergadering. Daarin word ook gemeld dat sou die toenadering weer nie gunstig ontvang word nie die enigste uitweg onder andere skyn te wees om regshulp in 'n hof aan te vra. Op 22 September 1995 word op dié skrywe geantwoord deur 'n prokureursfirma van Bloemfontein. In die brief word gesê dat dit geskryf word in opdrag van die Moderatuur van die NG Kerk in Afrika (OVS). Dit word ontken dat die beplande sinodesitting in stryd is met die bepalings van die kerkorde en die bewering word gemaak dat volgens advies ingewin die N.G. Kerk in Afrika (OVS) nooit kerkregtelik ontbind het nie. Op hierdie brief is weer geantwoord deur 'n prokureursfirma van Kaapstad wat beweer dat die kerkverband van die NGKA ontbind het en die vergadering te Parys in stryd met die kerkorde sou wees. Die sinodesitting het egter plaasgevind en na verdere onsuksesvolle samesprekings het die dagbestuur van die applikant besluit dat daar geen ander uitweg is nie as om die Hooggeregshof te nader om 'n verklarende bevel wat die totstandkoming van die applikant bekragtig. Die applikant het op 26 Februarie 1996 by wyse van Kennisgewing van Mosie 'n aansoek aanhangig gemaak waarin onder andere gevra word om 'n bevel wat verklaar dat die voormalige Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika en die voormalige Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika regsgeldiglik op 14 April 1994 verenig het om die applikant te vorm. In die Kennisgewing van Mosie word ook 'n bevel aangevra wat verklaar dat die gemelde vereniging meegebring het dat (a) die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika opgehou het om te bestaan en (b) alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die applikant.

Die aansoek was aanvanklik gerig teen 162 respondente bestaande uit individue en kerkrade van gemeentes wat tydens die vergadering op 27 September 1995 te Parys voorgegee het 'n sinodesitting van die NGKA (OVS) daar te stel. Op 22 Maart 1996 is 'n tussentydse interdik toegestaan en op 25 April 1996 is beide die l63ste en die l64ste respondent na aansoeke deur hulle as respondente tot die verrigtinge gevoeg. Die l63ste respondent word genoem die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Oranje-Vrystaat) en die l64ste respondent die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo). Duidelikheidshalwe kan gemeld word dat die l63ste respondent gemeentes is van die ou NGKA in die Vrystaat. Die l64ste respondent is ook deel van die oorspronklike NGKA en bestaan uit gemeentes wat geleë is binne die eertydse Bophuthatswana en die Noord-Kaap Provinsie. Die enigste respondente wat die aansoek opponeer is die l63ste en l64ste respondente.

Lang beëdigde verklarings en stukke is in hierdie aansoek geliasseer. Dit is egter nie nodig om 'n breedvoerige uiteensetting van al die bewerings te gee nie. Hier is in werklikheid nie wesenlike feite-geskille nie en hierdie aansoek kan wel op die stukke beslis word.

Die applikant se saak is, in kort, soos volg. Daar het al jare lank 'n strewe na eenheid in die NG kerkfamilie bestaan. Die NGKA het vanaf 1975 by verskillende sinodesittings hierdie begeerte uitgespreek. Daar is in 1989 'n Gesamentlike Gesprekskommissie (GGK) gestig bestaande uit lede van beide die NGKA en die NGSK wat sake wat verband gehou het met vereniging van die twee kerke voorberei het. Daar is onder andere aandag gegee aan die voorbereiding van 'n nuwe konsep-kerkorde en daar is ook deur die GGK ooreengekom om aan te beveel dat die Algemene Sinode van die NGKA 'n verdere belydenisskrif, naamlik die Belydenis van Belhar sou aanvaar. As gevolg van beide kerke se kerkordes kon eenheid egter nie soos wat aanvanklik beoog is gedurende 1990 bereik word nie. Wat die NGKA betref was dit ook duidelik, so beweer ds Buti, 'n assessor van die Algemene Sinode van die applikant en voorheen Moderator van die NGKA, in sy stawende beëdigde verklaring, dat aanvaarding van die Belharbelydenis deur die Algemene Sinode 'n

probleem sou skep vanweë die bepalings van Artikel 36.1 van die NGKA se kerkorde wat bepaal het dat wysiging van belydenisskrifte slegs kan geskied met twee-derde meerderheid van beide die Algemene Sinode en die streeksinodes. Tydens die Algemene Sinode in Julie 1991 te Pretoria is die kerkorde in twee opsigte gewysig. Daar is eenparig besluit om 'n nuwe Artikel 61 in te voeg wat soos volg lees:

> *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika mag te enige tyd met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Artikel 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig moet die besluit deur die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheidstem sowel as twee-derde meerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, hou die kerk op om as NGKA te bestaan, en gaan op in die nuwe kerk. Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan".*

Daarbenewens is Artikels 36.1 en 36.2 van die kerkorde gewysig sodat die Algemene Sinode gemagtig is on met 'n twee-derde meerderheid die belydenis van die kerk sowel as die kerkorde te wysig. Artikels 36.1 en 36.2 het voor die wysiging soos volg bepaal:

> *"36.1 Die wysiging van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid en nadat elke streeksinode afsonderlik, met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het, en nadat alle kerke van Nederduitse Gereformeerde kerkverband geraadpleeg is.*
>
> *36.2 Met uitsondering van die belydenis (Artikel 1) mag die Algemene Sinode die kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem."*

Na die wysiging wat in 1991 aangebring is, lui die twee artikels soos volg:

"36.1 Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die kerk ken alleen geskied met 'n twee-derde meerderheid deur die Algemene Sinode. Enige beswaar van lidmate, ring of streeksinodes teen sodanige wysigings of uitbreidings mag by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en - of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging.

36.2 Die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheid.

36.2.1 Alleen sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen streeksinodes en ringe of kerkrade, kan by wyse van hoër beroep voor die Algemene Sinode dien.

36.2.2 In gevalle van leertug en geskille word 'n twee-derde meerderheid vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis."

Ds Buti beweer in sy stawende beëdigde verklaring dat aan die hand van die voormelde wysiging van die kerkorde "het die sinode voortgegaan om, ingevolge artikel 61, die volgende besluit te neem:

1.1.34 ... die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens Artikel 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te (sic) ontbind en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie, oor aan die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en NGSK in SA ontstaan."

Ds Buti verwys ook na die besluit van die Sinode ingevolge waarvan die Sinode eenparig besluit het om die Belharbelydenis by Artikel 1.1 van die Kerkorde by te

voeg. Op 14 April 1994 het die NGSK en die NGKA te Belhar vergader en tydens ’n gesamentlike sinodesitting het die twee kerke verenig.

Die saak van die respondente is eerstens dat volgens ’n korrekte vertolking van die kerkorde van die NGKA die struktuur van die kerk sodanig is dat ontbinding daarvan en samesmelting met ’n ander kerk slegs kan plaasvind indien al die gemeentes, ringe en die streeksinodes tot so ’n besluit geraak het. Die besluit van die Algemene Sinode in 1991 sonder dat daar besluite deur al die streeksinodes, ringe en al die kerkrade tot dien effekte geneem is, kan dus nie samesmelting met die NGSK tot gevolg gehad het nie. Dit is dan ook die saak van die respondente dat daar ’n 100% stem van elkeen van hierdie vergaderings van die NGKA moes gewees het. In die afwesigheid van ’n 100% stem sal hulle wat as NGKA wil bly voortbestaan, ongeag of hulle in die meerderheid of minderheid is, as NGKA bly voortbestaan met behoud van alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste wat hulle binne die NGKA het. Daar is veral benadruk dat dit hier nie gaan oor die vertolking van ’n konstitusie van byvoorbeeld ’n klub of politieke party nie. Wat hier ter sprake is, is die kerkorde van ’n kerk en moet daar veral in gedagte gehou word dat die oorspronklike stigters van die kerk bedoel het dat dit permanent sou bestaan.

Tweedens Is dit die respondente se saak dat die wysigings aan die kerkorde wat die Algemene Sinode van die NGKA aangebring het ter bereiking van die beoogde vereniging nie deur die kerkorde gemagtig was nie en die Algemene Sinode was gevolglik nie bevoeg om die kerkorde te wysig nie. Die wysigings wat hier ter sprake is, is naamlik Artikel 36.2 van die kerkorde, die invoeging van die Belharbelydenis en van Artikel 61 van die kerkorde.

Derdens voer die respondente aan dat selfs al sou dit bevind word dat die Algemene Sinode bevoeg was om sodanige wysigings aan te bring, sodanige wysigings om verskeie redes nie bindend is nie. Dit word onder andere beweer dat die voorgeskrewe prosedure vir wysiging nie nagekom is nie en dat die effek van Artikel 61 slegs is om die kerk as verband tussen gemeentes te ontbind en nie om die onderskeie kerkvergaderings van die NGKA te ontbind nie sonder dat

die instellings self dit doen nie, waarvoor nie in Artikel 61 voorsiening gemaak word nie. Onderskeie vergaderings soos die streeksinodes, ringe en gemeentes kan slegs ontbind wanneer hulle ooreenkomstig die implementeringsbesluite van die Algemene Sinode afsonderlike ontbindingsbesluite geneem het. Die streeksinodes OVS en Phororo van die NGKA het nog nie sodanige ontbindingsbesluite geneem nie.

Ek behandel vervolgens die eerste van hierdie opponeringsgronde. Die advokate was dit eens dat die NGKA 'n vrywillige vereniging is waarvan die lede onderling gebind word deur die bepaling van sy grondwet, naamlik die kerkorde. 'n Eksemplaar van hierdie kerkorde is voor my geplaas. Dit is ook nie aangevoer dat die grondwet van 'n vrywillige vereniging anders as volgens die gewone beginsels wat op kontrakte van toepassing is vertolk moet word nie. (Vergelyk VAN VUUREN V KERKRAAD VAN MÔRELIG GEMEENTE VAN DIE N.G.KERK IN DIE OVS 1979 (4) SA 548 (0) op 557E-H en DU PREEZ v NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE DE DEUR 1994 (2) SA 191 (W) te 194G-195B). Dit is egter deur mnr De Bruin, wat saam met mnr Olivier namens die l63ste en saam met mnr Pistor namens die l64ste respondent opgetree het, sterk beklemtoon dat dit hier gaan om die grondwet van 'n kerk in teenstelling met byvoorbeeld dié van 'n politieke party.

Artikel 3.1 van die Kerkorde bepaal:

> *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is die verband van alle plaaslike gemeentes wat bogenoemde belydenis en hierdie Kerkorde aanvaar en wat in die toekoms deur die kerkverband as gemeentes erken word."*

Die belydenis waarna verwys word, word uiteengesit in Artikel 1 en waarin onder andere verwys word na die Bybel, die Formuliere van Enigheid en die Belhar-belydenis. Laasgenoemde is natuurlik ingevoeg na die 1991 Algemene Sinode se besluit hieroor. Dit kom my voor dat volgens Artikel 3.1 van die Kerkorde die NGKA dus 'n vrywillige vereniging van 'n aantal gemeentes is wat die belydenis

uiteengesit in Artikel 1, asook die Kerkorde aanvaar. Net na Artikel 3 volg wat genoem word: Bepaling 1, en dit lees soos volg:

> *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika-Oranje Vrystaat, bestaan uit al die gemeentes in die Oranje-Vrystaat en elders wat nou aan hom behoort of later sal behoort. (Hy word voortaan in hierdie bepalinge genoem die NGKA-OVS)."*

Dit blyk uit die opponerende verklaring van ds AS Bührmann, wat homself beskryf as die aktuarius en saakgelastigde van die NGKA (OVS), en dit is ook deur die advokate so aanvaar, dat die eksemplaar van die kerkorde wat voor my geplaas is beide die Kerkorde van die NGKA en die bepalings van die NGKA-OVS bevat. Die Kerkorde word geïdentifiseer aan die hand van die gebruik van die woord "artikels" waar dit voorkom, terwyl die bepalings telkens met daardie woord geïdentifiseer word. Bepaling 2 van die Kerkorde bepaal onder andere dat elke gemeente 'n vaste naam moet hê en grense wat noukeurig omskryf moet word.

Ds Bührmann sê in sy verklaring dat die NGKA-OVS voor 7 Mei 1963 'n selfstandige kerk was bekend as die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat. Daar was ook drie ander afsonderlike kerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal; die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal. Dit is gemeensaak dat hierdie vier kerke op 7 Mei 1963 verenig het om die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika te vorm. Dit is ook gemeensaak dat tot die NG kerkfamilie in Suid-Afrika nog twee ander kerke behoort, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa. In die voorwoord tot die Kerkorde word verwys na die vereniging van dié vier kerke op 7 Mei 1963 en gemeld dat dit plaasgevind het te Kroonstad *"na besluit van die afsonderlike sinodes, en met goedkeuring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk."*

Ds Bührmann sê verder in sy verklaring dat die NGKA ses streeksinodes het waarvan die NGKA-OVS en Phororo twee is. Die ander vier is die NGKA Noord-

Transvaal, NGKA Suid-Transvaal, NGKA-Natal en die NGKA-Kaapland. Dit blyk verder uit die opponerende verklarings van die respondente dat dit nog altyd die begeerte was van die NGKA om nie slegs met die NGSK te verenig nie maar met al die kerke van die N.G. kerkfamilie.

By die nagaan van die Kerkorde blyk dit dat daar in die NGKA vier vergaderings bestaan naamlik kerkraad, ring, streeksinode en Algemene Sinode. Artikel 18 bepaal uitdruklik dat die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk aan hierdie vergaderings toevertrou word. Die vraag ontstaan dan wat die aard van die regering is van elk van hierdie vergaderings. Artikel 20 handel met die regering van elke gemeente en dit bepaal dat elke gemeente 'n kerkraad het aan wie die opsig en tug oor die gemeente en die regering daarvan toevertrou is. Dit blyk verder uit die kerkorde dat die gemeentes deur die streeksinode in ringe gegroepeer word (Artikel 23). Aangaande die werksaamhede van die ring meld Artikel 25 onder andere die volgende:

"25.2 Die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat die kerkrade en gemeentes hul roeping nakom;

25.4 die stigting of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;

25.7 die aanwysing van afgevaardigdes met sekundi na die Algemene Sinode."

Artikel 29 omskryf die taak en bevoegdhede van die streeksinode en hiertoe behoort volgens Artikel 29.2 "die behartiging van alles wat die plaaslike kerke in die gebied in gemeen het, met uitsondering van die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort". Volgens Artikel 29.6 moet die streeksinode ook vier afgevaardigdes aanwys, met sekundi, om die streeksinode op die Algemene Sinode te verteenwoordig. Artikel 32 bevat bepalings aangaande die samestelling en Artikel 34 bepalings aangaande die taak en bevoegdheid van die Algemene Sinode. Artikel 34 bevat die volgende bepalings:

"Tot die taak en bevoegdheid van die Algemene Sinode behoort:

34.1 Die behartiging van die ekumeniese belange van die kerk;

34.2 Die beheer oor alle werksaamhede van die kerkkantoorkommissie van die algemene sinode; administrasie van en beskikking oor eie fondse en eiendomme;

34.3 Die bepaling van beleid wat gevolg moet word i.v.m. die werksaamhede wat deur die streeksinode behartig word;

34.4 Die behandeling van alle sake wat deur een of meer streeksinodes na hom verwys is en die beslissing oor tugsake wat die leer van die kerk raak;

34.5 Die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word; die vasstelling en vertaling van die Belydenisskrifte van die kerk, die kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die sangbundel en die orde van die erediens

34.6 Beraadslaging oor sake van algemene belang vir die hele kerk;

34.7 Die benoeming van permanente kommissies en verteenwoordigers aan wie bepaalde opdragte gegee word;

34.8 Die benoeming van amptenare in diens van die sinode;

34.9 Die behandeling van verslae, beskrywingspunte, aanbevelings en versoekskrifte wat ingedien word deur:

34.9.1 Die permanente kommissies van die Algemene Sinode;

34.9.2 Die streeksinodes en hulle sinodale kommissies;

34.9.3 Liggame aan wie adviserende stem verleen is (Artikel 32.2);

34.9.4 Die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke en

34.9.5 Die moderatuur en lede van die moderatuur afsonderlik

34.10 Die opleiding en legitimasie van bedienaars van die Woord in samewerking met die NG Kerk.

In Artikel 34.5 is daar verwysing na die belydenisskrifte en die kerkorde en in Artikel 36 wat reeds aangehaal is, word meer spesifieke voorskrifte daaromtrent uiteengesit. Dit blyk verder uit die kerkorde en die bepalings dat elke kerkraad sy afgevaardigde kies met sy sekundus na die vergadering van die ring en streeksinode. Die ring wys afgevaardigdes aan na die Algemene Sinode en die streeksinode wys ook vier afgevaardigdes met sekundi aan om die streeksinode op die Algemene Sinode te verteenwoordig. Dit blyk dus dat op 'n Algemene Sinodesitting daar verteenwoordigers is van die ring en streeksinode. Hoewel elke kerkraad en dus elke gemeente, nie 'n direk verkose verteenwoordiger by die vergadering van die Algemene Sinode het nie, is daar tog verteenwoordiging deur middel van die afgevaardigdes van die ring en van die streeksinodes. Dit is ook duidelik uit die bepalings waarna ek verwys het dat die regering van elke gemeente geskied deur die kerkraad. Sy jurisdiksie is beperk tot binne die grense van die gemeente. Die ring het weer toesig oor die gemeentes en kerkrade in sy gebied. Die streeksinodes behartig weer alles wat die kerke in sy gebied in gemeen het met uitsondering van die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort. Dit is duidelik dat die jurisdiksie-gebied van die Algemene Sinode oorkoepelend is. Dit is die enigste vergadering van die vier vergaderings aan wie volgens Artikel 18 die regering van die kerk opgedra is, wat 'n regeringshandeling kan verrig wat die kerk in sy geheel kan raak. Nie een van die ander vergaderings het so 'n bevoegdheid nie en daar is ook geen bepaling wat voorskryf dat besluite wat die kerk as geheel raak deur die vier vergaderings gesamentlik geneem moet word nie. So 'n bepaling sou in elk geval 'n onmoontlike toedrag van sake tot gevolg gehad het. Ek dink nie daar kan enige twyfel wees nie dat die Algemene Sinode se regeringsbevoegdheid betrekking het op die kerk as geheel. Die ander vergaderings is op die Algemene Sinode verteenwoordig en hulle het dus inspraak op besluite wat die kerk in sy geheel raak. Daar is namens die respondente sterk gesteun op die saak van WILIKEN v BREBNER 1935 AD 175. Dit het in daardie saak gegaan oor die magte van die kongres van die Vrystaatse Nasionale Party na 'n besluit van die meerderheid om te verenig met 'n ander politieke party. Ek stem saam met mnr Viljoen, wat saam

met mnr Treurnicht namens die applikant opgetree het, dat die opmerkings van Wessels H.R., op bladsy 184 dat in die geval van 'n kerk of hospitaal die bedoeling is dat die vereniging vir ewig sal voortbestaan sydelingse *obiter dicta* is wat nie enige hulp aan die respondente se standpunt verleen nie. Dit moet natuurlik in gedagte gehou word dat die ontbinding wat in die onderhawige aansoek ter sprake is tot vereniging met 'n ander kerk in die NG Kerkfamilie gelei het. In soverre daar moontlik 'n beginsel bestaan van die permanente bestaan van 'n kerk wat beoog mag gewees het moet dit in hierdie konteks gesien word. Ek is van mening dat die Algemene Sinode die hoof gesagsliggaam van die NGKA was net soos Wessels H.R. die kongres van die destydse Nasionale Party as't ware gesien het as die parlement van die party. Die Algemene Sinode het na my mening die bevoegdheid gehad om 'n besluit te neem om met die NGSK te verenig. Ek kan dus nie saamstem met die betoog dat die ontbinding van die NGKA en samesmelting met die NGSK alleen kon plaasvind indien al die gemeentes, ringe en streeksinodes tot so 'n besluit geraak het nie.

Die tweede grond van opponering is dat die wysigings van die Kerkorde ter bereiking van die beoogde vereniging, naamlik Artikel 36.2, die invoeging van die Belharbelydenis en Artikel 61 van die Kerkorde nie deur die kerkorde gemagtig is nie.

Hier is twee aspekte wat oorweeg moet word. Die een is die wysiging van die Kerkorde deur die invoeging van Artikel 61 daarvan en tweedens, die wysiging van die Kerkorde deur die invoeging van die Belharbelydenis. Voordat Artikel 61 ingevoeg is, het die kerkorde nie uitdruklik vir ontbinding voorsiening gemaak nie. Die Kerkorde het egter wel vir wysiging of aanvulling van die Kerkorde deur die Algemene Sinode voorsiening gemaak reeds voor die wysiging van 1991. Dit blyk duidelik uit die bepalings van Artikel 36.2 voordat dit gewysig is. Die Algemene Sinode kon dus met 'n twee-derde meerderheidstem Artikel 61 invoeg. Die volgende opmerkings van De Villiers R.P., in KAHN v LOUW N.O. AND ANOTHER 1951 (2) SA 194 (C) op 211D-G is ook hier van toepassing.

"It is explicitly provided in the present Constitution - as in the Constitution dealt with in Wilken v. Brebner - that an amendment of the Constitution can only be effected in the particular way provided by the Constitution. And it is implicit in - and indeed so expressed in - the judgment in that case that the abrogation of the Constitution and the dissolution of the party is effected in the same way; for the power to amend includes the power to dissolve, which indeed mr Duncan concedes. Had there been in the Constitution, by which each contracting member was bound, no power to amend the Constitution or dissolve the Party, the applicant's contention that the consensus of all the members to dissolve would have the effect of dissolution, would merit serious consideration. See Solomon V. The Alfred Lodge, 1917 C.P.D. 177 at pp. 181, 184, 186, per KOTZE, J. In Such a case the consent of all the members would be necessary for an amendment of the Constitution and a fortiori for the dissolution of the Party itself."

Indien 'n vereniging se grondwet nie voorsiening maak vir wysiging deur 'n meerderheidstem nie kan die wysiging slegs gemaak word deur die eenparige stem van die lede van die betrokke liggaam. (Sien CAPE UNITED SICK FUND SOCIETY V FORREST 1956 (4) SA 519 (A) op 528A). Dit is nie hier die geval nie.

Aangaande ds Buti se bewering dat die Algemene Sinode gedurende Julie 1991 eenparig besluit het om die nuwe Artikel 61 in te voeg sê ds Lebone in sy opponerende verklaring dat dit wel aangeneem is maar dat dit allermins eenparig was. Hy sê egter nie hoe dit aanvaar was nie. Indien dit nie eenparig was nie sou 'n mens verwag dat hy sou melding maak van hoe dit dan aanvaar is. Sy bewerings dui daarop dat daar moontlik sekere bedenkinge was maar dit is duidelik dat daar nie 'n teenstem was nie en kan dit aanvaar word dat die besluit wel eenparig geneem is. Dit is egter aangevoer dat om die twee-derde wysigingsmeganisme van Artikel 36.2 op so 'n wyse te gebruik dat eenstemmigheid tot ontbinding omseil word, misbruik was van die bevoegdheid verleen in Artikel 36.2 van die Kerkorde. Hierdie argument is daarop gebaseer,

so kom dit my voor, dat die grondleggers van die kerkorde, toe die verskeie kerke in 1963 verenig het, nooit die moontlikheid voorsien het dat die NGKA sou ontbind of sou opgaan in iets anders nie. Daar is geen feite grondslag vir hierdie argument nie en in elk geval het die bevoegdheid om te wysig die bevoegdheid ingesluit om te ontbind. Daar is met 'n beroep op SWANEPOEL V OVS NEDERDUITSE GEREFORNEERDE KERK 1949 (4) SA 964 op 974 aangevoer dat die bevoegdheid om te wysig beperk word tot wysigings wat redelikerwys geag word binne die beskouing en bedoeling van die partye gelê het tydens die aanvang van die kontrak. Die beroep op hierdie beslissing is misplaas. Dit het in daardie saak gegaan oor die eensydige wysiging deur die kerk van 'n ooreenkoms met een van sy lidmate. Die wysiging van die kerkorde was nie ter sprake nie. Die wysiging van die Kerkorde deur die invoeging van Artikel 61 het dus na my mening binne die bevoegdheid van die Algemene Sinode geval.

Die geskil aangaande die invoeging van die Belharbelydenis by die belydenisskrifte is soos volg. Voor die wysiging van Artikel 36 in 1991 kon die wysiging van die belydenis van die kerk deur die Algemene Sinode alleen geskied met twee-derde meerderheid nadat elke streeksinode afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde kerkverband geraadpleeg is. Na die wysiging van Artikel 36.1 kon dit geskied slegs met 'n twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode. Toe die belydenis gewysig is het die streeksinodes nie daaroor besluit nie. Dit beteken dus dat indien Artikel 36.1 se wysiging ongeldig is die wysiging van die belydenis van die kerk, deur invoeging van die Belhar-belydenis ook ongeldig is. Dit is namens die applikant aangevoer dat in soverre as wat die vroeëre bewoording van Artikel 36.2 op die oog af 'n verskansing geskep het ten opsigte van die wysiging van die belydenisskrifte, bevat dit egter geen verskansing ten opsigte van sy eie wysiging nie. Die gevolg hiervan is dat die betrokke bepaling self (Artikel 36) geldiglik gewysig kon word deur 'n twee-derde meerderheidstem van slegs die Algemene Sinode. Daar is gesteun op JOSEPHSON V THE COMMITTEE OF THE WITWATERSRAND HEBREW BENEVOLENT ASSOCIATION 1945 WLD 101. Dit is namens die respondente

aangevoer dat die oogmerk met die wysiging van Artikel 36 was om die streeksinodes uit te skakel ten einde die Belharbelydenis as 'n belydenisskrif aanvaar te kry. Dit op sy beurt was nodig om die NGKA met die NGSK te verenig wat op daardie stadium reeds die ander belydenisskrif bygevoeg gehad het. Die doel was dus om fundamentele besware teen kerkvereniging uit die weg geruim te probeer kry. Dit is aangevoer dat die wysiging van Artikel 36 om ten minste twee redes ongeldig is. Eerstens het Artikel 36.2, behoorlik uitgelê, in sigself 'n verskansende bepaling bevat wat 'n wysiging van die Kerkorde so ver as wat dit die belydenisskrifte betref, verbied het tensy die wysiging geskied soos daarin bepaal is. Tweedens is aangevoer dat dit geykte reg is dat 'n bevoegdheid om te wysig, uitgeoefen moet word vir die doel waarvoor die bevoegdheid toegestaan is wat in hierdie geval die welstand en voortbestaan van die NGKA is. Dit was nie vir hierdie doel uitgeoefen nie en die bevoegdheid was misbruik en die optrede was *ultra vires*.

Dit is na my mening nie nodig om 'n beslissing op hierdie geskilpunt te gee nie aangesien dit nie relevant is tot die aansoek nie. Of die Belharbelydenis geldiglik of ongeldiglik in die Kerkorde van die NGKA ingevoeg is, kan na my mening nie die vraagstuk aangaande die samesmelting van die twee kerke enigsins raak nie. Dit is gemeensaak dat die NGSK nie tot samesmelting sou toegestem het indien die Kerkorde van die beoogde nuwe kerk nie die Belharbelydenis as deel van die belydenisskrifte bevat het nie. Mnr De Bruin het egter toegegee dat die wysiging van die Kerkorde van die NGKA om die Belharbelydenis eers in daardie kerk se Kerkorde in te voeg nie 'n voorwaarde tot samesmelting was nie. By die samesmeltings-vergadering van die twee kerke se sinodes is die nuwe Kerkorde punt vir punt behandel en aanvaar. Dit kon by die aanvaarding van die nuwe Kerkorde met die Belharbelydenis daarin vervat geen verskil gemaak het of dit deel was van die belydenisskrifte van die NGKA al dan nie. Die besluit van die Algemene Sinode van die NGKA in 1991 om met die NGSK te verenig was geneem welwetende dat die Belharbelydenis deel van die belydenisskrifte van die nuwe kerk sou wees. Die tweede verweer van die respondente kan derhalwe ook nie gehandhaaf word nie.

Die argumente wat ten aansien van die derde grond van opposisie aangevoer is, het eerstens betrekking op die besluite wat geneem is aangaande vereniging met die NGSK. Die tersaaklike besluit is besluit 1.1.34 reeds hierin aangehaal. Dit is aangevoer dat by 'n behoorlike lees van die besluit dit nie een is dat struktureel met die NGSK verenig word nie maar berus op 'n veronderstelling "dat wanneer by in uitvoering van sy besluit om...". In sy repliserende beëdigde verklaring sê ds Buti dat die bewoording van hierdie besluit dit nie so duidelik maak as wat dit kon nie, maar wat gebeur het, is dat die vergadering wel so besluit het en geeneen wat die vergadering bygewoon het kan daaroor getwyfel het nie. Daar is na my mening nie meriete in hierdie deel van die argument nie. Dit is verder aangevoer dat die besluit reeds in 1991 geneem is en indien dit die besluit is soos beoog in Artikel 61 beteken dit dat die NGKA reeds in 1991 opgehou het om te bestaan, wat onsinnig is. Daar het, aldus die argument, om hierdie rede geen geldige ontbinding plaasgevind nie. Dit is egter duidelik dat die inwerkingtreding van die besluit uitgestel is tot die tydstip van konstituering van die stigtingsinode. Dit raak nie die geldigheid van die besluit nie. Ten slotte is aangevoer dat die bewoording van besluit 1.1.34 aantoon dat daar slegs besluit is dat die Algemene Sinode sal ophou om te bestaan en dat dit nie regtens die effek gehad het dat die NGKA se streeksinodes, ringe of gemeentes ook daarmee ontbind het nie. Die onderskeie streeksinodes, ringe en plaaslike gemeentes het steeds voortbestaan en stawing hiervoor, aldus die argument, blyk uit die aanbevelingsbesluite wat by dieselfde sitting van die Algemene Sinode te Pretoria in 1991 geneem is, naamlik dat streeksinodes en ringe voor einde November 1991 ooreenstemmende besluite moes geneem het. Slegs die Kaaplandse Streeksinode het so 'n besluit geneem. Ek kan ook wat hierdie argument betref die respondente nie gelyk gee nie. Artikel 61 magtig die NGKA om te enige tyd met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Artikel 2 genoem word en waarvan die NGSK een is, te verenig. Dit staan ook baie uitdruklik in Artikel 61 dat wanneer so 'n besluit geneem is hou die kerk op om as NGKA te bestaan en gaan op in die nuwe kerk. Artikel 61 bepaal dan verder dat alle regte, voorregte,

eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA daarmee oorgedra word aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan. Daar kan geen twyfel gewees het by enigeen wat deel gehad het aan die besluit om Artikel 61 in te voeg by die Kerkorde dat die artikel betrekking het op vereniging van die NGKA met 'n ander kerk en nie slegs die sinode nie. Ds Buti sê dan ook in sy repliserende verklaring dat die vergadering (sinode) toe in die uitoefening van sy nuutverkreë reg (Artikel 61) besluit het om te verenig. Dit is duidelik dat van oordrag van regte en bates van die regspersone van die NGKA melding gemaak word in Artikel 61 en word uitvoering daaraan gegee ook in besluit 1.1.34. Dit is ook daarom dat sodanige aanbevelings deur die sinode aan die streeksinodes en ringe gemaak is. Of it werklik nodig was om sodanige besluite oor oordrag van bates te maak is te betwyfel, maar ek ag dit nie nodig om hierop in te gaan nie. Hierdie besluit beteken nie dat die kerkgenootskap of onderlinge vereniging bekend as die NGKA nie met 'n ander kerkgenootskap verenig het om die huidige applikant te vorm nie. Hierdie grond van opposisie kan ook nie slaag nie.

In die omstandighede moet die aansoek toegestaan word.

Die volgende bevele word gemaak:

1. Die tussentydse interdik gedateer 22 Maart 1996 word bekragtig.
2. Smeekbede 2 van die Kennisgewing van Mosie word toegestaan.
3. Die l63ste en l64ste respondente word gelas, gesamentlik en afsonderlik, om die koste van die aansoek te betaal welke koste die koste van twee advokate insluit.

A.P. VAN COLLER, R

Bylae C tot Hoofstuk 3

DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 536/96

In die saak tussen:

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (OVS) Eerste Appellant

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (PHORORO) Tweede Appellant

- en -

VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA Respondent

Coram: Hefer, Vivier, Harms, Zulman et Streicher ARR.

Verhoor: 6 November 1998

Gelewer: 27 November 1998

UITSPRAAK

VIVIER AR

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika ("die NGKA") het by sy gewone vergadering van Julie 1991 besluit om "struktureel" met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika ("die NGSK") te verenig ("die kerkvereniging"). By dieselfde vergadering is vooraf ingrypende wysigings van sy grondwet ("die kerkorde") aangebring wat verband gehou het met die besluit tot kerkvereniging. Daarna, op 14 April 1994, is 'n stigtingsinode met verteenwoordigers van die NGSK gehou waar 'n nuwe kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika ("die VGK") gestig en sy grondwet goedgekeur is. Verskeie gemeentes van die NGKA in die Vrystaat ("die NGKA-OVS") en Noordkaap hoofsaaklik ("die NGKA-Phororo") was van meet af nie gediend met die kerkvereniging en die wysigings van die kerkorde wat dit

voorafgegaan het nie. Hulle het die houding ingeneem dat die wysiging van die kerkorde sowel as die kerkvereniging ongeldig was en nie hulle bestaan as gemeentes van die NGKA geraak het nie. Uiteindelik was ongeveer 100 NGKA gemeentes (76 gemeentes in die Vrystaat en 26 gemeentes in die gebied van Phororo) nie bereid om die kerkvereniging te aanvaar nie. Verskeie pogings om die geskille op te los, het nie geslaag nie en die streeksinode van die NGKA-OVS het inderdaad voortgegaan om 'n vergadering op 27 September 1995 te hou.

Daarna het die VGK op 26 Februarie 1996 ’n aansoek gebring in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling vir ’n verklarende bevel dat die NGKA en die NGSK op 14 April 1994 regsgeldig verenig het om die VGK te vorm; dat die NGKA gevolglik nie meer bestaan nie; dat “alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGK en dat die streeksinode NGKA-OVS wat op 27 September 1995 vergader het, oor geen regsbevoegdheid beskik het om enige regsgeldige handelinge namens die voormalige NGKA in die Vrystaat te verrig het nie. Die hofaansoek was aanvanklik gerig teen 161 respondente synde die individue en gemeentes wat betrokke was by die streeksinodesitting van 27 September 1995. Nadat ’n tussentydse interdik toegestaan is wat nie tans ter sake is nie, is die NGKA-OVS en NGKA-Phororo op hulle versoek as verdere respondente gevoeg. Uiteindelik was hierdie twee respondente die enigste wat die aansoek teengestaan het. Die Hof *a quo* (**Van Coller R**) het die aansoek met koste toegestaan en aan die betrokke twee respondente verlof verleen om teen sy uitspraak en bevele na hierdie Hof te appelleer.

Dit is ter aanvang nodig om kortliks te verwys na die gebeure wat die algemene sinode van die NGKA se besluite op sy sitting van Julie 1991 voorafgegaan het. Die NGKA is op 7 Mei 1963 gestig na die vereniging van die NG Bantoekerk in Suid-Afrika met die NG Sendingkerke in die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Natal. Soos blyk uit die stukke voor ons, het die vier kerke se gemeentes, ringe en sinodes (laasgenoemde as streeksinodes) bly voortbestaan sonder enige oordrag van bates. Hierdie kerkvereniging was dus, soos later sal blyk, wesenlik

verskillend van die kerkvereniging wat in die huidige saak ter sprake is. In 1975 het die Algemene Sinode van die NGKA besluit om hom te beywer vir eenwording met die ander drie lede van NG Kerkfamilie naamlik die NG Kerk, die Reformed Church in Africa en die NGSK. Hierdie besluit is daarna telkens herbevestig. Gedurende 1987 het die sinodes van die NGKA en NGSK 'n gesamentlike gesprekskommissie ("die GSK"), waarop albei verteenwoordig was, gestig met die oog op die vereniging van slegs hierdie twee kerke. In sy verslag wys die GSK daarop dat die vereniging van dié twee kerke as 'n begin beskou moet word en dat die uiteindelike doelwit van beide kerke die eenwording van al die NG Kerke is. Die GSK het ook aanbeveel dat die Algemene Sinode van die NGKA 'n verdere belydenisskrif, naamlik die Belydenis van Belhar, wat reeds deel gevorm het van die belydenisskrifte van die NGSK, aanvaar. Hiervoor was 'n wysiging van Artikel 36.1 van die NGKA se kerkorde nodig, soos ek later sal aantoon. Tydens 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA gedurende 1990 is daar toe gepoog om eenwording met die NGSK te bewerkstellig maar die poging is laat vaar toe dit blyk dat dit nodig was om eers die Kerkorde te wysig. Dit is gedoen by die algemene sinodesitting in Julle 1991.

By hierdie sinodesitting is Artikels 36.1 en 36.2 van die Kerkorde eers eenparig gewysig ten einde die Algemene Sinode te magtig om op sy eie, en met 'n twee-derde meerderheid, die belydenis van die NGKA te verander. Artikels 3 6.1 en 3 6,2 het voorheen as volg gelui :

"36.1 Die wysiging van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid en nadat elke streeksinode afsonderlik, met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

36.2 Met uitsondering van die belydenis (Art 1) mag die Algemene Sinode die kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem."

Soos gewysig, het Artikels 36.1 en 36.2 as volg bepaal:

"36.1 Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die Kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid deur die Algemene Sinode. Enige besware van lidmate, Ring of Streeksinodes teen sodanige wysigings of uitbreidings mag by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging.

36.2 Die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheid."

Die Algemene Sinode het verder eenparig besluit om 'n nuwe artikel, genommer Artikel 61, in die Kerkorde in te voeg wat, volgens die notule, as volg lees :

"61 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika mag te enige tyd met twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Artikel 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig moet die besluit deur die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheidstem sowel as twee-derde meerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, hou die kerk op om as NGKA te bestaan, en gaan op in die nuwe kerk. Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan."

Aangesien die NGSK een van die kerke is wat in Artikel 2 genoem word, het die wysiging beteken dat 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode alleen voldoende was vir kerkvereniging en die stigting van 'n nuwe kerk.

Voorts het die Algemene Sinode Artikel 1.1 van die Kerkorde gewysig deur die Belharbelydenis by die belydenisskrifte te voeg en daarna die volgende besluit geneem:

"1.1.34 Die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens Artikel 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te ontbind, en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie, oor aan die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat ult die vereniging van die NGKA en NGSK in SA ontstaan."

Volgens hierdie besluit ontbind die Algemene Sinode en dra sy bates ens aan die Algemene Sinode van die nuwe kerk oor op die tydstip wanneer die stigtingsinode wettiglik gekonstitueer is. Die Algemene Sinode was klaarblyklik van mening dat hy nie by magte was om soortgelyke ontbindingsbesluite ten opsigte van streeksinodes, ringe en kerkrade te neem nie, of anders gestel, dat sy ontbindingsbesluite nie daardie liggame kon bind nie. Daarom is drie verdere besluite geneem ten opsigte van die streeksinodes, ringe en kerkrade. In besluite 1.1.35 en 1.1.36 word aan die streeksinodes en ringe onderskeidelik opgedra om self ontbindingsbesluite soortgelyk aan dié van die Algemene Sinode te neem. In besluit 1.1.37 word aan alle gemeentes opgedra om self stappe te neem vir die voortsetting van die gemeente "as regspersoon met 'n nuwe identiteit". Geen sodanige ontbindingsbesluite of stappe is ooit deur die streeksinodes van die NGKA-OVS of NGKA-Phororo of enige van die 102 gemeentes waarna hierbo verwys is, geneem nie.

Soos ek reeds gemeld het, het die algemene sinodes van die NGKA en die NGSK op 14 April 1994 'n gesamentlike stigtingsinode gehou. Volgens die betoog namens die VGK het die konstituering van die vergadering die laaste twee sinne van Artikel 61 in werking gestel en is 'n nuwe kerk, die VGK, gestig.

Die eerste vraag wat ontstaan is of die NGKA se Algemene Sinode by magte was om Artikel 61, wat onder andere aan hom die bevoegdheid verleen het om 'n nuwe kerk te stig met die oordrag van alle bates van die NGKA se regspersone

aan die nuwe kerk, in die Kerkorde te voeg. By die oorweging van hierdie vraag moet nie uit die oog verloor word nie dat Artikel 61 nie aan die Algemene Ssinode die bevoegdheid verleen om sonder meer te ontbind nie. Die bevoegdheid in Artikel 61 is om te besluit om te verenig met 'n ander kerk en wanneer die besluit geneem is, hou die NGKA op om te bestaan. Ingevolge die artikel volg ontbinding outomaties op die besluit om te verenig en is dit insidenteel tot die besluit om te verenig.

Namens die VGK is betoog dat die algemene sinode wel by magte was om Artikel 61 in te voeg uit hoofde van die wysigingsbevoegdheid wat aan hom verleen is in Artikel 36 van die kerkorde soos dit gelees het voor en na die wysiging van laasgemelde artikel. Daar is verder betoog dat volgens 'n juiste uitleg van die kerkorde die algemene sinode in elk geval, selfs sonder Artikel 61, die inherente of stilswygende bevoegdheid gehad het om sy gemelde besluit tot kerkvereniging te neem.

Omdat Artikel 36 in sy konteks gelees moet word, is dit gerieflik om die twee betoë grotendeels saam te behandel. Eerstens wys ek daarop dat ons howe al meermale beslis het dat die NG Kerke vrywillige of onderlinge verenigings is waarvan die lede kontraktueel gebind word deur die betrokke kerkordes. Sien *De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die NG Kerk, Bloemfontein, and Another* 1952 (2) SA 83 (0) op 93 F-H en die sake daar aangehaal; *Theron en Andere v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en Andere* 1976 (2) SA 1 (A) en *Du Preez en Andere v Nederduitse Gereformeerde Gemeente, De Deur* 1994 (2) SA 191 (WPA) op 194. (In 'n ongepubliseerde proefskrif van Pienaar, *Die Gemeenregtelike Regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg*, op 299 word die standpunt ingeneem dat lede nie kontraktueel nie maar ingevolge wat genoem word interne verbandsreg gebonde is. Dit kom vir huidige doeleindes op dieselfde neer.) Dit is ook nie nodig om te beslis of die NGKA 'n regspersoon is of nie aangesien dit nie die vertolking van die kerkorde raak nie (cf die *De Vos*-saak, *supra*, op 93 H, en *Wilken v Brebner and Others* 1935 AD 176 op 180 en 188). Soos ek later sal aantoon, is die plaaslike gemeentes van die NGKA wel regspersone.

Die eksemplaar van die kerkorde wat voor ons geplaas is, bevat die artikels van die algemene sinode van die NGKA sowel as die bepalings en reglemente van die streeksinode van die NGKA-OVS. Beide is bindend op die lede van die NGKA-OVS. Die advokate het ons meegedeel dat die bepalings en reglemente wesenlik dieselfde is as dié van die NGKA-Phororo.

Vir 'n behoorlike uitleg van die Kerkorde is dit nodig om die woorde daarvan te oorweeg met inagneming van die aard en opset van die Kerkorde, en ook na die samehang van die woorde in die kerkorde as geheel (*Swart en 'n Ander v Cape Fabrix (Pty) Ltd* 1979 (1) SA 195 (A) op 202 C). Die sg breë kontekstuele agtergrond sluit ook in wat genoem word die matriks van feite waain die kerkorde geset is. Lord Wilberforce het dit as volg gestel in *Prenn v Simmonds* [1971] 3 All ER 237 (HL) (of 239 j):

> *"The time has long passed when agreements, even those under seal, were isolated from the matrix of facts in which they were set and interpreted purely on internal linguistic considerations ... We must enquire beyond the language and see what the circumstances were with reference to which the words were used, and the object, appearing from those circumstances, which the person using them had in view."*

Later in the uitspraak het Lord Wilberforce die volgende beperking geplaas op die bewysmateriaal wat gebruik kan word (op 241 f-g):

> *"In my opinion, then, evidence of negotiations, or of the parties' intentions, ... ought not to be received, and evidence should be restricted to evidence of the factual background known to the parties at or before the date of the contract, including evidence of the 'genesis' and objectively the 'aim' of the transaction."*

Hierdie beperking word ook in die uitsprake van ons howe erken. In *Delmas Milling Co Ltd v Du Plessis* 1955 (3) SA 447 (A) op 454 G het Schreiner AR toelaatbare omstandigheidsgetuienis beskryf as:

"Matters that were probably present to the minds of the parties when they contracted (but not actual negotiations and similar statements)."

Sien ook *Cinema City (Pty) Ltd v Morgenstern Family Estates (Pty) Ltd and Others* 1980 (1) SA 796 (A) op 803 G - 805 H.

Wat betref die breë kontekstuele agtergrond waarteen die kerkorde vertolk moet word, is die belangrikste feit sekerlik, soos blyk uit die beëdigde verklaring van prof Strauss, dat dit voorsiening maak vir 'n gereformeerde of presbiteriale stelsel van kerkregering. Dit is in teenstelling met ander stelsels van kerkregering soos die Roomse, die episkopaalse of die kollegialistiese stelsels van kerkregering. (Geldenhuys, *Die regsposisie van die Kerkraad, Ring en Sinode soos toegepas in die Gefedereerde NG Kerke in Suid-Afrika* 25-34; Kleynhans, *Gereformeerde Kerkreg*, Vol 1 64-90 en Pienaar, *op cit* 255-267). Al drie hierdie skrywers noem as een van die hoofkenmerke van die gereformeerde stelsel dat elke plaaslike gemeente sigbare openbaring en organisasie van die kerk en dus op sigself volledig kerk is. Die plaaslike gelowiges self vorm die kerk en daarom is die gereformeerde kerk uit sy aard 'n belydeniskerk (Geldenhuys *op cit* 33). Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenis het nie of wat dieselfde belydenisskrifte verskillend vertolk en kerkregtelik verskillend georganiseer is, is nie moontlik nie, aangesien eenheid in belydenis die samebindende faktor by kerkverband is (Pienaar *op cit* 268-269). Alhoewel kerkverband met ander gemeentes noodsaaklik is, kan 'n losstaande gemeente nie verhinder word om hom 'n gereformeerde gemeente te noem nie. (Pienaar *op cit* 269, Geldenhuys *op cit* 142-146, Kleynhans, *op cit* vol 3 op 8).

Meerdere vergaderings nl die ringe, streeksinodes en algemene sinodes is, soos ek later sal aantoon, tydelik van aard en raak nie die selfstandigheid van die plaaslike gemeente of kerk nie.

Dat die NGKA die verband of verbintenis tussen afsonderlike plaaslike gemeentes is, blyk duidelik uit Artikel 3.1 van die Kerkorde wat soos volg lui:

"3.1 Die Nederduitse Gereformeerde kerk in Afrika is die verband van alle plaaslike gemeentes wat bogenoemde belydenis en hierdie

Kerkorde aanvaar en wat in die toekoms deur die kerkverband as gemeentes erken word."

Die belydenis waarna hier verwys word, word uiteengesit in Artikel 1, wat voor die sitting van die Algemene Sinode in Julie 1991 soos volg gelees het:

"Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in:

1.1 Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die vyf Dordtse Leerreëls en

1.2 Die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofs-belydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius."

Die woorde "en die Belharbelydenis" is, soos reeds gemeld, deur die Algemene Sinode by sy sitting gedurende Julie 1991 ingevoeg aan die einde van Artikel 1.1.

Volgens die woordomskrywing in hoofstuk 4 van die Kerkorde is 'n gemeente "die kerk van Christus op 'n bepaalde plek" en bestaan dit uit gemeentelede en ampsdraers. "Kerk" word omskryf as die vergadering van gelowiges wat, hoewel oor die hele wêreld versprei, tot openbaring kom in die plaaslike gemeentes. In die woordomskrywing word bygevoeg dat die verskillende plaaslike gemeentes verplig is om met mekaar in kerkverband te tree.

Ons howe het tot dusver gemeentes van verskillende nominasies konsekwent as regspersone beskou. Uit die Kerkorde is dit duidelik dat dit ook die geval is met elke plaaslike gemeente van die NGKA. As regspersoon is die gemeente die eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse. (*Venter en Andere v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 op 6; *Prinsloo and*

Others v Ned. Herv. of Geref Church 1889 SAR 220; *Peach and Co v The Jewish Congregation of Johannesburg* 1894 SAR 345; *Dutch Reformed Church, Van Wijk's Vlei v Registrar of Deeds* 1918 CPD 375 op 377-8 en *Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church* 1968 (3) SA 377 (W).)

Artikel 17 van die Kerkorde maak voorsiening vir vier organe of vergaderings van die NGKA naamlik die kerkraad, ring, streeksinode en algemene sinode. Aan hierdie vergaderings word, volgens Artikel 18, maar onderhewig aan Bepaling 78, die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk toevertrou. Volgens Artikel 20 word die opsig en tug oor die gemeente en die regering daarvan aan die kerkraad soos saamgestel uit leraars of evangeliste, ouderlinge en diakens toevertrou. Die kerkraad is die bestuursorgaan van die plaaslike gemeente, dit verteenwoordig die plaaslike gemeente en neem besluite namens die gemeente. Dit dien reeds as die eerste vorm van kerkverband (Kleynhans *op cit* vol 3 op 42). Bepaling 78 van die Kerkorde lees as volg:

> *"Bepaling 78*
>
> *Die kerklike vergaderinge bepaal hulle werksaamhede binne die grense van hulle bevoegdheid, sodat hulle niks behandel wat uitsluitlik tot die bevoegdheid van 'n ander kerkvergadering behoort nie."*

Hierdie bepaling het sy oorsprong in Artikel 30 van die Dordtse Leerreëls van 1618-1619 van die Gereformeerde Kerke in Nederland na die hervorming, wat as volg gelees het

> *"In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerdere vergadering in het gemeen behoort."*

Bepaling 78 erken dus die selfstandigheid van die kerkraad deur aan die ander kerkvergaderings 'n beperking op te lê ten einde te verhinder dat hulle hul met sake wat van plaaslike aard is, en aan die kerkraad toevertrou is, bemoei. Die kerkraad het dus eksklusiewe seggenskap oor die vele sake wat die Kerkorde

aan hom opdra. Een daarvan is om namens die gemeente met laasgenoemde se eiendomme te handel.

Die regering oor die geheel van saamverbonde kerke of gemeentes word aan die meerdere vergaderings toevertrou. Gemeentes word deur die streeksinodes in ringe gegroepeer. Die ring word saamgestel uit alle leraars van gemeentes binne die ring se gebied en een ouderling of evangelis of diaken uit elke gemeente. In die gemeentes waar meer as een leraar is, dien een ouderling of evangelis of diaken per leraar op die ring. Tot die werksaamhede van die ring behoort onder andere die stigting en ontbinding van gemeentes (Artikel 25.4). Die streeksinode word saamgestel uit alle leraars binne sy gebied, saam met een ouderling ens soos die geval is met die ring. Voorsiening word ook gemaak vir ander persone om in adviserende hoedanigheid sitting te hê op die streeksinode. Artikel 30 bepaal dat die streeksinode volle seggenskap oor sy eiendomme, finansies en werksaamhede behou wat hy “voor vereniging gehad het of daarna verwerf behalwe die wat volgens hierdie Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word ...”. Die “vereniging” waarna verwys word, is die vereniging op 7 Mei 1963 soos hierbo gemeld. Artikel 29 omskryf die taak en bevoegdhede van die streeksinode en hiertoe behoort, volgens Artikel 29.2 “die behartiging van alles wat die plaaslike kerke in die gebied in gemeen het, met uitsondering van die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort”.

Die Algemene sinode word saamgestel uit vier lede van elke streeksinode en een leraar plus een ouderling of evangelis of diaken uit elke ring binne die gebied van die samestellende streeksinodes. Daarbenewens word sitting in 'n adviserende hoedanigheid verleen aan een verteenwoordiger elk van die ander drie kerke in die N G Kerkfamilie en sekere ander persone (Artikel 32).

Uit bogemelde bepalings blyk dit dat terwyl alle gemeentes direk verteenwoordig is op die ringe en streeksinode, slegs sommige gemeentes indirek deur die ringe en streeksinodes waaronder hulle sorteer op die algemene sinode verteenwoordig word. Geen gemeente het 'n direkte verkose verteenwoordiger by die algemene sinode nie. Die algemene sinode is verder, anders as die

kerkraad, bloot tydelik van aard en is geen permanente bestuursliggaam nie. Sy bevoegdheid eindig met die uiteengaan van die vergadering. Die algemene sinode is nie by magte om 'n besluit te neem in stryd met die kerkorde nie. (Geldenhuys *op cit* 251-252, Pienaar *op cit* 295.) Tussen sinodesitting handel kommissies met omskrewe funksies. Die motief agter die besluit, hoe lofwaardig ook al, is irrelevant. Die volgende *dictum* van hierdie Hof in die saak van *Minister of the Interior and Another v Harris and Others* 1952 (4) SA 769 (A) op 793 A-B geld ook vir die algemene sinode:

> *"If an Act is beyond the competence of a legislative body, its motives are irrelevant, whether they be ethical, legal or political."*

Die algemene sinode is verder nie by magte om 'n bepaling in die kerkorde te wysig ten einde 'n doel te bereik wat buite sy magte is nie. In *Collins v Minister of the Interior and Another* 1957 (1) SA 552 (A) het **Schreiner AR** op 574 die volgende in hierdie verband gesê (op 574 E-F) :

> *"In general the parts of a scheme take their character from the whole. A scheme to defraud is an obvious example. Another is a scheme to get round a legislative obstacle."*

Artikel 34 van die Kerkorde omskryf die werksaamhede en bevoegdhede van die Algemene Sinode. Daaronder val onder andere die behartiging van die ekumeniese belange van die kerk (Artikel 34.1); die administrasie van en beskikking oor eie fondse en eiendomme (Artikel 34.2); die bepaling van die beleid wat gevolg moet word in verband met die werksaamhede wat deur die streeksinodes behartig word (Artikel 34.3); die behandeling van alle sake wat deur die streeksinodes na hom verwys is en die beslissing oor tugsake wat die leer van die kerk raak (Artikel 34.4). Artikel 34(5) sluit die volgende in onder die Algemene Sinode se werksaamhede :

> *"34.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word, die vasstelling en vertaling van die belydenisskrifte van die kerk, die kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die sangbundel en die orde van die erediens."*

Ek behandel later die juiste betekenis van hierdie subartikel.

Teen hierdie agtergrond kan die wysigings van die Kerkorde deur, en die besluite van die 1991 Algemene Sinode nou oorweeg word. Eerstens is daar Artikel 36. Voor die wysiging het Artikel 36 van die Kerkorde bepaal dat die Algemene Sinode, met die uitsondering van die belydenis, die Kerkorde kon wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem. Vir die wysiging van die belydenis moes, soos ek reeds gesê het, elke streeksinode ook afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit. Die beginsel wat hier gestel was, was dat elke gemeente van die kerk, deur sy verteenwoordigers in die streeksinode, inspraak in 'n moontlike wysiging van die belydenis moes hê. Ten opsigte van die belydenis, wat deur Kleynhans, *op cit* vol 3 op 154 as die grondslag en beleid van die kerk by uitnemendheid, beskryf word, was daar dus 'n beperking met betrekking tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode in die Kerkorde ingebou. Na my mening was die belydenis verskans in Artikel 36 en die Algemene Sinode was nie by magte om die verskansing te omseil deur ’n eensydige wysiging van Artikel 36 nie.

Wat betref die reg van die algemene sinode om ingevolge Artikel 36.2 wysigings in die Kerkorde aan te bring, moet verder gelet word op die algemene beginsel wat Lord Tomlin in *Hole v Garnsey* 1930 AC 472 (HL) op 500 gestel het dat die bevoegdheid van ’n vrywillige vereniging om sy grondwet te wysig, beperk moet word tot wysigings wat redelikerwys geag kan word binne die beskouing en bedoeling van die partye was tydens die sluiting van die kontrak, inagnemend die aard en al die omstandighede van die kontrak. In *Swanepoel v OVS Nederduitse Gereformeerde Kerk* 1949 (4) SA 919 (0) het De Beer RP met goedkeuring na hierdie beginsel verwys maar in 'n vroeëre beslissing, waarna nie in die *Swanepoel*-saak verwys is nie, *Fairham v Cape Town Mutual Aid Fund* 1949 (1) SA 925 (C), was Ogilvie Thompson Wnd R nie bereid om die beginsel deur Lord Tomlin gestel, sonder kwalifikasie te aanvaar nie. Op 928 het die geleerde regter gesê dat die beginsel oorweeg moet word saam met 'n ander beginsel naamlik dat die hof normaalweg nie sal inmeng met dit wat te goeie trou gedoen word tot

voordeel van die betrokke vrywillige vereniging nie. Dit is nie nodig vir huidige doeleindes om te oorweeg of hierdie kwalifikasie geregverdig is nie.

Na my mening is dit duidelik dat by die invoeging van Artikel 61 die Algemene Sinode die wysigingsbevoegdheid in Artikel 36 gebruik het om 'n resultaat te bereik wat nie alleen nooit bedoel kon gewees het nie, maar ook strydig is met die hele oogmerk van die wysigingsbevoegdheid in Artikel 36.

As deel van die breë kontekstuele agtergrond kan verder aanvaar word dat die waarskynlike bedoeling agter die Kerkorde was dat die NGKA vir altyd sou bestaan. So het Hoofregter Wessels in *Wilken v Brebner and Others, supra*, op 184, die volgende gesê:

> "In the case of a *universitas or collegium*, a church or hospital, or what the German jurists call a 'stifftung", the intention is that the association shall continue for ever and that it shall carry out the purposes of its founder or founders."

Ek kan my kwalik voorstel dat toe die NGKA in 1963 gestig is, die opstellers van die kerkorde iets anders in gedagte gehad het as dat die NGKA vir altyd sou bestaan. Die getuienis was dat die gedagte van kerkvereniging eers in 1975 ontstaan het. Dit is vir hierdie rede, meen ek, dat geen uitdruklike voorsiening in die kerkorde gemaak is vir die ontbinding van die NGKA of vir kerkvereniging nie. Die basis van die wysigingsbevoegdheid in Artikel 36.2 was dus die veronderstelling dat die NGKA bly voortbestaan. Dit was gemik op die voortsetting, verbetering en aanpassing van die kerkorde soos omstandighede van tyd tot tyd dit sou vereis. Die invoeging van Artikel 61, daarenteen, was daarop gemik om die fundamentele doelstelling van die NGKA ongedaan te maak en het tot gevolg gehad die stigting van 'n nuwe kerk, die ontbinding van die NGKA en die beëindiging van die NGKA se kerkorde. Dit was nie die bedoeling agter Artikel 36 nie en ook nie sy funksie nie. Na my mening was die invoeging van Artikel 61 gevolglik nie 'n wysiging binne die betekenis van Artikel 36 nie en het die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel toe hy die artikel ingevoeg het. Vgl *Murray v SA Tattersall's Subscription Rooms* 1910

WLD 35 op 41. Op gesag van die beslissing in *Kahn v Louw NO and Another* 1951 (2) SA 194 (C) op 211 E-F is namens die VGK aangevoer dat die bevoegdheid om die konstitusie van 'n vrywillige vereniging te wysig die bevoegdheid insluit om die vereniging te ontbind. Ek is nie oortuig dat so ’n algemene beginsel inderdaad bestaan nie; maar, selfs al sou dit die geval wees, gaan Artikel 61 veel verder as die ontbinding van die NGKA. Ek het reeds opgemerk dat die effek van die artikel is dat ontbinding insidenteel sal wees tot 'n besluit om met 'n ander kerk te verenig. Wanneer so 'n besluit geneem word, hou die NGKA, volgens Artikel 61, op om as sulks te bestaan, gaan dit op in die nuwe kerk en word alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone daarin oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone in die nuwe kerk. Wesenlik kom dit daarop neer dat elke gemeente met al sy regte, voorregte, bates ens eenvoudig opgeneem, en sonder enige deelname aan die besluit, in ’n nuwe verband gedwing word.

Ek behandel vervolgens die betoog namens die VGK dat op ’n behoorlike uitleg van die Kerkorde die Algemene Sinode selfs sonder die invoeging van Artikel 61 die inherente of stilswygende mag gehad het om sy besluit tot kerkvereniging te neem. Ek het reeds hierbo verwys na die werksaamhede wat die Kerkorde aan die Algemene Sinode opdra sowel as na dié liggaam se verhouding teenoor die ander mindere kerkvergaderings. Dit blyk duidelik uit die Kerkorde dat die Algemene Sinode, anders as die drie ander kerkvergaderings, jurisdiksie het oor die saamgebonde gemeentes en dat die ander vergaderings hulle aan sy uitsprake en besluite moet onderwerp (bepaling 75). Soos verskillende skrywers oor die onderwerp, aangehaal deur Geldenbuys, *op cit* 259, uitwys, is daar egter vele sake waaroor die Algemene Sinode geen jurisdiksie het nie. So is dit nie by magte om ’n besluit oor ’n gemeente se bates te neem nie of eensydig die gemeente se aard of identiteit te verander of te ontbind nie. Die NGKA is, soos reeds gesê, die verband tussen die gemeentes as afsonderlike plaaslike kerke. Daaruit volg, meen ek, dat dit nie vir die Algemene Sinode is waar, soos ook reeds gesê, die gemeente nie direk verteenwoordig is nie, om eensydig die gemeente se kerkverband te verander nie. Meer nog, as onafhanklike

regspersoon besit die gemeente sy eie eiendom en bates en regtens kan sy eiendom hom nie teen sy wil ontneem word nie. Dat dit die effek is van die Algemene Sinode se besluit (1.1.34), is duidelik.

Dit is al meermale deur ons howe beslis dat die Algemene Sinode se inherente bevoegdheid nie die reg insluit om sonder die goedkeuring van al sy lede, dit wil sê al die gemeentes, die kerkverband te verander en 'n ander kerk te stig nie. In die saak van *The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton* 1893 SAR 69 was die feite kortliks as volg. In Februarie 1885 het die onderskeie algemene sinodes van die Nederduitsche Hervormde ("NH") en die Nederduitsche Gereformeerde (*NG") Kerke, feitlik eenparig besluit om te verenig en ’n nuwe kerk te stig wat, tot daar op ’n naam ooreengekom sou word, voorlopig bekend sou staan as die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk ("NH of G). Kort daarna is die boeke van die NH gemeente van Standerton aan die NH of G gemeente aldaar oorhandig en die sleutel van die kerk met die koster gelaat wat dit namens die NH of G gemeente ontvang het. Sekere Ildmate van die NH gemeente was nie tevrede met die kerkvereniging nie en in 1892 het ’n leraar en ’n aantal persone in die omgewing van Trichardtsfontein as kerkraad aanspraak gemaak op die kerkgronde en kerkgebou op Trichardtsfontein welke eiendom voor die kerkvereniging aan die NH gemeente van Standerton geskenk is. Hulle het hulself steeds as die NH gemeente van Standerton beskou en het ’n hofaksie ingestel teen die nuwe NH of G gemeente waarin hulle die kerkeiendom teruggeëis het. Die aksie is gehandhaaf in die volgende woorde van Hoofregter Kotze op 81-82.

> *“It is clear that if, at the time of the completion of the union in 1885, there were any members of the Nederduitsch Hervormde congregation who did not concur in the union, or acquiesce in it at a later date, those members must be considered to have remained hervormd, and as still constituting the Hervormde congregation of Standerton, and therefore as being entitled to the ownership of the piece of donated land at Trichardsfontein with the church buildings on it. This follows from the nature of a*

corporation or religious body (Universitas), such as a church association, and from the doctrine applicable thereto. Thus Ulpian says (Dig. 3. 4, 7, s. 2), 'Sed si universitas ad unum redit, magis admittitur posse eum convenire el conveniri, cum jus oninium in unum reciderit, et stet nomen universitatis.' (Compare Voet. 3. 4, s. I.)

The two separate corporations, to wit, the Hervormde congregation and the Gereformeerde, resolved in 1885 to terminate their existence as such, and together to form another and new corporation or body. This could only be brought about by the consent or acquiescence of each individual member of the two separate corporations. The majority, that is the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scope and object of the corporation or church association, for such power is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being, then the majority exceeds the limits of its authority; it is then acting ultra vires. The General Church Assembly of the Nederduitsch Hervormde Church cannot, by its resolutions of 1882 and 1885 to unite with the Gereformeerde Church and form a new church or corporation, compel the members of the former church who did not wish for union, to join in it, however desirable and praiseworthy the union may happen to be."

Namens die VGK is betoog dat Hoofregter Kotze in die aangehaalde passasie niks meer gesê het nie as dat die Hervormde gemeente van Standerton bly voortbestaan het. Ek stem nie saam nie. Hoofregter Kotze behandel in die eerste gedeelte van die aangehaalde passasie, wat eindig met die aanhaling van Ulpianus se *Digesta*-teks, wel die posisie van die gemeente, maar gaan daarna veel verder. Die *Digesta*-teks, volgens die Watson-vertaling, lees as volg: "*But if a corporate body is reduced to one member, it is usually conceded that he can sue and be sued, since the rights of all have fallen to one and the corporate body continues to exist in name only*"*.*. Dat een oorblywende gemeentelid die

gemeente kan vorm, moet in die huidige omstandighede, in die lig van die bepalings van die kerkorde waarvolgens die kerkraad die gesagsorgaan is wat namens die gemeente optree, moontlik gekwalifiseer word. Dit is egter nie vir huidige doeleindes nodig om hierdie aspek te beslis nie. Dit raak nie die res van die aangehaalde *dictum* van Hoofregter Kotze nie, waar hy met die bevoegdheid van die Algemene Sinode handel. Daarin verklaar hy onomwonde dat die Algemene Sinode nie gemagtig is om sonder die toestemming van alle lede (of dit nou gemeentes of gemeentelede is) tot kerkvereniging en die stigting van 'n nuwe kerk te besluit nie. Sien verder *The Nederduitsche Hervormde Congregation of Rustenburg v The Nederduitsche Hervormde or Gereformeerde Congregation of Rustenburg* 12 CU 140 op 141 waar die feite soortgelyk was aan dié van die Standerton-saak; *Dwane v Goza and Others* 17 EDC 8 op 18; *Coates and Cottrell v St John's Benefit Society* 23 SC 38 op 40; *Solomon v The Alfred Lodge* 1917 CPD 177 op 180 en 184 en *Cape United Sick Fund Sociely and Others v Forrest and Others* 1956 (4) SA 519 (A) op 528 A waar met goedkeuring na die *Standerton*-saak verwys is.

In die ongepubliseerde proefskrif van Fourie, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as Regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg*, kom by op 293 tot die gevolgtrekking dat die bevoegdheid om sonder die toestemming van alle lidmate twee of meer kerke te ontbind en daarna gesamentlik ’n nuwe kerk met ’n eie naam, belydenis, kerkorde en liturgie vir die gemeentes te stig, slegs van owerheidsweë verkry kan word. As ’n voorbeeld hiervan verwys hy na ’n private wet, Die Nederduits Gereformeerde Kerken Verenigings Akte 23 van 1911, wat voorsiening gemaak het vir die vereniging van die NG Kerke in die destydse vier provinsies. Hierdie wet het spesifiek voorsiening gemaak dat vereniging regsgeldig kon geskied met die goedkeuring van die sinodebesluite deur driekwart van die onderskeie kerkrade in al vier die provinsies (Artikel 2). Die agterliggende beskouing was dus dat die gemeentes se goedkeuring vir kerkeenheid noodsaaklik was. Die vereiste meerderheid kon nie verkry word nie en eers vyftig jaar later, op 12 Oktober 1962, is kerkeenheid bereik en die NG

Kerk gestig. (Vir 'n bespreking van die wet en wat daarvan geword het, sien die artikel van Dannenbring in 1966 (vol 83) SALJ op 520).

In Amerika het die howe dieselfde houding ingeneem oor kerkvereniging in die presbiteriale stelsel van kerkregering. Daar word ook meerdere kerkvergaderings aangetref wat ooreenkom met dié by ons en die vraag wat telkens beantwoord moes word was of die betrokke General Assembly (wat ooreenstem met ons algemene sinode) die bevoegdheid uit sy grondwet verkry het om tot kerkvereniging en die stigting van 'n nuwe kerk oor te gaan. Sien die *Corpus Juris Secundum* vol 76 para 35 op 788-789 en para 70 op 847-848; *American Jurisprudenc*, 2de uitgawe, vol 66, op 763 en *Ramsey v Hicks* 91 NE 344 waar die hof op die feite van daardie saak bevind het dat die bevoegdheid tot kerkvereniging wel bestaan het.

Vir die betoog namens die VGK dat die bevoegdheid tot kerkvereniging en die stigting van ’n nuwe kerk stilswygend inbegrepe is in die Kerkorde, is op Artikels 34.1 en 34.5 gesteun. Soos reeds gesê, dra Artikel 34.1 aan die Algemene Sinode die behartiging van die ekumeniese belange van die kerk op. Die naam is reeds aanduidend van wat hier bedoel word. Ekumenies (van die Griekse oikoumene) is volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 2de deel op 509, die hele bewoonde aarde of verteenwoordigende die hele Christelike kerk, veral die op gereformeerde grondslag. Sien ook HAT op 198. Ekumeniese belange sou dus die wees wat die NGKA deel met alle Christene oor die hele wêreld, soos dié met kerke op gereformeerde grondslag in Suid-Afrika, dié met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering in die buiteland en dié met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis (sien Artikel 59). Sien Kleynhans *op cit* vol 3 op 106 en Heyns, *Die Kerk*, op 175-176. Volgens laasgenoemde is dit gewoonlik die bande met kerke van ander konfessionele oortuigings, kerkregtelike beginsels en liturgie wat in 'n ekumeniese verhouding gestalte vind. Hierdie subartikel sê gevolglik niks meer nie as dat die NGKA nie in afsondering moet leef en werk nie maar eerder in samewerking met ander kerke. Die subartikel bevat, na my mening, geensins 'n stilswygende bevoegdheid tot eensydige kerkvereniging en kerkstigting nie.

Laastens is daar gesteun op die bevoegdheid van die Algemene Sinode in Artikel 34.5 om die "belydenisskrifte", die kerkorde ens vas te stel. Hierdie subartikel beteken sekerlik nie dat die Algemene Ssinode die belydenis en Kerkorde na willekeur met 'n gewone meerderheid kan wysig nie, en die subartikel moet klaarblyklik onderhewig gelees word aan Artikel 36 wat bepaal hoe die wysiging van die kerkorde en die belydenis moet geskied. Soos ek reeds bevind het, het die wysigingsbevoegdheid ingevolge Artikel 36 nie die bevoegdheid ingesluit om Artikel 61 in te voeg nie. Dit volg dat as Artikel 36 nie die invoeging van Artikel 61 gemagtig het nie, Artikel 34 (5) dit ook nie kon doen nie.

Vir die redes wat ek genoem het, is ek van mening dat die Algemene Sinode buite sy magte gehandel het. Die gehele besluit van die Algemene Sinode van die NGKA op sy vergadering van Julie 1991 om met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1.1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig. Daarbenewens was die wysiging van art 36, soos ek reeds bevind het, ook ongeldig.

Dit volg dat die Hof *a quo* verkeerdelik verklaar het dat die NGKA nie meer bestaan nie, dat alle regte ens van die regspersone van die NGKA oorgedra is aan die ooreenstemmende regspersone van die VGK en dat die streeksinode NGKA-OVS geen regsbevoegdheid meer besit nie. Wat betref die Hof *a quo* se verklarende bevel dat die VGK regsgeldig gestig is op 14 April 1994, is die geldigheid van die gebeure van daardie dag en hoe dit geraak word deur die ongeldige besluite van die NGKA se Algemene Sinode van Julle 1991, nooit in die stukke voor die Hof behoorlik aangespreek en ondersoek nie. Daar was slegs terloopse verwysings na die gebeure van daardie dag. Die notule van die stigtingsvergadering was nie voor die Verhoorhof geplaas nie. Die NGSK was nie 'n party tot die huidige saak nie. Alhoewel dit nie voor ons betoog is dat die VGK nie regsgeldig tot stand gekom het nie en die NGKA-OVS en NGKA-Phororo beide erken dat die VGK regsgeldig bestaan, was 'n verklarende bevel dat die VGK regsgeldig gestig is, gevolglik nie geregverdig nie.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die appèl slaag met koste wat die koste van twee advokate op verhoor maar nie ten opsigte van die argumentshoofde nie, insluit.

2. Die bevel van die Hof *a quo* word vervang met die volgende bevel -

   (a) Die tussentydse interdik gedateer 22 Maart 1996 word ter syde gestel;

   (b) Die aansoek word afgewys met koste wat die koste van twee advokate insluit.

W VIVIER AR.

Hefer AR)
Zuhman AR)
Streicher AR) Stem saam.

Bylae D tot Hoofstuk 3

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr.:2287/1999

In die saak van:

DIE KOPPIES GEMEENTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA — Eiser

en

DIE KOPPIES GEMEENTE VAN DIE VEREENIGDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER AFRIKA — 1 ste Verweerder

DIE PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN KOPPIES — 2 de Verweerder

AANGEHOOR 0P: 8-18 NOVEMBER 2005, 21-30 MAART 2006 EN 6-9 JUNIE 2006

UITSPRAAK DEUR: CJ MUSI, R

UITSPRAAK GELEWER OP: 26 OKTOBER 2006

[1] Hierdie is 'n aksie om ontruiming en skadevergoeding. Die eiser is die Koppies-gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika - Oranje Vrystaat, 'n regspersoon verteenwoordig deur die kerkraad daarvan, van Koppies, Vrystaat Provinsie (NGKA - Koppies),

Eerste verweerder is die Koppies-gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, 'n regspersoon verteenwoordig deur die kerkraad daarvan, van Koppies, Vrystaat Provinsie (VGKSA - Koppies).

Tweede verweerder is die Plaaslike Oorgangsraad van Koppies, 'n plaaslike owerheid met regspersoonlikheid ingestel kragtens die bepalings van die Oorgangswet op Plaaslike Regering 209 van 1993, van Koppies, Vrystaat Provinsie. G een regshulp word hierin teen tweede verweerder gevorder nie, aangesien tweede verweerder bloot weens sy moontlike belang as titelhouer van die gewraakte onroerende eiendom, gevoeg word. Geen kostebevel word teen tweede verweerder gevorder nie, tensy dit hierdie geding sou teenstaan. Ek sal gerieflikheidshalwe na die eerste verweerder as die verweerder verwys aangesien die tweede verweerder nie die geding teengestaan het nie.

[2] Die eiser vorder die volgende regshulp:

1 'n Bevel dat eerste verweerder:

1.1 Die onroerende eiendom hierbo vermeld onmiddellik ontruim en tot beskikking van eiser stel, en

1.2 Dat eerste verweerder die roerende goedere hierbo vermeld onmiddellik aan eiser lewer.

2. 'n Bevel dat die balju van hierdie agbare hof gemagtig en gelas word om, indien eerste verweerder sou versuim om te voldoen aan die bevel in paragraaf 1 hierbo vermeld, sodanige stappe te doen as wat redelikerwys nodig sou wees om sodanige bevel uit te voer.

3. 'n Bevel dat die balju gemagtig word om die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in te roep vir sover as wat dit na sy mening nodig sou wees om die bevel in paragraaf 2 hierbo vermeld uit te voer.

4. 'n Bevel waarvolgens eerste verweerder gelas word om aan eiser sodanige skade te betaal as wat die eiser binne drie maande nadat die bovermelde eiendom en goedere terugontvang is deur eiser, kan bewys: ten opsigte waarvan verlof aan eiser verleen word om op hierdie stukke (aangevul waar nodig) die hof vir verdere regsverligting te nader.

5. Koste van die geding (ook betaalbaar deur tweede verweerder indien tweede verweerder hierdie aksie sou opponeer); en

6. Gepaste, bykomstige regshulp."

[3] Ek het, ingevolge Reël 33 (4), gelas dat die skadevergoeding (bede 4) afsonderlik beslis moet word. Die beoordeling daarvan is sine die uitgestel.

AGTERGROND

[4] Die geskiedenis en agtergrond van hierdie twis word volledig uiteengesit in NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (OVS) EN 'N ANDER v VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA 1999 (2) SA 156 (HHA). Die volgende feite was deur die partye op rekord geplaas en as juis en korrek aanvaar.

“1. Voor 7 Mei 1963 het daar vier afsonderlike kerke beslaan, naamlik

1.1 die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat;

1.2 Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal;

1.3 Die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika, en

1.4 Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal.

2 Op 7 Mei 1963 het hierdie vier kerke verenig om die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (die NGKA) te vorm.

3. Die NGKA is reeds sedert die voormelde stigting daarvan as 'n lid van die Nederduitse Gereformeerde kerk familie in Suid-Afrika. Die "familie" het bestaan uit:

3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (die NGK) wat op daardie stadium hoofsaaklik blanke-lidmate bedien het;

3.2 Die Reformed Church in Africa" (die RCA) wat op daardie stadium hoofsaaklik op Indiër-lidmate gekonsentreer het;

3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (die NGSK) wat die bediening hoofsaaklik onder kleurling-lidmate hanteer het, en

3.4 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) wat die bediening hoofsaaklik onder swart-lidmate hanteer het.

4.

4.1 Artikel 1 van die Kerkorde van die NGKA bevat die Belydenisskrifte van die kerk en lees (soos dit vervat is in die Hersiene Kerkorde van 1987) soos volg:

"Artikel 1:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woorde bely, staan uitgedruk in:

1.1 Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofs-belydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls, en

1.2 Die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en the Belydenis van Athanasius."

4.2 Die belydenisskrifte van die ander kerke van die voormelde familie van kerke was tot 1986 eendersluidend aan die belydenisskrifte van die NGKA.

5. Gedurende 1986 het die NGSK 'n verdere belydenisskrif naamlik die belydenisskrif van Belhar, of anders gestel, die Belharbelydenis tot die belydenisskrifte van daardie kerk toegevoeg.

6. Op 14 April 1994 het die VGKSA tot stand gekom a.g.v verenigingsbesluite deur die Algemene Sinode van die NGKA en die Sinode van die NGSK.

7. Twee Sinodes van die NGKA het onder andere hulleself nie aan die vereniging van die bogemelde twee kerke deur die besluit van die

Algemene Sinode gebonde geag nie. Hulle is naamlik die Vrystaatse Sinode van die NGKA en die NGKA Sinode: Phororo. Eersgenoemde strek geografies oor die gebied wat tans bekend is as die Vrystaat terwyl laasgenoemde strek vanaf die distrik Molopo (Mafikeng) in die ooste tot in die distrik Gordonia aan die Namibiese grens in die weste en vanaf die Botswana grens in die Noorde tot by Douglas in die Suide.

8. Die nuutgestigte VGKSA het toe gedurende Februarie 1996 en onder saak nommer 96/0799 'n aansoek tot hierdie Agbare Hof gerig in welke aansoek die VGKSA gevra het vir onder andere 'n bevel wat verklaar dat:

   “Die vereniging tussen die voormalige Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en die voormalige Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika meegebring het dat:

   (a) die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika opgehou het om te bestaan en

   (b) alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die Applikant."

9. Die aansoek is aanvanklik in hierdie Agbare Hof aangehoor deur Sy Edele van Coller R en gemelde Agbare Regter het die aansoek in die guns van die Applikant (die VGKSA) beslis.

10. Appèl is aangeteken en op 27 November 1998 het die Hoogste Hof van Appèl in twee afsonderlike uitsprake (onder saak nommer 536/96) van onderskeidelik Sy Edele Regter Viviers en Sy Edele Regter Harms die appèl gehandhaaf en bevind dat die NGKA nie as gevolg van die voormelde verenigings-besluit van die Algemene Sinode opgehou het om te bestaan nie. Die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl is gerapporteer: NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (OVS) EN ’N ANDER v VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA 1999 (2) SA 156 (SCA).

11. Na die gemelde Algemene Sinodale besluit tot eenwording met die NGSK en die daaropvolgende uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl is daar in sommige gemeentes van die NGKA gemeentelede wat hulle as lidmate van die VGKSA beskou terwyl daar ander lidmate in dieselfde gemeente is wat hulle as lidmate van die NGKA beskou.

12. In sommige van die gemeentes (soos in die onderhawige geval) ontstaan die vraag of daardie gemeentelede en/of kerkrade wat beweer dat hulle na die VGKSA oorgegaan het, so gedoen het met behoud van die bates van die gemeente en of daardie gemeentelede wat beweer dat hulle by die NGKA gebly het, die bates van die gemeente behou het."

Die partye het tereg ooreengekom dat die verweerder, omdat dit die bewyslas dra, eerste getuienis moet aanbied.

[5] Ds Lithebe se getuienis is dat hy gedurende Februarie 1982 deur die NGKA Koppies as evangelis beroep is. Hy het deeltyds aan die Universiteit van die Noorde (Turfloop) studeer vanaf 1991 tot 1994. In 1998 het hy voltyds, met verlof van die kerkraad, studeer en aan die einde van daardie jaar 'n diploma in Teologie verwerf. Vanaf Januarie 1996 totdat hy as dominee beroep is op 8 Julie 1997 was hy 'n proponent. Terwyl hy te Turfloop was gedurende Maart 1995 het hy 'n afdankingsbrief ontvang wat onderteken was deur die leraar van die Koppies gemeente (ds Motsoeneng) en die skriba, mnr Mosebi. Hy het na Koppies gereis en tevergeefs 'n vergadering met ds Motsoeneng probeer belê. Nadat hy die aangeleentheid met ds Hugo van Weltevrede van die NGK Koppies bespreek het, het hy dit met die kerkraad van die NGKA Koppies bespreek in ds Motsoeneng se teenwoordigheid. Die kerkraad het aangedui dat hulle nie kennis dra van die brief nie. Motsoeneng het geen verduideliking verskaf nie en die vergadering verlaat. Hy is terug Turfloop toe. Gedurende April 1995 is hy weer na Koppies omdat hy nie fondse van die NGK ontvang het nie. Hy het vasgestel dat ds Motsoeneng 'n brief aan die NGK gestuur het waarin daar beweer was dat hy afgedank was deur die NGKA Koppies. Nadat hy gelisensieer is het hy terug gekeer na die Koppies gemeente. Gedurende Februarie 1996 het lede van die

gemeente 'n brief met klagtes teen ds Motsoeneng in die kerk voorgelees. In daardie brief is daar onder andere beweer dat ds Motsoeneng gelieg het toe hy beweer dat ds Lithebe ontslaan was. Die kerkraad is ook versoek om ds Motsoeneng te versoek om 'n brief aan die NGK te stuur waarin hy om verskoning vra vir die leed wat hy ds Lithebe aangedoen het. Daar is ook versoek dat die kerkraad vir Lithebe as werker (evangelis) moet ontvang. Ds Motsoeneng het aangedui dat hy uit die kerk sal tree en werk sal gaan soek en dat die kerkraad na sy kinders moet kyk. Ds Motsoeneng het op 3 Maart 1996 vir die laaste keer in die kerk gepreek en dit was ook die laaste dag waarop hy in die kerk was. Gedurende April 1996 (21 of 28 April 1996) het ds Diale, Tshedi, Bosman, Mutane en Mototo die NGKA Koppies gemeente besoek en hulle toegespreek. Die gemeentelede het ook vrae aan hulle gevra. Daarna het hy saam met die ander predikante na sy woning gegaan.

[6] Alhoewel hy nie kan onthou dat hy 'n brief gedateer 10 April 1994 geteken het nie, verskyn sy handtekening as een van die ondertekenaars van die brief. In daardie brief - wat aan die Vrystaatse Streeksinode gerig was - het die Koppies gemeente van die NGKA besluit om nie hulle naam of kerkverband te verander nie. Hy bevestig ook dat hy 'n brief gedateer 25 Maart 1994 onderteken het waarin die ondertekenaars - wat almal lede van die NGKA was - onder andere hulle pensioengelde versoek het en bevestig het dat hulle, saam met hulle kerkrade, nie na die "nuwe" kerk oorgaan nie in weerwil van die sinodale besluit dat die kerke moet saamsmelt.

[7] Ds Lithebe bevestig dat daar wel 'n kerkraad vergadering gehou was op 26 Januarie 1997 en dat Mnr Mosala en diaken Ntshenyeho afgevaardig was om 'n ringsitting te Kroonstad op 20 Maart 1994 by te woon.

[8] Hy het ds Kuyler se verslag aan die kerkraad voorgehou en hulle het aangedui dat hulle akkoord gaan daarmee.

[9] In kruisondervraging getuig hy dat hy deur die VGKSA Koppies gemeente in Junie 1997 as predikant en voorsitter van die kerkraad aangestel is. Op 28

Januarie 1996 het ds Motsoeneng nie die diens gelei nie. Hy was nie in die kerk nie. Die koster het afgekondig dat daar die middag 'n groot diens gehou sal word. Die middag het hy gesien dat ds Motsoeneng, ds Ramolahlehi en hy dink ds Kuekue die kerkgebou ingaan. Hy het in die pastorie gesit en gesien hoe mense om die kerk saamdrom. Hy weet nie wat in die kerk gebeur het nie aangesien hy nie daarin belanggestel het nie, maar hy het wel die polisie op die kerkpersele opgemerk. Hy kan nie sê of daar 'n besluit geneem was deur die kerkraad van die NGKA Koppies om na die VGKSA te migreer nie. Hy sê dat daar wel so 'n afkondiging gemaak is dat die kerkraad besluit het om van kerkverband te verander. Hy gee toe dat hy gedurende Augustus 1999 in 'n eedsverklaring ter opponering van 'n aansoek om summiere vonnis verklaar het dat die NGKA Koppies gemeente kort voor 14 April 1994 'n besluit geneem het om van kerkverband te verander maar hy het dit kwalifiseer deur aan te voer dat hy bedoel het dat die verenigende kerke saam die besluit voor 14 April 1994 geneem het. Toe daar aan hom uitgewys word dat hy gesê het hy kan nie die presiese datum verskaf nie omdat ds Motsoeneng die notuleboek saamgeneem het, sê hy dat hy 'n fout begaan het deur dit by te voeg.

[10] Hy getuig voorts dat hy nie kan onthou dat die NGKA Koppies gemeente ooit 'n brief geskryf het na die sinode om hulself te distansieer van vereniging of aansluiting by die VGKSA.

[11] Meneer Lehlohonolo Jonas Mosala was die skriba van NGKA Koppies vanaf 2 Apri11996 tot middel 1998. Hy is nou ouderling in VGKSA Koppies. Vanaf 1991 - 1993 was hy 'n diaken van NGKA Koppies. Vanaf 1994 - 1999 was hy 'n gewone lid van die kerk. Sy getuienis is dat ds Motsoeneng die gemeente - aan die begin van 1994 - versoek het om te bid vir die samesmelting van die kerke. Gedurende November 1995 of Januarie 1996 het ds Motsoeneng egter die gemeente laat weet dat daar baie probleme is met die VGKSA; onder andere was daar probleme oor kleredrag en taal beleid. Hierdie aankondigings was die bron van groot verwarring in die kerk. Op 21 Januarie 1996 het ds Kuekue en ds Kofa die diens te Koppies bygewoon en die gemeente toegespreek aangaande

die VGKSA. Hulle het later verneem dat ds Kuekue en Kofa daar was om vir Lithebe uit die pastorie te sit. Op 28 Januarie 1996 was ds Motsoeneng nie by die kerk nie. 'n Aankondiging is gemaak dat daar, die middag, 'n groot kerkdiens sal wees en die gemeente is uitgenooi om dit by te woon. Die middag het di Kuekue, Ramolahlehi en Motsoeneng vergesel deur die polisie by die kerk aangekom. Die gemeente het liedere gesing en uitmekaar gegaan. Die volgende dag het van die gemeentelede, insluitend homself, prokureurs briewe ontvang waarin hulle versoek was om nie vir ds Motsoeneng te intimideer nie. Op 4 Februarie 1996 is daar 'n vergadering gehou tussen die kerkraad en beswaarde gemeentelede. Tydens hierdie vergadering het ds Motsoeneng huilend opgestaan en gesê dat hy werk sal gaan soek maar dat die gemeente moet sorg vir sy vrou en kinders. Op 14 April 1996 is daar afgekondig dat ds Diale die gemeente op 28 April 1996 sal besoek en is hy ook meegedeel dat hulle hom as skriba benoem het. Op 21 April 1996 is die kerkraad ingelig van sy benoeming en het hy ook op 21 April 1996 dienste begin verrig. Hy het op daardie dag die afkondiging dat ds Diale die gemeente sou besoek afgeskryf. Hy het tydens die kerkdiens die afkondiging gemaak. Op 28 April 1996 het ds Diale vergesel deur ander dominees van die VGKSA die NGKA Koppies gemeente besoek. Ds Diale het die geskiedenis van die VGKSA, die samesmeltings proses sowel as die Belhar Belydenis aan die gemeente verduidelik. Nadat die gemeentelede vrae gevra het is die dominees verskoon. Die gemeente het daarna eenparig besluit om aan te sluit by die VGKSA en die kerkraad versoek om stappe te neem om samesmelting te bewerkstellig. Die gemeente is meegedeel dat daar op 5 Mei 1996 ’n buitengewone kerkraadsvergadering sal wees. Op 5 Mei 1996 is daar ’n kerkraadsvergadering gehou waartydens die kerkraad besluit het om by die VGKSA aan te sluit en is hy versoek om 'n brief tot dien effekte te skryf. Daarna het ds Mototo van Heilbron hulle van tyd tot tyd besoek en kerkdienste gehou. Op 26 Januarie 1997 is daar besluit om ’n afvaardiging na die VGKSA ringsvergadering wat op 20 Maart 1997 gehou was te stuur. Op 7 April is hulle aanvaar in die Kroonstadse ring van die VGKSA.

[12] Piet Kgosimang Mototo se getuienis is dat hy die leraar is van die VGKSA Mapetla gemeente te Heilbron. Gedurende 1996 het ds Diale hom geskakel en hom versoek om die herder van die Koppies gemeente te wees. Hy het by geleentheid eredienste te Koppies gelei. Hy het ook op 26 Januarie 1997 as voorsitter van die kerkraad 'n vergadering van die kerkraad te Koppies bygewoon. In kruisondervraging getuig hy dat daar op 26 Januarie 1997 nie notule van 'n vorige vergadering aanvaar of verwerp was nie.

[13] Mev Sarah Modise se getuienis is dat sy sedert 1975/1976 'n lidmaat van die NGKA Koppies en 'n lid van die kerkraad. Sy dra kennis van die wrywing tussen ds Motsoeneng en ds Lithebe. Op 21 Januarie 1996 het ds Kuekue en ds Kofa die gemeente besoek en is daar 'n vergadering tussen hulle en die kerkraad gehou waartydens ds Lithebe se uitsetting, uit die pastorie, bespreek was. Tydens die vergadering het ds Kofa homself verskoon. Meneer Mosebi, die skriba, het gekla dat daar te veel vergaderings belê word om ds Lithebe se uitsetting te bespreek. Hy het opgehou skryf. Ds Motsoeneng het toe verder die notule geskryf. Daar was besluit dat ds Lithebe se meubels die daaropvolgende Dinsdag uit die pastorie verwyder sal word. Op die Dinsdag het van die gemeentelede by die kerk saamgetrek en verhoed dat die meubels uit die pastorie verwyder word. Op 4 Februarie 1996 het daar 'n vergadering tussen gemeentelede en die kerkraad plaasgevind. Tydens hierdie vergadering is daar vrae aan die voorsitter, ds Motsoeneng gevra. Ds Motsoeneng het toe gesê hy gaan werk soek en dat die kerkraad na sy kinders moet kyk. Sy bevestig dat ds Diale hulle gemeente besoek het en hulle ingelig het van die VGKSA. Nadat ds Diale en die ander dominees die kerk verlaat het, het die gemeente besluit om oor te beweeg na die VGKSA. Sy het tydens 'n kerkraadsvergadering op 4 Mei 1997 verneem dat die gemeente aanvaar is as lid van die Ring van Kroonstad. Gedurende kruisondervraging bevestig sy dat sy haarself vereenselwig het met die skrywe van 7 Februarie 1996. Sy ontken ook dat hulle vir ds Motsoeneng weggejaag het. Sy sê ook dat sy geen probleme met ds Motsoeneng of ds Kuekue gehad het nie. Sy getuig dat ds Diale hulle toegespreek het en dat hulle die daaropvolgende week 'n kerkraadsvergadering gehou het waartydens

meneer Mosala en mev Ntshenyeho afgevaardig is om die gemeente by die Ringsvergadering te verteenwoordig. Aanvanklik sê sy dat die kerkraad vir Mosala gesê het om 'n brief wat sy onderteken het, te skryf dat hulle oorgaan na die VGKSA. Later sê sy, sy kan nie onthou of sy self die brief onderteken het nie.

[14] Ds Basimane Petrus Makoko is 'n leraar in die VGKSA en bedien die Kimberley gemeente. Hy is ook die aktuaris van die moderamen van die Algemene Sinode van die VGKSA. Die moderamen bestaan uit vier lede, te wete die moderator, die assessor, die skriba en die aktuaris. Dit is, naas die Algemene Sinode, die hoogste struktuur in die VGKSA. Hy getuig dat die Moderamen dr Kuyler se standpunte onderskryf en ondersteun. Volgens hom het die kerkraad die bevoegdheid om van kerkverband te verander. Ten einde die proses maklik te maak het die Algemene Sinode 'n reglement uitgevaardig. Ingevolge die reglement kan die Algemene Sinode 'n besluit neem om van kerkverband te verander en sodanige besluit sal bindend wees op alle gemeentes binne die kerkverband. Indien 'n gemeente by die VGKSA wil aansluit moet dit geregverdig wees en die gemeente moet met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die kerkraad die belydenisskrifte van die VGKSA aanvaar en onderteken. Die toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie of die Algemene Sinode moet ook bekom word. Hy bevestig ook dat die VGKSA nie dispute in ander kerkverbande namens hulle oplos nie.

[15] Dr Kuyler is 'n dominee van die VGKSA Heidedal-Suid gemeente. Hy is deur verweerders as deskundige getuie geroep. Ek ag dit nie nodig om sy curriculum vitae op rekord te plaas nie. Sy getuienis in 'n neutedop is dat die plaaslike gemeente volkome kerk is. Geloof in Jesus Christus is die enigste voorwaarde wat gestel word vir 'n persoon om 'n lid van 'n plaaslike gemeente te wees. Indien die persoon sy geloof in Jesus Christus verklaar en in die openbaar belydenis aflê word die persoon as ’n gemeentelid aanvaar. Wanneer lidmate in die openbaar belydenis aflê verbind hulle hulself aan Christus en Sy kerk en hulle onderwerp hulle aan die opsig en tug van die ampte wat deur Christus

ingestel is tot opbou van die gemeente. Die Here stig 'n gemeente en dan wys Hy mense aan om daardie kerk te bestuur, die opsig en die tug toe te pas en daarom is 'n lidmaat ook gebonde aan die besluite van die kerkraad. Die kerkraad word deur die plaaslike gemeente gekies in opdrag van die Here. Die kerkraad ontvang sy gesag van die Here. Die gemeente is die wettige instansie in wie eiendomsreg van die bates en fondse van die kerk gevestig is. Alhoewel die kerk onafhanklik is staan dit egter in verband met ander kerke.

[16) Die kerkraad is daar om die wil van die Here en nie die wil van die gemeente te doen nie. Die kerkraad was altyd deur die gemeente verkies. Met verloop van tyd het die kerkraad ouderlinge en diakens (kerkraadslede) gekies en dan hulle name aan die gemeente voorgehou. Die gemeente is dan geleentheid gegee om beswaar te maak. Indien nie word die lid tydens 'n openbare erediens in sy amp bevestig. Die gemeente het dus inspraak maar die kerkraad besluit. Die kerkraad is verantwoordelik vir die regering en totale bestuur van die gemeente. Alhoewel die kerkraad wye magte en bevoegdhede het is dit nie absoluut nie. Lidmate wat onvergenoegd voel oor 'n kerkraadsbesluit kan die kerkraad versoek om weer die besluit te besin en indien die kerkraad volhard met die besluit kan die lidmaat hom of haarself beroep tot die meerdere vergaderings van die kerkverband (Ring en die Sinode). Alhoewel elke gemeente volkome kerk en onafhanklik is staan dit in verband met ander gemeentes. Plaaslike gemeentes wat in 'n verband tree met mekaar doen dit op grond van 'n ooreenkoms, te wete 'n belydenis en ’n kerkorde. Die kerkorde omskryf hoe die kerkverband georden en uitgeleef moet word.

[17) Die belydenisskrifte aan die ander kant is in rangorde hoër as die kerkorde. Die belydenis is die verwoording van dit wat die kerk gesamentlik glo en verstaan en 'n weergawe van die wil van God soos dit in die Skrif gevind word en in 'n bepaalde konteks geïnterpreteer is en wat van lidmate verwag word om te onderskryf. 'n Wysiging of 'n toevoeging in een of ander vorm van die belydenisskrifte, raak dus die geloofsuitdrukking van iedere en elke Christen in die kerk en gevolglik ook die grondslag van die kerk.

[18] Aangesien 'n gemeente deur 'n kerkraad tot 'n kerkverband toetree is dit sy mening dat dit vanselfsprekend is dat die gemeente deur sy kerkraad kan besluit om uit 'n kerkverband te tree. Lidmate wat nie met die besluit saamstem nie kan die interne remedies, soos omskryf in die kerkordes, volg. Die kerkordes self maak nie voorsiening vir uittrede uit 'n kerkverband nie. Ontevrede lidmate kan hulle ook as 'n eie gemeente organiseer en weer tot 'n ander kerkverband toetree. 'n Lidmaat het geen vetoreg op die besluite van die kerkraad nie. Alhoewel hierdie benadering geskoei is op die doleansie was en is dit deel van die gereformeerde kerkreg ook.

[19] Die aanvaarding van die Belharbelydenis was 'n groot moment in die geskiedenis van kerk eenwording. Dit was 'n stap om die kerkverband te herstel. Alhoewel dit nie die belydenisskrifte verander nie was daar gemeentes van die NGKA en NGK wat dit nie aanvaar het nie.

[20] Alhoewel daar gemeentevergaderings gehou word is hulle nie deurslaggewend nie. Besluite van so vergaderings kan nie die kerkraad bind nie.

20.1 Dit was die somtotaal van die getuies wat namens verweerder getuig het. Die getuienis namens eiser is as volg.

[21] Kgotso Petrus Motsoeneng se getuienis is dat hy sedert 1973 'n leraar in die NGKA is. Hy was vanaf Januarie 1977 die leraar van die NGKA Koppies. Hy bevestig dat die kerkraad gedurende 1995 besluit het om 'n brief van demissie aan dominee Lithebe, toe nog evangelis, te stuur. Ds Lithebe was nie tevrede nie. Gedurende Desember 1995 was daar 'n afskeidsfunksie vir ds Lithebe gehou. Tydens hierdie funksie het ds Lithebe se vrou hom (ds Motsoeneng) gedreig. Nadat Lithebe sy studies voltooi het, het hy 'n sertifikaat as leraar van die VGKSA ontvang en was dus nie beroepbaar om as leraar in die NGKA te dien nie.

[22] Op 21 Januarie 1996 het die kerkraad 'n besluit geneem dat ds Lithebe die pastorie moet ontruim. Die kerk het twee pastorieë gehad. Die een wat op die kerkperseel was, was deur Lithebe bewoon terwyl die ander een verhuur

was. Motsoeneng het in sy privaat woning gewoon. Tydens die vergadering het die skriba, mnr Paul Mosebi, die vergadering verlaat en het hy (Motsoeneng) verder die notule gehou. Alhoewel hy en mnr Boy Mabona afgevaardig was om die brief waarin die kerkraad se besluit uitgespel was aan Lithebe oor te dra het hulle nie hulle weg oop gesien om dit te doen nie aangesien hulle gevrees het. Hy het dreig oproepe ontvang van 'n onbekende persoon.

Die eerste Sondag van elke maand was vir die Koppies gemeente 'n "groot Sondag" want dan het die lede van die plaaswyke - wat normaalweg afsonderlike dienste hou – na die kerk gekom.

[23] Op 28 Januarie 1996 het hy nie die erediens bygewoon nie. Hy het op 27 Januarie 1996 by sy swaer te Sharpeville gaan slaap omdat hy gevrees het vir sy lewe. Toe hy die 28 Januarie 1996 by die huis arriveer, het sy vrou hom meegedeel dat sy vir ds Kuekue - die konsulent van die Koppies gemeente - geskakel het omdat sy nie geweet het waar hy (Motsoeneng) homself bevind het nie. Hy het verneem dat daar gedurende daardie middag 'n vergadering by die kerk sal wees. Hy het vir dominees Kuekue en Ramolahlehi by die polisiestasie ontmoet en is hulle met polisie begeleiding na die kerk. By die kerk aangekom, was daar 'n groep mense wat gesing het en onder andere gesê het dat hulle nie vir Motsoeneng soek nie maar dat hulle vir Lithebe soek. Hulle drie tesame met kerkraadslede sowel as gewone lidmate is in die konsistorie. Nadat daar samesprekings onder moeilike omstandighede plaasgevind het, het hy en twee kerkraadslede, Edward Sollo en Petrus Molefe, in sy voertuig geklim en gery. Daar was op die bakwerk van sy voertuig geslaan en hy was ook gesê dat die mense hom nie soek nie maar hy het uiteindelik die persele verlaat.

[24] Op 4 Februarie 1996 het hy by die kerk opgedaag en opgemerk dat lede van 'n komitee wat bestaan het uit gemeentelede en kerkraadslede vir hom wag. Hulle wou nie hê dat daar 'n nagmaaldiens gehou word nie. Na samesprekings is die diens gehou. Na die diens, tydens die afkondigings het lede van die kerkraad en gemeente die gemeente - wat op daardie stadium verbaas was - toegespreek en onder ander vir Motsoeneng daarvan beskuldig dat hy die vorige

evangeliste weggejaag het en dat hy vir Lithebe ook wil wegjaag. Hy het toe gesê dat die gemeente hom sy uitstaande traktement moet betaal. Hy het huilend vir hulle gesê dat hulle nie sy kinders enige leed moet aandoen nie.

[25] Op 11 Februarie 1996 het die komitee lede hom weer in die konsistorie ontmoet en die brief gedateer 7 Februarie 1996 aan hom oorhandig. Na die diens het hy die brief gelees. Hy het die brief met die kerkraad bespreek aangesien hy nie veilig gevoel het nie. Die kerkraadslede was verbaas om van die inhoud te verneem. Ds Bührmann, van die NGKA, is geskakel en hy is ingelig van die brief.

[26] Op 10 Maart 1996 was hy nie in die kerk nie aangesien hy sy vrou na 'n vergadering geneem het. Op 17 Maart 1996 was hy ook nie in die kerk nie aangesien hy na 'n NGKA Ringsvergadering gegaan het. Omdat hy gevrees het vir sy lewe het hy nie meer in die kerk gepreek nie, hy het dienste in die pastorie - wat nie op die kerkperseel was nie – gehou. Hy het dus op 3 Maart 1996 die laaste in die kerk gepreek. Die NGKA Koppies gemeente het voortbestaan en eredienste by die pastorie onder sy leiding gehou. Daar was ook kerkraadslede wat saam met hom eredienste in die pastorie bygewoon het nadat ongeveer 14 kerkraadslede besluit het om dienste by die pastorie te hou. Vanaf 24 Maart 1996 het hy 'n konsistorie boek bygehou. Hy het nooit versoeke gekry dat lede van die VGKSA die gemeente moet toespreek nie. Hy bevestig dat die gemeente en die kerkraad by geleentheid eenparig besluit het om by die NGKA te bly. Hy bevestig ook dat die kerkraad op 11 September 1994 'n besluit geneem het om by die NGKA te bly, terwyl Lithebe nog die skriba van die kerkraad was. Die gemeente of kerkraad het nooit besluit om oor te gaan na die VGKSA nie. Hy het nie vooraf kennis gekry van vergaderings wat op 28 April 1996 of 5 Mei 1996 gehou was nie.

[27] Op 26 Februarie 1996 het die kerkraad weereens bevestig dat hulle bly by die NGKA. Op 25 Februarie 1996 is Paul Mosebi en Edward Sollo afgevaardig deur die kerkraad om op 16 Maart 1996 'n ringsvergadering van die NGKA by te woon.

[28] Op 19 Mei 1996 het die kerkraad wat saam met Motsoeneng eredienste in die pastorie gehou het vir die eerste keer vergader. Tydens hierdie vergadering was daar 12 kerkraadslede, (insluitend Motsoeneng) teenwoordig. Volgens Motsoeneng was almal reeds lede van die kerkraad toe daar nog dienste in die kerkgebou gehou was.

[29] Raneto Ruben Serobe is 'n 67 jarige ouderling en lid van die NGKA Koppies gemeente. Sy vrou, Evelyn Serobe was gedurende 1996 die koster van die kerk. Sy het die sleutels van die kerk en ander geboue gehou. Hy het haar van tyd tot tyd met haar take gehelp. Op 'n Sondag gedurende 1996 was hy by 'n kerkdiens terwyl ds Motsoeneng na 'n konferensie te Sasolburg was. Na die diens is hy deur drie ouderlinge - Sejake, Solle en Molele - genader en is die kerksleutels van hom geneem. Toe ds Motsoeneng dienste in die ou pastorie gaan hou het, het hy en sy vrou ook daar eredienste bygewoon. In Kruisondervraging getuig hy dat die persone wat die sleutels van hom af geneem het lede van die VGKSA was.

[30] Alice Motsoeneng is ds Motsoeneng se vrou. Haar getuienis is dat sy en ds Motsoeneng nie op 28 Januarie 1996 in die kerk was nie. Daardie middag het 'n groep van ongeveer twintig persone na haar woning beweeg. Hulle het gesing dat hulle nie vir Motsoeneng wil hê nie maar vir Lithebe. Mnr Mosala was deel van die groep. Hy het gevra vir die pastorie se sleutel. Hy wou ook in die huis gaan maar was verhoed. Ds Kuekue het haar geskakel en na aanleiding van hulle gesprek is daar afgekondig dat daar om 14HOO 'n vergadering by die kerk sal wees,

[31] Ds Samuel Motlatsi Kuekue is 'n ds in die NGKA en 'n leraar van die NGKA Parys gemeente. Hy is ook die konsulent van die NGKA Koppies gemeente. Hy was gedurende 1995 1996 die konsulent van die NGKA Koppies gemeente sowel as die moderator van die Vrystaatse Sinode van die NGKA. Hy ken beide ds Motsoeneng en ds Lithebe baie goed. Op ’n Saterdag in 1996 het ds Motsoeneng hom genooi om 'n vergadering op 21 Januarie, 1996 te Koppies as 'n getuie by te woon. Hy het die vergadering bygewoon. Mnr Paul Mosebi, die

skriba het aanvanklik die notule gehou maar na ’n ruk het hy sy ontevredenheid met sy (Kuekue) se teenwoordigheid uitgespreek en die vergadering verlaat. Ds Motsoeneng het die notule verder gehou. Die kerkraad het besluit dat ds Lithebe die pastorie binne sewe dae moes ontruim. Op 28 Januarie 1996 het 'n vreesbevange mev Motsoeneng hom geskakel. Hy bevestig dat hy reëlings getref het om om 14:OO te Koppies te wees om met die gemeente te vergader. Hy, ds Motsoeneng, ds Ramolahlehi en ouderling Mazwe van die Parys gemeente, is na die kerk, vergesel deur die polisie. Toe hulle die kerk nader het hy 'n groot groep persone gesien. Die persone het gesing dat hulle nie vir Motsoeneng soek nie maar wel vir Lithebe. Hulle is saam met die skare in die kerkgebou. Die mense het steeds geraas, vloek en skel. Hulle kon nie sinvol praat nie en hulle het derhalwe die kerkgebou verlaat. Hy is terug Parys toe. As konsulent van die NGKA Koppies gemeente hou hy steeds dienste in die pastorie waar ds Motsoeneng dienste gehou het. Ds Motsoeneng is intussen na Frankfort beroep.

[32] Prof Britz is 'n professor in kerkgeskiedenis en verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy getuienis, in kort, kom daarop neer dat die kerkraad glad nie die bevoegdheid het om 'n gemeente te skuif vanuit een kerkverband na 'n ander nie. Die Doleansie kerkreg laat setel wel besluitnemingsbevoegdheid in verband met verandering van kerkverband onder bepaalde voorwaardes in 'n kerkraad. In die dolerende tydperk, 19de eeu, was die besluite van kerkrade ingetoom deur die Skrif, die belydenisskrifte en die kerkorde van Dordt uit 1618 - 1619. Die kerkrade is bevoegdheid gegee om uit 'n landswet - die algemene reglement van 1816 - te tree. Daar is ook 'n verdere tempering op die kerkraad se besluitneming geplaas aangesien alle besluite van die kerkraad onderworpe was aan 'n reg tot appèl. Dit staan egter individuele lede van die kerkraad vry om hulle amp neer te lê en na 'n ander kerkverband te beweeg. Sou die hele kerkraad besluit om te migreer na 'n ander kerkverband bly die oorblywende gemeente in terme van die geldende kerkorde voortbestaan. Indien die kerkraad sou besluit om met behoud van die eiendom en bates van die gemeente oor te beweeg na 'n ander gemeente het die oorblywende

gemeente wat nie met die besluit saamstem nie ’n reg op appèl. 'n Kerkraad se besluit kan nie die gemeente se reg op appèl vernietig nie. In die gereformeerde kerkreg verkry 'n individu lidmaatskap van 'n kerk nadat die persoon onder andere die belydenisskrifte van daardie kerk aanvaar en sy/haar aanvaarding daarvan in die openbaar aan die gemeente verklaar het.

[33] Die vrae wat beantwoording verg is die volgende:

* Mag 'n kerkraad eensydig besluit om 'n gemeente se kerkverband te verander.

* Mag die kerkraad en die meerderheid van gemeentelede besluit om 'n gemeente se kerkverband te verander.

* Het die Koppies Gemeente en kerkraad van die NGKA gedurende 1996 'n besluit geneem om van kerkverband te verander. Indien wel of daardie besluit ’n geldige besluit was.

* Indien daar wel 'n geldige besluit geneem was of die effek van die besluite was dat:

  (i) die kerkverband van die gemeente verander het vanaf die NGKA na die VGKSA.

  (ii) die bates en regte van die gemeente soos dit bestaan het voordat die besluit geneem is, oorgaan na daardie gedeelte van die gemeente wat na die VGKSA kerkverband oorgegaan het,

  (iii) die oorblywende gemeente nie meer die voortsetting van die gemeente is nie en hulle belange in die gemeente se bates verbeur.

* Of daar, indien daar dusdanige besluit geneem was, berusting in die besluite was.

[34] Die partye het tereg ooreengekom dat die verweerder die bewyslas dra om die feite in geskil op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys.

[35] Dit is gemeensaak dat lidmate van die NGKA gebonde is aan die kerkorde van NGKA. Ten tye van die neem van die beweerde besluit was al die persone lede van die NGKA. As lede van 'n vrywillige vereniging was hulle almal kontraktueel gebonde aan mekaar. In Du Preez en Andere v Nederduitse Gereformeerde Gemeente, De Deur 1994 (2) SA 191 (W) te 194 G tot 195 A is bevind dat:

> "Die kerkorde, waarvan 'n eksemplaar voor my geplaas is, word uit 'n regsoogpunt wesenlik as die ooreengekome grondwet van 'n vrywillige vereniging beskou. In *Van Vuuren v Kerkraad van die M6relig Gemeente van die NG kerk in die OVS* 1979 (4) SA 548 (0) te 557 E - H het De Wet R hom in hierdie verband soos volg uitgelaat:
>
> Vir die doeleindes van hierdie aansoek moet aanvaar word dat die verhouding tussen die applikant ("'n behoorlike gelegitimeerde bedienaar van die Woord in die Kerk') en die respondent (die bogenoemde kerkraad) 'n kontraktuele verhouding is. Die kontrak is skriftelik en is die Kerkorde (vgl *Long v Bishop of Cape Town* (1863) 4 Searle 162 te 176; *Du Plessis v The Synod of the DR Church* 1930 CPD 403 te 414, 417, 426; *Odendaal v Loggerenberg en Andere NNO* (1) 1961 (1) SA 712 (0) te 717B-C; *Theron en Andere v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en Andere* 1976 (2) SA 1 (A) te 25A-B, 27H, 31E-F, 35H, 37E-F). Dit is reeds by herhaling beslis dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n vrywillige vereniging is. (*Theron v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en Andere* (*supra* te 25FG), *Odendaal v Loggerenberg en Andere NNO* (1) (supt.a te 719D); *De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van NG Kerk, Bloemfontein, and Another* 1952 (2) SA 83 (0) te 93F-H; *Bredell v Pienaar and Others* 1922 CPD 578 te 581; *De Waal and Others v Van der Horst and Others* 1918 TPD 277 te 281). Die grondwet wat (sic) 'n vrywillige vereniging moet volgens die gewone beginsels wat op kontrakte van toepassing is vertolk word (*Constantinides v Jockey Club of South Africa* 1954 (3) SA 35 (K) te 44C-

D; *De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die NG Kerk, Bloemfontein, and Another* (supra le 94H 9 5A))".

[36] Wat die verband tussen NG kerke betref is daar in NGK IN AFRIKA (OVS) v VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUID AFRKA 1999 (2) SA 156 (HHA) te 166 G-H daarop gewys dat ons Howe by herhaling beslis het dat NG Kerke vrywillige verenigings is waarvan die kerke of lede kontraktueel gebind word deur die betrokke kerkordes van die kerkverband. Wat die uitleg van die kerkorde betref is daar in NGKA (OVS) v VGKSA *supra* te 167 B-C gesê dat:

> *"(V)ir 'n behoorlike uitleg van die kerkorde is dit nodig om die woorde daarvan te oorweeg met inagneming van die aard en opset van die kerkorde, en ook na die samehang van die woorde in die kerkorde as geheel... Die sogenoemde breë kontekstuele agtergrond sluit ook in wat genome word die matriks van feite waarin die kerkorde geset is."*

Dit is ook gevestigde reg dat gemeentes of kerke regspersone is en as sulks is die gemeente die wettige eienaar van die regspersoon se goedere, eiendom en fondse. Sien NGK IN AFRIKA (OVS) v VGKSA SUPRA te 168 G-I en die sake daarin aangehaal. Sien ook bepaling 160 van die NGKSA (OVS) wat voorsiening maak vir vier soorte kerklik fondse naamlik fondse van die gemeente, ring, streeksinode en van die algemene sinode.

[37] Die magte, verpligtinge en bevoegdhede van die kerkraad word omvattend in die Kerkorde omskryf. Alhoewel dit nie al die magte en bevoegdhede omskryf nie, is dit duidelik dat die kerkraad nie owerlose magte het nie. Artikel 20 van die kerkorde bepaal dat die opsig en tug oor die gemeente en die regering daarvan aan die kerkraad toevertrou is. Die kerkraad is derhalwe die bestuursorgaan van die plaaslike gemeente. Dit verteenwoordig die plaaslike kerk en neem besluite namens die gemeente - sien NGKA v VGKSA supra te 169A - B. Die kerkraad mag slegs kerklike sake, op 'n kerklike wyse behandel (Sien Artikel 19). Die kerkraad bepaal dan ook sy werksaamhede binne die grense van sy bevoegdheid sodat die kerkraad niks behandel wat uitsluitlik tot die bevoegdheid van 'n ander kerkvergadering behoort nie (sien bepalings 78).

[38] Dr Kuyler se mening is myns insiens gebrekkig en vatbaar vir ernstige kritiek. Sy getuienis is dat hy die hele kwessie rondom kerkrade se bevoegdheid om eensydiglik van kerkverband te verander slegs uit 'n kerkregtelike perspektief bekyk en glad nie voorsiening gemaak het vir wat die geldende Suid-Afrikaanse regsposisie is nie. Hierdie benadering is kortsigtig want ek mag nie hierdie saak slegs op sterkte van die kerkreg beoordeel nie. Omdat daar burgerlike regte en belange tersprake is moet die burgerlike reg geld. Sien De Vos v Die Ringkommissie van die NGK 1952 (2) SA 83 (OPD) te 94 E -F; Motaung v Mukubela and Another, NNO 1975 (1) SA 618 (OPD) te 628 B-C.

[39) Dr Kuyler se mening dat kerkrade kerkregtelik die bevoegdheid het om 'n kerk of gemeente na 'n ander kerkverband te skuif is gebaseer op die doleansie tydperk toe kerkrade in protes teen wetgewing wel van kerkverband verander het. Sy getuienis is dat dit deel is van die gereformeerde tradisie. Hierdie argument hou egter nie tred met die konteks waarbinne die kerkrade daardie besluit geneem het. Prof Britz toon aan die anderkant duidelik aan dat dit daar gegaan het oor 'n kwessie tussen Kerk en Staat. Die Doleansie kerkreg het die plaaslike kerke deur middel van hulle kerkrade die besluitnemingsbevoegdheid gegee en uit 'n landswet - die algemene reglement van 1816 - te tree binne die raamwerk en kontrole van die Skrif, belydenisskrifte en die Dordtse kerkorde. Voorts is sy getuienis ook onbetwis dat die Doleansie kerkreg nie geld vir enige van die twee gereformeerde kerke wat in hierdie saak mekaar die stryd aansê nie. Dit is ook duidelik uit dr Kuyler se eie getuienis dat hy na geen ander gereformeerde kerke in Nederland of ter plaatse kan verwys waar die Doleansie kerkreg gevolg is nie. Dit is duidelik dat die Doleansie kerkreg, wat hierdie aspek betref, glad nie as deel van die “gereformeerde tradisie” beskou kan word nie.

[40] Dit is insiggewend dat nie een van die skrywers en deskundiges waarna dr Kuyler verwys het sy standpunt ondersteun nie. Hy gee toe dat hy die enigste deskundige is waarvan hy weet wat sy standpunt huldig. Uit 'n deskundige oogpunt is hy, wat sy standpunt betref, dus die Bybelse en spreekwoordelike stem des roepende in die woestyn. Aan die anderkant is daar duidelik in

kruisondervraging aan hom aangetoon dat die ander deskundiges glad nie daardie magte en bevoegdhede aan die kerkrade toedig nie.

[41] Dr Kuyler gee toe dat geen besluit van die kerkraad 'n ontevrede lidmaat se reg op appèl kan vernietig nie. Prof Britz deel hierdie siening. Die Kerkorde bevat ook 'n bepaling wat pertinent oor die reg van appèl handel. Bepaling 76 lees as volg:

> *"Daar kan appèl aangeteken word by 'n naasvolgende meerdere kerkvergadering oor 'n beslissing van 'n mindere kerkvergadering. Intussen sal die appellerende partye gebonde wees om die beslissing te gehoorsaam tot die meerdere vergadering finaal beslis het."*

Dit is duidelik dat beswaarde lede ingevolge dr Kuyler se standpunt geen appèlreg sal hê indien die kerkraad besluit om die kerkverband te verander. Die vraag wat ontstaan is, waarheen teken hulle appèl aan? Indien die beswaarde gemeente van die NGKA beswaar wou aanteken teen die kerkraad se besluit om te migreer na die VGKSA sou dit beteken dat hulle na die ring van die NGKA moet appèlleer of na die ring van die VGKSA? Indien hulle na die VGKSA sou appelleer sou hulle appèl onontvanklik wees aangesien hulle nie lidmate van daardie kerkverband is nie. Indien hulle na die ring van die NGKA sou appelleer sou hulle appèl ook onontvanklik wees want dan sal daardie ring nie enige jurisdiksie het oor die kerkraad wat reeds by 'n ander kerkverband aangesluit het nie. Indien hulle streng volgens die kerkorde handel sal dit verdere absurde gevolge vir hulle inhou. Hulle sal gebonde wees aan 'n besluit dat hulle lidmate is van 'n ander kerkverband totdat die meerdere vergadering die appèl finaal beslis het. Dit is duidelik dat dr Kuyler se opinie in die lig van die Kerkorde en die "gereformeerde tradisie" onhoudbaar is.

[42] Dr Kuyler getuig dat hy saamstem met prof Britz

> "dat die belydenisskrifte van kardinale belang en kan nie gewysig word nie, behalwe ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van die toepaslike kerkorde. U kommentaar daarop? --- Ek wil saamstem met

prof. Britz dat die belydenisskrifte van kardinale belang is en dat 'n mens dit nie sommer net willekeurig verander wanneer jy net so voel nie. Daar moet waarlik 'n situasie wees waar jy gedwonge voel dat jy ook geen ander keuse het as om 'n nuwe belydenis te vorm nie. Ek sou ook wou byvoeg dat die belydenisskrifte van die VGKSA en die ander kerke stem ooreen. Met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, het ons nie die ander belydenisskrifte wat ons deel met die NG Kerk in Afrika opgesê nie. Ons behou dit nog altyd en op daardie vlak is daar nog altyd hierdie band wat ons bind omdat ons dieselfde belydenisskrifte onderskrywe. Ons sou in die VGKSA eerder wil sê dat in plaas van die belydenisgrondslag te verander, het ons dit net nuut uitgebrei. Indien aangetoon kan word dat die belydenisskrifte, dan is dit vir ons 'n heel ander saak. Die NG Kerk se algemene sinode en ook heelwat van hulle streek sinodes het reeds uitspraak gelewer in die verband en bevind dat Belhar nie onskriftuurlik is nie. Met ander woorde dat ook die Belydenis van Belhar nie 'n ander standpunt stel as wat reeds in die Skrif en in die ander belydenisskrifte ook aangeraak word nie.

[43] Dr Kuyler getuig egter dat die Belharbelydenis nie deur drie van die susterkerke aanvaar is nie alhoewel daar van daardie susterkerke se gemeentes is wat dit wel aanvaar het. Hy gee ook toe dat daar meningsverskille bestaan oor die vraag of die “Belharbelydenis” onskriftuurlik is en in stryd is met die ander belydenisskrifte. Dit is duidelik dat die Belhar belydenis 'n bron van groot omstredenheid vir die NGKA en NGK was en steeds is. Dr Kuyler se getuienis dat dit nie die belydenisskrifte verander nie is baie vindingryk. Hoekom iets uitbrei indien die uitbreiding geen verandering meebring nie. Dit is duidelik dat die toevoeging van die Belharbelydenis 'n uitbreiding is wat 'n verandering meegebring het. Die kerkraad - deur 'n besluit om na 'n ander kerkverband oor te beweeg - sal dus die belydenisskrifte van die gemeente verander. Die kerkraad word die bevoegdheid ontsê om die bepalinge van die NGKA-OVS te verander. Dit is hoogs ondenkbaar dat die bedoeling was om hulle hierdie

bevoegdheid te ontsê maar hulle toelaat om die belydenisskrifte van 'n gemeente verander. Dit is met respek korrek bevind in NGKA-OVS v VGKSA *supra* te 171 F-G dat "(A)s deel van die breë kontekstuele agtergrond kan verder aanvaar word dat die waarskynlike bedoeling agter die kerkorde was dat die NGKA vir altyd sou bestaan..." Dit is die rede waarom die kerkraad nie die bevoegdheid het om die bepalinge en belydenisskrifte te verander nie.

[44] Die kerkraad as bestuursliggaam van die gemeente handel met kerkeiendom namens die gemeente. Elke gemeentelid het 'n aandeel in die eiendom. In De Waal & Others v Van Der Horst & Others 1918 TPD 277 te 284 is die volgende, waarmee ek saam stem gesê:

> *"As the property vests in the congregation, each member as long as he (sic) remains a member must be taken to have a share in it."*

In The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton 1893 SAR 69 te 87 is daar gesê:

> *"The only obligation on the congregation, as far as its property goes, therefore, to obey the resolutions of the General Asseembly or those of the kerkraad, is a moral one. In other words, the law can use no compulsion. An obstinate minority of the Congregation, however small it be, may defeat the best intention of the congregation when it comes to a question of the disposal of church property.*"*

Sien ook Dwane v Goza and Others 1898 - 1903 EDC 8 te 18.

[45] Die kerkraad het ook 'n plig gehad om in die belang van die NGKA-OVS op te tree. Bepaling 74 bepaal dat:

> "Die hoofdoel van almal wat met kerklike bestuur belas is, moet altyd wees: die sorg vir die belange van die Christelike kerk in die algemeen, en veral van die NGKA - OVS in die besonder, die handhawing van die leer, die vermeerdering van godsdienskennis, die bevordering van Christelike redes, die bewaring van orde en eendrag, die toesig oor die vroomheid

van leuse, die bearbeiding van die jeug en die aankweking van onderdanigheid aan die owerhede en die wet."

[46] Die besluit, indien daar so besluit was, van die kerkraad om van kerkverband te verander was definitief nie in die belang van die NGKA-OVS nie. Die kerkraad het strydig met die kerkorde opgetree. Die vervreemding van die gemeente se eiendom en die belange van die NGKA-OVS was nie in die belang van die NGKA-OVS nie.

[47] Artikel 48 van die Kerkorde stel dit duidelik dat die Kerkorde slegs stoflike aangeleenthede namens die gemeente beheer en dat die kerkraad jaarliks aan die gemeente verslag moet doen. Paragraaf 5 van Reglement 5 maak dit ook duidelik dat die bates en inkomste aan die gemeente behoort en nie aan lede of ampsdraers uitkeerbaar is nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer.

[48] In NGKA-OVS v VGKSA te 177J het Harms AR die volgende gesê oor die bevoegdheid van die kerkraad:

"Die bevoegdheid tot ontbinding van 'n gemeente of ter verandering van die kerkverband berus egter nie by die kerkraad nie..."

Mnr Ploos Van Amstel namens die verweerder het argumenteer dat dit obiter gesê was. Alhoewel dit 'n obiter dictum is, is dit in lyn met die skrywers, behalwe dr Kuyler, se siening. Dit is ook in ooreenstemming met 'n kontekstuele uitleg van die Kerkorde. Dit verskans en beskerm ook die gemeentelede se reg tot appèl. Die dictum is na my mening korrek. Ek is ook oortuig daarvan dat nog die kerkraad alleen nog saam met 'n gewone meerderheid lede van die kerk die bevoegdheid het om 'n gemeente te ontbind of om die kerk se kerkverband te verander nie.

[49] Op die feite van hierdie saak is dit duidelik dat ds Motsoeneng, lede van die kerkraad sowel as lede van die gemeente in die pastorie dienste gaan hou het as lede van die NGKA Koppies gemeente. Dit was gedoen voordat die "besluit" geneem was om te migreer na die VGKSA. Hulle was nie kennis gegee

van die vergadering waartydens daardie besluit geneem sou word nie. Dit is duidelik dat hulle uiterlik getoon het dat hulle, hulle nie skaar by die optrede en besluite van 'n gedeelte van die gemeente nie. Hulle het voortgegaan om lede van die NGKA Koppies te bly. In die Standerton-saak *supra* te 82 is daar gesê:

> *"The two separate corporations, to wit, the Hervormde congregation and the Gereformeerde, resolved in 1885 to terminate their existence as such, and together to form another and new corporation or body. This could only be brought about by the consent or acquiescence of each individual member of the two separate corporations. The majority, that is the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scope and object of the corporation or church association, for such power is within its authority, but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being then the majority exceeds the limits of its authority, it is then acting ultra vires. The General Church Assembly of the Nederduitsch Hervormde Church cannot, by its resolutions of 1882 and 1885 to unite the Gereformeerde Church and form a new church or corporation, compel the members of the former church who did not wish for union, to join in it, however desirable and praiseworthy the union may happen to be."*

Na my mening is dit ook duidelik dat die kerkraad nie daardie bevoegdheid het nie. Die kerkraad kan nie deur sy besluit lede van die Koppies gemeente van die NGKA dwing, by wyse van 'n kerkraad besluit, om lede te word van 'n ander kerkverband nie. Solank daar genoegsame lede van die gemeente oorgebly het om 'n kerk te vorm dan het die eiendorn en bates in hulle gesetel. In *casu* was daar 'n leraar, kerkraadlede en gemeentelede wat voortgegaan het om die NGKA Koppies gemeente of kerk te wees.

[50] Daar is ook te bladsy 81 - 82 van die Standerton-saak *supra* gesê:

"It is clear that if, at the time of the completion of the union in 1885, there were any members of the Nederduitse Hervormde congregation who did not concur in the union, or acquiesce in it at a later date, those members must be considered to have remained Hervormd, and as still constituting the Hervormde congregation of Standerton, and therefore as being entitled to the ownership of the piece of donated land at Trichardsfontein with the church buildings on it. This follows from the nature of a corporation or religious body (Universitas), such as a church association, and from the doctrine applicable thereto. Thus Ulpian says (Dig. 3.4, 7, s. 2), "Sed si universitas ad anum redit, magis admittitur posse eum convenire et convenirri, cum jus omnium in anum iecideri t, et stet nomen universitalis."

Sien ook Dwane v Goza and Others 1898 - 1903 EDC 8 te 18, In NGKA - OVS v VGKSA het Vivier AR sy bedenkinge uitgespreek oor die geldigheid van *Ulplianus se Digesta teks* in die lig van bepalings van die Kerkorde. In hierdie saak blyk dit dat daar genoegsame gemeentelede moet wees sodat daar voldoen kan word aan Artikel 21, wat bepaal dat die kerkraad saamgestel word uit die leraar(s), evangelis(te), ouderlinge en diakens, sowel as Bepaling 83 wat bepaal dat elke kerkraad bestaan uit 'n gelyke getal van minstens drie ouderlinge en drie diakens. Volgens die konsistorieboek wat ds Motsoeneng bygehou het, is dit duidelik dat sedert 24 Maart 1996 - die dag waarop hy die konsistorieboek by die pastorie begin byhou het - alreeds 16 kinders, 24 volwassenes en 4 kerkraadslede was. Daar was dus genoegsame gemeentelede van die NGKA Koppies om as sulks voort te bestaan wat ook inderdaad gebeur het. Dit is in elk geval nie in geskil dat ds Motsoeneng saam met van die kerkraadslede en gemeentelede voortgegaan het om dienste in die pastorie te hou nie. Op 16 Maart 1996 het Motsoeneng 'n ringsvergadering van die NGKA Heilbron bygewoon. Ds Motsoeneng en die ander gemeentelede wat saam met hom in die pastorie dienste gehou het was dus volkome kerk. 'n Kerkraad van die NGKA-verband in die algemeen en die kerkraad van die Koppies gemeente in die besonder het geen uitdruklike of stilswyende magtiging om 'n gemeente se

kerkverband te verander nie. Die kerkraad van die NGKA Koppies gemeente het na my mening geen reg, magtiging of bevoegdheid gehad om die gemeente te skuif na die VGKSA nie. Hulle handeling was dus *ultra vires* hulle bevoegdhede en nietig.

[51] Die verweerder beweer dat die gemeente op 28 April 1996 besluit het om van kerkverband te verander terwyl die kerkraad op 5 Mei 1996 'n soortgelyke besluit geneem het. Voorts het verweerder beweer dat sommige lidmate, voordat die besluit geneem is, hulself van die gemeente afgeskei het en die eiser gemeente gevorm het. Die verweerder het beweer dat die notule van die 5 Mei 1996 besluit nie beskikbaar is nie aangesien die relevante dokumente in die eiser se besit is. Mnr Pistor het korrek na my mening daarop gewys dat op die verweerder se eie saak was ds Motsoeneng sedert 3 Maart 1996 nie meer by die kerk nie. Dit is dus duidelik dat op die verweerder se saak daar geen dokumente in die eiser se besit kon kom nie.

[52] Daar is verskeie teenstrydighede in die verweerder se saak met betrekking tot die neem van die besluite deur die kerkraad en die gemeente. Ds Lithebe het in 'n aansoek om summiere vonnis, gebring deur die eiser, namens die verweerder 'n beëdigde verklaring afgelê. Hy het onder andere die volgende verklaar:

> *"It is not correct that prior to 14 April 1994, the Plaintiff was in peaceful, undisturbed and lawful, occupation and possession of the immovable property described in para 1.1 of the notice of application for summary judgment and of the movable property described in para 1.2 thereof, nor that the Plaintiff is the owner of the latter movable property. At all material times before and after 14 April 1994, the First Defendant has had lawful, peaceful and undisturbed occupation of the immovable property described in para 1.1 of the notice of motion. Likewise, at all material times before and after 14 April 1994, the movable properly described in para 1.2 of the notice of motion has been in the lawful, peaceful and undisturbed*

occupation of the First Defendant and has been the property of the First Defendant.

The First Defendant has at all material times been a voluntary association with perpetual succession. It was previously affiliated to the Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Oranje Vrystaat. Shortly before 14 April 1994, however, by resolution of its church council, it chose to affiliate to the Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. (I am unable to give a precise date in 1994 because the erstwhile secretary of the First Defendant, Petros Motsoaneng, has left the First Defendant to join the Plaintiff and has taken the minute books of the First Defendant with him). As a result of this change of affiliation, the First Defendant changed its name from the Koppies Gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika - Oranje Vrystaat to the Koppies Gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.

At the time that the resolution to affiliate to the Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika and the consequent amendment of the name of the First Defendant took place, all of the members of the First Defendant's church council, and all of the members of the First Defendant's congregation outwardly supported or acquiesced in these acts. There was certainly no opposition expressed to either of the two decisions at the time that they were taken."

[53] Bogenoemde stellings in ds Lithebe se verklaring strook nie met sy getuienis in hierdie saak nie. Dit strook ook nie met die dokumentêre bewyse nie, wat aantoon dat die NGKA OVS in die algemeen en die Koppies gemeente van die NGKA in die besonder besluit het om by die NGKA te bly. Ds Lithebe het homself probeer distansieer van die besluit om by die NGKA te bly. Hy het so ver gegaan as om sy handtekening te ontken en te beweer dat iemand anders sy handtekening vervals het. Later draai hy weer hierdie weergawe en sê dit is wel sy handtekening maar hy kan nie onthou dat hy so 'n skrywe onderteken het nie. Op 25 Maart 1994 het verskeie bedienaars en leraars van die NGKA, onder wie

Lithebe, 'n brief geskryf aan die ring waarin hulle onder andere onomwonde gesê het dat hulle en hulle kerkrade nie na die nuwe kerk (VGKSA) gaan nie alhoewel daar besluit is dat die kerke - (NGKA en VGKSA) saamgesmelt het. Op 10 April 1994 het die kerkraad van die NGKA Koppies 'n brief aan die streeksinode gestuur. Lithebe het hierdie brief mede-onderteken as lid van die kerkraad. Die relevante gedeelte van die brief lees as volg:

> *"Die kerkraad van bogenoemde gemeente het besluit dat julle nie die naam van die NGKA Koppies kan verander nie. Daarom asseblief ons die gemeente van Koppies ons onttrek ons van die besluit van die sinode van die Vrystaat om 'n nuwe kerk te wees... "*

Wat beide briewe betref gee hy toe dat dit sy handtekening is maar ontken hy dat hy bewus was van die inhoud van die skrywes. Dit is duidelik 'n swak poging om homself te distansieer van die inhoud van die briewe. Sy selektiewe amnesia was maar net 'n manier om die gevolge van besluite waarmee hy homself vereenselwig het te ontduik. Hy gee uiteindelik toe dat die kerkraad wel op 11 September 1994 'n besluit geneem het om by NGKA te bly. Hy het ook toegegee dat die houding van die Koppies gemeente van die NGKA was om by die NGKA aan te bly.

Origens was ds Lithebe 'n getuie wat vrae ontwyk het. Hy het menige vrae nie beantwoord nie. Sy getuienis word gekenmerk met die stelreël "Ek kan nie onthou nie." Hy wou nie eers toegee dat hy bewus was dat ds Motsoeneng en van die gemeentelede dienste in die pastorie gehou het nie. Sy kommentaar hieraangaande was dat hy nie bewyse daarvan het nie. Dit is sinneloos. Hy moes geweet het. Me Modise sowel as mnr Mosala het daarvan kennis gedra. Ook oor hierdie aspek was hy nie heeltemal openhartig nie.

[54] Mnr Mosala nes ds Lithebe het nie 'n goeie indruk gemaak nie. Hy was ook ontwykend en onseker. Hy het sy getuienis, spesifiek met betrekking tot die skyn kerkraad vergadering van 5 Mei 1996, aangepas. Hy was 'n ingeligte lid van die kerkraad sowel as 'n leiersfiguur van die komitee wat deur die gemeente gestig was. Hy getuig dat hy onder die indruk was dat hulle (Koppies gemeente

van NGKA) reeds in 1994 by VGKSA aangesluit het. Hy kon egter nie verduidelik waarom die kerkraad op 5 Mei 1996 versoek het om by die VGKSA aanvaar te word. Oor die gebeure van 5 Mei 1996 en wat aanleiding gegee het daartoe dat hy, in opdrag van die kerkraad soos wat hy beweer, die gewraakte brief geskryf het is, hy blatant leuenagtig. Aanvanklik sê hy dat al die kerkraadslede die brief onderteken het. Toe hy daarop gewys word dat dit nie so is nie sê hy dat van die kerkraadslede nie geteken het omdat hulle nie kon skryf nie. Die notuleboek dui egter duidelik aan dat kerkraadslede, wat nie kon skryf nie, by verskeie vergaderings deur middel van 'n merk geteken het en iemand anders die lid se naam langs die merk geskryf het. Later sê hy dat alhoewel die kerkraadslede wel kon teken het van hulle nie die brief onderteken nie. Hy kon nie 'n sinvolle verduideliking verskaf oor hoekom daar slegs ses kerkraadslede geteken het indien daar meer as sestien kerkraadslede teenwoordig was tydens die vergadering. Ook wat die aantal handtekeninge betref is sy getuienis heeltemal onaanvaarbaar. Aanvanklik sê hy dat hy die gemeentelede wat ook die brief wou onderteken gestop het omdat hy van mening was dat daar genoegsame handtekeninge was. Toe dit egter aan hom uitgewys is dat sy handeling of optrede die doel van die oefening verydel het - want hulle wou die maksimum moontlike handtekeninge bekom - sê hy dat slegs die persone wat in die kerk agtergebly het die brief onderteken het. Dit is insiggewend dat die persone wat eerste die brief onderteken het lede van die komitee was. So ook is dit insiggewend dat die meeste van die ondertekenaars lede van die komitee was. Dit is duidelik dat die enigste redelike afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat Mosala sowel as Modise soos wat ek hieronder aantoon, 'n leuen vertel indien hulle sê dat daar 'n kerkraadsvergadering op 5 Mei 1996 plaasgevind het en dat daar tydens daardie vergadering 'n besluit geneem was om oor te beweeg na die NGKSA. Ek is nie verbaas dat daar nie 'n notule van daardie vergadering voor my geplaas kon word nie. So ook is ek nie verbaas dat daar tydens die daaropvolgende vergadering in Januarie 1997 glad nie melding gemaak was van die notule van daardie vergadering nie. Die rede is voor die handliggend - daar was nooit so 'n vergadering van die kerkraad van die NGKA

Koppies gemeente nie. Hierdie siening word ook versterk deur Mosala se getuienis dat hy nie kan onthou of daar op 18 Februarie 1996 'n besluit geneem was deur die kerkraad om te skuif na die VGKSA. Indien hy so seker was dat die besluit slegs op 5 Mei 1996 geneem was, sou daar verwag word dat hy onomwonde moes gesê het dat daar slegs een sodanige besluit geneem was.

[55] Mev Modise het die skade wat daar reeds was, vererger. Haar getuienis weerspreek Mosala se getuienis in materiale opsigte. Volgens haar sou Mosala tydens die gemeente vergadering van 28 April 1996 die gemeente gevra het of hulle tevrede is met ds Diale se verduideliking. Hy sou ook die gemeente gevra het of die kerk by die VGKSA mag aansluit en die antwoord daarop was “ja”. Volgens Mosala was dit Sejake wat hierdie vrae gevra het. Modise se getuie was baie vaag. Sy het haar getuienis deurentyd aangepas. Sy het ook wat die volgorde van ondertekening van die brief van 5 Mei 1996 betref klei getrap. Dit was duidelik dat sy ook nie die waarheid gepraat het wat die kerkraadsvergadering en die besluit van die kerkraad betref nie. Aanvanklik het sy gesê al die kerkraadslede het die brief onderteken. Later het sy hierdie weergawe ontken en was sy nie meer seker van haar feite nie. Haar getuienis is ook dat die kerkraadsvergadering die vergadering van 28 April 1996 - toe ds Diale hulle toespreek het - voorafgegaan het. Haar weergawe ondersteun en onderskraag my oortuiging dat hierdie 'n ondeugsame sameswering is om 'n datum te probeer koppel aan 'n gebeurtenis wat nooit plaasgevind het nie. Dit is duidelik dat die verweerder nie daarin geslaag het om aan te toon dat die kerkraad van die NGKA Koppies gemeente die gewraakte besluit geneem het nie. Dus al sou ek verkeerd wees in my siening dat die kerkraad nie die bevoegdheid het om 'n gemeente se kerkverband te verander nie is dit duidelik dat die NGKA Koppies gemeente se kerkraad nooit so 'n besluit geneem het nie.

[56] Daar is 'n ander rede waarom die verweerder se pleit verwerp moet word en dit is dat daar nie aan die formaliteite soos voorgeskryf deur die Kerkorde voldoen is nie. Indien daar vir 'n oomblik aanvaar word dat daar wel 'n

kerkraadsvergadering was is dit duidelik dat die besluite van daardie vergadering in elk geval nietig is.

[57] Artikel 22 van die Kerkorde bepaal dat:

*"*Die kerkraad vergader minstens vier maal per jaar en wel onder voorsitterskap van 'n leraar. Indien daar meer as een leraar in die gemeente is, sal hulle om die beurt die voorsitterstoel inneem. By afwesigheid van 'n plaaslike leraar, tree die konsulent as voorsitter op. Indien omstandighede dit vereis kan 'n ouderling of evangelis, deur die vergadering daartoe verkies, met die toestemming van die leraar of konsulent, optree as voorsitter."

Die leraar, ds Motsoeneng, was nie die voorsitter van die 5 Mei 1996 vergadering nie. Die konsulent, ds Kuekue, was ook nie by die vergadering nie. Nóg Kuekue nóg Motsoeneng het toestemming aan enige persoon verleen om die voorsitter van die vergadering te wees nie.

Bepaling 86.1 bepaal dat:

> *"Kennisgewing van alle kerkraadsvergaderings moet op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig word."*

Daar is geen getuienis aangebied of dokumente voorgelê wat aantoon dat hierdie bepaling nagekom is nie.

Bepaling 86.3 bepaal as volg:

> *"As die meerderheid van die kerkraadslede afwesig is, mag niks besluit word nie."*

Die effek van hierdie bepaling is dus dat indien daar nie 50% plus 1 van die kerkraadslede aanwesig is nie dan is daar nie 'n quorum nie en derhalwe kan geen geldige besluite deur daardie vergadering geneem word nie. Die verweerder het nie daarin geslaag om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat daar meer as die helfte van die kerkraadslede aanwesig was nie. Beide Mosala en Modise se getuienis was vaag. Hulle kon nie onthou hoeveel

kerkraadslede daar op 5 Mei 1996 was nie, so ook kon hulle nie onthou hoeveel kerkraadslede die vergadering bygewoon het.

[58] Ingevolge bepaling 80.26 mag 'n besluit wat eenmaal geneem is slegs hersien word indien daar 'n bepaalde prosedure nagekom is. Die bepaling lees as volg:

> *"Besluite wat eenmaal geneem is, kan slegs na voorafgaande kennisgewing en met toestemming van die vergadering in hersiening geneem word. By kerkraadsvergaderings kan 'n besluit op dieselfde vergadering waarop die besluit geneem is, in hersiening geneem word, as niemand daarteen beswaar maak nie. As die vergadering nie sit nie, moet skriftelik aan al die lede kennis gegee word."*

Dit is gemeensaak dat die kerkraad van die NGKA Koppies gemeente by vorige geleenthede wel 'n besluit geneem het dat hulle nie oorgaan na die VGKSA nie. Daar is geen getuienis dat kerkraadslede vooraf kennis gegee is dat die kerkraad 'n vorige besluit wil hersien nie. Daar is ook geen aanduiding dat die vergadering toestemming verleen het dat die vorige besluit hersien moet word nie. Die oorblywende lede van die kerkraad se optrede was - indien daar aanvaar word dat so 'n vergadering wel plaasgevind het -'n flagrante verontagsaming van die kerkorde. Al word daar vanuit 'n weldadige perspektief na hulle optrede gekyk is dit duidelik dat hulle optrede *mala fide* was en aangedryf was deur 'n ondeugsame begeerte om ontslae te raak van ds Motsoeneng.

[59] Meneer Ploos Van Amstel SC het geargumenteer dat die lidmate wat oorgegaan het na die VGKSA se reg tot vrye beoefening van hul godsdiens deur die ander lidmate wat besluit het om nie te skuif nie, aangetas word. Artikel 15 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 lees as volg:

> *"(1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.."*

Meneer Ploos Van Amstel het my versoek om die gemenereg uit te brei, ingevolge Artikel 39 (2) van die Grondwet, ten einde 'n nuwe remedie te skep vir die lidmate wat na die VGKSA migreer het. Artikel 39 (2) van die Grondwet lees as volg:

> *"By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemenereg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder."*

Artikel 39(2) moet met Artikel 173 van die Grondwet gelees word. Artikel 173 bepaal dat:

> *"Die Konstitusionele Hof, die Hoogste Hof van Appèl en die Hoë Howe het die inherente bevoegdheid om, met inagneming van die belang van geregtigheid, hul eie proses te beskerm en te reël. Howe het die inherente bevoegdheid om, met inagneming van die belang van geregtigheid, hul eie proses te beskerm en te reël en die gemene reg te ontwikkel."*

In Carmichele v Minister of Safety and Security 2001 (4) SA 938 (CC) te paragraaf 36 is daarop gewys dat:

> *"In exercising their powers to develop the common law, Judges should be mindful of the fact that the major engine for law reform should be the Legislature and not the Judiciary."*

Alvorens die gemene reg ontwikkel of uitgebrei word moet daar eers gevra word of die bestaande gemene reg, met inagneming van die Artikel 39 (2) oogmerke, uitbreiding verg in ooreenstemming met die Artikel 39 (2) oogmerke. Indien die antwoord op hierdie vraag bevestigend is moet daar gevra word hoe daardie uitbreiding of ontwikkeling moet geskied ten einde die doelwitte in Artikel 39 (2) te bereik. Sien Carmichele *supra* te paragraaf 40.

Na my mening is daar op die feite van hierdie saak geen rede waarom die gemene reg uitgebrei behoort te word nie. Daar is glad nie inbraak gemaak op die lidmate, wat oorbeweeg het na die VGKSA, se reg op vryheid van godsdiens

nie. Indien hulle na die VGKSA wil beweeg staan dit hulle vry om 'n kerk te Koppies te vorm en by daardie kerkverband (VGKSA) aan te sluit. Inteendeel die verweerder se optrede is juis daarop gemik om die oorblywende lidmate en die leraar (Motsoeneng) se reg op vryheid van geloof weg te neem. Daar is dus geen rede hoegenaamd om die gemene reg te ontwikkel of uit te brei nie.

[60]

60.1 Na my mening het die verweerder nie daarin geslaag nie om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat die kerkraad van die NGKA Koppies gemeente die bevoegdheid gehad het om die gemeente se kerkverband te verander. Insgelyks is daar nie aangetoon dat 'n groep gemeentelede tesame met 'n groep kerkraadslede so 'n besluit kan neem in weerwil van die gevoelens en uitdruklike teenkanting van die leraar en 'n groep gemeentelede en kerkraadslede.

60.2 Daar is ook nie op 'n oorwig van waarskynlikhede deur die verweerder aangetoon dat die oorgang deur sommige lidmate van die NGKA Koppies gemeente na die VGKSA die ander gemeentelede en leraar gebind het nie.

60.3 Na my mening het die eiser steeds bly voortbestaan as die NGKA Koppies gemeente toe hulle dienste in die pastorie gehou het.

60.4 Die eiser is dus steeds geregtig op eiendomsreg oor en besit van die bates van die NGKA Koppies gemeente soos wat dit was voordat die skyn besluit geneem is.

[61] Die verweerder moet na my mening die koste van hierdie aksie betaal. Hierdie aksie was omvangryk en ingewikkeld,

Die aanstel van twee advokate is geregverdig.

[62] Gevolglik maak ek die volgende bevel:

(a) Paragrawe 1.1; 1.2; 2 en 3 van eiser se deklarasie word toegestaan.

(b) Die beregting van paragraaf 4 daarvan word *sine* die uitgestel.

(c) Die eerste verweerder word gelas om die koste van hierdie aksie te betaal welke koste die koste van 2 advokate insluit.

(d) Geen kostebevel word teen die tweede verweerder gemaak nie.

C.J. MUSI, R

Namens die eiser:	Adv. J.H.F. PISTOR SC Bygestaan deur: Adv. H.J. CILLIERS In opdrag van: NAUDES BLOEMFONTEIN
Namens die verweerder:	Adv. C. PLOOS VAN AMSTEL SC In opdrag van: MCINTYRE & VAN DER POST BLOEMFONTEIN

Bylae E tot Hoofstuk 3

MEMORANDUM
INSAKE : KERKVERENIGING

Kerkvereniging mag tot kerk-onenigheid lei as die vorm daarvan nie met omsigtigheid benader word nie. Daar is sekere aspekte wat oorweeg moet word en vrae wat beantwoord moet word wat die omvang van die probleem na vore bring.

1. Wat sal gebeur as sekere lidmate van 'n gemeente nie saamstem met kerkvereniging nie en weier dat die bates van die gemeente onder die beheer kom van 'n nuutgestigte vereniging, liggaam of struktuur? Dieselfde vraag duik op met betrekking tot moontlike botsende menings op ring en sinodale vlak.

1.1. Dat die NG Kerk in algemene sinodale, in sinodale en in ringsverband, sowel as elke gemeente 'n regspersoon is, staan vas. (Sien Reglement 9.)

1.2. Die regspersoonlikheid wat hier ter sprake is, is die sogenaamde **universitas**. In die boek **Wille's Principles of South African Law** word die volgende van hierdie entiteit gesê:

> *A universitas is an aggregation of natural persons or individuals forming a persona or entity, having the capacity of acquiring rights and of incurring obligations, and having perpetual succession...*
>
> *A universitas is an entity distinct from the individuals who compose it. It follows that its capacity to acquire rights and to incur obligations is distinct from that of its members; therefore the property of the universitas belongs to it and not to its members...*
>
> *Another feature which is peculiar to a universitas is perpetual succession. A natural person is mortal, but a corporation continues to*

exist though the individual members comprising it change, so long as one member, whether an original member or not, remains in whom the rights of the universitas can vest."

Ons howe het nog nooit van hierdie beginsel afgewyk nie en dit was gevolg in talle uitsprake wat meestal steun op die uitspraak van Regter Smith in die saak WEBB & COMPANY vs NORTHERN RIFLES 1908 TS 462.

1.3. Die konstitusie van die universitas (indien dit een het) bepaal die onderlinge verhouding tussen die universitas en die lede. In die saak BANTU CALLIES FOOTBALL CLUB vs MOTLHAMME & OTHERS 1978 4 SA 486 Se Regter King die volgende:

"The rights and powers of a voluntary association are limited by the terms of its charter or constitution. The constitution defines whether an association is or is not a universitas and confines its activities to what is expressly or impliedly contained therein."

Die konstitusie is, volgens talle beslissings, inderdaad die kontrak of ooreenkoms tussen die universitas en sy lede en indien daar strydig met die bepalings van hierdie konstitusie opgetree word, is die handeling of besluit ongeldig ("*ultra vires*").

In die huidige geval is die kerkorde natuurlik die konstitusie wat die verhouding en die ooreenkoms tussen die universitas en die lidmate bevat. Die enigste bepaling wat verwys na eenwording van gemeentes is Reglement 6. Hierdie reglement is van toepassing op 'n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan bestaan nie en wat dan ontbind en ingelyf word by 'n ander gemeente. Die prosedure wat gevolg moet word, word omskryf en dit word ook bepaal dat by suksesvolle eenwording die onroerende eiendom van die ontbonde gemeente op die naam van die inlywende gemeente geregistreer kan word, indien daar so ooreengekom is.

Hierdie reglement is nie van toepassing op die eenwording of kerkvereniging wat nou beoog word nie.

Enige besluit van 'n ring, sinode, kerkraad en moontlik ook van die gemeente in 'n vorm van 'n algemene vergadering, om op te hou bestaan en opgeneem te word in 'n ander struktuur, liggaam of entiteit sal dus *ultra vires* die kerkorde wees, en enige poging om dit te doen kan deur 'n lidmaat in die burgerlike hof betwis word. Indien die hof die lidmaat gelyk gee, bly die bates eenvoudig setel in die universitas solank as wat daar een lidmaat oorbly wat wil voortgaan met die aktiwiteite van die universitas en bly die universitas voortbestaan asof so 'n besluit nooit geneem was nie.

2. Kan 'n meerderheidsbesluit deur lede van 'n universitas om die lewe van die universitas tot 'n einde te bring, op die minderheid afgedwing word?

Daar is 'n reeks beslissings waarin die howe bevind het dat 'n meerderheidsbesluit om op te hou bestaan en met 'n ander liggaam te amalgameer, in sekere omstandighede ongeldig is ongeag hoe oorweldigend hierdie meerderheid ook al mag wees. Die omstandighede waarna verwys word het betrekking op besluite wat deur kerklike organisasies en "Friendly Societies" geneem is.

Sien in hierdie verband:

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE VAN STANDERTON 1893 H69;

DWANE vs GOZA 17 E.D.C 8;

FREE CHURCH OF SCOTLAND 1904 A.C 515;

COATES & COTTRELL vs ST JOHN'S BENEFIT SOCIETY 23 SC. 38;
WEIGHT vs KELLY 23 SC. 725

In die STANDERTON-SAAK was die basis van die beslissing dat die universitas 'n voortdurende afsonderlike bestaan voer wat dan ook die wese van die ooreenkoms met die lede is.

In die COATES-SAAK was die basis van die beslissing dat die besluit 'n fundamentele verandering van die konstitusie behels het en dat die meerderheidsbesluit op daardie grond ongeldig was.

In die saak EX-PARTE GILL & OTHERS 1955 2 SA 418 (WPA**)** merk Regter Williamson op dat die meerderheid normaalweg die reg het om besluite te neem wat bindend op die minderheid is, maar voeg dan by op bladsy 424

"There may nevertheless be cases where from the very nature of the association, an implication arises that there is contractually between the members no power vested in a majority to bind a minority at all or on certain matters.. . In some cases it may be held that even a very large majority has no power to bind the smallest minority in certain matters".

Regter Williamson verwys dan, as basis vir hierdie stelling, na die STANDERTON SAAK en die FREE CHURCH OF SCOTLAND SAAK. Ek wil graag die Regter se verwysing na die "very nature of the association", onderstreep aangesien die sake waarna hy verwys met kerklike liggame te make het en waar die afleiding gemaak word dat die meerderheid nie die minderheid kan bind nie. In die huidige geval is dit waarskynlik dat gevolg aan hierdie beginsel gegee sal word veral waar die besluit so 'n drastiese een is met al die finansiële en ander implikasies wat dit inhou. Kan 'n burgerlike hof ingeroep word om die dispuut tussen die minderheidsgroep en die meerderheidsgroep by te lê?

In die saak van DE WAAL & OTHERS vs VAN DER HORST & OTHERS 1918 TPD 277 beslis

3. Hoofregter De Villiers op 287 soos volg:

"I have come to the conclusion therefore that the plaintiffs, being members of the congregation and as such having a patrimonial interest in the property of the congregation, have a right to insist that it should be administered in accordance with the rules and regulations of the Church...."

Die “patrimonial interest in the property of the congregation” waarna verwys word, was slegs ’n sydelingse belang maar was nieteenstaande genoegsaam om die hof jurisdiksie in die geskil te gee. Die feite van die saak was dat die leraar ’n posisie in die Parlement ingeneem het en ’n ander leraar gestuur het om namens hom te preek. Hy het self die ander leraar vergoed. Die hof bevind dat aangesien die leraar egter steeds gedurende sy afwesigheid betaling vir sy dienste ontvang het wat afkomstig was uit die fondse van die gemeente, ’n lidmaat die reg gehad het om die besluit van die kerkraad in hierdie verband voor ’n burgerlike hof te betwis.

Na my mening sal ’n lidmaat die reg hê om ’n besluit tot kerkvereniging wat nadelige finansiële implikasies vir die universitas (NG Kerk in sinodale verband, ringsverband en gemeente) inhou, in ’n burgerlike hot te betwis.

3.3. Die hof sal waarskynlik nie besluite oorweeg wat nie die vermoënsregtelike posisie van die universitas en sy lede raak nie soos bv. dispute oor leerstellings ens (sien die DE WAAL SAAK). Indien die besluit is dat die regspersone in 1.1. hierbo genoem eenvoudig bly voortbestaan met behoud van hulle bates en dat slegs die kerkregering op ’n ander lees geskoei word, sal daar moontlik nie beswaar teen so ’n besluit wees nie mits die meerderheid ten gunste van so ’n besluit stem. Dit sal egter daarvan afhang of die besluit sodanig is dat die afleiding gemaak kan word dat dit nie verbied word deur die bepalings van die kerkorde nie.

4. In die verlede van ons Kerk was kerkvereniging deur wetgewing bewerkstellig. Sien in die verband WET 23 VAN 1911. Die wetgewer het egter omsigtig te werk gegaan en dit aan die sinodes en kerkrade oorgelaat om ooreenkoms te bereik. Dit is ondenkbaar dat die wetgewer kerkvereniging teen die wil van lidmate sal afdwing. So ’n optrede sal in elk geval tot skeuring in die Kerk aanleiding gee.

AANBEVELING:

Die knoop tot kerkvereniging kan moontlik deurgehaak word met ’n besluit dat ’n breë oorkoepelende kerkvergadering van die drie kerkverbande in die lewe

geroep word, maar dat die bestaande NG Kerk in algemene sinodale, in sinodale en in ringsverband asook elke gemeente, in hulle huidige vorm en met behoud van hulle vermoënsregtelike posisie, bly voortbestaan.

ADV J NJ BARKHUIZEN Sc.

1 Augustus 1995
Adres Posbus 190, CRAMERVIEW
2060
Telefoon: (011) 706-2386

Bylae F tot Hoofstuk 3

Kings Highway 454 Lynnnwood
PRETORIA 0081
27 September 1995

Ds P S Strümpfer
Moderator
Noord-Transvaalse Sinode
PRETORIA

Geagte ds Strümpfer

Ons onlangse telefoniese gesprek het betrekking. U het my gevra om my mening kortliks vir u op skrif te stel. Ek voldoen graag aan u versoek. Ek skryf hierdie brief aan u bloot in my hoedanigheid as 'n besorgde lidmaat en ouderling van die NG Kerk en natuurlik nie in 'n amptelike hoedanigheid nie. Ek sal dit waardeer indien u hierdie brief as 'n vertroulike mededeling aan uself en die lede van u moderamen sal beskou.

Na my oordeel, is die regsposisie dat kerke alleen kan verenig indien al die lidmate van die betrokke kerke daartoe instem. Dieselfde geld waar 'n kerk sy belydenis wil verander. Dit kan alleen plaasvind indien al die lidmate van daardie kerk daartoe instem.

Die tersaaklike beginsels word, na my oordeel, korrek deur Bamford, The Law of Partnership and Voluntary Association in South Africa, 3de uitgawe (1982) 136 soos volg weergegee:

> *"Finally, the courts may in certain circumstances be prepared to hold invalid an amendment which purports to alter the fundamental object of the association if it were passed by the mere constitutional majority and not with the consent of all members."*
>
> *"In the case of a religious body, the courts have held that a fundamental object is altered when some such drastic step is taken as merging the association with another body or changing essential dogma or doctrine:*

"The majority, that is the General Church Assembly, could indeed bind the majority with reference to everything which came within the scope and object of the corporation or church association, for such power is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being, then the majority exceeds the limit of its authority; it is then acting ultra vires."

"...the General Assembly possesses some power of alteration with reference to doctrine, worship, discipline and government, but such powers do not... include a power to subvert or destroy fundamental and essential principles of the church".

Die eerste aanhaling, wat ingelui word met "*The majority..."* kom uit die uitspraak van Hoofregter Kotze in The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton 1893 Hertzog Verslae 69.

Die tweede aanhaling kom uit 'n beslissing van die House of Lords (die hoogste Engelse hof) in General Assembly of the Free Church of Scotland v Lord Overtown and others, 1904 AC 515 op 719 (1904-7 All ER Rep 1448).

Die kopstuk van die Standerton saak, wat kortliks saamvat wat beslis is, lui soos volg:

"The dissolution of a religious body or of a Universitas, by resolution of its members, can only be brought about by consent of all the members, so that the general assembly of a church cannot by a majority of votes resolve to bring the independent existence of the church association to an end by amalgamating it with another, nor make over its properties to others without the consent of all the members. - It is not necessary to the separate existence of two church associations that they should differ in doctrine and constitution, provided that they are, by their respective members, regarded as separate."

Die tersaaklike feite van daardie saak word in die uitspraak op 82 soos volg weergegee:

> *"The two separate corporations, to wit, the Hervormde congregation and the Gereformeerde resolved in 1885 to terminate their existence as such, and together to form another and new corporation or body. This could only be brought about by the consent or acquiescence of each individual member of the two separate corporations."*

(Dan volg die aanhaling uit die uitspraak wat hierbo uit Bamford aangehaal is). Daarna vervolg die uitspraak (steeds op 82) soos volg:

> *"The General Church Assembly of the Nederduitsch Hervormde Church cannot, by its resolutions of 1882 and 1885 to unite with the Gereformeerde Church and form a new church or corporation, compel the members of the former church who did not wish to union, to join in it, however desirable and praiseworthy the union may happen to be."*

Op bladsy 88 van die uitspraak sê Hoofregter Kotze die volgende:

> *"It was also argued with great ability that, since the doctrine and constitution of the two churches were identical, the General Assemblies had the power to establish a union. But, however much the two churches may resemble each other in doctrine and constitution, they were, nevertheless, in the eyes of the law, two separate bodies, and it is not shown by the evidence that the General Assemblies had authority to deal with the property of the congregation."*

Daar is, tot my kennis, nog nooit afgewyk van Hoofregter Kotze se uitspraak nie. Dit is al by verskeie geleenthede met instemming deur ons howe aangehaal.

In 1935 is hierdie uitspraak, onder andere, tydens betoog aan die Appèlafdeling deur mnr Beck (die appellant se advokaat) aangehaal in Wilken v Brebner and others, 1935 AD 175 op 176.

Die vraag wat daar beslis moes word is of een politieke party (die Nasionale Party) met 'n ander een (die Suid-Afrikaanse Party) kon verenig by wyse van

meerderheidstem op die eerste party se kongres. Die vraag word bevestigend beantwoord deur Hoofregter Wessels, met wie Appèlregters Stratford en De Villiers saamgestem het.

Hoofregter Wessels sê op 180 dat die vraag of 'n lid of lede van die party die hof kan vra om in te meng met die besluit van die *kongres "depends on the nature of the voluntary association and the terms of its constitution."*

Op 181 sê die Hoofregter:

> *"In order to judge what the rights of an individual member are as over against the governing bodies of the party we must not lose sight of the fact that we are dealing with a political party. The nature of a voluntary association is most important in deciding what the rights are of an individual member."*

Hy kom op dieselfde bladsy tot die slotsom:

> *"The very nature, therefore, of a political party, an association created for practical purposes, would lead to the implication that the individual member must subordinate his opinion to that of the supreme council."*

Onderaan 183 sê die Hoofregter die volgende:

> *"In deciding this point we must remember that we are dealing with a political party and not with a trading concern or a church. The nature and character of the voluntary association are important in determining the scope and power of the individuals who compose the association."*

Dit is aangevoer dat die vereniging van die twee partye strydig was met die "beginsels" wat in die grondwet van die Nasionale Party vervat is. Op 186 bevind die Hoofregter egter dat dit onmoontlik is *"to consider the principles of a political party as equivalent to the doctrine of a religious body."*

Laer af op dieselfde bladsy bevind die Hoofregter soos volg:

> *"The Congress of the Nationalist Party has no similarity whatever to a church council. Their objects differ <u>toto coelo</u>, and in interpreting the*

constitution of a political party we cannot treat a church council as analogous and so endeavour to apply legal decisions with regard to the powers of a church council. The problem before us is whether the resolution of the Congress binds the individual member. If it does, as I think it does, then the cases quoted to us by Mr Beck are of no assistance to us in this case."

Dit is duidelik, na my oordeel, dat ons Appèlhof 'n duidelike onderskeid maak tussen 'n vrywillige vereniging, soos 'n politieke party, en 'n vrywillige vereniging soos 'n kerk. Die onderskeid is ook beklemtoon in Ex parte Gill and others, 1955 (2) SA 418 (W) op 424 waar die beginsels vervat in die Standerton-uitspraak ook met klaarblyklike instemming aangehaal is.

Dit is reeds by herhaling beslis dat die NG Kerk 'n vrywillige vereniging is. Kyk Du Preez v Nederduitse Gereformeerde Gemeente, De Deur, 1944 (2) SA 191 (W) op 194 G-J en beslissings daar aangehaal.

Dit volg uit wat ek hierbo gesê het, dat die NG Kerk nie die bevoegdheid het om met enige ander kerk te verenig tensy al die lidmate van die NG Kerk tot sodanige vereniging saamstem nie.

Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar naas die bestaande belydenisskrifte van die NG Kerk sou, na my oordeel, ook die toestemming van elke lidmaat van die NG Kerk vereis aangesien dit ook, na my mening, die fondament waarop die vrywillige vereniging berus, sou verander. Waar die Verenigende Geref Kerk (VGKSA) aandring dat daar geen kerkvereniging sal plaasvind alvorens gemelde Belydenis deur die NG Kerk aanvaar word nie, is dit a fortiori 'n rede waarom daar geen kerkvereniging met die VGKSA wettiglik mag plaasvind sonder toestemming van elke lidmaat van die NG Kerk nie.

Dit volg ook dat nóg die NG Kerk nóg sy ampsdraers bevoegdheid besit om onderhandelings oor sodanige vereniging of verandering van belydenisskrifte te voer tensy al die lidmate van die NG Kerk daartoe toestem nie.

Anders gestel, nie alleen sodanige onderhandelinge nie, maar ook sodanige vereniging is, sonder sodanige toestemming ultra vires (buite (sy) bevoegdheid) en derhalwe nietig. Ampsdraers van die kerk wat deelneem aan ultra vires handelinge is, myns insiens, teenoor die kerk aanspreeklik vir skade wat die kerk as gevolg daarvan ly.

Dit spreek vanself dat ampsdraers van die NG Kerk nie aan sodanige onderhandelinge of vereniging behoort deel te neem tensy elke lidmaat van die NG Kerk daartoe instem nie.

Na my oordeel is daar, ten opsigte van bogemelde regsbeginsels, geen ruimte vir 'n ander standpunt nie. Indien daar egter wel 'n wesenlike geskil hieroor sou bestaan, soos wat geredelik in sulke gevalle gebeur, meen ek dat die NG Kerk en/of lidmate 'n verklarende bevel by die Hooggeregshof behoort aan te vra sodat daar geen onduidelikheid by die kerk of sy lidmate hieroor sal bestaan nie. Sienings van verskillende kante kan dan voor die hof beredeneer word. Dit sou ook kon verhoed dat daar later twis ontstaan oor die vraag of die handelinge wat verrig is, wettig is al dan nie. Dit spreek vanself dat sulke twiste vermy behoort te word. Dit kan natuurlik onmeetlike skade aan die kerk en sy lidmate berokken. Dit sou, myns insiens, ook kon lei tot 'n veelvuldigheid van hofgedinge waarby feitlik elke gemeente van die NG Kerk betrek mag word. Dit sou gebeur as sekere gemeentes of dele van gemeentes saamgaan met kerkvereniging, terwyl anders dit nie doen nie. 'n Babelse verwarring is dan ons voorland.

Daar behoort, na my mening, intussen geen onderhandelinge oor kerkvereniging plaas te vind alvorens die howe daaroor uitsluitsel gegee het nie.

Daar behoort ook in gedagte gehou te word dat, indien 'n verklarende bevel verleen is, die een of die ander kant die saak moontlik verder sal wil voer na die Appèlhof, in welke geval dit 'n verdere een of twee jaar mag neem voordat die finale beslissing oor die aangeleentheid gegee word. Dit is al te meer rede dat daar nie intussen handelinge plaasvind wat mag lei tot kerkverskeuring nie.

Indien enige ampsdraers van die NG Kerk wel sulke onderhandelinge sou voortsit, sou enige lidmaat of gemeente van die NG Kerk, myns insiens, boonop

geregtig wees om ’n interdik teen sodanige ampsdraer aan te vra om hom te verbied om handelinge wat buite sy bevoegdheid val, te verrig. Kyk Bamford, op cit, 181. Indien die interdik sou slaag, sou die betrokke ampsdraers waarskynlik uit hulle eie sak die koste van die aansoek moet betaal omdat hulle optrede ultra vires was.

Na my oordeel, behoort ampsdraers van die NG Kerk so op te tree dat ’n aansoek om interdik teen hulle nie nodig sal wees nie.

’n Aansoek om ’n verklarende bevel, daarenteen, sou, myns insiens, nie vir die NG Kerk of sy ampsdraers dieselfde nadelige gevolge inhou nie. Dit sou vergelykbaar wees met ’n geval waar erfgename ’n geskil oor die uitleg van ’n testament onder mekaar het en hulle by die hof ’n verklarende bevel oor die uitleg daarvan aanvra. Dit kan, myns insiens, geen nadelige koste implikasies inhou vir ampsdraers van die kerk, of ’n lidmaat of gemeente wat bona fide sy standpunt aan die hof kom stel nie.

Aangesien hofoptrede heel waarskynlik sal plaasvind, meen ek dat die Noord-Transvaalse Sinode van die NG Kerk dringend regsmening van ’n senior advokaat behoort aan te vra en dit ook dringend aan die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk behoort voor te lê, met die oog besluitneming na aanleiding daarvan.

‘n Ander aangeleentheid wat by my kommer verwek, is of die Verenigde Geref Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) self wettiglik tot stand gekom het aangesien nie al die lidmate van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika blykbaar tot die vereniging van gemelde twee kerke ingestem het nie. As 1g. inligting korrek is, het die VGKSA, na my oordeel, nie tot stand gekom nie en is enige handelinge wat ampsdraers namens die VGKSA sou verrig, ewe-eens nietig. Die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika bestaan dan voort onder die beheer van die lidmate wat nie tot sodanige vereniging toegestem het nie.

Die feitlike agtergrond hiervan behoort deeglik ondersoek te word. Alvorens daar enige onderhandelinge met die VGKSA voortgesit word, behoort daar eers duidelikheid te bestaan, weereens by wyse van ’n verklarende hofbevel, oor die

vraag of daar wettiglik kerkvereniging tussen gemelde twee kerke plaasgevind het, al dan nie. Die NG Kerk het, myns insiens, nie ’n voldoende belang om so ’n aansoek te bring nie. Lidmate van daardie kerke behoort dit te doen.

Die senior advokaat behoort gevra te word om ook dringend oor hierdie aangeleentheid sy mening te verstrek.

Onder al die omstandighede meen ek dat die Gesamentlike Kommissie van die NG Kerk, die Verenigende Geref Kerk en die Reformed Church in Africa se verdere optrede opgeskort behoort te word totdat daar ’n verklarende bevel verleen is ten aansien van die aangeleenthede hierbo genoem. Enige ander optrede sal vir al die betrokke kerke en hulle lidmate geweldige gevare inhou. Die skade wat verrig sou word, sal, myns insiens, nooit herstel kan word nie.

Indien u of die moderamen van die Noord-Transvaalse Sinode enige aspek van hierdie brief met my sou wou bespreek, sal ek natuurlik graag daaraan voldoen.

Ter duidelikheid wil ek byvoeg dat ek eers ná die Sinodesitting van Noord-Transvaal, wat ek gedeeltelik as blote waarnemer bygewoon het, op die regsposisie ingegaan het toe ek uit die debat by die Sinode waargeneem het dat daar ernstige regsprobleme bestaan wat oënskynlik nie tevore aangespreek is nie.

Mag die Koning van die Kerk u lei in u hantering van hierdie uiters moeilike saak.

Vriendelik die uwe,

I W B DE VILLIERS
OUDERLING NG GEMEENTE LYNNWOOD

Bylae G tot Hoofstuk 3

EX PARTE: SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL VAN DIE NEDERDUITSE CEREFORMEERDE KERK

In re: KERKVERENIGING REGSMENING

1.

Konsultant is die Moderamen van die Sinode van Noord-Transvaal van die NG Kerk.

2.

Gedurende die Algemene Sinode van 1990 is 'n besluit aanvaar wat soos volg in paragraaf 236 van Kerk en Samelewing, 1990 vervat is:

> *"Die NG Kerk onderskryf die ideaal van een kerkverband tussen die Familie van NG Kerke. Die strukture waarin hierdie eenheid gestalte moet kry, is in hierdie stadium nog nie duidelik nie, maar word langs die weg van gesprekke met belanghebbendes uitgewerk. Binne hierdie strukture word rekening gehou met bedieningsbehoeftes, dit wil sê met die regmatige vorm van verskeidenheid ten opsigte van taal, kultuur en liturgie."*

3.

Gedurende die Algemene Sinode van 1994 is 'n besluit aanvaar ingevolge waarvan die Algemene Sinode sy ernstige begeerte uitspreek om saam te werk met die ander lede van die familie van NG Kerke aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde.

Handelinge van die Negende Algemene Sinode, bl. 567, par. 2

4.

Die Sinode van Noord-Transvaal het op 12 September 1995 'n besluit aanvaar dat die Sinode hom vereenselwig met die besluit van die Algemene Sinode soos vervat in Kerk en Samelewing 1990, par. 236, hierbo aangehaal.

5.

Die vraag het nou ontstaan of sodanige kerkvereniging bewerkstellig kan word sonder dat al die lidmate van die betrokke kerke daartoe instem, en ek is deur konsultant versoek om 'n regsmening in hierdie verband te gee.

6.

Die juridiese status van 'n kerk is die van 'n universitas of vrywillige vereniging ("voluntary association"). Die verhouding tussen die lede van 'n vrywillige vereniging onderling, en die verhouding tussen die beheerliggaam of beheerliggame en die lede van 'n vrywillige vereniging, is 'n kontraktuele verhouding. Indien die vrywillige vereniging 'n grondwet of konstitusie het, is dit die kontrak. In die geval van die NG Kerk is die Kerkorde en die Aanvullende Bepalings van die onderskeie streeksinodes dus die kontrak aan die hand waarvan die verhouding tussen lidmate onderling, en die verhouding tussen die verskillende kerkvergaderings en lidinate, beoordeel moet word.

Du Preez v Nederduitse Gereformeerde Gemeente, De Deur 1994(2) SA 191 (W) te 194G - 195B

7.

Die vraag wat beantwoord moet word, is of die beheerliggaam van 'n vrywillige vereniging, indien sy grondwet dit nie uitdruklik of by implikasie magtig nie, 'n besluit soos om die vrywillige vereniging te ontbind ten einde met 'n ander vereniging saam te smelt en 'n nuwe vereniging tot stand te bring, kan neem waardeur al die lede van die vrywillige vereniging gebind word sonder dat elke lid daartoe toestem. Anders gestel: Sal die minderheid deur so 'n besluit gebind wees indien dit deur die meerderheid aanvaar word? In die saak van The Nederduitsche Hervormde Church v The Nederduitsche Hervormde or

Gereformeerde Church, 10 CU 327 (1892), het Hoofregter Kotze, met wie Regters Ameshoff en Morice saamgestem het, in die dispuut wat in die Standerton-gemeente ontstaan het in verband met die vereniging van die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk, die volgende op bl. 35 gesê:

> *"It is clear that if at the time of the union in 1885 there were any members of the Hervormde congregation who had not taken part in the union, or subsequently acquiesced therein, such members must be considered as having continued Hervormd, and consequently as still being the Hervormde Church of Standerton and entitled to the property in the land at Trichardsfontein with the Church buildings thereon. This follows from the nature of a corporation or legal person (universitas), e.g., a church or religious body, and from the law applicable thereto. Thus, Ulpian says, sed si universitas ad unum redit magis admittitur posse eum convenire et con veniri, cum jus omnium in unum reciderit, et stet nomen universitatis (Dig. 3, 4, 7 sec. 2; cf Voet.3, 4, sec. 1). The two separate corporations, i.e., the Hervormde congregation and the Gereformeerde congregation, resolved in 1885 to terminate their existence as such, and to form together another and new corporation or body. This can alone take place with the consent or acquiescence of every member of the two separate corporations. The majority, that is to say the general assembly, can indeed bind the minority in everything that lies within the scope and object of the corporation or religious body, for such power is within its authority and jurisdiction; but if the majority proceeds to pass a resolution to terminate and end the corporation by joining another corporation, and so together to form an entirely new corporation or body, then it goes beyond its powers - the majority then acts ultra vires. Accordingly, the general assembly of the Hervormde Church could not by its Resolutions of 1882 and 1885 to unite with the Gereformeerde Church, and so form a new corporate body, bind the members of its church, who were unwilling to enter the United Church, however desirable and commendable the union might be."*

Sien ook: The Nederduitsche Hervormde Congregation of Rustenburg v The Nederduitsche Hervormde or Gereformeerde Congregation of Rustenburg 12 CL3 140, 'n beslissing deur Hoofregter Kotze in 1895, met wie Regters Jorissen en Morice saamgestem het.

8.

Die Standerton- en Rustenburg beslissing is nog die geldende reg ten opsigte van kerke. In Wilken v Brebner and Others 1934 AD 175, het die Appèlhof gesê dat die aard van 'n vrywillige vereniging belangrik is om te bepaal wat die regte van the individuele lid is, en beslis dat in die geval van 'n politieke party, individuele lede gebonde is aan besluite van die meerderheid, selfs indien die besluit die ontbinding van die politieke party tot gevolg het. Die Appèlhof bet nie spesifiek oorweging geskenk aan die vraag of die Standerton- en Rustenburg sake korrek beslis is nie.

9.

Na my respekvolle mening bet die hof in die Standerton- en Rustenburg sake tot die verkeerde gevolgtrekking gekom. In die afwesigheid van 'n verbod, byvoorbeeld in die konstitusie van 'n vrywillige vereniging, is die algemene reël by vrywillige verenigings dat meningsverskille deur meerderheidsbesluit beslis word. In Ex parte Gill and Others, 1955(2) SA 418 (W) het Regter Williamson die volgende gesê op 424A-C:

> *"In the absence of any special rule to the contrary, for instance in a constitution, it would seem that, today in any event, common sense would demand that where a number of people join together for some purpose and for the execution of such purpose decisions are from time to time necessary, the only way decisions can practically be made on any matter where there is a divergence of opinion is by a majority vote. That this is the general rule arising from the nature of things was long ago stated to be the position in English law by Lord Esher, M.R., in the case of M'Kenny v The Mayor and Corporation of Barnsley, 10 T.L.R. 533 at p.534. This rule of common sense generally applies in English law in the case of*

corporations; see Halsbury Laws of England (Hailsham ed., Vol. 8, pp.55-5 7, paras.95-97). The general rule may be seen in our law in two authorities quoted to me by Mr Kent ridge, namely Digest 50. 1. 19 and 50. 17. 160(1) and Voet 3.4.7."

10.

Die tekste van Ulpianus en Voet waarna Hoofregter Kotze verwys het in die passasie hierbo aangehaal, bied na my mening ook nie steun vir sy standpunt nie. Daardie tekste handel met die geval waar die getalle van 'n vrywillige vereniging verminder het tot 'n enkele individu, vraag dan ontstaan in wie die regte van die vrywillige vereniging, byvoorbeeld eiendomsreg, setel. Voet 3.4.1, waarna Hoofregter Kotze verwys, sê hieroor die volgende (Gane se vertaling):

"Though such corporations of human beings cannot be started except by a number of persons, nevertheless if they have been reduced to a single individual, the rights too of all the members are deemed to have centred in that one person, and the title of corporation stands firm."

Die Digesta teks van Ulpianus wat deur Hoofregter Kotze in die passasie hierbo aangehaal is, lees soos volg in Engels (Mommsen se vertaling):

"But if a corporate body is reduced to one member, it is usually conceded that he can sue and be sued, since the rights of all have fallen to one and the corporate body continues to exist in name only."

11.

In die bogemelde beslissing van Ex parte Gill het Regter Williamson, nadat hy bevind het dat die algemene reël by vrywillige verenigings is dat die minderheid deur 'n meerderheidsbesluit gebind word, die volgende gesê:

"There may nevertheless be cases where from the very nature of the association, an implication arises that there is contractually between the members no power vested in a majority to bind a minority at all or on certain matters. In Wilken v Brebner, supra at p. 187, Stratford, J.A., stated, in deciding whether the individual members of a political party were

bound by a majority decision of a congress, that the enquiry was what are the contractual rights of the individual members of this party? At whose disposal were the funds of the party? What was the original trust?' That seems to be the test to be applied in inquiring in any case whether all the members of an association are bound by a particular decision of the majority. In some cases it may be held that even a very large majority has no power to bind the smallest minority in certain matters..."

en verwys dan na die Standerton beslissing as 'n voorbeeld. Die vraag is egter of dit korrek sou wees om 'n kontraktuele bepaling in die Kerkorde te impliseer dat 'n besluit om met 'n ander kerk wat dieselfde belydenisskrifte onderskryf (die kwessie van die Belydenis van Belhar vir die oomblik daargelaat) te verenig, slegs geneem kan word indien elke lidmaat daartoe toestem, en nie volgens die algemene reël deur 'n meerderheidsbesluit nie. Ek kan nie aan enige regverdiging dink waarom so 'n kontraktuele bepaling in die Kerkorde geïmpliseer moet word nie. Dit sou, vir alle praktiese doeleindes, neerkom op 'n absolute verskansing teen kerkvereniging, wat sekerlik in stryd is met die Bybelse beginsel van eenheid van gelowiges. Dit sou een enkele lidmaat van die kerk in die posisie plaas om kerkvereniging te verongeluk. Ek glo nie dat dit die bedoeling van die oorspronklike opstellers van die Kerkorde kon gewees net nie.

12.

Indien dit aanvaar word dat die meerderheid wel 'n besluit kan neem wat die minderheid bind, ontstaan die vraag: Wie is die meerderheid? Is dit 'n meerderheid van die Algemene Sinode, of is dit 'n meerderheid van elke kerkraad, of is dit 'n meerderheid van die lidmate? In Wilken v Brebner and Others, supra, het Hoofregter Wessels ten opsigte van die regte van die individuele lede van 'n politieke party die volgende op pp.182—183 gesê:

"The Congress has the power (Art. 53) to alter and add to the constitution as it thinks fit. It is therefore quite clear that the members of the party by its very constitution have entrusted to the yearly Congress the fullest powers of dealing with the interests of the party. The Congress is as it

were the parliament of the party. It would therefore seem, prima facie, that the members of the party have entrusted the carrying out of the objects of the party to the various committees and have given to the yearly Congress the plenary power of altering the constitution of the party to suit the varying conditions of the country. There is no provision by which the individual member can make his voice heard. As I have said, there is no referendum.

When we consider that we are dealing with the constitution of a political party, it seems clear from the constitution that the individual member has abdicated to the various committees and to Congress his individual right of determining what ought and what ought not to be done to further the political propaganda of the party. He has left it to the yearly Congress to say what the party thinks that the political conditions of the country require the party to do. To show how little say an individual member of the party had in regard to the policy of the party it is sufficient to point out that if there had been any doubt as to the plain meaning of the constitution the Congress could at any time have passed an express provision that every member of the party was to be absolutely bound by a resolution of Congress and an individual member could not have come to court relying on the "beginsels" to challenge the validity of the resolution, for the Congress has carte blanch to change the constitution in any way it thinks fit. This is, however, so clearly implied in all the provisions of the constitution that an express declaration to that effect was unnecessary."

Wat die Appèlhof ten opsigte van 'n politieke party gesê het, kan natuurlik nie sondermeer op 'n kerk van toepassing gemaak word nie. Die Appèlhof het juis beklemtoon dat die aard van 'n politieke party toto caelo van 'n kerk verskil. Daar moet in elke geval gekyk word na die aard van die betrokke vrywillige vereniging en die uitdruklike of geïmpliseerde bepalings van sy konstitusie. Indien gekyk word na die Kerkorde en die Aanvullende Bepalings is dit duidelik dat individuele lidmate geen besluitnemingsbevoegdhede het nie. Alle besluitnemings-bevoegdhede berus by die verskillende kerkvergaderings. In hierdie opsig kan

dit dus gesê word dat individuele lidmate afstand van hul besluitnemingsbevoegdhede gedoen het ten gunste van die verskillende kerkvergaderings. In hierdie opsig stem die posisie van individuele lidmate dus ooreen met die posisie van individuele lede van politieke partye. Die vraag wat egter ontstaan, is ten gunste van watter een van die verskillende kerkvergaderings het individuele lidmate afstand gedoen van hul besluitnemingsbevoegdheid ten opsigte van die vraag van kerkvereniging. Anders gestel: Watter en van die verskillende kerkvergaderings het die bevoegdheid om namens al die lidmate by meerderheidsbesluit oor kerkvereniging te besluit? Is dit die kerkrade, die streeksinodes, of die Algemene Sinode? Na my mening lê die antwoord op hierdie vraag opgesluit in Artikel 71.1. van die Kerkorde, wat soos volg lui:

> *"Die NG Kerk strewe deur middel van sy kerkvergaderinge steeds daarna om met die kerke op gereformeerde grondslag in ons land welwillend saam te werk."*

Na my mening is die noodwendige implikasie van hierdie artikel dat, indien daar oor kerkvereniging besluit moet word, so 'n besluit deur al die vergaderinge van die kerk geneem moet word, dit wil sê kerkrade, ringsvergaderings, streeksinodes en algemene sinodes.

Oorweging sal uiteraard geskenk moet word aan die vraag wat die vereiste meerderheid behoort te wees. Artikel 71.4 van die Kerkorde bepaal dat daar oor die aard en/of graad van offisiële betrekkinge met ekumeniese liggame 'n twee-derde meerderheid van die algemene sinode vereis word. Indien dit die vereiste is ten opsigte van ekumeniese betrekkinge, meen ek dat dit ook 'n geïmpliseerde vereiste sal wees dat 'n besluit oor kerkvereniging met minstens 'n twee-derde meerderheid geneem moet word.

13.

Uit die voorgaande volg dit dat ek van mening is dat die Algemene Sinode en die streeksinodes geregtig is om voort te gaan met stappe om kerkvereniging te bewerkstellig. In die lig van die heersende regsposisie, soos uiteengesit in die

Standerton- en Rustenburg sake, kan dit egter seker verwag word dat daar teenstand teen sodanige stappe sal wees, en moontlik selfs hofaansoeke om dit te verhoed. Ten einde die klaarblyklike nadele wat sulke hofsake vir die kerk sal meebring, te vermy, is ek van mening dat dit wenslik is om die Regering te versoek om wetgewing deur die parlement te voer, soos in 1911 gebeur het met die Nederduits Gereformeerde Kerken Verenigings Akte, 23 van 1911 (Dutch Reformed Churches Union Act, 23 of 1911), 'n afskrif waarvan gerieflikheidshalwe hierby aangeheg word. Wet 23 van 1911 het nie self die kerkvereniging daargestel nie, maar het 'n prosedure geskep wat die kerk gemagtig het om self die kerkvereniging deur te voer op voorwaarde dat aan die vereiste wat deur die Wet gestel is, voldoen word. Soos bekend, is daardie vereniging eers in 1962 bewerkstellig.

14.

'n Vraag wat geopper is, is of die Hooggeregshof nie genader behoort te word vir 'n verklarende bevel nie. Artikel 19(1)(a)(iii) van die Hooggeregshofwet, 59 van 1959, bepaal dat 'n provinsiale- of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof bevoeg is om na goeddunke, en indien deur 'n belanghebbende daartoe genader, enige bestaande, toekomstige of voorwaardelike reg of verpligting te ondersoek en te bepaal. Die probleem is egter dat die Algemene Sinode nog nie 'n positiewe besluit geneem het om met die ander twee kerke te verenig nie. Die Algemene Sinode het slegs sy ernstige begeerte uitgespreek om saam to werk met die ander lede van die familie van NG Kerke aan die daarstelling van een kerkverband. In die afwesigheid van direkte besluit om te verenig, en 'n werklike dispuut rondom die vraag of die Algemene Sinode ingevolge die Kerkorde die reg het om so 'n besluit te neem, is dit myns insiens nie 'n geskikte geval om die hof te nader vir 'n verklarende bevel nie. Hoewel die bestaan van 'n dispuut nie 'n voorvereiste is nie, moet 'n applikant wat 'n verklarende bevel aanvra, se belang nie slegs akademies wees nie en moet die omstandighede die verlening van 'n verklarende bevel regverdig.

Ex parte Neil
1963(1) SA 754 (A) te 758E 760C

Muller v The Master and Others
1992(4) SA 277 (T) te 280E - 282A

'n Belangriker rede waarom ek van mening is dat die aanvra van 'n verklarende bevel nie gepas is nie, is die nadelige gevolge wat hofsake vir die kerk sal inhou, en waarna ek reeds hierbo verwys het. Die aangewese weg is na my mening die aanvaarding van 'n Parlementswet. Daar is 'n ander moontlike oplossing, naamlik om die bevoegdheid tot kerkvereniging uitdruklik as 'n bepaling in die Kerkorde in te voeg by wyse van 'n wysiging van die Kerkorde ingevolge Artikel 43.1.3. Ek vermoed egter dat pogings om die Kerkorde te wysig ook tot hofaansoeke aanleiding kan gee. Dit is iets waaroor die Algemene Sinode self sal moet oordeel.

15.

'n Verdere vraag wat geopper is, is of ampsdraers van die kerk geregtig is om met onderhandelinge oor kerkvereniging voort te gaan, en of sodanige onderhandelinge nie ook ultra vires is nie. Na my mening kan dit nie gesê word dat ampsdraers wat onderhandelinge voer ten einde 'n metode te vind om kerkvereniging te bewerkstellig, buite hulle bevoegdhede optree nie. Die bevordering van kerkeenheid is sekerlik iets wat binne hulle bevoegdhede val, en in hierdie verband kan verwys word na Artikels 35.2. 35.4, 43.2.3 en 71.3 van die Kerkorde.

16.

Ek het hierbo verwys na die Belydenis van Belhar. Artikel 43.1.3 van die Kerkorde bepaal dat die vasstelling van die Belydenisskrifte deel is van die taak van die Algemene Sinode. Artikel 44.1 bepaal dat die wysiging van die Belydenis alleen kan geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het. Die Kerkorde bevat dus reeds prosedurevoorskrifte in verband met die wysiging van die Belydenis. Dit is dus vir die Algemene Sinode moontlik om die Belydenis van Belhar te aanvaar, mits

hierdie voorskrifte nagekom word. Daar kan dus nie gesê word dat elke lidmaat se toestemming nodig is alvorens die Belydenis van Belhar aanvaar kan word nie.

17.

'n Laaste vraag wat geopper is, is of, indien daar besluit sou word om die wetgewer te nader om 'n wet deur die Parlement te voer wat kerkvereniging moontlik maak, so 'n wet nie in stryd met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 200 van 1993, sou wees nie, en meer in besonder met Artikel 17 van die Grondwet wat bepaal dat elke persoon die reg op vryheid van assosiasie het. Daar kan seker baie oor hierdie vraag geskryf word, maar ek is van mening dat die eenvoudige antwoord is dat indien 'n wet gemaak sou word volgens die voorbeeld van die 1911-Wet, wat nie kerkvereniging afdwing nie, maar wat bloot aan die kerk die reg verleen om self by meerderheidsbesluit oor kerkvereniging te besluit, so 'n wet nie onkonstitusioneel sou wees nie, aangesien die wet niemand sou dwing om teen sy wil met 'n ander persoon te assosieer nie. Daar is in elk geval niks in die bestaande Kerkorde wat enige persoon van kleur verhoed om lidmaat van die NG Kerk te word nie.

GETEKEN TE PRETORIA OP HIERDIE 31STE DAG VAN OKTOBER 1995.

J W LOUW S.C.
ADVOKATEKAMERS
PRETORIA

Bylae H tot Hoofstuk 3

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK KERKVERENIGING R E G S M E N 1 N G

1 Ingevolge Artikel 19 van konsultant se kerkorde, word die opsig oor, die regering van, en die tug in die kerk aan vier kerkvergaderings toevertrou. Hulle is die kerkraad, die ring, die sinode en die Algemene Sinode. In Oktober 1994 het die Algemene Sinode 'n besluit geneem ingevolge waarvan hy sy ernstige begeerte uitgespreek het om saam te werk met die ander lede van die familie van NG kerke aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde. Die ander twee kerke wat saam met konsultant die familie van NG kerke uitmaak, is die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Reformed Church in Africa. Konsultant het ons versoek om hom van raad te bedien oor die wyse waarop die drie kerke regtens kan verenig, veral indien van sy lidmate, kerkrade of ringe nie tot die vereniging instem nie.

2 Ons stem saam met ander regsmenings wat konsultant ingewin het, dat hy 'n regspersoon is en dat die regsverhouding van die lidmate onderling, en van die lidmate en die onderskeie vergaderings, op 'n kontrak berus, welke kontrak in die kerkorde en reglemente vervat is.

Dit volg dat die vraag of konsultant se vergaderings 'n besluit kan neem om met ander regspersone te verenig, en so 'n besluit regtens teen 'n lidmaat wat nie instem nie, kan afdwing, beantwoord moet word aan die hand van die bevoegdhede wat die kerkorde aan die onderskeie vergaderings verleen (Van Vuuren v Kerkraad van die Môrelig Gemeente van die NG Kerk in die OVS, 1979(4) SA 548 (0) te 557 E - H).

3 Die vier kerkvergaderings het die bevoegdheid om die kerk teregeer (Artikel 19). Hulle het op hul beurt 'n hiërargiese struktuur, in terme waarvan die

kerkraad gesag uitoefen oor die lidmaat; die ring oor die kerkraad; die sinode oor die ring; en die Algemene Sinode oor die sinode (Artikels 20.2; 26). Die Algemene Sinode is dus die hoogste gesag binne die kerk toevertrou met die taak en bevoegdheid om die kerk te regeer.

4 Die Algemene Sinode net daarbenewens verskeie besondere bevoegdhede insluitende die bepaling van bindende kerklike beleid in sake van gemeenskaplike belang (Artikel 34.1.1); die vasstelling en wysiging van die belydenisskrifte (Klousules 43.1.3 en 44.1); die vasstelling, wysiging en aanvulling van die kerkorde (Klousules 43.1.3 en 44.2) ; en die behartiging van die werksaamhede van die kerk waar eenvormigheid noodsaaklik is (Klousule 43.2.2).

5 Die enigste uitdruklike beperkings op hierdie wye bevoegdhede, is vervat in Artikel 44 wat 'n twee-derde meerderheid vir enige wysiging van die kerkorde en 'n twee-derde meerderheid in elke afsonderlike sinode vir 'n wysiging van die belydenis verg.

6 Die Algemene Sinode is dus die hoogste gesag in die kerk toevertrou met bykans onbeperkte mag om die kerk re regeer. Hy mag selfs die kerkorde, met ander woorde die kontrak waaruit hy sy magte put, met twee-derde meerderheid steun wysig. Dit beteken dat die Algemene Sinode bykans enigiets kan doen wat so 'n kontrak hom kan veroorloof omdat hy enige mag kan toeëien by wyse van 'n paslike wysiging van die kerkorde.

7 Op die keper beskou is die Algemene Sinode dus bevoeg om die kerk tot vereniging met ander kerke te verbind, al moet hy dan eers 'n wysiging aan die kerkorde aanbring om homself uitdruklik daardie bevoegdheid te verleen.

8 Hierdie wye en bykans onbeperkte bevoegdheid van die Algemene Sinode, mag egter aan 'n stilswyende beperking onderhewig wees. Soos wat blyk uit die ander regsmenings wat die kerk ingewin het, is daar 'n reeks beslissings waarin die hof bevind het dat die hoogste gesagsliggaam binne 'n kerk sy magte slegs mag aanwend ter verwesenliking van die kerk se

bedrywighede as ’n kerk en dat hy dit nie mag doen om ’n einde te maak aan die kerk as regspersoon ter wille van samesmelting met ’n ander kerk nie. In The Nederduitsch Hervormde Congregation of Standerton v The Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Congregation of Standerton het hoofregter Kotze dit soos volg gestel:

> *“The majority, that is to say the general assembly, can indeed bind the minority in everything that lies within the scope and object of the corporation or religious body, for such power is within its authority and jurisdiction; but if the majority proceeds to pass a resolution to terminate and end the corporation by joining another corporation, and so together to form an entirely new corporation or body, then it goes beyond its powers - the majority then acts ultra vires” (1893 Hertzog 69 SAR 82*).

Ons moet egter beklemtoon dat daar geen regsreël is wat kerke op hierdie manier aan bande lê nie. Dit hang telkens af van die behoorlike uitleg van die kerkorde, of daar so ’n beperking ingelees moet word. Ons is geneë om met adv JW Louw SC saam te stem dat daar nie so ’n beperking in konsultant se kerkorde ingelees kan word nie:

9.1 'n Mens lees nie ligtelik bepalings in ’n kontrak in nie. Dit is slegs gepas indien die stilswyende bepaling noodwendig inbegrepe is by dit wat die kontrak uitdruklik sê (Minister van Landbou-Tegniese Dienste v Scholtz, 1971(3) SA 118 A 209).

9.2 Die kerkorde is self ’n produk van die vereniging van afsonderlike provinsiale sinodes in algemene sinodale verband. ’n Mens sou dus verwag dat, indien die opstellers van die kerkorde nie die Algemene Sinode wou toelaat om die kerk in die toekoms tot soortgelyke kerkvereniging te verbind nie, hulle so sou gesê het.

9 .3 ’n Beperking soos die een wat in die Standerton-saak in die kerkreglement ingelees is, maak die instemming van elke lidmaat ’n vereiste vir kerkvereniging. Dit beteken dat kerkvereniging prakties onmoontlik is

omdat daar altyd in die geledere van ’n groot kerk minstens enkeles sou wees wat eenheid met andere teenstaan. Dit lyk vir ons onwaarskynlik dat die opstellers van die kerkorde beoog het om verdere kerkvereniging prakties onmoontlik te maak.

9 .4 Dit mag moontlik gepas wees om ’n beperking in te lees dat die Algemene Sinode nie by magte is om die kerk as instelling tot niet te maak nie. Dit volg egter nie noodwendig dat die Algemene Sinode ook nie bevoeg is om die kerk tot verenging met ’n ander kerk te verbind nie, al sou dit in ’n tegniese sin die beëindiging van die kerk as regspersoon behels. Daar is vir ons ’n belangrike onderskeid al sou die kerk as regspersoon in beide gevalle ontbind word. In die geval van tot niet making, word die kerk as instelling tot niet gemaak en daar bly niks van hom oor nie. In die geval van kerkvereniging aan die anderkant, word die kerk as regspersoon wel ontbind, maar die kerk as instelling bly steeds voortbestaan, al is dit dan saam met ander kerke met wie hy saamsmelt in ’n nuwe gedaante.

Ondanks hierdie gevolgtrekking, meen ons dat dit onwys sou wees om bloot op sterkte van ’n sinodebesluit met kerkeenheid voort te gaan:

10.1 Ons gevolgtrekking mag natuurlik verkeerd wees. Daar is baie vir die teenoorgestelde standpunt te sê. Indien daardie standpunt korrek is, sal ’n enkele beswaarde lidmaat die hele nuwe struktuur tot niet kan maak.

10.2 Al sou konsultant se kerkorde nie aan so ’n beperking onderhewig wees nie, mag een of albei die ander twee kerke se reglemente aan soortgelyke beperkings onderhewig wees. As dit die geval sou wees, sou dit beteken dat ’n enkele beswaarde lidmaat van een van daardie kerke die nuwe struktuur ongedaan kan maak, al sou konsultant se sinodebesluit onaanvegbaar wees.

10.3 Al sou die sinodes van al drie kerke geregtig wees om hul kerke tot kerkeenheid te verbind, sou dit hulle nog nie teen die risiko van litigasie beskerm nie. So lank as wat die kerkvereniging omstrede is en die

regsposisie onseker is, is daar 'n hoë risiko van litigasie met al die onkoste, onsekerheid en onenigheid wat dit meebring.

11 Ons meen ook nie dat 'n aansoek vir 'n verklarende hofbevel, hierdie probleme sal besweer nie. So 'n aansoek kan teengestaan word en die onkoste, onsekerheid en onenigheid meebring wat konsultant graag wil vermy. Die uiteindelike bevel sal ook slegs bindend wees op die partye tot die geding en sou dus geen beletsel wees indien andere die saak weer wou hof toe neem nie.

12 Ons is gevolglik van mening dat privaatwetgewing die aangewese weg is om kerkeenheid te bewerkstellig. Die groot voordeel daarvan is dat dit betreklik vinnig regsekerheid bring. Die risiko van litigasie wat onkoste, onsekerheid en verdeeldheid meebring, word ook daardeur beperk. Mits die wetgewing paslik bewoord is, kan dit ook aan die drie deelnemende kerke voldoende vryheid laat om hul kerkeenheid te struktureer soos wat hulle goed dink.

WH TRENGOVE SC
WHG VAN DER LINDE
ADVOKATEKAMERS
JOHANNESBURG
20 Februarie 1996

HOFMEYR

ATTORNEYS . PROKUREURS

PROF COERTZEN
Die Kweekskool
Dorpstraat 171
STELLENBOSCH
7600

FAKSNOMMER: (021) 808.3251

MR P J CONRADIE
408-9013
403-1667

Acc No / Rek Nr
799407/PJC124610.1/bp

21 Februarie 1996

Geagte Prof Coertzen

i/s: **NG KERK / HERSTRUKTURERING**

Hiermee, per faks aan u, die opinie soos deur Advokate Trengove SC en Van Der Linde onderteken. Die oorspronklike word per pos aan u gestuur.

U sal merk dat ons voorstel dat privaatwetgewing die aangewese weg is om kerkeenheid te bewerkstellig, indien daar enige verdere vrae is wat u graag verlang wat aangespreek moet word, verneem ons graag vanaf u in die verband.

Met betrekking tot die telefoniese gesprek onlangs met u waartydens u ons meegedeel het dat 'n dreigende hofaksie tussen sekere kerke bewaarheid kan word en wat die posisie van die NG Kerk in die verband is, die volgende :

1 Die NG Kerk en sy verteenwoordigers is nog steeds geregtig om met gesprekvoering met die ander kerke, voort te gaan. Die blote feit dat u in gesprek met die ander kerke tree skep nie 'n bindende ooreenkoms nie en bly dit verkenningsgesprekke.

2 Die aangeleentheid is nie wat die NG Kerk aanbetref, teenoor die ander kerke, *sub judice*, nie. Die kerke in die aksie betrokke behoort nie persverklarings uit te reik nie, maar beteken dit nie dat gesprekke tussen die NG Kerk en ander kerke nie kan voortgaan nie. Dit is natuurlik so dat u kritiek kan verwag indien u met die verkenningsgesprekke voortgaan, terwyl daar 'n hangende hofsaak tussen van die kerke met wie u die gesprekke voer, is. Die antwoord op die kritiek is, soos hierbo gemeld, naamlik u is slegs besig met verkenningsgesprekke en bind die gesprekke nie die NG Kerk in enige hoedanigheid nie.

Ons wag op u verdere instruksies.

Die uwe
HOMEYR ING.
per
P J CONRADIE

Bylae I tot Hoofstuk 3

REGSMENING

EX- PARTE: DIE N G KERK IN AFRIKA - OVS

IN RE: BESLUITE TEN OPSIGTE VAN BELYDENISSKRIFTE EN VORMING VAN VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA

OPINIE OP GRONDWETLIKHEID VAN PROSEDURE

1.

AGTERGROND

1.1 Konsultant is die moderatuur van die Vrystaatse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika.

1.2 Op 22 Augustus 1995 is In konsultasie met ds AS Bührmann, aktuaris van die OVS streeksinode van die NGKA, gevoer waartydens toeligting gegee is betreffende die uitgebreide dokumentasie in my brevet vervat. In 'n skrywe gedateer 31 Augustus 1995 het my opdraggewende prokureur 'n verdere skrywe van ds Bührmann beskikbaar gestel, waarin verdere toeligting gegee is en 'n bykomende kwessie, naamlik die beoogde byeenroeping van 'n streeksinode van die VGKSA-OVS, ter oorweging gegee is.

1.3 Laasgenoemde aspek word vanweë die omvang van hierdie regsmening en die gebrek aan volledige inligting (soos ook met ds Bührmann per telefoniese konsultasie op Donderdag 15 deser uitgeklaar) nie hierin volledig behandel nie, buiten 'n aanstip van die grondbeginsels om dusdanige vraag te beantwoord.

2.

2.1 Hierdie aangeleentheid spruit voort uit die behoefte van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika en die sinode van die NG Sendingkerk om ’n verenigde kerk te vorm. In 1983 het die Algemene Sinode van die NGKA die voorneme tot kerkeenheid verklaar en met ’n verklaring van die gesindheid in Christus die eerste keer ’n besluit geneem hoe vereniging moet lyk. Die volgende oorwegings is onder meer aanvaar:

(a) Die eenheid van die Kerk is ’n gegewene. Die Kerk moet hierdie eenheid handhaaf en aan die lig bring orals waar hy is.

(b) Daar is ’n verskeidenheid van geestelike gawes en van tale en kulturele tradisies. Hierdie verskeidenheid moet in diens staan van die eenheid en moet binne die eenheid ’n tuiste vind.

(c) Ten einde hierdie standpunte binne die NG Kerkfamilie in die praktyk te verwesenlik, kies die Kerk die weg van onderhandeling en rig hy hom tot al drie die ander lidkerke (NG Sendingkerk in SA, die NG Kerk en die Reformed Church in Africa). Hy verbind hom om nie met een van die kerke, sonder die ander, op die weg van kerklike eenheid te beweeg nie. Indien die voorafgaande nie uitvoerbaar blyk te wees nie, sal dit die Kerk vrystaan om na bevind van sake te handel.

Handelinge van die Algemene Sinode van die NGKA
(1983) 344 punt 1.2.1.1, -.2 en -.6 onderskeidelik

2.2 In 1987 besluit die Algemene Sinode van die NGKA dat volstaan word met die belydenis oor die eenheid van die Kerk soos in die belydenisskrifte uitgedruk. ’n Nuwe belydenisskrif word nie daaroor opgestel nie. Daar word ook gesê dat gesindheid belangriker is as strukture en dat alhoewel kerklike eenheid nie uitsluitlik met nuwe struktuur verbind word nie is dit so dat sonder enige strukture hoegenaamd, kerklike eenheid ook nie realiseer of selfs voorstelbaar is nie.

Handelinge van die Algemene Sinode
(1987) 376-383 punte 1.2.1.1.2, 1.2.4.1 en 1.2.4.2

2.3 Hierdie eenwordings- en verenigingstrewe het in die jare wat daarop gevolg het oënskynlik gerealiseer nadat twee struikelblokke uit die weg geruim moes word, naamlik die invoering van die Belharbelydenis as 'n bykomende belydenisskrif en die magtiging en prosedure vir ontbinding van die NGKA en NGSK ter wille van eenwording.

2.4 Soos hieronder sal blyk, is beide hierdie prosesse volvoer en deurgevoer in April 1994 toe 'n stigtingsinode vir die VGKSA in Kaapstad byeen was. Afgevaardigdes van konsultant was ook by daardie vergadering, wat aanvanklik opgeroep was as 'n sinodale vergadering van die NGKA.

2.5 Konsultant is onder die Indruk dat die prosedures wat gevolg is om die gemelde "struikelblokke" te oorkom verkeerd was, dat die stigting van die VGKSA onder verdenking is en dat vanweë hierdie ongeldigheid die NGKA, in besonder konsultant as 'n streeksinode daarvan, nie ontbind het en opgehou het om te bestaan nie. Dit het onder meer implikasies ook vir die stoflike eiendom van konsultant en die ringe en gemeentes binne die OVS streeksinode: daar is reeds aanduidings dat die VGKSA van voornemens is om pogings aan te wend om vaste eiendom van die NGKA oor te neem.

2.6 Hierdie onverkwiklike toedrag van sake vorm die agtergrond tot hierdie regsmening. In soverre tersaaklik sal die spesifieke historiese gebeure en bepaalde besluite na verwys word in die bespreking hieronder.

3.

OPDRAG

3.1 My aanvanklike opdrag, soos mondelings in konsultasie toegelig, is vervat in 'n lys van vrae uiteengesit in die memorandum aan my voorgelê, te wete:

"1. Is die standpunt van die Moderatuur van die OVS korrek dat al is daar in beginsel besluit op eenwording dan moet die streeksinode

NGKA-OVS nog vergader om die nodige ontbindingsbesluite te neem?

2. Was die verandering van Artikel 36.1 deur die Algemene Sinode van 1991 wettig of nie? Bylae 3 bl. 29 pt. 5.2 en 1.1.23 van bl. 392 en nadat daar nie aan besluit 14.12 van 1971 uitvoering gegee is nie?

3. Indien die Algemene Sinode sy magte oorskry het met die verandering van Artikel 36.1 is die stigting van die VGK wettig? Of kan die NGKA voort bestaan en sy eiendom behou?

4. Is die aanvaarding van Belharbelydenis as 'n vierde belydenis wettig aangesien die streeksinodes nie daaroor gestem het nie en besluit 14.5 van 1987 (Bylae 3 bl. 282 pt. van die verslag van die Studiekommissie) nie uitgevoer is nie?

5. In die lig van besluit 14.12. van 1971 wat nie gevolg is nie en die Reglement van orde par 2.4 wat ook nie nagekom is nie, is die invoeging van Artikel 61, die sg. ontbindingsartikel, wettig of nie?

6. Hoe geldig is die besluit van NGKA - OVS van 1994 (bylae 6 besluit 8.5.12 nadat daar twee keer gestem is oor die saak en daar groot verwarring was. Vgl. Bepaling 80.25 en 80.26 van die Kerkorde en bepalings van die OVS wat lui:

80.25 As die finale stemming oor 'n saak plaasgevind het, en die voorsitter dit tot besluit van die vergadering verklaar het, mag niemand om 'n tweede stemming vra nie.

80.26 Besluite wat eenmaal geneem is, kan slegs na voorafgaande kennisgewing en met toestemming van die vergadering in hersiening geneem word. By kerkraadsvergaderings kan 'n besluit op dieselfde vergadering waarop die besluit geneem is, in hersiening geneem word, as niemand daarteen beswaar maak nie.

As die vergadering nie sit nie, moet skriftelik aan al die lede kennis gegee word?

7. Huidiglik is die verdeeldheid groot in die OVS. Baie wil 'n sinode van die NGKA hê, ander weer nie. Die sinode kan wettig konstitueer as daar 213 van moontlik aantal afgevaardigdes teenwoordig is (Bepaling 117). Wat is die posisie as daar nie soveel lede opdaag nie omdat 'n groot getal hulle self nie meer as NGKA beskou nie maar wel as VGK? Kan dan aanvaar word dat slegs die getal teenwoordig die moontlike aantal lede uitmaak? Met ander woorde: Kan aanvaar word dat die wat nie opdaag nie hulle van die NGKA afgeskei het? Sou so 'n vergadering wettig kan konstitueer?"

3.2 Ondertussen Is daar op 31 Augustus 1995 'n verdere opdrag gegee, naamlik die vraag of daar deur middel van 'n hofbevel verhoed kan word dat 'n Vrystaatse sinode van die VGKSA op 22 November 1995 byeengeroep kan word. Hierdie aangeleentheid word, soos reeds hierbo aangedui, slegs in beginsel hierin aangeraak, en sal verdere toeligting daaromtrent verskaf word, indien benodig, na plaasvind van 'n verdere konsultasie.

4.

BESPREKING

4.1 'n Kerkgenootskap word in ons gemenereg beskou as 'n vrywillige vereniging wat die karakter het van 'n *universitas*: Die grondwet van so 'n vereniging tesame met regulasies en reëls gesamentlik vorm die ooreenkoms of kontrak gesluit deur die onderskeie lede van die genootskap. Hierdie kontrak is die kernfaktor in die bestaan van die vereniging: Dit bepaal nie net die strekwydte van die vereniging se bestaan en aktiwiteite nie, maar waar toepaslike skryf dit ook voor en bepaal dit die magte van die onderskeie organe of vergaderings van die vereniging en reguleer dit ook dikwels prosedurele aspekte:

"I ... am ... prepared to assume for the purposes of this case that it is a voluntary association, the members of which are bound by contract to one another, the contract being refected by and enshrined in the constitution ... The members are banded together by contract based on consensus; and they are bound only on the terms to which they have agreed. Such terms can therefore only be varied by the consent of all the parties to the contract, i.e. all the members."

Kahn v Louw NO 1951(2)SA 194M op 211C-D en H.

4.2 Die locus classious is te vind in die volgende uitlating van die Appèlhof:

"*The relations between the parties are contractual and the rights such relations give rise to are contractual and dependent on the rules of the Jockey Club ... and on the principles of the common law."*

Jockey Club of SA v Feldman 1942 AD 340 op 347;
Sien ook Marlin v Durban Turf Club 1942 AD 112 op 127-128;
Vgl Wilken v Brebner 1935 AD 175 op 181.

4.3 Hierdie beginsels is duidelik ook gevestig betreffende kerke: Die verhouding tussen ’n kerkgenootskap en sy lede is kontraktueel en daardie verhouding word beheers deur die grondwet van die kerk (in casu die Hersiene Kerkorde van die NGKA met sy Reglement van Orde), die inhoud waarvan deel vorm van die kontrak tussen die partye, asook die toepaslike beginsels van die gemenereg.

Motaung v Mukuwela and another HNO 1975 (1) SA 618(0) op 626C en E-F;
De Vos v Die Ringskommissie van die NG Kerk 1952 (2) SA 83(0) op 94H-95A.

4.4 Ook in die onlangse verlede is die geykte beginsel toegepas op kerklike verband:

"The contract under which a voluntary association functions determines the nature and scope of the association's existence and activities, prescribes the powers to those who are charged with its affairs and demarcates and regulates the rights of members."

Jaoobs v Old Apostolic Church of Africa 1992 (4) SA 172 (TkGD) op 173D;

Sien ook 1 LAWSA 288 par 499.

4.5 So gesien, is die inhoud van die kontrak met betrekking tot die NGKA as kerkgenootskap en sy samestellende dele en lede te vinde in die gemelde Hersiene Kerkorde, die Reglement van Orde (wat meerendeels prosedurele aangeleenthede behels) asook dusdanige bevoegde grondwetlike reëlings behoorlik neergelê deur die bevoegde gesagsorgaan van die NGKA.

5.

5.1 Die grondwet as kontrak word geïnterpreteer volgens die gewone reëls van toepassing by die uitleg van kontrakte. Die hof kan, afhangende van omstandighede, in toepaslike gevalle 'n konstitusie vergunnend of beperkend interpreteer, en waar daar twee dusdanige uitlegte beskikbaar is, sal die meer gerieflike resultaat gevolg word. Waar 'n konstitusie nie in alle opsigte duidelik is nie, kan die praktiese toepassing daarvan in die verlede daarvan van belang wees.

Vgl Garment Workers' Union v De Vries 1949MSA MO(W) op 1119-1120.

5.2 Waar daar 'n konflik is tussen die grondwet en reëls en regulasies van 'n vereniging aan die een kant en die reëlings afgekondig deur 'n komitee daarvan aan die ander kant, sal eersgenoemde voorgaan.

Way v Davies 1938 WPA 26;
Constantindes v Jockey Club of SA 1954(3)SA 35M op 44:

> *"This contract falls to be construed by the court according to the ordinary rules of construction: the court cannot, because it considers the contract unreasonable, from the point of view of one of the parties, depart from the language used and attempt to make it a reasonable one according to its standards. It cannot, because it might disapprove of some of its terms, disregard them or give them a meaning other than arises from the ordinary and natural meaning of the language employed."*

Vgl ook Govender v Textile Workers Industrial union 1961(3)SA 88 op 91;

Simpson v Selfmed Medical Scheme 1992 (1) SA 855 (K) op 862G-H.

5.3 Die hof is nie gebonde aan die uitleg of konstruksie geheg aan bepalings deur die betrokke gesagsliggaam van die kerkgenootskap nie:

> "*I have assumed above that this Court has the power of determining the true construction of the rules and regulations of the Church and it is not bound by the construction placed upon them by the Ecclesiastical Tribunal."*

De Waal v Van der Horst 1918 TPA 277 op 286.

5.4 Hierdie beginsels oor die vertolking van die grondwet van 'n onderlinge vereniging word algemeen toegepas op die uitleg van die grondwetlike bepalings van kerkgenootskappe.

Sien De Vos v Die Ringskommissie van die H G Kerk 1952(2)SA 83(0) op 94H-95A;
Motaung v Mukubela and HNO 1975 (1) SA 618(0) op 626H-627A;
Jacobs v Old Apostolic Church of Africa 1992(4)SA 172(TkGD) op 173E.

5.5 Dit is dus duidelik dat die gewone reëls van toepassing by die uitleg van kontraksbepalings van toepassing is by die uitleg van die onderhawige Hersiene Kerkorde en die Reglement van Orde en dat die bepaalde interpretasie geheg aan dusdanige bepallngs deur een of ander gesagsorgaan van die NGKA nie as sodanig deurslaggewend kan wees nie, maar bloot 'n rol kan speel in gevalle waar onsekerheid oor die inhoud van 'n bepaling heers as aanduidend van die historiese praktyk.

6.

6.1 Die derde onderwerp wat uiteengesit staan te word, behels die beginsels by die wysiging van die bepalings van 'n vereniging se grondwet. Waar so 'n grondwet nie voorsiening maak vir wysiging deur meerderheidstemming nie, kan wysiging slegs met eenstemmigheid plaasvind.

Cape United Sick Fund Society v Forrest 1956(4)SA 519(A) op 528.

6.2 Selfs waar 'n grondwet die meerderheid van die lede die bevoegdheld verleen om wel 'n wysiging aan te bring, moet steeds ander faktore in aanmerking geneem word, soos byvoorbeeld dat dusdanige wysiging moet geskied in die bona fide veronderstelling dat dit tot voordeel van die

vereniging is en moet dit geskied in nakoming van die prosedure voorgeskryf deur die konstitusie.

Sien byvoorbeeld Visser v Minister of Labour 1954(3)SA 975W.

6.3 Of die meerderheid van die lede van 'n vereniging 'n fundamentele doelstelling van so 'n vereniging kan verander, hang af van die aard en karakter van die vereniging. In Wilken v Brebner 1935 AD 175, was dit beslis dat die OVS Kongres van die Nasionale Party deur 'n meerderheidstemming die grondbeginsels van die party kon verander. Die hof het die doelstellings van 'n politieke partye uitdruklik onderskei van dié van 'n kerk:

> *"In the case of a universitas or collegium, a church or hospital, or what the German jurists call a "stifftung", the intention is that the association shall continue forever and that it shall carry out the purposes of its founder or founders ... the Court will determine according to the nature of the foundation whether the syndics have or have not transgressed their powers, and the Court can be invoked by any member of the association provided the constitution does not expressly or impliedly take away from him this right."*

Wilken v Brebner 1935 AD 184 (per Wessels HR); sien ook op 187 (per Stratford AR)

6.4 Die locus classicus oor die kwessie van wysiging van 'n kerkgenootskap se Kerkorde is die saak van Swanepoel v OVS Nederdultse Gereformeerde Kerk 1949(4)SA 964(0) OP 973:

> *"Waar die Akte van Oprigting en Statute van 'n Kerk, 'n liefdadigheldsvereniging, klub, maatskappy, koöperasie of soortgelyke liggame voorsiening maak vir wysiging van die akte of statute sal die Hof nie gewoonlik ingryp nie tensy die doeleindes indruis teen die goeie sedes of waar enige regshandeling buite die bevoegdhede van so 'n liggaam val."*

6.5 In laasvermelde beslissing (op 974) verduidelik die Vrystaatse Hooggeregshof dat die bevoegdheid om te wysig beperk word tot wysigings wat redelikerwys geag kan word binne die beskouing en bedoeling van die partye te gelê het tydens die aanvang van die kontrak, inagnemend die aard en al die omstandighede van die kontrak.

6.6 Ook in die Britse reg is die beginsel gevestig dat 'n wysiging wat die fundamentele doelstelling van 'n kerkgenootskap verydel of so 'n genootskap inderdaad vernietig, onhoudbaar is en inderdaad ultra vires is.

Free Church of Scotland (General Assembly) v Overtoun (Lord);
Macalister v Young (1904) AC 515 (HL).

6.7 Die erkende Suid-Afrikaanse skrywer

Bamford The Law of Partnership and Voluntary
Association In SA (1982) 135-136

verklaar soos volg:

"Even where an express or implied power of amendment exists, there are restrictions on its exercise. First, the amendment must be passed according to the procedure laid down by the constitution; second, it must not be contrary to good morals; third, it must not be obviously detrimental to the association, the test in this regard having been adopted from company law:

'...the court is ... entitled to treat the conduct of shareholders as it does the verdict of a jury, and to say that the alteration of a company's articles shall not stand if it is such that no reasonable men could consider it for the benefit of the company.'(Fairham v Cape Town Mutual Aid Fund 1949(1)SA 919(K) op 930).

Finally, the courts may in certain circumstances be prepared to hold invalid an amendment which purports to alter the fundamental object of the association if it were passed by the mere constitutional majority and not with the consent of all members. The Principles on which the courts have approached this question are by no means settled, but the cases reveal the following:

(a) The concept that the 'fundamental object' should not be altered connotes that the purported amendment must not go to the foundation of the association nor be incompatible with its fundamental object.

(b) The fundamental object will normally be affected by an amendment which alters the very nature of the contract of association, or which imposes upon members a change in the financial structure of the association - for example, by way of an extraordinary capital contribution as opposed to a normal increase in subscription.

(c) In the case of a religious body, the courts have held that a fundamental object is altered when some such drastic step is taken as merging the association with another body or changing essential dogma or doctrine:

'The majority, that is the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scipe and object of the corporation or church association, for such power is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being, then the majority exceeds the limits of its authority; it is then acting ultra vires. (NH Congregation of Standerton v NH of G Congregation of Standerton 1895 (Hertzog) ZAR 69 op 82).

' ... the General Assembly possesses some power of alteration with reference to doctrine, worship, discipline and government, but such powers do not ... include a power to subvert or destroy fundamental and essential principles of the church.'" (The General Assembly of Free Churches of Scotland & Others v Overtoun Others (1904) AC 515 op 719).

6.8 ’n Liggaam is ook nie bevoeg om ’n oënskynlike bevoegdheid te gebrulk ten einde ’n doelstelling te bereik wat uit die aard daarvan nie geoorloof is of bedoel was in die konstitusie nie, en so ’n handellng om ’n ongeoorloofde gevolg te berelk is dan ook ultra vires. Sou die doel dan wees om die Kerkorde van die NGKA te wysig sodat die NGKA met ’n ander kerk verenig deur te ontbind en op te gaan in iets nuuts of byvoorbeeld ’n belydenis verander word ten einde so ’n vereniging te akkommodeer, word die klaarblyklike oogmerke van die Kerkorde as sodanig nie vanweë ’n eie behoefte daaraan gedien nie, maar is die doel bloot die vereniging met ’n ander kerk; so ’n optrede sou as ultra vires aangemerk kon word:

> *"It seems to me that the principle is of far more general application, and that private persons or corporations could certainly not be in a better position. To pretend to use a power for the purpose for which alone it was given, yet in fact to use it for another, is an abuse of that power and amounts to mala fides ...*
>
> *It is contended that the cases to which I have referred above were all cases where a discretion is vested in a public body. That may be so, but only in this sense, that the public body was given the discretion whether or not to use a power entrusted to it for a particular purpose. Here, too, the appellants had a discretion whether not to use the power of seizure; but they could not rightly use that power for any purpose other than that for which it was given ...*
>
> *But what I deem to be of far more importance is that the decisions to which I have referred are in accord with the fundamental provisions of our own law. For to profess to make use of a power which has been given by statute for one purpose only, while in fact using for a different purpose, is to act in fraudem legis, construing that term in a more restricted manner adopted by the majority of*

this Court in the case of Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council 1920 AD 530..."

Van Eck NO and Van Rensburg NO v Etna Stores
1947(2)SA 984(A) op 997-998.

6.9 Dit moet ook in gedagte gehou word dat die bepaling in die grondwet van 'n vereniging, soos in die geval van die Kerkorde of reglement van die NGKA, waarvolgens voorsiening gemaak word vir die wysiging van die konstitusle, kan in sigself ook gewysig word op die voorgeskrewe wyse en in nakoming van die voorgeskrewe prosedure.

Josephson v The Committee of the Witwatersrand
Hebrew Benevolent Association 1945 WPA 101.

6.10 Dit wil gevolglik voorkom asof die Kerkorde nie net gewysig kan word ooreenkomstIg die prosedure in die Kerkorde self bepaal nie, maar moet 'n wysiging wat oënskynlik volgens geldige prosedure aangebring sou wees, steeds nie nadelig vir die kerkgenootskap as sodanig wees nie en moet sodanige wysiging wees vir doeleindes wat uit behoefte ontstaan en noodsaaklik vir die werking van die kerk wees, anders is dit ultra vires en ongeldig.

7.

7.1 Dit bring my by die toepassing van bovermelde regsbeginsels op die betrokke omstandighede rakende konsultant. In 1987 het die Algemene Sinode by besluit 14.5 dit opgedra aan die Studiekommissie vir Skrif en Belydenis om ondersoek in te stel na:

(a) die wenslikheld vir die aanvaarding van die Belharbelydenis van die NGSK deur die NGKA;

(b) In watter mate die aanvaarding van hierdie belydenis deur die NGKA die eenwording van die famille van die NG Kerke kan bevorder of vertraag; en

(c) om die verteenwoordigers van die Federale Raad in die reses oor hulle bevindinge in te lig en die volgende sinode met 'n voorstel hieroor te dien.

Agenda van Buitengewone Sinodesitting van die NGKA (Oktober 1990) 282 (Addendum 8) par 1.1.

7.2 Die finale aanbeveling van die betrokke studiekommissie was dat dit nie wenslik was dat die Belharbelydenis op daardie stadium (1990) as 'n vierde belydenisskrif van die NGKA aanvaar word nie, en is verder aanbeveel dat die Algemene Sinode die Belydenis van Belhar na die streeksinodes verwys met die versoek om hulle op hulle eerskomende vergaderings vir of teen die aanvaarding van die belydenis deur die NGKA uit te spreek met rapport aan die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode.

Agenda van Buitengewone Sinodesitting van die NGKA (Oktober 1990) 288 (Addendum 8) par 4.

7.3 Die probleme by die buitengewone sinodevergadering van Oktober 1990 was ook dat Artikel 36.1 van die Kerkorde nie 'n eenvoudige invoering van die Belharbelydenis as 'n vierde belydenisskrif voorsien het nie. Artikels 36.1 en 36.2 van die Kerkorde bepaal soos volg:

"36.1 Die wysiging van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid en nadat elke streeksinode afsonderlik met 'n twee-derde meerderheld ten gunste daarvan besluit het, en nadat alle kerke van Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

36.2 Met uitsondering van die belydenis (Artikel 1) mag die Algemene Sinode die kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem."

7.4 Hierdle betrokke formulering het 'n duidelike agtergrond. By die eerste Algemene Sinode van die NGKA in 1963 het die ou artikel 43(a) 'n soortgelyke bepaling gehad, behalwe dat die goedkeuring van die Algemene Sinode van die NG Kerk nodig was vir 'n verandering in die

belydenisskrifte. Artikel 43(b) van die aanvanklike Kerkorde het destyds soos volg bepaal:

"*Die algemene sinode mag, met uitsondering van punt (a), die kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem".*

7.5 Die implikasie van hierdie bewoording is heeltemal duidelik, naamlik dat die res van die Kerkorde geamendeer kon word met 'n twee-derde meerderheid van die lede van die Algemene Sinode, maar nie Artikel 43(a) wat die voorskrif oor die wysiging van die belydenisskrifte bevat nie. So 'n wysiging van die belydenisskrifte kan geskied alleen met die twee-derde meerderhede van elk van die streeksinodes ook ingesluit, en is daar uitdruklik nie 'n magtiging aan die Algemene Sinode verleen om die inhoud van die beskermende bepaling ten opsigte van die belydenisskrifte op sigself te kan wysig nie.

7.6 In 1967 het die Algemene Sinode van die NGKA 'n hersiening van die ou Artikel 43 oorweeg en is dit herformuleer in 'n Artikel 40, vir die wysiging van die belydenis slegs raadpleging met die Algemene Sinode van die NG Kerk nodig was. Vir die eerste keer verskyn die bewoording "met uitsondering van die belydenis (Artikel 1)" as die inleidende gedeelte van die algemene magtiging tot wysiging van die Kerkorde". Hierdie bewoording is dan voortgedra in die huidige Kerkorde soos hierbo aangehaal ten opsigte van die huidige Artikel 36.2.

7.7 Die Kerkorde van die NG Kerk self bevat soortgelyke bepalings, hierdie keer onderskeidelik as Artikels 44.1 en 44.2 van die Kerkorde van die NG Kerk. Artikel 44.2 bevat die woorde:

"... met uitsondering van Artikel 44.1...",

wat duidelik aandui dat die twee-derde meerderheidsbevoegdheid van die Algemene Sinode om die Kerkorde te wysig, nie betrekking kan hê op 'n wysising van Artikel 44.1 (wat handel oor die belydenisskrifte) nie sodat

Artikel 44.1 uitdruklik beskermd is. Dit is ook in lyn dan met die beslissings in

Harris v Minister of the Interior 1952(2)SA 428(A)
en Minister of Interior v Harris 1952(4)SA 769(A).

7.8 Ongelukkig is die duideliker bewoording van die NG Kerk se Kerkorde nie ook so te vind in dié van die NGKA nie. Dit mag wel geargumenteer word dat die bedoeling van Artikel 36.2 tog sou wees om juis nie 'n ingrepe deur die Algemene Sinode in die belydenis van die kerk toe te laat nie, veral gesien in die lig daarvan dat dit in 1959 met die stigting van die NGKA uitdruklik gestel was dat as grondbeginsel die Algemene Sinode -

"...slegs beperkte wetgewende mag sal besit en nooit vir homself magte mag toeëien wat nie spesifiek deur die S.S.'s (dit is die Streeksinodes) aan hom oorgedra is nie."

Handelinge van die OVS Sinode (1959) 254 par II(b)

7.9 Dit sou geargumenteer kon word dat Artikel 36.2 uitgelê moet word binne die algemene strekwydte van die Kerkorde as 'n konstitusie van die genootskap: Die belydenisskrifte is die grondslag van die samebindende krag van die lede (dit is lidmate, gemeentes, ringe en streeksinodes) en sou 'n aantasting daarvan klaarblyklik slegs met meerderheidsinstemming van elke streeksinode effektiewelik kon plaasvind. So gesien sou dit beteken dat die inleidende gedeelte van Artikel 36.2 eintlik bedoel dat 36.1 as sodanig verskans is en dat 'n wysiging van Artikel 36.1 as sodanig nie toelaatbaar kan wees indien die doel daarvan sou wees om aan die belydenis te verander buite-om die twee-derde meerderhede van elk van die streeksinodes nie. So 'n uitleg sou myns insiens in ooreenstemming wees met die standpunt van ons howe dat 'n wysiging, selfs al sou dit klaarblyklik prosedureel gemagtigd wees, nie geduld word waar dit 'n fundamentele doelstelling van die kerk sou verydel nie.

7.10 By die Algemene Sinode van 1991 ontwikkel die proses toe vinnig: Die Algemene Sinodale Kommissie se aanbeveling in sy verslag tot skrapping

van Artikel 36.1 en die vervanging daarvan met die volgende woorde, word aanvaar:

"*Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die Kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid deur die Algemene Sinode.*

Enige besware van lidmate, ring of streeksinodes teen sodanige wysiglngs of uitbreidings mag by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging."

7.11 Artikel 36.2 van die Kerkorde word ook soos volg gewysig:

"Die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheid."

7.12 Die sinode besluit toe "eenparig sonder teenstem" om by Artikel 1.1 van die Kerkorde van die NGKA die Belharbelydenis soos vasgestel deur die sinode van die NGSK in 1986 by te voeg.

Onderskeidelik besluite 1.1.23, 1.1.25 en
1.1.22 van die Algemene Sinode (1991) 392

7.13 My instruksies is dat anders as wat die voorskrifte in Artikel 2.4 van die Reglement van Orde van die NGKA bepaal, die aangeleentheid van die wysiging van Artikel 36 (en so ook die invoeging van Artikel 61 ter ontbinding van die NGKA) nooit na die permanente regskommissie van die kerk verwys is nie.

7.14 Dit is verder ook my instruksies dat die voormelde 1987-besluit rakende die verslag oor die ondersoek van die betrokke Studiekommissie vir Skrif en Belydenis (rakende die Belharbelydenis se invoering) ook nooit ter tafel geneem is nie.

7.15 Daar bestaan ook twyfel of die aanvaarding van die wysigings van Artikel 36 in 1991 deur 'n bevoegde vergadering gedoen is. Die Algemene Sinode word saamgestel uit vier lede uit elke streeksinode en een leraar

en een ouderling of evangelis of diaken vanuit elke ring binne die gebied van die samestellende streeksinodes. Verder is daar ook persone teenwoordig in adviserende hoedanigheid wat aangewys is in oorleg met die moderatuur.

Onderskeidelik Artikels 32.1 en 32.2 van die
Hersiene Kerkorde van die NGKA

7.16 My instruksles is dat die betrokke vergadering wat die wysiging van Artikel 36 goedgekeur het, nie gekontroleer was vir die voldoening van die kworum-vereistes nie en dat al die teenwoordiges, insluitende die persone in adviserende hoedanigheid, deelgeneem het aan die mondelingse "Ja"-uitroepbevestiging. By ontstentenis van enige bepaalde getuienis dat daar inderdaad nie 'n kworum van afgevaardigdes was nie gekoppel aan die beginsel by daardie soort vergaderings, volgens my instruksies, waarvolgens teëspraak homself moet meld, sal die stemming met betrekking tot die goedkeuring van die wysiging van Artikels 36.1 en 36.2 van die Kerkorde moeilik aangeveg kan word.

7.17 'n Ander aspek wat natuurlik vermelding verdien met betrekking tot die wysiging van Artikel 36 van die Kerkorde asook die besluite (waarna hieronder verwys word) betreffende die eenwording, is die besluit wat in 1971 deur die Algemene Sinode van die NGKA geneem is:

> *"Permanente kommissies van die Algemene Sinode moet noue kontak met die ooreenstemmende kommissies van die streeksinodes en ringe handhaaf.*
>
> *Groot beginselsake behoort vroegtydig voor die kerk in breë verband vir bestudering en kommentaar voorgelê te word, voordat dit vir beslissing aan die Algemene Sinode voorgelê word.*
>
> *Sake wat die kerk raak, behoort die hele kerk aan te gryp en nie slegs die lede wat na 'n algemene sinode afgevaardig is nie."*

Handelinge van die Algemene Sinode van
die NGKA (1971) 331 punt 14.12

7.18 Die oogmerk van hierdie laasvermelde besluit is om groot beginselsake vroegtydig voor die kerk in breë verband vir bestudering en kommentaar voor te lê voordat dit vir beslissing na die Algemene Sinode verwys word: Sake wat die kerk in geheel raak behoort inderdaad die hele kerk aan te gryp en nie slegs die afgevaardigdes na 'n Algemene Sinode nie. My instruksies is dat by minstens twee geleenthede aan hierdie 1971-besluit nougeset uitvoering gegee was: Eerstens was die besluit van die Federale Raad van die NG kerke oor Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis na die streeksinodes vir studie en kommentaar met verslag aan die Algemene Sinodale Kommissle verwys. Destyds is streekslnodes gevra om volgens Artikel 36 van die Kerkorde te handel.

Handelinge van die Algemene Sinode van die NGKA (1971) 333 punt 15.5.

7.19 'n Tweede voorbeeld van hou by die 1971-besluit om groot beginselsake wat die hele kerk aangryp voor die kerk in breë verband vir bestudering en kommentaar voor te lê, was om die verslag van die verteenwoordigers van die NGKA op die konsultasie van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke gehou te Pretoria gedurende Maart 1979, eers na die verskillende streeksinodes te verwys vir behandeling en verslag aan die algemene sinodale kommissie.

Handelinge van die Algemene Sinode van die NGKA (1979) 257 punt 17.18.

7.20 Indien verder in gedagte gehou word dat die nuwe gestigte VGK se konsep-kerkorde bepaal dat twee-derdes van die gemeentes moet toestem tot die verandering van die belydenisskrifte (aldus my instruksies) bevestig die hele voorgaande ontwikkeling minstens drie klaarblyklike gevolgtrekkings:

(a) die voorgeskrewe en selfopgelegde prosedures ter wysiging van die belydenisskrifte, ook insoverre dit 'n groot beginselsaak is, is nie nagekom nie;

(b) die effek van die wysiging is om 'n fundamentele verandering in die grondslag van die kerk in te voer; en

(c) die wysiging is gedoen deur die oënskynlike uitoefening van 'n bevoegdheid maar met 'n doel om iets te bereik (eenwording) wat nie deur die Kerkorde as sodanig voorsien was nie.

7.21 Dit wil my gevolglik voorkom asof konsultant 'n goeie saak sal kan uitmaak dat die wysiging van Artikel 36.1 van die Kerkorde en die invoeging van die Belharbelydenis ultra vires was.

8.

8.1 Die tweede kategorie van vrae gerig deur konsultant spruit voort uit die ketting van besluite wat eenwording of vereniging van die NGKA en die NGSK tot die VGK voorafgegaan het. Insoverre daar nie-nakoming aan die 1971-beleidsbesluit asook nie-voorlegging aan die permanente regskommissie soos bedoel in Artikel 2.4 van die Reglement van Orde geskied het nie, word konsultant na die uiteensetting hierbo verwys en geld dit wat daaroor opgemerk is ook hier.

8.2 Die Kerkorde van die NGKA het geen bepaling bevat oor die moontlikheid van ontbinding of kerkvereniging nie. Eers in 1991 is 'n nuwe Artikel 61 ingevoer, wat soos volg lui:

> *"Wanneer die NG Kerk in Afrika sou besluit om met 'n ander kerk (of kerke) te verenig, moet die besluit deur twee-derdes van die Algemene Sinode sowel as twee-derdes van die streeksinodes wat ook met 'n twee-derde meerderheid daartoe besluit het, geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, word die NG Kerk in Afrika ontbind. Alle regte, voorregte, eiendomme en bates van die NGKA word daarmee oorgedra aan die Verenigde Kerk wat uit die vereniging ontstaan."*
>
> Handelinge van die Algemene Sinode van die NGKA (1991) 386 beskrywingspunt 1.

8.3 Die meer volledige voortspruitende besluit van die 1991 Algemene Sinode lui soos volg:

> *"Die NGKA mag te enige tyd met 'n twee-derde meerderheid besluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Artikel 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig, moet die besluit van die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheidstem sowel as twee-derde meerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is hou die kerk op om as NGKA te bestaan en gaan op in die nuwe kerk. Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan."*
>
> Besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (1991) 393 punt 1.1.33.

Laasgenoemde besluit is eenparig goedgekeur, aldus die gemelde notule.

8.4 Soos reeds hierbo aangedui, kan daar nie gemeneregtelik fout gevind word met die beginsel van samesmelting van twee verenigings of dan wel kerkgenootskappe wat soortgelyke uitgangspunte, doelstellings of werksaamhede het nie. Dit kan gevolglik dan selfs geargumenteer word dat deur die invoeging van die Belharbelydenisskrif as 'n bykomende belydenisskrif van die NGKA die basis vir samesmelting of eenwording nou gelê was. Sou dan vir 'n oomblik aanvaar word dat eenwording teoreties duldbaar sou wees, moet die prosedurevoorskrifte ter bereiking daarvan deur middel van die ontbinding van die NGKA en die opgaan daarvan in die nuwe VGK, prosedureel korrek geskied ten einde die jurisdiksionele feite daar te stel vir die totstandkoming en bestaan van die nuwe VGK.

8.5 In hierdie verband het die algemene sinode spesifiek besluit in 1991 om by elke streeksinode aan te beveel om voor einde November 1991 die volgende besluit te neem:

> *"Die streeksinode besluit dat wanneer die NGKA en die NGSK in SA wettiglik verenig is tot een kerk die streeksinode as regspersoon sal ophou bestaan en dra aan die Stigtingsinode van die kerk wat uit die vereniging ontstaan die bevoegdheid op om al sy bates en laste, niks uitgesonder nie, oor te dra aan die bevoegde regspersoon of regspersone, te wete die streeks- of gebiedsinode of -sinodes binne wie se gebied die gebied van die huidige streeksinode dan sal ingedeel wees."*

Besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (1991) 393 punt 1.1.35.

8.6 Die Algemene Sinode het ook in 1991 besluit om by elke streeksinode aan te beveel om aan elk van sy ringe opdrag te gee om voor einde November 1991 'n besluit te neem dat wanneer die twee kerke wettiglik verenig is en tot een kerk in ringe gekonstitueer is, die ring as regspersoon sal ophou bestaan en word dan al sy bates en laste, niks uitgesonder nie, oorgedra aan die bevoegde regspersoon of regspersone, te wete die ring of ringe binne wie se gebied die gemeentes van die ring ingedeel sal wees.

Besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (1991) 394 punt 1.1.36

8.7 By dieselfde sinode is ook besluit dat wanneer die twee kerke wettiglik verenig sou wees tot een kerk die Stigtingsinode dringend versoek word om alle gemeentes van die huidige NGKA sonder versuim daarvan in kennis te stel sodat gemeentes van die vereniging kennis kan neem, asook van die naam van die kerk waarop die Stigtingsinode besluit het, ten einde elke gemeente in staat te stel om aan alle belanghebbende partye kennis te gee van sy naamsverandering en die voortsetting van die gemeente as regspersoon met 'n nuwe identitelt.

Besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (1991) 394 punt 1.1.37.

8.8 Die voorgaande reeks besluite dui op die volgende prosedure waarop die Algemene Sinode van die NGKA self besluit het en vir homself opgelê het ten einde die pad na eenwording te loop, te wete:

(a) Twee-derde meerderheidsbeslult van die Algemene Sinode;

(b) Twee-derde meerderheid van elk van die streeksinodes;

(c) Wanneer (a) en (b) geneem is, hou die NGKA op om te bestaan en gaan al sy regte, voorregte, eiendomme, bates en laste oor aan die ooreenstemmende regspersone van die nuwe kerk;

(d) Elkeen van die streeksinodes moet voor einde November 1991 'n besluit neem dat wanneer die vereniging tot een kerk plaasvind, die streeksinode as regspersoon sal ophou om te bestaan en sy regte en verpligtinge sal oordra aan die ooreenstemmende nuwe streeksinode;

(e) Voor einde November 1991 moet elke streeksinode aan elk van sy ringe opdrag gee dat wanneer die twee kerke wettiglik verenig is tot een kerk en in ringe gekonstitueer het, die regte en verpligtinge en dies meer, oorgaan na die nuwe ringe binne die gebied.

8.9 Die neem van hierdie ketting van besluite en die uitvoering daarvan sou dan tot gevolg kon hê dat die vereniging sou kon plaasvind tot die skepping van 'n nuwe regspersoonlikheid en sou die bestaande streeksinodes en ringe per vooraf besluit kon opgaan in die nuwe streeksinodes en ringe onderskeidelik. Dit is dan die prosedure en ketting van besluite wat die 1991-Algemene Sinode homself opgelê het ter uitvoering van die ontbindingshandeling en eenwording tot die nuwe verenigde kerkgenootskap.

8.10 Op die vergadering van die OVS streeksinode van die NGKA op 1 en 2 Maart 1994, wat weer eens 'n buitengewone vergadering was in verband met die onderhawige problematiek, is daar besluit dat die Belhar-belydenis aanvaar word (maar was die besluit nie met 'n twee-derde

meerderheid geneem nie) asook dat die afgevaardigdes van die OVS sal deel wees van die stigtingsinode in April 1994 te Kaapstad. My Instruksies is dat alhoewel die buitengewone sinodesitting van 1 en 2 Maart 1994 van die OVS streeksinode in beginsel besluit het om deel te word van die nuwe verenigde kerkgenootskap, is die betrokke ontbindingsbesluite nooit geneem nie. Die besluit wat wel geneem is se Afrikaanse vertaling lui soos volg (aldus my instruksies):

> *"Die afgevaardigdes van die Sinode van die OVS mag (of moet) deel wees van die vergadering wat sal voltooi die beoogde eenheid en as daar besware is kan dit in Kaapstad op die tafel geplaas word."*
>
> Notule van die Buitengewone Vergadering van die OVS Streeksinode van die NGKA (1 en 2 Maart 1994) punt 8.5.12.

8.11 Die voorstel is goedgekeur met 84 stemme teenoor 71, dit wil sê met ’n meerderheid van 54% steun.

8.12 Op grond van die voorgaande is dit vir my duidelik dat nóg voldoen is aan die bepalings van die nuwe Artikel 61 van die Kerkorde nóg voldoen is aan die ketting van ontbindingsbesluite deur die Algemene Sinode van die NGKA in 1991 geneem. Daar was nie ’n twee-derde meerderheidstem van die OVS streeksinode vir vereniging van die twee kerke nie. Daar was ook geen besluit van die streeksinode voor November 1991 dat dit sal ophou om as regspersoon te bestaan en dat sy bates oorgedra staan te word aan die nuwe ooreenstemmende streeksinode nie. Daar was ook geen besluit van die streeksinode om op die gevraagde opdragte aan sy ringe te gee nie. Die afvaardiging wat namens die OVS streeksinode by die April 1994 “stigtingsinode” opgedaag het, het dus geen magtiging of bevoegdheid gehad om namens die OVS streeksinode deel te vorm van sodanige eenwording nie: Nie net het hulle geen so ’n opdrag gehad nie en kan so ’n opdrag nie geïmpliseer word in die feit dat hulle na ’n sogenaamde stigtingsinode afgevaardig is nie, maar is daar inderdaad nie voldoen aan die voorgeskrewe besluitnemings-ketting wat die pad sou

oopmaak vir ontbinding van die algemene sinode, streeksinodes en ringe vir opgaan in die nuwe ooreenstemmende strukture nie. Bowendien is daar eenvoudig net nie aan die bepalings van die bepalings van die nuwe artikel 61 voldoen nie.

8.13 Daar is gevolglik myns insiens regtens 'n gesonde basis om aan te voer dat

(a) die NGKA as algemene sinode nie ontbind het nie, nie sy regspersoonlikheid verloor het nie en nie opgegaan het in die VGKSA nie; en

(b) die OVS streeksinode van die NGKA nie ontbind het nie, nie sy regspersoonlikheid verloor het nie en nie opgegaan het in enige ander streeksinode van 'n nuwe verenigde kerk nie.

8.14 Trouens, in die dokument wat die agenda en handelinge van die sogenaamde stigtingsinode van die VGK van 14 April 1994 bevat, dui bladsy 39 daarvan per punt 3.18.5 soos volg aan:

> *"Die Gesprekskommissie bring dit met nadruk onder die aandag van die Sinode van die NGSK en die Algemene Sinode van die NGKA dat dit absoluut noodsaaklik is dat beide hierdie sinodes en al die streeksinodes van die NGKA asook al die ringe van die NGSK en die NGKA soos volg moet handel:*
>
> *Voordat hulle ophou om as regspersone soos tans te bestaan deur op te gaan in nuwe regspersone, moet elk die volgende amptelike besluite neem en volledig notuleer waardeur ... (bevoegdheid aan die Stigtingsinode verleen word om die regspersone tot stand te bring, hulle verklaar dat hulle ophou om as sodanig te bestaan en ook ontbind en 'n opvolgende regspersoon vir elk aangewys word)"*

8.15 Ten spyte van hierdie duidelike aanduiding van die Gesprekskommissie vir die Stigtingsinode, het die Stigtingsinode die regspersoonlikheid

"waartoe die verenigende kerke die bevoegdheid aan hom verleen het" opgeneem en verklaar die Stigtingsinode homself 'n liggaam met regspersoonlikheid. Die Stigtingsinode het voorts besluit dat -

> *"vir doeleindes van die oordrag en sessie van bates, regte en verpligtinge van die Algemene Sinode en streeksinodes, ringe en gemeentes van die NGKA ... aan die Algemene Sinode (dit is die Stigtingsinode) streeksinodes, ringe en gemeentes van die VGK volmag verleen word om namens die Algemene Sinode en streeksinodes, ringe en gemeentes van die NGKA ... alle aksies te doen en regshandelinge te volvoer ten einde effek te gee aan die sessie wat hiermee bewerkstellig word."*
>
> Besluite van die Stigtingsinode van die VGK (April 1994) 339 punt 1.20.2.

8.16 Besluit 1.11.1 van laasgenoemde vergadering behels die sessie deur die sinode van die NGSK, elke streeksinode, ring en gemeente daarvan aan die ooreenstemmende liggame van die nuwe verenigde kerk, van al eersgenoemde se bates, laste, regte en verpligtinge, "niks uitgesluit nie". Dit is opvallend dat 'n soortgelyke sedering en oordrag van eiendomme nie ten aansien van die NGKA besluit is nie, buiten die besluit van die Stigtingsinode dat sy ooreenstemmende liggame -

> *"... die oordrag en sessie van al die bates, laste, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie, vanaf die regspersone ... van die NGKA aanvaar en hiermee intree as die opvolger in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge, nou of in die toekoms van die gemelde sinode van die ... NGKA."*
>
> Besluite van die StigtingsInode van die VGK (April 1994) 339 punt 1.10.1.

8.17 Die eenvoudige vraag is nou of die nuwe oorkoepelende kerkvergadering deur eierigting die regspersoonlikheid en bates van die bestaande NGKA en sy streeksinodes en ringe en gemeentes deur 'n eensydige handeling kan verwerf of oorneem. Myns insiens is die antwoord voor-die-hand-

liggend in die negatief. My instruksies is dat die kerkregtelike posisie behels dat gesag en regspersoonlikheid afgelei word vanaf die gemeentelike verband na die ring, na die streeksinode en uiteindelik na die grootste vergadering, naamlik die sinode.

Vgl Kleynhans Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die N G Kerk In SA: 1795 - 1962 (1973) 220, 226. 233 en 236

8.18 Ek was ongelukkig nie in staat om betyds vir die voorbereiding van hierdie regsmening die boek van F B Geldenuhuys **Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode onder die Gereformeerde Stelsel van Kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde NG Kerke in SA** te bekom nie. Indien dusdanige werk deur konsultant beskikbaar gestel sou kon word, sou meer spesifiek op laasvermelde punt ingegaan kan word, maar doen ek aan die hand dat dit nie noodsaaklik is vir die menings wat in hierdie opinie gevorm word nie.

8.19 Dit is myns insiens reeds uitgekristaliseer, minstens ten opsigte van kerkgenootskappe, dat die meerderheid nie die minderheid ten opsigte van ontbinding bind nie: daardie lede (of dan liggame) wat nie akkoord gaan met die ontbinding nie, bly eenvoudig lede van die oorspronklike kerkgenootskap, selfs al toon die notules geen teenstand van dusdanige agtergeblewenes nie:

> *"The majority, that is the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scope and object of the corporation or church association, for such power is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being, then the majority exceeds the limits of its auhority; it is then acting* ***ultra vires****. The General Church Assembly of the Nederduitsch Hervormde Church cannot, by its resolutions of 1882 and 1885 to unite with the Gereformeerde Church and form a new church or corporation, compell the*

members of the former church who did not wish for union, to Join in it, however desirable and praiseworthy the union may happen to be."

Aldus Kotze HR in The NH Congregation of Standerton v the NH or G Congregation of Standerton 1893 (Hertzog) ZAR 69 op 82

8.20 In dieselfde uitspraak stel Regter Morice op 86 en 87 dit soos volg:

"But although there is no mention made in the minutes of the combined Kerkeraad of any opposition, it does not therefore follow that the congregation acquiesced in what was happening. It is unfortunate that no means were adopted to make the opinions of the congregation clearly known ... It must further be borne in mind that the immovable properties are registered in the name of the congregation and not in that of the church as a whole. The only obligation on the congregation, as far as its property goes, therefore, to avoid the resolutions of the General Assembly or those of the Kerkeraad, is a moral one. In other words, the law can use no compulsion. An obstinate minority of the congregation, however small it be, may defeat the best intentions of the congregation when it comes to a question of the disposal of church property."

Vgl ook Malebjoe v Bantu Methodist Church of SA 1957(4)SA 465(W) op 467A

8.21 Dit moet ook aangedui word dat in die gedeelte van die Kerkorde wat handel met die samestelling en bevoegdhede van die Algemene Sinode van die NGKA, te wete Artikels 32 tot en met 40 daarvan, daar geen bevoegdheid aan die Algemene Sinode van die NGKA verleen is om sy eie regspersoonlikheid of die van 'n mindere vergadering te beëindig of oor te dra aan 'n ander entiteit nie.

8.22 Die bevoegdheid word wel aan 'n ring verleen in Artikel 25.4 van die Kerkorde om gemeentes te stig of te ontbind op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense. Ek beskik oor geen instruksies wat aandui dat enige sodanige versoek van kerkrade of enige

ooreenstemmende reëling deur ’n ring binne die gebied van konsultant as streeksinode gemaak of geneem is nie.

8.23 Afgesien van bovermelde wesenlike prosedurele gebreke wat tot gevolg het dat daar geen behoorlike ontbinding en/of opgaan van die NGKA se verskillende vergaderings in die van die nuwe verenigde kerk plaasgevind het nie, dien nogtans gelet te word op die konstituering van die betrokke sinode in April 1994. My instruksies is dat die afgevaardigdes en adviseurs van die NGKA na Kaapstad opgeroep is vir ’n sitting van die algemene sinode van die NGKA, en was dusdanige oproep gedoen deur die moderatuur van die NGKA. Die Reglement van Orde bepaal egter uitdruklik dat buitengewone vergaderings op besluit van die algemene sinodale kommissie opgeroep word.

Artikel 1.2 van die Reglement van Orde van die NGKA.

8.24 My instruksies is voorts dat by die aanvang van die vergadering van die algemene sinode van die NGKA in Kaapstad op 13 April 1994 die vergadering homself gekonstitueer het en dat die verkeerde saamroep van die vergadering deur die moderatuur terugwerkend krag verleen was. Die Kerkorde bepaal egter uitdruklik dat buitengewone vergaderings van die Algemene Sinode byeengeroep moet word deur die Algemene Sinodale Kommissie,

Sien Artikel 40.4 van die Kerkorde van die NGKA

en vind ek nie in die Kerkorde of in die Reglement van Orde enige bevoegdheid van die verkeerd saamgeroepte vergadering om ditself te konstitueer as ’n Algemene Sinode van die NGKA nie. Selfs ’n argument dat die vergadering dan by implikasie terugwerkend die Kerkorde gewysig het, gaan om twee redes nie op nie: Eerstens was die vergadering nie saamgeroep om die Kerkorde te wysig nie en is daar nie sprake van ’n twee-derde meerderheid wat daarvoor gevra was nie (soos bedoel in Artikel 36.2 van die Kerkorde hierbo na verwys), en sou enige wysiging van die Kerkorde nie van terugwerkende krag kan wees nie tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak was nie.

8.25 Trouens, as die Algemene Sinode hom met 'n "onreëlmatigheid" van die ASK sou vereenselwig of dit sou "kondoneer", sou dit self aan daardie onreëlmatigheid skuldig wees.

Theron v Ring van Wellington, NGSK In SA
1976(2)SA l(A) op 28A;

Vgl ook Smith v Ring van Keetmanshoop, N G Kerk SWA 1971(3)SA 353 SWA op 359E

8.26 Dit wil my gevolglik voorkom asof die besluite tot eenwording en in besonder die stigting van die VGK juridies aanvegbaar is en dat die NGKA, in besonder konsultant as streeksinode van die NGKA, nie ontbind het nie en regtens voortbestaan, bevoegd om die eiendom wat dit gehad het steeds te hou.

9.

9.1 Die derde aspek wat per die begeleidende skrywe van my opdraggewende prokureur gedateer 31 Augustus 1995 aan my deurgestuur is, behels die vraag of deur middel van 'n hofbevel die byeenroeping van 'n OVS-sinode van die VGKA verhoed kan word. Dit is weliswaar so dat dit in stryd sou wees met die gereformeerde kerkreg, aldus my instruksies, dat een sinode 'n kommissie vir 'n ander sinode aanwys. Die stigtingsinode se agenda bepaal dat voorsien word dat daar 'n dagbestuur sal wees wat namens die kerk in onderhandelinge met 'n gebiedsinode, wat die uitoefening van sy toesig versuim, sal tree ten einde die belange en welsyn van die kerk as geheel en die partikuliere gemeente in die besonder te verseker.

Agenda van die Stigtingsinode van die VGKSA (1994) 112 punt 1.2.2.7

9.2 Dit is opvallend dat die gesamentlike regskommissie aangedui het dat die kerkordes, bepalings en reglemente van die NGKA en die NGSK van krag bly vir sover dit nie deur besluite van die stigtingsinode of 'n meerdere vergadering van die VGKSA vervang is nie of in botsing is met besluite van die genoemde meerdere vergaderings nie.

Agenda Stigtingsinode van die VGKSA (1994) 100 punt 2.3.2

9.3 Dit wil dus gevolglik voorkom asof die dagbestuur van die VGKSA nie die bevoegdheid besit om ’n kommissie te benoem om ’n sinode van die VGKSA-OVS byeen te roep nie, en is dusdanige besluit van die dagbestuur ook strydig met die spesifieke besluit van die stigtingsinode, naamlik dat die afgevaardigdes na die stigtingsinode van die VGK benoem word as die Ordekommissie wat die eerste vergadering van die gebiedsinode byeenroep ooreenkomstig die bepalings wat ten opsigte van die vorige streeksinode van die NGKA gegeld het. Hierdie besluit verskyn, aldus my instruksies, by die afdeling oor die besluite van die stigtingsinode van die VGKSA (1994) 364 Artikel 26.1. My opdrag is egter dat daar in die notule van die stigtingsinode so ’n besluit nie staan nie.

9.4 Hierdie impasse kan klaarblyklik daaraan toegeskryf word dat ds Bührmann en die ander lede van die veronderstelde Ordekommissie van die VGK vir die Vrystaat nie gereageer het op die uitnodings tot die byeenroeping van ’n Vrystaat sinode van die VGK nie. Diesulkes se optrede is uiteraard geregverdigd, in die lig van die voorgaande uiteensetting. Die vraag is dan bloot of die VGKSA sy eie sinode kan saamroep op welke wyse ookal.

9.5 Uiteraard is daar in ons reg niks wat enige groep mense en selfs groep gemeentes verbied om hulleself te vorm in ’n nuwe kerkgenootskap nie. Sou die VGKSA dus belangstel om in die Vrystaat ’n sinode tot stand te bring, kan alle meelopende gemeentes sekerlik daarby aansluit. Sulke gemeentes moet egter onthou dat sou daar maar enkele lede van die gemeentes oorbly as lidmate van die NGKA, sal die betrokke NGKA-gemeentes met hulle vaste eiendom en ander bates steeds bly voortbestaan ooreenkomstig die regsbeginsels wat hierbo uiteengesit is. Diegene wat dan onder daardie omstandighede inskakel by die VGKSA, kom onder ’n nuwe sambreel tot stand buite-om die voortbestaande NGKA.

9.6 Indien die vergadering wat beoog word vir 22 November 1995 onder die vaandel van die VGKSA voorgee om die NGKA van die OVS te verteenwoordig of te vervang of aanspraak maak op sy bates of die bates of regspersoonlikheid van sy ringe of gemeentes, sou eers moontlik aangevoer kon word dat daar 'n toedrag van sake beoog word

> *"Which may be prejudicial to the complainant, by methods which are contrary to its own constitution, and to the ordinary principles of Justice".*

Eers in so 'n geval sou die hof kon ingryp, dit wil sê alvorens daar 'n werklike skending van regte plaasgevind het, mits daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n beslissing geneem mag word wat konsultant mag benadeel. Konsultant sou dan eers 'n burgerlike reg hê wat die hof jurisdiksie verleen om in te gryp.

De Vos v Die Ringskommissie van die NG Kerk Bloemfontein 1952(2)SA 83(0) op 102B-D.

9.7 Die blote oortreding van die reëls of verordening van 'n onderlinge vereniging soos die VGKSA, is nie genoegsaam om te regverdig dat die hof ingryp nie. Verdere vereistes is nodig: die persoon wat beweer verontreg te wees moet bewys dat hy daardeur benadeel is en dat hy 'n burgerlike reg of belang het wat deur die oortreding geskend word en wat die beskerming van die hof verlang.

De Vos v Die Ringskommissie van die NG Kerk Bloemfontein 1952(2)SA 83(0) op 101A-B;

Vgl ook Notaung v Nothiba NO 1975(1)SA 618(0) op 627G en 628C;

Vgl ook 1 LAWSA 300-301 par 522

9.8 'n Minderheid, selfs 'n klein minderheid, wat beswaard is oor 'n toedrag van sake en wat ressorteer binne die kwalifikasies vir locus standi hierbo uiteengesit, kan om 'n interdik aansoek doen.

Vgl Mouw v Imanu-Shalom Congregation 1994(2)SA 240(W) op 244D

9.9 Hierdie is die verste wat ek op grond van die inligting beskikbaar hierdie aangeleentheid vir konsultant kan voer. Dit wil my voorkom asof die

plaasvind van die 22 November 1995 Vrystaat-vergadering gekeer kan word indien konsultant een of ander vorm van benadeling kan aantoon, oor welke laasgenoemde aspek waarskynlik 'n verdere konsultasie met konsultasie dringend benodig word.

10.

GEVOLGTREKKING

10.1 Die vooropstelling is ek na aanleiding van die reeks vrae deur konsultant gevra en in my opdrag bewoord, soos volg van mening en verskaf ek dan die resultaat daarop dienooreenkomstig:

(a) Ad vraag 1:
Die antwoord is positief.

(b) Ad vraag 2:
Dit was nie wettig nie.

(c) Ad vraag 3:
Die NGKA kan voortbestaan en sy eiendom behou.

(d) Ad vraag 4:
Dit skyn nie wettiglik aangeneem te wees nie.

(e) Ad vraag 5:
Dit was klaarblyklik nie wettig nie.

(f) Ad vraag 6:
Al sou die besluitnemingsprosedure van konsultant aangeveg kon word, is dit in die lig van die uiteensetting elders nie werklik tersake vir die gevolgtrekkings hierin gemaak nie.

(g) Ad vraag 7:
Van elke gemeente waarvan lidmate van NGKA oorgebly het, en wat gevolglik as 'n NGKA-gemeente juridies bly voortbestaan, moet 'n afvaardiging ooreenkomstig die toepaslike kerkordebepalings teenwoordig wees. Word geen sodanige persone verkry nie en daag daar geen lede van sodanige gemeente op nie, kan aanvaar word dat die gemeente in geheel afgeskei het (slegs indien daar geen minderheidsgroep oor is wat die NGKA-gemeente kan voortsit nie). So 'n vergadering sou myns insiens wettiglik kon konstitueer.

10.2 Ten einde die voorgenome vergadering van die VGKSA in die OVS, geskeduleer vir 22 November 1995, te verhoed, sou eerstens seker

gemaak moet word dat die applikant daaromtrent die nodige locus standi het. Verdere konsultasie oor laasgenoemde aspek sal waarskynlik nodig wees.

11.

Ek adviseer dienooreenkomstig.

W H OLIVIER

Kamers
Bloemfontein
18 September 1995

Bylae J tot Hoofstuk 3

REGSMENING

IN RE:

EENWORDING TUSSEN DIE NG KERK IN AERIKA EN DIE NG SENDINGKERK

Aan:

Mnr JC Pretorius
Naudes
BLOEMFONTEIN

Voorberei deur:

Adv. AS Jacobs
12 April 1994

1.

AGTERGROND:

1.1 Dit is reeds geruime tyd die begeerte van die NG Kerk in Afrika om eenheid tussen die familie van die NG Kerke daar te stel.

1.2 In 1983 is die volgende besluit geneem:

"Ten einde hierdie standpunt binne die NG Kerkfamilie in the praktyk te verwesenlik, kies die kerk die reg van onderhandeling en rig hom tot al drie die ander lidkerke (NG Sendingkerk in SA, die NG Kerk en die Reformed Church in Africa). Hy verbind hom om nie met een van die kerke, sonder die ander, op die weg na kerklike eenheid te beweeg nie. Indien die voorafgaande nie uitvoerbaar blyk te wees nie, sal dit die kerk vrystaan om na bevind van sake te handel."

1.3 By die Sinode van 1987 is hierdie besluit herbevestig, maar is daar verder gegaan en is die gesindheid waarom dit gaan as beginsel aanvaar.

1.4 Die Sinode van 1987 het die besluit, soos uiteengesit in paragraaf 1.2 herbevestig.

1.5 Na slegs een jaar besluit die Moderatuur dat dit nie moontlik is om met al drie susterkerke een te word nie. Die besluit is geneem sonder dat die Sinode besluit het dat ’n ander pad gekies moet word.

1.6 In hierdie besluite van die Sinode van 1983 en 1987 is bevestig dat die kerk onderhandel deur sy Moderatuur met verslag aan die ASK en die Sinode.

1.7 Die Moderatuur het in gesprek gegaan met die NG Sendingkerk alleen. Op daardie stadium is ’n Gesprekskommissie saamgestel en verskeie ander kommissies.

1.8 Die bestaande permanente kommissie was nie in die saak geken nie.

1.9 Die Gesprekskommissie het besluit dat die eenheid van die twee kerke sou plaasvind in Oktober 1990.

1.10 Die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika het egter besluit dat daar nie net met een kerk verenig kan word nie.

1.11 In Oktober 1990 was ’n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika gehou om ’n kerk saam met die NG Sendingkerk te stig. Dit het egter nie plaasgevind nie aangesien die NG Sendingkerk ’n Vierde Belydenis het, naamlik die Belharbelydenis, welke belydenis die NG Kerk van Afrika nie het nie.

1.12 Artikel 36.1 van die Kerkorde van die NG Kerk van Afrika het die Algemene Sinode verhinder om die Belharbelydenis te aanvaar sonder die goedkeuring van die streeksinodes. Dit is ’n vereiste dat die belydenis eers deur 'n twee-derde meerderheid van elke streeksinode aanvaar word.

1.13 Gedurende Oktober 1990 is daar gepoog om die artikel te skrap, maar wat onsuksesvol was.

1.14 Gedurende Julie 1991 het die Sinode die artikel herroep. Artikel 36 is daarna gewysig.

1.15 Na die wysiging van Artikel 36 is die Belharbelydenis aanvaar.

1.16 Groot ontevredenheid het geheers by die streeksinodes. Die Vrystaatse Streeksinode het voor die sitting van die Algemene Sinode in 1991 twee buitengewone vergaderings belê om die saak te bespreek.

1.17 Die Streeksinode van die OVS en Phororo het regsadvies ingewin. Dit het hoofsaaklik gesentreer om:

1.17.1 Wat sal gebeur indien 'n gemeente sou weier om saam te gaan met die eenwording en homself verklaar as NG Kerk in Afrika, en

1.17.2 Aan wie sou die eiendom toeval.

1.18 As gevolg van bogemelde probleme het die Algemene Sinode 'n sogenaamde ontbindingsartikel in die Kerkorde opgeneem.

1.19 Op 14 tot 17 April 1994 is daar 'n Algemene Sinode belê om die eenwording finaal af te handel.

1.20 Tans heers groot ontevredenheid. Die gevoel is dat daar druk toegepas is om die eenheid te bewerkstellig en dat geen gehoor gegee is aan enige versoeke nie.

1.21 Inligting word nou versoek om skeuring te verhoed.

2.

2.1 By my brevet is die volgende dokumente ingesluit:

(a) Agenda en handelinge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika gehou te Umtata, Transkei, op Woensdag 10 Junie 1987 en volgende dae.

(b) Agenda en handelinge van die agtste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika gehou te Pretoria op Dinsdag 9 Julie 1991 en volgende dae.

(c) Kerkorde en bepalinge vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika – Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1993.

(d) Regsmening: In re Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, deur adv. L. Wepener gedateer 20 Augustus 1991.

(e) Skrywe: Voorgestelde Kerkeenheid: De Klerk & Van Gent, prokureurs, gedateer 10 Junie 1993.

3.

OPDRAG:

My opdrag is om konsultant te adviseer met betrekking tot:

3.1 Om kerkskeuring te verhoed.

3.2 Of die verandering van Artikel 36 van die Kerkorde nietig verklaar kan word op grond van die feit dat daar bymotiewe was.

3.3 Prosedurevrae aangaande:

3.3.1 Kan daar gevra word vir die tersydestelling van die besluit om kerkeenwording omdat sekere besluite nie uitgevoer is nie?

3.3.2 Kan die verandering van die belydenis tersyde gestel word omdat die hele kerk nie geraadpleeg is nie? (Die Belharbelydenis is nie aan al die gemeentes gestuur nie).

3.3.3 Kan die aanvaarding van die Belharbelydenis tersyde gestel word omdat die lidkerke van die Federale Raad van NG Kerke nie geraadpleeg is nie?

3.3.4 Die nuwe Kerkorde is ook nie na die Regskommissie verwys soos wat vereis word nie.

3.3.5 Ander sake rakende die eenwording is ook nie na die onderskeie permanente kommissies verwys nie. Hoe beïnvloed dit die aangeleentheid?

3.3.6 Was die prosedure wat gevolg is korrek of kan 'n gemeente op grond van foute in die prosedure aanspraak maak dat hy die NG Kerk in Afrika is en dat alle sake van die NG Kerk in Afrika hom toeval?

3.3.7 Daar is besluit dat al vier kerke gelyktydig een moet word, maar is die besluit nie uitgevoer nie. Hoe beïnvloed dit die posisie?

3.4 Kan eenwording gestuit word omdat prosedures nie nagekom is nie?

3.5 Is die ontbindingsartikel bindend aangesien dit bloot aanvaar is om te voorkom dat 'n gemeente of ring of streeksinode kan sê dat hulle regspersone is en bly voortbestaan en dat die basis van die NG Kerk in Afrika dus in hulle bly setel.

3.6 Is die invoeging van die ontbindingsartikel genoegsaam om te voorkom dat 'n gemeente, wat die eintlike regspersoon is, bly voortbestaan?

3.7 Wat is die regsposisie indien kerklike liggame met regspersoonlikheid (sinode, ring en gemeente) nie die ontbindingsbesluite geneem het nie?

3.8 Kan die Algemene Sinode 'n besluit neem oor die voorgestelde regspersoonlikheid van 'n gemeente?

3.9 Is daar enige manier waarop die eenwording op 14 tot 17 April 1994 deur enige lidmaat of gemeente of ring gestuit kan word?

3.10 Is dit vir 'n gemeente nog moontlik om voort te bestaan as NG Kerk in Afrika met behoud van al sy eiendom?

4.

BESPREKING:

4.1 Artikel 36 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika was voor die wysiging as volg bewoord:

“36.1 Die wysiging van die belydenis van die Kerk kan alleen geskied met twee-derde meerderheid en nadat elke streeksinode afsonderlik, met ’n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het, en nadat alle kerke van Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

36.2 Met uitsondering van die belydenis (Artikel 1) mag die Algemene Sinode die Kerkorde wysig of aanvul met ’n twee-derde meerderheidstem.

36.3.1 Alleen sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen streeksinodes onderling of tussen streeksinodes en ringe of kerkrade, kan by wyse van hoër beroep voor die Algemene Sinode dien.

36.3.2 In gevalle van leertug en geskille word ’n twee-derde meerderheidstem, vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis.”

4.2 Na die wysiging in 1991 lui die artikel as volg:

“36.1 Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die Kerk kan alleen geskied met ’n twee-derde meerderheid deur die Algemene Sinode. Enige beswaar van lidmate, ring of streeksinodes teen sodanige wysigings of uitbreidings mag by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en -memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging.

36.2 Die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheid.

36.2.1 Alleen sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen streeksinodes en ringe of kerkrade, kan by wyse van hoër beroep voor die Algemene Sinode dien.

36.2.2 In gevalle van leertug en geskille word 'n twee-derde meerderheid vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis."

4.3 Artikel 11 van die konsep-kerkorde bepaal dat die belydenis van die kerk alleen kan verander op voorwaarde dat twee-derde van alle gemeentes ten gunste daarvan besluit. Die artikel bepaal ook verder dat die kerkorde alleen kan verander of aangevul word op voorwaarde dat twee-derdes van die gebiedsinodes die verandering goedgekeur het en die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat ons hier met 'n konsep-kerkorde te doen het nie. Dit is slegs ten opsigte van hierdie Artikel 11.

4.4.1 Alhoewel die inleiding tot die Kerkorde verwys na die verskillende magte synde die leermag, regeermag en tugmag, is alleenlik die regeermag van belang vir hierdie mening.

4.4.2 Die regeermag omvat die ampsdraers van die kerk en sluit in:

(a) die kerkraad;
(b) ring;
(c) streeksinodes; en
(d) Algemene Sinode.

4.4.3 Die regeermag oefen sy bevoegdhede uit na aanleiding van:

(a) Die Kerkorde;
(b) Die Woord van God; en
(c) Die belydenisskrifte van die kerk.

4.5.1 Soos reeds gemeld in paragraaf 4.1 kan 'n wysiging van die belydenis van die kerk alleen geskied met 'n twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode en nadat elke streeksinode afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het, en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

4.5.2 Dit moet gemeld word dat die Algemene Sinode nie gemeld word in artikel 36.1 soos hy was nie, maar aangesien Artikel 36.1 onder die opskrif, *"Die Algemene Sinode"* voorkom, kan dit by implikasie ingelees word.

4.5.3 Volgens BAMFORD, "THE LAW OF PARTNERSHIP AND VOLUNTARY ASSOCIATION IN SOUTH AFRICA, 3rd Edit.", p. 135, word die volgende gesê:

> *"Even where an express or implied power of amendment exists, there are restrictions on its exercise. First, the amendment must be passed according to the procedures laid down by the constitution;*
>
> *(Sien SWANEPOEL v OVS NGK 1949 (4) SA 964 (0) op 973)*
>
> *where a rule in the constitution provides for the amendment of the constitution, the rule can itself be altered in the manner provided for in the rule.*
>
> *(Sien JOSEPHSON v THE COMMITTEE OF THE WITWATERSRAND HEBREW BENEVOLENT ASSOCIATION, 1945 WLD 101).*
>
> *Second, it must not be contrary to good morals;*
>
> *(Sien SWANEPOEL v OVS NGK, reeds aangehaal).*
>
> *Third, it must not be obviously detrimental to the association, the test in this regard having been adopted from Company Law.*
>
> *'1. ... the court is ... entitled to treat the conduct of shareholders as it does the verdict of a jury, and to say that the alteration of a company's articles shall not stand if it is such that no reasonable men could consider it for the benefit of the company.'*
>
> *(Sien FAIRHAM v CAPE TOWN MUTUAL AID FUND, 1949 (1) SA 919 (C) op 930)*
>
> *This, to a limited extent, protects a minority from oppression.*
>
> *(Sien MERRIFIELD ZIEGLER & CO v LIVERPOOL COTTON ASSOCIATION LTD. (1911) 105 LT 97.)*
>
> *Finally, the courts may in certain circumstances be prepared to hold invalid an amendment which purports to alter the fundamental object of the association if it were passed by the mere constitutional majority and not with the consent of all members. The principles on*

which the courts have approached this question are by no means settled, but the cases reveal the following:

(a) The concept that the 'fundamental object' should not be altered connotes that the purported amendment must not go to the foundation of the association nor be imcompatible with its fundamental object.

(b) The fundamental object will normally be affected by an amendment which alters the very nature of the contract of association, or which imposes upon members a change in the financial structure of the association - for example, by way of an extraordinary capital contribution as opposed to a normal increase in subscription.

(c) In the case of a religious body, the courts have held that a fundamental object is altered when some such drastic step is taken as merging the association with another body or changing essential dogma or doctrine:

'The majority that is the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scope and object of the corporadon or church association, for such power is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution, to unite it with another association, and so to bring another and new corporation into being, then the majority exceeds the limits of its authority; it is then acting uftra vires.'

(Sien N H CONGREGATION OF STANDERTON v N H OF G CONGREGATION OF STANDERTON, 1895 SAR 69 op 82)

'... the General Assembly possesses some power of alteration with reference to doctrine, worship, discipline and government, but such powers do not ... include a power to subvert or destroy fundamental and essential principles of the church.'

(Sien WYLDE v ATT- GEN FOR NSW (1949) 78 CLR 256, waar die volgende gesê word:

'There are many who have the strongest objection in matters of doctrine and also in matters of ritual to changing with the times.')"

4.5.4.1 Die wysiging moet dus gedoen word in ooreenstemming met die prosedures neergelê.

4.5.4.2 Die wysiging moet nie teenstrydig wees met die goeie orde nie.

4.5.4.3 Die wysiging moet ook nie nadelig wees vir die kerk nie.

4.5.4.4 Ten laaste moet die wysiging nie daarop gerig wees om die fundamentele objek van die kerk te verander nie.

4.6 Indien die prosedures nie nagekom is nie, sal sodanige wysiging as ultra vires beskou kan word.

4.7 Dit is ook verder duidelik dat waar 'n kerk betrokke is en die wysiging gedoen is met die oog op samestelling of om die dogma te verander, dan is sodanige wysiging ultra vires.

Sien: WILKEN v BREBNER AND OTHERS, 1935 (A) 175

4.8 Die vraag ontstaan dadelik wat is die remedies indien sodanige wysigings en veranderings as ultra vires aangemerk kan word.

BAMFORD, reeds aangehaal, p. 138, sê as volg:

"Normally, he would be entitled to an interdict or to damages for breach of contract. It is open, however, whether these remedies are available where the purported amendment does not affect any economic right or privilege of the member and does not in any way impair the property of the association. "

Sien ook:

1. WILKEN v BREBNER AND OTHERS, reeds aangehaal op p. 186
2. NOORDIEN v MOSLEM CEMETRY BOARD, 1965 (4) SA 174 (C)

"The constitution cannot exclude courts of law from examining and interpreting its provisions.

'If parties should seek, by agreement, to take the law out of the hands of the courts and into the hands of a private tribunal, without any resource at all to the courts in the case of error of law, then the agreement is to that extent contrary to public policy and void.'"

4.9 Die doel van die Algemene Sinode se wysiging sal dus wees ten einde vereniging te bewerkstellig en dus die invoeging van die Belharbelydenis vir daardie doel en nie vir die bewaring van goeie orde binne die kerk of vir die lewe en werk van die kerk nie. Die onderliggende beginsel is dat die Algemene Sinode se optrede ongeldig is en dus neerkom op 'n handeling **in fraudem legis** of anders gestel, 'n misbruik van regte.

Sien: VAN ECK N 0 AND VAN RENSBURG N 0 v ETNA STORES, 1947 (2) SA 984 (A) op 996 - 998.

4.10 Wat met bogemelde bedoel word is nie duidelik nie.

BOBERG: THE LAW OF DELICT, Vol. 1, p. 206

4.11 Volgens my het ons hier met die uitgebreide beginsel van regsplig te doen.

4.12 Ontbinding van 'n vereniging is slegs moontlik op die volgende maniere, naamlik:

4.12.1 indien die hoofdoelstellings onmoontlik word;

4.12.2 met die toestemming van al die lede;

4.12.3 soos bepaal in die konstitusie.

4.13.1 Dit blyk dat die eerste grond nie behaal sal kan word nie, aangesien die kerke bly voortbestaan.

4.13.2 Ten opsigte van paragraaf 4.12.2 is dit duidelik dat die toestemming van al die lede nie verkry was nie.

4.13.3 Vir ontbinding sal daar dus op die derde grond gesteun moet word. Die ontbindingsklousule kry sy beslag in 'n wysiging wat ultra vires is en dus is die ontbindingsklousule ook ultra vires. Indien die wysiging dus tersyde gestel word, kan die kerke nie ontbind nie.

Sien: BAMFORD: a.w., p. 137

JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE v NOTHERN TRANSVAAL

(MESSINA) COPPER EXPLORATION CO, 1945 (AD) 529 op 539

4.14 As die wysiging bly staan en die kerke ontbind, dan ontstaan daar probleme met betrekking tot die eiendom en fondse van die kerk. Dit is duidelik dat die kerkraad; ring; streeksinodes; en Algemene Sinode, almal met regspersoonlikheid beklee is.

Sien:

WEBB & COMPANY LTD v NORTHERN RIFLES, 1908 (TS) 462 op 464;

CASSIM v MOLIFE, 1908 TS 748 op 735;

LOUVIS AND OTHERS v OICONOMAS AND OTHERS, 1917 TPA 465 op 474;

DE VOS v DIE RINGKOMMISSIE VAN DIE NG KERK, 1952 (2) SA 83 (0) op 93;

MALEBJOE v BANTU METHODIST CHURCH OF SOUTH AFRICA, 1957 (4) SA 465 (W) op 467;

EX PARTE JOHANNESBURG CONGREGATION OF THE APOSTOLIC CHURCH, 1968 (3) SA 377 (W);

BURGERS v MURRAY AND OTHERS, 1866 (1) ROSCOE 252 op 256.

4.15 'n Kerkraad sou dus teoreties beheer kan uitoefen oor hulle onderskeie eiendomme en finansiële sake.

Sien:

1. DWANE v GOZA AND OTHERS, 1902 (Vol. 17) EDC 8 op 18;

2. N H CONGREGATION OF STANDERTON v N H OF G CONGREGATION OF STANDERTON, 1895 SAR 69 op 82.

5.

GEVOLGTREKKING:

5.1 Kerkskeuring kan voorkom word deur:

(a) ooreenstemming, óf

(b) verdere onderhandelinge; óf

(c) uitstel van die samesmelting.

5.2 Artikel 36 van die Kerkorde sal nietig verklaar kan word op grond van die feit dat die handelinge ultra vires was.

5.3.1 Daar kan ’n aansoek tot die hof gerig word vir die tersydestelling van die besluit om kerkeenwording omdat sekere besluite nie uitgevoer is nie.

5.3.2 Die verandering van die belydenis kan tersyde gestel word soos in paragraaf 5.3.1 uiteengesit.

5.3.3 Die aanvaarding van die Belhar belydenis kan tersyde gestel word soos in paragraaf 5.3.1 uiteengesit.

5.3.4 Indien die Kerkorde nie na die Regskommissie verwys is nie, is die handeling ultra vires.

5.3.5 Handelinge wat moes plaasgevind het en wat nie plaasgevind het nie, maak die prosedure ongeldig.

5.3.6 ’n Gemeente kan deur middel van ’n hofaansoek beweer dat hy nou die NG Kerk in Afrika is en dat alle eiendom van die NG Kerk in Afrika hom toeval. Die gronde waarop sodanige aansoek berus, sal noukeurig uiteengesit moet word ten einde locus standi te bewerkstellig.

5.3.7 Alhoewel die besluit was dat al vier kerke moet verenig, het die Moderatuur die onderhandelinge gevoer en het hulle volmag gehad. Die feit dat slegs twee kerke dalk kan verenig maak nie die handelinge van die Moderatuur ultra vires nie.

5.4 Eenwording kan gestuit word aangesien prosedures nie nagekom is nie. Dit moet gedoen word by wyse van aansoek tot die hof.

5.5 Alhoewel ’n ontbindingsartikel ingevoeg is, is die handeling om dit in te voeg ultra vires en kan dit aangeveg word. Indien dit nie aangeveg word nie, bly dit staan en kan die kerke daarvolgens ontbind en verenig.

5.6 Op die vraag of die ontbindingsartikel genoegsaam is om te voorkom dat ’n gemeente, wat die eintlike regspersoon is, bly voortbestaan, is dit slegs moontlik indien dit nie aangeveg word nie.

5.7 Indien ’n kerklike liggaam nie die ontbindingsbesluite geneem het nie, is sodanige handelinge ultra vires en nietig.

5.8 Die Algemene Sinode kan wel 'n besluit neem oor die voorgestelde regspersoonlikheid van 'n gemeente, maar slegs indien dit nie aangeveg word nie.

5.9 Die eenwording kan gestuit word. Sien in hierdie verband paragraaf 5.1, asook die feit dat die hof genader kan word.

5.10 Teoreties is dit moontlik dat 'n gemeente kan bly voortbestaan as NG Kerk in Afrika met behoud van sy regte, maar slegs indien hy eenwording teenstaan.

6.

Ek adviseer dienooreenkomstig.

STÈFAN JACOBS

Kamers
Lustitiagebou
Bloemfontein

12 April 1994

Bylae K tot Hoofstuk 3

MEMORANDUM
IN RE:
EENWORDING TUSSEN DIE NG KERK IN AERIKA
EN
DIE NG SENDINGKERK

Aan:

Mnr JC Pretorius
Naudes
BLOEMFONTEIN

Voorberei deur:

Adv. Stèfan Jacobs
20 Junie 1994

1.

AGTERGROND:

1. Konsultant is lede van 'n komitee wat ontevrede is oor die eenwording tussen die NG KERK IN AFRIKA en die NG SENDINGKERK.

1.2 Volgens alle aanduidings het die Algemene Sinode op 14 April 'n besluit tot eenwording geneem.

2.

2.1 In my brevet is die volgende dokumente ingesluit:

(a) Regsmening in re: Eenwording tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk, deur myself gedateer 12 April 1994.

(b) Regsmening: in re: Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, deur adv L Wepener, gedateer 20 Augustus 1991.

(c) Skrywe: Voorgestelde kerkeenheid, De Klerk & van Gend, prokureurs, gedateer 10 Junie 1993.

(d) Agenda en Handelinge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika gehou te Umtata, Transkei, op Woensdag, 10 Junie 1987 en volgende, dae.

(e) Agenda en Handelinge van die 8ste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, gehou te Pretoria op Dinsdag, 9 Julie 1991 en volgende dae.

(f) Probleme ten opsigte van voorgenome kerkeenheid tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk.

(g) Skrywe: Saakgelastigde (Ds AS Bührmann) gedateer 6 Junie 1994 met aanhangsels.

(h) Skrywe: Naudes aan Die Saakgelastigde: Eenwording van NG Kerk in Afrika en NG Sendingkerk, gedateer 9 Junie 1994.

3.

OPDRAG:

My opdrag is om konsultant te adviseer met betrekking tot:

3.1 Wat moet ontevrede leraars, gemeentelede, kerkrade en ringe nou doen? Moet hulle maar tevrede wees met die vereniging wat plaasgevind het of is daar ’n pad wat hulle kan loop en indien wel, watter pad?

3.2 Kan eenwording toegestaan word?

3.3 Hoe moet ontevrede kerkrade, ringe en selfs lidmate en leraars dit teenstaan?

4.

BESPREKING:

4.1 Dit wil voorkom of eenwording ’n voldonge feit geword het op 14 April 1994 met die algemene besluit.

4.2 Eenwording moes gestuit gewees het voor of op 14 April 1994. Dit het nie gebeur nie. Daar kan nie ex post facto probeer word om eenwording te stuit nie.

4.3 Die aangewese weg wat dus nou gevolg sal moet word, is om 'n nuwe afsonderlike kerk te stig met nuwe bates.

4.4 Die bates van die NG KERK IN AFRIKA en die NG SENDINGKIERK het ook met eenwording verenig.

4.5 Al geval waar die vereniging aangeval sal kan word, is indien daar 'n negering van die prosedures was wat gevolg moes word by eenwording.

Sien: SWANEPOEL v. O.V.S. N.G. KERK 1949 (4) SA 964 (0)

4.6 Volgens alle aanduidings is die prosedures wat gevolg is in alle waarskynlikheid korrek gevolg, aangesien daar geen feite tot my beskikking gestel is waaruit afgelei kan word dat die Algemene Sinode met huile besluit op 14 April 1994 gefouteer het of die prosedures nie korrek gevolg het nie.

4.7 Al alternatief wat oorbly, en soos reeds in die skrywe van Naudes gedateer 9 September 1994 uiteengesit, is dat die ontevrede partye 'n eie selfstandige kerk moet stig met nuwe bates.

5.

GEVOLGTREKKING:

5.1 Ontevrede leraars, gemeentelede, kerkrade en ringe kan huidiglik niks verder doen om eenwording te stuit nie tensy die prosedures wat gevolg is op 14 April 1994 verkeerd was.

5.2 Die gevolgtrekking uit bogemelde is dus dat ontevrede partye 'n onafhanklike selfstandige kerk kan stig wat weer sy eie bates opbou.

6.

Ek adviseer dienooreenkomstig.

STÈFAN JACOBS Kamers: Lustitiagebou, Bloemfontein 20 Junie 1994

Bylae L tot Hoofstuk 3

REGSMENING
In re:
DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA

Vir: Prokureurs Ackerman & Maree
Verw. Mnr van Biljon
15 Maart 1995

REGSMENING

1 'n Regsmening word verlang na aanleiding van die vrae uiteengesit in aanhangsel "A" synde 'n skrywe gedateer 18 Januarie 1995 vanaf die Dagbestuur van die Sinode Phororo. Die vrae word nie noodwendig in kronologiese volgorde bespreek nie.

2 Vraag 3

Die derde vraag se basis is 'n vraag na die manier waarop die Kerkorde funksioneer in terme van die gemenereg. Anders gestel kan die vraag gevra word: Wat is die beskouing van die burgerlike regspleging oor die aard en werking van 'n Kerkorde?

Die antwoord op die gestelde vraag is korter as wat verwag mag word alhoewel die redes en motivering vir die antwoord meer uitgebreid mag wees.

Die Kerkorde is inderdaad 'n soort kontrak of ooreenkoms tussen die lede (lidmate) van die kerk, die bepalinge waarvan die lidmate onderling bind. Die gesag vir bogenoemde stelling word op verskeie plekke gevind. In Kahn v Louw, N.O., & Another 1951 (2) SA 194 (K) op 211 C - D en H is as volg bevind:

> *"I .... am ... prepared to assume for the purposes of this case that it is a voluntary association, the members of which are bound by contract to one another, the contract being reflected by and enshrined in the constitution"*

Dit wat die Regter aanneem is die feit dat daardie besondere vereniging 'n "voluntary association" was, maar dit word as 'n feit gestel dat die lede onderling tot mekaar verbind is deur kontrak. Die geleerde Regter stel verder -

> *"The members are banded together by contract based on consensus; and they are bound only on the terms to which they have agreed. Such terms can therefore only be varied by the consent of all the parties to the contract, i.e. all the members."*

Die beginsel is ook aanvaar in Jockey Club of South Africa & Others v Feldman 1942 (AA) 340 op 347-

> *"...The relations between the parties are contractual and the rights such relations give rise to are Contractual and dependent on the rules of The Jockey Club ... and on the principles of the common law."*

Dieselfde beginsel is neergelê in Marlin v Durban Turf Club & Others 1942 (AA) 112 op 127 - 128.

Die konstitusie (Kerkorde) word dan in terme van ons reg op die volgende wyse uitgelê:

> *"...The relationship between the parties is contractual... This contract falls to be construed by the court according to the ordinary rules of construction; the court cannot, because it considers the contract unreasonable, from the point of view of one of the parties, depart from the language used and attempt to make it a reasonable one according to its standards. It cannot, because it might disapprove of some of its terms, disregard them or give them a meaning other than arises from the ordinary and natural meaning of the language employed."*
>
> Constantinides v Jockey Club of SA 1954 (3) SA 35 C at p.44

Ook in Govender v Textile Workers Industrial Union 196 1 (3) SA 88 op p.91 is as volg bevind:

> *"It follows that in construing the constitution of such an association, the same principles for construction should be applied in the construction of*

any other written instrument in terms of which parties have contracted with each other. The constitution embodies the terms and conditions upon which the members have agreed to become bound and to remain associated for purposes set out therein."

Dieselfde beginsel is onlangs weer aanvaar in Simpson v Selfmed Medical Scheme & Another 1992 (1) SA 855 (K) op 862 G.H.

3 Enige wysiging in die kontrak tussen die partye kan slegs bewerkstellig word soos in daardie kontrak (konstitusie) (Kerkorde) self bepaal. Die voorskrifte van die Kerkorde ten einde 'n wysiging te bewerkstellig moet nagekom word.

Vgl Swanepoel v OVS Nederduitse Gereformeerde Kerk 1949 (4) SA 964 op 973

Verdere vereistes wat nagekom moet word ten einde 'n geldige wysiging tot die Kerkorde aan te bring is die volgende:

3.1 Die wysiging moet nie teen die goeie sedes indryf nie.

Vgl die Swanepoel-saak voormeld op p.973

3.2 Die wysiging moet nie nadelig vir die vereniging (kerk) wees nie.

Fairham v Cape Town Mutual Aid Fund 1949 (1) SA 919 (K) op 930

4 'n Verdere beperking op die wysiging van 'n konstitusie (Kerkorde) lê in die beginsel dat die fundamentele doelstelling van die vereniging (kerk) nie deur so 'n wysiging verydel moet word nie:

"Finally the court may, in certain circumstances, be prepared to hold invalid an amendment which purports to alter the fundamental objects of the association if it were passed by the mere constitutional majority and not with the consent of all members. The principles on which the courts have approached this question are by no means settled, but the cases reveal the following:

(a) The concept that the 'fundamental object' should not be altered connotes that the purported amendment must not go to the foundation of the association nor be incompatible with each fundamental object;

(b) *The fundamental object will normally be affected by an amendment which alters the very nature of the contract of association, or which imposes upon members a change in the financial structure of the association...*

(c) *In the case of a religious body the courts have held that a fundamental object is altered when such drastic step is taken as merging the association with another body or changing essential dogma or doctrine. 'The majority, i.e. the General Church Assembly, could indeed bind the minority with reference to everything which came within the scope and object of the corporation or church association, for such powers is within its authority; but when the majority attempts to dissolve and terminate the corporation or church association, by a resolution to unite with another association, and so to bring another and new corporation into being then the majority exceeds the limits of its authority. It is then acting ultra vires'..."*

(N H Congregation of Standerton v N H of G Congregation of Standerton 1895 ZAR 69 at 82):

"The General Assembly possesses some power of alteration with reference to doctrine, worship, discipline and government, but such powers do not ... include a power to subvert or destroy fundamental and essential principals of the church,"

(The General Assembly of Free Churches of Scotland & Others v Overtoun & Others (1904) AC 515 at 719)

and see: Wylde v ATT - Glen for NSW (1949) 78 CIR 256)

"There are many who have the strongest objection in matters of doctrine and also in matters of ritual to changing with the times."

5 As gevolg van bogenoemde is dit duidelik dat 'n fundamentele wysiging van die Kerkorde as *ultra vires* aangestip kon word.

6 Wanneer 'n liggaam 'n handeling pleeg wat oënskynlik een gevolg het maar die bedoeling daarmee is om uiteindelik 'n ander ongeoorloofde gevolg te

bereik, is sodanige handeling ook *ultra vires*. Insoverre die oogmerk is, om met ’n ander kerk te verenig, terwyl daar geen voorsiening in die Kerkorde daarvoor is nie, en daar sodoende byvoorbeeld aan die belydenis verander word ten einde die ander kerk tevrede te stel vir vereniging, sou die verandering van die belydenis nie gedoen word weens ’n eie behoefte daaraan nie, maar ten einde die vereniging met die ander kerk te bewerkstellig. Sodanige optrede sal *ultra vires* wees. Dit sal gepas wees om weer volledig aan te haal uit die saak van Van Eck N.O. & Van Rensburg N.O. v Etna Stores 1947 (2) SA 984 (A) op 996 - 998:

“In the case of Sinovich v Hercules Municipality (1946, AD 783) the Chief Justice stated:

> *'Courts do sometimes interfere to protect an injured party against an abuse of power, for example in those well recognised cases in which powers, given to public bodies to be used for certain purposes, are wrongly used by them to achieve some or other purpose (see Fernwood Estates Ltd v Cape Town Municipal Council (1933. CIRD 399) and the cases therein referred to)'.*

Similar passages are to be found in the judgments of both the other Judges who formed a majority of the court in that case; nor do I understand the remaining two judges as dissenting from this view. The case of Fernwood Estates Ltd v Cape Town Municipal Council (1933, CIRD 3.99) is clear authority for the proposition that, when a public body is given a power for a particular purpose that power 'cannot be used for obtaining any other object however laudable'. In Oranjezicht Estates Ltd v Cope Town Council (23 SC 297) at P.308), de Villiers CJ said:

> *'The court has more than once expressed the opinion that powers given to a public body for one purpose cannot be used for ulterior purposes which were not contemplated at the time when the powers were conferred'*

and also see, per Innes CJ in Habib v Pietermaritzburg Municipality (1905 TS 63). I can draw no distinction between a public body and a public official; indeed I can see no ground why the principles should even be confined to them. It seems to me that the principle is of far more general application, and that private persons or corporations should certainly not be in a better position to pretend to use a power for the purpose for which alone it was given, yet in fact to use if for another, is an abuse of that power and amounts to mala fides. I should here make it clear that I am by these remarks and those which follow, not attaching any moral obliquity to the appellants or their offers. Doubtless they are acting in what they conceive to be in the public interest and in order to overcome the unjustifiable and exasperating recalcitrance of the respondents.

It is contended that these cases to which I have referred above were all cases where discretion is vested in the public body. That may be so, but only in this sense, that the public body was given the discretion whether or not to use the power entrusted to it for a particular purpose. Here, too, the appellants had discretion whether or not to use the power of seizure; but they could not rightly use that power for any purpose other than that for which it was given... But in any case, as I have shown, an abuse of a limited power does amount to bad faith (mala fides). This principle seems to be in accordance with English law, into which I have not considered it necessary to make an exhaustive search, but from which I might cite the words of Campbell, LCJ, in the case of Bostock v North Staffordshire Railway Co (25 KJ, QB 225), referring to the compulsory acquisition (expropriation) by a railway company of land for certain authorised purposes under an Act of Parliament:

> *'Nothing so unjust could have been contemplated as that when the land had been purchased professedly to enable the company to make a lake, they might have erected upon it a soap manufacturing or alkali works'*

and in Robertson v Norris (65ER 983), which dealt with the exercise of a power of sale given to a person in a deed, Stuart, V.C said 'the legitimate purpose of being to secure repayment of his mortgage money, if he uses the power for another purpose - from any ill motive to effect other purposes of his own, or to serve the purpose of other individuals - the Court considers that to be a fraud in the exercise of the power, because it is using the power for purposes foreign to that for which it was intended'. In another case, concerning the power of appointment, a fraud of the power was held to have been committed, inasmuch as the real object of its exercise was to benefit a stranger and not its proper object, although the motives of the parties concerned were held not to have been morally blameworthy - In re Marsden's Trust (26U, Ch 906) - But what I deem to be of far more importance is that the decisions to which I have referred are in accord with the fundamental provisions of our law for to profess to make use of a power which has been given by statute for one purpose only, while in fact using it for a different purpose, is to act in fraudem legis, construing that term in a more restricted manner adopted by the majority of this court in the case of Dedoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council (1920 AD 630) (See also Commissioner of Customs and Excise v Randalls Bros & Hudson Ltd (1941, AD 369)). Such a use is a mere simulatio or pretext. I do not propose here to repeat the authorities which are dealt with so fully in Dadoo's case. But I should observe that the law in regard to acts done in fraudem legis is in reality only part of the law relating to doles using that word in its general sense ... And I should add that, of course, if the person exercising the power avowedly uses it for some purpose other than that for which alone it has been given, he acts simply contra legem: where, however, he professes to use it for its legitimate purpose, while in fact using if for another, he acts in fraudem legis..."

7 Die gevolg is dat nie alleenlik mag die Kerkorde slegs gewysig word soos deur die Kerkorde self bepaal nie maar sal enige wysiging vir doeleindes

ander dan wysigings wat uit behoefte ontstaan en noodsaaklik is vir die werking van die Kerk, ongeldig wees. Die gevolg van voormelde is dat vraag 4 soos gestel bevestigend beantwoord moet word selfs sonder die vereiste dat die streeksinodes daarin geken behoort te word.

8 Die Algemene Sinode het ook teenstrydig met sy eie besluit naamlik om groot beginselsake vroegtydig voor die kerk in breë verband vir bestudering en kommentaar voor te lê voordat dit vir beslissing na die Algemene Sinode verwys word met die gepaardgaande motivering dat sake wat die kerk raak behoort die hele kerk aan te gryp en nie slegs die lede wat na 'n Algemene Sinode afgevaardig is nie (en soos deur die Algemene Sinode self) toegepas in navolging van hierdie besluit tydens die Algemene Sinodesitting op 12 Junie 1979. Die algemene beleid van die Algemene Sinode is vervat in besluit 14.12 van die skema van werksaamhede van die Derde Algemene Sinode gehou in 1971.

9 Die besluit deur die Algemene Sinode kan as wysiging van die Kerkorde aangestip word wat moet voldoen aan die drie vereistes om 'n wysiging te bewerkstellig soos hierinvoor uiteengesit. Dit voldoen inderdaad daaraan en die Algemene Sinode se versuim om aan sy eie gewysigde Kerkorde te voldoen alvorens 'n besluit geneem word, sal in die geval van groot beginselsake, *ultra vires* wees indien die besluit nie voor die kerk in breë verband, dit is al die vergaderinge in die kerk, voorgelê is nie.

10 Die volgende vraag is of die Algemene Sinode die kerk se mindere vergadering as regspersone

(a) kan ontbind; en

(b) hul regte ontneem.

Die mindere vergaderings van die besondere kerk is almal regspersone in eie reg.

11 So 'n regspersoon kan slegs ontbind word wanneer:

11.1 Die hoofdoelstelling onmoontlik word;

11.2 Met die toestemming van al die lede soos bepaal in 'n konstitusie.

Die mening word uitgespreek dat die Algemene Sinode geen bevoegdheid het om ander regspersone te ontbind nie. Artikel 32 tot en met 40 wat die bevoegdhede van die Algemene Sinode bepaal bevat geensins die bevoegdheid om ander outonome liggaam te ontbind of om van sy regte te ontneem nie.

12 Insoverre die plaaslike kerk ’n volledige selfstandige kerk en regspersoon is (soos ook blyk uit die verskeie artikels wat met die kerkreg handel en beskikbaar gestel is) kan daar nie bloot ’n besluit geneem word deur die Sinode nie wat die mindere vergadering (selfstandige regspersoon) sou ontbind of wat sy regte sou wegneem nie.

13 Insoverre dit duidelik is dat ’n ring spesifiek bevoeg is om die stigting of ontbinding van gemeentes te behartig (vgl Artikel 25.4 van die Kerkorde) is dit insiggewend dat geen sodanige bevoegdheid aan die Algemene Sinode verleen word nie.

14 Die vraag moet dus beantwoord word dat die Algemene Sinode nie die reg het om die selfstandige regspersone (mindere vergadering) te ontbind of hulle van hulle regte te ontneem, tensy daardie Algemene Sinode spesifiek daartoe gemagtig is in terme van die Kerkorde nie.

15 In soverre die Algemene Sinode deur afgevaardigdes bygewoon en dus uit hulle saamgestel word, word verlang dat ’n opinie uitgespreek word of sodanige vergadering saamgestel uit afgevaardigdes:

15.1 Onbeperkte gesag kan uitoefen oor die instansies deur wie hulle afgevaardig is - die mindere vergaderings;

15.2 Of die afgevaardigde vir homself die mag om die instansie wat hom afgevaardig het se reg van inspraak in ’n saak te skrap sodat hy wat die afgevaardigde is die reg van inspraak sal hê.

16 Die antwoorde op hierdie vrae lê weereens opgesluit in die bevoegdhede deur die Kerkorde aan die betrokke afgevaardigdes verleen, dit wil sê aan die afgevaardigdes soos wat hulle die Algemene Sinode vorm.

17 'n Afgevaardigde kan nie meer doen as dit wat hy of toegelaat word deur die instansie wat hom afvaardig nie en in die onderhawige geval is dit wat die afgevaardigde mag doen vooruit bepaal in die bestaande Kerkorde. Die afgevaardigde mag dus alles doen wat die afvaardigende liggaam hom magtig om te doen en niks meer dan dit wat hy gemagtig is om te doen nie. Indien Artikel 36.2 nagegaan word sal die afgevaardigdes inderdaad die Kerkorde mag wysig met 'n twee-derde meerderheid stem tensy die betrokke afgevaardigdes vooraf deur die mindere vergaderings aangesê is om op 'n spesifieke wyse op te tree of op 'n spesifieke wyse te stem. Die afgevaardigde kan beskou word as 'n agent of verteenwoordiger en in vergelyking met die reg op verteenwoordiging in Suid-Afrika mag 'n verteenwoordiger slegs dit doen wat sy prinsipaal (mindere vergadering) hom opdrag gee om te doen. In die afwesigheid van enige spesifieke opdrag mag die verteenwoordiger alles doen wat insidenteel tot sy aanstelling as verteenwoordiger is. In die onderhawige geval sou dit insidenteel tot die afgevaardigde se bywoning van die Sinode wees om mee te maak aan besluite wat geneem moet word en om sy vrye keuse ten aansien van 'n besluit uit te oefen tensy hy deur die mindere vergadering aangesê is om op 'n spesifieke wyse op te tree.

18 In die omstandighede sal die afgevaardigdes wel in terme van die konstitusie (Kerkorde) besluite mag neem wat die konstitusie wysig, tensy die betrokke afgevaardigde 'n voorskrif van die mindere vergadering ontvang het ten opsigte van sy optrede tydens die Algemene Sinode sitting.

LÖTTER WEPENER S.C.
Kamers
16 Maart 1995

Bylae M tot Hoofstuk 3

REGSMENING
EENWORDING VAN DIE NG KERKFAMILIE

1.

ALGEMEEN:

1.1 Konsultant is die Streeksinode van die NGKA-OVS.

1.2 Gedurende 1987 het die Algemene Sinode van die NGKA met betrekking tot die eenwording van die NG Kerkfamilie onder ander die volgende besluit geneem:

"1.2.1.3.2.1.5 Ten einde hierdie standpunte binne die NG Kerkfamilie in die praktyk te verwesenlik, kies die Kerk die weg van onderhandeling en rig hy hom tot al drie die ander kerke (NG Sendingkerk in SA, die NG Kerk en die Reformed Church in Africa). Hy verbind hom om nie met een van die kerke, sonder die ander, op die weg na kerklike eenheid te beweeg nie. Indien die voorafgaande nie uitvoerbaar blyk te wees nie, sal dit die Kerk vrystaan om na bevind van sake te handel.

1.2.1.3.2.1.6 Die Kerk onderhandel deur sy Moderatuur met verslag aan die ASK en Sinode."

1.3 Na aanleiding van die NGKA se voormelde besluit asook 'n besluit van die. NGSK, het die Moderature van die NGKA en die NGSK met die oog op eenwordingsamesprekings 'n Gesamentlike Gesprekskommissie vir Kerkeenheid (GGK) op die been gebring. 'n Verslag en aanbevelings van die GGK is gepubliseer in die *Ligdraer* van 2 Oktober 1989. Ook 'n konsep-kerkorde is as bylaag tot die GGK se verslag en aanbevelings in voormelde uitgawe van die *Ligdraer* gepubliseer.

1.4 Dit is duidelik uit die verslag en aanbevelings van die onderskeie Moderature van die NGKA en die NGSK dat genoemde Moderature as uiteindelike doelwit die eenwording van die familie van NG Kerke sien, maar as beginpunt die eenwording van die NGKA en NGSK onder die naam “DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER AFRIKA” voorstaan. Genoemde Moderature stel dan ook voormelde konsep-kerkorde voor as die belydenisgrondslag van die “Eenheidskerk” en die orde waarvolgens dit ingerig sal word.

1.5 Die Algemene Sinode van die NGKA vergader elke vier jaar en die volgende vergadering sal plaasvind gedurende Junie 1991. Dit blyk egter uit die Dagpers dat ’n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA in Oktober 1990 in die vooruitsig gestel word en dat die doel van hierdie vergadering bekragtiging van die eenwording van die NGKA en die NGSK en die nuwe voorgestelde Kerkorde is.

1.6 Konsultant verlang nou om geadviseer te word met betrekking tot die volgende aspekte:

1.6.1 Het die Moderatuur strydig gehandel met die besluite van die Algemene Sinode?

1.6.2 Is die Algemene Sinode van die NGKA by magte om met 'n twee-derde meerderheidstem die NGKA se Kerkorde te vervang of te wysig of aan te vul met inbegrip van ’n wysiging van die Belydenis van die NGKA?

1.6.3 Is die ASK by magte om vir doeleindes van eenwording met die NGSK ’n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode in Oktober 1990 byeen te roep?

1.6.4 Sal streeksinodes hul handelingsbevoegdheid ten aansien van hul eiendom by aanvaarding van die konsep-kerkorde verloor?

1.6.5 Beskik die streeksinodes van die NGKA oor enige remedie om die verbeuring van sekere regte wat aanvaarding van die konsep-Kerkorde sal meebring, te verhoed?

2.

OPTREDE VAN DIE MODERATUUR:

2.1 Die Moderatuur van die NGKA het in stryd gehandel met die besluite van die Algemene Sinode van die NGKA. Die Algemene Sinode het hom verbind om "nie met een van die kerke, sonder die ander, op die weg na kerklike eenheid te beweeg nie." Dit is duidelik dat die Moderatuur sonder die NGK en die RCA, met die NGSK die weg van kerklike eenheid gewandel het.

2.2 Optrede van die Moderatuur in stryd met die Algemene Sinode se besluit is nie toelaatbaar nie.

Sien: ETHIOPIAN CHURCH TRUSTEE v. SOWICA, 1956 E.D.L. 107 te 113.

Aan die ander kant egter, kan konsultant hom nie op die Hof se bystand beroep indien die Algemene Sinode by meerderheidsbesluit die optrede van die Moderatuur kan sanksioneer en geldig verklaar nie.

Sien: CHETTY V. TAMIL PROTECTIVE ASS., 1951 (3) S.A. 34 (N) te 38;
GRÜNDLING V. BEYERS, 1967 (2) S.A. 131 (W) te 153.

2.3 Om op te som: Die Algemene Sinode is by magte om by meerderheidsbesluit die klaarblyklik ongemagtigde optrede van die Moderatuur te sanksioneer en konsultant is nie op hierdie stadium by magte om daarteen op te tree nie. Ook as daar aan die Moderatuur se handelinge op konstitusionele korrekte wyse geldigheid verleen word deur die Algemene Sinode, sal konsultant daarby moet berus.

3.

KERKORDE:

3.1 Artikel 34.5 van die Kerkorde bepaal:

> *"Tot die taak en bevoegdheid van die Algemene Sinode behoort .... die Kerkorde ..."*

Artikel 36.2 van die Kerkorde bepaal:

> "*Met uitsondering van die belydenis (Artikel 1) mag die Algemene Sinode die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem.*"

Genoemde artikels magtig die Algemene Sinode om die Kerkorde op drastiese wyse of sodanig te wysig, dat dit neerkom op 'n vervanging daarvan, mits die belydenis van die Kerk in oorspronklike vorm behoue bly.

3.2 Artikel 36.1 van die Kerkorde bepaal die volgende:

> "Die wysiging van die belydenis van die Kerk kan alleen geskied met 'n twee-derde meerderheid *en nadat elke streeksinode afsonderlik, met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het, en nadat alle kerke van Nederduits Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.*"
>
> (My eie kursivering)

Dit behoef geen betoog dat toevoeging tot die belydenis van die Kerk neerkom op 'n wysiging daarvan.

Artikel 1 van die Kerkorde kan dus nie met Artikel 2 van die konsep-Kerkorde (waarin die belydenis van die Kerk vervat is) vervang word nie tensy die bepalings van Artikel 36.1 van Kerkorde nagekom word nie; dit wil sê:

3.2.1 die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het; en

3.2.2 elke Streeksinode afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het; en

3.2.3 nadat alle Kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

As voorgemelde bepalings nie nagekom word nie sal onder andere die Algemene Sinode, in stryd met die Kerkorde, sy magte oorskry en dit is nie toelaatbaar nie.

Sien: AMALGAMATED UNION OF BUILDING TRADE WORKERS OF SOUTH AFRICA VSA OPERATIVE MASONS' SOCIETY, 1957 (1) S.A. 440 (A.D.);

SORENSON V.EXECUTIVE COMMITTEE TRAMWAY AND OMNIBUS WORKERS UNION (CAPE), 1974 (2) S.A. 545 (C).

3.3 Die Algemene Sinode alleen kan nie 'n wysiging van die Belydenis van die Kerk sanksioneer of geldig verklaar nie en indien die Algemene Sinode sou poog om dit te doen, sal konsultant geregtig wees om die Hof te nader vir toepaslike regshulp.

4.

BUITENGEWONE VERGADERING:

4.1 Artikel 40.4 van die Kerkorde lui soos volg:

"Die Algemene Sinodale Kommissie sal indien nodig, buitengewone vergaderinge van die Algemene Sinode byeen roep."

Artikel 33.2 van die Kerkorde bepaal soos volg:

"Buitengewone vergaderinge van die Algemene Sinode mag deur die Algemene Sinodale Kommissie byeen geroep word."

4.2 Die inhoud van genoemde artikels dui daarop dat die ASK in sy diskresie kan besluit om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

Vgl. GARMENT WORKER'S UNION v. SMITH, 1936 C.P.D. 249

4.3 Konsultant sal die Hof kan nader om die byeenroeping van 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode ongeldig te verklaar slegs indien konsultant kan bewys dat:

4.3.1 Die ASK, hoewel gemagtig om buitengewone vergaderinge byeen te roep, sy magte oorskry het;

4.3.2 Die ASK nie bona fide en eerlik opgetree het in die byeenroeping van 'n buitengewone vergadering nie.

Vgl. TURNER v. JOCKEY CLUB OF SOUTH AFRICA, 1974 (3) S.A. 633 (A.D.) te 646.

4.4 Na my mening sal konsultant in die onderhawige omstandighede hom moeilik kwyt van genoemde bewyslas en kan dit konsultant slegs benadeel indien hy sou besluit om nie sy verteenwoordigers na die buitengewone vergadering te stuur nie.

5.

EIENDOM VAN DIE STREEKSINODES:

5.1 Twee kerklike verenigings wat in wese dieselfde, maar nie noodwendig identiese, doelstellinge het, kan saamsmelt.

Sien: NATAL INDIAN CONGRESS v. DOULL, 1952 (1) S.A. 700 (N) t e 710; EX PARTE GILL, 1955 (2) S.A. 418 (W).

5.2 Weens die afwesigheid van 'n relevante bepaling in die Kerkorde, kan 'n besluit om saam te smelt met die NGSK geneem word deur 'n twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode van die NGKA.

Sien: EX PARTE GILL, supra, te 424.

5.3 Na die samesmelting bly slegs een kerklike vereniging voortbestaan as 'n regsopvolger van die verenigings wat saamgesmelt het en is so 'n opvolgende vereniging geregtig op die besit en kontrole van die saamgesmelte verenigings se fondse en eiendom.

Sien: EX PARTE GILL, supra, te 425.

5.4 Indien "die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" dus 'n werklikheid word, sal dit onder andere geregtig wees om die besit en kontrole van konsultant se fondse en eiendom oor te neem.

6.

STREEKSINODES SE BEVOEGDHEDE:

6.1 Die konsep-kerkorde het tans geen bindende geldigheid nie en swye aan konsultant se kant kan nie tot konsultant se nadeel vertolk word as aanvaarding daarvan nie.

6.2 Konsultant se enigste weg blyk te wees om goedkeuring van die bepalings van die konsep-kerkorde wat konsultant benadeel, te probeer verhoed

deur by monde van sy verteenwoordigers in die Algemene Sinode daarteen te stem.

6.3 Indien die konsep-kerkorde egter deur ’n twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode goedgekeur word, sal konsultant hom slegs op die Hof kan beroep indien hy kan bewys dat beginsels van natuurlike geregtigheid nie nagekom is nie. Dit sal van konsultant verg om te bewys dat daar oneerlik en partydig opgetree is.

Vgl. DABNER V. S.A.R.& H., 1920 A.D. 583 te 589.

Die Algemene Sinode is gemagtig om by twee-derde meerderheid die Kerkorde te wysig (deur onder andere goedkeuring van die konsep-kerkorde) in soverre dit die regte en take van die streeksinodes aanbetref:

Artikel 36.2 van die Kerkorde

en konsultant sal moeilik bewys dat, bloot omdat die wysiging tot konsultant se nadeel strek, daar nie eerlik en onpartydig opgetree is nie.

7.

RESUMÉ:

Ek is die volgende mening toegedaan:

7.1 Konsultant is nie by magte om op hierdie stadium enige stappe te neem teen die Moderatuur se strydige optrede met die besluite van die Algemene Sinode nie aangesien die Algemene Sinode met ’n twee-derde meerderheid die Moderatuur se optrede kan sanksioneer en geldig verklaar.

7.2 Die Algemene Sinode kan met ’n twee-derde meerderheid die konsep-kerkorde goedkeur, maar moet die bepalings van Artikel 36.1 nagekom word alvorens Artikel 2 van die konsep-kerkorde (die Belydenis) op geldige wyse goedgekeur kan word.

7.3 Die ASK kan in sy diskresie besluit om ’n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep en sal hul besluit slegs tersyde gestel

kan word indien konsultant bewys dat die ASK sy magte oorskry het en nie op ’n bona fide en eerlike wyse gehandel het nie.

7.4 Indien die NGKA en die NGSK saamsmelt is die nuwe Kerk wat gevorm word deur die samesmelting as regsopvolger geregtig op kontrole en besit van die ou NGKA en NGSK se fondse en eiendom.

7.5 Die Algemene Sinode is gemagtig om by wyse van ’n twee-derde meerderheid die Kerkorde te wysig (met uitsondering van die Belydenis van die Kerk) al sou dit inkorting van die streeksinodes se bevoegdhede en take meebring. Konsultant sal hom slegs op die Hof kan beroep indien dit blyk dat die Algemene Sinode in sy besluitneming nie eerlik en onpartydig opgetree het nie.

Ek adviseer dienooreenkomstig.

M. J. MÖLLER
Kamers
Bloemfontein
19 Februarie 1990

Bylae N tot Hoofstuk 3

KERKREGTELIKE KOMMENTAAR OP HOFGEDING TUSSEN VGKSA EN NGKA

Ek is 'n lidmaat van die VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK VAN SUIDELIKE AFRIKA (VGKSA) ook bekend as die UNITING REFORMED CHURCH OF SOUTHERN AFRICA.

Ek beskik oor die volgende kwalifikasies, nl BA, BTh, Lisensiaat in Teologie, MTh en DTh.

Op grond van my kwalifikasies in Ekklesiologie (dit is Kerkgeskiedenis en Kerkreg) en ondervinding soos in die Curriculum Vitae uiteengesit, ag ek my bevoeg om die menings hierin vervat uit te spreek.

Vir doeleindes van my voormelde teologiese studies was dit vir my nodig om 'n diepgaande studie te maak van onder andere:

1. Die betekenis van die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en in sommige ander lande in die wêreld; en
2. Die kerkregtelike status wat 'n kerkraad, lidmaat en gemeente in Gereformeerde kerkverband beklee.

Ek is versoek om my mening ten opsigte van die ondervermelde onderwerpe uit te spreek met spesifieke verwysing na die kerngeskille in die hofgeding tussen die NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA (NGKA) en die VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA (VGKSA) en ek doen respekvol so in die volgende paragrawe.

1. Die verhouding tussen 'n lidmaat en die plaaslike gemeente

Die begrip lidmaat kom van ledemaat soos in die liggaam metafoor wat deur Paulus in 1 Korintiërs 12 gebruik word. *1 Kor 12: 12 – 13 Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. Omdat ons almal een*

liggaam geword het, is ons almal met een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk. 1 Kor 12: 27 Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan.

Vir iemand om deel te word van die kerk, word geloof in Christus as enigste voorwaarde gestel. Geloof word ook onlosmaaklik verbind aan die werking van die Heilige Gees en dus God se genade. *Efesiërs 2: 8 – 10 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*

Iemand wat dus getuig van sy/haar geloof in Jesus Christus en in die gemeente in die openbaar belydenis aflê, word in die gemeente aanvaar as deel van die gemeente as besondere geloofsgemeenskap.

Alhoewel die regsposisie anders mag wees, kan die kerkregtelike posisie van lidmaatskap van 'n gemeente kan dus nie vergelyk word met lidmaatskap van 'n vereniging of societas nie, want geen vereniging kan aanspraak maak op die unieke aard van die kerk nie. 'n Vereniging behoort aan sy lede, terwyl lidmate aan die kerk van Jesus Christus behoort en Christus se hoofskap oor hulle erken. In 'n vereniging word persone aan mekaar verbind op grond van 'n gemeenskaplike ooreenkoms (konstitusie, grondwet) terwyl in die kerk mense in die geloof en op grond van 'n belydenis aan mekaar verbonde is. 'n Besondere kenmerk van hierdie verbintenis van 'n belydende lidmaat tot die gemeente is dat dit ook die kinders van die lidmaat kragtens die genadeverbond insluit in die gemeente. Die verbondenheid is ook nie 'n saak van willekeur nie, maar 'n opdrag van die Here van die kerk, naamlik om mekaar lief te hê en binne die kerk as liggaam van Christus mekaar met hulle onderskeie gawes te bedien. (1 Kor 12) Dit is daarom ook die rede dat wanneer persone in die openbaar belydenis van hul geloof aflê hulle hulself aan Christus en sy kerk verbind en hulle

onderwerp aan die opsig en tug van die ampte wat deur Christus ingestel is tot opbou van die gemeente.

Gesien vanuit bogenoemde perspektiewe kan geen individuele lidmaat daarop aanspraak maak dat hy/sy alleen die gemeente is of verteenwoordig nie. ‘n Individuele lidmaat kan wel van oortuiging wees dat die kerkraad of ander lidmate nie meer kerk van Jesus Christus is nie gemeet aan die vereistes van God soos wat in die Skrif geopenbaar is. nie.

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande en na aanleiding van gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1.1 Die beginsel word aanvaar dat geen lidmaat as individu ‘n gemeente kan vorm nie en daarom sodanige lidmaat dus ook nie besitreg en/of eienaarskap van die bates van ‘n gemeente, in hom kan vestig nie.

1.2 ‘n Lidmaat van ‘n gemeente is gevolglik gebonde aan die kerkraad wat as enigste wettige verkose bestuursliggaam die gemeente bestuur (kerkregering).

2. Die plaaslike gemeente as volledige kerk van Jesus Christus

Vanuit die Skrif is dit baie duidelik dat die plaaslike gemeente as kerk van Jesus Christus beskou word. In Paulus se briewe aan die onderskeie gemeentes, word die gemeentes aangespreek as gemeentes van God.

> 1 *Kor 1: 2 Aan die gemeente van God in Korinthe, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort, en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here.*
>
> *2 Kor 1: 1 Aan die gemeente van God in Korinthe en almal wat aan die Here behoort in die hele Agaje.*
>
> *Gal 1: 2 Aan die gemeentes in Galasië*

Efes 1:1 Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.

Fil 1:1 Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ouderlinge en diakens

Kol 1:1 Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus.

1 Tess 1:1 Aan die gemeente van die Tessalonisense, wat aan God die Vader en die Here Jesus Christus behoort.

2 Tess 1: 1 Aan die gemeente van die Tessalonisense wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus behoort.

Filemon 1: 2 " …en aan die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaar kom."

Dit is in die gemeente waar die onderskeie ampte van ouderling en diaken gefunksioneer het en waar die kerk as geloofsgemeenskap gefunksioneer het. 1 Kor 12 gebruik die beeld van 'n liggaam om die volledigheid van 'n gemeente aan te dui waarbinne die onderskeie gelowiges elkeen 'n bepaalde funksie het.

Gereformeerdes huldig dus op grond van die Skrif, die oortuiging dat die kerk homself plaaslik openbaar en dat elke plaaslike kerk, hoe klein ook al, selfstandig is en 'n kerkraad moet hê. Die kerkregering gaan uit van die plaaslike kerk, as vergadering van gelowiges. Elke plaaslike kerk is dus 'n selfstandige en komplete kerk met sy eie ampte en bediening.[729] Gemeentes van Christus het nie in isolasie bestaan nie, maar is deel van die kerk oor die hele wêreld. Hierdie onderskeie gemeentes is deur hulle verbondenheid aan God ook aan mekaar verbonde. Vanuit die teologie en kerkreg is hierdie beginsel dat die plaaslike gemeente 'n volledige kerk is altyd erken. Bouwman omskrywe die beginsel as volg: "*Dit beginsel rust op de navolgende gronde;…dat de kerk zich plaaselijk openbaart, en dat elke plaatselijke kerk is een zelfstandige kerk…*"[730] In **De**

[729] Kleynhans: **Gereformeerde kerkreg. Deel 3. Kerkverband en kerkvergaderings**, P33 – 44. BB Keet: **Orde in die kerk**. 1962 p14.

[730] **Gereformeerd Kerkrecht,** Deel II, 1934: p99-101.

Rechtsbevoegdheid onzer plaaslijke kerken deur Lohman en Ruthers (1886) word die algemene kerkgeskiedenis en die besondere geskiedenis in Nederland aan die orde gebring om 'n saak uit te maak dat die plaaslike gemeentes volledig kerk is. Vir hulle gaan dit in die eerste plek om die plaaslike gemeente wat volkome kerk is omdat dit is waar die Woord en sakramente bedien word en die tug gehandhaaf word. Dit is in die plaaslike gemeente waar persone belydenis van geloof aflê en deel word van die kerk. In hierdie plaaslike kerk word die opsig en tug aan die kerkraad wat deur die gemeente verkies word, opgedra.

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande en na aanleiding van gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

2.1 'n Plaaslike gemeente is selfstandig en volledig kerk.

2.2 *Die gemeente is dus die wettige instansie in wie die eienaarsreg van eiendom, bates en fondse gevestig is.*

2.3 *Die gemeente word deur 'n kerkraad bestuur as die enigste instelling wat hierdie funksie vervul.*

3. Die status van die kerkraad van die plaaslike gemeente as verteenwoordiger van die gemeente

In watter verband staan die kerkraad teenoor die gemeente? Coertzen in sy bydrae: ***Die kerkraad*** in **Byderwets en gereformeerd: Kerkregtelike opstelle opgedra aan PB van der Watt** (PJ Strauss red. 1991: 118 - 128) wys daarop dat die kerkraad teologies gefundeer kan word. *"Dit alles beteken dat die bestaan van 'n kerkraad, ten minste vir die kerke van gereformeerde belydenis, nie 'n saak van menslike willekeur of net sosiale noodwendigheid is nie, maar iets wat verband hou met God se wil vir sy kerk."*[731] Hierdie kerkraad het soos

[731] p118.

ook die ring en sinode elkeen ‘n gesag wat hulle van Christus ontvang vir die regering van die kerk.[732]

Vanuit die Skrif is dit onbetwisbaar dat die ampte vanuit die gemeente sy ontstaan gehad het en binne die gemeente ‘n funksie vervul. In Fil 1:1 word die verband direk gekoppel: *Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ouderlinge en diakens.*

Die ouderlinge (en leraar as lerende ouderling) en diakens is van die begin af deur die gemeente uit die lidmate van die gemeente verkies. Die talle voorskrifte vir ouderlinge en diakens (1 Tim, 2 Tim) dui op persone wat deel van die gemeente was en binne die gemeente hul taak moes verrig.

Die primêre taak was om toesig en opsig te hou oor die gemeente en te sorg vir die opbou van die gemeente in die geloof tot eer en verheerliking van God.

Die ouderlinge en diakens is gesien as mense wat deur God geroep is om in die gemeente te dien. Hulle opdrag kom van God en hulle gehoorsaamheid was aan God om Sy wil te doen.

Die verkiesing van die ampte het deur die gemeente geskied. Met verloop van tyd het die kerkraad die ouderlinge en diakens verkies, maar het dan die name drie agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak vir approbasie. Enige lidmaat kon indien hulle besware gehad het teen ‘n persoon wat verkies sou word, dit by die kerkraad aanmeld om ondersoek in te stel.

Die kerkraadslede kan ook net in ‘n openbare erediens in hul ampte bevestig word waartydens hulle moet antwoord op die vraag of hulle oortuig is dat God hulle deur die gemeente geroep het vir hulle ampte. Die bevestigingsformulier vir ouderling en diaken spel in besonderhede hul taak uit. Na die bevestiging word die gemeente ook versoek om die ampte te erken en hulle leiding te aanvaar.

Tydens belydenis van geloof waartydens die lidmaat deel word van die gemeente op grond van hul persoonlike belydenis, onderneem lidmate om hulle

[732] p125

aan die kerklike opsig en tug te onderwerp. In feite beteken dit dat hulle ook die ampte in die gemeente en dus ook die kerkraad erken.

Met verloop van die kerkgeskiedenis het die ampte van ouderling en diaken op verskillende wyses hul taak uitgevoer. In sommige gevalle is die ouderlinge as 'n raad gesien wat hul taak van opsig oor die gemeente gesamentlik uitgevoer het terwyl diakens 'n diakonie gevorm het. Die diakonie het gefokus op barmhartigheid en versorging van mense in nood.

In die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis het diakens deel van die kerkraad geword aangesien in talle gemeentes min ouderlinge was. Dit het 'n vaste gebruik in die NGK geword. Die Gereformeerde Kerke in SA handhaaf nog die beginsel dat die kerkraad net uit die ouderlinge saamgestel word.[733]

Die kerkraad is die instelling in die gemeente wat verantwoordelik is vir die regering van die gemeente en die totale bestuur van die gemeente. Hulle bepaal wanneer die eredienste plaasvind, wie die Woordbediening hanteer, wie die kategese en onderrig behartig, die insameling van dankoffers en die besteding van fondse ens.

Nêrens in die Skrif word enige ander instelling aangedui wat hierdie unieke taak van die kerkraad vervul nie.

Die status en gesag van die kerkraad is nie absoluut nie en daarom mag en moet lidmate wat oortuig is dat die kerkraad 'n verkeerde besluit neem, dit met die kerkraad opneem. Lidmate het die verantwoordelikheid en reg om 'n kerkraad weer te laat besin oor besluite in die lig van die Skrif. Indien 'n lidmaat oordeel dat 'n kerkraad volhard met 'n verkeerde besluit kan die lidmaat hom/haar beroep op die kerkverband soos wat dit in die ring en selfs sinode gestalte kry.

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande en na aanleiding van gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

---

[733] Spoelstra,B. **Gereformeerde kerkreg en kerkregering. Handboek by die kerkorde**. 1989: 153 e.v.

3.1 Die kerkraad is die enigste wettige bestuursliggaam van die plaaslike gemeente.

3.2 Die kerkraad verteenwoordig die plaaslike gemeente en kragtens die posisie beskik die kerkraad oor die gemeentelike eiendom, bates en fondse.

3.3 Die kerkraad as wettige bestuursliggaam van die gemeente neem besluite in die lig van die Skrif en belydenis vir die gemeente.

3.4 Die gemeente word gebind deur die besluite van die kerkraad.

3.5 Geen individuele lidmaat of groep lidmate het behalwe deur die kerkraad inspraak in die bestuur (kerkregering) van die gemeente nie

4 Die status van ‘n gemeentevergadering

In sommige kerklike tradisies asook in die gereformeerde tradisie is die verskynsel van gemeentevergaderings bekend. In die gereformeerde tradisie is dit die kerkraad wat verantwoordelik is vir die opsig en regering van die gemeente. In die geskiedenis het ander tradisies ontwikkel soos die Kongregasionaliste wat die gemeente gesamentlik verantwoordelik maak vir die regering van die kerk.

Gemeentevergaderings word gehou waar saam sake bespreek word. Ook hulle sal nie wil hê dat die gemeentevergadering gesien moet word as ‘n demokrasie nie, maar ook ‘n saam soek na die wil van God–teokrasie.

In die gereformeerde tradisie is daar plek vir gemeentevergaderings as vergadering van die kerkraad met die gemeente om die gemeente te toets oor belangrike sake.

Die kerkraad neem nie besluite op grond van die wil van die gemeente nie, maar op grond van wat hulle verstaan van die wil van God soos hulle dit vanuit die Skrif vertolk.

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande en na aanleiding van Gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

4.1 Die kerkraad se primêre verantwoordelikheid in besluitneming is teenoor God en nie teenoor die gemeente nie.

4.2 Die kerkraad kan 'n gemeentevergadering byeenroep ter wille van oorlegpleging, maar sodanige vergadering het geen status of gesag binne die gereformeerde kerkregering nie.

4.3 Die gemeentevergadering kan dus geen bindende besluite neem of voorskrifte of opdragte aan die kerkraad gee nie.

4.4 'n Gemeentevergadering het dus geen kerklike status nie en kan dus ook nie die kerkraad bind nie.

4.5 Die kerkraad neem sy besluite en ontvang sy leiding en opdragte in die lig van die Skrif en belydenis deur die werking van die Heilige Gees in gehoorsaamheid aan Christus as Hoof van die kerk.

5 Gemeentes en die bestaan van 'n kerkverband

Die begrip kerkverband kom nêrens in die Skrif voor nie, maar die beginsel wel. Uit die Skrif is dit duidelik dat gemeentes van die begin af in 'n verband met mekaar geleef het.[734] Reeds in die boek Handelinge is dit duidelik dat gemeentes op verskillende plekke hulself aan mekaar verbonde geag het. Hierdie verbondenheid het sigbaar gestalte gekry op verskillende wyses.[735] In Hand 15 kom afgevaardigdes uit Antiogië en Jerusalem bymekaar om saam te besin oor die kern van die Christelike geloof. Hulle besluit word op skrif aan ander gelowiges gekommunikeer. Gemeentes in Klein Asië samel fondse in vir gelowiges in Israel tydens 'n droogte.

---

[734] Du Plooy, A.leR.: **Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie**. Ongepub. ThD. PU vir CHO. 1982.

[735] D Jacobs: **De verhouding tusschen de Plaatselijke en Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen.** Leiden. 1927

Kerkverband as kerklike leefwyse is eers later geformaliseer en op verskillende wyses vertolk.

Gemeentes en toetreding tot kerkverband.

Toetreding tot ‘n kerkverband deur ‘n plaaslike gemeente is ‘n gegewe in die gereformeerde kerkreg. ‘n Gemeente moet duidelike gronde hê waarom hy nie deel wil wees van ‘n kerkverband nie. O’B Geldenhuys in sy doktorale proefskrif **Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode** handel breedvoerig oor die noodsaak van kerkverband en toon aan hoedat al die bronne in die gereformeerde kerktradisie uitgaan van die plaaslike gemeente as volledige kerk wat in verband tree met ander gemeentes om ‘n kerkverband te vorm. “*Uit bostaande is dit duidelik dat die kerkverband van so’n aard moet wees dat die belange van die afsonderlike gemeentes daarin behoorlik behartig word sonder egter dat die plaaslike gemeente as ‘n aparte eenheid opgelos en uitgewis word.”* [736] Plaaslike gemeentes wat in verband tree met ander gemeentes doen dit op grond van ‘n ooreenkoms of ‘n kerkorde. In die kerkorde word die basis van die kerkverband omskrywe en dit sluit altyd die belydenisgronde in waarvolgens die kerkverband en plaaslike gemeente handel. Die wyse waarop die kerkverband in vergaderings sigbaar word, word in die kerkorde bepaal. Al is ‘n gemeente deel van ‘n kerkverband, word toegang tot die kerklike (rings-en sinodale) vergaderings gereël deur wettige verkiesing van afgevaardigdes wat met geloofsbriewe in die onderskeie vergaderings verskyn.

Die betekenis van die Belydenisskrifte.

Die NGKA is lid van die Gereformeerde Kerkfamilie.

Artikel 1 van die Kerkorde van die NGKA (soos vervat in die hersiene Kerkorde van 1987) bevat die Belydenisskrifte van die kerk en lees soos volg:

> *“Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die Bybel, die Heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in:*

[736] Geldenhuys, FE O’B: Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode onder die gereformeerde stelsel van kerkregering, soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Pretoria. 1951: 149

1. *Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die sinode van Dordrecht in 1618 tot 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls; en*
2. *Die Ekumeniese Belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius. "*

Die Belydenis is die verwoording van dit waarin 'n individu glo en deur dieselfde belydenis te aanvaar as die uitdrukking van die Wil van God en dit te onderskryf, word Christene gevolglik in die gees saamgebind tot 'n eenheid en tot 'n kerk.

'n Wysiging of toevoeging in een of ander vorm van die Belydenisskrifte raak dus die Geloofsuitdrukking van iedere en elke Christen in die kerk, en gevolglik ook die grondslag van die kerk.

Dit word in alle Gereformeerde kerke in Suid-Afrika sowel as in Europa aanvaar dat die Belydenisskrifte van die kerk naas die Heilige en onfeilbare Woord van God, die fundamentele rigsnoer is waarvolgens die kerk regeer en bestuur word.

Die Belydenisskrifte is in rangorde gevolglik hoër (of belangriker) as die Kerkorde self.

In 1986 het die NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA (NGSK) 'n nuwe Belydenisskrif genaamd die "Belharbelydenis" tot die Belydenisskrifte van die gemelde kerk toegevoeg. Hierdie Belydenis is gedurende 1991 deur die NGKA aanvaar toe daar gepoog is om eenwording met die NGSK te bewerkstellig.

Die Belharbelydenis is opgeneem in die Kerkorde van die VGKSA, maar die invoeging daarvan in die Kerkorde van die NGKA, is beslis onreëlmatig te geskied het, volgens die uitspraak van die Hoogste Hof van Appél, waarna hierbo verwys is.

Die Belharbelydenis in wese bely dat God geen onderskeid maak tussen mense op grond van kleurverskille nie.

Hierdie Belydenis word aanvaar en onderskryf deur die VGKSA maar nie deur die NGK, die NGKA of die Reformed Church in Africa nie.

Gemeentes en uittreding uit die kerkverband.

Volgens Lohman en Ruthers in **De Rechtsbevoegdheid onzer plaaslijke kerken** deur (1886) kan plaaslike gemeentes hulle losmaak uit die kerkverband onder bepaalde omstandighede soos wat lidmate hulself kan losmaak van 'n bepaalde gemeente (bl. 74 ev). "*Indien de Kerk uitreden mag, dan moet dit natuurlijk geschieen door den kerkeraad, die immers het geheel verteenwoordigt. Ook al stemt een deel der gemeente met die uittreding niet in, blijft toch de bevoegdheid des kerkraads onverkort."* (bl. 78) Wanneer 'n kerkraad wat in verband met ander kerke staan, besluit om uit te tree, *"vernietigt niet het bestaan van de locale kerk, maar verbreekt enkel een met andere corporaties aangegaan contract of accoord, en dat wel juist om het in zijn oogen ware verband te beter te kunnen handhaven."* (bl. 79)

Verskillende vertolkings van kerkverband.

In die gereformeerde tradisie en by name die NGK familie word elke plaaslike gemeente as volledig kerk van Christus erken maar staan nie los van ander gemeentes nie. Gemeentes staan in verband met ander gemeentes en hierdie verband word volgens 'n kerkorde gereël. In hierdie tradisie word van mindere (kerkraad) en meerdere vergaderings (ring, sinode, algemene sinode) gepraat om die aantal gemeentes wat betrokke is aan te dui. Hierdie vertolking van kerkverband staan bekend as 'n **Gereformeerde of Presbiteriale tradisie.** Binne die Suid-Afrikaanse konteks het die NGK 'n Presbiteriaal-sinodale stelsel ontwikkel[737] waar aan die eenkant vasgehou is aan die plaaslike gemeente as volledige kerk maar in die praktyk die sinodale vergaderings in belangrikheid toegeneem het. Sinodale vergaderings het in plaas van besluitnemende vergaderings ook werkende vergaderings geword.[738]

---

[737] Kleynhans, E.P.J.: **Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. kerk in Suid-Afrika 1795 - 1962.** Bloemfontein. 1974.

[738] DA Kuyler: Die ontwikkeling van die sinode en siondale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sui-Afrika gedurende die 19de eeu. 'n Ekklesiologiese studie. Ongepubliseerde proefskrif. US.

Van die bekendste wyses waarop kerkverband vertolk is:

Episkopaalse of Rooms Katolieke Kerk: Die kerk word gesien as 'n eenheid met die onderskeie gemeentes of parogieë as onderafdelings van die een geheel met die biskop van Rome as aardse hoof van die kerk. Die biskop van Rome wat ook as Christus se verteenwoordiger die kerk regeer, besit apostoliese gesag om die kerk te regeer.

Presbiteriaanse tradisie: Hierdie tradisie sluit ten nouste aan by die gereformeerde tradisie maar laat val ook swaar die klem op die vergaderings van die kerk.[739]

Kollegialisme: Die kerkverband word as kerk gesien met die vergaderings (sinode, ring en kerkraad) as bestuur van die kerk en die gemeentes as die takke van die kerk. Die bestuur van die kerk vind ook trapsgewys van laere vergaderings na hoëre vergaderings plaas.[740]

Kongregasionaliste: In die kerk is die gemeente verantwoordelik vir die bestuur van die kerk en nie 'n kerkraad nie. Die ampte van leraar, ouderlinge en diakens word wel aanvaar.[741]

Independentisme: Elke plaaslike gemeente is volledig kerk en staan onafhanklik van ander gemeentes.

Gevolgtrekking:

Uit die voorafgaande en na aanleiding van gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1998; Britz, R.M.: *Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. NGTT. 1985.

[739] Macphail, W.M.: **The Presbyterian Church, a brief account of its doctrine, worship and polity**. London. sd. Macpherson, J.: **Presbyterianism**. Edinburgh. sd. Spoelstra, B: *Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme* in **NGTT.** Maart 1991.

[740] Brown, E.: Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan. **Hervormde Teologiese Studies** Sept/Nov 1992.; De Wet, CHJ: **Die Kollegiale Kerkreg**. Amsterdam. 1921

[741] Congregationalism in: **The new international dictionary of the Christian church.** JD Douglas (General editor). 1978 : p251 – 253.

5.1 ‘n Plaaslike gemeente gaan die kerkverband vooraf. ‘n Kerkverband kan net bestaan indien daar plaaslike gemeentes is.

5.2 Aangesien ‘n individuele lidmaat nie ‘n gemeente is of opsigself ‘n gemeente kan verteenwoordig nie, kan ‘n lidmaat nie tot ‘n kerkverband met ander gemeentes toetree nie.

5.3 ‘n Gemeente tree toe tot ‘n kerkverband met ander gemeentes op basis van ‘n gemeenskaplike belydenis wat gesien word as die uitdrukking van die wil van God vir sy kerk.

5.4 Die gemeente tree toe tot ‘n kerkverband op grond van ‘n besluit van die kerkraad.

5.5 Hierdie kerkverband op grond van belydenis word gereël aan die hand van ‘n kerkorde.

5.6 In die kerkorde word die belydenisgrondslag van die onderskeie gemeentes omskrywe asook die wyse waarop die gemeentes die kerkverband sigbaar reël. In hierdie reëlings vind ons die neerslag van die gereformeerde kerkregering beginsels en uitgangspunte soos deur die gemeentes aanvaar word.

5.7 Aangesien ‘n gemeente deur die kerkraad toetree tot ‘n kerkverband met ander gemeentes, is dit ook net vanselfsprekend dat ‘n gemeente deur sy kerkraad kan besluit om uit ‘n kerkverband te tree en hulle daarvan los te maak.

5.8 ‘n Gemeente sal uit ‘n kerkverband kan tree wanneer hulle daarvan oortuig is dat die kerkverband nie meer gegrond is op die Skrif en belydenis soos deur die gemeente onderskrywe word nie.

5.9 Daardie besluit van die gemeente word geneem deur die kerkraad as enigste wettige verteenwoordigende bestuursorgaan van die gemeente en hul besluit is bindend op lidmate.

5.10 Lidmate wat nie met sodanige besluit saamstem nie, kan die interne remedies (soos omskrywe in die kerkorde) gebruik en indien hy daaruit

geen bevrediging kry nie, is sy enigste weg om hom van die gemeente los te maak en dus ook by 'n ander gemeente aan te sluit wat deel is van 'n ander kerkverband.

5.11 Daardie gemeentes wat vroeër deel van die NGKA kerkverband was wat besluit het om uit die verband te tree en by die VGKSA kerkverband aan te sluit, het dit gedoen omdat hulle geoordeel het dat die NGKA kerkverband nie primêr meer gegrond is op geloof en belydenis nie, maar op grond van ras en kultuur. Die Belydenis van Belhar soos aanvaar binne die VGKSA kerkverband gaan uit van die oortuiging dat in gemeentes en in kerkverband geloof die enigste grond is vir kerkverband en verwerp daarom enige kerkverband wat benewens geloofsgronde ook op rasgronde daar gestel is.

6 Kerkverband binne die Suid-Afrikaanse konteks

In die Suid-Afrikaanse konteks het verskillende kerkverbande op grond van teologiese en ander gronde ontstaan. Hier verwys ons na die ontstaan van die Hervormde Kerk (1853) en die Gereformeerde Kerke (1859).

Die NG Kerk wat sedert 1824 formeel in 'n sinodale kerkverband gefunksioneer het, moes in 1862 die kerkverband met gemeentes buite die Kaapkolonie verbreek.[742]. Gemeentes in die Transvaal en Vrystaat (later ook Natal) was verplig om elk 'n eie kerkverband te vorm. Die kerkverband tussen al die gemeentes is eers in 1962 herstel met die stigting van 'n Algemene Sinodale verband vir al die NGK gemeentes.

Die ontstaan van verskillende kerkverbande vir gemeentes met gekleurde (inheemse) lidmate is deur die NG Kerk se kerkverband (sinodes) geïnisieer en gevestig. Hierdie kerkverband het gemeentes nie net op grond van belydenis saam gegroepeer nie, maar op grond van kleur (ras).[743]

---

[742] PB van der Watt: **Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1862- 1962.** 1973.

[743] Adonis, J.C.: Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou. Die verstrengeling van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die praktyk en ideologie van die Apartheid in historiese perspektief. Amsterdam. 1982. Loff, C.A.: Dogter of verstoteling? Kaapstad. 1981. Smith, N.J.: Die Planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse

NGSK Kaapland:	1881
NGSK OVS:	1910
NGSK Transvaal:	1932
NG Bantoekerk in SA	1951
NGSK Natal	1952
NGKA Noord-Kaap	1966
Indian Reformed Church	1968

Die besluit van die NGSK om die belydenis van Belhar te aanvaar ten einde die kerklike en burgerlike apartheid te verwerp en die eenheid en kerkverband van die kerk weer te herstel, was vir gemeentes in die NGSK van kardinale belang. Die uitnodiging aan die NGK, NGKA en RCA om weer die kerkverband binne die NGK familie te herstel soos dit voor 1881 bestaan het, het hieruit voortgevloei. Die NGKA het reeds in 1975 te Worcester besluit op kerkeenheid op grond van geloof as enigste voorwaarde.

Die feit dat die gesprek later sonder die NGK en RCA tussen die NGSK en NGKA plaasgevind het, is jammer.

Die herstel van die kerkverband op belydenisgrond deur die NGSK en NGKA en die verwerping van kerkverbande op rasgronde is ‘n belangrike moment in die geskiedenis van die kerk in SA.

Die NGSK het die korrekte weg gevolg in die voorbereiding tot die herstel van die kerkverband deur die kerkordelike bepalings wat aanvaar is deur die NGSK sinode en die opstel van die konsep kerkorde vir die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerkverband.

Die hof het reeds uitspraak gelewer dat die Algemene Sinode van die NGKA nie die korrekte kerkordelike weg gevolg het in die voorbereiding tot die herstel van die kerkverband nie.

Gemeentes wat deel was van die NGKA streeksinodale verband wat wou deel word van die herstelde kerkverband het deur hul kerkrade besluit om uit die

---

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ‘n Histories-Missiologiese Analise en Ekklesiologiese beoordeling. Ongepub. D.D. Universiteit van Pretoria. 1972.

NGKA verband te tree en deel te word van die Verenigende Gereformeerde Kerkverband.

Kerkverband is naamlik ‘n verband van gemeentes, welke kerkverband prinsipieel en normaalweg plaasvind tussen gemeentes met dieselfde belydenis van geloof en (in hoofsaak) stelsel van kerkregering.

Die uitdrukking van kerkverband en kerkeenheid (as eenheid in geloof) veronderstel gemeenskaplike belydenisskrifte.

Die kerkraad as die enigste kerklike regeerliggaam in die plaaslike gemeente het die reg gehad om hierdie keuse te maak. O’B Geldenhuys (Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode: 1951: 157 – 167) hanteer ook die vraag wanneer plaaslike gemeentes uit die kerkverband mag tree. Volgens hom bestaan daar nie ‘n moontlikheid dat ‘n gemeente uit die kerkverband kan tree nie. Lidmate en kerkrade mag en moet wel die kerklike weg volg as hulle nie saamstem met ‘n besluit van ‘n sinode nie. Indien lidmate geensins meer deel kan wees nie omdat hulle uit oortuiging verskil, kan hulle afskei uit die gemeente, maar as hulle dan weer hulself saam groepeer, vorm hulle ‘n eie gemeente buite die kerkverband. In die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis kan hier verwys word na die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk. In die geval van die VGKSA gaan dit nie oor individue of groeperinge wat verskil van ‘n sinode nie en daarom afskei nie, maar oor kerkrade wat besluit om deel te word van ‘n ander (nuwe) herstelde kerkverband. Lidmate wat nie met die besluit saamgestem het nie, het die reg om hulle as ‘n eie gemeente te organiseer wat in ‘n verband met ander kerke kan tree, en in dié geval met die NGKA, wat ooreenkomstig die beslissing van die Hoogste Hof van Appél steeds voortbestaan.

Indien lidmate vetoreg sou hê op besluite van kerkrade, behoort kerkrade geensins belangrik geag te word nie en behoort gemeentes eerder deur middel van gemeentevergaderings bestuur te word. Die konsekwensie is verreikend as aanvaar word dat as een of meer lidmaat nie met die meerderheid op ‘n gemeentevergadering saamstem nie, en daarom dus kan aanspraak maak op die voortsetting van ‘n bepaalde gemeente en dus ook die houer / besitter /

okkupeerder / eienaar bly van alle bates van die gemeente. Selfs binne die kongregasionalistiese kerke word op grond van meerderheidstem besluite geneem op gemeentevergaderings anders sou daar chaos gewees het.

Ter wille van die goeie orde is die regering, opsig en tug van 'n gemeente aan die kerkraad opgedra en tree die kerkraad op in belang van die gemeente. Die besluite van kerkrade van gemeentes in die NGKA om deel te word van die VGKSA kerkverband moet daarom gerespekteer word deur lidmate wat verkies het om nie meer deel te wees van die betrokke gemeentes nie. Die kerklike bates van die gemeentes bly die verantwoordelikheid van die betrokke kerkrade.

Gevolgtrekking: Uit die voorafgaande en na aanleiding van gereformeerde teologiese en kerkregtelike prinsipiële uitgangspunte en beginsels soos wat dit in die NGK familie gehandhaaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

6.1 Geen lidmaat het vetoreg op die besluite van 'n kerkraad nie.

6.2 Die gemeente word bestuur deur die kerkraad wat onafhanklik van lidmate en of 'n gemeentevergadering bindende besluite kan neem.

6.3 Elke lidmaat van 'n gemeente wat tot die NGKA kerkverband behoort, word gebind deur die besluit van die kerkraad van die gemeente as die kerkraad besluit om uit die kerkverband te tree en aan te sluit by die VGKSA kerkverband. Lidmate is gebonde aan die besluit van die kerkraad.

6.4 Lidmate wat sodanige besluit nie kan of wil aanvaar nie, het die vryheid om sy band met die gemeente los te maak.

Dawid Admill Kuyler

Bloemfontein
5 September 2005